# ONDERWYS IN NAMAKWALAND 1750-1940.

Deur J.A.Heese.

Akademiese proefskrif ter verkryging van die graad,

Doctor Ed̆cationis

Aan die Universiteit Stellenbosch.

Promotor:Prof.dr.H.P.Cruse.

November 1942.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## Voorwoord.

Dit is vir my baie aangenaam om almal wat i.v.m. hierdie verhandeling hulp verleen het, baie dankie te sê. Maar vooraf wil ek die gebruik en spelling van sekere woorde in hierdie tesis verduidelik. Die term Namakwalander word gebruik vir die blanke bewoners terwyl met die naam Namakwas die oorspronklike inboorlinge van Namakwaland bedoel word. Die spelling van plek- en selfs persoonsname het soms moeilikhede opgelewer. So veel soos moontlik het ons probeer hou by die huidige spelling, b.v. Komaggas (en nie Kammaggas nie), Richtersveld (en nie Richtersfeld nie). Behalwe die feit dat die spelling verander het, het dit baie dikwels voorgekom dat die ou name heeltemaal vervang is. In sommige gevalle het ons terwille van die historiese juistheid die verskillende name behou: b.v. Kamas en Pella, Springbokfontein en Springbok. In ander gevalle het ons net een naam gebruik, b.v. Garies en nie Genisdal nie. So was daar ook meer as een spelling vir persoonsname. In sulke gevalle het ons probeer nagaan hoe die persone self hul name geskryf het; dus die volgende spellings: Cray, Bock, May hoewel ons ook ander spellings van hierdie vanne aangetref het. Die spelling Albrecht is vir die enkelvoud gevolg maar Albrechtse vir die meervoud.

Die gegewens wat in hierdie verhandeling verwerk is, is uit baie verskillende bronne en oorde verkry. In die eerste plek wil ek my hartelike dank uitspreek teenoor my kollegas in Namakwaland wat so gewilliglik hand bygesit het: Vah die Springbokse Hoërskool mnre. P. van Heerde, M. Kitshoff en S. W. v.d. Merwe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


van ander skole: mnre. P.de Villiers(Grootmist),J.Smith(Soebatsfontein),J.Botha(Garies) en P.Meissenheimer(Karkams).Verder is ek baie dankbaar vir die hulp wat ek van die sendelinge in Namakwaland ontvang hetnl. eerw. P.le Roux(Komaggas),eerw.Le Grange (Steinkopf),eerw. G.Steyn(Concordia) en eerw. Victor(Leliefontein) In hierdie verband wil ek mnr. H.Smit van die Springbokse magistraatskantoor vir die aangename ritte wat ons saam onderneem het bedank. Vir ds. Stals van die Namakwalandse gemeente en oom Dawie Basson is ek dank verskuldig vir die gerelike beskikbaarstelvan kerkraadsboeke en skoolraadsboeke.In hierdie verband wil ek mej. Diedie Bergman baie dankie sê vir die neerskrywe van gegewens uit die kerkregisters.Die Springbokse leerlinge het my baie interessante gegewens omtrent die ou "meesters" verskaf.Ook dink ek met dankbaarheid terug aan my onderhoude met ou Namakwalanders soos oom Giel Goosen,oom Jasper Koegelenberg en oom Theunis van Niekerk.

Dan is ek baie dankbaar vir die hulp wat die vlg. persone aan my verleen het:

Dr.Venter en mej.Jeffries van die staatsargief,

Ds.J.Oberholster van die kerkargief,

mnr.G.Marais van die Stellenbosse Biblioteek,

Die dames in die Kaapse Openbare Biblioteek,

Eerw.Feige van die Rynse Kerk te Stellenbosch.

Hiermee ook ons hartelike dank aan die vlg. persone wat onderhoude aan ons toegestaan het:Mnr. H.Z.v.d.Merwe,sekretaris van onderwys in Kaapland, mnr. A.J.v.d.Merwe,inspekteur in Namakwaland, ds. A.D.Luckhoff en eerw. G.Meyer, vroeër sendeling in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Namakwaland.

En dan my dank aan my broers, dr. K. W. Heese en dr. J. de V. Heese, aan wie se aanmoediging hierdie werk sy begin te danke gehad het.

En les bes, wil ek graag my promotor, dr. H. P. Cruse baie hartelik bedank vir al sy geduld en aanmoediging wat vir my so baie beteken het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# Inhoudsopgawe.

**Deel.I.**

**Onderwys in Namakwaland in die agtiende Eeu.**

Hoofstuk.I. Die Land,Namakwaland. bl.I.

Hoofstuk.2. Die oorspronklike Inwoners van Namakwaland. bl.I9.

Hoofstuk.3. Die Ontdekking van Namakwaland en die eerste blanke Pioniers. Bl.35.

Hoofstuk.4. Onderwys in Namakwaland ~~in~~ in die I8e eeu. bl.53.

Hoofstuk.5. Die Oorlams en die Basters. bl.73.

**Deel.2.**

**Onderwys in Namakwaland in die negentiende Eeu.**

Hoofstuk.6. Die Sendeling as Opvoeder in Namakwaland, I799-I8I8. bl.89.

Hoofstuk.7. Die Sendelinge as Opvoeders in Namakwaland,I799-I8i8.(vervolg). bl.II0.

Hoofstuk.8. Onderwys op die Kleurlingreserwes,I8I8-I840. bl.I29.

Hoofstuk.9. Die Onderwys van die Blankes in Namakwaland vanaf I800 tot I852. bl.I55.

Hoofstuk.I0. Die Onderwys op die Namakwalandse Myndorpe,I852-I902. bl.I85.

Hoofstuk.II. Die Onderwys op die Namakwalandse Platteland in staatsondersteunde Skole,I852-I902. bl.223.

Hoofstuk.I2. Private skole op die Namakwalandse Platteland,I852-I902. bl.267.

Hoofstuk.I3. Die Kleurlingonderwys op die Reserwes, I840-I902. bl.299.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk.I4. Die Kleurlingonderwys op die Reserwes, I840-I902.(vervolg). bl.329.

Deel.3.

Onderwys in Namakwaland in die twintigste Eeu.

Hoofstuk.I5. Kleurlingonderwys in Namakwaland, I962-I940. bl.355.

Hoofstuk.I6. Ds.A.D.Luckhoff,die Apostel van Namakwaland. bl.369.

Hoofstuk.I7. Blanke Onderwys in Namakwaland, I9I0-I940. bl.395.

Hoofstuk.I8. Wenke ter verbetering van Kleurling-onderwys in Namakwaland. bl.423.

Hoofstuk.I9. Onderwys as Faktor in die Totstandkoming van 'n gelukkige Namakwaland. bls.439-469.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# -HOOFSTUK 1-

## -DIE LAND, NAMAKWALAND.-

In hierdie verhandeling word voorgestel om 'n beskrywing te gee van die ontwikkeling van die onderwys in Namakwaland.

Maar daar bestaan so baie menings oor wat nou eintlik onder die naam Namakwaland verstaan word, dat dit noodsaaklik is om die gebied waaroor hierdie verhandeling gaan af te baken. In die hieropvolgende hoofstukke sal Namakwaland beteken die magistraatsdistrik Namakwaland. Hierdie magistraatsdistrik behels die twee skoolraadsdistrikte, Springbok en Garies. In die suide begin Namakwaland enige myle ten noorde van die spoorwegsentrum, Bitterfontein. Die Oranje-rivier vorm die noordelike grens terwyl Namakwaland aan sy weskus deur die Atlantiese Oseaan bespoel word. Aan die oostekant sluit dit 'n deel van die sogenaamde Boesmanland in en grens aan die distrikte Kenhardt en Calvinia. (Sien Kaart I). In geheel beslaan die distrik die enorme oppervlakte van 17,556 vierkante myle.

In hoofsaak sal die verhandeling gaan oor die onderwysontwikkeling binne hierdie gebied. Somtyds egter sal dit nodig wees om die onderwys van die omliggende dele ook te bespreek, maar vir so 'n oorskryding sal daar goeie redes wees, waarvan enige hier aangestip word. Van oudsher af was die Namakwalanders en ook die Namakwas (1) groot rondtrekkers. Dr. P.J.

(1) In hierdie verhandeling sal met die naam, Namakwalander, bedoel word die blankes van Namakwaland. Namakwas sal die benaming wees vir die oorspronklike Hottentotte.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



v.d. Merve sê in sy boek; Pioniers van die Dorsland: „Daar is seker nie nog 'n gebied in die Unie waar daar soveel met vee getrek is as in Namakwaland nie." (2) Somtyds is die ou Namakwas ten suide van die Olifantsrivier aangetref (3); dan weer swerf hulle met hul troppe vee tot in die huidige Griekwaland wes. (4) Geen wonder dat die naam van die land so 'n rekbare betekenis gekry het nie. Die nomadiese aard van die mense bring dit dus mee, dat die aangrensende dele ook in aanmerking geneem moet word.

Dan is daar dele wat vroeër kerklik sowel as administratief onder Namakwaland sorteer het, maar later afgesny is. Om hierdie rede sal die Hardeveld (vandag die gemeente Nieuwe Kust) vir die tydperk voor 1870 ook in hierdie studie inbegrepe wees. Hierdie rede geld ook vir 'n groot deel van Boesmanland, wat vandag merendeels by die distrik Kenhardt ingesluit is. Ten slotte, daar was altyd 'n baie noue band tussen Namakwaland en Suidwes-Afrika, veral die suideliker deel.(5) Daarom sal gebeurtenisse ten noorde van die Oranje-rivier ook somtyds in aanmerking geneem moet word.

---

(2) P.J. v.d. Merve : Pioniers van die Dorsland, bl. 64.

(3) Leibbrandts Precis, Van Riebeecks Journal, 10 Maart 1661.

(4) Lichtenstein: Travels in Southern Africa, deel 2, bl. 306.

(5) Bekend as Groot-Namakwaland.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -DIE GEOGRAFIE VAN NAMAKWALAND.-

Die Duitse filosoof, Kant, het beweer: „Geography lies at the basis of history." (6) As hierdie stelling van Kant vir enige land geld, dan geld dit by uitstek vir Namakwaland. Die besondere natuursomstandighede van Namakwaland het 'n baie vername rol gespeel in die vorming van die Namakwalander. Die buitegewone geografiese gesteldheid van die land het buitegewone mense gevorm, en hierdeur is buitegewone probleme in alle vertakkings van die lewe te voorskyn geroep. In die onderwysgeskiedenis van Namakwaland het dit herhaaldelik voorgekom dat onderwysmanne en predikante wanhopig begin word het oor Namakwaland, hoofsaaklik, ..... omdat hulle die land en sy mense nie geken en verstaan het nie. want as jy die Namakwalander wil verstaan, dan moet jy sy land ook verstaan. Ons begin vandag meer en meer besef dat die natuur 'n groot rol speel in die vorming van die mens se lewensuitsig. Semple verstout hom om te sê: "Man is the product of the earth's surface. She has entered into his bone and tissue, into his mind and soul." (7) Daarom is 'n hoofstuk oor die aardrykskunde van Namakwaland nie alleen geregverdig nie, maar ook noodsaaklik.

---

(6) Aangehaal in Semple: The Influence of Geographic Environment, bl. 1.

(7) Semple: Influence of Geographic Environment, bl. 1.

Vergelyk ook die waarde wat Pells in: The Story of Education in S.A., bl.3 heg aan geografiese faktore in die studie van onderwysgeskiedenis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Ligging: (8) Namakwaland is geleë in die heel noordwestelike hoek van Kaapland. Aan sy weste strek 'n lang onherbergsame seekus waarlangs die koue Benguella-seestroom sy koue doodshand gelê het. (9) Weens die gebrek aan goeie hawens en vars water het hierdie kus vir die ontwikkeling van Namakwaland betreklik min beteken. Deur die nood gedryf het die robbe- en walvisjagters van die agtiende en negentiende eeue die hawens te Alexandersbaai, Port Nolloth en Hondeklipbaai probeer gebruik. Ook die latere kopermaatskappye is baie aan bande gelê weens die gebrek aan goeie hawens. Maar Namakwaland is ook, vanweë sy ligging, aan die ander kante van die res van die land gefsoleer. Aan die suide strek daar tussen die Olifantsrivier en Namakwaland 'n stuk dorswêreld van omtrent vyftig myl. Hierdie skof was die nagmerries van al die ou reisigers na Namakwaland. Interessant, maar meer dikwels hartroerend, is die relase van die ou reisigers wat die stuk woestyn moes deurkruis. Die sendelinge, C. en A. Albrecht skryf in 1805: "Men is in deze zandwoestyn regt verslingende om een huys of een mensch te zien." (10) Selfs vir die geharde bittereinders van die Anglo- Boere Oorlog was die wêreld te kwaai. (11) Maar ook die moderne motoris wat oor

---

(8) Die meeste gegewens in verband met die aardrykskunde is ontleen aan Unie Jaarboek-gegewens.

(9) Scully in sy gedig, Namaqualand, beskryf die seekus as: "A land of deathful sleep."

(10) H.P. Cruse: Die Reisjoernaal van die Albrechtse in Die Kerkbode, 4 Aug. 1937.
Schmelen, 'n ander sendeling sê: "Now we entered into a howling wilderness.", aangehaal in Transactions of the Missionary Society, deel 4, bl. 37.

(11) De Wet: Der Kampf um Südafrika, bl. 215.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die Knegsvlakte ry, kan hom nie losmaak van 'n onaangename gevoel van verlatenheid nie. Birkby, 'n Afrikaanse joernalis, druk dit so uit: "From Van Rhynsdorp we plunged into a land of heartbreak." (12)

En dan die ooste! Tussen Namakwaland en Pella, ook tussen Namakwaland en Brandvlei, lê die gevreesde Boesmanland, die verdwaalwêreld. Om in die ou dae daardie woestyn te deurtrek, was 'n kordaatstuk van die eerste water. Met die deurtrek deur hierdie woestyn, het die Albrechts al hul onaangename ondervindings van die tog tussen die Olifantsrivier en Namakwaland vergeet, want, so heet dit nou: „eene akelige woestyn als deze vind men, geloof ik, op de geheele aardbodem niet." (13)

Dus aan alle kante was Namakwaland van die res van die Kolonie geïsoleer, want die noorde was ook nog 'n woeste "Hinterland." Daarom dat ds. A.D. Luckhoff heeltemal gelyk het, wanneer hy sê dat Namakwaland netsowel in die Sahara kon gelê het. (14) Dit is immers 'n halfwoestyn omring van alle kante deur woestyne. Die gevolge van hierdie afsondering op die ontwikkeling van die land, en veral op sy onderwys, sal in die loop van die volgende hoofstukke bespreek word.

---

(12) Birkby: Thirstland Treks, bl. 53.

(13) Cruse : Op. cit., Die Kerkbode, 11 Aug. 1937.

(14) In 'n persoonlike onderhoud gesê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Bou: Fisies kan Namakwaland in drie streke verdeel word:

(a) Die Kusvlakte.

(b) Die Bergewêreld.

(c) Die Oostelike Plato.

Die kusvlakte, of soos dit beter bekend is, die Sandveld, is 'n strook wêreld tussen 30 en 40 myl breed, wat al langs die weskus strek. Dis 'n gelyk stuk wêreld met slegs 'n geleidelike styging na die binneland-toe. Gevolglik sou 'n mens dus meen dat kommunikasie in die deel baie maklik sou wees. Dit is egter geensins die geval nie. Twee omstandighede het die Sandveld feitlik die geïsoleerdste deel van Namakwaland gemaak, t.w., die vreeslike swaar sandduine en die afwesigheid van water.

Die bergewêreld bestaan eintlik uit drie dele, nl. die sogenaamde Binneveld in die middel, die Richtersveld in die noorde, en die Kamiesberge in die suide. Van die heel noordelike punt van die Richtersveld tot kort by Garies in die suide, strek die lang reeks berge soos 'n groot ruggraat al in die middel van Namakwaland af. Die gemiddelde hoogte van hierdie strook is 3500 voet bo seespieël, maar in die berge naby Leliefontein, is daar punte byna 6,000 vt. hoog. Hier lê die berge feitlik op mekaar gestapel, sodat die Hottentotte dit net die regte naam gegee het, nl. die Kamiesberge. (Kamies beteken bondel). Hierdie middelstrook van Namakwaland is 'n ware wêreld van "bergen en dalen." Dis hierdie beragtigheid van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Namakwaland wat tegelyk 'n ander moeilikheid van Namakwaland verklaar, nl. gebrek aan goeie paaie. Vandag nog staan 'n mens versteld by die aanskouing van die „paaie" waar die ou reisigers moes uitswoeg. Vandag nog moet 'n motor goed wees om op 'n reëndag Leliefontein te bereik. Dan begryp 'n mens die volharding van die ou sendelinge wat op nog slegter paaie die berge moes oorsukkel. (15) Daarenteen het die bergewêreld darem een seën - dit is die deel met die beste reënval in Namakwaland.

Die oostelike Plato, of soos dit bekend is, die Boesmanland, het 'n gelyke oppervlakte omtrent 3,000 voet bo seespieël. Gelykweg strek die onmeetlike vlakte tot „doer" waar die blou berge aan die oewers van die Grootrivier brandwag staan. Oor hierdie misterieuse ou Boesmanland kon Scully, die oud-magistraat van Springbok, nie maklik uitgepraat raak nie. (16) Tog, soos reeds gesien, was die Boesmanland 'n baie gevaarlike wêreld vir die reisiger. Hier was dit nie die swaar sand van die Sandveld nie, of die hoë berge en klowe van die bergewêreld nie, maar die watergebrek wat die oortog so moeilik gemaak het.

Die Temperatuur: Oor min Namakwalandse aangeleenthede bestaan daar so baie misverstand as oor die temperatuur van Namakwaland. Die algemene mening bestaan in Suid-Afrika dat

---

(15) Cook beskryf in The Modern Missionary, onder datum 8 Mei 1834, die pad deur Pedroskloof: "The worst I ever remember seeing."

(16) Scully: Lodges in the Wilderness.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Namakwaland 'n „halwe helletjie" is. Weliswaar, is daar dele soos die bedding van die Oranje-rivier waar dit soms naby hierdie beskrywing kom, (17) maar oor die algemeen genome, is Namakwaland nie baie warmer as die westelike Provinsie nie. (18) Hierdie betreklike gematigde somertemperatuur is aan twee faktore te danke:

(a) Nabyheid aan die see met die koue Benguellastroom.

(b) Hoogte bo seespieël.

Die koue seestroom temper veral die temperatuur van die weskus, sodat 'n plek soos Port Nolloth die kleinste temperatuurspeling tussen winter en somer in die Unie het. Die Bergewêreld het sy betreklik gematigde somer te danke aan sy hoogte, asook aan die koel winde wat vanaf die kus die binneland verkoel. (19)

Die dele wat nie deur die genoemde faktore beïnvloed word nie, kan baie warm word. Hierdie dele is die volgende: die reeds genoemde Oranje-rivier se bedding, die Boesmanland en 'n tussenstrook tussen die Bergewêreld en die Sandveld. Daarby het die Boesmanland, ver verwyder van die see, 'n baie strenge winter. Ook die hoogste dele van die Kamiesberge word baie koud in die winter, kry laat ryp en baie dikwels sneeuval.

---

(17) Goodhouse aan die Oranje-rivier is die warmste plek in die Unie. Die hoogste temperatuur gemiddelde vir Januarie is 101.2°F..

(18) Wylie: Appendix to Report on Namaqualand Minerals 1857.

(19) Die hoogste temperatuur-gemiddelde vir Ookiep is 76°F.; in vergelyking met Kaapstad se 71°F.

Stellenbosch University, https://scholar.sun.ac.za



Oor die invloed wat die Afrikaanse hitte op die inwoners van Suid-Afrika het, bestaan heelwat meningverskil. 'n Geograaf, Huntingdon, wyt die algemene gebrek aan arbeidsaamheid van die Afrikaner aan die hitte, (20) terwyl ander weer meen dat die hitte nie nadelige invloede het nie. (21) Tindall, 'n ou sendeling onder die Namakwas, het die algemene luiheid van die volk aan die warm landstreek waarin hulle gewoon het, toegeskryf. (22) Hierdie uitspraak kan egter nie aanvaar word nie, as in aanmerking geneem word dat die ou Namakwas by voorkeur op die koeler Kamiesberg gewoon het; die warmer vlaktes is net met wintertyd tydelik bewoon. Tog is dit opmerklik dat van die vier kleurlingreserwes in Namakwaland, Komaggas se inwoners as die luiste en swakste bestempel word. Komaggas lê juis in een van die genoemde warm streke, nl. die strook tussen die berge en die Sandveld. Opvallend is ook dat toe ds. H. Steyn Namakwaland in 1904 besoek het, hy die meeste armoede en veragtering onder die blankes van hierdie strook aangetref het.(23) Tog moet 'n mens versigtig wees om nie teveel klem op die klimaat te lê in hierdie geval nie, daar ander invloede soos ondertrouery en isolasie ook hier 'n rol gespeel het.

---

(20) Huntingdon: Civilization and Climate, aangehaal deur W.A. Murray: Die Fisieke toestand van die Armblanke, bl. 84.

(21) W.A. Murray : op. cit., bl. 86.

(22) Aangehaal deur Fritsch : Die Eingeborenen Südafrikas, bl. 361.

(23) H. Steyn : De Kerkbode 1904., bls. 567, e.v.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die Reënval: Die drie reeds behandelde faktore bepaal die reënval. Namakwaland lê te ver noord om in die winter te kan deel in die volle seën van die westewinde, wat dan vir die Boland so mildelik seën. Namakwaland kry dan maar die krummels wat van die ryk man se tafel afval. Weens die aanwesigheid van die koue seestroom, is die voggehalte van die westelike en noordwestelike winde oor Namakwaland maar gering. Wanneer die winde oor die lae Sandveld beweeg, vind daar baie min kondensasie plaas, sodat hierdie deel se reënval benede 5 dm. is. (24) Maar wanneer die winde die land dieper indring, dan veroorsaak die styging van die land 'n verhoogde neerslag. Dus hoe hoër 'n deel lê, hoe groter is die neerslag. (25) Die Binneveld het dus 'n reënval van 5 - 10 dm., (26) terwyl die Kamiesberge tussen 10 en 15 dm. ontvang. (27) Hierdie laaste streek is egter baie klein, en moenie as verteenwoordigend van Namakwaland beskou word nie.

Terwyl die Sandveld en die Binneveld winterreëns kry, het die Boesmanland somerreëns. Ongelukkig lê die Boesmanland so ver wes, dat teen die tyd dat die suidoostelike moessonwinde tot in Boesmanland kom, het die meeste vog al oor

---

(24) Die reënval van Port Nolloth oor 'n tydperk van 51 jaar is slegs 2.37 dm.

(25) Klipfontein en Anenous lê net 4 myl van mekaar, maar e.g. is 1200 vt. hoër. Reënval te Klipfontein is 7.65 terwyl Anenous net 5.55, d.w.s. 27.4% minder, het.

(26) Concordia 6.39 dm., Okiep 6.66, Kamieskroon 9.3 dm.

(27) Leliefontein se reënval oor 30 jaar is 13.24 dm.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die Oostelike Provinsie en elders uitgesak. Gevolglik moet die Boesmanland ook maar met 'n reënval benede 5 duim tevrede wees. Tereg heet Namakwaland „die stiefkind van die natuur."

Tog meen die Namakwalander dat as die reën net gereeld kom, dan is die wêreld nog reg. Die Sandveldse slagskaapboer kom deur met 3 duim per jaar; die Binnevelder maak staat op 'n goeie graanoes as die 6 duim net goed versprei is; terwyl die Boesmanlandse wolboer wit lag as hy jaarliks die 5 duim kry. Die knoop lê nie juis in die karigheid van die reënval nie, maar veeleer in die wisselvalligheid daarvan. En juis omdat die reënval so min is, is net 'n geringe daling onder die normale 'n saak van erns. As Stellenbosch miskien een jaar drie duim onder sy gemiddelde kry, dan is dit nie eers merkbaar nie; vir Namakwaland sal soiets 'n rampspoedige jaar beteken. Daarom dat Namakwaland se geskiedenis (en dus ook sy onderwysgeskiedenis) in 'n groot mate een lang relaas is van droogtes. (28) Geen ander faktor het dan ook die ontwikkeling van Namakwaland so teruggesit soos die kroniese droogtes nie. Maar daarvan sal ons nog tot satwordens-toe hoor.

Hier moet egter ook enige vergoedende hoedanighede aangestip word. Dit skyn asof Namakwaland spesiaal daarvoor

---

(28) Uit reisbeskrywings en ander bronne is die volgende lys van droogtejare tussen 1784 en 1900 opgestel: 1784, 1794, 1804 - 1805, 1821 - 1822, 1826, 1836, 1857 - 1859, 1861 - 1862, 1865 - 1868, 1874 - 1875, 1881 - 1884, 1894 - 1896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


ingerig is, om die bietjie reën wat hy ontvang te behou. Vereers is daar die s.g. „klipbakke" - groot natuur-reservoirs in die granietrotse. Hierin word die water vir maande, soms vir jare bewaar. Dan speel sand ook 'n groot rol in waterbewaring, veral in die Sandveld waar in die oënskynlike droë sandlope die s.g. „graafwaters" mens en dier aan die lewe hou. Les bes, is daar die verkoelende en heilsame invloed wat die baie misweer op die plantegroei het.

Plantegroei: Die plantegroei pas hom aan by die reënval. Daarom is die sukkulente die tipiese plante van Namakwaland. Namakwaland is dan ook al van oudsher bekend vir sy kokerbome, die halfmens, sy vygies, en die magdom van kleiner vetplantjies. Ongelukkig is die meeste van die vetplante nie goeie voeding vir die vee nie. Daarby is die beste soorte soos die olifantmelkbos in die dae van die kopertransport feitlik uitgeroei. Bossies en struike is verder die normale plantegroei van die Sandveld en die Binneveld. Met goeie reënjare is hierdie dele 'n blommeparadys. Dan is die hele wêreld oortrek van gousblom, sporrie en 'n menigte ander blomsoorte, wat die Namakwalander saamvat onder die naam „opslag." In sulke jare versmaai die Sandveldse vee die harde volstruisgras en lewe van die „opslag" en fyner grassoorte wat dan soos uit die niet te voorskyn spring. Maar daardie jare is die uitsondering. ..... die normale toestand is die swaarkryjare wanneer die vee aan die skynbare kurkdroë bossies 'n bestaan moet vind. Dis sulke omstandighede wat die Namakwaland-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



se vee, en ook hul base, taai gemaak het. (29) Die Namakwalander het geleer om deur te byt, want „volgende jaar gaan seker weer 'n blomjaar wees." Die hoop moet al ons leed versag.....

Die Boesmanland weer is by uitstek 'n graswêreld. Met goeie jare is dit een wuiwende see van groen. Met sy beroemde fyn- en growwe-twa is dit dan een van die beste veedistrikte in die Unie. Maar, as die reën drie lange jare wegbly soos in die jare 1936 tot 1938, dan is dit 'n barre woestyn, met net die pikswart morsdooie (soos dit lyk) twa-polle as herinnering aan sy vergange glorie. Dan swerf die Boesmanlander ver in die wêreld rond.

## Bedrywighede van die Inwoners.

Namakwaland is weens sy karige reënval, feitlik net geskik vir veeboerdery. Veeboerdery is dan ook vanaf die eerste bewoning deur die Namakwas en die blankes die hoofbedryf gewees. Toe die plase nog groot was, en daar baie kroongrond nog onbeset was, het dit tasmlik voorspoedig gegaan met die veeboer. Toe hierdie gunstige omstandighede verdwyn, het dit begin noustrop trek. Die draagkrag van die Namakwaland veld, is baie laag. Volgens 'n onderwyser wat al sedert 1911 in die Sandveld is, is tenminste 25 morg nodig vir een skaap in die Sandveld. Die Boesmanland is ook nie baie beter daaraan toe nie. Die Binneveld en die Kamiesberg is oorspronklik ook net vir weiding gebruik. Maar reeds vanaf die eerste bewoning deur blankes, is

---

(29) In Die Brandwag van 9 Mei 1941 het Sangiro oor Namakwaland geskryf onder die hoof :„Land van taai mense en plante."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met saaiery begin, eers op die Kamiesberge, maar later ook in die Binneveld. In die middelstrook het ons dus vandag 'n gemengde boerdery, waarvan vee en graan die vernaamste is. Die res van Namakwaland is net geskik vir veeboerdery. Gevolglik is die bevolkingsdigtheid van Namakwaland baie laag, skaars 1.5 persoon per vierkante myl. Ook hierdie verspreiding van 'n klein bevolking oor so 'n ontsaglike distrik, was 'n ander bron van moeilikhede vir die onderwys in Namakwaland.

Ander geografiese faktore soos Oorspronklike Inwoners (30) en Minerale Rykdom sal in latere hoofstukke ter sprake kom.

-DIE SEISOENMIGRASIE IN NAMAKWALAND.-

Een uitstaande kenmerk van die Namakwalandse lewe, verg 'n breër bespreking. Dit is die gedurige rondtrek van die Namakwalanders. Hierdie rondtrekkery is 'n direkte uitvloeisel van die behandelde geografiese faktore. Geen ander faktor het so die onderwys in Namakwaland beïnvloed nie, soos juis hierdie rondtrekkery nie. As 'n mens die rondtrekkery verstaan, dan verstaan 'n mens baie van die Namakwalandse onderwysprobleme, waarvan die volgende hoofstukke so vol gaan wees. Dan ook verstaan 'n mens waarom die name van ds. A.D. Luckhoff en sir Frederik de Waal in die onderwysgeskiedenis van Namakwaland sal voortlewe. Hulle het uiteindelik die oplossing van hierdie probleem bewerkstelling.

Hieronder volg 'n bespreking van die motiewe wat tot die gedurige rondtrekkery aanleiding gegee het:

---

(30) Sien hoofstuk 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In die eerste plek was die mense deur die seisoenreëns aangespoor om te trek. Wanneer die Boesmanland goeie reëns kry, dan volg dit heel natuurlik dat die Binneveldse boer sou verlang om die groen grasvelde van die Boesmanland te verruil vir die droë somersveld van die Binneveld. En daar was niks om so 'n trek te verhinder nie, want tot ± 1914 was die Boesmanland nog onuitgegewe kroongrond. Vandag nog bestaan hierdie trek, hoewel in baie kleiner mate. Die welgestelde boere hou twee plase aan; 'n Binneveldse vir winterweiding en 'n Boesmanlandse vir somerweiding. Ook drie kleurlingreserwes is gelukkig in die opsig: Leliefontein het die somerplaas, Norap; Steinkopf se vee wei in die somer op Henkries, terwyl Concordia 'n somerplaas, Naap, besit.

Tweedens is die nomadiese lewe 'n gevolg van die strenge winters in die Kamiesberg en in die Boesmanland. Dan soek die boere in die dele 'n „aftrek" na die warmer Sandveld, Hardeveld, of selfs die Richtersveld.

Gedurende droogtetye is die Namakwalander verplig om sy vee in die nabyheid van die fonteine en „graafwaters" te laat wei. Gevolglik is die veld rondom die waterplekke gou-gou uitgetrap en afgewei. Wanneer dit nou in die winter goed reën, sodat daar orals water op die klipbakke of in natuurlike leegtes staan, dan sal die boer dadelik na die „buiteveld" trek om op die manier die weiding rondom die fonteine vir die somer te spaar. Hierdie trek beteken nie noodwendig 'n trek van die een plaas na

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



'n ander nie; maar is dikwels net 'n versit van die een deel van die plaas na 'n ander deel. Dit is die tipiese trek van die Sandveldse boer. In die somermaande bondel die Sandvelders om die „graafwaters" in die rivierbeddings; in die winter spat hulle soos 'n klomp springmielies uitmekaar.

Toe saaiery in Namakwaland algemeen word, het dit ook 'n oorsaak van trek geword. Om die vee van die lande af weg te hou, is hulle op 'n ander deel van die plaas gehou, of na 'n ander plaas gestuur, totdat die oes van die lande is. Met hierdie ding het die ou sendelinge hul kop lelik gestamp. Juis om die ewige rondtrekkery van die Hottentotte teë te gaan, het hulle uit die staanspoor probeer om die Hottentotte tot tuinmaak en saaiery te beweeg. Maar dit moes vir hulle 'n wrede ontnugtering gewees het, toe die treklustige Hottentotte juis hulle lande voorhou as 'n rede vir die trek.

Soos reeds aangedui, was droogtes in Namakwaland van oudsher af 'n amper kroniese verskynsel. Reeds die Hottentotte was verplig om baie ver te trek in sulke tye. (31) Ook die blanke pioniers moes soms groot veeverliese verduur. So het Hermanus Engelbrecht in 1784 vrystelling gekry van rekognisie op sy plase, vanweë sy groot veeverliese. (32) In 1799 het die twee Beukes-broers na die Nardouw (naby Clanwilliam met hul vee gevlug. (33)

---

(31) Sien bl. 2

(32) Kaapse Argief : Wildschutten Boeken, L.M.G. 21, folio 160.

(33) Stellenbosch, 19/150, Inkomende Briewe, C.H. Meister - landdros, 17.5.1789.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volledigheidshalwe word hier net verder enige geskiedkundige faktore wat die treklustigheid bevorder het, aangestip. Die leningplaasstelsel waaronder plase aan die boere uitgegee is, het baie bygedra tot die trekgees. As 'n leningplaasbesitter van 'n beter plaas te hore kom, dan verlaat hy baie maklik die ou plaas, en laat die nuwe plaas op sy naam aanteken. (34) Met behulp van sy ossewa was so 'n trek baie maklik. Die huisraad, klere, huisbenodighede kan almal op die wa gelaai word; die res van die besittings, die vee, kan aangejaag word.

Dan was daar reeds in daardie dae die tipe van boer wat geen plaas besit nie, maar verkies om by ander veld te huur, of om op onuitgegewe kroongrond rond te swerf. Waarom sou hy ook rekognisie en seëlregte betaal, wanneer die wêreld nog oop was? Hierdie toestand het ook in Namakwaland bestaan want in 1809 moes die landdros, Van der Graaff, spesiaal na Namakwaland kom om ondersoek in te stel. (35)

Maar genoeg! Alreeds aan die begin van die negentiende eeu was die trekgewoonte al 'n tradisie. Geografiese omstandighede het van die trekkery 'n noodsaaklikheid gemaak, en die geskiedkundige faktore het dit versterk. Reeds in die 18e en 19e eeue was die trek 'n noodsaaklike vereiste van die Namakwalandse boer. Vandag geld die vereiste nog, maar in 'n baie minder mate. Die gevolge van hierdie gedurige wisseling van woonplek, kan nie maklik oorskat word nie, maar ons kan dit voorlopig saam-

---

(34) Van der Walt: Die Ausdehnung der Kap der guten Hoffnung 1710-1771, bl. 59.

(35) Kaapse Argief: C.O. Letters Received, 44. V.d. Graaff - Col. Secretary, 23.5.1809.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



vat in Semple se stelling: "While the people move, progress stands still." (36)

Hoe die aardrykskunde die ontwikkeling van onderwys beïnvloed het, sal blyk uit die verdere bespreking. Hier volg slegs enige kontraste - direkte uitvloeisels van Namakwaland se aardrykskunde. Sedert 1750 woon daar blankes in Namakwaland; eers in 1856 het 'n magistraat in Namakwaland Kom resideer. Reeds in 1770 moes Namakwalanders honderde ~~van~~ myle aflê om kerklike bediening te geniet. Dit was eers 100 jaar later dat 'n gevestigde predikant in Namakwaland kom woon het. Namakwaland het al in 1819 'n „Goevermants Schoolhouder," maar dit was nie voor 1872 dat 'n eerste skoolinspekteur daar uitgekom het nie; terwyl dit eers in die twintiger jare van hierdie eeu was dat die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys Namakwaland kom besoek het.

---

(36) Semple : Influence of Geographic Environment, bl. 483.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -HOOFSTUK 2-

## -DIE OORSPRONKLIKE INWONERS VAN NAMAKWALAND.-

Vanaf die begin van die negentiende eeu het daar sendelinge na Namakwaland gekom, met die doel om die inboorlinge tot die Christelike geloof oor te haal. As ons die werksaamhede en probleme van die sendelinge goed wil begryp, dan is dit in die eerste plaas nodig dat ons iets weet van die mense onder wie hulle kom werk het. Namakwaland is gedurende die 17de en 18de eeus veral deur twee rasse bewoon, nl. die Boesmans en die Namakwa-Hottentotte. Teen die einde van die 18de eeu het ook Hottentotte uit die suideliker dele van die Kolonie Namakwaland ingetrek. Hulle is die s.g. Oorlams-Hottentotte.

### -DIE BOESMANS.-

In 1685 toe Simon v.d. Stel sy tog deur Namakwaland onderneem het, het hy die Boesmans (of Sonquas, soos hulle in sy joernaal genoem word) in al die swakste dele van Namakwaland aangetref: in die onherbergsame Hardeveld, in die dorre Sandveld, en in die ongenaakbare klowe van die Kamiesberge. Latere reisigers en grensboere het hul veral aangetref in die uitgestrekte Boesmanland. Of hul uit die beter dele verdryf is, en of hul die ongenaakbare dele verkies het weens hul roofsug, is nie seker nie. In elk geval die Boesman het daarin geslaag om in die dorste en onvrugbaarste dele van die land 'n swerwende bestaan te voer. Uit hulle vestings (of „Boesmanneste" soos die koloniste dit genoem het), kon hul die veetroppe van die Hot-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


tentotte bydam, en betyds wegvlug, terwyl die onbereikbaarheid van hulle woonplekke vir hulle vrywaar van weerwraak. Daarom was die Boesman soos Kain; sy hand was teen almal en almal se hand was teen hom. In hul kroniese oorlogvoering was daar nie soiets soos kompromie nie. Nog voordat die blankes in die land gekom het, het die Boesmans die lewe van die Namakwas vergal. Toe Rhenius in 1724 van die Namakwas vee wou ruil, toe beweer laasgenoemde dat die Boesmans hul rot en kaal besteel het.(1) In 1802 wyt Somerville en Truter die karige veebesit van die Namakwas gedeeltelik aan die Boesmans se strooptogte.(2)

Toe die blankes vanaf 1700 vinnig noordwaarts trek, was dit nie die Hottentot nie, maar die Boesman wat die blankes in hul noordwaartse beweging, probeer keer het. Reeds in 1715 was die burgers verplig om kommando's te organiseer teen die wilde Boesmans.(3) Die Boesmanstrooptogte het in 1738 so hewig geword dat die Piketbergse boere, hul Bokkeveldse plase moes verlaat. Twee blankes is ook vermoor.(3) Een van hulle was Jan Engelbrecht, die stamvader van die Namakwalandse Engelbrechts. Ook in 1754 was die Boesmans op die noordelike grense so bedrywig, dat die burgers van die Olifantsrivier nie die milisie-oefeninge te Stellenbosch kon bywoon nie.(4) Toe die eerste grensboere Namakwaland teen 1750 intrek, het die Boesmans die

(1) Godee-~~Van~~ Molebergen : Reizen in Zuid-Afrika I, bls.16 e.v.

(2) Theal : Records of the Cape Colony, Vol. iv bl.199.

(3) Gie : Geskiedenis van Suid-Afrika I, bl. 170.

(4) P.J. v.d. Merwe : Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, bl. 9.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



lewe vir hulle ook net warm gemaak. Maar gelukkig was die blankes al vir 'n hele paar dekades gestaal in hul stryd teen die meedoënlose vyand. Ook die Namakwalandse vrou het haar deel bygedra om die land skoon te maak van die Boesman. Die Franse reisiger, Le Vaillant, was die ene bewondering vir die neëntienjarige dogter van Cornelia v.d. Westhuizen, wat alleen in die veld hulle vee teen die Boesmans oppas.(5) 'n Paar jaar later kon 'n ander pionier, Hendrik Beukes, dit nie waag om sy seuns Stellenbosch-toe te stuur vir die milisie-oefeninge nie.(6) Maar teen die einde van die eeu het die Boesmanbedrywighede baie ernstiger geword. Vyf plase is „afgeloop", 21 gewere gebuit, en 'n magdom van vee na hul ontoeganklike vestings aangeja. 'n Gruwelike moord is op die blanke kneg van die weduwee van der Westhuizen gepleeg te Soebatsfontein.(7) (Die naam is aan die plek gegee omdat die kneg, Hendrik Stiebert, so ernstig om sy lewe gesmeek het.) Die Namakwalanders kon self nie 'n ekspedisie teen die Boesmans onderneem nie, want dan sou die vroue en kinders onbeskermd gelaat moes word. Gelukkig het on hul dringende hulpgerep, 'n sterk kommando uit die Olifantsrivier opgedaag. Die Boesmans is in hul Sandveldse vesting (8) aangeval, maar die meeste het ontsnap.(9) Die skyn-

(5) Le Vaillant : Reize in de Binnelanden van Afrika deel 5, bl. 356.

(6) Stellenbosch Argief : 10/167. Inkomende Brieven J.A.v.d. Heever - Landdros, 2 Nov. 1791.

(7) Stellenbosch Argief: 10/151. Ink. Br. J.C. v.d. Westhuizen - Landdros, 10 des. 1798.

(8) Op die huidige plaas Keidjieskaroo:

(9) Stellenbosch Argief: 10/151. Ink. Br. J.C. v.d. Westhuizen - Landdros, 7 Maart 1799.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vrede het ook nie lank geduur nie, want in die jaar 1805 moes die Beukesse, Cornelis Kok en Hermanus Engelbrecht weer deurloop onder die strooptogte van die Boesmanlandse Boesmans.(10) Die talryke kommando's wat hierop en op latere strooptogte gevolg het, het tog nie daarin geslaag om die Boesman in toom te hou nie. Daar is weer strooptogte in 1824, in 1836 (11) en 1854.(12) Die hewigste en gevaarlikste Boesmanstrooptogte het egter in 1869 losgebars. Onder die berugte Roman Brandrug het die Boesmans vir oulaas nog skrik en verwarring deur Boesmanland en Namakwaland geja. Maar die gevolge van hierdie Boesmanveldtog is so belangrik gewees, dat ons dit later weer bespreek. Die kontak tussen blankes en Namakwas aan die een kant en die Boesmans aan die ander kant, was dus een onafgebroke oorlogsvoering. Hierdeur het die Boesman uitgemunt as een van die grootste kultuurhindernisse t.o.v. die uitbreiding van die beskawing na die noorde. So lank soos die Boesman daarin geslaag het om die grensboer se lewe onveilig te maak, so lank was dit baie moeilik vir die beskawingsinvloede om pos te vat. Dog nie alleen die blanke pionier nie maar ook die sendeling, as beskawingsdraer na die Namakwas, moes dit vanweë die Boesman bitter ontgeld. Dan is dit ook duidelik dat so 'n ontembare wese skaars vatbaar sal wees vir die beskawingsinvloede van die

(10) Worcester Argief : 13/1. Ink. Br. J.C. v.d. Westhuizen - Landdros van Tulbagh, 7 Okt. 1805.

(11) Alexander : Excursions in Western Africa I, bl. 51.

(12) Ridsdale : Scenes and Adventures in Great Namequaland, bl. 210.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



blanke en die sendeling. Tog is daar werklik gepoog om die Boesman tot 'n gevestigde lewe en die Christendom te beweeg.

Hierdie eksperiment het sy oorsprong gehad by enige boere in die Rûeveld en die Onder-Bokkeveld. Hulle het besef dat die Boesman se strooptogte in 'n groot mate gewyt moet word aan hongersnood. In jare wanneer wild volop was, en die Boesman hom sat kon eet aan uintjies en bessies, is daar baie minder gesteel as in die slegte jare. As die Boesmans dus kos het, dan sou hulle minder geneig wees om te steel, so het die leiers van die konsiliasie-politiek geredeneer. Die leiers van die nuwe beweging, J.G. Louw, van die Onder-Bokkeveld, en Floris Visser van die Rûeveld, het opdrag gekry om vee vir die doel te kollekteer. 'n Mooi klompie vee is op die wyse aan die Boesmans gegee.(13) In 1836 was die Namaskwalandse veldkornet, G.S. Nieuwhoudt, ook nog gewoond om die Boesmans op die manier te probeer paai.(14)

Op die lange duur het hierdie politiek tog nie geslaag nie. Die Boesman kon nie sy aard so verander, dat hy boer kon word nie. In die geskiedenis is net een geval bekend van 'n Boesman wat boer geword het, nl. Speelman, die Boesmanboer.(15) Tog het die goedbedoelde pogings van die twee veldkornette vrug gedra. Veral Floris Visser het hom ten behoewe van die arme

(13) Lichtenstein : Travels in Southern Africa, deel 2, bl. 105.

(14) Alexander : Excursions in Western Africa, deel I, bl. 51.

(15) Papers relative to the Conditions and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Boesmans beywer, en dis veral deur sy toedoen dat die sendeling Kicherer in 1799 onder die Boesmans sendingwerk begin het.

-DIE KLEIN NAMAKWAS.-

Eintlik was daar twee groepe Namakwas (of Namas soos dr. Vedder hul noem in Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika). Die Groot-Namakwas het ten noorde van die Oranje-rivier gewoon, terwyl die Klein-Namakwas ten suide van die rivier hulle verblyf gehad het. In hoofsaak sal ons te doen hê met die tweede groep. Tog kan ons die Groot-Namakwas nie heeltemaal buite rekening laat nie, aangesien daar altyd 'n baie noue verband tussen die twee groepe bestaan het, vanweë hul onderlinge handeldrywe en die oor-en-weer trekkery tydens droogtejare. Tensy anders vermeld, sal in die volgende hoofstukke onder die naam Namakwas, die Klein-Namakwas bedoel word.

-DIE NAMAKWAS EN DIE BLANKES.-

Uit ou reisbeskrywings kry ons nie die indruk dat die Namakwas ooit baie talryk was nie. Simon van der Stel het eers ten noorde van Garies die eerste Namakwas aangetref. Later is dieselfde stamme weer in die nabyheid van die huidige Kamieskroon teëgekom, maar verder noordwaarts na die Koperberge is geen Namakwas meer ontmoet nie. Insgelyks het S. v.d. Stel geen Namakwas in die Sandveld raakgel op nie, net enige Sonkwas. Ook die joernale van latere reisigers versterk die indruk dat die Namakwas net die vrugbaarste dele van die Kamiesberge min of meer permanent bewoon het. Tog, die Namakwas se intieme kennis van die beste

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



„paaie" en fonteine, (16) oortuig 'n mens dat hul die res van Namakwaland baie goed geken het. Dit bewys ook dat die Namakwas gewoond was om feitlik die hele Namakwaland behalwe waar die Boesmans te naby was, as hul „uitlegveld" (soos die Namakwalandse naam vir 'n tydelik bewoonde plaas lui) te beskou. Die nomadiese lewe, sowel as die ongunstige klimaatstoestande, was oorsaak dat Namakwaland baie dun bevolk was, toe die eerste blankes daarheen getrek het. Daardeur het laasgenoemde die indruk gekry dat die land leeg was, en het dus by die Politieke Raad aansoek gedoen om leningplase in Namakwaland. Die eerste leningplaasbesitters het net tydelik gebruik gemaak van hul plase, maar toe latere boere vir hul in Namakwaland kom vestig het, het die Hottentotte diep verontreg gevoel.(17) In Namakwaland, soos ook elders, het die spreekwoord gegeld: „As die meerdere kom, moet die mindere wyk." So het die sterker Namakwa die Boesman verdring, die Baster of die vader van 'n Basterstam, het die Namakwas verja, terwyl die blanke pionier die Baster weer uitgestoot het. Selde het die Namakwa hom verset teen die indringer. Daarvoor was die Namakwas in die woorde van Collins, 'n alte "timid people".(18) Die verdringing het nie juis altyd gepaard gegaan met geweld nie, maar meerendeels was dit 'n uitoorlêery. Beroof van hul uitlêvelde, was die Namakwas dikwels verplig om die land te verlaat, én elders 'n heenkoms te vind.

---

(16) Soos blyk uit die goeie pad wat hulle vir S. v.d. Stel deur Namakwaland aangewys het.

(17) Le Vaillant : Reize in de Binnenlanden van Afrika, deel 5, bls. 346, e.v.

(18) Theal : Records of the Cape Colony, Vol.vi bl. 343.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Maar dis nie alleen die blanke indringing wat hul lewensbestaan bedreig het nie. In 'n baie groter mate het die ruilhandel met die blankes die verarmingsproses verhaas. In Van Riebeek se tyd is geglo dat die Namakwas besonder veeryk was. In hoever hierdie veerykdom net 'n versinsel was van Eva, die tolk, se fantastiese brein, is moeilik om te bepaal. In elk geval, toe Van Cruythoff in 1661 heel eerste met die Namakwas in aanraking kom, het hy sterk onder die indruk van hul groot veebesit gekom. Maar teen die einde van die agtiende eeu al, vertel Barrow dat daar in Namakwaland nog net vier kapteins met 'n klein klompie vee oor is.(19) Barrow het hee temaal gelyk gehad, want in 1802 beveel Somerville en Truter ook aan dat nie meer vee by die Namakwas geruil moes word nie, want hulle het self al te min vee gehad.(20) Ook in 1818 vra die Kamiesbergse veldkornet dat smouse nie toegelaat moet word om met die reeds verarmde Namakwas handel te drywe nie. Die Namakwas dra toe al die blankes se klere maar hulle ly honger.(21) Veral drie faktore het hierdie toestand teweeggebring: Die rooftogte van die Boesmans, die verdringing deur die blankes, en die noodlottige veeruil. Die Namakwa was lief vir sy vee, maar daar was dinge wat hy baie liewer gehad het. Dit was brandewyn, tabak, mooi klere en ammunisie. Teneinde hierdie dinge te verkry, het hy sy veestapel weggeruil.

(19) Barrow : Travels into the Interior of Southern Africa, deel I, bl. 340.

(20) Theal : Records of the Cape Colony, Vol. vi, bl. 343.

(21) Worcester Argief : 12/52. Dagregister van Assistent-Landdros te Clanwilliam, 7.1.1818.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Een Namakwa-kaptein het egter daarin geslaag om nieteenstaande die blanke indringing, hom in sekere mate te handhaaf. Hy was Kaimasip, of Jantjie Wildschut soos hy onder die boere bekend was. In Ryk van Tulbagh se dae het hy daarin geslaag om die plaas Leliefontein op sy naam geregistreer te kry. Daarna is die plaas per abuis aan Hermanus Engelbrecht toegeken, maar toe die Goeverneur van Plettenberg die fout agterkom, is Jantjie in sy reg herstel.(22) Ongelukkig was die grense van die plaas, soos met alle leningplase, nie bepaal nie, met die gevolg dat daar gedurig struwelinge was tussen die Namakwas, en hul blanke bure. Tog oor die algemeen genome, het Jantjie se stam op goeie voet met die blankes gelewe. Toe die Oorlams-stam, die Witboois, in 1799 gemene saak met die Boesmans teen die blankes gemaak het, het Jantjie se Namakwas hulle afsydig gehou.(23) Latere gebeurtenisse het egter die wederaydse goeie verhouding vernietig. Dit is nie te ontken nie dat die boere se optrede teenoor die Namakwas dikwels onregverdig (24) en somtyds ook wreed (25) was. Sendelinge en ander reisigers was miskien bevooroordeeld teen die boere, tog „waar 'n rokie trek, moet ook 'n vuurtjie wees." Op hulle reise deur Na-

(22) Wildschuttenboek, No. 21, folio 229.

(23) Stellenbosch Argief : 10/151. Inkomende Br. J.C. v.d. Westhuizen - Landdros, 7 Maart 1799.

(24) Stell. Argief : 10/150. Ink. Br. J.C. v.d. Westhuizen - Landdros, 24.3.1800. Ook Worcester Arg. 12/52, Dagregister van Asst.-Landdros te Clanwilliam, 1.9.1818, en 9.11.1818.

(25) C.O. Letters Received 587. (3). Richard Miles - Colonial Secretary, 7.8.1827. Ook Stellenbosch Argief : 10/155. Ink. Br. J.C. v.d. Westhuizen - Landdros, 20 Aug. 1804.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



makwaland het hulle talle gevalle van Hottentotmishandeling teëgekom.(26) Natuurlik het hierdie kwessie ook twee kante. Die Namakwas self het alte dikwels aanleiding gegee tot so 'n optrede. Schmelen, die Duitse sendeling, wat meer as enigiemand anders met gesag oor die Namakwas kon praat, noem as uitstaande eienskappe hulle "Wildheit und Bosheit".(27) Dan moet die tydgees ook in ag geneem word. Campbell, die sendingorganiseerder, was in 1813 tuis by die Namakwalandse weduwee Van der Westhuizen. Sy het hom meegedeel dat sy haar bediendes goed uitloon, tog moes Campbell erken dat die bediendes in haar diens baie gelukkig gelyk het.(28) Ook Backhouse verwys in hierdie gees na 'n geval waar 'n boer 'n Hottentot-veedief ongenadiglik afgeransel het. "But cruel as was the Boor, he was nevertheless more merciful than the British law at the same period; it would have put a man to death for such an offence."(29) Op grond van hierdie oorwegings, kan ons Von Rohden se harde oordeel (30) dat Namakwaland tot droogtes vervloek is, omdat die bloed van so baie onskuldiges op die land rus, verwerp.

Hierdie slegte verhouding het die wederzydse ontwikkeling van sowel die blanke as die inboorling baie belemmer. Ook die onderwys het regstreeks daaronder gely. Die inboorling het geweier

(26) Alexander : Excursions in Western Africa I, bl. 102.
Campbell : Travels in Southern Africa, bl. 328.
Rheinische Missionsberichte, 2e jaargang, bl. 9.

(27) Von Rohden : Geschichte der Rheinischen Missionsgesellschaft, bl. 7.

(28) Campbell : Travels in Southern Africa, bl. 330.

(29) Backhouse : A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa, bl. 519.

(30) Von Rohden : op. cit., bl. 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


om by die blanke in diens te gaan, waardeur laasgenoemde weens arbeidstekort sy kinders net 'n minimum onderwys kon gee. Ook het dit die sendeling in 'n baie moeilike posisie geplaas. Hy kon baie meer vir albei seksies beteken het, as die verhouding beter was. By die blanke het weer 'n baie sterk antipatie teenoor kleurlingonderwys ontwikkel, wat baie nadelig was, en is, vir die gesonde ontwikkeling daarvan in Namakwaland.

-DIE LEWENSBESTAAN VAN DIE NAMAKWAS.-

Die Namakwa was in die eerste instansie van sy veebesit afhanklik vir sy lewensbestaan, want sy beeste en bokke het hom voorsien van sy stapelvoedsel, melk. Liefs het die Namakwa dikmelk gedrink maar ook karringmelk, want hy het ook die kuns verstaan om botter te maak.(31) Daarom was die eerste konsiderasie van die Namakwa weiding vir sy beeste, skape en bokke. Dit het van hulle 'n nomadiese ras by uitstek gemaak. Hulle het hul leefwyse dan ook so ingerig dat dit baie maklik was om na nuwe weivelde te verskuif. Hul dra-osse is van jongsaf geleer om nie alleen, rydier te wees nie, maar ook pakdier. As die kaptein die bevel tot 'n verskuiwing gegee het, het dit somar gou van stapel geloop. Die matjieshuise is gou-gou afgeslaan, die lang krom latte op die dra-os se rug vasgebind, daarna is die opgerolde matjies en karosse daarop vasgebind; aan die punte van die latte is die potte, en kalbasse vasgeheg; dan kan die mars maar begin. Die res van die Namakwa-besittings, hul vee, kan aangeja word. Na gelang van die afstand na die nuwe tuiste, word dit binne korter of langer tyd bereik. Amper

(31) The Early Cape Hottentots, V.R.S. 4, bl. 129.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


net so gou soos die afbrekery plaasgevind het, gaan dit nou met die opbouery.(31.a) Met 'n minimum van moeite kon die Namakwa verhuis. Geen wonder dus dat die rondtrekkery by hulle so 'n ingewortelde gewoonte geword het nie, maar vir die sendeling was dit 'n baie tergende gewoonte.

Slegs by wyse van uitsondering het die Namakwa van sy vee geslag. Sy vleis het hy gekry van die jag op wild wat voor die koms van die blankes taamlik volop was. Verder was die Namakwa nes die Boesman versot op veldkos. Rysmierlarwes en sprinkane is as lekkernye deur hulle beskou.(31) Selfs die grassaad in die mierneste is fyn gerol en met heuning gemeng.(32) Hulle het reeds die kuns verstaan om biltong te maak. Van rosyntjiebessies en ander bessies het die Namakwas vir hulle bedwelmende dranke gestook, nog voordat hulle met die blankes se „lawasiwater" kennis gemaak het.

Akkerbou het die Namakwas nie geken nie; selfs die kalbasse wat hul gebruik het, het wild gegroei.(33) Toe hulle later van die blankes leer om tuin te maak, het hulle veral tabak en pampoene gekweek.

Behalwe vee oppas was daar dus betreklik min werk en baie ledige ure. Die meide moes sorg vir die melkery, vir die inryg van die matjies vir hulle huise, en vir die verwerking van velle in

(31.a) Dr. Vedder : Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 67.

(31) Whiteside : The History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa, 46.

(32) Shaw : Memorials of South Africa, 23.

(33) The Early Cape Hottentots, V.R.S., 4, bl. 37.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



klere en karosse. Sommige mans sou sorg vir die vervaardiging van houtlepels, stampblokke en houtpotte. Verder was die Namakwa veral lief vir handeldrywe. Deur hul handel met die Brikwas (die huidige Bechuanas) het hulle die bok in die kolonie ingevoer.(34) In 1778 het Wikar 'n klompie Namakwas langs die Grootrivier aangetref, wat by die Groot Namakwas gaan vee ruil vir krale en tabak.(35)

So kon die Namakwa dus betreklik maklik leef met 'n minimum van arbeid. Slegs met swaar droogtes het die lewe moeilik geword, maar dan het die Namakwa net die hongergord al hoe stywer vasgetrek, en taai geword teen honger.(36) Later so taai, dat hul somtyds liewer honger ly as om te werk. So het ook hul lewenswyse 'n magdom van probleme geskep vir hul toekomstige opvoeders.

-DIE KARAKTERTREKKE VAN DIE NAMAKWA.-

Om die beskawingswerk van die sending te kan bepaal, is dit nodig om 'n duidelike beeld te hê van die inboorling, voordat die beskawingsinvloede begin het. Die mate van sukses of mislukking van die beskawingsproses kan net bepaal word, as die eindproduk vergelyk word met die ruwe materiaal. Daarom dat dit nodig gevind is om 'n samevatting te gee van die Namakwa in sy primitiewe toestand.

Oor een eienskap van die Namakwas is alle skrywers eenparig, t.w. sy luiheid.(37) So 'n wolk van getuienis is daar om

(34) Early Cape Hottentots, V.R.S. 4, bl. 37.

(35) Mossop : The Journal of Wikar, V.R.S. 15, bl. 21.

(36) Shaw : Memorials of South Africa, bl. 19.

(37) Marais : The Cape Coloured People, bl. 8.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dit te bevestig dat dit moeilik gaan om uit te soek. Selfs Van der Kemp, die groot pleitbesorger van die Hottentotte sê: "Laziness is the most prevalent evil among our people".(38) Nadat die Duitse sendelinge die Namakwas vir byna 'n honderd jaar bearbei het, roep een van hulle nog in wanhoop uit: "Aber wie schwer ist es doch die Trägheit der Nama zu überwinden."(39)

'n Tweede eienskap wat dikwels op die voorgrond tree, is hulle hoogmoed. Reeds in die 17e eeu merk Dapper van die Hottentotte op:(40) „Daar wort onder hen in hoe slechten en armelyken staat zy leven, evenwel een hooghertigheit gevonden." Dieselfde „hooghertigheit" was kenmerkend van die Namakwa. Hulle wou nie vereenselwig word met die Oorlams nie, want laasgenoemde het in hul oë hul status verloor deur by blankes in diens te gaan. Nou verwant aan hul hoogmoed, is hul sterk onafhanklikheidsin. Toe die Namakwas se name in 1799 neergeskrywe moes word, het hulle gemeen dis 'n poging om hul tot slawe te maak, en het na die wapens gegryp. In 'n brief aan die landdros te Stellenbosch skryf die veldwagmeester, J.C. v.d. Westhuizen oor die rede van hul opstand „en dewyl zy eene vry geboorene natie zyn zoo willen ze zig lievers tot het laatste verdedigen en vlugten als een slaef te syn."(41)

Swakhede soos liefde vir drank, tabak en versierings word elders bespreek. Die kern van die Namakwa-aard, is seker saamgevat

(38) Lovett : The History of the London Missionary Society I, bl. 503.

(39) Missionsberichte: 1897, Junie uitgawe.

(40) The Early Cape Hottentots, V.R.S., Vol. 4, bl. 48.

(41) Stellenbosch Argief L 10/151., 10 Des. 1798.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in die volgende aanhaling van Fritsch:(42) "Es geht durch den Charakter der Khoi-Khoin (43) ein Zug welcher bestimmend auf ihr ganzes Auftreten und indirect auf ihr Schicksal eingewirkt hat; es ist dies ein bodenloser Leichtsinn. Dieser Hauptfehler ist der Ausgangspunkt für ihre meisten andern." Hierdie ligsinnigheid, of liewer hul onvermoë om die lewe ernstig te beskou, maak hul die speelbal van hul impulsiewe geaardheid. Gou sal hul 'n besluit neem, maar netso gou laat vaar. Hulle is 'n volk van goeie voornemens maar besit nie die deursettingsvermoë om die voornemens uit te voer nie. Kort-kort lees ons in die sendingberigte van hul massa-bekerings, wat egter baie skielik verflou. Moffat het die sendingarbeid vergelyk met 'n rivier in Suid-Afrika. Na 'n donderstorm loop die rivier vreeslik sterk, maar net 'n paar dae daarna is die bedding alweer horingdroog. (44) Netso vertygaand was die vrug van die sending in baie gevalle. Dis weens hul luiheid en gebrek aan erns dat menige sendeling moes twyfel aan die voortbestaan van die Namakwas.

Von Rohden vat die hele Namakwa-aard saam in die volgende: "Dies träge und feige aber gierige und grausame Geschlecht in seiner schmutzigen Nacktheit, in seiner dummen Hoffart, lügenhaft, geil und trunkfällig, hat fürwahr nichts von natürlicher Liebenswürdigkeit an sich."(45)

Dis onder hierdie mense dat die jong idealistiese sendelinge uit die beskaafde Europa hul moes waag. Hulle lydingsgeskie-

(42) Fritsch : Die Eingeborenen Süd-Afrikas ethnographisch und Anatomisch beschrieben, bl. 305.

(43) Algemene naam vir Hottentot.

(44) Missionsberichte 1898, Mei uitgawe.

(45) Von Rohden : Geschichte der Rheinischen Missionsgesellschaft, bl. 179.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

denis is slegs te begryp as ons dit sien teen die agtergrond van hul arbeidsveld.

Tog het selfs die Namakwa sy blinkkant. Hy is besonder vatbaar vir goeie indrukke, al mis hy die vermoë om dit netso geredelik in dade oor te sit. Buchner (46) druk dit treffend uit: "Unter ihnen sind viele Kinder in Christo, aber wenig Männer". Dan is die Namakwa besonder mededeelsaam. Tot sy laaste stukkie kos sal hy met ander deel. Maar juis hierdie deug het dikwels gelei tot bostings met die sendeling. Die sendeling tref voorsorg vir die dag van môre, maar die Namakwas laat maar Gods water oor Gods akker loop. As die nood dan aan die man kom, dan verwag hul die sendeling moes hul van lewensmiddele voorsien. Vedder getuig ook verder ten gunste van die Namakwas as volg:(47) „Die Nama is lewendig van gees, begryp en leer vinnig, het 'n goeie geheue, is bedrewe in ligte werkies en handig."

In latere hoofstukke sal ons kennis maak met die maniere waarop hierdie eienskappe van die Namakwa reageer het teenoor die sendeling.

---

(46) Allgemeine Missionszeitschrift 1894.

(47) Vedder : Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 62.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -HOOFSTUK 3.-

## -DIE ONTDEKKING VAN NAMAKWALAND EN DIE EERSTE BLANKE PIONIERS.-

Toe Diaz in 1485 so voel-voel al langs ons weskus afgeseil het, het hy o.a. ook 'n paar myl ten suide van die Oranje-rivier in 'n klein baaitjie anker gewerp. Die baaitjie het die naam Angra dos Voltas gekry en is vermoedelik die huidige Alexanderbaai. Die eerste blankes dus wat in Kaapland voet aan wal gesit het, het die Namakwalandse kus betree.(1)

Daarna het 'n lang stilte gevolg.

Maar Jan van Riebeek het aan die Kaap 'n baie interessante kaart besit. Ten noorde en ten noordooste van die Kaap was daar op die kaart aangedui die name van groot riviere, stede en koningryke soos Vigiti Magna, Spirito Sancta, Davegul en Monomatapa. Hierdie kaart sowel as die leuens van die verbeeldingryke Eva, het Jan van Riebeek laat besluit om ontdekkingstogte na die noorde te stuur. Daarby het Eva te vertelle gehad van die wonderlike veerykdom van die Namakwas ten noorde van die Kaap. Reeds in 1659 is sekere Christiaan Janz noordwaarts op soek na die fabelagtige rykdomme, maar net 'n breë stadigvloeiende rivier - waarskynlik die Olifantsrivier - is ontdek.(2) Nou volg die ekspedisies kort op mekaar se hakke: Jan Dankert in 1660 en Van Cruythoff in 1661. Laasgenoemde ekspedisie het heel eerste met die Namakwas kontak gemaak in die omgewing van die huidige Graafwater.(3) Toe die onvermoeide Van

(1) Owen Letcher : Namaqualand, Cradle of Mineral Development, bl. 8.

(2) Leibbrandts Precis : Van Riebeeks Journal, 7 Maart 1659.

(3) Mossop : Journals of Bergh and Schryver, V.R.S. 12, bls. 7 -9.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Meerhoff enige maande later daar kom, was die Namakwas alweer terug in Namakwaland.(4) Eers 'n tweede ekspedisie onder Van Cruythoff het in 1662 daarin geslaag om die woestyn tussen die Olifantsrivier en Namakwaland te deurkruis.(5) Net tien jaar na Van Riebeek se koms dus, het blankes al Namakwaland bereik. Die volgende jaar het De la Guerre die prestasie herhaal.(6) Albei ekspedisies het probeer deurdruk na die Oranje-rivier, maar die vyandigheid van die Namakwas het hul pogings verydel. Van al hierdie togte was Van Meerhoff die sentrale figuur.

Tog het die ontdekking van Namakwaland nie dadelik gelei tot 'n grootskaalse handel nie. Die ontsaglike afstand, die woestyn tussen-in, sowel as die gedurige oorloë tussen die Namakwas en hul bure, die Grigrikwas en die Brikwas, het dit belet. In 1670 egter het Van Cruythoff andermaal Namakwaland ingedring en 67 beeste en 150 skape by die Namakwas geruil.(7)

Twee bote, „De Grundel" in 1670 en "De Bode" in 1677, het tevergeefs langs die onherbergsame weskus gevaar om na 'n seehawe te soek.

Vanaf 1681 het daar weer lewe in die brouery gekom. Op 21 Desember 1681 het 'n eienaardige prosessie die kasteel genader. Dit was Namakwa-kapteins wat by die kommandeur S. v.d.

(4) Mossop: Op. cit., bl. 11.

(5) " Op. cit., bl. 13.

(6) " Op. cit., bl. 13.

(7) Sutherland : Memoirs, deel II, bl. 338.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Stel besoek kom aflê het. Hul aankoms het 'n hele opskudding verwek. Veral die ryk kopererts wat hul meegebring het, het die kommandeur op hol gemaak. Drie agtereenvolgende jare het ekspedisies die ontberings van die dorre binneland getrotseer. Bergh moes albei kere omdraai, omdat hy nie 'n pad deur die hoë berge ten noordooste van Garies kon vind nie.(8) Schryver het in 1684 meer sukses gehad, toe hy daarin geslaag het om 'n klompie kopererts onder die Namakwas te versamel, en op dra-osse Kaap-toe te bring. Toe kon S. v.d. Stel g'n rus of duurte kry nie; hy moes self gaan. So het in 1685 een van die merkwaardigste landstogte plaasgevind. Na 'n moeitevolle en gevaarvolle tog van bykans 400 myl oor 'n wêreld waar geen paaie was nie, is die pad na die Koperberge (naby die huidige Springbok) gebaan. Hoewel daar van die koperontginning voorlopig niks gekom het nie, het Simon v.d. Stel se tog vir Namakwaland baie beteken. Sy wa- en koetsspore het, met weinige afwykings, die grootpad deur Namakwaland geword.

Op die voetspoor van die reisiger het die veeposhouer gekom. In 1712 is daar al veeposte in die nabyheid van Piketberg. Skrik en verwarring is egter in daardie jaar onder die Piketbergers gesaai toe tyding ontvang is van 'n Namakwa-inval. Dit was egter bloot 'n riemtelegram want die kommando bestaande uit 75 burgers het in die noorde geen rusverstorende Namakwas raakgeloop nie.(9) Die hernude kennis van die noorde deur hier-

(8) Mossop : Journals of Bergh & Schryver. V.R.S., 12. 28 Nov. 1682, en 30 Sept. 1683.

(9) Leibbrandts Precis : Letters Despatched 1707 - 1720, bl. 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die ekspedisie opgedoen, het seker bygedra tot die vinnige uit-breiding na die noorde. Teen 1725 trek die eerste veeboere al oor die Piekenierskloof en vestig hul in die vrugbare Olifantsrivier-vallei.(10) Maar so vinnig vorder dit dat teen 1732 die mense oorkant die Olifantsrivier, die Sederberge in en oor trek in die wyke Koeveld, Bokkeveld en Hantam.(11) Terselfdertyd het jagters en handelaars nog steeds noordwaarts gejag en gehandel. Vermeld word twee togte onder Rhenius in 1721 en 1724,(12) en twee onder Rudolf Abel in 1729 en 1731.(13) Reeds geruime tyd al het burgers ook, trots strenge plakkate (14) deelgeneem aan die voordelige veeruil met die Hottentotte. So het in 1738 'n geselskap Piketbergse burgers hul met tien waens vol negosiegoed na die Oranje-rivier begeef. Hier het hulle 'n bedrywige veeruil met die Namakwas gevoer.(11a) Ongelukkig het die vreedsame veeruil, 'n lelike nasleep gehad. Die blankes se veewagters het die Namakwas verraderlik oorval en geplunder. Oor hierdie onreg het die Namakwa-kapteins aan die Kaap kom kla, waarop die owerheid dadelik stappe gedoen het, om die gebuite vee aan die Namakwas terug te gee.(15) Dit het 'n vlaag van verontwaardiging en verset in

(10) Van der Walt : Die Ausdehnung der Kap der Guten Hoffnung 1707 - 1771., bl. 65.

(11) v.d. Walt Op. cit. bl. 65.

(11a) Hierdie ekspedisie is waarskynlik die eerste ekspedisie van blankes wat die Oranje-rivier bereik het. Toe hulle aan die oewers van die rivier handel gedrywe het, het 'n jagter, 'n sekere De Bruin, hom by hulle gevoeg. Hy het in Suidwes gejag. Gewoonlik word aangeneem dat Jacobus Coetzee die eerste witman was wat oor die Oranje-rivier gegaan het. Hierdie blankes het egter reeds 22 jaar voor Coetzee aan die oewers van die rivier gewees.

(12) Godee ~~Van~~ Molsbergen: Reizen in Zuid-Afrika, deel I, bl. 16 e.v

(13) Leibbrandts Precis : Resolutiën 1728 - 1742, 30 Okt. 1731.

(14) ~~Op. cit.~~ Ibid. 4 April 1727.

(15) ~~Op. cit.~~ " 13 Maart 1739.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die noorde laat losbars. Onder leiding van 'n deserteur, Etienne Barbier, het die grensboere in opstand gekom teen die kompanjie. Gelukkig is die gevaar afgewend toe die heemraad Cruywagen 'n ekspedisie teen die Boesmans onderneem. Alle rebelle wat op die ekspedisie gegaan het, het amnestie verkry.(16) Behalwe Cruywagen se strafekspedisie,(17) is nog twee ekspedisies onder Jan Giebelaar (17) en Louw (18) teen die Boesmans van die Bokkeveld en die Roggeveld onderneem. Die eerste ekspedisie het tot aan die mond van die Buffelsrivier deurgedring, en die Namakwas gedug gestraf vir hul veediefstalle.

Aan hierdie gebeurtenisse het die latere intrekkers na Namakwaland, of die vaders van die latere intrekkers, 'n vername rol gespeel. Die tipiese Namakwalandse vanne; Cloete, Beukes, Van Niekerk, Engelbrecht, Ras, Mostert, Van Dyk en ander kom herhaaldelik voor in die joernale van hierdie troebele tye. Reeds toe openbaar die grensboer sy tipiese eienskappe : hy duld geen inmenging van buite nie; teenoor die inboorling ontwikkel hy al 'n gees van onverdraagsaamheid, selfs van wreedheid.

Hierdie gebeurtenisse het egter geensins die vinnige uitbreiding na die noorde gekeer nie. Die droë Hardeveld tussen die Olifantsrivier en Namakwaland was oorsaak dat die trek eers noordoos geswenk het, maar teen 1750 trek die eerste veeposhouers Nama-

(16) ~~Op. cit.~~ ibid. 28 April 1739 & 2 Junie 1739.

(17) ~~Op. cit.~~ " 8 Des. 1739.

(18) ~~Op. cit.~~ " 31 Okt. 1739.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


land in. In daardie jaar het Jan Oberholster die leningplaas Leliefontein aangevra.(19) Langs die Groenrivier het Jan Meyer(20) en Jan Venter (21) vir hulle leningplase laat aanteken. 'n Sekere Johannes Zwanepoel het nog verder deurgedruk en eers aan die Grootrivier halt gemaak waar hy die plaas, De Schoenmakersfontein, die huidige Henkries, laat bewei het.(22) Nog nie 'n eeu het verloop nie, en die eerste burgers woon al aan die Oranje-rivier!

Hierdie eerste bewoning was egter net van tydelike aard. Sekerlik het die olifantjag ook 'n vername rol gespeel in hierdie dae. Die olifante aan die Olifantsrivier is al uitgeroei, en nou is die olifante tussen die Groënrivier en die Oranje-rivier aan die beurt. In 1760 jag die olifantjagter, Jacobus Coetzee, in Suidwes.(23) Sy kleurryke beskrywing van Suidwes lei tot Hop se ekspedisie in die volgende jaar.(24) Hierdie jagters- en avontuurslewe aan die Oranje-rivier het 'n baie losbandige tipe van persoon na die Noorde gelok.(25) Die olifantjag het lank nog 'n vername bron van inkomste gebly vir die avonturiers en Basters aan die Oranje-rivier. In die nabyheid van die huidige Onseepkans het Wikar nog in 1778 'n baie groot trop olifante raakgeloop.(26)

(19) Kaapse Argief : Wildschuttenboeken, L.M.G. 12. fol. 115.
(20) Op. cit. ibid folio 116.
(21) Op. cit. " folio 124.
(22) Op. cit. " folio 193.
(23) Mossop : Journals of Wikar, Coetzee and Van Reenen, V.R.S. 15.
(24) Godee-Van Molsbergen : Reizen in Z.A. I.
(25) Le Vaillant : Reize in de Binnenlanden van Afrika 4, bls. 153, 154.
(26) Mossop : Journal of Wikar etc., V.R.S. 15, bl. 279.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


In dieselfde jaar het die beroemde reisigers, Paterson en Gordon, Namakwaland besoek. Hulle het orals in Namakwaland gevestigde burgers aangetref. Reeds sedert 1761 het koloniste uit die Piketberge ingetrek, en hul in Namakwaland kom vestig. Gerrit Cloete het gaan woon op die plaas „De Welkom" in die Kamiesberg.(27) Sy voorbeeld is kort daarna gevolg deur Hendrik Beukes (28) en die twee broers Van den Heever. Laasgenoemdes het plase oor die lengte en breedte van Namakwaland beset. Aan die weskus Renosterfontein, vandag Grootmist; aan die Grootrivier, Kammas, vandag Pella, Klipfontein naby die huidige Steinkopf, Silwerfontein en Tweefontein (29) aan die Boesmanlandse grens, - 'n reeks plase om enige Namakwalander te laat watertand! Hermanus Engelbrecht het weer vir hom op „De Uytkomst" 'n uitkoms kom soek.(30) Nog voor die einde van die agtiende eeu het nog die Van der Westhuizens, die Coetzees, die Van Zyls, die Mosterds en les bes die Van Niekers Namakwaland ingetrek. 'n Paar waaghalse soos Guilluamme Visagie en Pieter Brand het selfs te Zwartfontein, die huidige Keetmanshoop, gewoon.(31)

Saam met die burgers, en somtyds vir hulle vooruit, het die ontslane kompanjie-dienaars as knegte, of jagters, Namakwaland

(27) Wildschuttenboeken. L.M.G. 16, fol. 139.

(28) Wildschuttenboeken. L.M.G. 20, fol. 35.

(29) Alle gegewens aan verskeie Wildschuttenboeken ontleen.

(30) Wildschuttenboeken. L.M.G. 21, fol. 160.

(31) Mossop : Journal of van Reenen, V.R.S., 15 bl. 306.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ingetrek. In baie gevalle was dit mense met 'n lae sedelike peil, en hulle het dus nie geskroom om met die Hottentotte en Boesmans te vermeng nie. 'n Loflike uitsondering hierop was die gewese kneg, Jan Carel Aggenbach. Sy nakomelinge vorm vandag nog een van die vooraanstaande families van Namakwaland.

## -DIE LEWENSOMSTANDIGHEDE VAN DIE NAMAKWALANDER IN DIE 18e EEU.-

'n Beeld van die lewensomstandighede van die agtiende eeuse Namakwalander, sal ons in staat stel om die werklike onderwysbehoeftes van die dae, sowel as die mense se houding teenoor onderwys, te bepaal.

Die Namakwalandse pioniers was veeboere. In die eerste instansie het hulle gelewe van die produkte wat van hul veetroppe afkomstig was, nl. vleis, melk, botter en die kontant wat hul van die s.g. slagterknegs vir hul hamels ontvang het. Voordelig was die veeboerdery seker want plase was goedkoop, arbeid was aanvanklik nog volop, en daarby was daar nog baie onuitgegewe grond waarheen die boer kon trek as die nood druk. Maar maklik was die Namakwalandse veeboerdery geheel en al nie. Daar was die gedurige gevaar van die rooflustige Boesman,(32) die eienaardige klimaatsomstandighede wat seisoenmigrasies noodsaaklik gemaak het, maar daar was veral die oorheersende gevaar dat 'n groot droogte die hele veestapel kon vernietig. Desnieteenstaande het sommige

(32) Sien vorige hoofstuk bls. 19-22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Namakwalanders gou-gou 'n aansienlike veebesit gehad.(33)

Jag het ook seker in die lewe van die eerste pioniers 'n groot rol gespeel. Behalwe die winsgewende olifantjag, was daar die jag op wildsbokke en volstruise. Die Sandveld het heelwat wild gehad, maar in goeie jare was die Boesmanland, die eintlike jagparadys.

Van vroeg af het die Namakwalander al gesaai, nie baie nie maar tog genoeg vir eie gebruik, soos deur die opgaafrolle bewys word. Die eerste boere het nog slawe besit, en dit skyn asof hulle nog betreklik maklik werkvolk gekry het. Eers later het werkvolkskaarste in verband met die saaibedryf 'n akute probleem geword. Dan was daar jare wanneer die oes weens droogte heeltemaal misluk het. So het Campbell in 1813 'n boer aangetref wat 'n vrag koring in die Boland gaan haal het.(34) Die Namakwalander was dus wat sy voedsel betref, feitlik onafhanklik. Sy voorraad in koffie, suiker, rys, ens. kon hy aanvul as hy sy jaarlikse reis na die Boland doen teneinde sy opgaaf en rekognisie te betaal.

Hierdie onafhanklikheid ten opsigte van sy voedsel, het hy ook getoon in die ander benodighede. Wanneer die voorraad kledingstof gedaan raak, dan het die Namakwalander sy eie velklere en velskoene gemaak. Kerse, seep, komberse, ens. het hy leer maak uit die dinge wat die omgewing hom gebied het. Mettertyd

(33) Volgens die opgaafrolle van Stellenbosch in 1800 het die Wed. v.d. Westhuizen en haar seun meer as 4,000 skape alleen.

(34) Campbell : Travels in Southern Africa, bl. 328.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



het hy geleer om klaar te kom sonder dinge wat in 'n ander omgewing as onontbeerlik gevoel is.

Niks egter, weerspieël die primitiewe lewenswyse van die Namakwalander aan die einde van die agtiende eeu beter, as die woningstoestande nie. Die mense het gewoon in wat Barrow beskryf het as "hovels". Meesal het die huis bestaan uit een enkele vertrek. Hierdie kamer is dan tegelyk die eetkamer, slaapkamer, kombuis, voorradekamer. Daar word dan deur almal saam geëet, saam gesels en ook saam geslaap sonder aansien des persoons. Die mure is meesal kleimure, die dak is met riet of rogstrooi gedek. Daar is geen vensters nie, net 'n gat in die muur wat met reenttye deur 'n vel bedek word. Verder kom daar darem genoeg lug in deur die barste in die mure of gate in die rietdak.(35) Hierdie treurige toestand is veral te wyte aan die gedurige rondtrek van die mense, sowel as aan die gebrek aan geskikte hout. Reeds toe het baie van die mense al die voorkeur gaan heg aan die matjieshuise van die Namakwas.(35a) Matjieshuise was net die ware Jakob vir die Namakwalandse trek-lewe en Namakwalandse klimaat. Paterson het selfs 'n boer teë-

(35) Le Vaillant : Reize in de Binnenlanden van Afrika 4, bl. 32. e.v.
Masson : An Account of three Journeys, bl. 280.
Campbell : Travels in Southern Africa, 328.
Missionberichte : Achter Jahresbericht, bl. 84.

(35a) Barrow : Travels into the Interior of Southern Africa, I, bl. 339.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gekom wat eenvoudig onder 'n groot kokerboom gewoon het.(36)

Meubels was daar omtrent nie. 'n Hobbelrige tafel, enige veldstoele, een of meer wakiste (tegelyk bank en kas), 'n houtkatel met velle bespan, verder velle vir matte en beddegoed - dit is omtrent die hele inventaris.(37) Gate is dikwels in die mure gelaat vir muurkassies, en met die bouery is bees- of wildebokhorings dikwels in die mure ingemessel om as hakke vir hoede, klere en geweers te dien.(38)

Tafelgereedskap was netso skaars. Die groot koffieketel ontbreek natuurlik nie, ook nie die erde-kommetjies nie. Vurke is skaars en elkeen word verwag om met sy eie sakmes te eet.(39) Die hoofgereg was natuurlik vleis, maar ook koring en brood was 'n vername voedsel. Melk en botter en heuning was gereeld op tafel. Dat die voedsel bevorderlik was vir die opbou van 'n sterk liggaam word bewys deur Barrow se bewering: "The people too in their persons are equally robust with those of Graaff-Reinet."(40)

Die kleredrag was ook baie eenvoudig. As die voorraad kledingstof gedaan is, moes die mense, veral die mans en seuns, hulle met velklere behelp. Tog, toe Le Vaillant by die Engelbrechts was, is hy aangenaam verras deur die modieuse kle-

(36) Paterson : A Narrative of four Journeys in the Interior of South Africa, bl. 58.

(37) Le Vaillant : Reize in de Binnenlanden van Afr., deel 4, bl. 33.

(38) Nog te sien in 'n baie ou huis op die plaas Nababeep.

(39) Alexander : Excursions in Western Africa I, bl. 49.

(40) Barrow : Travels into the Interior of S.A., I, bl. 343.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ding van die oudste dogter.(41) Opvallend is dit ook dat die weduwee Van der Westhuizen in 1800 die kneg, Christoffel Dreyer, as kleremaker huur.(42) Dit skyn asof, veral in huise waar groot dogters was, die mense glad nie so onverskillig was wat kleding betref, as wat algemeen aangeneem word nie.

Dit spreek vanself dat hierdie primitiewe lewenstoestande die algemene sedelike lewe van die mense beïnvloed het. As ons Le Vaillant as gesaghebbend moet aanvaar dan sal ons bepaald 'n baie donker beeld hê van die Namakwalanders. Hy gee kleurvolle taferele van 'n dronkneshouery waaraan ook die vroue lustig deelneem, van 'n dans-party waar die joligheid somar enige dae aangehou het, van 'n huis waar hy die blanke-kinders nie van die Namakwa-kinders kon onderskei nie. Gelukkig hoef ons Le Vaillant nie orals en altyd te ernstig te beskou nie.(43) Dis dieselfde mense met wie Le Vaillant so saam gedrink het, wat later so hoog geroem is deur die sendelinge Ebner en Albrecht vir hul christelike liefde.(44) Hierdie drinkparty kan ons as bloot 'n geleentheidsgebeurtenis ter syde laat. Tog is dit nie te ontken nie, dat daar wel tekens van 'n sedelike verval te bespeur was. Nie alleen deserteurs en blanke knegs het hulle aan bloed-

(41) Le Vaillant : Reize in de Binnenlanden van Afr., deel 4, bl. 68.

(42) Kaapse Argief : 16/137 Naamlyst der Afgeschrevene Kompagnie Dienaars.

(43) Campbell : Travels in Southern Africa, bl. 330.
Barrow : Travels into the Interior of S.A., I, bl. 317.

(44) Ebner : Reise nach Südafrika und Dorstellung, bl.111.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


vermenging met Hottentotte skuldig gemaak nie,(45) maar ook 'n hele paar blanke koloniste het hul met Hottentotte afgegee.(46)

Hoewel lidmaatskap van die Kerk altyd beskou is as 'n voorvereiste van die huwelik, vind ons dat baie Namakwalanders getrou het, lank voor hul aangeneem is. Talryke kere is die volgende aantekening in die Zwartlandse Huweliksregister te vind langs die name van Namakwalandse lidmate: „Reeds gehuwde echtlieden." So ernstig het die toestand geword dat die Zwartlandse Kerkraad in 1811 in 'n omsendbrief aan die landdroste gevra het om tog nie huwelike in te seën wanneer die persone nog nie lede van die kerk is nie.(47)

Die isolasie is vir nog 'n ongesonde verskynsel verantwoordelik, nl. familiehuwelike. Die Namakwalandse familie Coetzee is hiervan 'n treffende voorbeeld. In 1776 is Johannes Coetzee met sy niggie, Huibrecht Coetzee getroud. Drie van hulle kinders is weer met neefs of niggies getroud.(48) Uit die 22 huwelike wat die kinders van die volgende Namakwalandse pioniers - H. Engelbrecht, C. v.d. Westhuizen, J.A. v.d. Heever, Eduard Mostert - aangegaan het, was tenminste 11 familiehuwelike.(49)

Gemeet aan ons hedendaagse beskawingspeil, kom die le-

(45) Le Vaillant : Reize in de Binnenlanden van Afr., deel 4, bl. 110.

(46) Sien bespreking in Hoofstuk 5 oor die afstamming van die Basters.

(47) Kaapse Kerkargief : Notulen Zwartland 1/2. 12 Mei 1811.

(48) De Villiers : Geslacht-Register der ouden Kaapsche Familien, bl. 157, d. 4.

(49) Gegewens verkry uit De Villiers; Geslagregister.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


wenstandaard van hierdie pioniers ons as bepaald baie laag voor. Maar dit moenie uit die oog verloor word nie, dat die mense in 'n ander eeu en onder ander lewensomstandighede geleef het, anders begaan ons dieselfde fout as Van Imhoff en ander reisigers wat op Afrikaanse toestande 'n Europese standaard wou toepas. Die lewe het aan die agtiende-eeuse pionier ander eise gestel, as aan ons, 200 jaar later. Die man wat gesteld was op die gerriewe, die weelde en die fynheid van 'n stadslewe, sou maar baie aleg gevaar het op 'n stampende ossewa deur droë woestyne en oor hoë berge. Dit was die pionier se werk om die wêreld skoon te maak; daarvoor moes hy gehard en hard wees.

Bowendien was daar sekere verskynsels in die grensboer se lewe, wat meer bemoedigend is. Hoe armoedig die huislike lewe ookal was, die vreemdeling was altyd welkom. Moffat, wat andersins nie te geneig was om van die boere goed te praat nie, sê: "(They) are as a people exceedingly hospitable and kind to strangers"(50) Hoewel gevalle van verbastering voorgekom het, het die deurslag Namakwalander 'n strenge houding teenoor verbastering aangeneem. Baie selde het dit voorgekom dat 'n Baster opgeneem is in die blanke samelewing.(51) Tr.ts die vreeslike afstand van die kerkplekke, het die Namakwalander geheg aan sy Kerk en kerklike tradisies gebly. Dit het selde gebeur dat Na-

(50) Moffat : Missionary Labours, bl. 47. vgl. ook Campbell, (bl. 328), Backhouse, bl. 521. Ebner, bl. 111.

(51) Colenbrander : De Afkomst der Boeren, bl. 121.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



makwalanders mekaar „somar gevat" het; nee, die huwelik moes die sanksie van die staat en Kerk eers verkry. Aan lidmaatskap van die Kerk is so baie waarde geheg, dat die mense alle moeite sou doen om dit te verwerf. Dit was dan ook die pionier se gehegtheid aan sy Kerk en sy Bybel wat hom staande gehou het te midde van die verwilderende invloede om hom.(52)

## -DIE KARAKTER VAN DIE NAMAKWALANDER AAN DIE EINDE VAN DIE AGTIENDE EEU.-

Veral vier faktore het ingewerk op die vorming van die karakter van die Namakwalander, nl. die oorerflike eienskappe wat hy van sy Europese voorvaders ontvang het, die magtige invloed van sy aardrykskundige omgewing (Hoofstuk 1), die pionierslewe, en les bes sy isolasie.

Aan hierdie faktore het die Namakwalander die volgende eienskappe te danke:

Sy godsdienssin. Belangrik is in hierdie verband die spesiale vorm van die godsdiens nl. die Calvinisme. Dr. Nepgen sê in sy boek: „Die Sosiale Gewete van die Afrikaner" : „Die sleutelgedagte van Calvinisme is die erkenning in die lewe van die soewereiniteit van God."(53) Hierdie „sleutelgedagte" van sy godsdiens was die sterkste spoorslag gewees om te volhard in

(52) Nepgen : Die Sosiale Gewete van die Afrikaner, bl. 58.
(53) Nepgen: Op. cit. bl. 75.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



sy stryd teen 'n harde natuur en die wrede Boesman. Uit sy vertroue op sy Albestierder het hy sy lewenskrag geput. Toe hy verplig was om ver weg te gaan woon van kerklike beïnvloeding, het hy twee dinge meegeneem: hierdie Calvinistiese tradisie en sy Bybel.(54) Daarom dat die vermoë om die Bybel te kan lees, een van die vernaamste faktore was in die behoud van sy siel. Daarby het die Bybel, weens sy gebruik by huisgodsdiens 'n groot rol gespeel in die vorming van die Namakwalandse familiegehegtheid, iets wat vandag nog 'n uitstaande kenmerk is.(55)

Ook 'n sterk onafhanklikheidsin het die Namakwalander van sy voorouers geërf. In die woelige lewe op die grense (sien vorige afdeling) is hierdie eienskap versterk. Op die voorposte moes elkeen leer om self sy man te staan. Hier het die Afrikaner geleer om altyd „'n plan te maak." Maar dikwels het hierdie mooi eienskap ontaard in 'n oordrewe individualisme wat so dikwels tot uiting kom in sy gebrek aan samewerking. Reeds in daardie dae was die dwarstrekkery al 'n opvallende karaktertrek van die Namakwalander.(56) Ver verwyderd van alle gesag (57) het hy geleer om sy eie baas te wees, of soos Pells dit uitdruk "They (the pioneers) were a law unto themselves."(58)

(54) Nepgen, Op. cit. bl. 59.

(55) Alheit : Die Familie met spesiale verwysing na die Namakwalandse : Ongepubliseerde M.A. Tesis, Stellenbosch.

(56) Stell. Argief : 10/150. Ink. Br. J.C. v.d. Westhuizen - landdros, 17 Nov. 1799.

(57) Die naaste landdros was te Stellenbosch 300 myl ver.

(58) Pells : The Story of Education in S.A., bl. 12.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Reeds in 1786 kla die Politieke Raad oor „de zugt der ingezeetenen hun eigen meester te zyn."(59)

Eenvoud in leefwyse was altyd 'n kenmerk van die pionier. Die Namakwalanders van ons tydperk was al die tweede geslag van pioniers; hulle vaders was die pioniers van die Piketberg, die Bokkeveld en die Hantam. Die Namakwalander was dus pionier deur en deur, en die isolasie van sy leefwyse sou hom baie lank pionier hou. Gevolglik het hy gou geleer om net met die minimum-behoeftes van die lewe klaar te kom. Eers het hy hom aangepas by die pionierslewe, later het hy heeltemal tevrede geword daarmee, en nog later het sy primitiewe leefwyse 'n tweede natuur by hom geword. Sy belangstelling was later net vir dinge van bloot materiële belang. Die lae lewenstandaard het luiheid en slordigheid in die hand gewerk. Baie mooi en simpatiek het Lichtenstein die nadele van die pioniershewe gesien „In byna bewustelose traagheid van die gees, sonder dade, sonder nuttige uitwerking op 'n wyer mensekring behalwe die klein kring, wat sy eie gesin om hom vorm, deurleef die Afrikaanse kolonis sy eensame dae, en word daardeur wat hy is. Ons mag hom bejammer, maar ons kan hom nie verwyt nie."(60)

Verdere eienskappe word hier net genoem, omdat hul eers later sterker op die voorgrond tree: nl., sy flegmatiese aard, sy

(59) Kaapse Argief : C. 79. Resolutiën Politieke Raad, 19.4.1786

(60) Lichtenstein : Travels in S.A. I, 604, aangehaal in Armblanke-Kommissie Ondersoek I, bl. 104.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



konserwatisme, sy neiging tot isolasie, sy taaiheid.

Hierdie pioniers het seker hul foute gehad, tog is dit treffend dat juis Barrow van hulle getuig : "The present people (in 1797) have much the appearance of being a harmless and honest set of people"(61).

Teen die einde van die agtiende eeu was hierdie lewensverhoudinge al besig om gevorm te word. Die isolasie van die neëntiende eeu sou sorg dat hierdie eienskappe verder vasgroei of ontaard. Hierdie eienskappe het 'n belangrike rol gespeel in die onderwysgeskiedenis van die agtiende en neëntiende eeu in Namakwaland.

(61) Barrow : Travels in Southern Africa I, bl. 341.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

-HOOFSTUK 4.-

## -ONDERWYS IN NAMAKWALAND IN DIE AGTIENDE EEU.-

Uit die voorafgaande beskrywing van die pionier se lewensomstandighede, sou ons al dadelik kon aflei dat daar by hom nie 'n groot behoefte aan onderwys soos ons dit vandag verstaan, was nie. Die pionier moes kon perdry, 'n geweer goed kon hanteer, 'n spoor goed kon volg, weet hoe om met sy ossewa deur woestyne te trek, ens. Die lewe was self sy skool. Tog was daar by elke ouer 'n baie sterk behoefte om sy kinders te laat skoolgaan.

Waaruit spruit hierdie behoefte? Saaklik gestel is die antwoord: Uit die vereistes wat die Kerk gestel het aan diegene wat lede van die Kerk wou word. Lidmaatskap van die Kerk was die doel van die onderwys op die platteland in die negentiende eeu. Vir die jongman of jongedogter was die aanneming een van die betekenisvolste stappe in sy of haar lewe. Vir die seun het aanneming beteken die reg om die velbroek opsy te sit, in grootmense se geselskap toegelaat te word, in die openbaar te rook, maar beste van alles om sy perd op te saal en na sy nôientjie te ry.(1) Vir die dogter het dit die ooreenkomstige voorregte van haar seksie beteken. Die aanneming was dus in die woorde van dr.Lugtenburg : „Die admissie tot beide Kerk en Staat."(2) Hoewel daar gevalle voorgekom het, waar aanneming

(1) Du Plessis : Geschiedenis der Zuid-Afrikaanse Republiek en Van der Afrikaner, bl. 344.

(2) Lugtenburg : Die Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afr. Republiek, bl. 11.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eers na die huwelik plaasgevind het, was die strewe nog altyd om die lidmaatskap te verwerf. Selfs die getroude persone het hard „skool gegaan", teneinde in die eksamen, wat later „Boerematriek" genoem is, te kan slaag. Von Meyer vertel die geval van Susanna v.d. westhuizen, die vrou van Christoffel Dreyer, wat hy in 1840 op Clanwilliam ontmoet het. Sy was toe al oor die sewentig jaar, maar het na Clanwilliam gekom om aangeneem te word, en die Nagmaal te gebruik.(3) Baie nou was dus die verband tussen die pionier se godsdienssin en sy behoefte aan onderwys.

Maar deur die onderwys is ook 'n sosiale doel beoog deur die ouer. Doop en aanneming is noodsaaklik vir die blanke, want daardeur onderskei die blanke hom van die inboorling. Reeds toe was die superioriteitsgevoel van die blanke so sterk gevorm dat hy dit as 'n plig beskou het om homself te handhaaf. Die belangrikheid wat geheg is aan die kerklike gebruike, word bewys deur die gebruik van die woorde „Christen" en „Heyden". Vir die Hottentot was die blankes in die eerste plek „Christenmenschen"; vir die blanke was die Hottentot in die eerste plek „heyden".(4) Daar was dus baie sterk oorwegings wat die ouers genoop het om hul kinders se onderwys nie te verwaarloos nie.

## -DIE LEERSTOF.-

Dit is taamlik moeilik om vas te stel welke vereistes

(3) Von Meyer : Eine Reise im Südafrika, bl. 112.

(4) Terme veelvuldig teëgekom in argiefstukke.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die Kerk verwag het vir aanneming. Dit het seker gevarieer volgens die persoonlike menings van die verskillende predikante. Die Kaapstadse predikante sou seker 'n hoër standaard verwag het as die Zwartlandse predikante - die predikante na wie die Namakwalanders moes gaan vir hul aanneming. Ongelukkig is daar in die „Zwartlandse Kerknotulen" geen inligting in verband hiermee teëgekom nie. Die volgende skrywers gee ons egter inligting omtrent welke kennis van aspirant-lidmate van die Kerk verwag was: Martinius (5), Steenkamp (6), Moorrees (7), Lugtenburg (8), Greyling (9), en Kolbe (aangehaal deur Franken) (10). Daar is geen eenstemmigheid nie, tog maak alle skrywers melding van die volgende vakke: lees, skrif en kennis van die kategismus. Dit sou egter verkeerd wees om te wil aanneem dat persone wat nie kon lees en skryf nie, juis daardeur sou afgewys gewees het. In die Zwartlandse lidmaatregister is dikwels die aantekening teëgekom: „op Belydenis van 't geloof aangeneem". Oor die vaardigheid wat verwag was, sou elke predikant maar seker sy eie standaard gehad het. Te oordeel na die skrif van briewe wat uit Namakwaland na die landdros gestuur is, skyn dit nie asof die predi-

(5) Martinius: Development of Rural Education in South Africa, bl. 13.

(6) Steenkamp: Die Gesk. van blanke onderwys in Natal, bl. 27.

(7) Moorrees: Geskiedenis van die N.G. Kerk in S.A., bl. 78.

(8) Lugtenburg: Die Gesk. van die Onderwys in die S.A.R., bl. 11.

(9) Greyling: Die N.G. Kerk en Armesorg, bl. 12.

(10) Franken: Huisonderwys aan die Kaap, bl. 8.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kante hoë eise aan die skrif gestel het nie. Tog is dit opvallend dat alle briefskrywers en ondertekenaars van stukke soos leningplaasaansoeke self kon teken en nie kruisies gebruik het nie. Selfs die Baster, Gerhardus Engelbrecht, kon sy naam teken. Oor die skrif sal ons weer iets te sê hê, as ons Vergoes se skool behandel.

Nog moeiliker is dit om te bepaal hoe vlot hul moes kon lees om toegelaat te word tot die aanneming. Die Bybel self was die vernaamste, en in baie gevalle seker die enigste, lees- en leerboek gewees. Met veiligheid kan ons aanneem dat die vaardigheid om te kan lees, kans gehad het om te ontwikkel, want die pioniers was getrou in hul huisgodsdiens.

Dit skyn asof die kategismus geleer is deur die voorsê-en-herhaal metode. In 'n brief wat h onderwyser, May, in 1803 skryf aan die Zuid-Afrikaanse Zending Genootschap,(11) vertel hy hou Cornelis Kok die katkisasie-les geleer het. „dan deeze leerde het met nauwer nood gelyk de overige de korte begrip (anders zeer nuttig) met voorzeggen, en naauwelyks en zoo werd hy gedoopt aan de Caab." Uit die onderstreepte woorde „gelyk de overige" lei ons af dat die metode van leer vry algemeen was. Verder skyn dit asof die aanneming in hierdie geval baie maklik was. Ons het egter latere getuienis dat Cornelis Kok wel deeglik kon lees en skryf,(12) sodat May se mening miskien gegrond was op jaloesie teen Kok se meester Andries Cray.

(11) Kaapse Kerkargief : Inkomende Briewe van sendeling en predikante aan Z.A.Z.G.: 1/2.

(12) Borcherds : Bladen uit myn Memoirs, bl. 105.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die onderrig van ander vakke behalwe die behandelde drie, het seker maar afgehang van die bekwaamheid of willekeur van die onderwyser. Baie selde is rekenkunde as vak geleer. Die boerseun het sy rekenkunde maar seker by die veekraal opgedoen. Meesters wat goed kon sing het hul leerlinge seker die psalms laat sing, maar die kinders het ongetwyfeld hul sang by die huisgodsdiens deur die "trial and error" metode verbeter. Ander leerstof wat seker in sommige skole gegee is, is die gebede, waarvan die vernaamste die Onse Vader, die oggend- en aandgebede, tafelgebede ens. was. Daar die kind van die pionier in die meeste gevalle eers op gevorderde leeftyd "skool-toe" gegaan het, is die meeste van die gebede eerder by die ouers geleer as by die onderwyser. Hoewel ons geen getuienis het uit die tydperk nie, kan ons geredelik aanneem dat dit toe al gebeur het dat ouers die kinders vooraf touwys gemaak het in die alfabet, voordat hulle begin skoolgaan het. Ander leerstof het bestaan uit die leer van die Tien Gebooie, die Geloofsartikele en die name van die Bybelboeke, as inleiding tot die moeiliker kategismus.

Indirek het die kerk 'n groot rol gespeel om die volk van ongeletterdheid te weerhou. As die kerk nie aangehou het met die betreklike hoë vereistes te verwag nie, dan sou daar seker vinnig 'n verwaarlosing op onderwysgebied gevolg het. Hoewel die kerk in die meer gevestigde dele van die land, soos b.v. Stellenbosch, Kaapstad, ens. baie gedoen het om die onderwys te bevorder, het dit feitlik niks vir Namakwaland in die 18de eeu kon doen nie. Ook die Staat se rol in die Namakwalandse onderwys van die 18e eeu was maar baie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gering. Gevolglik het alle inisiatief wat onderwys betref by die ouer gelê. In hierdie dae van staatsbeheer oor onderwys is dit moeilik om jou 'n tyd voor te stel toe die ouer alleen die verantwoordelikheid moes dra vir sy kinders se onderwys. Die ouer moes self sy onderwyser gaan huur, hom self salarieer, self vakansietye en skoolure reël. Kortom die ouer was in daardie dae sy eie S.G.O.

## -DIE ONDERWYSERS.-

Vir die Namakwalandse ouer van die agtiende eeu was daar twee soorte van onderwysers te kry. Hy kon by die owerhede van die Kaap verneem, of deur 'n agent laat verneem, of daar onder die Kompanjie-dienaars 'n soldaat of matroos is wat hy as onderwyser kan huur. Mits so 'n soldaat of matroos nie vir 'n dringende werk deur die Kompanjie benodig word nie, kon die boer die soldaat of matroos huur of „lig", (soos die algemene term was.) Hierdie tipe van onderwyser sal in ons verdere bespreking „knegskoolmeesters" genoem word. Die tweede tipe van onderwyser het nie baie van die eerste soort verskil nie. Dit was ook meestal kompanjie-dienaars, maar mense wat hul ontslag uit die diens geneem het. Hulle dra nou die naam van „burger", maar baie van hulle kon nie afsien van hul ou rondswerwende bestaan nie, en het dus die swerwersbestaan van 'n „meester" verkies bo die van 'n vaste boer. Hierdie tipe het in ons onderwysgeskiedenis beroemdheid en berugtheid verwerf onder die naam „Boere-skoolmeesters",

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



of net „meesters".

Ons kennis van die „kneg-skoolmeesters" het ons te danke aan die ondersoek van dr. Franken en dr. Hoge.(13) Vanaf 1692 was dit verpligtend dat 'n geskrewe kontrak opgestel word tussen die huurder van 'n onderwyser en die gehuurde of „geligte" onderwyser.(14) Hierdie kontrakte berus vandag in die Kaapse argief, onder die reeks dokumente genoem Contracten. Die meeste kontrakte is egter tussen boere en knegte, wat vir landboudoeleindes gehuur word. So 'n kontrak is vir 'n jaar aangegaan, maar na 'n jaar se verloop mag dit hernu word, of „gerojeer" (d.w.s. opgesê) word. Die gewone salaris vir die kneg-skoolmeester was 10 gulde, per maand benewens vry inwoning en voedsel.(15) Dit skyn asof kompanjie-dienaars nogal gretiglik gebruik gemaak het van die stelsel. Dit het vir hulle afwisseling besorg van die eentonige lewe in die kaserne, en heel dikwels het dit vir hulle moontlikhede meegebring om hulle posisie te verbeter.

Ten einde vas te stel welke Namakwalandse ouers, onderwysers vir hul kinders gehuur het, is al die kontrakte tussen 1750 en 1795 nagegaan. Die oes was egter maar baie skraal. Gerrit Cloete het die onderwyser George Willem Pruyser vir tien jaar lank gehuur.(16) Josias Engelbrecht het sy kinders laat leer deur die

(13) Huisonderwys aan die Kaap, en Privaat-Skoolmeesters aan die Kaap.

(14) Franken : Huisonderwys aan die Kaap, bl. 2.

(15) Du Toit : Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, bl. 73.

(16) Kaapse Argief : Contracten C.J., 1139:59.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bekwame onderwyser Johan Hendrik Smit.(17) Jacobus Coetzee, die olifantjagter, het die onderwyser Nicolaas Esmarch „gelig".(18), Dirk Coetzee, wie se seuns Namakwaland-toe getrek het, het die onderwyser Lambert Claase gehuur.(19) Daar hierdie skole nog almal in die Piketberg was, en bestaan het voordat die mense na Namakwaland getrek het, sal hul nie verder hier bespreek word nie. Van belang is dit dat die intrekkers in Namakwaland mense was wat of self onderwys ontvang het, of onderwysers gehuur het. Onder die kontrakte is daar geen kontrak tussen 'n Namakwalander en 'n onderwyser nie, maar wel tussen Namakwalanders en knegte. Daar is twee kontrakte tussen die Van der Heevers en knegte, en een tussen Hendrik Beukes en 'n kneg, Nicolaas Vergoes. Daar is sterk moontlikheid dat Vergoes eintlik as onderwyser gehuur is, en nie bloot as kneg nie, daarom sal ons hom in 'n aparte afdeling behandel.

## -NICOLAAS VERGOES, 'N PIONIER-ONDERWYSER IN NAMAKWALAND.-

Hendrik Beukes het in 1768 hom op die plaas Modderfontein in die Kamiesberge kom vestig. Teen 1775 was daar vier of vyf van sy kinders van skoolgaande ouderdom d.w.s. tussen 12 en 20 jaar.(20) Ten einde 'n onderwyser vir hulle te verkry het hy 'n mede-burger Willem Venter las gegee om vir hom 'n onderwyser te

(17) Kaapse Argief : Contracten C.J., 1161:6.

(18) " " " " , 1154:57

(19) Hoge : Privaatskoolmeesters aan die Kaap, bl. 58.

(20) Sien De Villiers : Geslacht-register der oude Kaapsche Familien deel I, bl. 57., (b. 4.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



„lig". Venter het 'n moontlike onderwyser raakgeloop in die persoon van Nicolaas Vergoes, wat reeds by 'n Johannes Mostert in diens was. In die kantoor van die sekretaris van die Politieke Raad is toe die kontrak opgestel tussen „Willem Wouter Venter, last hebbende van de mede burger Hendrik Beukes, en den matroos Nicolaas Vergoes". Laasgenoemde onderneem „omme hem Beukes voor den tyd van een geheel jaar trouw en naarstig te dienen als knecht ~~(te dienen)~~ en tot wat reedelyke diensten hem verder mogte benoodigen, maandelyks omme voor de somme van vyftien guldens (21) indische valuatie boven en behalven het onderhoud van spyse drank en goede huisvesting."(22) Onderaan het Vergoes in 'n netjiese handskrif sy naam geteken. Sy handskrif vergelyk somar baie goed met ander knegte s'n, wat as onderwysers gehuur is.

Voordat ons verder gaan, wil ons graag die redes aangee waarom ons die mening toegedaan is dat Vergoes as onderwyser gehuur is, en nie as „knecht" soos in die kontrak beskrywe is nie. Daar is vireers die sterk moontlikheid dat Beukes toe 'n onderwyser vir sy jonger kinders nodig gehad het. Dit staan hom seker vry om onder „en tot wat reedelyke diensten" ook die onderwys aan sy kinders in te sluit. Tweedens, dit het baie dikwels gebeur dat persone knegte huur, met die doel om hulle ook as onderwysers te gebruik.(23) Hierdie omstandighede spruit uit 'n bepaling

(21) Vergoes het dus meer as die gewone loon gekry.

(22) Kaapse Argief : Contracten C.J., 1158:42.

(23) Hoge : Privaat Skoolmeesters aan die Kaap, bl. 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wat in 1714 vir die eerste maal ingevoer is, nl. dat elke „geligte" onderwyser eers deur 'n Kerkraad goedgekeur moes word. In 1743 is die bepaling hernu nadat Van Imhoff gewys het op die gevaar van slegte onderwysers. In 1769 is die bepaling weer afgekondig, omdat daar juis in daardie jaar 'n geval voorgekom het waar 'n onderwyser valse leerstellings verkondig het.(24) Baie boere het toe eenvoudig om die moeite van 'n kerkraadsondersoek te vermy, hulle onderwysers as knegte gehuur, en onder die „redelyke diensten", veral onderwys verstaan. Juis in Vergoes se geval, sou werkgewer en werknemer so 'n ondersoek wou vermy het, want Vergoes se vader was 'n Mennoniet ('n Doopgesinde) (24 a) en dis heel moontlik dat hy in sy vader se geloof opgegroei het. Derdens grond ons ons vermoede op die mooi handskrif van Vergoes, wat so gunstig afsteek by so baie onderwysers s'n. Al het Beukes hom nie oorspronklik gehuur as onderwyser nie, sou hy en ander hom in die afgeleë Namakwaland graag wou ingespan het om hul kinders te leer. Maar as 'n laaste oorweging, noem ons die bestaan van 'n skoonskrifboek met die jaartal 1787 op een van die bladsye, en deur die skrywer in Namakwaland ontdek. Twee van die leerlinge wat stukkies in die boek geskryf het, is die twee dogters van Nicolaas Vergoes, volgens die onderskrifte. (25) Die ander leerling van wie ook enige skryfproewe bestaan, is Gerrit Aggenbach, 'n neef van Vergoes.

(24) Du Toit : op. cit., bls. 154, 159, e.v.

(24 a) Werner Schmidt : Der Kulturanteil der Deutschen am Aufbau des Südafrikanischen Volkes, bl. 151.

(25) De Villiers : Geslacht register der oude Kaapsche Familien. Sien familie Vergoes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Dit is tog hoogs waarskynlik dat die aanwesigheid van sy kinders in die skool daarop kon dui dat Vergoes die onderwyser was. Na hierdie afwyking kan ons die verdere geskiedenis van ons eerste Namakwalandse onderwyser nagaan.

Nicolaas Vergoes is in 1731 te Altona in Noord-Duitsland gebore. In 1761 het hy as matroos na die Kaap in die diens van die Kompanjie vertrek.(26) In 1772 is hy deur Johannes Mostert as kneg gehuur by wie hy tot 1774 gebly het.(27) Op 26 Mei 1775 het hy toe in diens van Beukes getree, maar hy het gou-gou verhoogde status gekry, want in Julie van dieselfde jaar is hy met een van Beukes se dogters getroud.(28) Gevolglik is die kontrak nog voor die huurtyd verstreke was, gerojeer. Die volgende jaar het Vergoes sy burgerpapiere aangevra en ook sy burgerreg verkry.(29) Maar dit skyn nie of Vergoes gaan boer het nie, want geen leningsplaas op sy naam is aangetref nie. Hy was seker enige jare nog kneg-skoolmeester by die Beukesse, moontlik ook by ander Namakwalandse families.

In 1787 in elk geval was hy soos die „skoonskrifboek" te kenne gee onderwyser by sy swaer Jan Carel Aggenbach.(30) Ag-

(26) Werner Schmidt : Kulturanteil der Deutschen am Aufbau, ens., bl. 151.

(27) Kaapse Argief : Contracten C.J., 1153:3.

(28) Zwartlandse Trouwregister in Kaapse Kerkargief. Jaar 1775.

(29) Leibbrandts : Requesten - (1715-1806)

(30) 'n Kontrak is nou onnodig, want Vergoes is 'n vryburger in 1787.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


genbach had drie kinders van skoolgaande ouderdom, terwyl Vergoes se dogters omtrent tien of twaalf jaar oud was. Die jonkheid van die leerlinge laat ons vermoed dat hierdie skool nie die gewone aannemingsskool was nie. Al wat ons definitief weet van die skool, is die skrifonderrig, wat seker baie deeglik was te oordeel na die mooi skrifproewe. Veral Anna Vergoes het 'n mooi handskrif geskryf. Baie interessant is veral die inhoud van die skrifproewe. Dit bestaan ~~veral~~ uit mooi en nuttige stelreëls wat Vergoes aan sy leerlinge gegee het om oor te skryf. 'n Hele paar is van godsdienstige aard soos:

„Met u gemoet na boven ziet
Agt al de aardsche dingen niet."

„Ach, hoe is de mensch verblind
Die alleen zÿn vleesch bemind,
Die de zotte waerelt kiest,
En zyn waerde ziel verliest"

Goeie raad is vervat in die volgende:

„En zegt niet alles wat gÿ weet,
Nog gelooft niet wat elk wyt meet"

„Hy is van geest en wysheyt net
Die altyd op het eynde let."

Vol opvoedkundige waarheid, nogal in die dae toe die beste latswaaier as model van die onderwysprofessie gereken is, is die volgende:

„Het leren word niet ingedrongen,
De lust moet wezen in den jongen."

Ons wil vertrou dat die mooi sedelesse wat Vergoes deur sy skrif aan die jong Namakwalanders geleer het, derem in vrugbare aarde geval het. Een van hulle, nl. J.H. Aggenbach, het die late-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



re veldkornet van Namakwaland geword. By die lees van die briewe wat hy as veldkornet Tulbagh-toe gestuur het, kom die gedagte onwillekeurig by 'n mens op: „Dis Vergoes wat hierdie man in staat gestel het om Namakwaland as veldkornet te dien." Hoelank Vergoes nog in Namakwaland was, weet ons nie, maar volgens die opgaafrollen is hy in 1800 by J.G. Louw, die veldkommandant van die noorde. Volgens genoemde opgaafrollen, het hy toe net 'n perd besit. Sou dit 'n aanduiding wees dat ons pioniersonderwyser na so 'n lang swerwersloopbaan, tog nog doodarm was? Laat ons vertrou dat dit tog nie so sleg in sy lewe gegaan het nie, en dat die stelreël wat sy leerlinge moes neerskryf, ook op sy eie lewe van toepassing was, nl. die volgende:-

„Die daar een ambagt heeft geleerd
Die heeft ter nood waar hy op teerd,
Geen ambagt zoo gering men doet
Dat niet zyn eigen meester voedt."

-ANDER MEESTERS.-

Behalwe die kontrak tussen Beukes en Vergoes, bestaan daar nog twee kontrakte tussen J.A. v.d. Heever en die knegte Volkert ~~(31)~~ Schoemager (31) en Matthys Model.(32) Eersgenoemde se handskrif is egter so ellendig swak dat dit sterk te betwyfel is of hy ooit probeer onderwys gee het. Model het heelwat beter geskryf, en daar bestaan 'n skrale moontlikheid dat hy onderwys gegee het. Albei van hulle het maar losbandig gelewe, en sou nie hul wilde lewe

(31) Contracten C.J., 1158:24.

(32) " C.J., 1162:15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wou verruil vir die eentonige lewe van die onderwyser nie. By By Cornelis v.d. westhuizen was wel 'n onderwyser van wie ons maar indirek hoor, selfs nie eens sy naam nie. Hy het op 'n tragiese wyse sy lewe ingeskiet. 'n Tier is een nag in 'n slagyster gevang, en toe Van der Westhuizen en die meester die tier van die gras wou maak, is albei so toegetakel dat hulle aan hul wonde beswyk het.(33) Op nog tragieser manier het 'n ander kneg van die weduwee Van der Westhuizen om die lewe gekom. Dit was Hendrik Stiebert wat in 1799 deur die Boesmans te Soebatsfontein op gruwelike wyse vermoor is, tenspyte van sy gesoebat. Volledigheidshalwe noem ons nog Johannes Schreuder, 'n kneg by Gerrit Victor, en Jurgen Rygerd, 'n ander kneg van J.A. v.d. Heever.(34)

Dan kom ons by ons tweede klas van onderwyser, die <u>boereskoolmeesters</u>. Hulle was feitlik almal ontslane kompanjie-dienaars of deserteurs uit die leërof vloot. Hulle vorige rustelose lewe het hulle in hul swerwersbestaan as meester behou.

Die kommando-lyste van die Namakwalandse veldkornette is nagegaan om die meesters se name uit te snuffel. Ongelukkig het die veldkornet maar heel selde bygevoeg, wanneer 'n persoon 'n onderwyser is, selfs in gevalle waar ons uit ander bronne vernneem dat so 'n persoon wel onderwys gegee het. Dit spruit seker uit die omstandigheid dat die onderwyser eerder as kneg op die plaas beskou is, en dat sy onderwys gee maar van toevallige aard was, wan-

(33) Ebner : <u>Eine Reise in Südafrike und Darstellung</u> ens., bl. 159.

(34) Kaapse Argief : 16/137, Stellenbosch Afgeschrevene Kompanjie Dienaars, 1800.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


neer een of meer kinders voorberei moes word vir die aanneming. 'n Aanduiding van wie sulke meesters was, is te vind in een van die kommando-lyste tussen 1799 en 1806.(35) Die lys bestaan uit vier groepe. Onder groep vier val die volgende: "Coenraad Willem Behrens, Andries Cray, Jurie Miggel, George Daniel Bok, Christoffel Breyer, Floris Smit, nog een schoolmeester mey, Matthys Moodel heeft de beroerte."

Van drie van bostaande weet ons dat hul onderwys gegee het t.w. May (soos blyk uit b.s.), Bok (wie se onderwyswerk in 'n later hoofstuk volg) en Andries Cray (volgens 'n brief van May(36)) Die ander vyf was almal afgeskrewe kompanjie-dienaars. Is die groepering van die vyf saam met die ander onderwysers nie 'n aanduiding dat die vyf ook onderwys gegee het nie? En die woorde „nog een schoolmeester", skyn die indruk te versterk. Hoe dit ook al sy, in Namakwaland was daar teen die einde van die 18e eeu genoeg onderwysers, of mense wat onderwys kon gee, om in die behoefte te voorsien. In 1787 woon daar maar omtrent tien families met sowat 35 kinders tussen 8 en 20 jaar. Vergoes sou hul alleen kon behartig het. Teen 1800 het 'n hele paar families bygekom, sodat daar nou omtrent 45 leerlinge is, behalwe die Basterkinders van die Cloetes en Beukesse. Vir hierdie getal leerlinge was daar seker genoeg meesters. 'n Mens twyfel egter of die onderwys altyd so doeltreffend was.

---

(35) Stellenbosch Argief : 16/122. Ongelukkig is die lys ongedateerd. Hoewel die veldkornet die spellings Mey & Bok volg, het die betrokke persone self MAY & Bock geskryf.

(36) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van Zuid-Afrikaanse Zending Genootskap. 1/2 deur J.C.L. May, 22 Aug. 1803.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Oor die meesters May en Bok sal ons later weer praat; hier wil ons effens stilstaan by Andries Craÿ. Hy moes 'n baie interessante figuur gewees het. Vandag nog ken die oudste Namakwalanders staaltjies omtrent hom en veral omtrent sy liefde vir 'n sopie. Reeds is gesien hoe May, sy mede-onderwyser, nie 'n baie hoë dunk van „den zoo zeer bekenden schoolmeester Craÿ" gehad het nie. Tog moes hy 'n imponerende persoon gewees het, want in 1797 beklee hy die „veldwagmeesters baantjie." As sulks was hy glad nie 'n sukses nie, soos blyk uit 'n brief (~~37~~) waarin J.A. v.d. Heever hom van papbroekigheid beskuldig.(37) Craÿ se rol in die Hottentotopstand was ook nie te vleiend nie. As onderwyser was hy 'n tydlang by „De Beukesse." Ook Cornelis Kok het by hom skoolgegaan. Later tref ons vir Craÿ in die Knegsvlakte aan, waar enige Duitse sendelinge hom ontmoet. Hy kon nogal baie godsdienstig praat, maar was baie teen die sendelinge gekant, omdat een van hulle oorsaak was dat hy as Veldwagmeester ontslaan is.(38) In 1839 is Craÿ volgens berigte deur die landdros te Clanwilliam ontvang, een van die wat na Port Natal sou trek.(39) Die oudste Namakwalanders bevestig ook hierdie berig, maar geen verder spoor van hom is gevind nie. Netsoos Vergoes was hy 'n gebore Duitser. Dit is ook interessant om te weet dat hy met die oudste dogter van Vergoes getroud is.

---

(37) Stellenbosch Argief : 1a/150. Ink. Br., J.A. v.d. Heever - A. Krasy, 7 Julie 1797.

(38) Missionsberichte, Fünfter Bericht, bl. 66.

(39) C.O. Lett. Rec., 866 Worcester, fol. 138.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Dit is opmerklik hoe baie van die knegte en onderwysers Duitsers was. Behalwe Vergoes en Cray, het ook Aggenbach, Eyman, Dreyer, May, Behrens, Model, Schoemager uit Duitsland gekom.

Gewoonlik is die oordeel wat uitgespreek is oor die plattelandse onderwysers van die agtiende eeu baie ongunstig.(40) Daar steek seker baie waarheid in hierdie oordeelvelling. As gewese matrose en soldate het hulle behoort aan 'n klas wat aan 'n ruwe lewe gewoond was. Dit was nietemin hoog tyd dat daar ook op die verdienstelike van hul ondankbare werk gewys is, soos dr. Hoge en dr. Franken gedoen het. In die dae toe die Kerk en Staat maar min gedoen het aan die onderwys van die grensdistrikte, het die arme drommels van meesters van die een plaas na die ander geswerf om die mense die enigste bietjie onontbeerlike onderwys by te bring.

## -DIE AANDEEL VAN KERK EN STAAT AAN PLATTELANDSE ONDERWYS IN DIE 18e EEU.-

Op b.s. kwessie het dr. P.S. du Toit baie volledig ingegaan.(41) Reeds in 1743 het Van Imhoff die aandag gevestig op die verwaarloosde toestand van die binneland. Die gevolg van sy onthullings was die stigting van twee nuwe kerkplase en gemeentes, nl. Roodezand (1743) en Zwartland (1745). Die noordelike dele van die kolonie was 'n teorie deel van die gemeente Roode-

(40) Malherbe : Education in S.A. 1652-1920, bl. 36.
Moorrees : Die Geskiedenis van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, bl. 338.

(41) Du Toit : Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, Hoofst.XX.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



zand, maar in die praktyk het die Namakwalanders, Zwartland as hul kerkplek beskou.(42) Die stigting van die nuwe gemeentes het wel verbetering beteken vir die onmiddellike omgewing van die kerkplekke, maar vir die afgeleë distrikte vir wie die stigtings eintlik bedoel was, het dit nie baie gehelp nie. Vir die Namakwalander wat 300 myl na die Kaap moes kom, is die feit dat Zwartland 40 myl nader lê nie van danige hulp nie.

Van Cloppenburg se aanbeveling sou die platteland baie meer gebaat het, maar geldtekort, die kroniese kwaal van die „edele Compagnie", het die plan nie verder as bespreking gevoer nie. Die idee was dat in plaas van drie predikante in Kaapstad, daar net een sou wees, terwyl vier reisende predikante en twee sieketroosters die platteland sou bereis.(43) Behalwe die geldtekort, is dit egter ook te betwyfel of die kompanjie in daardie tyd predikante sou gekry het, wat die ontberings van die buitedistrikte sou wou trotseer het. Die predikante van die 18e eeu maak glad nie 'n danige gunstige indruk nie.(44) Self Huisbesoek was nog baie afgeskeep, soos bewys word deur die verwaarloosde toestand van Simonstad in 1804,(45) en dit nogal net 'n hanetreetjie van Kaapstad se drie predikante.

---

(42) Smit : Die Kerkbode, 31 Maart 1937.

(43) Du Toit : Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, bl. 176.

(44) Nepgen : Die Sosiale Gewete van die Afrikaner, bl. 60.

(45) Van der Merve, J.P. : Die Kaap onder die Batawafse Republiek, bl. 198.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die Politieke Raad het die slegte onderwystoestande in 1786 en in 1792 weer bespreek, en koshuise as oplossing vir die probleem aan die hand gegee. Die Skolarge en landdroste is ook in die saak geken, maar hulle rapport oor die saak was ontmoedigend.(46) So het die eeu ten einde geloop, sonder dat iets gedoen is deur die Kerk of Staat.

Daarom het ons desteneer rede om dankbaar te wees vir wat die veragte "vagabond" meesters verrig het. Soos tevore gesê, moes die Bybel die gemis aan kerklike bearbeiding vergoed. Gevolglik was die Bybel, in die woorde van dr. Keet, „die laaste skans wat ons volk beskerm het teen 'n volslae ongeletterde barbarisme."(47) Daarom is die werk van die onderwyser, die man wat die pioniers geleer het om te lees, so belangrik. Dis hulle wat in die agtiende eeu die sleutel-posisie gehad het in die Afrikaner se stryd om selfbehoud.

Die belangrike rol wat die Namakwalandse ouer gespeel het in die onderwys het ook die houding van die mense teenoor onderwyskontrole beïnvloed. Deur bittere ondervinding het die mense geleer om ook wat onderwys betref, selfstandig te wees. Later toe staatskontrole begin, kon hulle dit nie begryp nie, en het in verset daarteen gekom. Selfs so onlangs as 1929 het die houding te voorskyn getree. Vererg oor die staat se inmenging in die diamantekwessie, het 'n klompie Namakwalanders die Richtersveld inge-

(46) Du Toit : Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, bl. 260 e.v.

(47) Aangehaal in Nepgen : Die Sosiale Gewete van die Afrikaner, bl. 159.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


trek. Daar het hulle toe 'n eie skool gestig met 'n gewese Std.VI leerling as hul onderwyser, want met die staat was hulle klaar.(48)

Maar om op te som: Die onderwysbehoeftes van die Namakwalandse pionier was betreklik gering, en daarin het die ouer en die meesters doeltreffend voorsien. Ons sluit af met die volgende toepaslike woorde van dr. A.G. Malherbe: „En daardie tipe van opleiding, ofskoon dit nie geleerdheid meegebring het nie, het uitstekend in die behoeftes van daardie dae voorsien (feitlik beter as wat ons moderne onderwys in die behoeftes van vandag voorsien); dit het pioniers voortgebring - mense wat nie alleen die weg vir die beskawing gebaan het nie, maar wat ook die brandende fakkel van die blanke beskawing van geslag tot geslag oorhandig het."(49)

---

(48) Inligting verskaf deur ds. L.E. du Toit nou op Prince-Albert, maar destyds hulpprediker in Namakwaland.

(49) Malherbe : Die Armblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika, deel III, bl. 18.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -HOOFSTUK 5.-

### -DIE OORLAMS EN DIE BASTERS.-

Behalwe die blankes, het daar teen die einde van die agtiende eeu ander intrekkers na Namakwaland gekom, nl. die Oorlams-Hottentotte en die Basters. In 'n groot mate is die huidige kleurlinge in Namakwaland die afstammelinge van hierdie nuwe intrekkers. Die ou Namakwa is óf uitgedruk na Suidwes óf so geabsorbeer in die nuwe elemente dat hulle as aparte ras feitlik nie meer bestaan nie.(1) Die nuwe intrekkers was deur hul kontak met en gedeeltelike afstamming van die blankes baie vatbaarder vir die beskawingsinvloed van die sendelinge as die oorspronklike inwoners. Veral hul kennis van en gebruik van Hollands as taal het die werk van die sendelinge aansienlik aangehelp. Uit hierdie twee groepe het die sendelinge hulle eerste tolke en onderwysers gekies. Hierdie intrekkers het die meerderwaardigheid van die blanke erken in hul poging om die blankes in alles na te aap. Hulle het blankes se klere begin dra, en het veral die blankes se wapens begin aanskaf. Onder hulle het die blanke sendeling, as lid van die blanke ras, baie meer agting geniet as by die Namakwas.

Uit hierdie oorwegings, is dit nodig dat ons die oorsprong, geskiedenis en karakter van hierdie mense in hooftrekke nagaan.

---

(1) 'n Paar honderd Namakwas leef vandag nog in die afgesonderde Richtersveld. Maar hulle is ook reeds vinnig besig om te denasionaliseer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -DIE OORLAMSTAMME.-

Die Oorlams het hulle naam gekry deurdat hulle weens hul aanraking met die blankes slimmer en meer bedrewe was as die baar Hottentotte. Wat die uiterlike betref, het hulle die blankes se beskawing oorgeneem. Maar die jakkals verander van vel, en nie van nukke nie, sê die spreekwoord. Die aangebore Hottentot-aard sou nie so maklik uitsterf nie. Inteendeel, die besit van die blankes se wapens, het hulle in staat gestel om aan hul ou roofsug die volle teuels te gee. Rooftogte kon nou baie doeltreffender uitgevoer word, want 'n perdekommando kon die niksvermoedende Namakwas en Hereros baie vinnig oorval, kaal plunder, en ook vinnig padgee voordat die vyand kon terugslaan. Daarom ook dat die besit van 'n geweer en 'n perd die grootste ideaal van 'n Oorlam was; daarvoor sou hy sy hele veestapel verruil. Die vermindering of verdwyning van sy veestapel het hom nie baie gehinder nie, want die ander het mos nog baie.

Teen die einde van die agtiende eeu het die volgende Oorlamstamme in, of naby, Namakwaland gewoon:-

Die Witbooi's onder Cupido Witbooi.
Die Afrikaners onder Jager Afrikaner.
Die Booys-stam onder Jan Boois.
Die Grikwas onder Adam Kok.

Hierdie stamme het om verskillende redes uit die meer gevestigde dele van die Kolonie padgegee. Deels was hul uittog 'n poging om te ontsnap aan die verpligte kommandodiens in die kolonie; deels was dit 'n gevolg van hul vryheidsdrang om terminste

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


elders hulle eie baas te wees. In sommige gevalle het 'n slegte gewete die padgee verhaas.(2)

Die Witboois het hul voorlopig in die noordelike deel tussen Steinkopf en Pella gaan vestig. Jager Afrikaner het met sy stam na die moord op 'n burger, Pieter Pienaar,(3) uit die Hantam na 'n eiland in die Grootrivier gevlug. Vandaar het hy aanvalle op ander stamme en die blankes geloods en nog 'n paar moorde op sy kerfstok geplaas.(4) Later het die wêreld vir hom daar te nou geword weens blanke en Basterkommando's teen hom, sodat hy deur die rivier trek en hom te Afrikanerkraal, vandag die plaas Jerusalem, gaan vestig.

Kobus Booi (of Booys) was oorspronklik 'n lid van Afrikaner se bende, maar het van die Goeverneur Younge die plaas Klipfontein in Suidwes gekry.(5) Klipfontein het later die beroemde stasie van die sendeling Schmelen geword.

Die vierde stam, die Grikwas, vereis 'n breë bespreking, veral weens die rol van hul kapteins, die Koks. Vroeër dae het daar in die distrikte Piketberg en Van Rhynsdorp die Klein- en die Groot-Gariqriquas gewoon. Met die koms van die blankes het baie van hulle in die diens van blankes gegaan, en daardeur baie van die blankes oorgeneem. 'n Klein mate van blanke bloed het in

(2) Dr. Vedder : Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 198.
(3) Franken : Die Duminy Dagboeke; V.R.S. 19, bl. 216.
(4) Dr. Vedder : Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 216.
(5) Theal : History of S.A., 1795 - 1828, bl. 58.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


hul are gekom veral vanweë blanke knegte en deserteurs wat hul met Hottentotmeide afgegee het. Maar talryk veral was die gedroste slawe wat onder hulle in die dorre Knegsvlakte 'n veilige wegsteekplek gevind het.(6)

Maar deur die indringing van die blankes is die vroeëre stameenheid vernietig. Dit is aan 'n vroeëre slaaf, Adam Kok, te danke dat die verspreide groepe weer min of meer 'n eenheid geword het. Adam Kok het deur noeste vlyt sy vryheid van sy baas, H. Laubscher, afgekoop, en hom in die Piketbergse distrik op die plaas Stinkfontein as selfstandige boer gaan vestig. Teen 1771 het hy egter Stinkfontein verlaat(7) en het hom aan Grootrivier gevestig, waar hy en sy twee seuns Cornelis en Salomon Kok, as grootwildjagters regeer het. Hier het hy daarin geslaag om die verspreide Grikwas van orals te versamel. Teen hierdie tyd was daar ook 'n lae tipe van blanke avonturiers en jagters aan die Grootrivier wat geredelik met die Oorlams en Hottentotte verbaster het. Die Basters het óf by Kok, óf by 'n Basterkaptein, Barend Barends, wat toe ook aan Grootrivier was, aangesluit.(8) Maar dit was veral die seun, Cornelis Kok, wat roem aan die naam Kok gebring het. Hy was nie alleen 'n grootwildjagter van naam nie,(9) maar ook 'n bekwame boer. Teen 1795 het hy van Grootrivier af na Namakwaland teruggetrek,(10) en die waterryke plaas Olyvenfontein van 'n blanke

(6) Blouboek : U.G. 41/26. Die Rehoboth Basters, bl. 9.
(7) Kaapse Argief : Wildschuttenboek, L.M.G. 21, folio 196.
(8) Transactions of the Missionary Society, Vol. III, bl. 12.
(9) Lichtenstein : Travels in South Africa, deel 2, V.R.S. 11, bl. 316.
(10) Die grens was toe nog die Buffelsrivier.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gekoop. Binnekort het hy ook die waardevolle plase, Grootvlei, Silwerfontein en Tweefontein besit.(11) Hy het feitlik die posisie gehad van veldkornet oor die Basters en Hottentotte. Die Namakwalandse veldwagmeester, J.C. v.d. westhuizen erken in 1799: „Kok is my een groot hulp geweest."(12) Maar bowe-al was C. Kok die groot steunpilaar van die pioniers-sendelinge in Klein- en Groot-Namakwaland. Die plase Olyvenfontein en Silwerfontein het 'n heerlike klank gehad in die ore van menig moedelose sendeling. Vandaar is hulle gehelp met voorspanne om hul teen die Kamiesberge uit te help, of oor die droë Boesmanland te trek.(13) Daar het die sendelinge hulle vleisvoorraad en koringvoorraad teen baie billike terme kon aanvul.

Intussen het Cornelis Kok se seuns aan Grootrivier,(14) gewoon. Teen 1814 het Cornelis Kok hom by hulle aangesluit en deurgetrek na Grikwaland wes. Tog wil die tradisie dat Cornelis Kok later teruggekeer het na Namakwaland waar hy in 1823 oorlede is.(15)

Ons kan aanneem dat onder die oorlams die behoefte aan onderwys reeds bestaan het. In baie blanke huisgesinne het die goeie gewoonte al bestaan dat die slawe en ander bediendes ook die

(11) Worcester Argief : 12/50. Ink. Br. 1809 - 1814.

(12) Stellenbosch Argief : 10/151, Ink. Briewe. J.C. v.d. westhuizen - landdros, 4 Jan. 1799.

(13) Ebner : Eine Reise in Südafrika und Darstellung u.s.w., bl.94.

(14) Naby die huidige Alheit.

(15) Thompson : Travels and Adventure in Southern Africa, deel I, bl. 139.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huisgodsdiens bywoon.(16) Hierdeur is by baie van hulle seker al die behoefte om te kan lees, gekweek. Ook hierin het Cornelis Kok 'n goeie voorbeeld gestel. Hy het vir hom die meester, Andries Cray, gehuur. Laasgenoemde het hom die kategismus geleer, asook om te lees en te skrywe.(17) Daarop is Kok en een van sy seuns aan die Kaap deur 'n Engelse predikant gedoop.(18) Sy vermoë om te kon lees en skryf het hom in staat gestel om vir sy stam baie te beteken. In 1811 het eerw. Thom namens die Londense Sendinggenootskap aan Kok 'n klompie boekies as blyke van erkentlikheid geskenk.(19)

-DIE BASTERS.-

Vir die Afrikaner wat die huidige kleurlingreserwes in Namakwaland besoek, wag daar ontstellende ontnugterings. Die eerste skok kry hy wanneer hy sien hoe besonder wit die mense is; die tweede skok is nog erger: die kleurlinge dra tipiese Boerevanne soos Cloete, Engelbrecht, Basson, Beukes, Bezuidenhout, Brand, Coetzee, De Klerk, Brits, Smit, Van den Heever, ens. Dit word vertel van 'n sendeling wat op een van die reserwes op huisbesoek was, en na 'n tydjie die volgende aanmerking gemaak het: „Ek het nou al feitlik alle Afrikaanse vanne teëgekom, behalwe my eie." Maar by die volgende matjieshuis word hy deur sy ouderling voorgestel aan 'n kleurling wat ook sy van dra. Dadelik ontstaan die vraag: Hoe het

(16) Lichtenstein : Travels in Southern Africa, deel 2, bl. 303.
(17) Sien elders, hoofstuk 4, bl. 68.
(18) Transactions of the Missionary Society, deel II, bl. 32.
(19) Transactions of the Missionary Society, deel 4, bl. 51.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die Namakwalandse Basterbevolking ontstaan en met welke reg dra die Basters die vanne van Afrikaners? Ongelukkig is daar in Suid-Afrika geen diepgaande en wetenskaplike studie van hierdie vraagstuk gedoen nie, behalwe Eugene Fischer se werk oor die Rehoboth Basters. Dit is natuurlik 'n baie netelige kwessie vir die Afrikaner, tog sal 'n volstruispolitiek in hierdie saak ons niks nader aan 'n oplossing bring nie. Met 'n eerlike en openhartige benadering van die Baster-probleem - een van die moeilikste in ons land - sal vir ons die rigting aanwys vir die oplossing. Laat ons die kwessie van die Baster vierkantig in die oë kyk.

-DIE AFSTAMMING VAN DIE BASTERS.-

Die gevolgtrekking waartoe Fischer kom, is: „Von Vaterseite her stammen die Bastarde von Europäern ab."(20) Wanneer Fischer die stamregisters van die Basters, soos deur die Basters self aan hom verstrek, vergelyk met die stamregisters van die ou blanke families „so komme ich fast immer zu gegebener zeit auf einen Bauern, wie tatsächlich ein Mann des betreffenden Namens - ahtenmässig nachweisbar - gelebt hat."(21) Daar is egter een swakheid in Fischer se metode. Hy grond sy gevolgtrekking op wat die Basters self meegedeel het. Ons weet hoe baie sterk die begeerte by hulle was, en is, om so na as moontlik aan die blanke te kom. Kan 'n mens onder die omstandighede honderd persent peil trek op die Baster se vertolkings

(20) Fischer : Die Rehoboth Bastarde u.s.w., bl. 45.

(21) Op. cit., bl. 23.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Dieselfde beswaar geld ook vir die getuienisse van sendelinge, sendingreisigers en ander reisigers wat feitlik eenparig is in hul oordeel dat die "Boors" verantwoordelik gehou moet word vir die ontstaan van die ras.(22) Ons volstaan met die getuienis van Lichtenstein en Anthing, 'n Namakwalandse Magistraat uit 1861.

"Most of them (Basters langs Grootrivier in 1804) are Bastard Hottentots descended in part from old Christian families."(23)

"They (die Basters van die reserwes) are descended from white men (colonists) and Namaqua women."(24)

Maar afgesien van al hierdie getuienisse, is daar nog ander bronne, waarvan die onpartydigheid nie betwis kan word nie. Hierdie bronne is die trou- en doopregisters van die ou gemeentes, en die ou kommandolyste van die ou veldkornette. Wat Namakwaland betref, is die Zwartlandse registers(25) veral van belang. Herhaaldelik is in die registers gevalle teëgekom waar „Bastaart Hottentotten" met tipiese Hollandse vanne gedoop, of in die huwelik bevestig is. Die Zwartlandse Doopboek besit selfs 'n spesiale afdeling nl. „Gedoopte Bastaarts 1752 - 1769."

---

(22) Buchner : Allgemeine missionszeitschrift 1894.
Schreiber : Missions Berichte, Juli 1895, bl. 18.
Arbousset and Dumas : Narrative of an Exploratory Tour, bl. 28.
Moffat : A Journey from Colesberg to Steinkopf, bl. 12.
Schultze : Aus Namaland und Kalihari, bl. 118.

(23) Lichtenstein : Travels in Southern Africa, V.R.S. 11, deel 2,

(24) Namaqualand Letters : L. Anthing - Koloniale Sekretaris, 4 April 1861.

(25) Berustende in die Kaapse Kerkargief.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Net so duidelik blyk die bestaan van Basters met Boerevanne uit die kommandolyste. Dikwels word aangevoer dat die Basters nie geregtig is op die blankes se vanne nie; hulle (as Hottentotte) het maar die vanne van hul base aangeneem. Maar in hierdie lyste uit die jare 1799 - 1815 sou die veldwagmeesters en veldkornette tog sekerlik nie die Basters blanke vanne gegee het nie, as hul nie geregtig daarop was nie. Die rassegevoel was toe al sekerlik so sterk ontwikkel dat 'n veldwagmeester, Engelbrecht, nie maklik 'n ander Engelbrecht as 'n Baster sal aandui nie. Daarom kan die getuienis van die kerkregisters en kommandolyste as betroubaar aanvaar word. In hierdie registers en lyste (26) kom al veelvuldig die name van Basters voor met die titel (?) G.B. (verkorting vir gedoopte Baster) agter hul name. Uit die begin van die 19e eeu, dateer reeds die Bastervanne : Engelbrecht, Beukes, Cloete, Mostert, Bok, Brand, Meyer, Mouton, Rossouw, Van Rooyen, Bezuidenhout en ander.(26) Op grond van hierdie bronne kan dus met sekerheid gesê word, dat die Baster vir 'n gedeelte altans, sy afstamming aan die blanke kolonis te danke het. Maar dit sou slegs 'n halwe waarheid wees, as nie ook klem gelê word op die bydrae van 'n ander klas van blanke tot die Basterras nie. Veral op die voorposte was daar altyd 'n swak tipe blanke wat as vreemde avonturier nie geskroom het om met die inboorlinge te vermeng nie.

(26) Stellenbosch Argief : 16/122. Opgaaflyste 1799 - 1805.
Worcester Argief : 12/50., Ink. Br. 1809 - 1814.
Oor Worcester Argief : 15/104. Register van Inwoners:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

So het gedroste soldate en gehuurde knegte ruimskoots bygedra. Bastervanne wat op die manier ontstaan het, is die volgende: Bensch, Claasse, Diergaardt, Diederiks, Eyman, Kouter, Model, Owies, Otto, Zaal, ens.

Uit 'n totaal van 61 Basternaame wat nagegaan is, is bevind dat 33 tipiese Boerevanne is, terwyl 28 van die vanne van vreemdelinge afkomstig is. Die verhouding is dus min of meer gelyk. Hierdie verbastering het natuurlik nie net in Namakwaland plaasgevind nie. Reeds vanaf die begin van die blanke neersetting aan die Kaap het verbastering op groot skaal plaasgevind.(27) Maar mettertyd het onder die koloniste 'n gevoel van verset daarteenoor ontstaan, sodat die Politieke Raad in 1786 kon getuig dat gemengde huwelike aan die afneem is.(28) As gevolg van die sterker rassegevoel onder die blankes het die posisie vir die Baster in die meer gevestigde dele van die Kolonie onhoudbaar geword. Hulle het gevolglik altyd padgegee na die dunner bevolkte dele, soos veral Namakwaland was. Teen die einde van die 18e eeu het al na skatting reeds 1000 Basters aan die Grootrivier gewoon.(29)

Reeds is daarop gewys hoedat die blanke ras in Suid-Afrika trots die verbastering, betreklik suiwer gebly het. Die Baster het baie selde die kans gekry om in die blanke samelewing opgeneem

(27) Mac Crone : Race Attitudes in S.A., bl. 45.

(28) Kaapse Argief : Resolusies. C. 79. bl. 422. Ook Van der Merve : Die Trekboer in die Geskiedenis, bl. 255.

(29) Lichtenstein : Travels in Southern Africa, deel 2, bl. 199. Thompson skat die getal op 5,000 in die tweede deel van sy reisbeskrywing op bl. 75. Maar selfs Lichtenstein se 1000 lyk baie hoog. In elk geval, die hoë syfers dui op die omvang van die verbastering duidelik aan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


te word.

By die Baster was, en is, daar weliswaar die sterk begeerte om „vooruit te baster", d.w.s. om soveel blanke bloed soos moontlik in hul ras in te voer. 'n Baster-ouer wat andersins baie streng sou gewees het wat die sedelike lewe van sy dogter betref, sal oogluikend toelaat dat sy dogter omgang met 'n blanke het. Hierdie omstandigheid het veral in die dae van die koper "boom" in Namakwaland gelei tot 'n baie sterker infiltrasie van blanke bloed in die Namakwalandse kleurling, as wat anders die geval sou gewees het. In die Komaggas-, Steinkopf-, en Concordia- doop- en trouregisters het ons die bewyse van talryke gemengde huwelike tussen Engelsprekendes veral en Basters. Uit hierdie tyd dateer die vanne Fielding, Fly, Duncan, Hill, Carlson, Wilson ens. Maar dis veral deur die buite-egtelike omgang dat die hoeveelheid blanke bloed onder die kleurlinge aansienlik toeneem. Scully, die oud-magistraat te Springbok, skilder 'n baie treurige beeld van die blankes te Ookiep.(30) In byna elke matjieshuis rondom Ookiep was daar kinders wie se blanke vaders in Ookiep gewoon het.

Om saam te vat: Die Namakwalandse kleurling het sy afstamming te danke gehad aan Hottentot- of slawe-moeders en blanke vaders, gedeeltelik kolonists en gedeeltelik drosters. Hierdie blanke bloed is vanaf die middel van die 19e eeu aansienlik versterk toe 'n losbandige tipe van Europeaan op die myne kom werk het.

---

(30) Scully : Further Reminiscence of the South African Pioneer, bl. 225.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

-DIE LEWENSBESTAAN VAN DIE BASTER.-

Aanvanklik het die Basters baie soos die blanke pioniers gelewe. Hulle kleredrag en taal was dieselfde. Ook die Baster was aanvanklik veeboer gewees, terwyl hy ook baie aan jag meegedoen het. Thompson wat in 1824 op die plaas Rietfontein aangekom het, sê van die besitter, die Baster Dirk Beukes, dat hy "more of a substantial Boer than a degraded Hottentot" was.(31) In die tyd van die kompanjie het Basters nog maklik plase kon kry in Namakwaland, soos blyk uit die plase wat Kok, Diederiks, Owies, Brand, Meyer en ander gedoopte Basters ontvang het.(32) Baster seuns van blanke vaders het in besit gekom van hulle ouers se waardevolle plase. Maar mettertyd het hulle uit hul plase uitgeraak, deur plase vir 'n appel en 'n ei te verkoop aan blankes.(33) Dit skyn ook asof onsimpatieke veldkornette dit vir hulle later onmoontlik gemaak het om nuwe plase te besit.(34) Gevolglik was hul verplig om of na die Boesmanland of oor die Buffelsrivier pad te gee. Ook is hulle veebesit aansienlik ingekort deur hulle grootskaalse handel met blankes. Hulle het nie alleen probeer om die blanke wat kleredrag betref te ewenaar nie, maar ook te oortref.(35) Ook terwille van ammunisie en perde, het hulle hul vee maklik afgestaan. Gevolglik het hulle hul meer en meer op die jag moes toelê vir hul lewens-

(31) Thompson: Travels and Adventure in Southern Africa, deel 2, bl. 83.

(32) Stellenbosch Argief : 11/18. Register van Leningplase, 1793 en later.

(33) Blouboek : Bell rapport oor Namakwalandse minerale, bl. 8

(34) Thompson : Travels and Adventures in Southern Africa, deel 2, bl. 84.

(35) Transactions of the missionary Society, deel 3, bl. en Lichtenstein, deel 2, bl. 308.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bestaan. Ander het hulle onder leiding van die sendelinge op die reserwes kom vestig, waar die invloed van die sendeling hul gered het van ondergang - 'n lot wat die Basters wat na Grikwaland getrek het, oorval het.

## -DIE KARAKTER VAN DIE BASTER.-

Oor die karakter van die Baster bestaan die uiteenlopendste menings. Sommige skrywers ken aan hulle toe die som van die ondeugde van die twee elemente waaruit hul saamgestel is.(36) Hierdie mening kan ons egter nie onderskryf nie. Hulle werksaamhede in diens van die sending het duidelik getoon, dat hoewel die Baster in alle opsigte benede die blanke gestaan het, hulle kop en skouers bo die oorspronklike Namakwa uitgemunt het. Ons sal in loop van die geskiedenis talle gevalle teëkom waar die Baster die regterhand van die sendeling in sy moeilike werk was. Ook het die Baster 'n groot rol gespeel in die skoonmaak van die land. Op kommando's moes die Baster dikwels die spit afbyt teen rowersugtige Boesmans en oorlamse rowerbendes.(37) Op hierdie tog het die onverskrokkenheid van die Baster op die voorgrond getree. Ook hierin het daar later agteruitgang ingetree. Ander deugde wat kenmerkend van die Baster was, was sy gasvryheid en sy hulpvaardigheid. Daarteenoor het sy ondeugde skerp uitgestaan. Die sendeling Anderson beskryf hul as : "very indolent, obstinate and revengeful."(38)

(36) Schreiber in Missionszeitschrift Juli 1895, bl. 4.

(37) Stellenbosch Argief : 10/151. Ink. Br., J.C. v.d. Westhuizen - Landdros, 7 Maart 1799.

(38) Transactions of the Missionary Society, deel 3, bl. 12.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Moffat skryf van hul hoogmoed: "They stood high in their own estimation and despised the aborigines."(39) Van hul pronksug is reeds gewag gemaak. Dit sowel as hul liefde vir sterk drank het hul verarming baie vinnig in die hand gewerk. 'n Ander groot euwel was hul sedelike swakheid. Dit was vir die sendeling veral die grootste ontmoediging. Keer op keer lees ons van 'n knap onderwyser wat tot 'n sedelike val gekom het.(40)

-DIE BASTER EN DIE ONDERWYS.-

Dwarsdeur sy geskiedenis is daar een opvallende trek van die Baster, nl. die waarde wat hy geheg het aan die onderwys. weliswaar, hy het nie hoë eise gestel nie, tog was die begeerte altyd daar dat sy kinders „in die onderwys moet wees", soos dit nog by hulle heet. Dit is opmerklik dat die blanke vaders van die Basters dikwels moeite gedoen het om hul kinders opgevoed te kry. In hierdie verband haal ons Lichtenstein se getuienis aan: "The children of the Hottentot women in whose veins Christian blood often flowed, were educated in Christianity; they learned to sing Psalms and to read and were even to receiving the sacrament of baptism as good Christians as the pure offspring of the Europeans."(42) Vir die Baster was die bietjie skoolgaan van groot belang want dit het dit vir hulle moontlik gemaak om in die Kerk gedoop te word,

(39) Moffat : Missionary Labours, bl. 32. Ook Missionberichte, tweede jaargang, bl. 9.

(40) Schreiber : Zur Karakteristik unserer Missionsgebiete, 1882, bl. 18.

(41) Rademeyer : Kleurling-Afrikaans, bl. 112.

(42) Travels in Southern Africa, deel 2, bl. 303.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


„op belydenis van hun geloof." Nie alleen het die doop vir hulle kerklike voorregte gebring nie, maar ook 'n mate van sosiale belangrikheid.(43) In hul strewe om die blanke gelyk te wees, het hulle na die kans wat onderwys hul bied, met albei arms gegryp.

By die Beukesse is Andries Cray in 1797 onderwyser.(44) Die pionier, Hendrik Beukes, se eie kinders was toe al almal volwassenes. Cray was dus heelmoontlik onderwyser vir die Basterkinders van Gert en Jan Beukes, die seuns van Hendrik Beukes. By Petrus Beukes, 'n ander broer, is in 1800 die onderwyser George Daniel Bok.(45) In 1803 ontmoet C.L. May 'n jong onderwyser wat by G.C. (Gerrit Cloete) onderwys gegee het.(46) waarskynlik was die Sisiliaan, Floriaan Smit, onderwyser by die Baster Friederik Diederiks, met wie se dogter hy later in die huwelik getree het. Oor die aard van hierdie onderwys kan ons net gis. Die rustelose en nomadiese lewe van die Baster veral, was nie bevorderlik vir 'n deeglike onderwys nie. Net die teenwoordigheid van die baie gedoopte Basters in Namakwaland bewys duidelik dat daar 'n taamlike mate van onderwys was. Die onderwys van die agtiende-eeuse Baster, hoe gering ook al, het nietemin die strewe by die Baster na onderwys,

(43) Mac Crone : Race Attitudes in South Africa, bl. 42.

(44) Stellenbosch Argief : 10/150. Ink. Briewe, J.A. v.d. Heever - Andries Krasy, 7 Julie 1797.

(45) Opgaafrollen : Stellenbosch, 1800.

(46) Kaapse Kerkargief : Inkomende Briewe van sendelinge ens, May - Z.A.Z.G. direkteure, 1/2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



lewend gehou. Hierdie faktor was dan ook die vernaamste by die Baster in sy gretigheid om blanke sendelinge te verkry.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


DEEL 2.

HOOFSTUK 6.

-DIE SENDELING AS OPVOEDER IN NAMAKWALAND 1799 - 1817.-

Tot aan die einde van die agtiende eeu is feitlik niks gedoen aan die opvoeding van die nie-blankes in Namakwaland nie. Hierin is 'n hele verandering teweeggebring toe kort na die begin van die negentiende eeu die eerste sendelinge na Namakwaland gekom het. Van toe af tot op die huidige tydstip hang die onderwys van die Namakwalandse nie-blankes ten nouste saam met die sending. Die onderwys wat die sendelinge aan die Namakwas, die Oorlam-stamme en die Basters meegedeel het, was baie meer as net onderrig in lees en skryf. Die sendeling het spoedig besef dat 'n bietjie boekgeleerdheid en 'n bietjie godsdiens lank nie genoeg is nie. Die sendeling het sy gemeentelede voorgegaan in tuinbou en in sadiery. Hy het hulle geleer om skoner en beter huise te bewoon, om beter en skoner klere te dra. Kortom, om 'n beter lewe te lewe. Daarom dat ons kan sê, dat die sendeling se strewe nie net was om te onderwys nie, maar werklik om op te voed. In hierdie volgende hoofstukke veral, sal ons dus nie bloot die skoolonderwys in ag moet neem nie, maar die opvoedende werk van die sendeling in alle opsigte.

:-HISTORIESE OORSIG : SENDINGYWER ONTWAAK IN DIE KAAP-KOLONIE.-

Teen die einde van die agtiende eeu het in verskeie plekke in Kaapland 'n wonderlike sendingywer ontstaan. Een van die sterkste beyweraars vir die sending was die predikant van Roodezand ds. M.C. Vos. Ds. M.C. Vos het deur sy uitgestrekte gemeente 'n stelselmatige huisbesoek ingestel. Nie alleen die blankes nie, maar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ook die nie-blankes is tot aan die noordelike grense van die kolonie deur hom besoek en kerklik bedien.(1) Onder sy geseënde invloed het 'n klompie lidmate van die Roodezandse gemeente die voortou geneem in 'n beweging om die nie-blankes humaner te behandel. Reeds is daarop gewys hoedat die burgers van die veldkornetskappe, Onder-Bokkeveld en die Roggeveld, 'n aansienlike aantal vee aan die Boesmans uitgedeel het.(2) Manne soos Floris Visser van die Roggeveld, L. Bothma van Honingberg (naby die huidige Porterville), J.M. Kok van die Cederberge, en J.G. Louw van die Onder-Bokkeveld, het nie alleen in woord nie, maar met die daad bewys dat dit vir hul erns was om ook die nie-blankes te win vir die koningryk van God.

In die jaar 1799 is die hande van die sendingvriende aan die Kaap baie versterk deur die koms van die eerste sendelinge wat deur die Londense Sendinggenootskap uitgestuur is. Onder hulle was die geesdriftige dr. Van der Kemp. Hy het met hom meegebring 'n brief van die Londense Sendinggenootskap, waarin gewys is op die Nederlandse Sendinggenootskap wat in 1797 deur V.d. Kemp te Rotterdam gestig is. Besiel deur die geesdrif van V.d. Kemp, het ook die Kapenaars in April 1799 oorgegaan tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (S.A.S.G.)(3)

Dis ook teen hierdie tyd dat enige Boesmankapteins op aansporing van die reedsgenoemde Floris Visser aan die Kaap kom teneinde

(1) Moorrees : Geskiedenis van die N.G. Kerk in S.A., bl. 343.

(2) Sien hoofstuk 2, bl. 23.

(3) H.P. Cruse : Geskiedkundige Oorsig van Kleurlingonderwys. § 2, afd. (iii) as bylae 48, in die Rapport van die Kleurlingondersoek-Kommissie, U.G. 54, 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n sendeling te vra. Twee van die vier sendelinge, Kicherer en Edwards, was dadelik gereed om die sendingwerk onder die Boesmans te begin. Orals langs die pad op hul reis na die Noordweste is hulle met die grootste vriendelikheid deur die boere onthaal; en rykelik belaai met geskenke in die vorm van meel, slagvee, droë vrugte, ens., het hulle te Sakrivier, hulle bestemming, aangekom.(4)

Tog was hierdie eerste sendingwerk in die Noordweste 'n mislukkig, veral om drie redes. In die eerste plek was die Boesman feitlik onvatbaar vir beskawende invloede. In die tweede plek het Kicherer en sy helpers gebruik gemaak van die bedenklike metode om die gemeentelede se teenwoordigheid by godsdiens-oefeninge te verkry, deur hulle van voedsel te voorsien. Die gevolg van die onoordeelkundige kosuitdelery was dat die inboorlinge se godsdiensywer baie afgehang het van die hoeveelheid kos wat hul gekry het.(5) Lichtenstein wie se houding teenoor die sending bevooroordeeld was, het tog gelyk wanneer hy na die instituut te Sakrivier in die volgende woorde verwys. "Such an institution bore in itself the germs of its downfall."(6) As derde rede vir die mislukkig van die werk te Sakrivier, noem ons net nog die nomadiese aard van die Boesmans.

Met die Basters en Oorlam-Hottentotte het Kicherer darem meer sukses gehad. Hoewel hulle vreeslik lui was en Kicherer hulle feitlik moes smeek om te werk, was hulle ywerig om godsdienstige ken-

(4) Transactions of the Missionary Society, deel II, bls. 6 - 11.

(5) Moffat : Missionary Labours, bl. 14.

(6) Lichtenstein : Travels in Southern Africa, deel 2, bl. 230.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



nis op te doen. Ongelukkig het baie van hulle hulle luihied onder 'n mantel van vroomheid probeer wegsteek, of soos Lichtenstein dit uitdruk: "excusing their indolence under the veil of indifference to everything earthly and perishable."(7) Die pogings van Kicherer en sy opvolger, Bothma, om die instituut-bewoners te Sakrivier tot arbeidsaamheid aan te spoor, was feitlik vrugteloos. Tog was die werk oor die geheel nie sonder vrug nie. In 1803 het Kicherer met drie bekeerlinge Engeland en Nederland besoek waar hul teenwoordigheid groot geesdrif vir die sendingsaak veroorsaak het.(8) Een van die persone wat deur hierdie besoek tot sendingywer opgewek is, is die latere beroemde Namakwalandse sendeling, H. Schmelen.(9) Belangrik vir Namakwaland is ook dat 'n klompie van Kicherer se gemeentelede later na Namakwaland getrek het, en hulle veral op die reserwe te Steinkopf gevestig het. Ander het na Grikwaland Wes getrek, terwyl ook sommige vir Kicherer na Graaff-Reinet vergesél het, waar hy as predikant aangestel is. Dit kan aangeneem word dat die verspreide gemeentelede die lesse wat hulle van Kicherer geleer het, saamgeneem het en help versprei het. In hierdie lig beskou, was Kicherer se baanbrekerswerk in die Noordweste tog nie sonder vrug nie.

---

(7) Lichtenstein : Op. cit., bl. 235.

(8) Transactions of the Missionary Society, deel 3, bl. iii.

(9) Missionsberichte, 3e jaargang, bl. 69.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -DIE S.A.S.G. EN NAMAKWALAND 1800 - 1805.-

Intussen het ook die plaaslike sendingvriende geen gras onder hulle voete laat groei nie. J.M. Kok het sy plaas verkoop en hom gereedgemaak om na die Bechuanas te gaan.(10) Kramer is na Grikwaland wes, terwyl Bothma te Sakrivier waargeneem het toe Kicherer na Europa was. Maar vir Namakwaland self is veral belangrik die werk van Jan Carel Lodewyk May. Reeds het ons met hom kennis gemaak toe ons die blanke onderwys in Namakwaland in die 18e eeu bespreek het.(11) Vir 'n tydperk van agtien jaar lank het hierdie gewese kompanjiedienaar op die voorposte in die Noordweste onderwys gegee. May se werk as onderwyser en sending-arbeider is tewens 'n treffende bewys dat daar onder die ou boere-skoolmeesters ook diegene was wat hul werk as 'n verhewe roeping beskou het. Sy brief van 15 Maart 1800 aan die S.A.S.G. getuig van sy verantwoordelikheidsin en besorgdheid oor die toestand van die pioniers in die Noordweste.(12) Op 19 April 1800 rig hy andermaal 'n dringende brief aan die S.A.S.G., waarin hy verlof vra om saam met J.M. Kok na die noorde te gaan. Laasgenoemde sou oor Namakwaland trek op pad na die Bechuanas. May wou van die geleentheid gebruik maak om tot by Cornelis Kok in Namakwaland te gaan, waar hy dan van voorneмens was om sendingwerk te doen.(12) Die S.A.S.G.-direkteure het

(10) Van Niekerk : 'n Afrikaner-sendeling oorkant die Oranjerivier in Die Kerkbode, 29.12.1937.

(11) Sien hoofstuk 4, bl. 56.

(12) Kaapse Kerkargief : Inkomende Briewe van sendelinge ens. 1/2, Briewe van May.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



egter nie J.M. Kok se versoek om na die Bechuanas te gaan, toegestaan nie, sodat hy besluit het om op eie houtjie te gaan.(13) May is met hom saam op reis soos blyk uit die brief wat May op 26 Mei 1801 aan die S.A.S.G.-direkteure rig.(12) Dis nie duidelik of May eers saam met J.M. Kok na die Bechuanas is nie, en of hy direk na Cornelis Kok is nie. In elk geval in 1803 is May besig om onder Cornelis Kok se Grikwas te werk. Hy was besonder bedrywig soos blyk uit die rapport wat hy op 30 Maart 1804 na die S.A.S.G.-direkteure gestuur het.(14) Nie alleen onder die nie-blankes nie, maar onder die blankes ook het hy, trots alle teenstand en vooroordeel gearbei.(15) Sy werksaamhede was nie beperk tot blote prediking nie, maar hy het ook onderwys gegee aan Kok se mense. In hoofsaak sou hy sy leerlinge in die kategismus onderrig het, maar dat hy ook gewone onderwys in spel en lees gegee het, blyk uit sy versoek aan die direkteure om vir hom enige boekies te stuur.(16) Hierdie versoek van Mei 1803 het hy in 'n brief van 22 Augustus herhaal, toe hy benewens enige A.B.C.-boeke, ook 'n Bybel, 'n paar pond tee, „wat tabak" en 'n spieëltjie van die S.A.S.G. gevra het. Met J.M. Kok het hy steeds kontak gehou. Toe hy eenkeer vanaf Grootrivier terugkeer na Namakwaland, het hy toevallig die berugte rower, Jager Afrikaner, ontmoet. Reeds toe (1804) is Afrikaner al baie begerig ge-

(13) Van Niekerk : 'n Afrikaner-sendeling oorkant die Oranjerivier in Die Kerkbode, 22.12.1937.

(14) Kaapse Kerkargief : Verslae, Rapporte ens. van sendeling.

(15) Kaapse Kerkargief : Briewe van sendelinge ens. 1/2 : Brief J.C.L. May, 25.5.1804.

(16) ~~Op. cit.~~ ibid., Die Kerkbode, 29 Des. 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


wees om 'n sendeling te hê en hy het May gesmeek om na hom te kom as sulks. Hierdie versoek het May onder die aandag van die direkteure gebring, maar van die arbeid onder Afrikaner se mense het voorlopig niks gekom nie.(17) Hoe lank May nog by Cornelis Kok gearbei het, is nie bekend nie. Ons weet dat May al oud en sieklik was,(18) en heel waarskynlik is sy werk op Cornelis Kok se plaas ook geraak deur die verbod van De Mist op die sending-werk binne die kolonie se grense.(19) May het in elk geval voor sy vertrek van Cornelis Kok belowe dat hy sou terugkeer soos blyk uit 'n brief van die sendeling, C. Albrecht, aan die direkteure op 19 Julie 1806.(20) In 1805 word May deur die Albrechtse op Bothma se plaas Honingberg, aangetref, vanwaar hy hulle 'n entjie op hul reis na die noorde vergesel.(21) Sy belofte aan Kok het hy nie vergeet nie, want in 1807 vra hy van die direkteure verlof om saam met Seidenfaden op die Kamiesberg onder die heidene te arbei.(22) Maar die droogte het belet dat Seidenfaden in 1807 na die Kamiesberg gaan, en ons vind May in 1808 nog te Honingberg.

(17) ~~Op. cit.~~ ibid., Die Kerkbode, 29 Des. 1937.

(18) Brief van 22 Aug. 1803.

(19) Kok se plaas Olyvenfontein lê suid van die Buffelsrivier, die destydse grens aan die noorde. Kok se ander plaas Silwerfontein, was wel ten noorde van die grens, maar sedert 1775 is daar rekognisie op betaal.

(20) Kaapse Kerkargief : Ingekome Briewe van sendelinge, ens. 1/1. C. Albrecht - 19 Julie 1806.

(21) H. Cruse : Reisjoernaal van die Albrechtse en Seidenfaden in Die Kerkbode, 28.7.1937.

(22) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens. 1/2. May - S.A.S.G., 4 Des. 1807.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoewel hy toe reeds geruime tyd sonder werk was, het hy aangehou om 'n werkkring te soek, en dis aangenaam om te meld dat hierdie onvermoeide evangelis-onderwyser in 1812 te Stellenbosch aan die heidene onderwys gee. Hy is toe al 15 maande besig met die werk, wat vir hom werklik 'n roeping geword het.(23)

Deur May, wat onder toesig van die S.A.S.G. gewerk het, het die S.A.S.G. dus ook 'n rol - die rol van aanvoorwerk - gespeel in die sendinggeskiedenis van Namakwaland. Ook die sendelinge wat deur die Londense Sendinggenootskap (L.S.G.) uitgestuur is na Namakwaland, het baie te danke gehad aan die S.A.S.G. Die S.A.S.G. het „'n skakel gevorm tussen die L.S.G. en sy sendelinge in Suid-Afrika."(24) Die sendelinge van die L.S.G. het ook aan die S.A.S.G. verslag gedoen van hul werk. Hierdie briewe en verslae aan die S.A.S.G., word vandag in die Kaapse Kerkargief bewaar, en was ook die vernaamste bron vir ons navorsing in verband met die sendelinge tussen 1800 en 1809.

## DIE LONDENSE SENDINGGENOOTSKAP IN NAMAKWALAND, 1805 - 1811.

Op 22 Mei 1805 het drie Duitse sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, nl. Christian Albrecht, Abraham Albrecht en Johannes Seidenfaden, uit Kaapstad op hul lang reis na die Noorde vertrek. Na 'n gevaarvolle en moeitevolle reis - 'n voorsmaak van al die swaarkry wat vir hulle gewag het -, het hulle op

(23) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl. 441.

(24) H.P. Cruse : Geskiedkundige Oorsig van die Kleurlingonderwys, § 2, afdeling (iii)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


5 September 1805 hul opwagting by die Namakwalandse „wachtmeester", J.C. v.d. Westhuizen, gemaak. Volgens instruksies van die Tulbaghse landdros het hy die sendelinge gelas om „te maaken dat zÿ over de limiete komen, want zÿ mogen hier niet blÿven."(25) Vandaar is die sendelinge na Cornelis Kok se plaas waar hulle baie vriendelik onthaal is, en goed kon uitrus en voorberei vir die volgende tog. Op aanbeveling van Kok is hulle nie direk na „'t Warme Bad" in Suidwes nie, maar na Kokskraal wat „meer oostelyk in de Groote Rivier ligt."(26) Vanaf Kokskraal het C. Albrecht die land oorkant die Oranje-rivier verken en twee fonteine wat hy „Stille Hoop" en „Blyde Uitkomst" genoem het, as geskikte plekke vir 'n sendingstasie gevind. Intussen het A. Albrecht en J. Seidenfaden vlytig gewerk onder die Oorlam-Hottentotte te Kokskraal. Na C. Albrecht se terugkeer is die voorbereidings vir hul werk in Suidwes getref. Uiteindelik is die wens van die sendelinge om 'n vaste werkplek te hê vervul, toe hulle op 31 Januarie 1806 te Blyde Uitkomst aanland.(27)

(25) H.P. Cruse : Reisjoernaal van die Albrechtse en J. Seidenfaden, Die Kerkbode, 28.7.1937. Hierdie onvriendelike lasgewing was 'n gevolg van De Mist se bepaling dat sendelinge nie sonder spesiale verlof binne die grense van die kolonie mag werk nie. Sien Dreyer : Boustowwe, deel 3, bl.61.

(26) Volgens 'n kaart in Burchell se Travels in the Interior of S.A., deel 1, bl. 582, lê Kokskraal by die samevloeiing van die Hartebeesterivier en die Oranje-rivier d.w.s. naby die huidige Alheit.

(27) Blyde Uitkomst was geleë in die nabyheid, of op, die huidige plaas Jerusalem enige myle ten noorde van Skuitdrif. Dr. Vedder meen (bl. 214 en 220 in Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika) dat Blyde Uitkomst en Warmbad dieselfde is, maar C. Albrecht se brief van 7 Des. 1806 aan die S.A.S.G. sê duidelik dat hulle Blyde Uitkomst verlaat het en na Warmbad gegaan het. Sien ook in hierdie verband dr. Mossop : Die Stellenbosse oud-student, jaargang, 1938, bl.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hier het hulle onder die Namakwa-stam, die Bondelswarts, maar ook onder die Oorlam-stam, die Afrikaners, gewerk. Jager Afrikaner het naby Blyde Uitkomst gewoon, en 'n seun van hom het te Stille Hoop gewoon.(28) Aanvanklik was die sendelinge baie in hulle skik met die sterk fonteine, maar hul is spoedig ontnugter toe die brakwater die fyner groentesoorte vernietig. Tog was hul verwagtings van die koring baie rooskleurig, toe hierdie sendelinge reeds moes kennis maak met die grootste probleem in verband met die sendingwerk in Namakwaland en Suidwes, nl. die gedurige rondtrek van die mense. Die Bondelswarts was by uitstek 'n rondtrekkende volk, wat die noordelike en suidelike oewers van die Oranje-rivier as hul trekgebied had. Baie teen hul sin, het die Bondelswarts-kaptein die sendelinge beweeg om Blyde Uitkomst te verlaat in September 1806 en na Warmbad te trek. Te Warmbad was dit dieselfde storie. Die sendelinge se tuin was net weer belowend toe trek die Bondelswarts weer na Korregas, meer ten noorde.(29) Intussen het Seidenfaden ham afgeskei van die Albrechtse en te Heirachabis, ten noorde van Blyde Uitkomst, onder 'n klompie Namakwas uit Klein-Namakwaland gaan werk.(30) Behalwe die moeilikhede as gevolg van die rondtrekkery, het die Albrechtse

(28) Transactions of the Missionary Society, deel 3, bl. 31.

(29) Kaapse Kerkargief : Ink. Briewe van sendelinge ens. 1/1 :, C. Albrecht - S.A.S.G., 7 Des. 1806.

(30) Soos hierbo, brief C. Albrecht - S.A.S.G., - 17.9.1806.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


dit bitterswaar gehad met die Bondelswarts as nasie. Ook latere sendelinge onder hulle soos Ebner en Cook het harde bene moes kou, as gevolg van die Bondelswarts se bedelagtigheid en gemeenheid. In plaas daarvan dat die inboorlinge die sendelinge onderhou het, het dit dikwels gebeur dat die Albrechtse hulle van voedsel moes voorsien. Toe Cook, die wesleyaanse sendeling, in 1832 onder hulle te Warmbad kom werk het, het hulle hom vertel hoe goed die Albrechtse vir hulle was, en daarop maak Cook die gevolgtrekking, "It would appear that he (C. Albrecht) actually supplied them with food."(31) 'n Studie van die Albrechtse se briewe aan die S.A.S.G., waarin gedurig melding gemaak word van aangekoopte of benodigde slagskape, oortuig ons dat Cook se gevolgtrekking heeltemaal reg was. Op 7 Des. 1806 sê Christian Albrecht in 'n brief dat hulle 260 slagskape per jaar nodig het. Op 11 Februarie 1807 vra Abraham Albrecht weer volmag om 360 slagskape aan te koop. Ook baie koring is by Cornelis Kok aangekoop.(32) Dit is duidelik dat al die slagvee nie vir persoonlike gebruik alleen was nie; die Bondelswarts het stellig 'n ruime deel gekry of afgebedel. Die sendelinge het in hul briewe aan die S.A.S.G. probeer duidelik maak waarom hulle so baie voorrade nodig had. Dikwels moes hul lang reise onderneem, en moes dan hul bediendes langs die pad onderhou. Ook het hulle baie „huurlinge" nodig gehad om in die tuine en by die huis- en kerkbou te

(31) Cook : A Modern Missionary, bl. 30.

(32) Sien briewe onder die datums in Kerkargief.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


help.(33) Hoe dit ook al sy, die nadeligheid van hierdie stelsel het sig deeglik laat geld in die sendinggeskiedenis van Namakwaland en Suidwes. Reeds bedelagtig van natuur, het hierdie stelsel by die inboorling die idee versterk dat die sendeling net daar is om die inboorling in sy materiële behoeftes te voorsien.(34) Die hoof van die Bondelswarts was baie meer besorg oor die verkry van ammunisie deur die sendeling, as oor sy geestelike behoeftes.(35)

Maar ook uit 'n ander oord het die Albrechtse moeilikheid gekry. Die S.A.S.G.-direkteure was al taamlik ontevrede oor die baie voorrade wat die sendelinge aankoop, oor die baie reise wat hulle Boland-toe onderneem, en omdat hulle so gedurig van plek verwissel.(36) Aan die eerste klag het ons reeds aandag gegee. Later het die Albrechtse en Seidenfaden hul eie troppies aanteelvee gehad, en toe het die klag verval. In verband met die tweede klag, het die direkteure gevoel dat die werk baie skade ly weens die lange afwesigheid van die sendelinge uit hul werkkringe.(37) Toe Abraham Albrecht b.v. in 1807 na die Boland

(33) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens. l/l. C. Albrecht - S.A.S.G., 7 Des. 1806 en 6 April 1807.

(34) Nog in 1900 sê Judt omtrent die Namakwas: "Je mehr wir sie in ihrer Armut unterstützen, um so anspruchsvoller werden sie, und erwarten dass wir für ihren Unterhalt sorgen:" Rheinische Missionsberichte, Jan.1900.

(35) Rheinische Miss. Berichte, No. 15, bl. 228.

(36) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge, ens. l/l., C. Albrecht - S.A.S.G., 7 Des. 1806.

(37) In 1806 was C. Albrecht na die Kaap. In 1807 weer A. Albrecht, in 1808 Seidenfaden, in 1809 weer C. Albrecht, in 1810 was C. Albrecht weer in die Kaap.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



was, was hy vanaf 17 Desember 1806 tot 16 Oktober 1807 afwesig van Warmbad. Die sendelinge se verweer was dat hulle tog hul voorrade van klerasie en kruideniersware moes aanvul; tog is dit nie weg te redeneer nie dat die lange afwesigheid die doeltreffendheid van hul werk baie benadeel het. Wat die derde klag betref kon hulle met 'n skoon gewete onskuldig pleit. Na April 1807 was hulle tewens ook suksesvoller in hul pogings om op een plek gevestig te bly. Hulle het onderling gereël dat A. Albrecht altyd te Warmbad sou bly, terwyl C. Albrecht die gemeentelede op hul uitlêveld besoek en bearbei.

Mettertyd het dit beter gegaan. Die gemeente te Warmbad het vinnig aangegroei. Die swaarbeproefde sendelinge het al begin vrug sien op hul werk. Ook die owerhede aan die Kaap was die sendingwerk baie goedgesind. Van Graaf Caledon het C. Albrecht in 1809 'n brief gekry wat hy aan die Tulbaghse landdros moes gee, en waarin laasgenoemde die opdrag kry om aan die Albrechtse 'n reserwe ten suide van die Oranje-rivier toe te staan.(38) Op 4 Sept. 1809 het op die plaas Grootvlei in Namakwaland die historiese vergadering plaasgevind. Die Tulbaghse landdros, Van der Graaff, het 'n ondersoek ingestel in die hele kwessie van die sendelinge se versoeke, die Namakwas se klagte teen die burgers, en die Namakwalanders se ontevredenheid oor Seidenfaden se werk in die Kamiesberg. Die gevolg van die vergadering was dat aan die Albrechtse 'n groot gebied

(38) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens., 1/1., C. Albrecht - S.A.S.G., 8.11.1809.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


ten suide van die Grootrivier toegestaan is.(39) Dit is die eerste toekenning van grond vir 'n sendingreserwe in Namakwaland. Dit is feitlik die begin van die reserwe Steinkopf.(40) Hoe dit met Seidenfaden afgeloop het, word elders verhaal.(bl.104)

Te midde van die bemoedigende tekens, het die rampe hul begin tref. Abraham Albrecht se siekte het so toegeneem dat sy broer hom na die Boland moes neem. Vir Abraham Albrecht was dit 'n ware martelreis, wat eers beëindig is, toe hy op Honingberg te sterwe kom, slegs 32 jaar oud.(41)

Dit is treffend hoe die sameloop van omstandighede was. Enige dae na die dood van sy broer, is C. Albrecht op 5 Aug. 1810 met sy lewensgesellin, mej. Sophie Burgmann uit Mühlheim Duitsland, in die huwelik bevestig.(42) Met harte seer weens die dood van 'n broer, maar met mooi ideale vir die toekoms is C. Albrecht en die toegewyde mevr. Albrecht terug na Warmbad, waar die sendeling Tromp intussen waargeneem het. Met hernude ywer het die sendelinge en hulle vroue, veral die pasaangekome en opofferende mevr. C. Albrecht, hul aan hul roeping gewy. Ook die wed. A. Albrecht het meegekom.

Maar 'n groter ramp het hulle nou oorval. Afrikaner het met sy rowertogte weer 'n aanvang gemaak. Hoewel hy aan-

(39) C.O. 44, Letters Received, fol. no. 30, V.D. Graaff - Col. Secretary, 10 Nov. 1809.

(40) Die genoemde fonteine, nl. Klipfontein, Kookfontein, Tweefontein, ens. behels die huidige reserwes Steinkopf en Concordia.

(41) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bls. 418 - 421.

(42) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl. 326.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


vanklik vriendelik teenoor die Albrechtse was toe hulle te Blyde Uitkomst was, het hy nou woedend geword omdat hy gemeen het dat C. Albrecht 'n hand gehad het in die verbond tussen die Bondelswarts en die Velskoendraers, sy ou vyande.(43) Eers het hy Seidenfaden se sendingstasie te Kamas (44) (later Pella) oorval, 'n sekere Hans Dreyer vermoor, en Seidenfaden se besittings geplunder. In Warmbad het onder die lafhartige Bondelswarts 'n paniek ontstaan. Onder hierdie haglike omstandighede het C. Albrecht 'n dringende beroep gedoen op die Namakwalandse veldkornet om hulp te stuur.(45) 'n Kommando bestaande uit 40 Basters onder Cornelis Kok is gestuur om die sendelinge te gaan haal, maar die sendelinge het ongelukkig net tevore die land dieper ingetrek. Later het C. Albrecht en sy vrou en die wed. A. Albrecht daarin geslaag om deur te vlug na Byzondermeid, 'n plek enige myle ten suide van Steinkopf. Daar was hulle voorlopig veilig, maar Albrecht het gevoel dat sy werk nie voortgesit kon word, tensy met Afrikaner afgereken is. Nadat hy persoonlik na Jan Disselsvlei (vanaf 1814 Clanwilliam) gegaan het,

(43) Vedder : Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 214.

(44) Prof. Du Plessis in sy Christian Missions in S.A., bl. 117, meen dat Seidenfaden se stasie toe nog op die Kamiesberg was, maar uit die behandeling van Seidenfaden se loopbaan (bl. 104-105 ) sal blyk dat sy stasie toe te Kamas (Pella) was.

(45) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens. 1/1, Sophie Albrecht - S.A.S.G., 5.2.1811. Sien ook - Kaapse Argief : Worcester; 10/150. Inkomende briewe van landdros te Clanwilliam en vledkornette onder datums 28 Aug. 1811, 5 Feb. 1811, 26 Maart 1811, 28 Julie 1811 en 18 Aug. 1811.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


is uiteindelik in Augustus 1811 'n ekspedisie teen Afrikaner gestuur. Dit het egter op niks uitgeloop nie, omdat Afrikaner altyd dieper die woestyn ingetrek het. In wanhoop het die Albrechtse op 21 Sept. 1811 aan die Kaap gekom. Ook die Tromps het al in Februarie te Stellenbosch gekom. Seidenfaden het ook reeds Namakwaland verlaat. Dit het geskyn asof alles in duie sou stort. Voordat ons die heroplewing van die Namakwalandse sending bespreek, moet ons eers aandag wy aan Seidenfaden se werk tussen 1806 en 1811.

Vanaf 1806 is Seidenfaden te Heirachabies.(46) In 1807 het hy van die S.A.S.G. - direkteure gevra of hy saam met die Namakwas na hul woonplek op die Kamiesberge mag trek.(47) Die versoek is eers geweier, (48) maar in 1808 het hy sy versoek herhaal om na Hans Links op die Kamiesberg te gaan. C. Albrecht het die direkteure versoek om liewer 'n getroude sendeling te stuur , daar die Namakwalandse boere baie teen Seidenfaden gekant was.(49) Desnieteenstaande is Seidenfaden in die loop van 1808 na die Namakwas op die Kamiesberg. Dit was dus die eerste sendingstasie in Namakwaland self.(50) Sy teenwoordigheid en optrede in die Kamiesberg het al spoedig wrywing tussen die Namakwas en die blankes teweeggebring. Dis veral hieroor

(46) Sien bl. 98.

(47) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens., J. Seidenfaden - S.A.S.G., 20 April 1807.

(48) Du Plessis : A History of Christian Missions in South Africa, bl. 114.

(49) Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens., C. Albrecht - S.A.S.G.; 21 Maart 1808.

(50) d.w.s. as ons May se werk as evangelis nie in ag neem nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat die landdros V.d. Graaff na Namakwaland in 1809 gekom het.(51) Seidenfaden is verbied om binne die grense van die Kolonie te arbei. Aan hom is deur die landdros die ou leningplaas van J.A. v.d. Heever, Kamas, as reserwe toegestaan.(52) Baie teen sy sin het Seidenfaden tog saam met Tromp wat op 15 Sept. 1809 as hulp vir hom opgedaag het, (53) na Kamas vertrek. Tromp en Seidenfaden het egter nie langs een vuur gesit nie, en eersgenoemde is kort daarna na Warmbad, waar hy gebly het tot kort voordat Afrikaner sy rooftogte weer aanvaar het. Seidenfaden was intussen heeltemaal gelukkig te Kamas soos blyk uit sy brief aan die S.A.S.G.-direkteure op 7 Februarie 1810. Maar ook sy werk te Kamas is wreed vernietig deur Afrikaner. (sien bl. 103) Hy het Namakwaland hierna vergoed verlaat. Sy latere sendingwerksaamhede te Zuurbrak is beëindig toe hy deur dr. Philip van sy pos onthef is.(54)

## -DIE LONDENSE SENDINGGENOOTSKAP IN NAMAKWALAND 1812 - 1818.-

Toe die terneergedrukte Albrechtse in 1811 aan die Kaap kom, het 'n baie aangename verrassing vir hulle gewag. Vier nuwe Duitse sendelinge was gereed om saam met hulle terug te gaan, na Namakwaland. Hulle was Schmelen uit Hanover, Sass

(51) Sien bl. 101.

(52) C.O. 44, Letters Received, fol. no. 23, 21 Okt. 1809. Van der Graaff - Col. Secr.

(53) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens., Tromp - S.A.S.G., 24 Sept. 1809.

(54) Dr. Philip : Researches in South Africa, deel I, bl. 278.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uit Pruise, Ebner uit Anspach en Helm uit Meckelenburg.(55) Weer het die sendelinge die gevare en moeilikhede van die reis na die Noorde trotseer. Sass en Albrecht is vooruit na Silwerfontein, terwyl Ebner, Helm en Schmelen na Byzondermeid is. Hier het laasgenoemdes die oorblyfsels van C. Albrecht se gemeente gevind, en dadelik begin om die werk voort te sit. Saam met die gemeente het hul sewe maande lank van die een fontein na die volgende fontein getrek: Van Byzondermeid na Klipfontein,(55a) toe na Kookfontein, (die huidige Steinkopf) toe na Rosynefontein en uiteindelik na Kamas, wat van toe af Pella genoem is.(56)

Ondertussen het 'n nuwe ramp vir C. Albrecht, en tewens die hele Namakwalandse sending, oorval toe sy vrou, mevr. Sophie Albrecht kort na hul aankoms te Silwerfontein oorlede is.(57) Mevr. C. Albrecht is een van die edelste figure in ons sendinggeskiedenis. As dogter van die predikant Burgmann van die Savoy Kerk in Londen, is sy as 'n fynbeskaafde dame opgevoed. Maar in Rotterdam het sy onder besieling van dr. Van der Kemp besluit om haar lewe aan die sendingsaak te wy. Haar geloof in haar roeping was so sterk dat die ontberings wat die lewe van 'n sendelingvrou in die onherbergsame Suidwes geverg het haar nie afgeskrik het nie.

(55a) In Klein-Namakwaland, naby Steinkopf.

(55) Ebner : Eine Reise nach Südafrika und Darstellung, bl. 85.

(56) Ebner. Op. cit., bls. 101 - 113.

(57) Transactions of the Miss. Soc., deel 4, bl. 44. Besonderhede omtrent die lewe van mevr. C. Albrecht ontleen aan Transactions of the Missionary Society, deel 4, bls. 38 - 44.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Saam met C. Albrecht het sy na Suidwes gegaan. Kersdag 1810 was 'n wonderlike dag in haar lewe; want toe het sy vir die Bondelswarts voorgespeel op haar klaviertjie in die kerkie te Warmbad. Hoe wreed is die geluk verstoor deur Afrikaner!

Toe haar man aan die einde van 1811 na Namakwaland terugkeer, het sy nieteenstaande die feit dat sy 'n verwagtende moeder was die reis meegedoen. Hierdie reis was vir die opofferende heldin te veel. Op 13 April 1812 is sy te Silwerfontein oorlede nadat sy geboorte gegee het aan 'n doodgebore babetjie. Op Silwerfontein rus moeder en kind in onbekende graf. Tog het Albrecht die moed nie verlore gegee nie. Hy is na Pella waar hy en die ander drie sendelinge 'n baie bedrywige sendingarbeid verrig het. As gevolg van die intensiewe bearbeiding, het hul spoedig vrugte kon pluk. 'n Hele klompie doopkandidate het so ver gevorder dat hulle gedoop kon word.(58) Toe Campbell, die sendinginspekteur, in 1813 te Pella aankom, het hy hulle werk met bewondering aanskou. Campbell het enige reëlings getref wat belangrike gevolge vir die werk in Namakwaland en Suidwes gehad het. Sass, wat intussen op Silwerfontein onder Kok se mense daar gewerk het, is deur Cmapbell na Oorlamskraal gestuur.(59) Helm sou hom vergesel. Schmelen is na die weste gestuur om 'n seehawe langs die weskus te vind. Die gevolg van sy ondersoekings het gelei tot die stigting van die sendingstasie Bethanië. Van-

(58) Missionsberichte, deel 15, bl. 232.

(59) Ebner : Op. cit., bl. 148. Oorlamskraal is miskien net die verandering van die ou naam Kokskraal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


af 1814 het Schmelen met taaie volharding te Bethanië gewerk. In 1816 is hy na die verlate sendingstasie, Byzondermeid, op bevel van die L.S.G.-direkteure. Sy hart was egter nog te Bethanië. Toe 'n sendeling dus sy werk te Byzondermeid oorneem, het hy na Bethanië teruggekeer. Hier het hy weer vanaf 1818 tot 1829 gewerk. Met nou en dan het hy die lang reis na die Kaap onderneem om sy voorrade aan te vul. Eindelik is hy in 1829 beveel om sy werk in Suidwes te staak, en is hy na die nuutgestigte reserwe, Komaggas. Christian Albrecht het die opdrag gekry om na sy ou vyand, Jager Afrikaner te gaan teneinde oor 'n sendeling vir Afrikaner te onderhandel. Weereens het C. Albrecht Stille Hoop en Blyde Uitkomst besoek, en met Afrikaner gereël dat 'n sendeling na hom gestuur sou word.(60) Die moeilike werk het op Ebner geval. Hy sowel as sy opvolger, Moffat, het met sukses onder die Afrikaners gewerk. Die geharde moordenaar, Jager Afrikaner, is ook deur Ebner gedoop. Enige jare later het Moffat met die nuwe Afrikaner, nou Christian Afrikaner, na die Kaap op reis gegaan.(60)

Maar die vreugde van hierdie bekering het Christian Albrecht self nie kon beleef nie. Ook nog maar in sy dertiger jare, is hy op 25 Julie 1815 te Kaapstad oorlede. Baie mooi het Moffat die uiteinde van die Albrechtse se loopbaan beskryf: "Their Silent Hope in that country was however long deferred, and indeed

(60) Ebner : Op. cit., 117. Ook Moffat : Missionary Labours, bl. 25.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



could scarcely be said to be fully realized, till their Happy Deliverance from a succession of disappointments, mortifications and hardships, which brought the Albrechts and Mrs. Albrecht to a premature grave."(61)

---

(61) Moffat : Op. cit., bl. 20.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -HOOFSTUK 7.-

## -DIE SENDELINGE AS OPVOEDERS IN NAMAKWALAND 1799 - 1818 (VERVOLG). -

### -DIE DOEL VAN HUNDI GONDERWYS.-

Die doel wat die sendelinge met hul onderwys aan die nie-blankes in Namakwaland beoog het, was in die eerste plek 'n suiwer godsdienstige. Die sendelinge wou die heidene die heilswaarhede leer ken sodat hulle gedoop en dus lidmate van die gemeente kon word. Slegs 'n baie klein persentasie van die nie-blankes in Namakwaland was in die Hollandse Kerk gedoop; daarom was die onderwys aan die volwassenes seker die sendelinge se eerste konsiderasie. Ook die kleurlinge het die woord onderwys leer ken in die betekenis van voorbereiding vir doop of aanneming, soos blyk uit hul uitdrukking: „Ek is nou in die onderwys", waarmee hulle bedoel: „Ek is nou in die katkisasie-klas."(1) Maar reeds uit die staanspoor het die sendelinge ook die gewone skole vir kinders gestig, waar hulle kon leer sing, spel, lees en skryf.(2) Maar ook baie volwassenes wat dit kon bybring, het die skole bygewoon.

Hoewel die sendelinge in die eerste plek die evangelisasie van die nie-blankes beoog het, het hulle baie gou gevoel dat hulle die gemeentelede ook moet leer werk. Daarom het hulle die

(1) Rademeyer : Kleurling-Afrikaans, bl. 112.

(2) Onder De Mist se bepalings i.s. sending is bepaal dat skrif net met spesiale verlof as vak onderrig mag word. In Feb. 1806 skryf die sendeling Anderson dat hy nie skrif mag onderrig nie. Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl. 21.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



mense probeer beweeg tot, en selfs voorgegaan in, tuinbou en saaiery. Die sendelinge het gehoop dat hulle daardeur die luiheid wat gepaard gegaan het met hul veeboerdery sou afwen. Hulle het ook gemeen dat dit die inboorlinge tot 'n bestendiger lewe sou beweeg. Die onderwys van handewerk het meesal op informele wyse geskied. Die sendeling het seker nie altyd daaraan gedink dat wanneer hy met sy leerlinge 'n huis of kerk bou, 'n tuin aanlê, 'n omheining maak, 'n pad aanlê, ens., dat hy besig is met onderwys nie. Tog het die sendeling op hierdie indirekte manier dikwels meer onderwys gegee as waarvan hy bewus was. Maar daar was ook doelbewuste onderrig in handearbeid vir die meidjies in die naaiskole, ook vir jongmans in smidswerk, ens.

Dus, om saam te vat, het die sendeling nie alleen die sedelike en intellektuele opheffing van die nie-blanke beoog nie, maar ook 'n verbetering in sy sosiale en ekonomiese lewe.

-DIE LEERLINGE IN DIE SENDINGSKOLE.-

Die leerlinge van die sendelinge het uit die heterogeenste groepe, waaraan 'n mens kan dink, bestaan. Daar was vireers die groot verskil tussen hulle ouderdom. Heel jong kindertjies van 5 jaar het skoolgegaan, maar ook grysaards. Meidjies en klonkies, vroue en mans, het saam skoolgegaan, behalwe in die naaiskole waar net meidjies en vroue skool gegaan het. Maar veral was daar die groot verskeidenheid weens die verskillende stamgroepe. In Kicherer se skool te Sakrivier was daar Boesmans, Oorlam-Hottentotte en Basters. May het op Kok se plaas Basters, Oorlam-Hottentotte en Namakwas onderrig. Te Blyde Uitkomst het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die Albrechtse veral Oorlam-Hottentotte, maar ook suiwer Namakwas gehad. Te Warmbad weer het hulle veral Namakwas gehad, maar ook Oorlam-Hottentotte en die Engelbrecht-Basters. Dat hierdie verskeidenheid aanleiding gegee het tot 'n magdom van moeilikhede is vanselfsprekend. Daar was vireers die kwessie van die taal. Die Basters en die Oorlam-Hottentotte het gelukkig Hollands gebruik, maar die Bondelswarts en die ander Namakwas nie. Dan was daar die tradisionele vyandskap tussen die verskillende groepe. Die Bondelswarts het 'n ewige afkeer van alle „hoeddraers" gehad, d.w.s. blankes, Basters en Oorlam-Hottentotte. Die Basters weer was uitermate trots op die blanke bloed in hul are en het al die ander verag. Dit moes maar 'n baie moeilike taak gewees het om die vrede tussen die leerlinge te bewaar. Die leervermoë van die verskillende groepe het ook baie verskil. Reeds is gesien dat dit feitlik onmoontlik was om die Boesman te beskaaf. Die Namakwas was afgesien van die taalmoeilikheid, seker maar moeilike leerlinge, hoe gewillig hulle ook was. Skoolgaan was iets so vreemd aan hul gewone lewe, dat hulle dit moeilik gevind het om hulle daarby aan te pas. Met die Oorlam-Hottentotte en die Basters het dit heelwat beter gegaan, hoewel nie juis maklik nie, soos blyk uit die volgende voorval. Gedurende hulle tydelike verblyf te Kokskraal het die sendelinge aan die Oorlam-kinders daar ook onderwys gegee. Die volgende aanhaling is geneem uit die „Voortzetting van 't Dagverhaal der drie broederen C. & A. Albrecht

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en J. Seidenfaden" : „13 Desember 1805, toen C. Albrecht des agtermiddags school hield, voelde hy de ongeduld recht in zig zelven," want die meeste leerlinge het net vir kwaad geld rondgeloop en niks geleer nie. Na hierdie ondervinding, sê die „Dagverhaal; het C. Albrecht gaan bid om wysheid (3) - soos so baie onderwysers voor hom en na hom gedoen het.

Die hele aard van die nie-blankes soos veral hul luiheid, gebrek aan deursettingsvermoë en wispelturigheid (soos beskrywe in hoofstukke 2 en 5), is nie eintlik bevorderlik vir skoolgaan nie. Tog was daar veral by die Oorlam-Hottentotte en die Basters, 'n baie sterk begeerte om te leer. May was nog gladnie lank by Kok nie, toe enige kinders en grootmense na hom kom om „onderwezen te worden."(4) Afrikaner, die berugte rower, het aan May gesê: „Ik kan zonder leer niet meer blyven." (5) Hierdie leergierigheid het dikwels ongelukkig nie alte lank stand gehou nie. Oor die algemeen genome, was daar nie eintlike vreugde vir die eerste sendelinge oor hulle leerlinge nie.

-DIE ONDERWYSERS.-

Aanvanklik was die sendelinge self die enigste onderwysers. Later toe ook hul vrouens op die stasies kom, het die vrouens ook gehelp veral wat die opvoeding van die meidjies en die

(3) Kaapse Kerkargief : Verslae, rapporte, joernale ens. van sendelinge.

(4) Soos hierbo, verslag van J.C.L. May, 20 Maart 1804.

(5) Van Niekerk : 'n Afrikaner-Sendeling oorkent die Oranjerivier, Die Kerkbode, 29 Desember 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


vroue betref. Nog later is nie-blankes opgelei en uitgesoek om hulle by te staan as onderwysers.

Die werk van die sendeling as evangelie-prediker en as onderwyser was feitlik een sodat dit vir die sendeling nie iets buitegewoons was om op Sondae ook onderwys te gee nie.(6) Welke opleiding het die sendeling gehad om as onderwyser op te tree? Die meeste Namakwalandse sendelinge het hulle opleiding aan die Jänicke-Instituut in Berlyn gehad. Ebner meld dat hy die volgende vakke daar studeer het: Latyn, Grieks, Hebreeus, matesis, skrif en rekenkunde.(7) Hierdie leerplan bewys ons duidelik hoe hopeloos onbekend die eerste sendingleiers was met die vereistes van sendingwerk in die buiteland. Bittere ondervindings van die sendelinge het eers die les tuisgebring dat dit b.v. belangriker vir die sendeling is om 'n wawiel te kan repareer as om Grieks te ken. Tog sou dit verkeerd wees om die Jänicke-instituut as onprakties te gaan beskou op grond van sy leerplan alleen. Jänicke het aan sy kwekelinge iets anders gegee wat baie meer werd is as vakkennis, nl. 'n gees van toegewydheid aan hul roeping. Manne soos die Albrechtse en Schmelen het met 'n byna fanatieke geloof aan hul sending geglo, trots ontnugterings en ontberings. Tog sou dit vir die Albrechtse baie beteken het, as hulle opleiding meer prakties was - dit sou hul so baie leed bespaar het. Deurgaans kry ons

(6) Cruse : Geskiedkundige oorsig van Kleurlingonderwys § 4, Afd. (iii).

(7) Ebner : Eine Reise nach Südafrika und Darstellung, bl. 33

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die indruk dat hulle onpraktiese mense was, vir wie die ontberings van die lewe in Namakwaland en Suidwes dubbel swaar moes gewees het. Hulle kon nie soos Schmelen (8) gedoen het, met 'n dra-os die wêreld ingaan, met net 'n stuk vleis as voedsel, en 'n karos as saal bedags en as kombers snags nie. Daarvoor was hulle ook te sieklik.

Mevr. C. Albrecht, hoewel ook 'n idealis, was baie beter toegerus vir die werk. Reeds te Rotterdam het sy aan die arm kinders van die arm buurte onderwys gegee. Met dieselfde toewyding het sy die Namakwa-meidjies bymekaar gemaak en vir hulle onderwys gegee. Moffat het van haar gepraat as 'n "lady of superior education and promise."(9) Hoe jammer dat haar belowende loopbaan so gou beëindig is.

In die graf langs die van Sophie Albrecht, rus nog 'n Namakwalandse sendelingvrou, mevr. Sass. Toe Albrecht na die dood van sy vrou na Pella is, het die sendeling Sass te Silwerfontein onder Kok se mense daar gewerk. Mevr. Sass was veral verantwoordelik vir die onderwys van 'n klompie Griekwas. Sy is baie skielik oorlede tydens Campbell se besoek in 1813.(10)

J. Seidenfaden, hoewel 'n Duitser van geboorte, is deur die Nederlandse Sendinggenootskap opgelei en uitgestuur.(11) Hy

(8) Vedder : Voorgeskiedenis van Suidwes-Afr., bl. 224.

(9) Moffat : Missionary Labours, bl. 23.

(10) Campbell : Travels in S.A. 1813, bl. 324.

(11) Vedder : Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 214.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


was dus goed tuis in Hollands toe hy na die Kaap kom. Ook die Albrechtse het 'n tyd lank in Rotterdam vertoef, teneinde voor hul vertrek na Suid-Afrika Hollands aan te leer. Seidenfaden was seker nie 'n innemende persoonlikheid nie, soos blyk uit sy botsings met die Albrechtse, met Tromp en met die boere van Namakwaland. Van Tromp self weet ons net dat sy werk baie bemoeilik is deur die sieklikheid van sy vrou, 'n nooi Bakker van Stellenbosch. Abraham Albrecht se weduwee, 'n nooi Niepoth, het die eerste naaiskool vir die meidjies te Warmbad begin. Sy is later hertrou met Ebner en het moedig die ontberings van die sendinglewe trotseer. Van Schmelen se werksaamhede as onderwyser, sal in die volgende hoofstuk melding gemaak word.

Gedurende die tydperk 1800 - 1818 is nog betreklik min gebruik gemaak van nie-blankes as hulponderwysers vir die sendelinge. Kicherer het enige Basters na Sakrivier meegeneem om hom te help; hulle vernaamste werk was om te tolk. 'n Seun van Cornelis Kok was weer vir May 'n tolk. Die Baster, Gerrit Engelbrecht, was die tolk van A. Albrecht te Warmbad.(12) Ebner het baie hulp gekry uit die dienste van Hendrik Afrikaner, 'n broer van Jager. Laasgenoemde was na sy bekering ook vir Moffat behulpsaam in die skool.(13)

Die belangrikste van die sendelinge se hulponderwysers,

(12) Trans. of the Miss. Soc., deel 3, bl. 242.

(13) Moffat: Op. cit., bl. 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



of kategete, (14) was Jan Magerman. Hy het in 1810 te Warmbad aangekom, nadat hy reeds tevore by die sendelinge Anderson en Kramer werksaam was.(15) Soveel vertroue is in hom gestel dat na Campbell se besoek, Jan Magerman as selfstandige kategeet na Warmbad gestuur is.(16) Hy kan as die pionier van die kleurling-onderwysers vir Namakwaland beskou word.

## -DIE SOORTE VAN SKOLE.-

Hoewel dit soms baie moeilik is om 'n skeidslyn te bepaal tussen die soorte van sendingskole, kan ons feitlik drie soorte van skole onderskei, nl. die doopklas, die gewone dagskool en die naaiskool.

Die Doopklas. Die doel van hierdie skool was om die leerlinge (almal volwassenes) die kennis mee te deel wat hulle nodig het, voordat hulle gedoop kan word. §Aangesien baie leerlinge reeds bejaard was, is die kategetiese, d.w.s. die vra-en-antwoord metode gevolg.(17)§ Deur dieselfde vraag herhaaldelik te vra en elke keer dieselfde antwoord te verkry, het die sende-

(14) Soos ons hul meestal sal noem.

(15) Trans. of the Miss. Soc., deel 3, bl. 320.

(16) Moffat : Miss. Labours., bl 27
en Ebner : Op. cit. bls. 152 en 308.

(17) Ebner : Op. cit., bl. 235.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


ling die leerlinge feitlik daartoe gebring om die vraeboekie te memoriseer. As in aanmerking geneem word, dat die vraeboekie in Nederlands opgestel is - ('n taal wat reeds in 1800 'n ander taal as Afrikaans was) - dan sal dit ons gladnie verbaas dat die leerling alte dikwels dinge gesê het waarvan hy ~~het~~ sleg 'n baie vae begrip had: Behalwe die taal as struikelblok, was daar nog die beperkte lewensuitsig van die inboorling, vir wie die diepere dinge van die siel moeilik te begryp sou wees. Geen wonder dus dat die werk in die doopklas vir die onderwyser dikwels so ontmoedigend was nie. Dan nog het die Duitse sendelinge veral, betreklike hoë vereistes gestel vir hul aspirant-dopelinge. Dit verklaar die geringe aantal dopelinge wat die Albrechtse na drie jaar se arbeid gehad het, nl. net 16.(18) In hierdie verband moet ons nie uit die oog verloor nie dat die doopskool herhaaldelik onderbreek is deur die rondtrekkery en die daaglikse werk van die doopkandidate. Die sendeling was verplig om die skoolure maar te laat aanpas by die omstandighede. Hoewel in sy rapport van 1807 g'n afsonderlike melding van die doopklas gemaak word nie, (19) meld C. Albrecht in 1809 dat op Dinsdae en Vrydae daar "private instruction to candidates for baptism" is.(20)

(18) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens.; C. Albrecht - S.A.S.G., 20 April 1809.

(19) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens., A. Albrecht - S.A.S.G., 6 April 1807.

(20) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl. 315.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die feit dat die leer van die heilswaarhede die hoofdoel van die doopklas was, het nie belet dat ook leesonderrig en sang in die skool gegee is nie. Die skool is altyd met die Gebed van die Heer geopen, terwyl liedere met die begin en die sluiting gesing is.(21)

C. Albrecht meld dat hy as leerboek in die doopklas „De Kortbegrip van de Christelyke Religie" gebruik het.(22) Ongelukkig meld hy ons nie die naam van die skrywer nie. 'n Hele paar „Kortbegrippe" was destyds in gebruik soos blyk uit die volgende lys:

1. A. Brink : Plain Instruction in the Christian Religion.(23)
2. Vos : Vraagboekje.(24)
3. Wester en Borstuis : Korte Vragen voor de Kleine Kinderen.(25) Hierdie kortbegrip is beter bekend onder die naam : Borstuis.
4. Lukas Egeling : Vraagboekje.(26)

Benewens die „Kortbegrip" het ook die Bybel as lees- en leerboek 'n vername rol gespeel in die doopklas.(27) Ons kan

(21) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens., C. Albrecht - S.A.S.G., 6 April 1807.

(22) Genoemde brief van 30 April 1809.

(23) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl. 22.

(24) M.C. Vos : Merkwaardig Verhaal, bl. 135.

(25) Catalogue of the Grey Library bl. 106, Nos. 14 & 15.

(26) Missionsberichte, Jan. 1930, bl. 12.

(27) Interessant is dit dat toe Afrikaner 'n onderwyser verlang, hy tegelyk vra om 42 Bybelboeke en 66 vraeboekies. Sien Vedder : Op. cit., bls. 215 & 216.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aanneem dat maar min leerling die boeke besit het, en al het hulle dit gehad, sou dit min gebaat het, want aanvanklik kon net 'n baie klein persentasie lees.

Die sendelinge het in hul werk dikwels kennis gemaak met 'n eiesoortige verskynsel onder die Namakwas, nl. 'n skielike vloedgolf van godsdiensemosie dwarsdeur die gemeente. Wekelank het hierdie godsdienserns dan deur die gemeente gewoed. In sulke tye het die doopklas tot oorlopens toe vol geword. Die eerste sendelinge het gemeen dat die godsdienserns as vrug op hul werk beskou kon word. Latere sendelinge was egter meer op hul hoede, want soos een dit uitgedruk het: „Rührung ist noch keine Bekehrung."(28) Die sendelinge was in die gelukkige (hoewel soms ontnugterende) posisie om persoonlik te kan waarneem of die doopkandidate die dinge wat hulle leer en bely ook in die praktiese lewe toepas. Dit is dan ook belangruk dat ons in verband met die doopklas steeds in gedagte hou, dat al kan 'n kandidaat die vraeboekie op sy tien vingers, maar sy sedelike lewe is sleg, dan sal hy nie tot die doop toegelaat word nie. Die doop het dus nie alleen kennis vereis nie, maar 'n goeie lewenswandel ook.

Later toe die gewone dagskool in belangrikheid toegeneem het, is die doopklas in die sand gehou, en so het dit mettertyd die naam sandskool verwerf.

(28) Ebner : Op. cit., bl. 118.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die gewone Dagskool: Met hierdie skool word bedoel die skool waarin veral sang, spelling, lees en skrif onderrig is. Dit was veral bedoel vir die kinders maar baie volwassenes het dit ook bygewoon. Dit is duidelik dat die sendelinge van uit die staanspoor die noodsaaklikheid van hierdie skole besef het.(29) Want as die leerlinge self kon lees, dan sou die onderrig in die doopklas baie meer vrug dra, as wat met die papagaai-metode die geval was.

Die Albrechtse het reeds met hulle koms na Namakwaland, A.B.C.-boekies saamgebring soos blyk uit die geskenk wat hulle aan die veldkornet Wolfaard aangebied het, nl. vyf A.B.C.-boekies en 'n Van Brakel.(30) Te Kokskraal is met hulle eerste kinderskool 'n aanvang gemaak. Die ontmoedigende omstandighede waaronder hier skoolgehou is, is reeds aangehaal. (bl.113) Te Blyde Uitkomst het dit seker beter gegaan. Jager Afrikaner self, maar veral sy broer, Hendrik Afrikaner, was flukse leerlinge. In hierdie skool is ook skrif onderrig soos blyk uit die feit dat Hendrik Afrikaner die briefskrywer van Jager geword het. In „Die Voorgeskiedenis van Suidwes" (31) verskyn twee interessante briewe wat genoemde Hendrik aan die sendelinge te Pella geskryf het. Toe die Albrechtse deur die Bondelswarts beweeg is om van Blyde Uitkomst na Warmbad te trek, het Jager selfs nader aan Warm-

(29) Cruse: Geskiedkundige Oorsig van Kleurlingonderwys, 4, afd. (iii)

(30) Cruse: Die Reisjoernaal van die Albrechtse en J. Seidenfaden in Die Kerkbode, 4.8.1937.

(31) bls. 215 en 216.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bad gaan woon, sodat sy stam nog die voordele van die skool mog hê.

Die skool te Warmbad het ook maar 'n sukkelbestaan gevoer. Die Bondelswarts, en veral die kaptein, wou nie besef dat 'n gevestigde lewe nodig is vir goeie onderwys nie. Die taalkwessie het veral hier baie moeilikhede opgelewer, daar die Bondelswarts nie Hollands geken het nie, en die Albrechtse nie kans gesien het om die Namakwataal te leer nie. Gevolglik moes hulle nie alleen in die kerk nie, maar ook in die skool gebruik maak van die dienste van hul tolk, Gerrit Engelbrecht.(32) Dit moes 'n baie moeilike taak gewees het om minbelowende leerlinge deur 'n tolk onderwys te gee. A. Albrecht wat altyd maar baie sieklik was, het die onderwys te Warmbad waargeneem, terwyl C. Albrecht die mense op hul uitlêplekke besoek het.(33) Van A. Albrecht se toestand het die leerlinge misbruik gemaak soos blyk uit die verslag van 1808: "Some (leerlinge) behaved very ill and fearing punishment ran away."(34) Nog 'n moeilikheid in verband met hierdie skool het ontstaan uit die wispelturigheid van die Bondelswartskaptein. Ebner (~~35~~) vertel hoedat hy by een geleentheid met 'n sjambok die kinders uit die skool geslaan het.(35)

(32) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl.

(33) Kaapse Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens., 1/1. A. Albrecht - S.A.S.G., 28 Des. 1808.

(34) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl. 242.

(35) Ebner : Op. cit., bl. 316. Ook Missionsberichte, no.15, bl. 227.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tog was daar tye wanneer die Albrechtse baie goeie moed had wat hulle skool te Warmbad betref, soos blyk uit hul brief van 6 April 1807 aan die S.A.S.G. Daar is toe so baie leerlinge, en nog so baie word verwag, dat hulle 500 (of selfs 1000) boekies aanvra. Hulle hou elke dag tweekeer skool vir omtrent 'n 100 leerlinge. Netsoos die doopklas begin ook die dagskool met die Onse Vader en die sing en die leer van liedere.(36) Te Warmbad is ook seker die eerste gebou opgerig wat tegelyk as kerk en skool kon dien.(37) Tevore is die skool waarskynlik in matjieshuise, of onder groot bome, of in bossie-skerms gehou.

Dit was egter net met goeie reënjare dat die skool te Warmbad floreer het. Die verslag van 1809 was nie so rooskleurig nie. Toe is daar maar drie dae, Maandag, Woensdag en Donderdag gewy aan die gewone dagskool.38)

Die Naaiskool: Aanvanklik is die klonkies en meidjies in dieselfde skool onderrig, maar nadat die sendelinge getroud is, het van die sendelingvroue ook begin onderwys gee, en meer bepaald aan die meidjies en vroue. Reeds mevr. A. Albrecht, wat in 1807 getroud is, het aan die meidjies en vroue begin onderrig gee in naald- en breiwerk. Hierdie skole het mettertyd die naam van naaiskool verkry. Toe mevr. C. Albrecht en mevr. Tromp in 1810 ook te Warmbad is, is die vroulike leerlinge ook in

(36) Kerkargief : Ink. Br. van sendelinge ens. 1/1. C. Albrecht - S.A.S.G., 6 April 1807.

(37) Vedder : Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 220.

(38) Transactions of the Miss. Soc., deel 3, bl. 315.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ander gewone skoolvakke deur die sendelingvroue onderrig. In Transactions of the Missionary Society, deel 3, bl. 424, lees ons dat mevr. Tromp en mevr. C. Albrecht die meidjies om die beurt onderrig, terwyl mevr. A. Albrecht voortgaan om vir hulle naaldwerk te leer. Daarby weet ons dat beide mevr. Tromp en mevr. C. Albrecht vanweë hulle opvoeding, baie goed daartoe in staat sou wees om ook onderrig te gee in lees, skrif en sang. Vir 'n klein tydjie dus was daar te Warmbad aparte skole vir die meidjies en klonkies. Gewoonlik was hulle egter saam en die skool is dan of deur die sendeling of deur sy vrou waargeneem.

Die naaiskool, egter, was feitlik die skool van die sendelingvrou. In die eerste plek het sy die meidjies daar geleer hoe om klere te maak en hoe om hul klere te verstel ens. Ons lees egter dikwels in sendingverslae dat die sendelingvroue hulle leerlinge in die naaiskole ook liedere geleer het. Bybelverhale vertel of voorgelees het, gebede geleer het, en ook leer lees het. Ook uit die beskrywing van mevr. Sass se skool te Silwerfontein, (39) sien ons hoedat die werk van die gewone dagskool so verbind is met die van die naaiskool dat dit moeilik is om te sê onder welke klas dit val. Dus die skeiding wat ons tussen die drie skole probeer stel het, bly tog maar 'n kunsmatige skeiding. Aldrie skole het pær slot van rekening dieselfde doel beoog: 'n beter lewe vir die nie-blanke gebaseer op 'n godsdienstige grondslag.

(39) Transactions of the Miss. Soc., deel 4, bl. 48.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



-INDIREKTE OPVOEDING.-

Maar ook buite die skool, het die sendeling opgevoed, dikwels sonder dat hy daarvan bewus was. Hoewel die sendelinge se tuinmaak weens die brakheid van die water en die klipperigheid van die grond, nie so suksesvol was nie, het die nie-blankes tog daardeur geleer dat hulle baie meer met die water kon uitrig. Ook die huis- en kerkbou was vir die Namakwas 'n opvoeding. Die nadruk wat die sendeling gelê het op netheid in die huise en op die persoon, het ook langsamerhand ingewerk op die inboorling. Dr. Philip verhaal hoedat 'n sendeling in Namakwaland die leerlinge wat netjies skool-toe kom met presentjies beloon het. Toe hierdie metode nie te suksesvol was nie, is die ouer leerlinge aangesê om die kleiner kinders met geweld te was. Toe het dit beter gegaan, sê dr. Philip.(40) So het die sendeling mettertyd geleer dat 'n strenge maar regverdige optrede, menigkeer baie suksesvoller was as die mooibroodjiesbak-politiek.

Dit is jammer dat die eerste sendelinge, soos Kicherer, die Albrechtse, Schmelen, Zimmer en ander die bedenklike stelsel hier ingevoer het om hul gemeentelede, hoe dit ook al teen hul sin geskied het, van voedsel te voorsien. Daardeur is die werk van hul opvolgers ontsaglik bemoeilik. Selfs vandag nog is die afhanklikheidsin van die kleurlinge in Namakwaland 'n ernstige probleem. Dit sou natuurlik onbillik wees om die sendeling alleen verantwoordelik te hou vir die bedelagtigheid en afhanklikheidsin

(40) Dr. Philip : Researches in S.A., deel 1, bl. 208.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van die kleurling. In hoofstuk 2 is reeds daarop gewys hoedat bedelagtigheid en traak-my-nie-agtigheid kenmerkend van die volk was. In hierdie lig beskou, is die voedselvoorsiening deur die sendeling aan die kleurling wel te betreur, maar seer seker nie te veroordeel nie, want dit is bekend hoe moeilik dit gaan om 'n volk se aard te verander.

Die mate van sukses wat die Albrechtse gehad het, sal die beste blyk uit die volgende bespreking van die voortsetting van hul arbeid deur die tweede groep sendelinge. Kortliks kan die betekenis van die eerste groep sendelinge saamgevat word in die stelling: Hulle het 'n stewige fondament gelê waarop hulle opvolgens met 'n groter mate van sukses kon voortbou.

-DIE VOORTSETTING VAN DIE ONDERWYS 1812 - 1818.-

.Toe Ebner, Schmelen en Helm aan die begin van 1812 te Byzondermeid opdaag, het hulle die gevlugte gemeentetjie van C. Albrecht daar gevind. Sewe maande lank het die sendelinge van die een fontein na die ander getrek. Elke môre en elke aand het 'n harde sweepslag weergalm. Dit was die teken dat die godsdiensoefening en die skool 'n aanvang sou neem. Uiteindelik het die klompie te Pella aangeland, waar toe 'n groot versameling stamme bymekaar was. Hier kon die vier sendelinge: C. Albrecht, Helm, Schmelen en Ebner, intensief en geseënd in kerk ek skool arbei. Hier is die begin van die kerk en skool weer aangedui deur die blaas op 'n horing. Elke dag is skoolgehou in sang, spel,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



lees en skryf. By gebrek aan skryfgereedskap en papier is op die sand geskrywe. Op een stadium was daar selfs 191 leerlinge in die skool. Sommige leerlinge was so ver gevorder dat hulle selfs briewe kon skrywe.(41) Ook hier het die sendelingvroue, nl. mevr. Ebner en mevr. Helm, hulle deel gedoen deur die meidjies te leer brei en naai.(42)

Gedurende hierdie tyd is die kategete opgelei wat van so 'n groot betekenis was vir die voortsetting van die arbeid in Suidwes, Grikwaland Wes (43) en Namakwaland. Toe Campbell in 1813 die sendelinge na verskillende oorde gestuur het, kon elkeen 'n paar kategete meeneem wat vir hulle waardevolle dienste gelewer het. Saam met Schmelen het sekere Amraal Lamberts en Christian Tibot getrek.(44) Albei het later 'n vername rol gespeel in die sendinggeskiedenis van Suidwes. Van Magerman het ons reeds melding gemaak. Maar nie alleen die sendelinge het gesprei nie; ook die Oorlam-stamme het na 1813 vanaf Pella in alle rigtings getrek. Saam met hulle het hulle die drang na onderwys en godsdiens meegeneem. Pella was werklik in daardie dae soos 'n lig wat op 'n berg skyn.

Mooi het Ebner sy erkentlikheid teenoor die voorarbeid van die Albrechtse te Blyde Uitkomst in die volgende woorde uit-

(41) Ebner : Op. cit., bls. 100 - 120.
(42) Ebner : Op. cit., bl. 147.
(43) Moffat : Missionary Labours., bl. 14.
(44) Wallmann : Leiden und Freuden....., bls. 193 en 208.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gedruk : "Sie (die Albrechtse) streuten da ihre ersten Samen aus, und wie wunderbar, ich musste nun auch dahin kommen zu schneiden und zu ernten was sie ausgesät hatten."(45) Die Albrechtse het waarlik waar nie te vergeefs gestry en geoffer nie.

(45) Ebner : Op. cit., bl. 186.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# -HOOFSTUK 8.-

## -ONDERWYS OP DIE KLEURLINGRESERWES 1816-1840.-

### -DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE RESERWES.-

Die eerste sendelinge het goed besef dat die opvoeding van die kleurling eers tot sy reg sal kom, wanneer hy hom op 'n bepaalde plek gaan vestig. Ook het dit al spoedig duidelik geword dat weens die indringing van blankes in die gebiede wat vroeër deur nie-blankes bewoon is, laasgenoemdes steeds verder uitgedruk sou word, en tot ondergang gedoem sou wees. Daarom het die sendelinge uit die staanspoor gebiede probeer kry wat deur die regering afgesonder moes wees vir die uitsluitlike gebruik van die kleurlinge, en wie se regte daar deur die blankes erken moes word.

Die Namakwakaptein Jantje Wildschut het reeds in 1770 die reg op die plaas Leliefontein verkry. In 1809 het C. Albrecht 'n toekenning van die gebied wat die huidige reserwes, Steinkopf en Concordia behels van die Tulbaghse landdros, Van der Graaff, ontvang.(1) In dieselfde tyd is aan Seidenfaden die plaas Kamas, later Pella, as sendinginstituut aangewys. Te Leliefontein het die onbevredigende manier waarop die grenslyne tussen plase deur die leningplaasstelsel gereël is, baie moeilikheid tussen die boere en die Namakwas veroorsaak. Shaw, die eerste vaste sendeling te Leliefontein, het die saak onder die

(1) Sien hoofstuk 6, bl. 102.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aandag van die Goewerneur, Lord-Charles Somerset, gebring. Laasgenoemde het Van Plettenberg se toekenning bevestig, en die reserwe tot omtrent 200,000 morge uitgebrei.(2) Daarby het die Wesleyaanse Sendinggenootskap deur die aankoop van twee saaiplase in die omgewing, Tweerivier en Vrede-en-lust, die waarde van hierdie instituut baie verhoog.(3)

In 1829 het sekere Miles namens die L.S.G. aansoek gedoen om die plaas, Komaggas, vir 'n kleurlingreserwe.(4) Twee jaar later het die eerste sendeling te Komaggas, H. Schmelen, sy Nama-vertaling van die Vier Evangelies laat druk. Die Goewerneur, Sir Lowry Cole, was so in sy skik daarmee, dat hy die landmeter Wentzel uitgestuur het om vir Schmelen 'n reserwe uit te meet.(5) Teen 1840 het daar dus in Namakwaland die volgende reserwes bestaan:

1. Steinkopf in 1809 aan L.S.G. geskenk.
2. Pella " 1809 " " " .
3. Komaggas " 1829 " " " .
4. Leliefontein in ± 1824 aan Wesl. Sendinggenootskap geskenk, maar sedert 1770 was dit al 'n reserwe vir nie-blankes.

---

(2) Whiteside : History of the Wesleyan Methodist Church of S.A., bl. 46.

(3) Backhouse : A Narrative of a Visit to the Mauritius and S.A., bl. 524.

(4) C.O. Lett. Rec., 617 Agents and Missionaries, Miles - Col. Sec., 12 Junie 1829.

(5) Report : C. 2., 1838, & Missionsberichte, no. 8, bl. 88.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## -DIE GESKIEDENIS VAN DIE RESERWES ONDER DIE BESKERMING VAN DIE L.S.G. 1816 - 1840.-

Pella se bloeityd (6) was maar van korte duur. Teen 1815 het alle stamme, behalwe die Witbooi's, Pella verlaat. Bartlett was die opvolger van C. Albrecht. In 1817 is hy deur L. Marquard bygestaan.(7) Omtrent hulle werksaamhede is maar min gegewens gevind. Weens die dorre geaardheid van die Boesmanland, was Bartlett dikwels verplig om saam met die Witbooi's te trek. Toe die reisiger, Thompson, in 1824 deur die Boesmanland trek, vind hy Pella verlate, maar het Bartlett te Gems aangetref waar hy in 'n matjiesgoedhuis woon.(8) Die volgende jaar is Bartlett na Grikwaland verplaas.(9) Die Witbooi's het tot ongeveer 1830 in Boesmanland gebly.(10) Gedurende hierdie tyd het 'n baie interessante man na hulle gekom as onderwyser. Dit was 'n Hollander, 'n sekere Hollenbach. Hy het 'n avontuurlike loopbaan gehad. In die Napoleontiese oorloë het hy in die Nederlandse vloot gedien. Na die oorlog oor was, het hy na die Kaap gekom, waar hy aanvanklik in Clanwilliam se omgewing onderwys gegee het. Later het hy na Namakwaland gekom. Die landmeter Moffat, seun van die bekende sendeling R. Moffat, het hom in 1854 in die Boesmanland aangetref, en praat van hom

(6) Hoofstuk 7, bls. 126, 127 & 128.

(7) Transactions of the Miss. Soc., deel 4, bl. 267.

(8) Thompson : Travels and Adventures in Southern Africa, deel 2, bl. 55.

(9) C.O. 457. Lett. Rec. Worcester, 9 Jan. 1826.

(10) Missionsberichte, no. 15. bl. 236.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


"as a worthy man."(11) Hy het na die vertrek van die Witbooise in Boesmanland agter gebly as onderwyser vir die Basters wat met goeie reënjare Boesmanland ingetrek het. Die verlating van Pella deur die L.S.G. het baie nadelige gevolge gehad. Daardeur is die skakel tussen die twee L.S.G.-gebiedes, Namakwaland en Grikwaland Wes, verbreek. Baie van die moeitevolle werk van die eerste sendingpioniers is vernietig deur die onvermoë van die L.S.G. om die werk in Namakwaland en Suidwes voort te sit.(12) Reeds in 1817 het Ebner die werk te Warmbad prysgegee, omdat die Bondelswarts hom vyandig gesind was. Ook Moffat het in 1818 sy werk te Afrikanerkraal gestaak, toe die Afrikaners noordwaarts verskuif het. Soos reeds gesien, het Bartlett skielik in 1825 ook Pella verlaat. Net te Komaggas en Steinkopf het die L.S.G. aangehou tot 1840.

Die gemeente Steinkopf het waarskynlik eers in 1816 die naam gekry, toe Schmelen die reserwe verdoop het ter ere van sy geestelike vader, dr. Steinkopf, die predikant van die Savoy Kerk in Londen.(13) Vroeër was die reserwe bekend onder die naam By-

(11) Moffat : An Account of a Journey from Colesberg to Steinkopf, bl. 16.

(12) Backhouse: op. cit., bl. 569.

(13) Dr. Vedder : Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, bl. 224. Schmelen self meen dat dit in 1818 was dat hy die stasie Steinkopf begin het. (Missionsberichte no. 3, bls. 69 e.v.), maar hy sê ook dat na 'n jaar 'n jonger kollega, d.w.s. Kitchingman, hom opgevolg het. Kitchingman het in 1817 gekom (sien Moffat, Missionary Labours, bl. 86,) dus moes Schmelen al in 1816 te Byzondermeid begin werk het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


zondermeid, wat nog die hoofplek van die gemeente tot omtrent 1832 was. Teen 1840 het Wimmer, die destydse sendeling, van Byzondermeid na Kookfontein verskuif. Die Rynse sendelinge het Kookfontein as hoofplek bly behou, sodat die naam mettertyd vervang is deur die naam Steinkopf ook vir die dorpie. Die fontein te Steinkopf word vandag nog Kookfontein genoem, maar die dorpie en die reserwe heet Steinkopf.

Te Byzondermeid het C. Albrecht reeds in 1810 gewerk, en 1812 het Ebner, Helm en Schmelen die werk daar voortgesit, totdat die gemeente weer aan trek gegaan het. Intussen het enkele families waarvan die Engelbrecht-Basters die vernaamste was, hulle te of naby, Byzondermeid gevestig. Die Engelbrechts was reeds te Warmbad onder die prediking van die Albrechtse en het nou weer na 'n sendeling verlang. Derhalwe het die L.S.G. Schmelen gelas om sy stasie te Bethanië te verlaat, en na Byzondermeid te gaan. Baie teen sy sin het hy sy werk in Suidwes laat vaar, en na Byzondermeid gekom. In 1817 is hy gelukkig deur Kitchingman afgelos. Kitchingman het die reserwe versterk deur 'n klompie Basters uit die Onder-Bokkeveld te beweeg om soontoe te trek.(14) Die reserwes was toe alreeds die toevlugsoord vir die Basters wat elders deur die blankes uitgekoop en verdring is.

Wimmer, 'n Oostenryker van geboorte, het in ± 1821 Kitchingman opgevolg. Reeds in 1809 het hy na Suid-Afrika gekom,

(14) Philip : Researches in South Africa, deel 2, bl. 210.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


maar het tot daardie tyd meesal te Bethelsdorp gearbei. In sy nuwe stasie was moeilikhede volop tussen die Basters en die ander. Die Basters onder Jacobus Engelbrecht wou nie buig onder Viegeland, (15) wat deur Witbooi tot hoof benoem is nie. Wimmer kon nie met beslistheid optree nie, en het gewoonlik as dit te warm word vir hom pad gegee. So het Thompson hom in 1824 op die plaas Rietfontein van die Beukes-Basters aangetref.(16) Die volgende jaar is hy met een van die Beukesse getroud te Clanwilliam.(17) Wimmer is daarna terug, maar in 1833 het hy Byzondermeid weer verlaat na 'n rusie met die Basters. In 'n brief van 10 Mei 1833 kla hy by die landdros te Clanwilliam oor die handelwyse van die Basters. Die Basters wou meer as een vrou aanhou, en het ook vir hulle slawe in Suidwes gekoop. Toe hy as sendeling sy stem hierteen verhef, is hy feitlik weggejaag.(18) Wimmer het drie jaar weggebly; intussen het hy onder die Beukes-Basters te Rietfontein en Modderfontein kerk- en skool gehou. Uiteindelik het hy aan die smeekbedes van sy ou gemeentelede gehoor gegee en teruggegaan.(19) Die lange afwesigheid van Wimmer uit die gemeente het 'n algehele agteruitgang veroorsaak. Toe Cook in 1834 deur die gemeente reis, merk hy op in verband met die Van Wyks en die Engelbrechts: "They are awfully degraded and their habits entirely heathen."(20) In 1836 het Terlinden en

(15) Meyer : Die Gemeente te Steinkopf, bl. 15.
(16) Thompson : Travels and Adventures in Southern Africa, deel 2, bl. 84.
(17) C.O. 457, Lett. Rec. Worcester, 7 Maart 1825.
(18) C.O. 719, Lett. Rec., Worcester, fol. no. 33.
(19) Backhouse : Journal, Vol. 2, Part X, bl. 66.
(20) Cook : A Modern Missionary, 13 Mei 1834.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Leipoldt, twee Rynse sendelinge, die gemeente besoek en was baie teleurgesteld oor die slegte toestande aldaar.(21) Wimmer was al oud, en hoewel hy die mense baie lief gehad het, kon hy hul nie beheer nie. Alexander, wat hom ook dieselfde jaar besoek het, bewonder sy taaie volharding en opofferende lewe onder die kleurlinge.(22) In 1840 is Wimmer nog besoek deur die reisiger, Backhouse. Wimmer het intussen na Kookfontein getrek, waar hy in 'n tweevertrekhuisie gewoon het, wat tegelyk kerk en skool was. Te Byzondermeid het Backhouse net "the ruins of an old mission house" aangetref. Toe was Wimmer al 77 jaar oud. Hy is kort daarna op 21 Junie 1840 oorlede.(23)

Komaggas. Reeds in 1814 het Schmelen die Cloete-Basters te begrabies belowe dat hy namens hulle by die L.S.G. om 'n sendeling sou pleit.(24) In 1829 het Schmelen self van die L.S.G. opdrag ontvang om 'n sendingstasie te Komaggas, die hoofplek van die Cloetes, te begin. Hoewel hy teësinnig was om sy geliefde Bethanië vaarwel te sê, het hy hom te Komaggas met hart en siel in sy werk gegooi. Onder die Basters het hy 'n redelike mate van sukses gehad, maar die hoogmoed van die Basters teenoor die Hottentotte op die reserwe het moeilikheid veroorsaak. Hier-

(21) Missionsberichte, no. 8, bl. 84.

(22) Alexander : Excursions in Western Africa, vol. 1, bl. 142.

(23) Backhouse : Narrative of a Journey to Mauritius and S.A., bl. 579.

(24) Schulze : Aus Namaland und Kalihari, bl. 115.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die saak is nog vererger toe na die vrystelling van die slawe in 1838, 'n klomp ie vrygestelde slawe soos die Ruitens, die Fortuins en ander na die reserwe kom, en die baasskap van die Cloetes betwis.(25) Schmelen het egter nie slegs te Komaggas gearbei nie. Hy het nog steeds oor Sendelingsdrif na Bethanië gegaan. Op pad het hy dienste gehou te Oegrabies en in die Richtersveld onder Paul Links se stam. Ook van die arbeid in die Richtersveld is Schmelen dus die grondlêer gewees.(26) Teen 1838 het Schmelen gevoel dat die werk vir hom te veel word; hy was reeds oud en die kroue van die harde lewe het sig reeds laat voel. Met die besef dat as die L.S.G. hul werksaamhede in Namakwaland inkort, al die werk van die Albrechtse e.a. dan vernietig sou wees, skryf hy briewe na Wupperthal en na Duitsland waarin hy daarop aandring dat die Rynse sending tog die werk moes oorneem.(27) Na Leipoldt en Terlinden se besoek aan Namakwaland in 1836, was die Rynse sending reeds geïnteresseerd in Namakwaland as toekomstige arbeidsveld. Nadat die L.S.G. te kenne gegee het dat hulle Namakwaland gaan verlaat, het die Rynse sending ingetree. Die oorname ens. vorm egter die onderwerp van 'n volgende hoofstuk.

---

(25) Meyer : Die Geskiedenis van Komaggas, 'n ongepubliseerde artikel.

(26) Bell rapport oor Namakwaland 1855, bl. 14.

(27) Missionsberichte, No. 10, bl. 57.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## -ONDERWYS EN OPVOEDING OP DIE L.S.G. RESERWES 1815 - 1840. -

Gunstiger omstandighede vir die onderwys van die nie-blanke het ingetree met die totstandkoming van die reserwes.

Hoewel die rondtrekkery nog steeds voortgeduur het, is dit nou baie beperkter in omvang as vroeër. Die groot trekbewegings van die nie-blankes aan die einde van die 18e eeu, het nou tot rus gekom. Ook die verdere indringing van die blanke, het die nie-blankes daartoe gedwing om hul rond-en-bont trekkery in te kort. Dan het die latere sendelinge geleer om hul beter aan te pas by die nomadiese aard van die mense. Schmelen, Wimmer en Bartlett het dikwels die stasies verlaat en saam met hul gemeentes getrek, en daardeur die werksaamhede van die stasie voortgesit.

Op die reserwes kon die sendelinge ook nou die vrugte van hul voorgangers se werk pluk. Baie van die reserwebewoners was vroeër in Suidwes en te Pella, selfs te Grikwastad, onder bearbeiding van ander sendelinge.

Verder het die sendelinge op die reserwes meer invloed kon uitoefen, as die sendelinge op die ander ver stasies. Die sendeling was die pleitbesorger vir die nie-blankes in die verkryging van die reserwes. Ook wanneer daar vir die nie-blankes bedreiging was van die blankes se kant, dan het hulle na die sendeling opgesien om beskerming en hulp.(26) Die feit dat die re-

(26) Sien C.O. 587. Lett. Rec., Miles - Col. Secr., folio 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



serwe deur die sendeling of deur bemiddeling van die betrokke genootskap verkry is, plaas die sendeling in 'n baie selfstandiger posisie teenoor die nie-blanke, as wat met die sendelinge oor die Oranje-rivier die geval was. Die sendeling op die reserwe sou b.v. die onbelemmerde gebruik van die fonteine mag hê, asook die gebruik van saailande. Hier dien egter vermeld te word dat Schmelen en Wimmer nie daarin geslaag het om sterk morele dwang op hulle gemeentelede uit te oefen nie.

Wat in die vorige hoofstuk gesê is oor die doel van die sendingskole, geld ook vir die skole op die reserwes. Daar kan net bygevoeg word dat die sendeling nou meer bewus voel dat hy verantwoordelik is ook vir die ekonomiese welsyn van sy gemeentelede.

Die leerlinge in die sendingskole op die reserwes verskil ook nie van die leerlinge in die skole te Warmbad en Pella nie.

Die onderwysers. Hoewel ons g'n definitiewe getuienis het nie, kan ons aanneem dat Schmelen, Wimmer en Bartlett onderwys gegee het. Later het Schmelen en Wimmer waardevolle hulp gehad in hulle huisgenote. Schmelen se tweede vrou, 'n mej. Bam van Kaapstad, was voor haar troue 'n bekwame onderwyseres.(27) Schmelen se dogters by sy eerste vrou het in die Kaapse skole 'n goeie opvoeding geniet, (28) en dit is bes moontlik dat hulle ook

(27) Alexander : Op. cit., bl. 89.

(28) " : " " " ".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gehelp het met die onderwys te Komaggas.

Te Steinkopf het Magrieta Wimmer en nog 'n suster (29) die leiding van die skool op hulle geneem. Backhouse sê waarderend van Magrieta Wimmer : "An active young woman, who took a general charge both in civil and religious affairs."(30)

Geen vermelding van kategete is teëgekom nie. Ons kan egter aanneem dat die sendelinge seker van hul bekwaamste leerlinge as hulp-onderwysers gebruik het.

Oor die skole self het ons net die getuienis van die reisigers, Alexander en Backhouse. Backhouse meld dat daar te Komaggas in 1840 tussen 70 en 100 leerlinge in die skool was. Hulle het egter maar min vordering in lees gemaak, weens die baie rondtrekkery.(31) Te Kookfontein was die skool weens 'n maselepidemie gesluit, maar hy meld dat daar tussen 90 en 100 leerlinge gewoonlik die skool besoek.

Die doopklasse het natuurlik nog bestaan, hoewel geen spesiale vermelding teëgekom is nie. Schmelen se getal gedooptes was nouliks 40, toe sy opvolger, Weich, die werk oorneem.(32) Ook Wimmer het te Steinkopf maar 'n baie klein getal lidmate gehad volgens Backhouse.(33) Hierdie uitspraak kon nie kontroleer

(29) Waarskynlik Elizabeth, die latere vrou van die bekende evangelis, Frederik Hein.

(30) Backhouse : Op. cit., 544.

(31) Backhouse : Op. cit., bl. 533.

(32) Komaggas Lidmate-register in die Komaggas Pastorie.

(33) Backhouse : Op. cit., bl. 547.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


word nie, daar alle kerklike gegewens van Steinkopf voor 1868 deur 'n brand in die pastorie in 1868 vernietig is.

Hoewel ons geen vermelding van naaiskole teëkom nie, kan ons met veiligheid aanneem dat mevr. Schmelen en Magrieta Wimmer nie so 'n vername deel van die mense se opvoeding sou verwaarloos het nie.

Praktiese onderrig. Wimmer, sowel as Schmelen, was twee praktiese mense, en het hul bes gedoen om die kleurlinge te leer werk. Wimmer het aan die nomadiese veeboere van die Steinkopf-reserwe geleer dat ook daar met sukses gesaai kon word. Deur hom is die eerste lande te Melkopsfontein, Klipfontein en Byzondermeid aangelê.(34) Sy tuinbou was minder suksesvol weens die brakheid van die water. Backhouse het in 1840 net "a few rather unproductive gardens" aangetref.

Schmelen was nog meer prakties aangelê. Weens die harde leerskool wat hy in Suidwes moes deurgaan, het hy 'n bekwame ambagsman geword. So moes die sendeling, Moffat, eers 'n tyd by Schmelen te Byzondermeid deurbring, ten einde by Schmelen smidswerk te leer.(35) Schmelen het die Cloetes oortuig dat selfs in die omgewing van Komaggas koring gewen kon word.(36) Sy tuin te Komaggas is deur Alexander bewonder.(37) Hy het ook 'n windmeul gebou om die water uit die fonteine te pomp, en ook

(34) Meyer : Die Gemeente te Steinkopf, bl. 32.
(35) Moffat : Missionary Labours, bl. 25.
(36) Meyer : Geskiedenis van Komaggas, ongepubliseerd.
(37) Alexander : Op. cit., bl. 89.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


leivore aangelê. Ongelukkig het sy voorbeeld nie baie navolging gevind nie. Daar was baie tuingrond, maar min tuine. Tog was daar 'n paar gemeentelede wat die nut van tuinmaak en saaiery begin insien het. Schmelen en ook Wimmer kon met hulle morele invloed laat geld, en dit het op die lui gemeentelede nie baie indruk gemaak nie. Dit het later geblyk dat 'n strenge maar regverdige optrede van die sendeling baie goeie resultate oplewer.

Schmelen het ook ernstige aandag bestee aan die bouery op die stasie. 'n Pastorie en doelmatige kerk is in sy tyd opgerig.(38) Die kerk is ook as skool gebruik. Hier het Wimmer agteruitgestaan want sy eie woninkie van twee vertrekke moes ook as kerk en skool dien.

Voertaal: Hier is dit miskien die beste plek om aandag te gee aan die kwessie van welke taal as medium in die sendingskole gebruik is. Die eerste sendelinge was verplig om gebruik te maak van tolke, omdat die klikklanke van die die Namakwataal tog te moeilik was vir die Europese tong. Maar Schmelen, wat dieper die land ingetrek het en meer met die egte Namakwa in aanraking gekom het, het besef dat die taal die hoofstruikelblok in die Namakwa-sending is.(39) Schmelen, met die ywerige hulp

(38) Alexander : Op. cit., bl. 89

(39) Von Rohden : Geschichte der Rheinischen Missionsgesellschaft, bl. 38.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


van sy Baster-vrou (39a) het 'n deeglike studie van die Namakwa-taal gemaak. Die gevolg hiervan was die eerste vertaling van die Vier Evangelies in Nama. Ook het Schmelen 'n vertaling gemaak van Wester en Borstius se Kortbegrip,(40) 'n boek wat hy seker as leerboek in sy doopklas te Bethanië gebruik het. Volgens Backhouse het Schmelen ook 'n versameling van liedere in Nama laat druk.(41) Hierdie liedere is seker te Komaggas tydens Backhouse se besoek gebruik, maar dit is sterk te betwyfel of die ander vertalings te Komaggas gebruik is. Hoewel die meerderheid van die bevolking op die reserwe Namakwas was, en die dienste nog altyd in Nama getolk is, was die Basters en die Oorlam-Hottentotte die base op die reserwes. Hierdie twee groepe sou nie Nama as taal in die skool wou duld nie, omdat dit hul te veel an hul Namakwa-afstamming herinner het, iets wat hul liewer wou vergeet. Selfs die suiwer Namakwas van Suidwes het op hul eie taal neergesien en geëis dat hulle kinders in Hollands onderwys word.(42) Interessant is die volgende aanhaling uit die Albrechtse se dagverhaal; waaruit blyk dat die Namakwas gereken het dat Hollands as taal nodig is vir hulle saligheid. 'n Bekeerde meid sê aan haar suster: „dat zy ook niet Hottentotschen

(39a) Volgens eerw. Meyer, oud-sendeling van Steinkopf, was Schmelen se eerste vrou 'n Meyer-baster. G'n vermelding van waar en wanneer hul getroud is, is teëgekom nie.

(40) Catalogue of the Grey Library, bl. 106, no. 14.

(41) Backhouse : Journal Vol. 2, Part X, bl. 28.

(42) Vedder : Op. cit., bl. 310.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



taal moest spreken maar Nederduits omdat de Heere haar kon verstaan,"(43)

Schmelen se tweede vrou sou seker nie Nama geken het nie, en sou dus Hollands as medium in haar skool te Komaggas gebruik het. Te Steinkopf is tot verbasing van Backhouse ook net Hollands as medium gebruik. Hoewel Schmelen se boekies toe al lankal bestaan het, en die dienste steeds in Nama vertolk is, het hy nie een van Schmelen se boekies daar opgemerk nie.(44)

Ook op die Leliefonteinreserwe wat deur die Engelsman, Shaw, aangelê is, is Hollands as voertaal gebruik. Toe Shaw hoor dat hy na Suid-Afrika sou gaan, het hy dadelik begin Hollands leer.(45) In 1836 het Alexander aanbeveel dat Engels die plek van Hollands te Leliefontein moes inneem. Daarvan het daar destyds niks gekom nie, hoewel ons later weer met pogings om Engels in te voer, te doen sal kry.

Uit die staanspoor het Hollands die moedertaal van die meeste leerlinge op al die reserwes verdring. Dit het sy voordele gehad, maar aan die anderkant is dit nie te betwis nie dat die onderwys baie dikwels ondoeltreffend was omdat die leerlinge hulle onderwysers nie kon verstaan nie.

---

(43) Kaapse Kerkargief : Verslae en Rapporte van sendelinge aan S.A.S.G. „Voortzetting van 't Dagverhaal der drie Broederen."

(44) Backhouse : Op. cit., 545.

(45) Whiteside: Op. cit.. bl. 37

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Behalwe die moeilikhede wat 'n gevolg was van die voertaalkwessie, was daar nog enige leemtes wat ons aandag verg. Ook hulle het die verkeerde metode beoefen om hul gemeentelede van voedsel te voorsien. Backhouse sê: "In order to encourage the attendance of public worship the people were often supplied with food while here by the missionary out of what was not an abundance for himself and his family."(46)

Ongelukkig het die sendelinge ook nie baie kontrole oor hul gemeentelede gehad nie. 'n Mens kry die indruk dat die kleurlinge, hulle nie baie gesteur het aan wat die sendelinge sê nie.

Hul Betekenis: Dit is baie moeilik om die betekenis van Schmelen en Wimmer as opvoeders van die Namakwalandse kleurlinge te bepaal. Hoe baie Schmelen ook vir Namakwaland gedoen het, sy vernaamste werk was as pionier van die beskawing in Suidwes. Olpp sê van hom: "So viel steht fest dass alle in späterer Zeit folgenden deutschen Missionare des Nama - und Hererolandes im Ganzen genommer, auf den Schultern dieses Mannes stehen."(48) Maar ook as stigter van die werk te Steinkopf, Komaggas en die Richtersveld, het Schmelen baie vir die kleurling in Namakwaland beteken. Wimmer het minder presteer, maar ons moet in ag neem dat hy met 'n besondere losbandige tipe

(46) Backhouse : Op. cit., bl. 538.

(47) Sien ook : Meyer : Die Geskiedenis van Komaggas, ongepubliseerd.

(48) J. Olpp : Deutsche Missions - und Segenstätten im Südwest.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Baster te doen had. Die beste bewys van die sukses van hul werk is te sien in die feit dat baie van hulle leerlinge weer van groot betekenis was vir die voortsetting van die werk elders. (Sien hoofstuk 13 )

## -LELIEFONTEIN, DIE RESERWE VAN DIE WESLEYAANSE GENOOTSKAP 1816 - 1840.-

Die Wesleyaanse sending het sy intree in die Namakwalandse sendingveld gemaak, nadat Shaw, 'n Wesleyaanse sendeling, vir Schmelen in Kaapstad ontmoet het. Laasgenoemde het hom oorgehaal om saam met hom in Suidwes te gaan werk. Langs die pad het egter deur 'n wonderlike toeval iets gebeur, wat Shaw na die Kamiesberge laat gaan het in plaas van saam met Schmelen. Ten noorde van die Olifantsrivier splits die pad wat na Suidwes oor Sendlingsdrif gaan, en die pad wat na Klein-Namakwaland gaan. Soos die Bestiering dit beskik het, het Shaw 'n klompie Namakwas ontmoet net duskant die splitsing van die paaie. Die Namakwas was op pad Kaap-toe om 'n sendeling te gaan soek. Shaw het dit as 'n vingerwysing van God beskou, en saam met die Namakwas teruggekeer.(49) So het die Wesleyaanse sendingstasie te Leliefontein in 1816 begin. Dit was 'n moeilike taak wat Shaw en sy vrou hulle gestel het om die Namakwas van Leliefontein te beskaaf. Whiteside gee ons 'n taamlike donker beeld van die

---

(49) Whiteside : Op. cit., bls. 38 - 42.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Namakwas: "The Namaqua had few wants, and were consequently indolent. To have plenty of meat and milk, to lie in the sun and smoke, to possess numerous wives who did the heavy labour - this was a Namaqua paradise. They could not be said to have any morals, and their feasts were scenes of gross sensuality."(50)

Sewe jaar tevore het Seidenfaden al onder dieselfde mense gewerk, maar sy werk is so dikwels onderbreek dat daar nie baie vrug op was nie. Shaw moes feitlik van meet af begin. Een van sy grootste probleme was die hoogmoed van die Namakwas. Jantjie Wildschut, die kaptein, was al oud, en kon nie die order onder sy oproerige volgelinge handhaaf nie. Van der Graaff het in 1809 van die Leliefonteinse Namakwas rapporteer: "They behaved in a most insolent manner. They even signified they were not bound to obey my commands."(51) Shaw het dadelik werk daarvan gemaak, en die saak voor die Goewerneur Lord C. Somerset gelê. Reeds is gesien dat Somerset die reserwe uitgebrei het, maar nog meer, hy het die reserwe onder direkte beheer van die sendeling geplaas. Die landdros te Clanwilliam het aan J.H. Aggenbach, die Namakwalandse veldkornet, opdrag gegee om na Leliefontein te gaan en die veranderde posisie aan die inwoners te verduidelik. Die sendeling sou volle seggenskap hê oor die reserwe. Hy kon nuwe inwoners toelaat, of oues wegja. Hy kon lande en tuine vir die bewoners aanwys, en diegene wat hul tuine of lande nie nuttig gebruik

(50) Whiteside : Op. cit., bl. 42.

(51) C.O. 44. Lett. Rec., Worcester, V.d. Graaff - Col. Secr., fol. 23.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


nie, kon in die pad gesteek word.(52) Shaw het vier van sy gemeentelede aangestel om met hom as voorsitter die sake van die reserwe te reël.(53) Die raad is later uitgebrei tot 8 lede met die sendeling as voorsitter.(54) Daar was reeds rade op ander sendingstasies voordat Shaw se raad gestig is, maar die Raad wat Shaw ingestel het, het as model gedien vir die rade wat later deur die Rynse sendelinge op hulle stasies ingevoer is. Watter euwels daar ook al verbonde was, en is, aan die bestaan van die rade, is dit nie te ontken nie dat die rade baie gedoen het om 'n verantwoordelikheidsin by baie kleurlinge te skep.

Shaw het ook spoedig besef dat die werk te veel vir een persoon is, en kort daarna is hy versterk deur die koms van E. Edwards.(55) Die jaar daarna kom ook Archbell, (56) en in 1820 kom Kay.(57) Deur hierdie versterkings aangemoedig het Shaw die werk probeer uitbrei. Archbell is na die Beukes-Basters te Rietfontein, vanwaar hy ook gepoog het om die Boesmans te bearbei.(58) Shaw en Kay het intussen Suidwes besoek. As gevolg daarvan het die Wesleyane besluit om hul tentpenne na die verlate arbeidsveld

(52) C.O. 428. Lett. Rec. Worcester, - Synnot - Col. Secr., fol. 2.,
vgl. Shaw : Memorials, bl. 109.

(53) Moister : History of Wesleyan Missions, bl. 154.
Die kleurlinge wat lede van die raad was, is korporaals genoem, 'n term wat vandag nog in gebruik is. Die woord korporaal is waarskynlik 'n ontlening van die ou naam veldkorporaal, die titel wat as voorloper gedien het tot die latere name Veldwagmeester en Veldkornet.

(54) Alexander : Op. cit., bl. 56.

(55) Shaw : Op. cit., bl. 91.

(56) Shaw : Op. cit., bl. 102.

(57) Theal : Records of the Cape Colony, vol. xiii, bl. 1.

(58) Whiteside : Op. cit., bl. 46.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van die L.S.G. te versit. Archbell vergesel van een van hul kategete, Jacob Links, het die werk in Suidwes hervat, maar moes weens die bedreigings van die Boesmans die werk staak.(59)

Na tien jaar van vrugbare arbeid is Shaw na 'n ander arbeidsveld verplaas. Onder aandoenlike tonele het hy van sy gemeente afskeid geneem.(60) Edwards kon op die goeie fondament deur Shaw gelê, voortbou. Agtien jaar lank het Edwards sy kragte gegee vir Leliefontein, totdat hy in 1836 na Somerset Wes verplaas is. Maddy en Jackson was sy opvolgers.

## -ONDERWYS EN OPVOEDING TE LELIEFONTEIN 1816 -1840.-

Netsoos die L.S.G. het die Wesleyaanse Sendinggenootskap besef dat evangelisasie en onderwys hand aan hand gaan. Maar baie meer nog as die L.S.G., het die Wesleyaanse sendelinge die noodsaaklikheid van hande-arbeid besef. Daarom sal ons eers aandag gee aan wat die Wesleyaanse sendelinge in die onderrig van praktiese vakke presteer het, voordat ons die formele onderwys bespreek.

Onderwys in Landbou en Hande-arbeid: Shaw was werklik die regte man op die regte plek. As seun van 'n Engelse boer was hy bekend met plaasarbeid en plaasgereedskap. Kort na sy aankoms het hy die Namakwas in stomme verbasing laat staan, toe hy met die beperkte middele tot sy beskikking ses ploeë vervaardig het. En

(59) Whiteside: Op. cit., bl. 55.

(60) Shaw : Op. cit., bl. 120.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


hierdie ploeë het nie mutteloos bly lê en roes nie; nee, hy moes nog meer maak, so groot was die aanvraag. Voor Shaw se koms het die Namakwas op die vrugbare plaas Leliefontein geen graanoes geken nie. Toe hy na tien jaar weggaan, het die Namakwas al 2000 mud graan per jaar gewen.(61) Hierdie berekening wat gebaseer is op gegewens deur die sendelinge verskaf, word gesteun deur die getuienis van reisigers.(62) Shaw het ook begin tuinmaak. Hierin het hy ook heelwat navolging gevind. Met die onderrig van landbou aan die Namakwas het Shaw 'n definitiewe doel beoog. "I was desirous of keeping them together by teaching them to live by agriculture instead of hunting."(63)

Met die kerkbou het Shaw daarin geslaag om die hele gemeenskap lekker saam te laat werk. Die meidjies en vroue moes die matjies vleg vir die dakbedekking, die volwasse mans het die klippe aangery, die jongvolk het hout gaan haal te Norap, die klonkies trap die klei, terwyl Shaw self messel.(64) Dit het natuurlik nie altyd so fluks gegaan nie, maar oor die algemeen het Shaw daar in geslaag om die mense die betekenis van werk te leer.

Die Wesleyaanse sendelinge het die voortou geneem in verband met wolboerdery in Namakwaland. Edwards het die eerste

(61) Whiteside : Op. cit., bl. 44.

(62) Thompson : Op. cit., bl. 89.
Leipoldt in 1830 : Missionsberichte no. 3, bl. 64.
Alexander : Op. cit., bl. 56.

(63) Shaw : Op. cit., bl. 83.

(64) Shaw : Op. cit., bls. 74 en 81.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


wolskape ingevoer met die doel om te Leliefontein 'n hoedemakery te begin. 'n Aanvang met hierdie industrie is werklik onder sekere J. Alison begin.(65) Alexander maak o.a. ook in 1836 melding daarvan.(66) Hoe sterk hierdie bedryf was, is nie vasgestel nie, maar dit bewys die ondernemingsgees van die Wesleyaanse sendelinge.

Shaw en sy opvolgers het steeds vir hul gemeentelede in die bresse getree. Hulle het die indringing van die blankes op hul gebied hardnekkig bestry, en daardeur die Namakwas in staat gestel om vooruit te boer. Sommige van hulle het betreklik welvarend geword. Die Linkse besit volgens 1825 se „opgaafrollen" meer as 800 stuks vee.(67) Belangrik is ook die doeltreffende wyse waarop die Wesleyaanse sendelinge die berugte „brandewynwa" bestry het. Alexander vertel hoedat in 1836 'n „brandewynboer" Leliefontein moes verlaat want hy kry te min klandisie.(68)

Die Wesleyane het dus alle rede gehad om trots te wees op die arbeid van hulle eerste sendelinge. In 1820 word reeds met trots na hul werk te Leliefontein verwys met die woorde: "They (die sendelinge) have introduced agriculture and the useful arts."(69) As ons hul sukses vergelyk met die werk te Komaggas

(65) C.O. 535. Lett. Rec. Agents & Missionaries in the Interior.

(66) Alexander : Op. cit., bl. 127.

(67) J. B. Clanwilliam : Opgaafrollen 1825.

(68) Alexander : Op. cit., bl. 79.

(69) Theal : Records of the Cape Col., vol xiii, bl. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en Steinkopf, dan is daar een faktor wat ons steeds in die oog moet hou. Die Wesleyaanse sendelinge was deur die volmag wat Somerset aan hul verleen het, die base op Leliefontein, terwyl Schmelen en Wimmer alte dikwels tweede viool moes speel.

Formele onderwys:

Die leerlinge in die sendingskole van Leliefontein het feitlik net uit Namakwas bestaan. Dus kan ons verwag dat daar vir die onderwysers 'n moeilike taak te verrig was. Shaw lug dan ook sy gemoed by een geleentheid as volg: "But to my great mortification a few minutes were sufficient to obliterate every trace of what had been said, and when again asked, not one individual in the place could furnish a reply."(70) Baie dikwels moes Shaw en die ander onderwysers hierdie woorde hoor van hul leerlinge: „Neen, neen, ik kan niet verstaan."(71) Gelukkig was daar 'n breë silwerrand aan hul donker wolk. Daar was 'n klompie leerlinge wat baie fluks was. Onder hulle het veral die familie, Links, uitgeblink. Hulle het hul leerboeke saam geneem in die veld after die vee.(72) 'n Hele paar van hulle was spoedig in staat om die Nuwe Testament in Hollands te kan lees.(73)

Die Onderwysers: Soos elders was die sendelinge aan die begin die enigste onderwysers. Te Leliefontein egter het die kleurling hulponderwysers baie gouer op die voorgrond getree. Toe

(70) Shaw : Op. cit., bl. 78.

(71) " : " " , " 77.

(72) " : " " , " 83.

(73) Alexander : Op. cit., bl. 126.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Thompson in 1824 Leliefontein besoek, is hy deur die twee gekleurde onderwysers onthaal.(74) Reeds in 1820 toe Archbell na Suidwes is, het 'n kategeet Jacob Links, hom vergesel. Dieselfde Jacob Links en 'n ander kategeet, Johannes Jager, het in 1825 die ongelukkige sendeling, Threllfall op sy sendingreis na Suidwes vergesel. Saam met die sendeling is albei deur Naugaab (75) vermoor. 'n Kategeet, Petrus Links, was die regterhand van Cook, wat in 1832 weer die werk te Warmbad, namens die Wesleyaanse sending opgeneem het.(76)

Te Leliefontein is die gewone dagskool meer en meer aan kleurlingonderwysers oorgelaat, terwyl die sendeling meer verantwoordelik gebly het vir die onderwys van die doopkandidate. In 1830 was Edwards verantwoordelik vir die godsdienonderwys terwyl 'n kleurling-onderwyser die dagskool waarneem.(77) Dit was sekerlik nie 'n gewenste toestand van sake nie. In 1836 kla Edwards by Alexander dat 'n blanke onderwyser te Leliefontein dringend nodig is.(78) Ook Backhouse het gesien dat daar 'n skroef los is, want hy beveel aan dat alle sendelinge ook 'n onderwysersopleiding moet hê, want "often under the blessing of the Most High on the humble labours of the pious school teachers the

(74) Thompson : Op. cit., bl. 82.

(75) Oorspronklike gegewens i.v.m. die moord is gevind in C.O. 523, Lett. Rec. en C.O. 524, Lett. Rec. veral nos. 102, 143 en 156.

(76) Whiteside : Op. cit., bl. 59.

(77) Missionsberichte, no. 3, bl. 63.

(78) Alexander : Op. cit., bl. 128.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



seed of the Kingdom is sown in the youthful heart." Hy is teleurgesteld met die werk van die kleurlingonderwyser. "There was a want of liveliness and system in the school and a consequent defect in the progress of the children, many of whom had intelligent countenances."(79)

Skole: Ons gewone indeling van die skole op die sendingstasies in drie soorte, geld ook vir Leliefontein.

Die doopklas kan hier al met 'n mate van reg 'n sandskool genoem word, want Sondae en die sande was die gewone tyd vir godsdiensonderrig.(80) Soos reeds gesê, was die sendeling self in beheer van hierdie skool. Shaw moes of besonder bedrywig gewees het, of anders was sy eise vir die doop nie so streng nie, want in 1826 was daar al 209 lidmate.(81) Baie interessant is dat een van die dopelinge van 1826 'n Boesmanmeid was.(82)

Die dagskool is meer en meer deur kleurlingonderwysers waargeneem. Die gewone vakke spel, lees, skrif en sang is onderrig. In Shaw se skool vind ons die eerste melding van rekenonderwys op die sendingstasies. Maar dit was moeilik om die Namakwas rekenkunde te leer.(83) Shaw kla dan ook steen en been oor die Namakwas wat nie eers 2 + 3 kon bereken nie.(84) Leer-

(79) Backhouse : Op. cit., bl. 526.
(80) Whiteside : Op. cit., bl. 43.
(81) Holden : A Brief History of Methodism in S.A., bl. 249.
(82) Holden : Op. cit., bl. 248.
(83) Whiteside : Op. cit., bl. 41.
(84) Shaw : Op. cit., bl. 77.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


boeke het ook soms moeilikhede opgelewer. By gebrek aan leesboekies moes Shaw eenkeer Hollandse traktaatjies gebruik.(85) Later was die Nuwe Testament en die Bybel die gewone leesboeke. Die getal leerlinge op die rol was soms aansienlik veral in die maande Desember na Maart. Backhouse het in 1840, 60 leerlinge in die skool te Leliefontein aangetref.(86) By gebrek aan banke moes die kinders plat op die vloer sit.

Buiteskole: Behalwe die skool te Leliefontein, is 'n skool te Norap gestig, waar sekere kategeet, Cardinaal, die onderwys waargeneem het. In wintertye het die meeste Namakwas na die s.g. Onderveld getrek. Gewoonlik het die sendeling saamgetrek en sy onderwys dan te Bethel voortgesit.

Toe Thompson in 1824 die opvoedende werk van die sendelinge te Leliefontein sien, het hy die werk saamgevat in die woorde: "Instruction in the arts of civilized life and in the knowledge of pure and practical religion go hand in hand."(87) Met hierdie toepaslike woorde kan ons ons oorsig oor die onderwys op die reserwes tussen 1816 en 1840 afsluit.

---

(85) Shaw : Op. cit., bl. 82.

(86) Backhouse : Op. cit., bl. 526.

(87) Thompson : Op. cit., bl. 91.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 9 -

## - DIE ONDERWYS VAN DIE BLANKES IN NAMAKWALAND -

## - VANAF 1800 NA 1852.-

Teen die einde van die agtiende eeu het die Namakwalanders met 'n baie ernstige Boesman- en Hottentotopstand te doen gehad. Deur die tussenkoms van die kommando uit die Olifantsrivier is die gevaar tydelik afgewend.[1] Die neëntiende eeu het egter onstuimig begin. In 1804 was daar ernstige rowerye deur die Boesmans aan die Boesmanlandse grens, sowel as in die Sandveld. Maar 'n baie ernstiger bedryging was die vyandige optrede van Afrikaner oorkant die Oranje-rivier. Hy het grootpratery beweer dat hy alle blankes uit Namakwaland sou verjaag, en dat hy self Kaap-toe sou gaan, waar die goewerneur dan ,, zelve voor hem een voetval moet doen."[2] 'n Burgerkommando wat tot diep in Groot Namakwaland ingedring het, het hom egter 'n noot laer laat sing. Daarna het dit in Namakwaland betreklik rustig toegegaan.

Tot 1804 was Namakwaland 'n deel van die uitgestrekte Stellenbosse distrik. In hierdie jaar het die kommissaris De Mist 'n uitgebreide reis deur die Kolonie onderneem en het gevolglik eerstehandse kennis opgedoen omtrent die land en sy probleme.

---

1. Sien hoofstuk 3, bl. 21.

2. Kaapse Kerkargief: Ink. Br. van Send. ens, Mevr. Sophie Albrecht - S.A.S.G., 5 Feb. 1811.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hy het besef dat 'n doeltreffende administrasie van die platteland onder heersende omstandighede onmoontlik was; daarom het hy aanbeveel dat 'n nuwe distrik vir die noordwestelike dele ingestel moes word. Hoewel Jan Disselsvlei ( vandag Clanwilliam) aanvanklik as die geskikste plek vir 'n drosdy aangewys is, is besluit om die nuwe drosdy te Tulbach te stig.[3] Vir die Roeveld, die Hantam en die Bokkeveld het dit ontsaglik baie beteken, maar Namakwaland en die ander Bokkeveld het nie eintlik baat daarby gevind nie. Die owerhede het dit ingesien, en sedert 1808 is 'n onder-landdros te Jan Disselsvlei aangestel. Hierdie stap het die Namakwalanders baie ongerief bespaar. Waar hy vroeër na Stellenbosch moes gaan om sy opgaaf te betaal, kon hy dit nou te Clanwilliam - 150 myl, nader verrig. Die posisie is in 1820 nog verder verbeter, toe te Clanwilliam (die naam is sedert 1814 in gebruik) twee heemrade aangestel is om die landdros by te staan in die verhoor van kleinere sake. Veral belangrik is, egter, dat hierdie Hof ook as Huwelikshof gedien het. Toe hoef die Nam. nie meer Kaap-toe te ry om in die huwelik te tree nie.[4]

Die naderbring van die gesag aan Namakwaland het baie daartoe bygedra om die ordeloosheid en bandeloosheid op die grens en oorkant die grens aan bande te le. In 1825 is die Wesleyaanse sendeling, Threllfall in Suidwes vermoor. Hoewel dit heeltemal buite die grense plaasgevind het, het die landdros te Clanwilliam, Van Ryneveld, ingegryp. Deur middel van die

---

3. J. P. v. d. Merwe: Die Bataafse Republiek aan die Kaap, bls. 132 & 133.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Namakwalandse veldkornet, is die moordenaar gevang en te Silverfontein ~~te~~ tereggestel. Sewe-en-vyftig burgers het die teregstelling bygewoon, teneinde 'n indruk op die Hottentotte te maak.[5]

Vanaf 1804 tot 1822 was Namakwaland toe 'n deel van die distrik Tulbagh. In 1822 is die drosdy na Worcester verplaas, sodat Namakwaland vanaf 1822 tot 1836 'n deel van die distrik Worcester was. In laasgenoemde jaar egter is Clanwilliam as 'n onafhanklike distrik afgesny met Van Ryneveld as die eerste SivieleKommissaris. Namakwaland, Kamiesberg en Hardeveld was drie veldkornetskappe binne die nuwe distrik.

Boesmanrooftogte het nog altyd sporadies voorgekom maar in 1839 het die strooptogte weer ernstige afmetings aangeneem. 'n Kommando onder A.P. v. Niekerk het die rowers tot diep in Boesmanland agtervolg.[6] In dieselfde jaar het enige families uit Namakwaland en die Onder- Bokkeveld na Port Natal getrek. Van Rynéveld meld dat die mense getrek het weens die vrystelling van die slawe, en omdat die mense meer kontrole oor hul werksvolk verlang.[7]

---

4. Besonderhéde i.v.m. distriksindeling ens. is ontleen aan Dr. Venter, (Kaapse argivaris), se inleiding tot die lys van die Worcester Argiefstukke in die Kaapse Argief.

5. C.O. 524., Letters Received, Worcester, fol. No. 156.

6. C.O. 865, Lett. Rec., Worcester, Korrespondensie No. 144.

7. C.O. 865, Lett. Rec., V. Ryneveld - Kol. Sekr., 31 Des. 1839.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Ni Niks van besondere belang het tot 1852 plaasgevind nie, behalwe die uitbreiding van die grens na die Oranje-rivier in 1847. Tot 1847 was die Buffelsrivier die grens, hoewel reeds in 1750 daar plase oor die grens uitgegee is. Maar in 1852 is die eerste koper te Springbokfontein ontgin. Dit het 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Namakwaland ingelui.

## EKONOMIESE TOESTANDE IN NAMAKWALAND 1800 - 1852.

Nieteenstaande die herhaaldelike verskyning van droogtes, het boerdery in Namakwaland taamlik vooruitgegaan. 'n Vergelyking tussen die opgaafrolle van 1800 en 1825 toon dit duidelik.

| | Perde - | Beeste - | Kleinvee - | Graan gewen. |
|---|---|---|---|---|
| 1800: | 120. | 1500. | 13,660. | 200 mud. |
| 1825: | 878. | 2835. | 37,000. | 1500 " . |

Hoewel die veestapel en graanproduksie vermeerder het, het kontantgeld 'n baie skaars artikel in Namakwaland gebly. Die slagterkneg van die agtiende eeu is vervang deur die smous van die negentiende eeu.[8] Laasgenoemde het die negosiegoed en ander benodighede van die Namakwalander tot aan sy deur gebring. Daarvoor het die boer hom in slagvee, velle en huide betaal. Dit was dus bloot 'n ruilhandel, waarby geld feitlik nie 'n rol gespeel het nie. Hoewel die Namaklanders dus oor die algemeen nie arm was nie, het die gebrek aan geld hom belet om 'n onderwyser te huur of om vir sy kinders by 'n skool losies te betaal. Vir die rondgaande onderwyser sou die betaling deur middel van vee

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geen nut gehad het nie. Gebrek aan kontantgeld verklaar dus in sekere mate die feit dat in ons tydperk onderwysers in Namakwaland baie skaars was.

Nieteenstaande die voordele wat verbonde was aan die smous, was daar veral een groot nadeel. Tevore was die Namakwalander deur gebrek aan negosiegoed verplig om darem so nou en dan Boland toe te gaan. Daardeur het hy tog in 'n mate die kontak met die beskaafde lewe in die meer gevestigde dele behou. Nou het hy al hoe minder na die Boland gegaan. Hy moes net jaarliks na Clanwilliam gaan teneinde sy opgaaf te gaan betaal. Die isolasie het dus in hierdie tydperk eerder toe - as afgeneem. In hierdie isolasie het die kenmerkende eieskappe en lewenshoudinge van die Namakwalandse pionier kans gekry om dieper vas te groei. Sy tevredenheid met die eenvoudige, soms primitiewe, lewenswyse, sy fatalistiese lewensuitsig, sy wantroue in die vreemde en die vreemdelinge, sy eiesinnigheid, het onder hierdie omstandighede kon vaswortel.

Nog 8 'n ekonomiese faktor wat ons in verband wil bring met die onderwys is die kwessie van arbeid. In Namakwaland was daar nooit baie slawe nie.[9] Die Namakwas was maar gewoonlik die werk-

---

8. Worcester: 12/50, Ink. Br., Dagregister van Ass. - Landdros te Clanwilliam, 1 Nov. 1816 en 1 Nov. 1817.

9. In 1821 was daar 42 slawe en slavinne volgens die opgaafrol vir 1821. J.(22a) opgaafrollen, Clanwilliam.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


volk. Maar met die stigting van die reserwes het baie volk weggetrek na die reserwes. Dit sowel as die vrystelling van die slawe het die boere, veral die saaiboere, in 'n moeilike posisie laat beland. Die Namakwalander was toe verplig om self in te spring. Ook die vrou en seuns en dogters moes help. Daar die Namakwalandse boer so afhanklik was van die hulp van die seun of dogter op die plaas, het hy ongaarne gesien dat die kind lank moes skoolgaan. As hy in ses maande ,,volleerd" kon word, d.w.s., die kortbegrip ken, dan soveel te beter. Om hierdie rede ook dal die Namakwalandse ouer nie graag sy kind by ander laat loseer het nie, want gedurende die tyd verloor hy die arbeidskrag van die kind.

Die leefwyse van die mense, en ook die isolasie het meegewerk om 'n baie lae onderwysstandaard gedurende hierdie tydperk, te bepaal.

Hoewel groot families die reël was in Namakwaland het die bevolking tog nie vinnig toegeneem nie. Dit was te wyte aan die gedurige emigrasie. Namakwaland was weens sy droogtes nie 'n alte aantreklike land nie. Aangesien daar nog baie oop gronde elders was, het baie Namakwalanders getrek, b.v. die klompie wat na Port Natal is. In 1800 was daar omtrent 'n 100 blankes in Namakwaland. In 1815 was daar net 132, in 1825 was daar darem 322. Volgens die kommandolys van 1839 was daar omtrent 70 huisgesinne. Die bevolking was dus besonder gering vir so 'n groot oppervlakte. Plase was ver van mekaar verwyder, behalwe in die Kamiesberge, waar die mense darem nader aan mekaar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


was. Gevolglik het dit maar selde voorgekom dat 'n onderwyser meer as een plaas se kinders in een skool het. So iets soos 'n sentrale skool was buite die kwessie, omdat ouers nie graag hul kinderswou laat loseer nie. Die enigste uitweg dus was dat die rondgaande onderwyser maar van plaas tot plaas gaan. En vanaf 1838 tot 1856 was daar sover ons weet net een onderwyser aan die ± 70 huisgesinne onderwys te verskaf! Geen wonder dus dat alle besoekende predikante ontsteld was oor die gebrek aan onderwys in Namakwaland nie.

## KERKLIKE EN GODSDIENSTIGE TOESTANDE IN NAMAKWALAND, 1800 - 1852.

Omdat die godsdienstige toestande van die mense dikwels hulle houding teenoor onderwys bepaal, wil ons in hierdie afdeling kortliks die kerklike en godsdienstige toestande in Namakwaland tussen 1800 en 1852 nagaan. In die vorige eeu het die deursnee Namakwalander die band met die Kerk probeer behou. Die onderwys wat hy, of sy kind, ontvang het, was juis gerig op die doel om lid van die Kerk te bly. In hierdie behoefte het die knegskoolmeester en die private boereskoolmeester min of meer voorsien.

Tot 1826 Het Namakwaland maar nog onder die gemeente, Roodezand, sorteer, hoewel Swartland in werklikheid die Namakwalander se Kerk was.[10] Maar selfs Swartland (vandag Malmesbury) was meer as 300 myl ver. Daarom vra die Assistent Landdros te Jan Disselsvlei reeds in 1808 of die predikant van Roodezand dan nie net een keer per jaar na Jan Disselsvlei sal kom nie.[11]

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Of aan die versoek voldoen is, kon ons nie vasstel nie. Leopold Marquard, vroeër sendeling te Pella en Steinkopf, is in 1824 posmeester en onderwyser te Clanwilliam. Hy het seker by geleenthede soos wanneer die opgaaf te Clanwillam betaal word, vir die mense as prediker opgetree, want in daardie jaar vra die inwoners van die onder - Bokkeveld en Namakwaland of Marquard nie ook die sakremente mag uitdeel nie.[12] Die gevolg van die vertoë was dat in 1826 'n nuwe gemeente, n.l. Clanwilliam gestig is.[13]

Die eerste predikant te Clanwilliam was Dr. Robertson (1831 - 1833) vroeër die bekende onderwyser te Graaff-Reinet.[14] Hy was die eerste predikant wat Namakwaland besoek het. Dat die sekelike toestand ver van bevredigend was, word bewys uit sy verslag aan die Kaapstadse Ring in 1832. Hy meld dat ,, Onkuischheid en dronkenskap vooral te algemeen" is.[15] Dit verbaas ons dus geensins dat Ds. Robertson reeds op die Sinode van 1832 hom baie sterk beywer het vir 'n verbetering in die onderwys-toestande in die Kolonie. In 1833 was hy weereens in

---

10. Kerkargief: Ring van Kaapstad, R 1/1, bl. 79.
11. C.O. 44, Lett. Rec., 20 - 11 - 1808.
12. Kerkargief: Ring van Kaapstad, R 1/1, bl. 41. en C.O. 403, Lett. Rec., Korrespondensie No., 137.
13. Moorrees: Die Geskiedenis van die N.G. Kerk., bl. 527.
14. Ongepubliseerde B. Educ. - tesis, Stellenbosch, J.S. de Wet: Dr. Robertson en wat hy beteken het vir die onderwys.
15. Kerkargief: Ring van Kaapstad, R 1/2, bl. 266.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Namakwaland, en die indrukke van die eerste besoek is versterk. In 'n brief aan Mnr. J. v. Ryneveld.(Assistent-magistraat te Clanwilliam) en aan P.J. Truter.(magistraat te Worcester) skryf hy: "I am more than ever convinced of the absolute necessity to have the situation of Maartens, the late Government Teacher in those parts supplied by some one as his successor." [16] Dit is dan ook in die eerste instansie aan ds. Robertson te danke dat 'n onderwyser deur die regering aangestel is.

Die opvolger van ds. Robertson, nl. ds. E. de Roubaix het eers in 1837 sy Namakwalandse gemeentelede besoek. Twee vorige pogings om Namakwaland te besoek, het misluk weens die ,,belangeloosheid in onzen gezegenden godsdienst" onder die Namakwalanders. Ook hy betreur ,, de zedeloosheid van sommigen in't Namakwaland." [17] Gedurende sy volgende besoek het hy darem 'n beter indruk gekry. Hy loof die ywer van die mense om nieteenstaande verre afstande die kerk by te woon.[18] Hierdie begeerte by die Namakwalanders om godsdiensoefeninge by te woon, word bevestig deur Backhouse.[19]

Ds. J. Albertyn, die volgende predikant te Clanwilliam het in sy verslag van 1846 die noodsaaklikheid van 'n hulpprediker van Namakwaland beklemtoon. Op een plek moes hy b.v. 43 kinders doop! Hy het ook gevalle teengekom waar kinders deur sendelinge gedoop is.[20]

---

16 C.O. 719, Lett. Rec., Korr. No. 82.

17 Kerkargief: Ring van Kaapstad, R 1/4, bl. 304.

18 " " " " , R 1/5, bl. 185.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die volgende predikant, ds. H.L. de Villiers het hom daarvoor beywer om die noordelike gedeeltes vandie Clanwilliam-gemeente te laat afstig. Gevolglik hetdie Hantam (later Calvinia) in 1849 afgestig en in 1850 het ook Namakwaland 'n eie gemeente geword. Dit sou egter nog 'n volle twintig jaar duur, voordat 'n eie predikant in Namakwaland ingeseën is.

Uit hierdie kort oorsig van die godsdienstige toestand, het een ding veral geblyk, nl. die groot behoefte wat daar was aan onderwys in Namakwaland gedurende die tydperk 1800 - 1852. Weens gebrek aan kerklike bearbeiding, was die mense des te meer afhanklik van die lees van die Bybel en dieleer van die grondwaarhede van hul godsdiens vir diebbehoud van hul beskawing. In die volgende afdeling sal ons nagaan welke onderwysvoorsiening daar was en in hoever dit aan die behoefte voldoen het.

## - DIE ONDERWYS IN NAMAKWALAND. 1800 - 1852. -

Die onderwysers van hierdie tydperk val in twee groepe, nl. die private boereskoolmeesters en die s.g. ,,Goewerments Schoolhouders."

Van die ou garde boereskoolmeesters het Andries Cray en George Daniel Bock[21] nog in Namakwaland vertoef. Eersgenoemde het seker nie meer onderwys gegee nie, want hy het intussen op dieplaas Wildeperdehoek gaan boer. Later is hy na die Bokkeveld en uiteindelik na Port Natal.

---

19 Backhouse's Journal, Part 2, Vol.X, bl. 27.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bock is in 1754 gebore waarskynlik in die Bokkeveld. Waar en hoe hy sy kennis wat nodig was vir sy onderwysgee opgedoen het, het ons nie kon uitvind nie. Hy het 'n betreklike goeie handskrif gehad. soos sy brief van 28 Nov. 1804 aan die Landdros getuig.[22] In 1800 het hy onderwys gegee by Petrus Beukes. Daarna was hy seker by verskeie ander persone, want dit skyn asof hy tot 1809 die enigste onderwyser in Namakwaland was. In 1810 het hy onderwys gegee aan Hermanus Engelbrecht se kinders. In daardie jaar het iets gebeur wat ons heelwat lig verskaf op die leefwyse van hierdie onderwyser. Op 5 April 1810 het hy hom by die assistent-landdros kom aangee, omdat hy een van sy Baster-kinders per ongeluk doodgeslaan het. Volgens die verklaring wat hy afgele het, het hy een Saterdag na skool besoek gaan afle by Cornelis Kok. Tydens sy afwesigheid het een van sy kinders verbrou, en met die terugkoms het Bock sy kind so geslaan, dat die kind as gevolg daarvan dood is.[23] Die feit dat Engelbrecht so 'n persoon tot onderwyser van sy kinders moes huur, bewys hoe moeielik die mense in daardie tyd aan onderwysers gekom het. Gevolglik het die Namakwalanders ook onderwysers moes gebruik, van wie ds. Faure in 1824 se: „menschen met wie ieder eerbaar mensch zich zoude schamen een enkel woord op straat te wisselen."[24]

---

20 Kerkargief: Ring van Tulbach, R 4/1, bl. 294.

21 Sien hoofstuk ~~II~~, bl. 67.

22 Worcester: 10/150, Ink. Briewe., 28 Nov. 1804.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Nog 'n geval is kenmerkend van hoe verleë die mense om onderwysers was. In 1836 was 'n handelaar in Namakwaland, sekere Anderson. Hy het ondersoek kom instel na die moontlikhede van 'n hawe aan die Namakwalandse weskus. Solank hy op sy boot vir die terugreis moes wag, is hy deur sy gasheer, Gideon Arnoldus van Zyl, gevra om vir sy kinders onderwys te gee.[25]

By 'n ander van Zyl, nl. Dirk van Zyl te Grootriet, was die onderwyser Joseph Bensch werksaam. Hoewel dit moontlik is dat daar meer private onderwysers was, het ons geen verdere vermelding van private onderwysers teëgekom nie? Backhouse het in 1840 die gebrek aan onderwysers opgemerk.[26] Ds. De Roubaix sê in sy rapport van 1839: ,, Ook vind men geene bekwame private onderwyzers in het distrikt. Waarlyk bedroevenswaardig."[27] Die gebrek aan onderwysers kan ons aan die volgende faktore toeskryf: die ontberings wat die onderwyser moes verduur vanweë die primitiewe lewensomstandighede, die nomadiese aard van die lewe in Namakwaland, en die tekort aan kontantgeld by die Namakwalander.

Namakwaland sou daar dus werklik ellendig aan toe gewees het, indien die staat en kerk nie ingegryp het nie deur die aanstelling van ,,Goeverments Schoolhouders":

---

23. Nieteenstaande die feit dat alle moontlike bronne vir die verdere verloop van die saak uitgesnuffel is, is geen verdere vermelding hiervan in die argief gevind nie.

24. Aangehaal in Moorrees: Die Geskiedenis van die N.G.Kerk, bl. 598.

25. Missionsberichte, No. 8, bl. 98.

26.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## - DIE AANSTELLING VAN DIE „GOUVERMENTS SCHOOLHOUDERS." -

In 1812 het die Skoolkommissie aan die Kaap (later die Bybel- en Skoolkommissie) die landdroste gevra om aanbevelings te doen aangaande die verbetering van onderwys in die buitedistrikte. Op grond van die ontvange antwoorde het die Skoolkommissie die Goewerneur, Sir John Cradock, met die versoek genader om vier rondgaande onderwysers vir die buitedistrikte aan te stel. Nadat Cradock die skema goedgekeur het, en die geld beskikbaar gestel het, het die Skoolkommissie na geskikte onderwysers uitgesien.[28] 'n Sekere Johan Blauw, gebore in Den Haag, en gewese artilleris, het hom by die Bybel- en Skoolkommissie in 1816 aangemeld. Hy is deur die kommissie deeglik ondersoek in lees, skryf en rekenkunde. Daarna is Blauw met 'n aanbevelingsbrief na die landdros te Tulbagh gestuur.[29] Laasgenoemde het hom na Clanwilliam gestuur, vanwaar hy na sy eerste werkkring in die Hardeveld is. Die regering sou sorg dra vir die salaris van die rondgaande onderwyser £22. 10. 0. per jaar, terwyl die ouers vir die losies en vervoer van die onderwyser sou sorg.

---

26. Backhouse: A Narrative of a Journey to Madagascar & S.A., bl. 578.

27. Kerkargief: Ring van Kaapstad, R 1/5, bl. 189.

28. Special Report on Education 1905, bl. 12.

29. Worcester 19/121. Ink. Br., Hesse - District School Commissie Tulbach, 10 Mei 1816.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Intussen was daar sedert 1812 in Namakwaland 'n private onderwyser, Charles Philip Martins. Hy was 'n gebore Engelsman, maar weens sy lange verblyf onder die boere, het hy Engels feitlik vergeet.[30] In 1820 het hy hom ook aan die Bybel- en Skoolkommissie gewend met die versoek dat hulle hom as regeringsonderwyser moes aanstel vir Namakwaland. Die Bybel- en Skollkommissie het die saak onder die aandag van die agerende Goewerneur, Donkin, gebring.[31] Laasgenoemde het in 'n brief van 14 Feb.1821. die aanstelling goedgekeur van Maartins teen dieselfde vergoeding as Blauw.[32] Die ,,District School Commissie" te Tulbagh het Martins aangese om na Tulbagh te kom teneinde eksamineer te word. Martins het egter verskoning gemaak deur te sê dat dit te droog was, buitendien was hy al te oud en sieklik om so 'n lang reis te onderneem. Gevolglik is hy so ver ons weet nie ondersoek nie. Hy is in 1829 oorlede, en vir vier jaar was Namakwaland sonder 'n regeringsonderwyser, daar Blaauw toe in Hantam werksaam was.

Reeds is daarop gewys hoe ds. Robertson hom beywer het om 'n opvolger vir Martins aangestel te kry. Hierin is hy sterk ondersteun deur van Ryneveld, die assistent-magistraat te Clanwilliam, sowel as deur P.J. Truter, die magistraat van Worcester.[34]

---

30. Thompson: Travels and Adventures in Southern Africa, 11, bl.85.

31. C.O. 295. Lett. Rec., Korr. No. 1.,

32. C.O. 1481. Lett. Desp., 14 Feb. 1821, Kol. Sekr. - Kaufman, sekr. van B. en S.K.

33. Worcester: 19/121. Lett. Rec. 1812 - 1825 oor onderwys; Martins - District School Commissie, 22 Sept. 1822.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Van Ryneveld en Robertson het reeds die aspirant-onderwyser J.C. Mulder, ondersoek en hom vir die pos aanbeveel. Ongelukkig kon die goewerneur weens die feit dat g'n geld beskikbaar was nie, nie die aanstelling magtig nie. In die volgende jaar het genoemde drie persone hulle weer beywer om Mulder aangestel te kry. Truter het in 'n brief van 5 Nov. 1833 die toestande in Namakwaland as volg beskrywe: " Great ignorance is prevailing among the inhabitants of that remote part of the colony. Immorality, the usual concommitant of ignorance has already made much progress among them, and it is to be feared that vice .....will soon follow. Far remote from any church establishment they dwell on the verge of barbarism".[35] Aan die dringende versoek is eindelik gehoor gegee, toe J.C. Mulder deur die Goewerneur, Sir Lowry Cole, vanaf Jan. 1834 teen dieselfde vergoeding as Martins aangestel is.[36]

## - WAAR BLAAUW, MARTINS EN MULDER ONDERWYS GEGEE HET. -

Blaauw is eintlik aangestel vir die Hantam, maar die eerste rapport, nl. van 1817, wat ons van hom teëgekom het, is vanaf Troe-Troe (die huidige van Rynsdorp).[37] In 1819 is Blaauw na

---

34. C.O. 679, Lett. Rec., Korr. No. 63.

35. C.O. 719, Lett. Rec., Worcester, Korr. No. 82.

36. C. O. 1511, Lett. Despatched, col. Secr. - Civil Commissioner Worcester, 11.12.1833.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Klein Namakwaland waar hy onderwys gegee het aan Floriaan Smit se kinders op die plaas Rietrivier. Die volgende jaar gee hy nog onderwys aan die Smitkinders, maar nou op die plaas Nuwefontein.[38] Die rapporte tussen 1820 en 1822 ontbreek, maar in laasgenoemde jaar gee hy onderwys by Heremias Nieuwhoudt in die Onder-Bokkeveld (d.w.s. in die omgewing van die huidige Nieuwhoudtsville) Daarvandaan kom Blaauw meer suidwaarts; waar hy ,,aan die Cobee" aan die Van Zyl-kinders onderwys gee. Die volgende jare gee hy onderwys langs die Olifantsrivier en ook in Piketberg. Eers teen 1825 het Blaauw in die Hantam (Calvinia) gaan onderwys gee. In 1837 nog gee hy onderwys by J.G. Louw aan die Matjiesrivier in die Hantam. Hy het al oud geword, en sy onderwys was seker nie meer te gewild nie, want in 1838 het hy net 4 leerlinge. Kort daarna dien hy sy bedanking by die Bybel - en Skoolkommissie in.[39] In 'n brief wat hy aan die Bybel - en Skoolkommissie rig, maak hy melding van al die ontberings wat hy terwille van sy roeping moes verduur, maar "the consciousness of being useful to the rising generation" het hom laat moedhou.[40]

---

37. In die argiefboek, Worcester: 19/121. Ink. Br. 1812 - 1826. oor onderwys, het ons die rapporte ens. van die rondgaande onderwysers tussen 1816 en 1826 gevind. In die afgiefboeke: C.O. Lett. Rec., Worcester, is rapporte (nie volledig nie) vir die tydperk 1826 - 1839 gevind. Maar alle rapporte van Mulder tussen 1839 en 1854 is nie opgespoor nie. Rapporte na 1854 is gevind in S.G.E. Letters Rec.

38. Daar is in Namakwaland twee plase, Nuwefontein, een in die Sandveld, die ander op die grens van Boesmanland. Heelmoontlik was Blaauw op e.g. Nuwefontein.

39. C.O. 845. L ett. Rec., Worcester, Korr., No. 135.

40. C.O. 845. Lett. Rec., Worcester, Korr. no.,6.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Blaauw het dus vanaf 1816 - 1838 op die volgende plekke onderwys gegee: Troe-Troe, Rietrivier, Nuwefontein, Onder-Bokkeveld, Aan de Cobee, Olifantsrivier, Piketberg en die Hantam.

C. P. Martins: Ons het geen inligting oor waar Martins as private onderwyser onderwys gegee het nie. Vanaf sy aanstelling as „ Gouwermnets Schoolhouder" in Maart 1821 tot November 1822 het hy op die plaas Populierbosch (naby die huidige Kamieskroon) onderwys gegee by Hermanus. Engelbrecht. Vanaf November 1822 gee hy onderwys aan die Coetzees te Tweefontein of Doornkraal ( ten suidooste van Garies). By albei skole was daar reeds getroude persone in sy skool, asook enige Basters. Teen die einde van 1823 is Martins se skool op Silwerfontein by Piet Van Zyl wat in 1823 daar gewoon het. Ook hier was daar Basters in sy skool. Van Silwerfontein is hy na die aangrensende plaas Rietfontein, waar die Beukes-Basters gewoon het. Hier het die Engelse reisiger, Thopson, hom ontmoet. Vir enige jare ontbreek daar rapporte omtrent Martins, maar in 1829 was hy by die wed. S Smit waar hy op 2 Maart 1829 oorlede is.[41] Ook Martins het sy werk as 'n verantwoordelike werk beskou. In 'n brief aan die Bybel - en Skoolkommissie sê hy dat hy gelukkig in die wete ,,dat veele bejaarde persoonen die ongeleerd waren, maar door de Alvermogen zyne Genade van myn zyn onderwezen en thans lidmaten der Hervormde Kerk zyn."[42] Van Ryneveld het in 1827 van

---

41. C.O. 603, Lett. Rec., Korr. no. 53.

42. Worcester: 19/121, Ink. Br. 1812 - 1826., Maartins - Dist. School Comm., 2.12. 1822.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Martins getuig: "He conducts himself proper and is diligent in the execution of his duty."[43]

Mulder is reeds in 1834 aangestel, maar die eerste rapport wat teëgekom is, is gedateerd Maart 1837. Hy was toe onderwyser op die plaas van A.P. van Niekerk jnr., waarskynlik die plaas Nohans,(naby die huidige Mesklip).[44] Die volgende jaar is ook Mulder op Silwerfontein.[45] Hy was egter net ses maande daar; toe is hy weer na Oest.(Kamieskroon).[46] Na ses maande gaan hy enige myle suidwaarts waar hy onderwys gee by die Aggenbachs van Tweefontein. Ongelukkig kon ons nie een van sy rapporte tussen 1839 en 1845 opspoor nie. Martins, sowel as Mulder tot 1839, het in die Binneveld onderwys gegee. Tot die jaar 1839 het ons geen vermelding gevind van skole in die Sandveld nie, waar die families, Mostert, Goosen en een tak van die Aggenbachs gewoon het. Daarom sou dit interessant gewees het om tekon vasstel of Mulder in die tydperk 1839 - 1854 in die geïsoleerdste deel van Namakwaland, die Sandveld, was.

Volgens die rapport van 1854 is Mulder toe in die Hardeveld by die Aggenbachs op die plaas, Kogelfontien. Daarna is hy omtrent twee jaar by die Du Toits,(waarskynlik op die plaas Kromfontein, ten weste van Garies). In 1857 toe hy met pensioen

---

43, C.O. 524, Lett. Rec., Worcester, Korr. no. 211.

44. C.O. 809., Lett. Rec., Worcester, Korr. no. 53.

45. C.O. 845, Lett. Rec., Worcester, Korr. nos. 22, 69.

46. C.O. 845, Lett. Rec., Worcester, Korr. no. 151.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(£12 per jaar) aftree, was hy nog onderwyser te Wolwepoort, die plaas van Jacobus Kotze.

Die vraag doen sig voor in hoever hierdie drie rondgaande onderwysers aan die onderwysbehoefte van Namakwaland voldoen het. As ons in aanmerking neem dat Blaauw meesal in die Hantam gewerk het, en dat Martins reeds in 1829 oorlede is, dan moet ons tot die slotsom kom dat die onderwysvoorsiening baie swak was. In 1836 was Mulder feitlik alleen en hy moes by omtrent 70 huisgesinne onderwys gee. Selfs al het hy net ses maande op elke plaas vertoef dan nog sou hy op verre na nie almal kon bereik nie. In 1837 het die Kaapse Goewerments-sekretaris navraag gedoen omtrent die werk van Blaauw en Mulder. Van Ryneveld het erken dat albei se werk van beperkte omvang was, maar het gesmeek dat die poste tog nie moes verval nie, want private onderwysers was skaars veral in Namakwaland. - " Where the want of instructions was deplorable."[47]

Daarom, hoe ontoereikend hul onderwys ookal was, sou dit 'n ramp vir Namakwaland gewees het, as ook hul dienste aan daardie geïsoleerde deel ontsê sou word.

## - DIE DOEL EN AARD VAN DIE SKOLE TUSSEN 1800 EN 1852. -

Net soos in die agtiende eeu was die doel van die skole in Namakwaland in hierdie tydperk, in die eerste instansie om die leerlinge voor te berei vir die aanneming. Volgens Blaauw

---

47. C.O. 845, Lett. Rec., Worcester, Korr. no., 6.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

se brief in 1837 het hy altyd getrou die opdrag van die Bybel- en Skoolkommissie uitgevoer nl. " in preparing them (sy leerlinge) in becoming members of the Dutch Reformed Church." [48] As die leerling soveel ken dat hy of sy aangeneem kon word, dan is so 'n leerling as „ volleerd" beskou. Nadat Martins nege maande by die Coetzees onderwys gegee het, was „ eene dogter van Willem Engelbrecht volleerd." Ook „eene ongedoopte bastaardin is volleerd." [49]

Gewoonlik was die skool maar omtrent ses maande op een plaas; gevolglik kan ons begryp dat die standaard wat in die skool bereik is, nooit baie hoog was nie. Somtyds het dit voorgekom dat 'n leerling saam met die onderwyser gaan na 'n ander skool. Dit het seker gebeur in gevalle waar die leerlinge nie binne die beperkte tyd „volleerd" geraak het nie. Opvallend is dit dat Mulder omtrent twee jaar lank by die Du Toits onderwys gegee het, 'n lang tydperk vir die dae.

Nog 'n kenmerk van die skole is dat die leerlinge gewoonlik almal van dieselfde huisgesinne is, behalwe die kinders van die onderwyser self. Hierdie omstandigheid spruit uit die verre afstande tussen die plase, sowel as uit die onwilligheid van die ouers om hul kinders te laat loseer. Martins kla in 1823 dat die ouers nie hul kinders wou laat loseer nie, sodat hy verplig was om van plaas tot plaas te gaan.[50]

---

48. C.O. 845, Lett. Rec., Korr. no. 6.

49. Rapport van 23 Sept. 1822.

50. Worcester: 19/121. Ink. Br. oor onderwys 1812 - 1826; Martins. - Worcester. 15 Junie 1823.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ook het dit dikwels voorgekom dat 'n plaaseienaar weier om losies aan ander leerlinge te verskaf, omdat hy gemeen het dat as daar meer leerlinge is, die onderwyser nie genoeg aandag aan sy eie kinders sou wy nie.[50 a.] Gevolglik kan ons die betrokke skole as eenman- en - eenplaasskole beskou.

## - LEERGANGE EN LEERBOEKE. -

Uit die kwartaallikse rapporte wat die regeringsonderwysers van hul werksaamhede moes instuur, kan ons 'n taamlike beeld van hul „ vakke" en hul „standerds" rekonstrueer. Daar was die volgende vakke: spelling, lees, skrif, kennis van kategismus, rekenkunde en in Martins se skool by die Coetzees ook Engels. In elke vak was daar verskillende stadiums.

In spelling is met die uit-die-hoof leer van die alfabet begin. Daarna is die alfabet ook van Z. na A. geleer.[51] Vervolgens is die „Trap der Jeugd" as spelboek gebruik. Eers is die woorde van een lettergreep geleer, daarna die tweelettergrepige woorde, ens. Baie selde het die leerlinge tot by die sewelettergrepige woorde, of by die moeilike Bybelname, gekom.[52] Behalwe die „Trap der Jeugd" het Blaauw ook 'n Van Bemmelen se Spel-en Leesboek gebruik.

---

50a. S.G.E. 1/2, Letters Received, 23. 2. 1857. Civiel Commissioner Namaqualand - S.G.E.

51. Van Rooyen: Kultuurskatte deel 1, bl. 48.

52. Interessant is dat 'n vyfjarige leerling van Martins reeds „ in die vier sillabes spel" volgens die rapport van 3 Maart 1823. In die rapport van die volgende kwartaal spel dieselfde leerling in die „sewe syllaben".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Sodra taamlike vordering met spelling gemaak is, is met lees begin. Die gewone leesboek was die Bybel. Ander leesboeke wat ook deur die onderwysers gebruik si, is die volgende: De Geschiedenis van Joseph, De Bybelsche Geschiedenis, en De Weg der Saligheid.

In skrif is die volgende stadiums opgemerk: (a) die uitskryf van die letters van die alfabet in groot skrif; (b) die uitskryf van los woorde in groot skrif; (c) die uitskryf van woorde in die skrif wat ,,middelslag" genoem is; (d) die uitskryf van woorde in ,,klein skrif"; (e) die skrywe van briewe volgens model.

In die leer van die kategismus is met die maklike boekie van Borstius begin. Vervolgens is oorgegaan tot die moeiliker boeke van Hellenbroek, die enkele en die dubbele Hellenbroek soos hulle genoem is. Ook die katkisasieboek van A. Brink is gebruik.[53]

Nou en dan vind ons in die rapporte melding van ,,cyferen". Dit skyn egter of rekenkunde nie 'n vername deel van die leerplan was nie. Enkele leerlinge, het dit sover gebring dat hulle ,,cyfert in het divisio," d.w.s., verdelingsomme doen.

Hoewel sang as vak net deur Martins in sy rapporte genoem word, kan ons aanneem dat ,,psalmsingen" nie in die skole ontbreek het nie.

---

53. C.O. 845, Lett. Rec., Worcester, Korr. no. 845.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoewel ons begrip van standerds galdnie hier pas nie, kan ons min of meer die volgende leergange aandui:

(a) Die beginners skryf almal groot en leer die A.B.C.

(b) Na enige maande skryf hierdie leerlinge ,,middelslag" en leer in die Trap der Jeugd.

(c) Die derde stadium is wanneer die leerlinge die Bybel lees, die kategismus leer, en miskien ook rekenkunde doen.

Dit is nogal 'n ,,vol" leerplan om binne die bestek van ses maande of 'n jaar deur te kom. Maar as in aanmerking geneem word dat die leerlinge gewoonlik al om en by die vyftien jaar was, dat, ses uur per dag onderwys gegee is,[54] dan kan ons aanneem dat die onderwyser in die meeste gevalle ,,deurgekom" het. Martins verklaar dat hy dikwels ook saans onderwys aan die katkisante gegee het. Ook Sondae het hy onderrig gegee in die ,,verduideliking van Gods Woord, omdat hier in't Namaqualand geen Kerke is."[55]

Die voertaal in al drie skole was Hollands.[56] Hoewel Blaauw en Mulder volgens hul briewe, die Engelse taal betreklik goed meester was, het hulle nooit, (volgens die rapporte) Engels onderrig nie. Martins se geval is werklik ironies. Hoewel 'n gebore Engelsman (volgens Thompson), was hy teen 1820 gladnie meer tuis in Engels nie soos blyk uit sy brief van 3 Maart 1823.

---

54. o.a. Martins se rapport van 22.9. 1822.

55. Rapport 3 September 1821.

56. Cape Statistical Register 1834. & C.O. 809., Lett. Rec., Korr. no., 53.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"I send you my rapport in the Dutch language, because I do not of the other masters from the school commissie understand the English language."[57] Tog het hy reeds tevore in September 1822 gerapporteer: "Three of these (sy leerlinge) learned to speak the English language." Dat hierdie onderrig in Engels onder die omstandighede hopeloos ondoeltreffend was, spreek vanself. Waarskynlik het Martins Engels probeer onderrig met die oog op die 100 ekstra riksdalers wat aan die onderwyser wat Engels onderrig gegee is.

- DIE LEERLINGE IN DIE „GOUVERMENTS SCHOOLEN". -

Die getal leerlinge in hierdie skole was gewoonlik maar klein so ± 8. Somtyds was daar net 4 in b.v. Blaauw se skool. daarenteen het Martins te Rietfontein aan 24 leerlinge onderwys gegee.

Opvallend van al drie se skole maar veral Martins se skool was dat daar ook reeds getroude persone in die skole was. Nieteenstaande die stigma wat daar gerus het op die huwelik van nielidmate van die Kerk, het dit in Namakwaland destyds dikwels gebeur dat Namakwalanders trou voordat hulle lidmate is. Tog is dit bemoedigend dat sulke persone, nie die moeite ontsien om na hulle huwelik skool te gaan nie.

'n Ander verskynsel omtrent die skole is dat so baie Basters saam met blankes in dieselfde skool is. In Martins se

---

57. Worcester 19/121, Lett. Rec., 1812 - 1826., Martins. - Dist. School Comm., 3 - 3 - 1823.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verslag van September 1821 lees ons dat hy 9 leerlinge het, van wie 5 Basters is. Te Rietfontein het Martins uitsluitend aan Basters onderwys gegee. Ook Blaauw se eerste skool was feitlik 'n skool vir Basters. Hiermee was die blankes in Namakwaland gladnie gediend nie. In Okt. 1823 het die veldkornet, H. Engelbrecht, 'n vergadering van Namakwalanders byeengeroep, waar hy en Sebastian Nieuwhoudt teen Martins se onbekwaamheid as onderwyser uitgevaar het. Martins meld in sy verweer dat die eintlike rede omdat die mense teen hom is, is omdat die Basters saam met die blankes skoolgaan.[58] Hermanus Engelbrecht was veral ontevrede omdat Martins aan een van sy slawe 'n leesboek gegee het. Ons voel geneig om Martins se verklaring te aanvaar. Die Namakwalanders was toe al wars van die idee dat kleurlinge saam met die blankes moes skoolgaan. Dit is 'n kenmerkende houding van die Namakwalander, wat veral tot uiting gekom het in sy afkeer van die skole wat later op die myndorpe gestig is.

Die Kerk het toe nog gladnie 'n strenge skeiding tussen blankes en Basters gehandhaaf nie. Dit blyk baie duidelik uit ds. De Roubaix se opgawes van die getal ,,Zielen" in Namakwaland gedurende die jaar 1839. Dit is baie hoër as wat die blanke bevolking van Namakwaland destyds kon wees. Dit bewys dat Baster

---

58. Worcester: 19/121., Lett. Rec., 1812 - 1826, Brief C.P. Martins, 23 Okt. 1823.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en Hottentotte ook as potensiële lede van die Kerk beskou was. Die aanneming van Basters as lede van die Kerk hetnog steeds voortgegaan. In 1854 is tydens die heel eerste aanneming in Namakwaland drie Cloete- Basters aangeneem.

## - DIE DIENSVOORWAARDES VAN DIE "GOUVERMENTS SCHOOLHOUDERS". -

By die behandeling van die aanstelling van die regeringsonderwysers het ons reeds gesien welke aandeel die Bybel- en-Skoolkommissie het, en die regering daarin gehad het. Die Bybel- en - Skoolkommissie het die onderwyser verskaf en sy werkplek as onderwyser bepaal, die regering het die salaris, £22. 10. 0. per jaar, in twee paaiemente uitbetaal. Te Tulbagh is ook 'n ,,Districts School Commissie" ingestel. Dit het as skakel, tussen die rondgaande onderwysers en die Bybel- en Skoolkommissie gedien. In 1824 is die toesig oor Martins en Blaauw se skole aan die assistent-landdros te Clanwilliam oorgedra.[59] Dit hetmeer bevredigend gewerk, omdat die assistentlanddros te Clanwilliam baie beter bekend was met die omstandighede in die Noordweste, as die landdros te Worcester.

Die rondgaande onderwysers moeselke drie maande van die jaar 'n rapport van hul werk instuur na die landdros te Clanwilliam. Daarvandaan is die rapporte na Worcester, en vervolgens na die Bybel- en-Skoolkommissie te Kapstad. As die rapport bevredigend is, dan vra die Bybel- en Skoolkommissie die Koloniale Sekretaris om die salaris uit te betaal. Die salaris gaan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dan via dieselfde kanale terug na die onderwyser. Geen wonder dus dat die onderwysers herhaaldelik kla oor die lang wegbly van hul salarisse.[60]

Benewens die kwartaallikse rapporte, het die onderwysers ook jaarliks 'n soort van getuigskrif van hul werk moes instuur. Ons haal hier een van Blaauw se ,,certifikate" aan: ,, Ik, ondergeteekende, certifiseer by deze, my behoorlyk gedraagen te hebben, na uytwysens van het tweede artikel van myn instructie en hebbe behoorlyk acht geslagen hetgeen daarin vermeld staat, zodat ik my van myn plicht hebbe gekweten als een schoolmeester betaamt; ik hebbe behoorlyk myn zes uuren school gehouden en hebbe de kinderen met zagtheid en beleeftheid behandeld."[61]

Nadat die eerste S.G.O. in 1839 aangestel is, het die skole van die Bybel- en Skoolkommissie nie dadelik onder beheer van die S.G.O. gekom nie. Maar vanaf 1841 het die S.G.O. die beheer oorgeneem van al die skole wat onder die Bybel- en Skoolkommissie sorteer het, d.w.s., ook Mulder se skool in Namakwaland.

---

59. Worcester: 19/121., Lett. Rec., 1812 - 1826, Clanwilliam Drosdy - Worcester, 5 Jan. 1824.

60. C.O. 537, Lett. Rec., Korr. no. 21.

61. Worcester: 19/121., Lett. Rec., 1812 - 1826.
Sertifikaat van 13 Des. 1817.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - DIE ROL VAN DIE NAMAKWALANDSE OUER IN DIE ONDERWYS VAN SY KINDERS TUSSEN 1800 en 1852.-

In die vorige eeu het die Namakwalandse ouer uit eie inisiatief probeer voorsien in die onderwysbehoeftes van sy kinders. In die eerste helfte van die negentiende eeu was daar so 'n skaarste aan onderwysers in Namakwaland, dat 'n ernstige agteruitgang in die sosiale lewe begin intree het. Dit is asof die ouers of magteloos, of onverskillig was, ten opsigte van die onderwys van hul kinders. Gelukkig dus dat die Staat en Kerk in hierdie tydperk ingegryp het. Die Kerk veral het hul besorgheid oor die toestand in die verafgelee distrikte, op die ringsittings en sinodes tussen 1824 en 1849, uitgespreek. Predikante soos ds. Faure, ds. Spyker van Zwartland, en veral ds. Robertson van Clanwilliam het planne beraam hoe om die onderwystoestande te verhelp.[64] Dat die bemoeiings van die kerkmense nie tot woorde beperk was nie, word bewys deur ds. Robertson se ywer om Mulder aangestel te kry.

Tog sou dit verkeerd wees om te meen dat die ouers self niks meer gedoen het vir onderwys nie. Die ouer het nog gesorg vir die huisvesting en vervoer van die rondgaande onderwysers.

---

64. Kerkargief: Kaapstadse Ring, 1/2, bl. 284.
Sien ook verder: Dreyer: Boustowwe; deel 3, bl. 327. en Die Kerkbode, 1860, bl. 179.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dan kan ons ook aanneem dat die ouer ook dikwels self as onderwyser van sy kinders opgetree het. Ander ouers, soos b.v. C.P. Cornelissen, het spesiale moeite gedoen om hul kinders onderwys te verskaf. Cornelissen het sy kinders na Schmelen te Komaggas geneem om deur hom geleer te word.[65] Hoe jammer dat die verhouding tussen die sendelinge en die Namakwalanders nie altyd van die beste was nie! Hulle kon so baie vir mekaar gedoen en beteken het.

## - SAMEVATTING. -

Ten slotte wil ons by wyse van opsomming van hierdie hoofstuk, die hoofkenmerke van die onderwys tussen 1800 - 1852 opnoem.

Die onderwysvoorsiening is hopeloos ontoereikend. Gevolglik tree agteruitgang in.

Nieteenstaande die naderbring van die gesag van Kerk en Staat het die isolasie van Namakwaland nie opmerklik verminder nie.

Die staat sowel as die Kerk stel gaandeweg meer belang en voeg ook die daad by die woord. Die Staat voorsien gratis onderwys terwyl dit as teenprestasie net die huisvesting en vervoer van die onderwyser verwag het.

Die doel van die onderwys bly hoofsaaklik beperk tot voorbereiding vir lidmaatskap van die Kerk.

---

65. Missionsberichte: no. 12, bl.26. Vandag het die Cornelissens nog enige stoele in hul besit, wat volgens oorlewering deur Schmelen self vervaardig is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Terwyl in die meer gevestigde dele van die Kolonie heelwat vordering in onderwys teen 1850 al plaasgevind het, is Namakwaland nog in 'n Rip-van-Winkel-Slaap gedompel.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# - HOOFSTUK 10. -

## - DIE ONDERWYS OP DIE NAMAKWALANDSE MYNDORPE, 1852 - 1902. -

### - Namakwalandse Koperontginning — 1852 - 1904. -

Die aanwesigheid van ryk koppererts in Namakwaland is reeds in 1685 vasgestel. Die eerste ontginning daarvan het egter eers in 1852 'n aanvang geneem toe 'n Kaapstadse firma, Philips en King, die plaas Springbokfontein[1] van die Basters, Dirk en Gert Cloete, gekoop het.[2] Die eerste koppererts vanuit Namakwaland is in 1852 vanaf die hawetjie te Hondeklipbaai verskeep. Die eerste jaar is net 40 ton verskeep, maar die volgende jaar is meer as 200 ton weggestuur. As gevolg van Philips en King se sukses het daar in die jare 1853 en 1854 in al die groter dorpe van die Kolonie 'n ware koperkoors uitgebreek. Orals in die groter dorpe is kopermaatskappye gevorm.[3] Veral in Kaapstad was die koors besonder hoog. Murray in sy "South African Reminiscences " beskryf die toestand as volg: " Every day in Cape Town, Sundays not excepted, during

---

1. Reeds in 1840 is die naam Springbokfontein gebruik.- sien Blackhouse: Narrative of a Visit to Madagascar & S.A., bl. 580. Mettertyd is die ou naam vervang deur die korter naam, Springbok. Maar tot in 1912 is nog gepraat van die "Springbokfontein School Board." Eers vanaf 15 April 1922 is die langer naam vergoed vervang.

2. Namaqualand Letters, Civil Commissioner - Colonial Secretary, 13 Jan. 1864.

3. Schoeman: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner, bl. 30.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


the copper mania, vehicles of all sorts .... crammed full of passengers, prospectors, managing directors, captains of mines, speculators .... all bound for the Namaqualand mines. New companies sprang up more suddenly than mushrooms. More than nine - tenths of the white population of Cape Town dabbled in script."[4] Dwarsoor die hele Namakwaland, selfs tot in die onherbergsame Richtersveld, het die kopersoekers deurgedring, en orals hul skagte gegrawe. In 1854 het hierdie wilde spekulasiegees sy hoogte punt bereik. Maar in 1855 het die affêre in duie gestort.[5] Enige jare later skrywe Tindall omtrent die kopersoekery: "Beacons were erected which marked the spot where wealth was to be sunk instead of raised." [6]

Die Kaapstadse regering het eers die landmeter, Bell, opdrag gegee óm 'n rapport omtrent die moontlikhede van die koperbedryf op te stel. Bell het beken dat hy nie 'n oordeel oor die koper self kon uitspreek nie, maar het hom meer besig gehou met die vervoervraagstuk. Hy het 'n spoorweg vanaf Robbebaai (later Port Nolloth) na die kopermyne aanbeveel.[7] Kaptein Nolloth, wat weer die moontlikheid van die hawe moes ondersoek, het ook Robbebaai bokant Hondeklipbaai wat tot dusver gebruik is, gestel. Twee jaar later het die geoloog Wyley, se rapport

---

4. Aangehaal in Schoèman; op. cit., bl.30.

5. Owen Letcher: Namaqualand, cradle of mineral development, bl. 28.

6. Tindall: Two Lectures on Great Namaqualand, bl. 8.

7. G. 8., 1855. Bell: Report on Copper Fields in Namaqualand.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskyn. Dit het koue water gegooi op die verwagtings wat baie aandeelhouers na die eerste mislukkings, nog heimelik gekoester het. Behalwe die myne wat deur Philips en King te Springbokfontein, Ookiep, Nababeeb en Spektakel geopen is, en enige ander myne soos b.v. die Concordia-myn, was daar maar baie min vooruitsigte van suksesvolle ontginning.[8]

Nietemin het Philip en King en nog 'n maatskappy te Concordia volgehou. Jaar na jaar het die produksie gestyg.[9] Teen 1862 het Philips en King hul besittings en myne aan die bekende Cape Copper Company (die C.C.C.) oorgemaak.[10] Die Concordia-myne het in 1888 oorgegaan in die hande van die Britse maatskappy die Namaqualand Copper Company(N.C.C.).[11] Hierdie twee maatskappye(albei Britse maatskappye) het feitlik die hele koperproduksie vir vyftig jaar lank beheer. Hoe belangrik die koperbedryf was, blyk uit die feit dat tot aan die einde van 1933 koper ter waarde van £21,000,000 uit die Namakwalandse bodem gehaal is.[12]

Dit spreek vanself dat die koperbedryf die lewe in Namakwaland in baie opsigte beïnvloed het veral op ekonomiese gebied.

---

8. G. 36: 1857: Wyley: Report on the Namaqualand Copper Fields.
9. Sien grafiek.
10. Owen Letcher: op. cit., bl. 32.
11. Owen Letcher: op.cit., bl. 33.
12. Uit 'n artikel oor die koperbedryf in die Unie Jaarboek,1933.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Groot somme geld is deur die maatskappye uitbetaal aan lone vir mynwerkers en transportryers, aan die aankoop van plase, en plaasprodukte. In hoe 'n mate die Namakwalandse boer en die kleurlinge van Namakwaland hierdeur beïnvloed is, behandel ons in die hoofstukke wat handel oor die onderwys op die plase en op die reserwes tussen 1852 en 1904. As gevolg van een van Wyley se aanbevelings, het die Kaapse regering gedurende die jare 1867 en 1868 'n pad oor die berge tussen Hondeklipbaai en Springbokfontein laat bou.[13] Die pad is egter nie voltooi nie omdat die C.C.C. in 1869 op aanbeveling van hul ingeneur, Hall, 'n aanvang met hul spoorweg tussen Port Nolloth en Ookiep gemaak het.[14] In 1873 was die spoorweg al op Steinkopf, en enige jare later is dit voltooi tot by Ookiep, terwyl daar taklyne na Nababeeb en Concordia mettertyd aangelê is. Vanaf die tyd was die transportryery, behalwe wat die Spektakelmyn betref, feitlik iets van die verlede. Van nou af het Port Nolloth as hawe, Hondeklipbaai vervang, soos blyk uit die volgende gegewens.

Koperuitvoer vanaf:

| | Hondeklipbaai. | Port Nolloth. |
|---|---|---|
| in 1868. | 2051 ton. | 678 ton. |
| in 1873. | 1183 ton. | 13,826 ton. |

---

13. Die pad is vandag bekend as die ,,messelpad".

14. Noble: The Cape Colony, bl. 83.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aanvanklik is die trokke op die spoor deur muile en perde getrek. Hierdeur het die boere en die reserwevolk 'n uitstekende afsetgebied gevind vir hul kaf, hawer en rog. Eers na 1880 het die ,,ysterperd" sy verskyning op die spoorweg gemaak.

Omtrent 1200 vreemde mense is deur die kopermyne na Namakwaland gelok.[12] Vroeër kon die plaaslike veldkornette taamlik maklik die orde handhaaf; maar die nuwe posisie was vir hulle te moeilik. Vertoë is tot die regering gerig om die posisie te verhelp en reeds in 1855 is Namakwaland tot 'n nuwe distrik verklaar met Komaggas as setel van die magistraat.[13] Toe die eerste magistraat, Rivers, in 1856 na Namakwaland kom, het hy Springbokfontein as setel gekies, en tot vandag toe is Springbok die ,,hoofstad van Namakwaland", gewees. Hierdie stap het ontsaglik baie beteken vir die bewaring van orde in Namakwaland, sowel as vir die ontwikkelling van Namakwaland. In 1861 het N Namakwaland ook 'n eie Afdelingsraad gekry, terwyl dit sedert 1865 in aparte kiesafdeling vorm.

Die geskiedenis van ons tydperk is feitlik die geskiedenis van die ontwikkelling van die koperbedryf, tog was daar ook enige belangrike ander gebeurtenisse. In die jare 1868 en 1869 het die Boesmans op die oostelike grens, op so 'n groot skaal

---

12. Missionsberichte, 26e Jahresbericht, bl. 26.

13. Government Proclamations and Notices, no. 116, 1855.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan die roof gegaan dat verskeie kommando's teen hulle moes uittrek.[14] Die moeilikhede is min of meer bevredigend opgelos toe 'n militere pos te Kenhardt aangelê is. In 1880 was daar weer ernstige Koranna-moeilikhede, asook moeilikhede met die Afrikaner-stam in Suidwes.

Die inbesitname van Suidwes deur die Duitsers in 1884 het ook in Namakwaland reperkussies gehad. Suidwes was tot daardie tyd die ,,Hinterland" van Namakwaland. Met droogtetye was Suidwes 'n goeie uitvlug, dit was 'n ryk jagwereld en deur Namakwaland het daar altyd 'n groot handel na en van Suidwes gegaan en gekom. Die Namakwalandse Afdelingsraad het vertoë gerig, en die destydse lid vir Namakwaland, J.X. Merriman, het g'n moeite ontsien om die Duitse stap teë te gaan nie. Dit was egter te vergeefs.

Die jare 1895 en 1896 was weens die ontsettende droogte donker jare vir Namakwaland. Goeie oeste daarna, veral in, 1900, het die mense weer baie op die been gehelp toe 'n nog groter ramp die land oorval. Reeds voor 1902 was Boere- en rebelle-kommando's in Namakwaland aktief gewees, maar die oorlog het in Namakwaland eers ernstig geword toe Genls. Smuts, Bouwer, Maritz, van Deventer en ander met hul kommando's daarheen getrek het. Die

---

14. Namaqualand Letters, Resident Magistrate - Col. Secretary, 10 Aug, 1869, 21 Aug. 1869. en 10 Sept.1869.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bedoeling was om deur 'n aanval op die myndorpies, Britse troepe wat anders teen die Republikeinse troepe elders sou optree, na Namakwaland te lok. Dit spreek vanself dat so 'n konsentrasie van troepemagte en so 'n land soos Namakwaland die ekonomiese lewe heeltemal sou ontwrig. Koring en vee is deur albei strydende partye op die plase gekommandeer. Veral die weerlose reserwes-inwoners moes dit ontgeld. Te Leliefontein, Komaggas en Steinkopf is duisende sakke graan, wat deur die sendelinge gestoor is, gebuit. Hongersnood het die bevolking in die gesig gestaar. Die myndorpies Springbokfontein, Concordia, Nababeeb en Spektakel is deur die boerekommando's verower. Die beleg van Ookiep was nog aan die gang toe Genl. Smuts na die vredeskonferensie te Vereniging geroep is.[15]

Na die vredesluiting het dinge in Namakwaland stadigaan tot die normale teruggekeer. Die regering het die ergste nood gelenig, saadkoring is verskaf, en kompensasie vir skade is so spoedig moontlik uitbetaal.[16] Die lewe kon weer sy ou gang gaan.

---

15. Inligting omtrent die Anglo-Boere oorlog in Namakwaland is veral verkry uit die volgende bronne:

De Wet: ~~Der~~ Im Kampf um Südafrika.
Reitz: On Commando.
Namaqualand Miscellaneous Letters 1902., in die Kaapse Argief.

16. De Kerkbode, 1902, bl. 314.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# -KAART 4:- -MYNE EN MYNDORPE.-



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE MYNDORPIES. -

Springbokfontein het soos 'n paddastoel gegroei. Volgens Blore het dit reeds in 1852 elfde in die Kolonie gestaan wat bevolkingstal betref.[17] Sedert 1856 is die voortbestaan van Springbokfontein as dorp verseker toe dit deur magistraat, Rivers, tot magistraatsdorp verhef is. 'n Tydlank was die Springbokfontein-myn die vernaamste myn in Namakwaland, maar teen 1873 het Ookiep vinnig vooruitgegaan, en Springbokfontein in die skadu gestel. In 1880 was dit feitlik 'n verlate plek, want die myn was uitgewerk.[18] Dit het nog net enigsins 'n mate van betekenis gehad, vanweë die feit dat die magistraat daar resideer het.

Hondeklipbaai het net so skielik soos Springbokfontein gegroei en nog vinniger gekwyn. Tussen die jare 1863 - 1872 was die hawetjie nog van soveel belang dat 'n resident magistraat vir die jare daar resideer het.[19]

Die myn te Ookiep is in 1873 beskryf as die " richest mine in the world".[20] Dit was tewens die standhoudendste van alle kopermyne in Namakwaland. Vanaf omstreeks 1860 tot 1917,[21]

---

17. Blore: Statistics of the Cape Colony, bl.

18. Volgens artikel in "The Cape Monthly Magazine." 1880, bls. 211 & 212.

19. Namakwaland Letters, Civil Com. - Col. Secr., 16 Jan. 1864.

20. Noble: Cape Colony, bl. 87.

21. Toe dit begin sluit het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


~~vanaf~~/ het Ookiep gewoonlik 'n bevolking van om by die 2,000 gehad.

Te Concordia was daar voor 1888 'n taamlike produktiewe myn wat deur 'n private maatskappy met 'n Duitser, H. von Schlicht, as bestuurder, ontgin is. So belangrik was die myn dat reeds in 1863 die Rynse sendelinggenootskap, 'n sendeling soontoe gestuur het. H. von Schlicht, die bestuurder, was 'n groot vriend van die onderwys soos bewys word uit sy brief aan die Watermeyer-Onderwyskommissie van 1863.[22] Ook die Concordia-myne se koperproduksie was baie bestendig. Nadat alle myne in Namakwaland gesluit was, het Concordia nog voortgegaam om te produseer totdat dit ook eindelik in 1933 gaan staan het.

Spektakel daarenteen het 'n baie wisselvallige geskiedenis gehad. Tot 1866 het Spektakel wat koperproduksie betref tweede gestaan. In 1866 was daar 'n bevolking van 600 mense.[23] In die loop van 1866 is die werk egter aansienlik ingekort omdat gemeen is dat die koper uitgewerk was. Later het die werksaamhede weer toegeneem, en toe weer afgeneem totdat die myn skielik in 1900 gesluit is.

Port Nolloth, vroeër Robbebaai, was nog voor 1869 as hawe vir koperuitvoer gebruik. Maar vanaf genoemde jaar was die dorp se groei vinnig, want dit het die terminus van die spoorweg vanaf die kopermyne geword.

---

22. Onderwysrapport 1863, Aanhangsel VII, bl.10.

23. Von Rohden: Geschichte der Rheinischen Missionsgesellschaft, bl. 189.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1874 het ook Port Nolloth, netsoos Hondeklipbaai, 'n eie magistraatsdistrik geword.[24] Die bevolking van Port Nolloth het deurgaans bo 1,000 gebly tot omtrent 1920. Dit was tegelyk ook die vakansieoord vir die mynwerkers te Ookiep en elders want soos Scully dit uitdruk "Port Nolloth, which is surely the most God-forgotten spot on earth has nevertheless a grand climate."[25]

Hoewel daar reeds deur Philip & King te Nababeeb op klein skaal ontgin is, is dit eers sedert 1900 dat Nababeeb 'n belangrike sentrum geword het. Dit het taamlik bestendig bly produseer totdat dit in 1920 saam met Ookiep gesluit het.

- DIE SOSIALE LEWE OP DIE MYNDORPIES. -

Die blanke bevolking op die myndorpies het meesal uit Engelse bestaan. Die grootste gedeelte hiervan was die s.g. "Cornishmen" wat uit die Cornwallse kopermyne deur die C.C.C. en die N.C.C. na Suid-Afrika verplaas is. Baie van hierdie mynwerkers was ongetroud, of in baie gevalle het die families in Engeland agtergebly. 'n Baie klein persentasie Afrikaanssprekendes het op die myndorpe vir hulle gaan vestig.[26] 'n Taamlike klompie Duitsers het, veral as spoorwegamptenare, na Namakwaland gekom.

---

24. Namqualand Letters, Civ. Comm. - Col. Secr., 5 Jan. 1874.
25. Scully: Further Reminiscences of a S.A. Pioneer, bl. 182.
26. Om Sekerheid op hierdie punt te erlang, is die Namakwalandsé kieserslyste vir 1872 en enige jare daarna deurgegaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die kleurlingbevolking was 'n eienaardige mengelmoes. Daar was in die eerste plaas die Namakwalandse kleurlinge wat in groot getalle na die myne gegaan het, tnots die pogings van die sendelinge om die trek teë te gaan.[27] Tog was die Namakwalandse kleurlinge wat getrek het te min om in die behoefte aan werksmense te voldoen. Baie Bolandse kleurlinge, en ook Kaffers uit die Oostelike Provinsie, is ingevoer. Ook uit St. Helena is 'n groot aantal St. Helena-Basters ingevoer. Daarom het 'n skrywer in die "Cape Monthly Magazine" van 1880 heeltemal gelyk, wanneer hy Ookiep as 'n kosmopolitiese dorp bestempel.[28]

Die algemene indruk wat 'n mens van die sedelike lewe op die myndorpies kry is baie swak. In hoofstuk 5.[29] het ons reeds melding gemaak van die feit dat die blankes in die myndorpe baie tot die vermeerdering van die Baster-bevolking van Namakwaland bygedra het. Talle huwelike tussen Engelse en kleurlinge is in die trouregisters van die Komaggas, Steinkopf en Concordia - sendinggemeentes geregistreer. Maar dit was veral die buite-egtelike omgang tussen blank en gekleurd wat 'n skrikwekkende omvang aangeneem het. Alle sendelinge op die reserwes was eenparig in hul veroordeling van die ellendige immorele lewe op die myndorpies. Dr. Kotze haal ook treffende gegewens aan om die omvang van die rasvermenging aan te dui. In die tydperk 1895 tot 1919 is daar gemiddeld

---

27. Missionsberichte, Jahresbericht no. 26, bl. 26.

28. Cape Monthly Magazine., 1880, bl. 210.

29. Sien hoofstuk 5, bl. 83.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


13.5 geboortes per jaar geregistreer te Springbok waarvan die een ouer blank en die ander gekleurd was. Na 1919, d.w.s. toe die meeste myne gesluit het, daal die syfer meteens na 2.4 per jaar.[30]

Dronkenskap het hoogty gevier op al die myndorpies. Weich, die sendeling te Komaggas, vertel hoedat in 1867 toe 'n vreeslike springkaanplaag Namakwaland geteister het, die suipery en dansery te Springbok onverminderd voortgewoed het.[31] Die sendeling Hegner, het in 1866 ook ellendige toestande te ~~Springbok~~ Spektakel aangetref.[32] Dit is veral die kleurlinge wat slagoffers van die drankduiwel geword het. 'n Skrywer in die "Cape Monthly Magazine" sê dat die werk van die predikante onder die kleurlinge op die myndorpies feitlik tevergeefs was, want die versoekings was te veel en te sterk.

Philips en King het die demoralisering van die mynbevolking probeer bestry. Hulle het die Episkopaalse Kerk uitgenooi om te Springbok, Ookiep, Spektakel ens. te werk. Hulle het die predikant 'n vry huis toegestaan sowel as 'n jaarlikse toelae van £ 150 per jaar.[33] Ook die C.C.C. het geboue gratis vir kerk- en skoolgebruik beskikbaar gestel. Ongelukkig was die skool ook alte dikwels die "Recreation Hall," sodat die skoolhou soms deerlik in die wiele gery is. Ander Kerke soos die

---

30. Dr. Kotze: Namakwaland, 'n Geïsoleerde Gemeenskap, 'n ongepubliseerde tesis vir die Ph.D.-graad te Stellenbosch.

31. Missionsberichte, 1867, bl. 153.

32. Von Rhoden: op. dit., bl. 189.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Wesleyaanse, die Hollandse en die Katolieke het ook later op die myndorpe kom arbei. Dit het dikwels gelei tot onsmaaklike en ongelukkige botsings. Nietemin, die Kerke het as 'n sterk bolwerk gedien teen die totale demoralisering van die kleurlinge en die blankes op die dorpe. Ook het die geestelike leiers die voortou geneem in verband met die onderwys.

Dit sou egter onbillik wees om net op die skadukant van die sosiale lewe op die myndorpe te wys. Te Ookiep en Port Nolloth was daar bloeiende biblioteke.[34]

Die Engelse het hul nasionale sportsoorte, krieket en sokker, met hul na Ookiep, Port Nolloth, Spektakel ens. meegebring. Sportbyeenkomste en perdewedrenne het dan ook baie dikwels plaasgevind.[35]

Interessant is ook dat Port Nolloth in sy "hey-day" ook twee koerante gehad het, nl. die Port Nolloth Times, en die North West Province Courier.[36] Nog 'n merkwaardige ,,koerant" was die Spektakel Examiner and Times, waarvan daar een eksemplaar in die Parlementere Biblioteek raakgeloop is. Onder die interessante nuusberiggies is daar een dat die Engelse predikant o.a. Spektakel sal verteenwoordig in 'n krieketwedstryd.

---

33. Cape Statistical Register, 1861.

34. 'n Deel van die boeke vorm vandag deel uit van die Springbokse boekery.

35. Kotze: op.cit., bl. 46.

36. Birkby: Thirstland Treks, bl. 119. Ons kon egter geen nommers hiervan in die openbare Bib. Kaapstad of in die Parlementere Biblioteek vind nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DIE ONDERWYS OP DIE MYNDORPIES 1852 - 1904. -

Voodat ons die ontwikkeling van die onderwys op die afsonderlike myndorpe nagaan, moet ons eers verduidelik dat daar onder die Engelssprekende ouers twee klasse, t.w. (a) die bestuurders en opsigters en (b) die gewone mynwerkers, die s.g. "Cornishmen" was.

Die eerste groep het baie waarde geheg aan die opvoeding. Ons sou dus verwag dat hulle hul baie sterk sou beywer vir die stigting van skole. Maar hierdie ouers het nie graag gesien dat hul kinders saam met kleurlingkinders, of selfs met die kinders van die "Cornishmen", moes skoolgaan nie. Daar was dikwels te min kinders om aparte skole vir die blankes en kleurlinge te stig. ~~nog baie algemeen was~~. Om hierdie rede het die bevoorregte ouers dikwels afsydig gestaan teenoor die skole wat deur die predikante gestig is. Die mense wat dit kon bekostig het hul kinders of na Engeland of na Kaapstad gestuur.[37] Ander weer het "tutors" en "Governesses" gehuur om aan hul kinders onderwys te gee.[38]. Gevolglik was die gegoede klas nie te ywerig vir die stigting van skole nie, hoewel gevalle teëgekom is, waar persone, soos, b.v. John Rowe van Spektakel, hart en siel vir die onderwys geyer het.

---

37. S.G.E. 1/33, Letters Received, Rev. W. Morris - S.G.E., 30 Oct. 1875.

38. S.G.E. 1/301, Lett. Rec., E.H. Taunton - S.G.E., 27 Feb., 1901. en S.G.E. 1/163., Clarke - Williams. - S.G.E., 7 Oct., 1894.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die "Cornishmen" was oor die algemeen taamlik onverskillig teenoor die opvoeding van hul kinders. Die organiserende inspekteur van skole in 1881, J. Samuels, rapporteer omtrent Ookiep. "But the parents of the children are chiefly Cornish Miners and are unwilling to pay anything for the education of their children."[39] Die ouers was ook alte geneig om die kinders vroeg uit die skool te haal, sodat hul hul ook iets kon verdien. Of die onverskilligheid teenoor onderwys in verband gestaan het met die feit dat hul kinders dikwels saam met kleurlinge moes skoolgaan, is moeilik om te sê. Dit skyn egter nie die geval te gewees het nie. In 1889 het daar b.v. te Port Nolloth iets eienaardigs voorgekom. Daar was twee skole, 'n Sendingskool en 'n A.3. - skool. 'n Mens sou verwag dat die kleurlinge die sendingskool besoek, en dat die blanke kinders na die A.3.- skool gaan. Maar daar was blankes in albei skole,[40] en kleurlinge in albei skole. Dit het selfs gebeur dat een kind van 'n ouer by die sendingskool is, en 'n ander by die A.3. -skool.[41] Sulke gevalle is meermale teëgekom, waaruit ons kon aflei dat die gemengde skole nie die oorsaak van die onverskilligheid was nie. Die "Cornishmen" was self nie te goed opgevoed nie, en het dus ook nie hoë eise aan die opvoeding van hul kinders gestel nie.

---

39. Verslag van J. Samuels oor sy werk as organiserende inspekteur in die Noordweste verskyn as byvoegsel tot die S.G.O. rapport van 1882.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die weg van die onderwyser en die skoolorganiseerder was dus geensins met rose besaai nie. Scully sê in 1893 van die samelewing te Ookiep: "But in 1893 it contained what I should say the most unpleasant community in South Africa to deal with. The local head of the C.C.C. was excepted in the matter of mining, quite uneducated." [42] As dit van die hoof, die "Super", gesê word, wat kan ons dan van die gewone werker verwag?

Ook die kleurling op die dorpe het anders gestaan teenoor die onderwys, as die kleurlinge op die reserwe. Weens die verleidings op die dorp was eersgenoemde meer geneig om onverskillig teenoor sy Godsdiens, en dus ook teenoor die onderwys, te staan. Vir die reserwe-kleurlinge was die onderwys nog 'n voorbereiding vir sy opname in die gemeente. By die dorpskleurling was die begeerte om lid van die Kerk te word nie so sterk nie. Ook voel die dorpskleurling nog minder verplig om aan die dorpspredikant gehoor te gee, as die reserwe-kleurling. En dan het die dorpe ook meer werkgeleenthede vir die kinders gebied as op die reserwe die geval was. Hulle kon al iets verdien deur die kopererts te sorteer. Om hierdie rede het dit ook met die kleurlingonderwys op die dorpe nie te rooskleurig gegaan nie. Na

---

40. Die gewoonte om blanke kinders na Sendingskole te stuur was baie algemeen dwarsdeur die Kolonie. Dale se b.v. in 1891 voor die Barry -Kommissie oor Onderwys (bl.9) dat omtrent 10,000 blanke kinders in sendingskole was.

41. S.G.E. 1/108. Letters. Rec., Jones - S.G.E., - 12 Maart 1889.

42. Scully: Further Reminiscences of a South African Pioneer, bl. 222.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie algemene oorsig van die onderwysprobleme op die dorpe, gaan ons oor tot die bespreking van die onderwys op die afsonderlike dorpe.

## - SPRINGBOKFONTEIN. -

Die eerste vermelding van onderwys op die myndorpe is teëgekom in 'n brief wat die "curate", Henry Whitehead, vanaf Springbokfontein op 2 Julie 1856 aan die S.G.O. gerig het.[43] Daarin vermeld hy dat hy en sy vrou 'n maand lank aan kleurlinge te Hondeklipbaai onderwys gegee het.[44] Ook meld hy sy voornemens om 'n soortgelyke skool te Springbokfontein te stig, maar hiervan hoor ons niks verder nie.

Eers in 1863 hoor ons van 'n "Wesleyan Day School" wat te Springbokfontein bestaan.[45] Dit was heelwaarskynlik 'n sendingskool, want in Augustus het die Episkopaalse predikant, W.A. Morris, aansoek gedoen by die S.G.O. om 'n toelae vir 'n A.2.-skool.[46] In die loop van die volgende jaar het die Wesleyane die veld geruim, waarop die Episkopaalse Kerk die sendingskool ook oorgeneem het met eerw. Morris, self as onderwyser.

Die A.2- skool het aan die begin van 1864 met Mnr. A. Heksley as onderwyser aangevang.[47] Die bestuurders van hierdie eerste blanke skool te Springbokfontein het die volgende bepalings vir die skool neergelê:[48]

---

43. S.G.E. 1/2, Lett. Rec., Whitehead - S.G.O. , 2. 7. 1856.

44. Dit is die enigste vermelding van onderwys te Hondeklipbaai, wat ons teëgekom het.

45. S.G.E. 1/11, Lett. Rec., Priestly - S.G.O. , 20. 11. 1863.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Klasgeld: 10/- per maand vir een kind,
16/- vir twee en 4/- vir elke addisionele kind.

Skoolure: Vyf ure elke weeksdag behalwe Woensdag en Vrydagmiddag wanneer daar "half Holidays" sou wees.

Inspeksie: Jaarliks sou daar twee keer inspeksie gehou word deur die bestuurders.

Die skool het met net 3 leerlinge begin. Later was daar darem 9 leerlinge.[49] In 1865 gaan dit egter volgens die S.G.O.-verslag vir daardie jaar baie goed. Daar was 26 leerlinge in die skool waarvan twee o.a. ook Latyn geleer het.[50] Maar reeds in Mei 1866 moes die skool sluit weens die ,,depressie" van daardie jaar.[51] Bleksley wat reeds as onderwyser tegelyk posmeester te Springbokfontein was, het gelukkig 'n aanstelling as posmeester te Spektakel gekry.[52]

Die sendingskool te Springbokfontein het intussen maar 'n sukkellende bestaan gevoer. Die werksmense was al besig om na die groeiende Ookiep te trek, maar die groot moeilikheid was dat Morris nie 'n vaste onderwyseres kon behou nie. Daar was gedurige wisseling sodat die werk baie gely het.

---

46. S.G.E. 1/11, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 28. 8. 1863.

47. S.G.E. 1/12, Lett. Rec., Welby - S.G.O., 22. 2. 1864.

48. Vir alle A. 2.- en A. 3. - skole is daar sulke regulasies opgestel, en aan die S.G.O. gestuur vir goedkeuring; ook die name van die bestuur is aangestuur. In die vervolg sal ons om herhaling te vermy nie die bepalings meld nie tensy iets besonders vermeld word. Die klasgelde wat hier vereis is, was besonder hoog, vir Namakwaland altans, en was een van die oorsake van die skool se sluiting.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


In 1870 is 'n tweede poging aangewend om 'n blanke skool te stig. Morris meld in Desember 1869 dat 'n "superior class" van ouer nie hul kinders na die sendingskool wou stuur nie.[53] Gevolglik is op 29 Jan. 1875 'n bestuur vir die nuwe A.2 - skool gestig. Die klasgeld is nou na 5/- verminder.[54] Die bestuurders was ongelukkig in die keuse van die onderwyser. Dit was 'n G.H.Close, 'n gewese "catechist" van die Episkopaalse Kerk. As onderwyser kon hy gladnie dissipline handhaaf nie; toe hy die kinders by 'n geleentheid na skool wou hou, het hulle eenvoudig huis-toe gestap, en hy het g'n vinger verroer nie, daar hy bang was vir die groter leerlinge.[55] Gelukkig het Close na 'n kwartaal bedank. Morris en 'n deel van die bestuurders het dit bewerkstellig dat Pocock, 'n "curate" van die Episkopaalse Kerk, as opvolger van Close benoem is. Onder leiding van baron C. von Ludwig, 'n Duitse prospekteerder, het die ander bestuurders en enige ouers 'n petisie teen Pocock se aanstelling opgestel en na die S.G.O. aangestuur.[56] Hulle groot beswaar teen Pocock en tevore teen Close, was dat hy tegelyk as Episkopaalse "curate" sou dien. Von Ludwig het die steun van die Afrikaanse seksie,

---

49. S.G.E. 1/12, Lett. Rec., Welby - S.G.O., 30. 6. 1864.
50. S.G.O. - verslag 1865.
51. S.G.E. 1/13, Lett. Rec., Welby - S.G.O., 15. 9. 1865.
52. Directory of the Cape Colony 1868.
53. S.G.E 1/21, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 11. 12. 1869.
54. S.G.E. 1/23, Lett. Rec., Reynolds - S.G.O., 29. 1. 1870.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


asook enige Engelse wat nie gediend was met die Episkopaalse Kerk nie, gehad. Morris het dan ook in sy verweer gesê dat die hele agitasie teen Pocock was omdat Von Ludwig, John Wolstenholme, Van Coevorden en ander 'n Hollandse Kerk en predikant te Springbok wou hê.[57] Hoewel ds. Hauman, die eerste predikant van die Hollandse Kerk in Namawaland, ook teen Pocock weens pligversuim opgetree het,[58] was dit tog nie 'n kwessie van Hollandse Kerk teen Engelse Kerk nie. Ook L. Boyes, die destydse magistraat, het die agitasie toegeskrywe aan 'n "terrible anti-English feeling in this place."[59] Hierdie bewerings van Morris en Boyes word geloënstraf deur die feit dat Engelssprekendes soos John Wolstenholme, ("Jan Engelsman" in die wandeling genoem), R. Torbet, W. Gillman en G. Townsend die Hollandse predikant en Von Ludwig gesteun het. Toe die agitasie teen Pocock se aanstelling misluk, het die beswaardes besluit om 'n "Ladies Seminary" te Springbokfontein te stig.[60] Die S.G.O. is genader om 'n toelae, maar hy het beslis geweier.[61] Die dogterskool is nietemin as private skool gestig met Mej. M. van Niekerk as onderwyseres.

---

55. S.G.E. 1/23, Lett. Rec., Wells - S.G.O., 4:6:1870.
56. S.G.E. 1/23, Lett. Rec., G.A.V. Ludwig ea - S.G.O., 2 Jun.1870
57. S.G.E. 1/23, Lett. Rec., Morris Hauman - S.G.O., 14Jun. 1872.
58. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Hauman - S.G.O., 18 Jan. 1872.
59. S.G.E 1/27, Lett., Rec., Boyes - S.G.O., 5 April 1872.
60. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., S. v. Niekerk - S.G.O., 25 Jan. 1872.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Pocock se A.2.-skool het in die jare 1871 en 1872 nog 64 en 54 leerlinge op die rol gehad,[62] veral weens die feit dat die blanke kinders van Ookiep daar skoolgegaan het. Vanaf Julie 1871 moes Pocock ook die sendingskool waarneem.[63] Soggens het hy in die A.2.-skool onderwys gegee, en namiddae in die kleurlingskool, soos blyk uit die brief van Wells aan die S.G.O., waarin hy nadrukkelik wou tekenne gee dat hy nie bewus was van die feit dat die A.2-skool ook middae gehou moes word nie.[64] 'n Mens kry die indruk dat die onderwys taamlik ongereeld was, soos ook blyk uit die feit dat die S.G.O. in 1872 weier om die "grant" uit te betaal, omdat Pocock se skool enige dae gesluit was toe hy te Hondeklipbaai glo kerklike werk moes verrig.[65] Die stigting van die private dogterskool het die bestaan van die A.2-skool in gevaar gestel. Reeds in Februarie 1872 sê Morris: "All the Dutch ~~7~~ girls have been withdrawn and the school (A.2.) is at a low ebb."[66] Dit verbaas ons dus ook gladnie dat die A.2.-skool aan die einde van 1872 gesluit is nie.[67] Ook die sendingskool het teen hierdie tyd dieselfde lot ondergaan.[68] Rassetwis, maar veral die bedenklike metode van Morris om sy onderwysers as predikante te gebruik, het die

---

61. S.G.O. aantekening op brief van S.v.Niekerk, 22 Feb. 1872., S.G.E. 1/27, Lett. Rec., 22. 2. 1872.

62. S.G.O. rapporte vir 1871 en 1872.

63. S.G.E 1/25, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 3. 7. 1871.

64. S.G.E. 1/25, Lett. Rec., Wells - S.G.O., 29. 7. 1871.

65. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Hauman - S.G.O., 18. 1. 1872. en S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 4. 4. 1872.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tweede skool te gronde laat gaan. Die private dogterskool onder Mej. van Niekerk, later Mevr. Brown, het intussen voortgegaan en uitstekende werk verrig.

Die sendingskool het darem weer in April 1873 heropen,[69] maar dit was 'n ewige gesukkel met onderwyseresse wat elkeen net 'n paar maande aangebly het. Gevolglik rapporteer die inspekteur Rowan, die eerste inspekteur wat Namakwaland besoek het, van die sendingskool as volg: "a Very poor school".[70] Die skool het aangesukkel tot Okt. 1876.[71]

Behalwe mevr. Brown se private skool was daar vanaf 1876 tot 1879 geen ander skool te Springbokfontein nie. In die loop van 1879 het ds. Hauman, wat intussen die kerkplaas Bowesdorp verlaat het en naby Springbokfontein kom woon het, weer 'n poging aangewend om 'n skool te Springbokfontein te stig. Sy eintlike doel was om 'n "Districts Kostschool" te Springbokfontein te stig. wat as hoofskool van sy gemeente sou dien. 'n Vergadering van ouers is op 31 Maart 1879 onder voorsitterskap van die agerende magistraat, C. den Smidt, gehou, en daar is belsuit om met 'n A.2.-skool te begin.[72] 'n Bekwame onderwyser in die persoon van J.H. Walker uit Skotland is as onderwyser aangestel. Nieteenstaande die ywer van ds. Hauman en die kragtige samewerking van De Smidt se opvolger, Kol. Eustace,

---

66. S.G.E 1/27, Lett. Rec., Morris- S.G.O., 17. 2. 1872.
67. S.G.E.1/27, Lett. Rec., Morris- S.G.O., 5. 10. 1872.
68. S.G.E.1/27, Lett. Rec., Morris- S.G.O., 6. 11. 1872.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het ook hierdie skool op 'n mislukking uitgeloop. J. Sameuls, die organiserende inspekteur van skole in 1881, wyt die mislukking aan "the great apathy of the farmers".[73] Die boere wou eenvoudig nie hulle kinders in die dorp laat loseer nie. J.H. Walker het na 'n jaar diens sy bedanking ingestuur, en so het die derde blanke skool te Springbok tot niet gegaan.

Eers ag jaar later het daar weer lewe in die brouery gekom. Eerw. Brock van die Engelse Kerk te Ookiep het op 27 Maart 1888 'n vergadering byeengeroep waarop besluit is om weer 'n skool te stig.[74] 'n Baie bekwame onderwyser, Hurst, se dienste is verkry. Aan die begin het hy moeilikheid ondervind van enige ouers weens die skoolure, maar Kol. Eustace het die moeilikheid bevredigend besleg. Eustace was veral besorgd oor die toenemende invloed van die Katolieke vanaf Pella en ook vanaf Matjiesfontein naby Springbokfontein.[75] Hurst, wat 'n lid was van die Hollandse Kerk, het die vertroue van die boere gewen, en in Mei 1889 rapporteer hy dat hy 5 losiesgangers het.[76] Hy het verdere ondersteuning verkry, omdat hy Hollands in plaas van Latyn onderrig het. Interessant is ook dat Hurst botanie en landbou as vakke ingevoer het.[78] In

---

69. S.G.E.1/29, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 17. 4. 1873.

70. Rowan se rapport as aanhangsel by die S.G.O.- rapport van 1874.

71. S.G.O.-rapport van 1876.

72. S.G.E. 1/49, Lett. Rec., Hauman - S.G.O., 25. 4. 1879.

73. J. Samuels: Special Report on Schools in Namaqualand dc S.G.E. 3/540.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mei 1891 het die skool so goed gevorder dat die onderwyser vyf leerlinge vir die "University Elementary" kon inskryf.[79] Maar die losieskwessie het ook hierdie flukse onderwyser se werk tot niet laat gaan. Die boere het maar baie min betaal vir die losies van hul kinders, en nieteenstaande die feit dat die S.G.O. 'n toelae van £6 per jaar per kind bygedra het vir die losies, was Hurst verplig om die loseerdery van die kinders te staak.[80] Daarna was die getal leerlinge se min dat hy sy betrekking neergele het.

Marsh, sy opvolger, was 'n ongetroude man, en kon dus nie loseerders inneem nie. Na 'n jaar moes hy toe ook die skool bedank, weens die daling in getalle.[81]

Mej. Ella Brown, dogter van die oud-onderwyseres, Mevr. Brown, het die skooltjie probeer voortsit, maar dit het maar sukkel-sukkel gegaan. Mej. Brown was dikwels siek, daarby was die ouers baie onverskillig omtrent die skool. Die onderwyseres was verplig om later enige kleurlingkinders in te neem, teneinde die getal leerlinge te vermeerder. Teen die einde van 1900 het ook sy haar betrekking neergele.[82] So eindig die jaar 1900 dus met geen skool in die "capital of Namaqualand" nie.

---

74. S.G.E. 1/100, Lett. Rec., Brock.- S.G.O., 27. 3. 1888.
75. S.G.E. 1/100, Lett. Rec., Eustace - S.G.O., 3. 9. 1888.
76. S.G.E. 1/108, Lett. Rec., Hurst - S.G.O.,13. 5. 1889.
77. S.G.E. 1/108, Lett. Rec., Hurst - S.G.O.,17. 6. 1889.
78. S.G.E. 1/116, Lett. Rec., Hurst - S.G.O., 14. 4. 1890.
79. S.G.E. 1/124, Lett. Rec., Hurst - S.G.O., 2. 2. 1891.
80. S.G.E. 1/124, Lett. Rec., Hurst - S.G.O., 21. 12. 1891.
81. S.G.E. 1/149, Lett. Rec., Loynes - S.G.O., 23. 1. 1893.
82. S.G.E. 1/257, Lett. Rec., Brown - S.G.O., 1 Nov. 1900.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## - OOKIEP. -

Die kopermyne te Ookiep was baie meer stabiel, as die myn te Springbokfontein, dus was die bestaan van die skool te Ookiep baie bestendiger. Ook te Ookiep het die Episkopaalse Kerk met die onvermoeiende W. Morris as predikant, die inisiatief in die onderwys geneem. Teen die einde van 1863 het hy 'n sendelingskool te Ookiep met M.H.Fox as onderwyser gestig.[83] Engels is as medium gebruik,[84] nieteenstaande die feit dat feitlik alle leerling (kleurlingkinders) Afrikaanssprekend was. Tot omstreeks 1867 het die aantal leerlinge so om en by die 50 gebly, maar in 1868 spring dit skielik na 88. Die volgende jaar styg die getal leerlinge na 172.[85] Maar die gemiddelde bywoning was slegs 61. Die skoolwerk het aansienlik skade gely weens die swak bywoning, wat veral te wyte was aan die baie werkbronne wat daar vir die kinders op die myne was, asook weens die baie epidemies# soos masels, ens. wat kort-kort as gevolg van die onhigiëniese leefwyse van die kleurlinge uitgebreek het. Verder het die werk gely as gevolg van die gedurige wisselling van onderwysers en onderwyseresse.[86]

---

83. S.G.E.1/11., Lett. Rec., Morris - S.G.O., 6 Nov. 1863.

84. S.G.O. - verslag 1864. Een van die voorwaardes waarvolgens sendingskole gestig kon word, was dat Engels geleer moes word, en indien moontlik die medium word so gou as moontlik.

85. S.G.O. - rapporte vir 1867, 1868 & 1869.

86. S.G.E. 1/29, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 4 Julie 1873.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voor 1873 was daar geen spesiale voorsiening gemaak vir die blanke kinders vir onderwys nie. Ouers wat nie hul kinders na die Springbokfontein se skool, of na Kaapse skole, kon stuur nie, moes hul kinders maar na sending skole stuur. Maar nadat Pocock sy skool te Springbokfontein moes sluit, was hy en Morris ook onder-~~hulle~~wysers aan die Ookiepse sendingskool waar hulle verantwoordelik was vir die " first two classes composed chiefly of children formerly belonging to the public school at Springbokfontein," terwyl Mevr. C. Robertson die onderwyseres was vir die laer klasse, "composed chiefly of coloured children."[86] Hierdie aanhalings bewys dat ook te Ookiep blankes en kleurlinge in dieselfde skool was.[87]

Eers in 1879 is die eerste stappe gedoen om voort te gaan tot die stigting van 'n aparte skool vir blanke kinders. Op 16 Augustus 1879 het 'n A.2-skool geopen met H.F. Deane as die onderwyser.[88] Hy het egter weer Ookiep in Desember 1880 verlaat.[89] Tydens sy leeftyd te Ookiep is die skool deur J. Samuels besoek, en hy het 'n baie goeie rapport oor die skoolwerk gegee. Maar met Samuels se tweede besoek was daar nog geen staatsondersteunde skool nie, nieteenstaande die feit dat daar genoeg leerlinge was vir twee onderwysers. Ook die sendingskool was gesluit, hoewel daar ±200 kinders van skoolgaande ouder-

---

87. Sien voetnoot 40.
88. S.G.E. 1/49. Lett. Rec., Doldwell - S.G.O., 16 Aug. 1879.
89. S.G.E. 1/51, Lett. Rec., Doldwell - S.G.O., 11 Des. 1880.
90. Rapporte van Samuels is 'n aanhangsel by die S.G.O.-rapport van 1882.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


domme in die myne gewerk het. Dit was 'n treurige toestand. Samuels merk op: "Such a state of affairs reflects no credit on the inhabitants of Ookiep." Die skool is intussen gehuur deur 'n rondlopende musikant, sekere Lover. Hy leer die kinders musiek terwyl sy vrou die kinders danslesse leer. Kortkort gee Lover en sy vrou " entertainment-evenings" wanneer hy musiek speel en sy vrou dansvertonings in "boys clothes or skin tights" gee. Samuels het 'n poging aangewend om die skole te herstel, maar het nie baie geesdrif ondervind nie. [91]

Eindelik het Morris daarin geslaag om 'n Mnr. T. Quirk as onderwyser teen £200 per jaar + 'n vrye woning te huur. Die C.C.C. het ruim bygedra deur £50 + huis + skool aan te bied.[91] Vanaf 1882 tot 1891 het Quirk die skool met 'n taamlike mate van suksesse gelei. Die rol was gewoonlik ± 60 leerlinge.

Vanaf 1892 is Mnr. Percy Thompson die onderwyser te Ookiep. Hy het baie goeie inspekteurs-rapporte ontvang, nieteenstaande die feit dat die welgestelde mense hulle kinders weke lank uit die skole hou, wanneer hulle na Port Nolloth of Kaapstad met vakansie vertrek.[91a] In sy dienstyd is die eerste "pupil-teachers" in Ookiep opgelei. Interessant is ook die feit dat sy skool die eerste is wat in Namakwaland 'n biblioteek aangeskaf het. Snelskrif is ook as vak deur Thompson onderrig.[91b] Die oorlogsbedrywighede van 1902 het die skoolwerk baie in die wiele gery. Sommige ouers het met hulle kinders na Port Nolloth

---

91. S.G.E. 1/67, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 24 Des. 1881.

91a. S.G.E. 3/64, Insp. Rep., Hofmeyr 1899.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gevlug.[92] Toe die skoolgebou vir militêre doeleindes gekommandeer is, was die onderwyser verplig om in sy eie huis onderwys te gee.[93] Gedurende die beleg vanaf 6 April tot 2 Mei is alle skole gesluit.[94] Nog enige jare na die oorlog het Thompson sy suksesvolle werk voortgesit.

Eerw. Schierhout, wat gedurende hierdie tyd die Episkopaalse predikant te Ookiep was, was netsoos Morris baie ywerig vir die onderwys. Die sendingskool wat nog maar altyd swak was is baie deeglik deur hom re-organiseer. Vir die eerste keer is nou 'n onderwyseres te Ookiep aangestel as "Industrial Teacher".[95] Dit was ook al hoogtyd dat die Engelse Kerk wakker skrik want die Wesleyaane en Katolieke het al begerige oë op Ookiep begin gooi.

## - PORT NOLLOTH. -

Op 19 Maart 1870 het eerw. Morris aansoek gedoen om 'n toelaag vir 'n skool wat hy te Port Nolloth met ' mej. Sarah Heath as onderwyseres wou stig.[96] Van die skool het waarskynlik niks gekom nie, want in 1872 doen hy 'n soortgelyke aansoek, nadat hy gehoor het dat ds. Hauman ook 'n skool te Port Nolloth wou stig.[97] Op 5 Februarie 1872 is die stigtingsver-

---

91b. S.G.E. 3/40, Insp. Rep. Hofmeyr 1897.
92. S.G.E. 1/346, Lett. Rec., P Thompson - S.G.O., 20. 6. 1902.
93. S.G.E. 1/346, Lett. Rec., P. Thompson - " " " ".
94. S.G.E. 1/346, Lett. Rec., Schierhout - S.G.O., 8. 5. 1902.
95. S.G.E. 1/346, Lett. Rec., " - " ., 15. 5. " .
96. S.G.E. 1/23 . Lett. Rec., Morris - S.G.O., 19. 3. 1870.
97. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 25. 1. 1872.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gadering gehou, waarop besluit is om 'n A.2-skool te stig. Die eerste twee onderwysers het om gesondheidsredes ~~vir~~ net enige maande in Port Nolloth onderwys gegee.[98] Die skool is eers twee jaar later herstig, toe eerw. Godfrey as onderwyser (en tegelyk as "curate") na Port Nolloth gekom het.[99] Die S.G.O. was gladnie tevrede met die feit dat die onderwys ook "ecclesiastical duties" moes waarneem nie. Morris het dikwels 'n predikant as onderwyser laat aanstel, sodat dit lyk asof die toelaag wat die predikant as onderwyser kry sy eie karige salaris as predikant moes aanvul. Eerw. Godfrey het self gevoel dat hy nie albei ampte kon beklee nie, soos blyk uit sy brief aan die S.G.O. op 25 Jan. 1875. Ook hierdie skool was 'n gemengde skool want kinders van "St. Helenas, Cape Half Castes and Cornish Plate Layers" het die skool besoek.[101]

In 1879 het eerw. Charles Earp Jones vir Godfrey opgevolg. In dieselfde jaar is die kleurlingkinders in 'n nuutgestigte sendingskool geplaas.[102] Wat getalle betref het albei skole vinnig gegroei, maar die gehalte van die werk was baie swak, soos blyk uit die rapport van Samuels in 1881: "This school (die A.2-skool) is inferior to the schools for natives which I have just mentioned." (d.w.s. Concordia & Steinkopf.) Weens

---

98. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 23. 8. 1872.
99. S.G.E. 1/31, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 30. 5. 1874.
100. S.G.E. 1/33, Lett. Rec., Godfrey - S.G.O., 5. 1. 1875.
101. S.G.E. 1/41, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 16. 6. 1877.
102. S.G.E. 1/49, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 4.10. 1879.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die swak rapport het die S.G.O. die toelaag vir die skool geweier. Hieruit ontstaan weer 'n lang korrespondensie, waaruit blyk dat Jones twee maande lank nie onderwys gegee het nie, omdat hy Morris se werk te Springbokfontein moes waarneem.[103] Tot eer van eerw. Jones kon ons sê dat hy die blanke skool, wat na 1881 'n private skool was, opgebou het tot een van die beste skole in Namakwaland. Op 28 September 1882 het die S.G.O. 'n toelae van £60 weer vir die skool ( nou 'n A.3.) beskikbaar gestel.[104] In albei skole was daar blanke kinders en in albei was daar kleurling kinders. Jones het aan die hand gegee dat die skole moes amalgameer.[105] Dit het stellig gebeur want in 1889 het die A.3.-skool die rekord aantal leerlinge van 76 leerlinge, terwyl daar g'n sendingskool in die S.G.O.-rapport vir 1889 genoem word nie.

In 1892 is die sendingskool, egter, weer as aparte skool gestig. Die Port Nollothse sendingskool was besonder gelukkig om mevr. Eyssen as onderwyseres te hê. Sy was een van die bekwaamste onderwyseresse op die doppskole. Haar sukses was veral daaraan te danke dat sy ook in Hollands onderwys kon gee.[106]

---

103. S.G.E. 1/62, Lett. Rec., Jones - S.G.O., 5 Sept. 1881.
" " " " Morris - " 27 " " .
" " " " SAmuels - " 9 " " .
" " " " Secr. P.N.- " 17 " " .
" " " " " 5 Oktob. " .

104. S.G.E. 1/67, Lett. Rec., Jones - S.G.O.,28 September 1882.
105. S.G.E. 1/108, Lett. Rec.,Jones - S.G.O.,12. 3. 1889.
106. S.G.E. 1/149, Lett. Rec.,John Lindam - S.G.O., 8 Mrt.1893.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Na eerw. Jones se vertrek in 1892 het die A.3-skool begin agteruitgaan. Vereers was daar 'n gedurige wisseling van onderwysers - iets wat so dikwels plaasgevind het dat die kantoor van die S.G.O. nie altyd kon bybly nie. Ernstiger nog vir die skool was die klassegevoel. Die welgestelde ouers wou nie hê hulle kinders moes met die "plate layers" se kinders assosieer nie. Private skole ontstaan dus met "tutors" as onderwysers.[107] Dan het die ou kwaal ook kort-kort opgeduik. Ouers haal hul kinders uit die A.3-skool en plaas hulle in die sendingskool om op die wyse die klasgeld te ontduik.[108]

In 1900 is W.M.Sutton. M.A., 'n oud-student van Oxford, onderwyser te Port Nolloth. Die beskrywing wat hy gee van sy skoolprobleme is tipies van die moeilikhede waarmee die onderwysers op die myndorpe te kampe had. "My schollroom is unfortunately the Recreation Room, the Theatre of the place, and during the Easter week, there is a succession of entertainments and dances".[109] Aan die einde van 1900 het ook hy tou opgegooi. E.H. Taunton, nog 'n M.A. van Oxford, het in 1900 privaat onderwys gegee aan enige kinders wie se ouers hul nie na die publieke skool wou stuur nie "as long as coloured children attend."[110] Die skool het veral gely weens die gedurige wisseling van onderwysers. Vanaf Jan. 1900 tot Des. 1902 was daar die volgende onderwysers: Lewis, Farragher, Sutton, Vivier en Du Toit. Die volgende onderwyser, Mnr. William Smart, het darem langer te Port Nolloth uitgehou.

---

107. S.G.E.1/163, Lett. Rec., Clarke W

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## - SPEKTAKEL -

Die bestaan van die skool te Spektakel was baie onbestendig omdat die mense gedurig wegtrek en terugkom, wanneer die myn dreig om te sluit, of hervat word.

Die Wesleyane was eerste in die veld met 'n sendingskool.[111] Maar toe die Wesleyanse predikant in 1864 die veld ruim, was Morris al weer by. Die Rynse sendeling te Komaggas, eerw. Weich, het egter reeds al tevore aansoek gedoen en die S.G.O. het aan die Rynse Genootskap die voorkeur gegee.[112] So het eerw. C. Hegner op 6 Jan. 1866 te Spektakel aangeland as sendeling en onderwyser. Hy het 'n groot steun gehad in die mynbestuurder, Kapt. Giffort, wat streng opgetree het teenoor dronkenskap in Spektakel - iets waarvoor die dorp berug was. Hegner se skool het soggens om 6 uur begin, wanneer die werkklok lui. Die skool hou dan aan tot half twaalf wanneer die kinders genoeg daarvan het, "und auch ich", voeg hy naïef by. Saans vanaf 7 uur ~~na~~ tot kwart voor nege gee hy weer onderwys aan die mense wat bedags in die myne gewerk het. Van hulle getuig hy: "Ihr Eifer ist gross und lobenswert; ihre Fortschritte schwach."[113] Hegner moes egter sy vrugbare arbeid reeds in

---

107. S.G.E. 1/163, Lett. Rec., Clarke - Williams - S.G.O., 7 Okt. 1894.
108. S.G.E. 1/163, Lett. Rec., J. Nightangle - S.G.O., 12. 10. 1894. Op nie een van die sendingdorpskole het ons gevalle teegekom waar die leerlinge klasgeld betaal het nie.
109. S.G.E. 1/257, Lett. Rec., Sutton - S.G.O., 17 Maart 1900.
110. S.G.E. 1/301, Lett. Rec., Taunton - S.G.O., 27 Feb. 1901. L.W. Hoe dikwels ons gevalle teëkom waar Engelse ouers ook die kleurslagboom gehandhaaf wil sien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dieselfde jaar staak omdat baie werkmense verplaas is na ander myne. Daarna was Hegner, 'n soort van rondgaande onderwyser en sendeling op die s.g. ,,stasies" van die transportpad, nl. te Hondeklipbaai, Riethuis, Keikoekies, Buffelsrivier en Ugrabieb.

Die myn is egter nie gesluit nie, en in 1869 het Morris sy so begeerde sendingskool daar gestig. Die skool is met 43 leerlinge begin, maar die getalle het baie vinnig gestyg, veral toe Mnr. E. Marsh en sy vrou in 1872 aangestel is.[114] Maar 'n tweede mynsluiting het in 1876 gedreig, met die gevolg dat die sendingskool feitlik leegloop en moes sluit.

Hoewel die werksaamhede baie ingekort is, het daar tog nog 'n klompie blankes en kleurlinge te Spektakel agtergebly. Veral die blankes het die gemis aan 'n skool baie gevoel.[115] So het die saak egter gebly totdat J. Rowe, die bestuurder van die myn in 1891, 'n private skool gestig het.[116] Die volgende jaar het die Wesleyaanse Genootskap die skool oorgeneem as 'n sendingskool.[117] 'n Kleurling-onderwyseres, Elizabeth Cloete van Komaggas, is verkry om die leerlinge waaronder daar ook enige blankes was, te onderrig. In 1894 het Rowe te kenne gegee dat hy liewer 'n blanke onderwyseres wou hê. Die

---

111. S.G.E. 1/11, Lett. Rec., Priestly - S.G.O., 20. 11. 1863.
112. S.G.E. 1/13, Lett. Rec., Weich - S.G.O., 20 Junie 1864.
113. Missionsberichte, 1866 Jahresbericht, bl. 215.
114. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 3. 7. 1872.
115. S.G.E. 1/62, Lett. Rec., W. Harper - S.G.O., 28. 10. 1881.
116. S.G.E. 1/124, Lett. Rec., J. Rowe - S.G.O., 1. 10. 1891.
117. S.G.E. 1/135, Lett. Rec., Noble - S.G.O., 15. 8. 1892.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Wesleyane het intussen die skool laat vaar, omdat dit so moeilik was om 'n geskikte onderwyser te kry. Rowe het toe met medewerking van die boere in die omgewing 'n A.3-skool probeer stig, maar die plan het ook misluk omdat geen onderwyser na die onherbergsame Spektakel wou gaan nie.[119] Kort daarna het die myn finaal gesluit. Hoe moeilik is dit vandag om jou tyd voor te stel toe daar 600 mense te Spektakel gewoon het!

## - NABABEEB. -

Omtrent in dieselfde tyd toe Spektakel gesluit het, het Nababeeb op die voorgrond begin tree. Op 10 April 1899 het eerw. Tobias, die Episkopaalse predikant te Ookiep, 'n toelaag vir 'n sendingskool te Nababeeb, " A new mining centre", aangevra.[120] Die skool het somar as 'n tweemanskool geopen met Kannemeyer as prinsipaal en Wilhelmina de Jongh as assistente. Daar was 95 leerlinge. Hieronder was seker ook enige blanke leerlinge, maar in 1901 het Ridgill aansoek gedoen om 'n private plaasskool met Mej. Cameron as onderwyseres.[121] Die oorlogsbedrywighede van 1902 het die Nababeeb skole ook laat sluit. Op 6 Junie 1902 het die sendingskool darem weer kon open, maar die private plaasskool het nie heropen nie.[122]

Die skool te Concordia, hoewel ook 'n myndorpskool, sal

---

118. S.G.E. 1/163, Lett. Rec., Rowe - S.G.O., 15. 6. 1894.
119. S.G.E. 1/218, Lett. Rec., Rowe - S.G.O., 8 Jan. 1898.
120. S.G.E. 1/232, Lett. Rec., Tobias - S.G.O., 10. 5. 1899.
121. S.G.E. 1/301, Lett. Rec., Schierhout - S.G.O., 16. 4. 1901.
122. S.G.E. 1/346, Lett. Rec., Schierhout - S?G.O., 6. 6. 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


saam met die skole op die reserwes in 'n later hoofstuk behandel word. Nog twee skooltjies, die ontstaan waarvan aan die spoorwegbou te danke was, sal hier onder oorsigtelik behandel word.

## - ANENOUS EN HOEBOEB. -

Anenous, 'n vername stasie op die Port Nolloth - Ookiep spoorweg, is geleë aan die voet van die bergreeks, waar die trein die berge moes uitklim na Steinkopf. 'n Skool is in 1877 gestig deur eerw. Morris,[123] en het bly bestaan tot 1883. Die rol het gewoonlik om en by die hoe syfer van 60 gestaan. Ook in hierdie skool moes die blanke kinders saam met die kleurlingkinders hul onderwys geniet. Hierdie skool is teen die einde van die 19e eeu heropen. Met die inspeksie in 1899 het die inspekteur gevind dat 5 blanke dogters saam skoolgaan met 29 kleurlinge.(S.G.E. 3/64).

Hoeboeb was 'n ander stasie enige myle ten suide van Steinkopf. Tussen die jare 1877 en 1879 was dit veral belangrik want dit was die basis vanwaar die spoorweg na Ookiep verleng is. Die Rynse sendeling te Steinkopf het die skool, 'n sendingskool, in 1876 met mej. P. v. Schlicht as onderwyseres begin.[124] Gedurende die jare 1877, 1878 en 1879 was die getal leerlinge in die skool: 67, 83 en 76.[125] In 1879 moes die skool ook sluit weens die verplasing van die werksmense.[126]

---

123. S.G.E. 1/41, Lett. Rec., Morris - S.G.O., 26. 1. 1877.
124. S.G.E. 1/37, Lett. Rec., Brecher - S.G.O., 29. 12. 1876.
125. S.G.O. - Rapport vir 1877, 1878 en 1879.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Te Anenous en Hoeboeb het die mejj. Von Schlicht onderwys gegee. Reeds hulle vader, H. Von Schlicht, het 'n ywerige belangstelling in die onderwys van Namakwaland getoon.[127] Dit was 'n groot verlies vir Namakwaland toe hierdie familie in 1902 Namakwaland verlaat en na Duitsland teruggekeer het.

## - SAMEVATTING VAN DIE ONDERWYS OP DIE MYNDORPE GEDURENDE DIE TYDPERK 1852-1902. -

Nieteenstaande alle moeilikhede en probleme wat die onderwys in die dorpe opgelewer het, kan ons aanneem dat die persentasie kinders op skool hoog was. Volgens die sensus van 1891 was daar 4183 kinders in Namakwaland van die ouderdom 5 - 15 jr. In regeringskole was daar 940 leerlinge, d.w.s. 'n persentasie van 22.47%. Daarvolgens het Namakwaland 13e gestaan uit 70 distrikte wat betref die persentasie leerlinge op skool. Volgens die sensus was daar 941 blanke kinders tussen 5 en 15 jaar. Daarvan het 211 skoolgegaan, d.w.s. 22.42%. Ook hier vergelyk Namakwaland gladnie sleg met distrikte soos Calvinia 17.39%, Jansenville 12.86%, Fraserburg 12.56% nie. As ons in aanmerking neem dat die Namakwalandse platteland in 1891 nie te baie skole had nie, dan kan ons die Namakwalandse goeie toestand net verklaar uit die omstandigheid dat op die myndorpe die persentasie leer-

---

126. S.G.E. 1/49, Lett. Rec., Brecher - S.G.O., 22. 8. 1879.

127. S.G.E. Sien hoofstuk 12, bl.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


linge baie hoog moes gewees het.[128]

Die onderwys op die myndorpies tussen 1852 en 1904 is veral onderneem deur die Episkopaalse Kerke. Manne soos eerw. Morris, eerw. Jones en eerw. Schierhout het waardevolle werk gedoen vir die onderwys.

Die onderwys het stellig 'n groot rol gespeel in die bestryding van die losbandige gees op die dorpe. Ons kry oor die algemeen die indruk dat die onderwysers en onderwyseresse mense was wat hul werk ernstig beskou het. Jones te Port Nolloth, Thompson te Ookiep en Hurst te Springbokfontein het 'n moeitevolle taak goed gedoen.

Die onderwys van die kleurlinge was die teleurstellendste aspek van hierdie tydperk. Getalle was wel hoog, maar die bywoning so ongereeld dat die werkgehalte deurgaans swak was. ~~Tot~~ IN 'n groot mate is die swak onderwys ook te weite aan die te groot klasse, en aan die feit dat Engels byna orals as medium gebruik was.

Maar in een groot opsig het die koperdorpe hopeloos gefaal. Die goeie skole wat op die dorpe ontstaan het, het heeltemal los gestaan van die onderwys op die platteland. Met die uitsondering van Springbokfontein se skool in Hurst se tyd, het die Namakwalandse boerkinders nie die dorpskole bygewoon nie.

---

128. Statistiese gegewens ontleen aan S.G.O. -rapport vir 1892, bls. 30 - 36. Vir verdere ontleding van die sensussyfers sien hoofstuk 11 en hoofstuk 12., bl.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Daar was 'n alte breë kloof tussen die myndorp en sy platteland maar daaroor sal ons in die volgende hoofstuk uitwei.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# - HOOFSTUK 11. -

## - DIE ONDERWYS OP DIE NAMAKWALANDSE PLATTELAND[1] IN STAATSONDERSTEUNDE SKOLE, 1852 - 1902. -

### Die Koperbedryf en die Namakwalander.

Vanaf 1852 tot omtrent 1932 is koper ter waarde van £21,000,000 uit die Namakwalandse bodem gehaal, d.w.s. gemiddeld £262,500 per jaar. As gevolg van die koperontginning het 'n hele paar dorpe ontstaan, waar 'n groot klomp mense, meesal vreemdelinge, hulle gevestig het, 'n Pad na Hondeklipbaai is gebou, terwyl 'n spoorweg tussen Port Nolloth en Ookiep gebou is. Hoe het al hierdie veranderinge die lewe van die Namakwalander op ekonomiese, sosiaal en opvoedkundige gebied beïnvloed? Hierdie vraag sal ons hieronder probeer beantwoord.

Die ekonomiese voordele wat die Namakwalander self uit die kopermyne gekry het is onses insiens dikwels te hoog gestel. Op die volgende maniere kon hy geld maak uit die nuwe bedryf in sy midde: (i) kopererts van die myne na die hawens en masjinerie, voedsel ens. van die hawens na die myndorpe vervoer; (ii) sy plaasprodukte, veral vleis en koring, teen goeie pryse van die hand sit; (iii) self in die myne gaan werk.[2]

---

1. Ons gebruik die woord, ,,platteland", in die betekenis van die gebied deur die boere bewoon. Hiermee sluit ons die myndorpe uit, sowel as die reserwes.
2. Aan die hoë diwidende wat die kopermaatskappye uitbetaal het, het die Namakwalander natuurlik geen nut gehad nie. Diwidende wat die C.C.C. in die eerste 22 jaar uitbetaal het, was gemiddeld 27½% per jaar. Vir die laaste dertig jaar was die koers 62½% per jaar volgens Owen Letcher in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die vervoer van koper het vir die tydperk 1852 tot omtrent 1872 baie geld in die Namakwalander se sakke gebring - maar ook baie laat uitgaan. Vir 'n vrag erts na die hawe het hy van £10 tot £15 gekry. Ook die vrag terug het 'n taamlike sommetjie opgelewer. Maar ds. W.J. Conradie, in 1895 predikant in Namakwaland, sê van Albertus Roux: ,, Hy is de enigste boer die schatryk is geworden door middel van de kopermynene."[3] Alte dikwels het die geld wat so maklik verdien is, netso gou weer verdwyn. Hoewel goeie pryse vir die vervoer betaal is, was daar ook baie verliese aan die transportry verbonde. Die paaie was so ellendig sleg dat die waens nie lank kon hou nie. In droogtejare, soos in 1865 het die transportryers ontsettende veeverliese gely.[4] Nadat die spoorweg in 1869 begin is, het die inkomste uit die transportry al hoe minder en minder geword, totdat later net van die een myn, Spektakel transport gery is. Hierdie myn het skielik in 1900 gaan staan met die gevolg dat die klompie transportryers van die omgewing in die haglikste armoede gedompel is. Die transportryery was dus geensins vir die Namakwalander 'n ongemengde seën nie.

Baie meer voordeel het die Namakwalander getrek uit die mark wat duer die ontstaan van die nuwe dorpe geskep is. Tevore het die boer net vir sy eie huisgebruik geproduseer; nou is

---

3. Namaqualand Cradle of Mineral Development, bl. 32.
   W. J. Conradie: Ondervindingen van een jonge Predikant in Namakwaland, bl. 40.
4. Verslag van die Siviele Kommissaris te Springbokfontein oor die jaar 1865 in "Namaqualand Letters" 1866.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


daar 'n ekstra bevolking van tussen 5,000 en 6,000 vreemdelinge wat vir hul voedsel in 'n groot mate van die Namakwalander afhanklik was. Namakwaland se koringproduksie het somar baie vinnig toegeneem. In 1825 is slegs 1500 sak koring geproduseer maar in 1864 is 15,692 sak geoes.[5] Die Kamiesbergse boere het in 1866 'n pad na Springbok laat bou, sodat hulle hul graan kon bemark. Die magistraat het die klomp bandiete vir die doel aan die boere beskikbaar gestel, maar laasgenoemde moes die werksmense van voedsel voorsien. Namakwalandese koringbedryf is 'n direkte uitvloeisel van die koperontginning.[6]

Die myne het ook 'n goeie afsetgebied gevorm vir die Namakwalander se vee. Selfs die spoorweg wat aan die transportry die nekslag toegedien het, het aanvanklik die inwoners van Namakwaland 'n goeie mark vir hul rog, hawer en kaf gebied. Die spoorwegwaens is aan die begin deur groot troppe muile en perde getrek, gevolglik was die aanvraag vir veevoer besonder sterk. Die C.C.C. was selfs verplig om veevoer uit die Swartland in te voer.[7] Maar toe die ,,vuurwa"[8] eers op die ,,ysterpad"[8] kom, toe was die voerkopery ook op 'n end. Weens die ontsettende hoë tariewe wat die C.C.C. op die vervoer van produkte op hul spoorlyntjie gehef het, het die spoorweg g'n rol

---

5. Dr. Kotzé: Namakwaland, 'n Geïsoleerde Gemeenskap, bl. 276 gee aan 47076 sak, maar die sensus syfers van 1865 was in boesels bereken, nie mudde nie.
6. Volgens Blore: Statistics of the Cape Colony, bl. 102 het Namakwaland in 1865, 6e gestaan wat koringproduksie in die Kolonie betref.
7. J. Noble: The Cape Colony, bl. 85.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gespeel in die ekonomiese ontwikkeling van die Namakwalandse boerdery nie.[9] Maar ook uit die verkoop van sy vee het die Namakwalander nie so baie geld gemaak, soos 'n mens sou vermoed nie.[9a] Weens sy jarelange isolasie het hy 'n heimlike vrees vir die ongewone en die onbekende ontwikkel. Die hele atmosfeer van die myndorpe was vir hom so vreemd dat hy indien moontlik maar ver weg gebly het daarvandaan.[10] Gevolglik het die middelman maar alte dikwels met die grootste winste weggekom. Orals oor Namakwaland het winkeltjies ontstaan waar die winkeliers die boere se vee en graan baie goedkoop ingekoop het en dan weer aan die dorpe teen 'n goeie wins verkoop het.[9a] Gewoonlik is die boer of kleurling nie in kontant betaal nie, maar moes hul produkte dikwels teen negosiegoed, wat miskien nie so nodig was nie, inruil. In 'n groot mate is die myne, veral wat vleis betref, voorsien deur die s.g. ,,Damarasmouse," - mense wat in Suidwes vee sportgoedkoop gaan ruil het. Na die bou van die spoorweg was die myne ook gladnie so afhanklik van die boer se produkte nie. Hoewel die koperontginning

---

8. Die ou Namakwalandse name vir die lokomotief en die spoorweg.
9. Volgens die Rapport on the Namaqualand Railway, A.17. was die tarief £5. 5. per Kaapse ton van Ookiep na Port Nolloth, d.w.s. 'n boer moes 10/6 betaal om een sak koring van Ookiep na Port Nolloth te stuur.
9a. Scully getuig in 1896 voor 'n Selekkomitee dat die handelaars en die C.C.C. baie kwaad sal wees as 'n pad van die Kamiesberg na Hondeklipbaai gebou word, want dan sou die boere nie meer hul graan na die handelaars ens. teen hul (die handelaars) se pryse wou verkoop nie. Sien Scully se getuienis in " Report of Select Committee on Namaqualand Mission Lands & Reserves." Blouboek: A.7. 1896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dus wel beter afsetmoontlikhede vir die Namakwalandse boerdery geskep het, moet ons versigtig wees om die belangrikheid daarvan nie te oorskat nie.

Baie min Namakwalandse blankes het voor 1895 in die koper-myne gaan werk. Die kieserslys in 1872 is nagegaan, en feitlik geen Namakwalandse vanne is onder die kiesers van die myndorpe aangetref nie.[11] In 1906 getuig Oates, die parlementêre verteenwoordiger van Namakwaland, voor die Parlementêre "Select Committe" oor die armblankekwessie, as volg: " The Poor White there (in Namakwaland) does not take to mining work. There is a sort of repugnance against it.....I think it is only fair to say that in some instances there is a lack of inclination on the part of mine managers to promote that sort of thing."[12] Dus was die verhouding wedersyds nie goed nie.

Eers na die ontsettende droogte van 1895 wat baie mense tot die bedelstaf gebring het, het meer Namakwalanders op die myne gaan werk soek. Soos ook in ander groot dorpe, was die plattelanders nie bestand teen die versoekings wat die dorpslewe gebied het nie, en baie het moreel ten gronde gegaan.

---

10. Mac Crone het in sy Race Attitudes, bl. 100, die skuheid van die grensbewoner as volg voorgestel: " Outside his own environment and in the presence of foreigners the frontiersman is like a fish out of the water, who would as soon as he could, escape to his own habitat."
11. Dr. Kotze in Namakwaland, 'n Gefsoleerde Gemeenskap, bl.45, meen dat baie Namakwalanders werk in die myne gevind het.
12. Select Committee: Report on Poor Whites, 1906. A.10., 1906, bl. 72.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Teenoor die beperkte voordele wat die myne aan Namakwaland besorg het, was daar baie ernstige nadele op sosiale en politieke gebied. Die ou sendeling, Tindall, het meegedeel dat baie boere wat aan die kopertransport deelgeneem het, deur die drankduiwel oorrompel is.[13] Ook die godsdiensonderwyser J. Beker, gee 'n baie donker beeld van die drank-misbruik: ,, Want nu al de boeren koper ryden, drinken zy meer brandewyn als water."[14] Die ergste demoralisasie het egter in, of naby die myndorpe ontstaan. Toe ds. H. du P. Steyn Namakwaland in 1904 besoek het, het hy die ergste gevalle van veragtering en verslegting juis in Ookiep, Nababeeb en te Stryrivier (naby die myn te Spektakel) aangetref.

Ook op administratiewe en politieke gebied het Namakwaland te lye gehad onder die groot mag wat die C.C.C. op die gebiede gehad het. Op die myndorpe het die C.C.C. en die N.C.C. oor so baie stemvee beskik dat hulle hul verteenwoordigers op die Afdelingsraad en in die Wetgewende Raad verkieskon kry. Gevolglik is netdie saak van die mynmaatskappye in die Afdelings Raad en in die Wetgewende Raad bepleit. Sover ons kon bepaal, het net J.X. Merriman[15] van al die Namakwalandse parlementslede die saak van die Namakwalandse platteland ook bepleit.

---

13. Tindall: Two Lectures on Great Namqualand, bl. 8.
14. Kaapse Kerkargief; Briewe gerig aan die Binnelandse Sendingkommissie, J. Beker, 15 Aug. 1862.
15. J. X. Merriman het vanaf 1879 tot 1898 Namakwaland in die Wetgewende Raad verteenwoordig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1871 het die Namakwalandse boere in 'n petisie aan die Koloniale Sekretaris aan die Kaap, teen die oorheersing van die mynbelange in die Afdelingsraad geprotesteer. Hoewel die destydse magistraat dit ontken het, was daar seker 'n mate van waarheid in,[16] want Scully, latere magistraat, het vertel hoedat boere geboikot is as hulle teen die C.C.C. gaan. Hy sê: " This power was excercised ruthlessly and in a sledge hammer fashion."[17] Selfs as magistraat het Scully 'n opdraende stryd teen die C.C.C. moes voer, omdat die bestuurders van die maatskappy hom ook wou dwing om na hul pype te dans. Hoewel mag die bestuurder van die C.C.C. gehad het, blyk uit die volgende aanhalings: "With the exception of the air one breathed, no neccessity of existence could be obtained except by special grace of the preposterous person who wielded the copper Sceptre."[18]

Eers sedert 1908 is Namakwaland in die Volksraad deur persone verteenwoordig wat die belange van die Namakwalandse boer eerste gestel het. Voor die tyd is die mynbelange nommer een gestel. Dit is een rede, hoewel nie 'n baie belangrike rede nie, hoekom die treurige onderwys toestande in Namakwaland voor 1904 so min bekend was.

---

16. Namaqualand Letters, Civil Commissioner - Colonial Secretary, 23 April 1871.
17. Scully: Further Reminiscences of a South African Pioneer, bl.225.
18. Scully: Op. cit., bl.224. Samuels, die organiserende inspekteur van skole, het in 1881 as volg oor Ookiep geskrywe: "The state of things at Ookiep has vexed and astonished me. .....The fact is this is not a town, but a factory, of which the officials are the heads and natural leaders." S.G.E. 3L540, Ins. Rep., Samuels - S.G.O., 20. 8. 1881.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hoedat die Namakwalandse platteland op opvoedkundige gebied deur die koperbedryf beïnvloed is, sal in die loop van hierdie hoofstuk bepaal word. Hier kan ons net vermeld dat daar feitlik geen verband was tussen die skole op die myndorpe en dié skole op die platteland nie. Met die uitsondering van die skool te Springbokfontein het dit baie selde gebeur dat boerekinders in die myndorpskole was, of omgekeerd. Daar was net soos op sosiale gebied 'n diepe kloof tussen die twee bevolkings op onderwys gebied. Die lewe op die myndorpe was modern, soms hipermodern; die Namakwalander het ~~boere~~ konserwatief gebly. Laasgenoemde het 'n afkeer, amper 'n gevoel van walging, teenoor die leefwyse van die "uitlander"[19] gekry. Met die dorpe wou hulle so min moontlik te doen hê. Ds. Conradie skryf in 1889 in die "Kerkbode" dat die mense nie wou hê dat Springbokfontein die kerkdorp moes word nie, want die plek was alte goddeloos.[20] Ook in 1905 het Ds. A.D. Luckhoff 'n sentrale skool te Mesklip ( 'n plaas 13 myl van Springbokfontein) gestig, omdat die boere te veel teen die "goddelose" Springbokfontein gekant was.[21]

Na hierdie bespreking van die verhouding ~~van die~~ tussen die boer en die kopermynbase word die volgende oënskynlike teenstrydigheid vir ons duidelik. Hoewel minerale ontginning op groot skaal heel eerste in Namakwaland plaasgevind het, het

---

19. 'n Term wat vandag nog van toepassing is op alle mense wat nie in Namakwaland gebore is nie.
20. Die Kerkbode 1889, bl. 169.
21. In 'n persoonlike onderhoud meegedeel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Namakwaland desnieteenstaande die langste 'n pioniersland gebly. Nadat Namakwaland meer as vyftig jaar lank 'n lewendige koperindustrie had, het 'n groot deel van die Namakwalandse plattelanders in afgesonderde dele soos Grootmist en Namies nog soos hul voorouers 'n honderd jaar tevore gelewe. Daar was dus eintlik twee Namakwalande: die Namakwaland van die twintigste eeu sover dit die myndorpe betref en die Namakwaland van die agtiende eeu sover dit sekere dele van die platteland aangaan, en daar was geen verband tussen die twee nie.[22] Aanpassing aan die lewe op die myndorpe was vir die Namakwalander onmoontlik, want dit sou beteken die versaking van sy morele en godsdienstige begrippe. Die kapitalistiese grondslag van die kopermaatskappye het geensins gedink aan die ekonomiese en kulturele ontwikkeling van Namakwaland nie; nee, die mynbase het net daaraan gedink om soveel uit die land te haal as wat hulle kon. As 'n mens oor die verlate terreine van die ou myne stap dan kom die gedagte onwillekeurig by 'n mens op: Uit hierdie wêreld is koper ter waarde van £21,000,000 gehaal; wat is daarvoor aan Namakwaland teruggegee?

Die twaalfde bevinding van die Carnegie-kommissie van 1932 lui as volg: ,,Die ekonomiese agteruitgang is veral die gevolg van onvoldoende aanpassing aan moderne ekonomiese voorwaardes

---

22. Interessant is die feit dat in die Ramapo-berge omtrent 50 myl van die stad, New York, daar vandag nog 'n geïsoleerde gemeenskap woon, wat nog baie lewe soos hulle voorouers wat hul 150 jaar gelede daar gevestig het. Sien Kort en Goed, Aug. 1942.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


by 'n deel van die ouer Suid Afrikaanse bevolking."[23] Ons bestry geensins die waarheid van hierdie bevinding nie; ons wil net die vraag stel: Hoe kon die Namakwalander hom aanpas by 'n stelsel wat so vreemd was aan sy hele wese?

## - KERKLIKE TOESTANDE VAN DIE NAMAKWALANDSE PLATTELAND, 1852 - 1902. -

Dr. E. G. Malherbe beweer omtrent die skole op die platteland in die negentiende eeu: " Usually it was the minister of the Dutch Reformed Church who in rural areas started and kept the machinery going."[23a] Dus is dit van belang dat ons weet hoe dit gesteld was met Namakwaland gedurende ons tydperk, wat betref Kerklike bearbeiding. Uit die verdere behandeling sal dit duidelik blyk dat ook in Namakwaland die predikante die leiding geneem het in onderwys sake. Die aanwesigheid, of liewer wat Namakwaland betref die afwesigheid, van 'n leeraar het dus dikwels die onderwys standaard van die gemeente bepaal. Een van die vernaamste leemtes in die onderwyswet van 1865 was juis daarin geleë dat die stigting van nuwe skool afgehang het van die inisiatief van die mense self. Dit het daarop neergekom dat die staat net diegene gehelp het, wat hulself kon help. „Gevolglik ( in die woorde van Dr. Greyling) die wat daarvoor te dom of te onverskillig was kon maar toesien." En

---

23. Die Armblanke Vraagstuk in S.A., deel 1, bl. VIII.
23a. Malherbe: Education in S.A., 1652 - 1920, bl. 114.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


dis juis diesulkes wat die meeste nodig gehad het."[24] En veral so 'n geïsoleerde gemeenskap soos Namakwaland het die leiding van 'n geestelike leier nodig gehad. Vervolgens gaan ons daartoe oor om te sien hoe dit met Namakwaland in hierdie opsig gesteld was.

Hoewel Namakwaland reeds in 1850 van Clanwilliam afgestig is, het dit sy eerste gevestigde predikant eers in 1870 ontvang. Die konsulente het egter so goed hul kon, probeer voorsiening maak in die groot behoefte aan onderwys. Deur Ds. H. E. de Villiers, die eerste konsulent, is die s.g. voorleserskool met E. Genis as die onderwyser gestig. Die tweede konsulent, ds. Charles Murray, het ook geen steen onaangeroerd gelaat om die onderwys in die Clanwilliamse en Namakwalandse gemeentes te verbeter nie. As gevolg van sy en dr. W. Robertson se bemoeiings veral, is daar in die jare 1860 - 1864 enige rondgaande godsdiensonderwysers vir die twee gemeentes aangestel.[25] Gedurende ds. C. Murray se konsulentskap is ook die eerste N.G. Kerkgebou te Bowesdorp[26] in die jaar 1864 ingewy.

Die volgende konsulent ds. W.P. Rosseau het nie alleen Bowesdorp besoek nie, maar ook dienste te Springbokfontein gehou. Dit is belangrik om te weet dat die staat deur die magistraat te Springbokfontein jaarliks 'n toelaag van £37. 10. 0.

---

24. Greyling: Die N. G. Kerk en Armsorg., bl. 33.
25. De Wet: Dr. Robertson en wat hy vir die onderwys gedoen het, bl. 38, 'n ongepubliseerde B.Educ. - tesis in die Stellenboschse Universiteits-biblioteek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


aan die konsulent wat Namakwaland besoek het, uitbetaal het. Die gevestigde predikant het ook vir enige jare die toelaag ontvang.[27] Eindelik het Namakwaland sy eerste predikant gekry toe ds. W.S.Hauman in die loop van 1870 te Bowesdorp ingesëen is. Sy eerste verslag aan die ring was in taamlike donker kleure opgestel. ,, Deze gemeente verdient zeer betreurt te worden," want baie mense was verval in ,,zedelike verderf."[28] Ds. Hauman se manmoedige stryd vir die onderwyssaak sal in 'n volgende afdeling bespreek word. Teen 1878 het ds. Hauman al besef dat Bowesdorp nooit tot 'n belangrike sentrum kon ontwikkel nie, en hy het self na Springbokfontein gegaan waar hy die aangrensende plaas, Matjieskloof, aangekoop het. In die vorige hoofstuk is reeds vertel hoedat ds. Hauman tevergeefs probeer het om 'n distrikskosskool te Springbokfontein te stig. Ongelukkig is ds. Hauman se dienstyd kort daarna beëindig toe hy 'n duur hofsaak verloor het. Om op die been te bly, moes hy sy plaas Matjieskloof verkoop. Ironies genoeg, hierdie plaas is later deur die Rooms Katolieke aangekoop en vandag is dit een van die vestings van die Katolieke in Namakwaland.

---

26. Aanvanklik is hierdie kerkplaas ook Bowesville genoem, maar ons sal ons hou by die meer gebruiklike naam Bowesdorp.

27. Sedert 1843 was die predikante nie meer staatsamptenare nie, sodat hierdie toelaag aan Namakwaland as 'n spesiale bydrae gereken moet word. Sien Namaqualand Letters, Civil Commissioner - Rev. W.P. Rousseau 16. 3. 1866. and Civil Commissioner:- Financial Statement for the year 1873.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Na ds. Hauman se vertrek na Riebeek Kasteel waarheen hy beroep is, was Namakwaland se gemeente vyf jaar vakant. In 1882 het twee proponente, D.S. Botha en H. Muller Namakwaland besoek en orals gesegende dienste gehou.[29] Hulle sowel as die konsulente, ds. P. Faure van Van Rhynsdorp, wat in 1884 Namakwaland besoek het, was ontsteld oor die groei van die Katolieke Kerk in Namakwaland.[30]

Van 1886 tot 1895 het die Namakwalandse gemeente onder die ywerige bediening van ds. W.J. Conradie gestaan. Hy het 'n moedige kampanjie ten behoewe van die onderwys in Namakwaland aangeknoop. In 'n volgende afdeling sal ons kennis maak met sy suksesse, sy teleurstellings en sy mislukkings in hierdie verband. As predikant kan hy as die grondlêer van die Gariesgemeente beskou word. Soos ds. Hauman, het hy besef dat Bowesdorp nooit sou ontwikkel nie. Gevolglik het hy 'n Kerkgebou en 'n pastorie te Garies laat bou,[31] hoewel Bowesdorp, Springbokfontein, Grootmist ens, as kerksentrums behou is. In 1891 het ds. Andrew Murray 'n gesegende besoek aan Namakwaland gebring. Teen die einde van ds. Conradie se dienstyd het die vreeslike droogte van 1894 tot 1895 die land gesteister. Aan die Kaap is die „ Namaqualand Hulp Comitee" gestig met die doel om die mood te lening, en dit het baie gedoen om die mense deur die moeilikste tye te help.

---

28. Kerkargief: R. 4/5, Ringsverslae 1875, bl. 76.
29. De Christen, 1882, bl. 554.
30. Kerkargief: R./64, Acta van alle Ringen 1884, bl. 431.
31. W.J. Conradie: Op. Cit., bl. 33.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die gemeente was twee jaar vakant toe ds. W.S.E. Rorich in 1897 na Namakwaland gekom het. Aan die begin het ds. Rörich volgens sy eie verklaring, hom „ met de opvoeding der jeugd kapot gesukkeld".[32] Dit skyn asof sy ywer later baie afgekoel het. In elk geval na 1904 het die Sinodale Binnelandse Sendingkommissiem die onderwyswerk in Namakwaland oorgeneem.[33]

Dit was gelukkig dat Namakwaland in hierdie tydperk die ywerige dienste van ds. Charles Murray (die konsulent), Hauman en W.J. Conradie gehad het. Ongelukkig was dit egter dat hulle dienstye so kortstondig was, en dat daar so baie tydperke was wanneer daar geen plaaslike leraars was nie.

## - STAATSONDERSTEUNDE ONDERWYS OP DIE NAMAKWALANDSE PLATTELAND, 1852 - 1870. -

In hierdie hoofstuk sal ons ons net besig hou met die skole wat deur die staat ondersteun is, terwyl in 'n volgende hoofstuk die private onderwys vir dieselfde tydperk behandel sal word.

Hoewel die rondgaande regeringsonderwyser, J.C. Mulder, nog tot 1857 in Namakwaland onderwys gegee het, was die werk weens sy hoë ouderdom maar van 'n swak gehalte. Ds. H. de Villiers het hom dus beywer om 'n geskikter onderwyser te kry. Daarin het hy geslaag, toe hy in 1854 die bekwame onderwyser, E. Genis, na Namakwaland gebring het. Genis het reeds in Holland onderwys gegee, en sedert sy verblyf aan die Kaap was hy te Kaapstad en Piketberg werksaam.[34]

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Genis se eerste skool ( in die S.G.O.-rapporte van 1855 en later, 'n "church clerk school" genoem) was op die plase Kliphoek, enige myle Suidwes van Garies. Die onderwysdepartement het £30 tot sy salaris bygedra,[35] terwyl die Kerkraad van Namakwaland ook £30 gewaarborg het.[36] Soos dit in die ou skole, die geval was, het Genis ook die twee ampte van onderwyser en voorleser behartig.

Die skool te Kliphoek wat van September 1854 tot September 1855 bestaan het, was 'n groot verbeting op Mulder se skool. Genis het 18 leerlinge gehad, van wie dertien aspirant lidmate was, en 5 die gewone elementêre onderrig ontvang het. In teenstelling met Mulder se skool, was in Genis se skool kinders van verskeie huisgesinne. Ook Genis se twee seuns, Gerard en Jakob maar 12 en 14 jaar respektiewelik, het op ander plase onderrig gegee. Gerard het op die plaas Grootriet 2 katkisante en 4 gewone leerlinge onderrig, terwyl Jacob op die plaas Doringkraal 3 katkisante onderrig gegee het. Altesaam het die vader en die twee seuns 27 leerlinge in die jaar gehad.[37]

Die volgende jaar is Genis se skool op die plaas Ellenboogfontein ( naby die huidige Kamieskroon). In hierdie skool was 24 leerlinge. Hoewel 'n klompie van hulle die skool net bygewoon

---

32. Ons Land, 7 April 1904.
33. Besonderhede oor dienstyd van leraars veral ontleen aan die Kerkraadsnotule van die gemeente Namakwaland.
34. Dreyer: Kerksoewenier van die gemeente, Namakwaland, bl.21.
35. Namaqualand Letters, Civil Comm. - E. Genis, 8. 7. 1856.
36. Kerkraadsnotule van die gemeente, Namakwaland, 1855.
37. S.G.E. 1/2, Lett. Recceived, rapporte van E. Genis, J. Genis en G. Genis vir skole Sept.1854 - Sept.1855.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het met die oog op aanneming, en dus nie 'n volle jaar gebly het nie, het anderleerlinge onderrig ontvang in lees, skrif, rekenkunde, Engels en Hollandse grammatika, musiek en teken. Hierdie ruime leerplan bewys tegelyk die beter tipe van werk en die geskiktheid van die onderwyser. Ook by hierdie skool was daar voorsiening gemaak vir die loseer van die kinders wat van ander plase gekom het. Elke dag is ses uur aan onderwys gewy, terwyl die katkisante ook nog saans ekstra onderwys ontvang het. Sondae het Genis Sondagskool gehou en ook dienste waargeneem.[38] Op onderwysgebied het dinge in Namakwaland rooskleurig begin blyk. In 1856 kon die konsulent die volgende getuig oor die onderwys in Namakwaland: ,, Het onderwys aan de jeugd was zeer geregeld".

Genis se derde skool was op die plaas Ezelsfontein van A. G. Engelbrecht ( ten N.W. van Garies).

In die jaar 1858 is Genis se skool op die plaas Grootmist naby die mond van die Buffelsrivier.[40] Hierdie skool is van belang omdat dit, sover ons weet, die eerste staatsondersteundeskool in die Sandveld was, en ook die enigste gedurende die negentiende eeu.

Genis se vyfde en laaste skool was op die plaas, Mesklip (13 myl suid van Springbok). Hier het hy 22 leerlinge gehad. Waarskynlik in opdrag van die S.G.O. het hy hier ook 12 kleur-

---

38. S.G.E.I/2., Lett. Rec., Rapport van E. Genis. Sept. 1855 - Sept. 1856.
39. Kerkargief: R. 4/3 bl.606.
40. Cape Statistical Record, 1858.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


linge in 'n aandskool onderrig want hy sê in 'n brief: " In this and other respects I will endeavour to promote the wishes of the government".[41] In dieselfde brief het Genis ook gevra om 'n verhoging van die regeringstoelaag want hy het dit bitter moeilik gevind om met sy familie van die klein salaris te lewe in die duur Namakwaland. Hy was dan ook verplig om sy suksesvolle werk as onderwyser te staak en 'n betrekking aan die magistraatskantoor te Springbokfontein te aanvaar. Sy seun Jacob het die skool te Mesklip voortgesit, maar dit het nou feitlik 'n private skool geword, omdat die eienaar van die plaas geweier het om ander kinders te loseer.[42] So het een van Namakwalandse belowendste ondernemings op onderwysgebied tot 'n einde gekom.

Die Genis-familie kan met reg trots wees op wat hul Afrikaanse stamvader vir die onderwys in Namakwaland verrig het. Die Genisse het 'n vername rol gespeel in die opvoedkundige en kulturele ontwikkeling van Namakwaland.[43]

Toe die Genisse opgehou het met onderwys gee, (ons het geen verdere inligting i.v.m. hul onderwys teëgekom nie.) het ds. C. Murray hom beywer om op 'n ander manier in die dringende onderwysbehoeftes van Namakwaland te voorsien. Aan die pas-

---

41. S.G.E. 1/2, Lett. Rec., E. Genis - S.G.E., 1. 10. 1858. Sien ook S.G.E. 1/12, Lett. Rec., E. Genis - S.G.O., 16 Jan. 1864.
42. Namaqualand Letters: Civil Comm. - S.G.E., 10 Junie 1860.
43. Een van die stigters van die biblioteek te Garies was Gerard Genis, die twaalfjarige seun-onderwyser. Sy interessante versameling van Nderlandse boeke vorm vandag nog 'n deel van die boekery.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gestigte Binnelandse Sendingkommissie het hy 'n dringende „eisch" om onderwysers vir sy uitgestrekte gemeentes, Clanwilliam en Namakwaland gerig. Die saak het die ernstige aandag van die kommissie geniet, en hulle het besluit om 'n sekere Jongeneel as godsdiensonderwyser na Namakwaland te stuur.[44] Van Jongeneel hoor ons niks verder nie, maar in 1860 is A. Andriessen as godsdiensonderwyser in Namakwaland. Die plaaslike Kerkraad het belowe om £18. per jaar tot sy salaris by te dra.[45] Die S.G.O., Dr. Dale, het hartelik saamgewerk. Hy het £50 per jaar bygedra tot die salaris, maar het die keuse van die onderwysers en die toesig oor hul werk aan die Binnelandse Sendingkommissie oorgelaat.[46] Reeds tevore het Rose-Innes aangebied dat hy aan 6 rondgaande onderwysers in die afgelee dele, o.a. Kamiesberg, Namakwaland en die Hardeveld, toelaes vir £50 pper jaar beskikbaar sou stel.[47] Die Kerk het die aanbod met ope arms aanvaar, maar dit was 'n gesukkel om onderwysers te kry. Die Afrkaner het op die amp van onderwyser neergesien, gevolglik moes die Binnelandse Sendingkommissie hulle toevlug tot ingevoerde Nederlanders neem.

Andriessen het waarskynlik net 'n jaar in Namakwaland gewerk, want reeds in 1861 het hy aansoek gedoen om onder die Binnelandse Sendingkommissie evangelisasiewerk onder die kleurlinge

---

44. Kerkargief: Notule van die Binnelandse Sendingkommissie, 23 en 24 Mei 1859.
45. Kerkraadsnotule Jan. 1860.
46. S.G.O.-Rapport 1860 en De Kerkbode, 1882, bl. 361.
47. S.G.O.-rapporte 1854 en 1856.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


te doen.[48] In die loop van 1861 het die ywerige ds. Murray daarin geslaag om drie rondgaande godsdiensonderwysers na die gemeentes Clanwilliam en Namakwaland te bring, nl. E.B. Auret, J. Beker, en P. Geusteyn.

J. Beker het hoofsaaklik in Namakwaland gewerk. Uit sy briewe en rapporte aan die Binnelandse Sendingkommissie[49] kry on s die indruk dat hy baie pessimisties was, en geen goed in die Namakwalander kon sien nie. Sy besoek aan die plase was besonder vlugtig sodat 'n mens twyfel of die onderrig baie suksesvol was. In die loop van 1862 en 1863 was hy op die volgende plase:

1. Rondefontein (S.O. van Garies) 3 maande.
2. Doornkraal ( " " " ) 1 maand.
3. Hoerees (Wes van Garies ) ± 3 maande.
4. Gnaries of Grootberg ( N.W. van Garies) ± 3 maande.
5. Schuinskraal (± 4 myl van Garies) ± 2 maande.
6. Eselsfontein (naby Leliefontein ).
7. Doornkraal ( S.O. van Garies).

Toe het Beker darem genoeg gehad van die Namakwalandse lewe, en het die Binnelandse Sendingkommissie om 'n ander werkkring gevra.[50]

---

48. Kerkargief: R. 4/4., bl. 353. Hy was jarelank sendeling op Prince Albert.
49. Kerkargief: Briewe van J. Beker aan die Binnelandse Sendingkom., 15. 8. 1862, 30. 9. 1862, 9. 3. 1863.
50. Bostaande gegewens is ontleen aan die genoemde briewe. J. Beker het later volgens ,,De Kerkbode", 1867 bl. 272 vir ds. Cachet te Middelburg, Tvl., bygestaan. Sien ook S.G.E. 1/11, Lett. Rec., C. Murray - S.G.O., 10 Jan. 1863.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


P. Geustyn, een van die ander rondgaande onderwysers, het ook 'n tydjie in Namakwaland gewerk volgens die S.G.O.-rapport van 1862. Hy was werksaam te Eselsfontein naby die kopermyn op Nababeeb. In sy skool was daar ook kleurlinge.

Wat die aard van die onderrig in die skole betref, kan ons sê dat niks meer aangebied is as wat nodig was vir die katkisasie nie. Net Andriessen meld in 'n ongedateerde brief aan die Binnelandse Sendingkommissie die vakke waarin hy onderwys gee, nl.: Lees, skrif, sang, Bybelse geskiedenis en geloofsbelydenis.[51]

Die skoolure was nog altyd ses uur per dag, behalwe Saterdag wanneer 3 uur onderwys gegee is.

Hierdie tweede poging om rondgaande onderwysers in die afgelee distrikte te gebruik het ook misluk, veral om twee redes ( in die woorde van Dr. Dale) :

1. " Few qualified persons could be induced to undertake the duties of this vagabond life. 2. Such a man spent his time not where he was most wanted, but where his quarters were most comfortable."[52] Dale het hier heeltemal gelyk gehad, want nieteenstaande alle pogings kon die Binnelandse Sendingkommissie nie die ses persone vind nie, en die wat hulle gekry het, kon

---

51. Die Springbokfonteinse magistraat, L. Anthing, het in 1861 geprotesteer teen P. Geustyn as onderwyser vir die Kamiesberg aangesien P. Geustyn g'n Engels kon onderrig nie, en Engels was volgens Anthing " indispensable!"
Nam. Letters, 24 Julie 1861., L. Anthing - Charles Murray.

52. Special Reports on Education 1905, Vol.V, bl. 65.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


hulle nie behou nie. Die tweede klagte was ook gegrond, getuie die feit dat Beker b.v. net op die meer gevestigde plase in die omgewing van Garies skool gehou het.

Maar Dr. Dale was ook ontevrede oor die feit dat die rondgaande onderwysers so min en ongereeld rapport omtrent hulwerk gedoen het, daarom stel hy die Binnelandse Sedingkommissie in kennis ,,dat de berigten omtrent de rondgaande onderwyzers zoo weinige zyn dat hy vreest de toelaag van het Goeverment kon niet langer dan dit lopend jaar (1864) worden verleend."[53] Die Binnelandse Sendingkommissie het die werk waarskynlik tot 1866 voortgesit, soos blyk uit die feit dat tot die jaar bedrae vir die ,,Namaqualandse Sending" bestee is,[54] maar ons kon nie vasstel wie toe onderwys gegee het nie.

Vir ds. C. Murray was die staking van die werk 'n groot teleurstelling. In 1863 het hy die onderwystoestande in die Clanwilliamse en Namakwalandse gemeentes as volg geskilder: " Hundreds can barely read a verse from the Bible intelligently, while what is sadder still, this state of things seems to afford but little concern to the majority of parents."[55]

Vanaf die staking van die rondgaande skole tot die koms van die eerste gevestigde prédikant na Namakwaland, ds. Hauman, het ons geen verdere staatsondersteunde skole onder die boerebevolking van Namakwaland nie.

---

53. Kerkargief: Notule van die Binnelandse Sendingkom., 16 Feb. 1864.
54. De Kerkbode, 1866, bl.s., 316 e.v.
55. Verslag van die Onderwyskom. 1863. Aanhangsel 1, bl. 20.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DIE ONDERWYS IN DS. HAUMAN SE DAE, 1870 - 1880. -

Ds.J.S. Hauman het al heel gou besef dat die gebrek aan onderwys een van die hoof probleme van sy gemeente was. In sy eerste onderwysverslag aan die ring (Tulbagh) het hy van die onderwys gesê: ,,Het onderwys aan de jeugd ging met vele moeilikheden gepaard. De onderwyzers waren niet altyd van de beste soort. Geen wonder dat velen reeds in ryperen leeftyd nog geene ledematen zyn."[56]

Reeds is gesien hoedat ds. Hauman se poging om 'n staatsondersteunde "Ladies Seminary" te Springbokfontein te stig misluk het.[57] Daarna het hy 'n skool op die kerkplaas, Bowesdorp, probeer stig. Aanvanklik het hy aan 'n sendingskool gedink,[58] maar het later besluit om 'n A.-2 - skool te stig.[59] Die skool het dan ook in Augustus 1872 'n werklikheid geword met George Hutchinson as onderwyser.[60] Onder baie bemoedigende omstandighede is die skool met die ongelukkige getal van 13 leerlinge begin. Net 'n jaar later moes Hutchinson[61] sy betrekking as onderwyser neerlê weens die swak ondersteuning wat die ouers aan die skool gegee het.[62]

---

56. Kerkargief: R. 4/5., bl. 76.
57. Hoofstuk 9, bl.
58. S.G.E. 1/25., Lett. Rec., Hauman - S.G.O., 8. 11. 1871.
59. S.G.E. 1/27., Lett. Rec., Hauman - S.G.O.,18. 1. 1872.
60. S.G.E. 1/27., Lett. Rec., Hauman - S.G.O., 3. 8. 1872.
61. Hutchinson was nieteenstaande sy Engelse van Afrikaanse sprekend en lid van die N.G. Kerk.
62. Hutchinson het daarna te Simondium gaan onderwys gee, waar sy naam as onderwyser vandag nog leef, volgens inligting van Mej. J. Adshade, die huidige onderwyseres op Simondium.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die redes vir die skoolsluiting vind ons in twee briewe wat aan die S.G.O. gerig is: een deur Mnr. Hutchinson, die ander deur Mnr. W. Burke, die sekretaris van die A.2-skool. Hutchinson wyt dit aan die onverskilligheid van die ouers sowel as aan die lae vereistes wat die Kerk aan die aspirant-lidmate stel. Die mense glo toe al vas dat die bietjie kennis wat die predikant by die aanneming verwag, genoeg was vir die lewe. Een ouderling het hom toegevoeg dat so 'n skool soos te Bowesdorp goed was vir die Boland, maar nie vir Namakwaland pas nie, want deur teveel geleerdheid sal die mense net bankrot speel.[63] Mnr. Burke se brief meld behalwe die onverskilligheid van die ouers die afwesigheid van ds. Hauman[64] uit die gemeente as 'n vername rede vir die totnietgaan van die skool. Hy beweer dat die mense die skool net ondersteun het uit vrees ("fear"). Miskien het Burke deur die woord "fear" dit 'n bietjie te skerp gestel; in elk geval dit bewys hoedat die predikant se invloed die mense onderwysbewus kon maak.

Na sy terugkeer uit Europa het ds. Hauman, trots die mislukkings van sy eerste pogings te Springbokfontein en Bowesdorp, nie die moed verlore gegee nie. Aan die begin van 1875 het hy weer twee skole gestig, nl. 'n sendingskool (B.2.) te Bowesdorp met 'n Hollander, Jan de Vries as onderwyser,[65] en

---

63. S.G.E. 1/29, Lett. Rec., Hutchinson - S.G.O., 8. 5. 1873.
64. Ds. Hauman was toe op 'n studiereis in Europa.
65. S.G.E. 1/31, Lett. Rec., Hauman- S.G.O., 14. 12. 1874.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


'n A.3-skool op die plaas Karas, met 'n gewese private onderwyser, G. Bischors, as onderwyser. Sowel Bischors as De Vries was persone wat reeds enige jare in Namakwaland private onderwys gegee het. Op 20 Maart 1875 het ds. Hauman nog gerapporteer dat albei skole goed vorder, maar reeds op 9 April 1875 meld hy dat De Vries bedank het.[66] Ook Karas se skool het net ses maande bestaan. Ds. Hauman was bitter teleurgesteld met die twee onderwysers, want hy sê: "It being a waste of the grant on such men as we have at our disposal."[67] Die sendingskool te Bowesdorp het onder ds. Hauman se broer tot in Junie bestaan, toe dit, volgens ds. Hauman, as gevolg van die droogte moes sluit.[68] Ons vermoed egter dat die sluiting ook 'n gevolg was van die onwilligheid van die boere om hulle kinders saam met kleurlinge in die sendingskool te laat skoolgaan.[69] In 'n brief aan die S.G.O. beweer ds. Hauman i.v.m. die sendingskool: "As you are aware I find no co-operation with my people; they having an awful prejudice against the natives."[70]

Intussen was ds. Hauman besig met die plan om 'n distrikskosskool te Bowesdorp te stig. Sy Kerkraad het aan hom steun belowe en 'n kommissie is gestig om die saak te bevorder.[71] Ds. Hauman het heelwat bydraes van elders ontvang, o.a. uit die gemeentes: Calvinia, Paarl, Wellington en Malmesbury.[72] Selfs

---

66. S.G.E. 1/33, Lett. Rec., Hauman-S.G.O., 8. 1. 1875.
67. S.G.E. 1/33, Lett. Rec., Hauman-S.G.O., 20. 3. 1875.& 9.4.1875
68. S.G.E. 1/33, Lett. Rec., Hauman-S.G.O., 17. 7. 1875.
69. S.G.E. 1/33, Lett. Rec., Hauman-S.G.O., 17. 7. 1875.
70. S.G.E. 1/33, Lett. Rec., Hauman-S.G.O., 8. 1. 1875.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die C.C.C. het 'n bedrag van £30 aan die leraar geskenk.[73] Hierdie saak het nog 'n stoot vorentoe gekry toe ds. G.W. Stegmann as kerklike (of sinodale) S.G.O.[74] Bowesdorp in die belang van die opvoeding besoek het.[75]

Maar ds. Hauman het besef dat Bowesdorp weens watergebrek nooit 'n dorp sou word nie. Daarom het hy die plaas Matjieskloof aangekoop, met die doel om daar sy so vurigbegeerde distrikskosskool te stig. Reeds is gesien hoedat ook hierdie plan verydel is deur die ongelukkige hofsaak waarin hy betrokke geraak het.[76]

Tien jaar lank het ds. Hauman geworstel om goeie skole in Namakwaland vir die boerebevolking gestig te kry; toe hy vertrek was daar geen skool oor van die wat hy gestig het nie. Tog was sy harde stryd nie tevergeefs nie - immers geen stryd is tevergeefs nie. Hy het in elk geval 'n klompie mense in Namakwaland bewus gemaak van die noodsaaklikheid van beter onderwys. Dit is mooi dat die Namakwlandse Kerkraad uit hul karige fondse aan ds. Hauman met sy vertrek uit erkentlikheid vir sy dienste £75 geskenk het.[77]

---

71. Kerkraadsnotule, 13 Sept. 1874. Die stelsel van distrikskosskole is in 1873 ingestel.
72. Kerkargief: R. 4/7, bl. 73.
73. Ons Land., 27 Julie 1905, brief van ds. Hauman.
74. Volgens Malherbe: Education in S.A. bl. 110, het die N.G. Kerk-sinode in 1873 drie kerklike S.G.O.'s. aangestel. Sien ook dr. Greyling: Die N.G. Kerk en Armesorg., bl.35.
75. De Kerkbode, 1875, bl. 297.
76. Sien hoofstuk 9, bl. 207 , en hierdie hoofstuk, bl. 234 .
77. Notule Namakwalandse Kerkraad., 19 Jan. 1881.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## - J. SAMUELS, DIE EERSTE ORGANISERENDE INSPEKTEUR, SE BESOEKE AAN NAMAKWALAND. -

In 1880 het dr. Dale vir Mnr. J. Samuels na die distrikte, Clanwilliam, Namakwaland en Calvinia, gestuur met die opdrag "to inspect and organize schools". Weens die droogte kon hy nie die boere besoek teneinde skole te stig nie.[78] Maar met sy tweedé besoek aan Namakwaland (Julie tot Sept 1881), het hy die boere tydens 'n nagmaalgeleentheid te Bowesdorp toegespreek. As gevolg van sy bemoeiings was daar drie boere wat skole op hul plase sou stig, t.w.:

Andries Esterhuizen op Rietfontein,

Willem van Wyk op Oest (Kamieskroon),

A. Engelbrecht op Eselsfontein.

Maar van hierdie drie voorgenome skole het, sover ons weet, niks gekom nie. Dit is heel moontlik dat die boere Samuels, 'n Engelsman, se goeie bedoelings nie vertrou het nie.[79] In elk geval die boere was te onbekend met die vorms ens. wat hul moes invul teneinde 'n skool te kon stig. Hulle het destyds nie 'n geestelike leier gehad wat hul kon help om die goeie voornemens in dade om te sit nie.

Samuels het ook probeer om 'n sendingskool te Abbevlak, 'n stasie op die Port Nolloth- Ookiep-spoorweg te stig. Dit was

---

78. Special Report on Namqualand etc., as aanhangsel by S.G.O.-rapport, 1880.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die stasie waar die koperertz vanaf die Spektakelmyn op die spoor gelaai is; gevolglik het 'n hele paar boere-transport-ryers in die omgewing gewoon. Die skooltjie is wel gestig, maar die boere het dit nie ondersteun nie, omdat hul nie hul kinders na 'n sendingskool wou stuur nie.[80]

Baie meer sukses het Smuels gehad met die stigting van 'n skool vir die boerekinders te Concordia. Daar het Eerw. M. Dönges aan die hoof gestaan van 'n uitstekende sendingskool waarin daar ook 18 blanke leerlinge was. Met die kragtige samewerking van die magistraat, Kol. Eustace,[81] het eerw. Dönges besluit om 'n distrikskosskool te Concordia vir die kinders van die boere te stig. Op aanbeveling van Samuels sou die S.G.O. £100 as toelaag aan die hoofonderwyser toestaan, terwyl 'n losiestoelaag van £6 vir elke kosganger betaal sou word.[82] Johannes Dönges B.A., die seun van eerw. Dönges, was vanaf 1882 die hoof van die pasgestigte distrikskosskool. Aan die begin, soos gewoonlik in Namakwaland die geval was, het dit goed gegaan met die skool. Eerw. Dönges het deur sy onbaatsugtige hulp aan die boere in die omgewing, die agting en vertroue van die mense gewen.[83] Kol. Eustace het sy per-

---

79. Martinius: beweer in Rural Education in South Africa, bl.70, dat die plattelanders agterdogtig was teenoor Samuels omdat hulle bang was dat hy Hollands as taal wou doodmaak.

80. Sien rapport van Samuels oor sy tweede besoek aan Namak. Dit verskyn as aanhangsel van die S.G.O.-rapport, 1882. Ook S.G.E. 1/74, Lett. Rec., Brecher-S.G.O., 25. 5. 1883. Die skool is beskryf as: "A House of poles and bags."

81. Eerw. Dönges skrywe aan die S.G.O. die volgende van Kol. Eustace: "I deem it a favour of God to have such a man

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



soonlike invloed ten behoewe van die huwe skool laat geld. Die S.G.O. het ruim hulp gegee deur die £100 toelaag aan die hoof en die £6 toelaes aan die klompie loseerders. Toe die proponente Muller en Botha in 1882 Namakwaland besoek het, het hulle orals die mense aangeraai om hul kinder na Concordia te stuur.

En tog het die Concordia-distrikskosskool nooit geword wat die stigters daarmee in die oog gehad het nie.[84] Die hoogste getal leerlinge was 20 in 1884; origens was die rol maar gemiddeld 14. Teen 1890 was die skool nog net in naam 'n distrikskosskool, aangesien daar nie loseerders meer was nie.[85] Dit skyn ook nie asof die boerekinders sodanig die skool besoek het nie, soos blyk uit die name van die arm (?) leerlinge aan wie £6 toelaes uitbetaal is.

Dönges wyt die lae getalle aan die droogte in 1883, en later weer aan die maselsepidemie, maar ons vermoed dat dit maar weer die losieskwessie was. Samuels het in 1881 gerapporteer: " They (die boere) are very reluctant to pay anything for their children's board and education."[86] In Oktober 1881

---

81. (Vervolg).. Like col. Eustace in our district." S.G.E. 1/74, Lett. Rec., Dönges-S.G.O., 4. 1. 1883.
82. S.G.E. 3/540, Dep. Insp. Report, Samuels. 20. 8. 1881, 12. 9. 1881, & S.G.E. 1/62, Lett. Rec., Dönges-S.G.O., 20. 9. 1881.
83. In die kerkregisters van Concordia vind ons talle name van boere wat deur eerw. Donges getroud en aangeneem is. Ook name van gedoopte kinders. Sien ook De Christen, 1882 bl. 554.
84. Eerw. Dönges wou selfs 'n industriële departement i.v.m. die skool hê, sodat toekomstige mynwerkers daar opgelei kon word. S.G.E. 1/79, Lett. Rec., Dönges-S.G.O., 2. 2. 1884.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het eerw. Dönges ook gevra dat die hoofdelike toelaag tog aan alle leerlinge uitbetaal moes word, daar hy moeilikheid sou kry om die kinders teen die voorgestelde £36 per jaar te loseer. Hy was gewillig om opofferings vir die mense te doen, maar wou darem ook nie op die transaksie verloor nie.[87] Of eerw. Dönges altyd die £36 wat die betalende kinders moes bydra gekry het, word nêrens vermeld nie, maar ons kan aanneem die geld seker nie altyd betaal is nie. Miskien het die feit dat die skool verbonde was aan 'n leerlingreserwe ook te doen met die swak ondersteuning vanwee die boere. In die loop van 1893 het die distrikskosskool 'n gewone A.3.-skool gword.

Behalwe Samuels se werk in belang van die boerebevolking, was daar maar min ander bedrywigheid op onderwys gebied op die Namakwalandse platteland voor die koms van ds. Conradie.

Te Bowesdorp het ds. Hauman wat sy ou gemeente in 1884 kom besoek het, 'n A.3-skool met mevr. A Brooks[88] as onderwyseres gestig. Maar die skool het net tot ploegtyd bly bestaan, toe die mense hul kinders weer uitgehaal het.[89] Die volgende jaar het mevr. Brooks onderwys gegee aan die private plaasskool te Mesklip waar sy 9 leerlinge gehad het.[90] Of die onderwysdepartement aan haar die toelaag vir die private plaasskool uitbetaal het, kon ons nie bepaal nie.[91]

---

85. S.G.E. 1/49, Lett. Rec., Dönges-S.G.O., Feb. 1893.
86. S.G.E. 3/450, Reports of Dep. Insp., 20. 8. 1881.
87. S.G.E. 1/62, Lett. Rec., Dönges-S.G.O., 15. 10. 1881.
88. Sy was 'n dogter van die godsdiensonderwyser, E. Genis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## - ONDERWYS OP DIE PLATTELAND TYDENS DS. W.J.CONRADIE SE TYD, 1886 - 1895. -

Ds. Conradie het tot ongenoeë van 'n gedeelte van die gemeente, Garies in plaas van Bowesdorp tot hoof-kerkdorp van die gemeente ~~gestig het~~ verhef.[92] Die eerste skool wat hy dus ook gestig het was 'n A.3-skool te Garies. Hy het 'n baie bekwame hoewel nie eensgesinde bestuur gehad om hom te staan, nl.: G. Genis (die oud-onderwyser van 1854), W. Burke ( die sekretaris van ds. Hauman se ou skool te Bowesdorp), Mias Coetzee ( ds. Conradie se ou steunpilaar)[93] en F. Coetzee.[94] Wanneer die skool werklik begin is, kon ons nie vasstel nie, maar in die jare 1886 en 1887 word die skool glad nie genoem in die S.G.O.-rapporte nie. Tweedrag het intussen ontstaan onder die bestuurders. Gerard Genis het 'n Engelsman, H. Darke, as onderwyser vir sy huisgesin gehuur en aansoek gedoen om 'n private plaasskool.[95] Die S.G.O. wou die toelaag nie toestaan nie, want die skool was binne 6 myl ( in werklikheid 'n paar honderd tree) van die publieke A.3-skool met mej. P. Burke as onderwyseres. Sover ons kon uitvind, was die kern

---

89. S.G.E. 1/79, Lett. Rec., J. Genis-S.G.O., 14. 7. 1884.
90. S.G.E. 1/84, Lett. Rec., J. Genis-S.G.O., 9. 9. 1885, en 27. 10. 1885.
91. Hierdie skole te Bowesdorp en Mesklip word nie in die S.G.O.-rapporte van 1884 en 1885 genoem nie.
92. W.J. Conradie: Op. Cit., bl.33, ?Garies is soms ook Genisdal genoem, maar ons sal deurgaans die meerbekende naam Garies besig.
93. W. J. Conradie: Op. Cit., bl. 3.
94. S.G.E. 1/~~180~~, Lett.Rec., Conradie-S.G.O., 4. 8. 1886.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


oorsaak van die tweedrag, die feit dat in mej. Burke se skool kleurlingkinders was.[96] Genis het nog ander redes ook aangehaal o.a. dat hy graag wou hê dat sy kinders Engels moes leer, maar hierdie rede klink onoortuigend as ons in aanmerking neem dat in mej. Burke se skool Engels as medium gebruik is.[97] Gelukkig het die rusie in 1890 tot 'n einde gekom, en Genis se kinders is ook na die publieke skool gestuur.[98] Die kleurlingkinders is soveel as moontlik onder die jonger suster van mej. Burke as onderwyseres geplaas, terwyl mej. P. Burke verantwoordelik was uitsluitend vir die blanke leerlinge. In 1892 het mej. P. Burke haar ontslag gevra, aangesien sy as posmeesteres aangestel is. 'nn Sekere Douwnes van Clanwilliam is as onderwyser aangestel. Intussen het ds. Conradie weer die ou idee van 'n distrikskosskool oorweeg. Reeds in 1894 het hy 'n aansoek gedoen om 'n lening van £600 vir die aanbou van die nodige geboue. Hy het die S.G.O., dr. Muir, dit op die hart gedruk dat Namakwaland, die "lean horse", spesiale hulp nodig het.[99] Ds. Conradie het gelukkig die steun van mnr. Merriman in die saak gehad. Die bedrag is toegestaan en met die bou is begin. Maar in Maart 1895 het Douwnes alweer bedank, en toe nog 'n ander onderwyser kort daarna ook bedank was ds. Conradie baie terneergedruk. In hierdie stemming skryf hy: "But all my plans have been frustated. In an out-

---

95. S.G.E. 1/100., Lett. Rec., Genis-S?G.O., 1.2. 1888.
96. S.G.E. 1/100., Lett. Rec., Genis-S.G.O.,15.5. 1888.
97. S.G.E. 3/556., Inspec. Reports, Nixon 1892.
98. S.G.E. 1/116., Lett. Rec., Genis-S.G.O., 7. 2. 1890.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


of-the-way place like this the people get self-willed and woe betide the would-be reformer when he finds obstinacy and ignorance enjoying each other's company like fun. I wish I could get out of this place myself."[100] Sy wens is kort daarna verwesenlik toe hy na die gemeente ~~Fraserburg~~ Sutherland beroep is, maar hy was onnodig pessimisties omtrent die Garies-skool. Die fondament wat hy gelê het, was so goed dat Garies se skool die bestendigste bestaan had van al die plattelandse skole in die gemeente.

Met dieselfde ywer het ds. Conradie hom gewy aan die onderwys te Bowesdorp, Namies en elders. Die groot probleem was om geskikte onderwysers te kry. Soos ds. Hauman, het hy probeer om van die plaaslike private onderwysers gebruik te maak. In sommige gevalle was sy pogings baie suksesvol; in ander gevalle was dit weer 'n hopelose mislukking. Ook kon ds. Conradie nie doeltreffend toesig hou oor sy onderwysers en skole nie, daar hy soms byna 200 myl van sy verste skool (Namies) verwyderd was. En dan was daar die tipiese Namakwalandse skoolprobleme; die arbeidskwessie, die uitlê-gewoontes, die selfgenoegsaamheid van die mense, ens.

Aanvanklik het ds. Conradie die onderwys op die plaas oorgelaat aan die private "meesters". In 1887 rapporteer hy: ,,er zullen echter noch jaaren verloopen," voordat gereelde dag- en Sondagskole gestig kon word.[101] Ds. Conradie het egter nie

---

99. S.G.E. 1/163, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 6. 2. 1894.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


so lank kon wag nie. Een van die eerste private skole wat hy in 'n staatsondersteunde skool verander het, was mevr. Reesberg[102] se skool te Horees. Sy het destyds 16 leerlinge gehad, van wie enige by haar loseer het.[103] Kort na die stigting het die inspekteur, Nixon die plaas besoek, maar geen skool daar aangetref nie. Ds. Conradie het in 'n lang brief verduidelik dat die skool van mevr. Reesberg na die plaas Oest verskuif is, omdat die mense van Horees en omgewing na die Binneveld getrek het teneinde daar te saai.[104] Die S.G.O. het die verklaring aanvaar, die toelaag is nie teruggetrek nie, maar mevr. Reesberg se skool was van toe af 'n "Circuit School".[105]

In 1891 is mevr. Reesberg weer op die plaas Ellenboogfontein waar 14 van haar 26 leerlinge kosgangers was. Die ouers moes 1 skaap en 1 boesel meel per maand per kind as losies bydra, maar sommige ouers was te arm om iets by te dra. Hoe sy met die karige bydrae van die ouers deurgekom het, kon ds. Conradie nie verstaan nie, maar hy prys haar ywer en toewyding. "She lives in her work," skryf hy aan die S.G.O. Nie alleen het sy die kinders lees, skrif en rekenkunde geleer nie, maar ook hoe om hulle te gedra.[106] Teen die einde van

---

100. S.G.E. 1/176, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 8.4. 1895.
101. KERKARGIEF: R./64., bl. 394.
102. Mevr. Reesberg se man was vroeër skeepskaptein, toe posmeester te Hondeklipbaai, daarna eienaar van 'n winkeltjie op Horees. - Inligting verskaf deur oom Giel Goosen van Horees.
103. S.G.E. 1/116, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 11. 2. 1890.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die jaar 1891 is mevr. Reesberg na Bowesdorp waar die ou pastorie tot haar beskikking as 'n losieshuis gestel is.[107] Die volgende jaar is die skool deur Nixon besoek. Sy rapport oor die werk van mevr. Reesberg was baie gunstig. Belangwekkend is dat ses van die leerlinge ,,catechumeens" was.[108] Hulle is natuurlik nie inspekteer nie, maar dit sou nog geruime tyd 'n gewoonte in Namakwaland wees dat katkisante die gewone skole bywoon. Teen die einde van 1892 het die ,, Circuit School" 'n A.3-skool geword. Die S.G.O. het 10 losiestoelaes vir die skool beskikbaar gestel. Mevr. Reesberg het toe as onderwyseres afgetree en as matrone van die koshuis opgetree, terwyl haar seun Johan Reesberg onderwyser geword het. Gedurende die droogtejaar 1895 het die getal leerlinge na 10 gedaal, maar tog stand gehou.

'n Ander private onderwyser wat deur ds. Conradie met sukses in staatondersteunde skole gebruik is, was 'n Engelsman, J.C. Valentine, uit Uitenhage afkomstig. Valentine kon goed Afrikaans praat, en het hom uitstekend aangepas by die Namakwalandse omstandighede. Hy het sy eie tent gehad, waarmee hy saam getrek het, wanneer die mense aan die trek gaan.[109] Valentine het in 1890 onderwys gegee by enige families wat op die grens tussen die Binneveld en die Boesmanland gewoon het.

---

104. By die behandeling van die rondtrekkery in hoofstuk 1. bls. 14 tot 18, is hierdie trekmotief nie behandel nie, omdat hierdie nie 'n trek met vee is nie. Die Sandveld sowel as die Boesmanland is nie geskik vir saaiery nie; dus het die gewoonte ontstaan om ,,lande" in die Binneveld te huur. Met ploegtyd trek die familie dus

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


In die winter het die mense na die Binneland getrek om te saai; terwyl hulle in die somer weer agter die donkerbuie in die Boesmanland aangetrek het. Onder hierdie omstandighede het ds. Conradie die S.G.O. gevra om maar toegewend te wees wat Namakwaland betref: "I state these facts, in order that you may deal leniently with me as far as possible, in case of irregularities."[110] Dale was werklik baie tegemoetkomend; 'n toelae van £36 is beskikbaar gestel vir Valentine se "circuit School". Oorspronklik was Valentine se skool op die plaas Rietfontein, maar in 1891 is die skool op die plaas Dassiesfontein.[111] Van Valentine het Nixon in 1893 getuig dat hy sy bes doen, en goeie werk lewer.[112] Vanaf 1893 is Valentine se skool tot 'n „Poor School" verander. Die swaar droogte van 1895 het ook die skool te Dassiesfontein tot niet laat gaan. Valentine het agter nog jare daarna waardevolle werk as private onderwyser verrig.

Ds, Conradie het ook hard gespook om die afgelee Boesmanlanders in die omgewing van Namies en Pella van onderwysers te voorsien. Boesmanland was reeds in die agtiende eeu deur die boere van die omliggende distrikte met goeie reënjare gebruik.

---

104. (Vervolg) na die „lande", terwyl net een seun of 'n wagter by die vee agterbly. S.G.E. 1/116, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 10. 6. 1890.
105. Ons sal die term "circuit schools" vir staatsondersteunde rondgaande skole gebruik om verwarring met die private rondgaande skole te vermy.
106. S.G.E. 1/124, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 27. 2. 1891.
107. S.G.E. 1/124, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 15. 12. 1891.
108. S.G.E. 3/556, Inspect. Rep., Nixon. 1892.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die Basters wat al hoe meer verdring is in die meer gevestigde dele het soontoe uitgewyk. Maar die Boesmanmoorde in die jare 1868 en 1869 het baie Basters laat padgee oorxdie rivier. Vanaf die tyd het talle blanke boere Boesmanland ingetrek, nie net vir tydelike nie, maar vir permanente bewoning. Gedurende die tagtiger jare van die 19e eeu is die vernaamste water plekke in die Boesmanland reeds verpag. In die winter was die mense verplig om op die waterryke plekke soos Namies, Pofadder en Gams saam te woon, maar wanneer die somerreens val, dan trek hulle uitmekaar uit. Reeds in 1884 het ds. P. Faure, die predikant van Van Rynsdorp, en die konsulent van Namakwaland, die Boesmanland ingegaan en die mense besoek. Hy het die stigting van 'n skool te Pofadder as baie wenslik geag, omdat die Katolieke vanuit Pella vinnig besig was om veld te wen.[113] Toe ds. Conradie in 1890 Namies besoek het, het hy 'n private onderwyser, 'n Jacobus Zanneberg, daar aangetref. Reeds die vorige jaar het hy die ernstige behoefte van 'n onderwyser gevoel, en die pagter van die plaas, Jan Visser, was heeltemal gewillig om 'n onderwyser te loseer.[114] Dus het ds. Conradie in 1890 oorgegaan tot die stigting van 'n "circuit school" te Namies met J. Zanneberg as onderwyser.[115] Van Zanneberg se skool hoor ons in die loop van die jaar 1891 niks. Hy het seker met

---

109. S.G.E. 1/116, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 18. 3. 1890.
110. S.G.E. 1/116, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 9. 4. 1890.
111. S.G.E. 1/124, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 27. 2. 1891.
112. S.G.E. 3/3, ~~Lett.~~ Inspec. Rep., Nixon 1893.
113. Kerkargief: R/64 bl. 431.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die mense oor die Boesmanland getrek. Maar in dieselfde jaar is nog 'n skool vir die Boesmanlanders gestig, hoewel in die skool meesal Basters was. James Lewis Burke, 'n privatė onderwyser wat toe al in Calvinia se distrik, in die Transvaal en in Suidwes onderwys gegee het, het die private plaasskool te Klein Pella gestig.[116] Maar die volgende jaar is Burke se skool te Klein Pella ook tot niet. Hy het met sy ondersteuners saamgetrek, maar die mense moes later so uitmekaar trek, dat hy net 4 leerlinge oor had. Tog sê Conradie van Burke: " He is quite willing to go back to the land of huts-and-tents and thirst and misery."[117] In Augustus 1892 was Zanneberg darem terug op Namies, maar in Oktober het Zanneberg teen ds. Conradie se sin Boesmanland verlaat, en in die Binneveld gaan onderwys gee.[118] In die omgewing van Mesklip en Koornhuis was daar juis baie boere wat hom as onderwyser wou hê omdat weens die mislukking van die 1892 oes hulle nie hul kinders op Springbokfontein in die skool kon sit nie.[119] Zanneberg het dan vervolgens onderwys gegee op die plase Matjiesgoedkloof, Hoegab en Eendoorn. Hierdie skool is deur die inspekteur in 1894 besoek, maar die rapport was so swak,[120] dat die S.G.O. die toelaag wat nog aan Zanneberg uitbetaal is, gestaak het. Daarna is Zanneberg oënskynlik terug na Boesmanland

---

114. De Kerkbode, 1889, bls. 169 en volgende.
115. S.G.E. 1/116, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 5.8.1890.
116. Die Katolieke se hoofplek is Groot Pella. S.G.E. 1/124, Lett. Rec., Burke-S.G.O., 27.4.1891. en S.G.E. 1/190, Lett. Rec., Burke-S.G.O., 23.5.1896.
117. S.G.E. 1/135, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 30.5.1892.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


want in 1896 vra hy weer om 'n toelaag.[121]

Baie belangrik was ds. Conradie se poging om onderwys te bring na die mees afgesonderde dele van sy gemeente. In 1892 het hy die omgewing van Spektakel besoek, en het 'n mej.Carstens gehuur om daar onderwys te gee, "the people being miserably poor". Hy het om 'n toelae gevra sodat die mense gratis onderrig kon kry.[122] In 1893 het hy weer op die plaas Aronegas, 12 myl van Ookiep, soorgelyke toestande aangetref: "There are more than 100 children there; some of tehm have never had any instruction."[123] Ds. Conradie wou Zanneberg soontoe stuur, maar dit skyn asof albei pogings om onderwysers na die dele te stuur nie suksesvol was nie. So ook het hy hom die treurige toestande te Grootmist ter harte geneem, maar kon niks doen nie, omdat hy geen onderwyser kon kry nie.[124]

Nog 'n private onderwyseres, mej. M.J. de Beer, is deur ds. Conradie gebruik om 'n A.3.-skool te Zandkop (suidwes van Garies) te stig.[125] In Februarie 1893 het mej. de Beer ( toe eintlik mevr. Baard) nog 15 leerlinge gehad, maar toe die inspekteur, in Oktober die skool besoek was daar net twee leerlinge oor. Die ouers het eenvoudig hulle kinders uitgehaal om met

---

118. S.G.E. 1/135, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 2.8.1892 en 2 Nov. 1892.
119. S.G.E. 1/149, Lett. Rec., J. Zanneberg-S.G.O., 29.12.1892.
120. S.G.E. 3/10, Insp. Rep., Le Roux 1894.
121. S.G.E. 1/190., Lett. Rec., Zanneberg-S.G.O., 29.9.1896.
122. S.G.E. 1/135, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 2.8.1892.
123. S.G.E. 1/149, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 24.3.1893.
124. W.C. Conradie: Op. Cit., bl.22.
125. S.G.E. 1/135, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 3.11.1892.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die graanoes te help. As gevolg van hierdie en ander teleurstellings was ds. Conradie genoop om as volg te skryf aan die S.G.O.: "I hope you will get some compulsory scheme for this backward place."[126]

Ds. Conradie het die hartelike steun en samewerking van die inspekteur le Roux geniet. Hy het hom die ontberings van 'n reis deur die Boesmanland getroos om die onderwysstoestande daar te leer ken.[127] Maar die geesdrif van ds Conradie sowel as die ondersteuning van die inspekteur kon niks vermag teen die droogte wat in 1895 sy hoogtepunt bereik het nie.[128] Net die skole te Garies en Bowesdorp kon hierdie vuurproef deurstaan. Nietemin kan ons ds. Conradie se dienstyd as 'n besondere vrugbare tyd op onderwysgebied beskryf. Nieteenstaande teleurstellings en mislukkings, het hy ontsaglik baie tot stand gebring.

Dr. Dale het hom kragdadig gesteun, soos blyk uit die volgende berig in De Kerkbode van 1889.[128a]: ,,Dr. Dale heeft aangeboden eenig verzoek uit deze streeken in gunstige overweging te nemen." Ongelukkig kan dieselfde nie gese word van dr. Muir se houding teenoor onderwyswerk in Namakwaland nie.

---

126. S.G.E. 1/149, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 10.11.1893.
127. S.G.E. 1/163, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 19.9.1894.
128. Eerw. Donges wat 25 jaar in Namakwaland was, het gesê dat dit die ergste was wat hy geken het.
Dreyer: Kerksoewenier van Namakwaland, bl. 42.
128a. De Kerkbode 1889, bl. 169.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Nie dat hy Namakwaland wou afskeep nie, maar omdat hy eenvoudig nie kon begryp dat Namakwaland 'n besondere land met besondere moeilikhede was nie. Ds. Conradie moes hom omstandig verduidelik waarom die "returns" van die afgelee skole hom nie betyds bereik het nie. Op 3 Oktober 1893 skryf ds. Conradie as volg aan die S.G.O.: "I also know that some allowance must be made for some of these miserable districts which are so cut off from communications with other places. This is the most backward place in the whole of South Africa; it must be helped."[129] Later in die jaar gee hy aan die hand dat die S.G.O. self moes kom kyk: "And Mr. Muir, you must come down yourself. Seeing is beleiving."[130] Inspekteur le Roux het ook die S.G.O. probeer oortuig van die toestande in Namakwaland: "The condition of things in Namqualand is far more deplorable, than those at a distance can imagine. Hundreds of children are growing up in ignorance."[131] Dit skyn egter asof dr. Muir maar nie vir Namakwaland spesiale behandeling wou gee nie, want in 1895 skryf ds. Conradie in wanhoop: "Would to God that our rulers may understand that Namaqualand must be treated in a different manner from other districts."[132]

---

129. S.G.E. 1/149, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 3.10.1893.
130. S.G.E. 1/149, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 10.11. 1893.
131. S.G.E. 3/3, Inspect. Rep., Le Roux 1893.
132. S.G.E. 1/176, Lett. Rec., Baard en Conradie-S.G.O.,12.8.1895. Ds. Conradie se aanmerkings is na aanleiding van 'n brief wat d mevr. Baard aan die S.G.O. op 12 Aug. 1895 gerig het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


'n Mens kan nie help om ds. Conradie as onderwyshervormer te bewonder nie, en as mens lief te kry nie. Hoe mooi en hoe menslik is sy naïewe vrees om dr. Muir persoonlik te gaan spreek: " And besides I am awfully nervous to meet great men when I am so fresh from the solitudes." [133]

## - DIE ONDERWYS OP DIE PLATTELAND, 1896 - 1903. -

Die skool te Bowesdorp onder Johan Reesberg het nadat 1895 se droogte gebreek is, weer goed gevorder. Ds. Rörich wat in 1897 in Namakwaland gekom het, het egter om een of ander rede met die Reesbergs in botsing gekom met die gevolg dat die skool begin 1898 gesluit is.[134] Die pogings van ds. Rörich om die skool te heropen het skipbreuk gely.

Toe ds. Rorich in Namakwaland kom, was daar ook 'n "armskool" te Namies met J. Zanneberg as onderwyser. Die skool is heropen nadat die ouers, A.J. Dippenaar en Arnoldus Maass, die S.G.O. dringend om hulp gevra het.[135] Maar ds. Rörich het reeds met sy eerste besoek aan Namies die onbekwame Zanneberg vervang deur 'n baie bekwame onderwyseres, mevr. Hannie Mans. Sy was 'n mej. Frylinck, en het 'n gedeelte van haar opleiding as onderwyseres voltooi. Vir Zanneberg was dit 'n harde hou, maar vir Namies 'n groot verbetering. In 1899 het die inspekteur baie gunstig gerapporteer omtrent die werk te Namies.[136]

---

133. S.G.E. 1/149, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 17.5.1893.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In die jaar 1900 het die skool nog in 'n bloeiende toestand verkeer. Die plaas Namies is deur die Kerk vir 5 jaar gehuur om as kerk-en skoolplaas te dien,[137] daar was 31 leerlinge in die skool en die ouers was in hul skik met ,,Hannie Mans" as onderwyseres.[138] Toe ontstaan 'n noodlottige rusie tussen ds. Rörich en mevr. Mans, waarop laasgenoemde haar bedanking inlewer. So het die tweede skool in ds. Rorich se tyd tot niet gegaan.

Die skool te Garies het onder die opvolger van Douwnes, P.E. Scholtz, in 1896 weer opgebloei. Die groei van die skool was ironies genoeg aan die droogte te danke. Die "Namaqualand Famine Relief Committee" het o.a. aan die kosskool te Garies voedselvoorrade gestuur. Arm ouers het dus hul kinders in die koshuis geplaas, sodat die kinders kos kon kry.[139] Ongelukkig het Scholtz nie te lank aangebly nie. In 1897 het J.S. du Toit hom as onderwyser opgevolg. Maar in 1898 is daar alweer 'n ander onderwyseres, nl. mej. Caroline Weich, 'n kleindogter van die Rynse sendeling te Komaggas. Met al die veranderings het dit ook nie meer te goed met die skool op Garies gegaan nie. In Desember 1898 was daar b.v. geen kosgangers meer in die skool nie, sodat ook G. Genis hom as volg uitlaat: "A compulsory school act, I am afraid is much required."[140] Die nuwe onderwyser,

---

134. S.G.E. 1/218, Lett. Rec., Rörich-S.G.O., 29.2.1898.
135. S.G.E. 1/204, Lett. Rec., Maass-S.G.O., 26.7.1897.
136. S.G.E. 3/64, Ins. Rep., Le Roux., 1899.
137. Kerkargief: R/74, bl. 75.
138. S.G.E. 1/232., Lett. Rec., Maass-S.G.O., 10.8.1899.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


F.A.Heunis het die skool weer opgewek, sodat daar in 1900 40 leerlinge was.[141] Maar ook hierdie skool het tot 'n val gekom, meer as gevolg van die oorlog, hoewel 'n persoonlike twis tussen 'n Genis-seksie en 'n Rörich-seksie ook daarmee te doen had. Politiek het ook sy hand in die saak gehad. Heunis het in 'n brief aan die S.G.O. geskrywe dat Genis en ander wat sterk anti-Engelse gevoelens koester die skool wou doodmaak. Hy wou graag sien dat "enlightened and loyal" mense soos ds. Rörich en W. Burke op die bestuur van dies skool dien.[142] Aanvanklik het die oorlogsbedrywighede die skool laat groei, want baie vlugtelinge het skuiling kom soek in die dorpe. Maar in Mei 1902 het die oorlog die skool laat sluit. Die Boeremagte het die dorpie bedreig en Heunis het na Clanwilliam gevlug.[143]

Nog 'n bloeiende skool op die platteland is as gevolg van die oorlog tot niet, nl. die skool te Mesklip. Mnr. W. Dixon het daar die inisiatief geneem en 'n goeie skool met mnr. J.C. Valentine as onderwyser gestig in Feb. 1901.[144]

---

139. S.G.E. 1/190., Lett. Rec., Genis-S.G.O., 18.3.1896.
140. S.G.E. 1/218, Lett. Rec., Genis-S.G.O., 12.12.1898.
142. S.G.E. 1/301, Lett. Rec., Heunis-S.G.O., 28.5.1901.
141. S.G.E. 3/77., Insp. Rep., Hofmeyer 1900.
143. S.G.E. 1/346, Lett. Rec., Heunis-S.G.O., 7 Mei 1902.
144. S.G.E. 1//301, Lett. Rec., W. Dixon-S.G.O., 3.9.1901.
145. Vir 'n breedvoeriger bespreking van die redes waarom staatsondersteunde skole so moeilik bestaan het, sien volgende hoofstuk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


In April 1902 het die Boeremagte Mesklip beset en die kinders is gevolglik na hul huise. Kort na die vredesluiting het Dixon egter weer die skool heropen, sodat dit teen die einde van 1902 die enigste publieke skool op die Namakwalandse platteland was.[145]

Twee jaar later het ds. H. du P. Steyn Namakwaland besoek met die doel om skole te stig. Hy het treurige bewyse van verwaarlosing op onderwysgebied teëgekom; maar hy het ook talle van Namakwalanders teëgekom wat hart en siel vir opvoeding was. Laat ons, wanneer ons in 'n later hoofstuk vertel van die omwenteling wat vanaf 1905 in Namakwaland op onderwysgebied plaasgevind het, nie vergeet nie, dat die omwenteling net moontlik was omdat daar reeds tevore hard gewerk is. Ds. Hauman en ds. Conradie se werk - hoe teleurgesteld hulle ook gevoel het - was nie tevergeefs nie. Hulle het hul pionierswerk baie goed en getrou verrig.

.....

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 12. -

## - PRIVATE SKOLE OP DIE NAMAKWALANDSE PLATTELAND, 1852 - 1904. -

Nieteenstaande alle pogings om staatsonderwteunde skole te stig, het die meeste plattelandse kinders tot 1904 hul onderwys in private skole ontvang. Behalwe vir die tydperk 1890 tot 1895 toe ds. Conradie met 'n redelike mate van sukses staatsondersteunde skole te Namies, Bowesdorp, Garies en Dassiesfontein gestig het, was die boere afhanklik van die private "meesters". Veral in die afgeleë wyke soos Wallekraal, Soebatsfontein, Grootmist, Oranje-riviermond, Stryrivier, ens., was die mense verplig om private onderwysers of onderwyseresse te huur. Hoewel die Namakwalandse ouer in die reël nie geesdriftig kon word oor die skole wat die dominees gestig het nie, was daar tog nie volkome onverskilligheid teenoor die opvoeding van hul kinders nie, soos blyk uit ds. Conradie se onderwysverslag van 1887: ,,Tot lof van de meesten (ouers) kunnen wy zeggen dat zy belang stellen in die opvoeding van hunne kinderen en er gedurig werk voor knappe cathechizeermeesters zyn." [1]

Nog in 1890 rapporteer hy dat selfs die armste ouers probeer om vir hul kinders 'n bietjie opvoeding te gee. Maar later het ook ds. Conradie, sowel as ds. Rörich, gekla dat

---

1. Kekrargief: R/64 bl. 304.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


dat die ouers ,,belangeloos selfs koud", is wat die opvoeding van hul kinders betref. Hierdie houding van ds. Rörich en die veranderde houding by ds. Conradie, spruit uit die besef wat by hulle as sosiale hervormers posgevat het dat die Namakwalander baie meer onderwys nodig gehad het as waarmee hul voorouers oor die weg gekom het. Vir die gemiddelde Namakwalander het ,,opvoeding" nog altyd beteken, 'n paar maande se skoolgaan by 'n ,,meester", sodat die kind min of meer sy Bybel kon lees, sy naam kon teken, miskien 'n briefie ternouernood kon skrywe, en verder die Kortbegrip kon ken.

Tog, hoe laag die standaard van hierdie meesters se skole ook al was, moet ons oppas om die betekenis wat dit vir die Namakwalander gehad het, nie te gering te skat nie. Indien die meesters nie daar was nie, dan sou die persentasie analfabete in Namakwaland nog baie hoër gewees het, as wat reeds die geval was. So min kinders het die staatsondersteunde skole bygewoon, dat indien die Namakwalanders net die staatsondersteunde skole gehad het, sou hulle maklik in 'n toestand van ongeletterdheid verval het. Die sensussyfers vir die jare 1865, 1875, 1891 en 1904 verskaf ons die volgende gegewens:

| Jaar. | Totale Blanke Bevolking. | Getal wat kan lees en skryf. | %. |
|---|---|---|---|
| 1865. | 1882. | 1112. | 59.1. |
| 1875. | 2675. | 1626. | 60.8. |
| 1891. | 3718. | 2230. | 60. |
| 1904. | 5003. | 3233. | 64.6. |

1. Kerkargief: R/64 bl. 394.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Dat so veel mense dit nog sover gebring het dat hul kon lees en skrywe is in 'n groot mate aan die private skole te danke. Die sensussyfers vir die jare 1865 en 1875 wys ook taamlik duidelik hoe baie kinders in private skole was.[2]

| Jaar. | Getal leerl. | Leerlinge in Publieke skole. | In Priv.skole |
|---|---|---|---|
| 1865. | 93. | 25.[3] | 68. |
| 1875. | 225. | 46.[4] | 179. |

Die groot persentasie van leerlinge in private skole, sowel as die belangrike rol wat die skole gespeel het om die Namakwalanders van ongeletterdheid te red, regverdig 'n afsonderlike bespreking van hierdie skole in die tydperk 1852 - 1904. ~~In~~ Die insameling van gegewens vir hierdie hoofstuk was 'n moeitevolle, maar tegelyk 'n baie interessante werk. Aan die sekondere leerlinge van die Springbokse Hoërskool is 'n vraelys gegee, met die opdrag dat hulle by hul ouers, maar veral by hul grootouers, die antwoorde op die vrae moes inwin. Ook is ou mense in die distrik ondervra oor hul ou skoolloopbaan en hul onderwysers. Uit hierdie twee bronne kon ons 'n lys van omtrent 50 private onderwysers vir ons tydperk opstel.

---

2. Ons het ook probeer om die sensussyfers van 1891 en 1904 vir die vasstelling van die getal private leerlinge te gebruik, maar ons kon nie bereken hoeveel kleurlinge daar in A.-skole was nie, en hoeveel blankes weer in B.-skole (sendingskole) was nie.
3. Die enigste staatsondersteunde blanke skool in 1865 was te Springbok waar toe omtrent 25 blanke leerlinge was.
4. Die enigste staatsondersteunde blanke skool in 1875 was te Port Nolloth waar daar toe omtrent 30 blanke leerlinge was. Ons het nog 16 blanke bygevoeg vir die sendingskool te Ookiep.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Dit is natuurlik ver van volledig, aangesien min van die persone wat ondervra is, iets kon vertel van die onderwysers voor 1870. Dan het ons die Garies-area ook nie so kon fynkam nie. Ons kan dus die getal van 50 private onderwysers met veiligheid na 70 verhoog. Hierdie hoë getal onderwysers wys ons tegelykertyd in hoe 'n groot mate daar van private onderwysers gebruik gemaak is.

Reeds het ons in die behandeling van die onderwys op die myndorpies na die bestaan van "tutors en governesses" verwys.[5] Welgestelde ouers op die myndorpe het private onderwysers gekry omdat hulle nie wou he hulle kinders moet saam met die kinders van "plate layers" en saam met kleurlinge skoolgaan nie. Ook wou hulle hê dat hulle kinders meer moes leer as wat die gewone skool bied, b.v. musiek en kunshandwerk. Hulle kinders is dus privaat onderrig, omdat in die publieke skool te min geleer is. Die plattelandse ouer het weer sy kinders privaat laat onderrig omdat in die publieke skool te veel onnodige dinge geleer is.

Privaat onderwys was egter veral 'n kenmerk van die onderwys op die platteland, daarom sal ons in die res van die hoofstuk ons hoofsaaklik hou by die private skole onder die boere.

---

5. Sien hoofstuk 10, bl. 198.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - PRIVATE SKOLE VERSUS STAATSONDERSTEUNDE SKOLE. -

Waaraan moet dit toegeskryf word dat die Namakwalander, nieteenstaande die hulp wat van staatswe gekom het,[6] die private skool bo die staatsondersteunde skool gaan verkies het? Die rede wat die Namakwalanders self die meeste voorgehou het, was sy ,,armoede", hoewel soos ons sal sien daar ander sterker beweegredes was.

Laat ons eers nagaan welke leemtes daar in die onderwysstelsel was, veral wat dit Namakwaland betref. Voordat die staatsondersteunde private plaasskole in 1883 ingestel is,was die minimum getal leerlinge wat nodig was vir die stigting van 'n publieke skool tien. Weens die verspreiding van'n klein bevolking oor 'n baie groot oppervlakte, sou dit baie selde voorgekom het dat op een plaas tien leerlinge bymekaar gemaak kon word teneinde 'n publieke skool te stig. Daar was net een middel om die kinders bymekaar te kry, en dit was deur die kinders op 'n sentrale plekmte laat loseer. Vir die ouers beteken dit dus nie net skoolgeld nie, maar ook losiesgeld. Reeds het ons daarop gewys dat gebrek aan geld die oorsak was dat Concordia se distrik#skool sowel as Hurst se skool te Springbok nie vooruit kon gaan nie. Maar gebrek aan geld was onses insiens, nie die hoofrede waarom koshuise se bestaan so

---

6. b.v. in die vorm van losiestoelaes.- voor 1893 £6 en daarna £12 per kind vir arm kinders, en gratis onderwys vir die "Poor Schools" na 1893.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


onbestendig was nie. Mevr. Reesberg het vir haar koshuis te Ellenboogfontein en Bowesdorp nie in geld laat betaal nie, maar in plaasprodukte soos vee en graan. Geldskaarste - 'n beter term as „armoede" - was dus nie hier die hoofoorsaak nie. Dit was geleë in 'n ander Namakwalandse probleem, nl. arbeidskaarste. Met ploegtyd en oestyd het die boer sy seuns en dogters op die plaas dringend nodig gehad, d.w.s. veral in die maande April na Junie, en die maande November en Desember. Lamtyd en uitlêtyd was gewoonlik van Junie na September, en dan was die kinders ook nodig om te help. Die arbeidskwessie was alreeds in 1880 'n akute probleem, nieteenstaande die feit dat in Namakwaland 'n groot kleurling-bevolking was, wat by die blankes in diens kon gaan. Die onwilligheid van die reserwe kleurlinge kan veral aan twee redes toegeskryf word: (1) die lae lone wat deur die blankes betaal is en (2) die luiheid van die kleurlinge en sy begeertes om op sy reserwe sy eie baas te wees. Die gebrek aan werksvolk was dus een van die groot redes waarom 'n skool of distrikskosskool aan die begin van die jaar vol is, terwyl daar in Junie omtrent geen leerlinge oor is nie. Nog iets wat die Namakwalander afkerig gemaak het van die kosskool was die besondere familiegehegtheid. Weens die feit dat die Namakwalandse huisgesin op die afgelee plase, feitlik 'n eenheid gevorm het, en ween s die gesamentlike deurgaan van alle lief en leed, het daar tussen die lede van so'n huisgesin 'n besondere sterk band ontstaan. Dit was dus swaar om vir 'n lang tyd van mekaar verwyder te wees, wanneer die kinders

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


moes gaanploseer. Aan die voor- en nadele van hierdie familiegehegtheid sal ons later weer aandag gee. Om hierdie redes is in Namakwaland op die platteland slegs met groot moeite A.3-skole gestig en aan die lewe gehou, terwyl ook die distrikskosskool 'n moeilike bestaan gevoer het.

Maar waarom is daar dan nie baie staatsondersteunde private-plaasskole en "circuit schools" gestig nie? Die antwoord hierop is ook te vind in die tipiese Namakwalandse lewensomstandighede, maar verder ook in die Namakwalander se houding teenoor onderwys.

'n Mens sou verwag dat die staatsondersteunde private plaasskool uitstekend sou aard in Namakwaland. In ander plattelandse gebiede het hierdie soort van skool baie gou vinnig posgevat; in Namakwaland egter nie. Tot 1904 het daar net private plaasskole vir Komaggas, Garies, Wilgehoutsrivier, Wolfhok en te Mesklip bestaan, en hul bestaan was ook maar kortstondig. Hierdie stelsel van skole het die boere baie tegemoet gekom. Slegs vyf leerlinge was nodig om 'n skool te stig; die regering het die onderwyser se salaris betaal, terwyl die ouers slegs vir die onderwyser se losies en vir die skoolgebou moes sorg. Vir die Namakwalander het sy deel van die transaksie nie besondere moeilikhede besorg nie. Groot huisgesinne was die reël in Namakwaland, sodat dit nie te moeilik sou wees om die minimum van vyf leerlinge te hê nie. Losies het nie moeilikheid opgelewer nie; die onderwyser moes hom maar aanpas by dieNamakwalandse leefwyse. Vleis en brood sou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


ook sy stapelvoedsel wees. 'n Matjieshuis kon dien as sy woonplek sowel as sy skool. Tog is daar net vyf sulke skole voor 1904 gestig. Die vernaamste redes hiervoor is die volgende:

Die staatstoelae sou eers aan die einde van die volgende jaar betaalbaar wees; daarby sou 'n deel van die toelae afhanklik wees van die sukses van die leerlinge by die inspeksie. Hierteen sou die Namakwalander verskeie besware gehad het. Hy is nie gretig om 'n skool vir 'n hele jaar lank aan te hou nie, want hy het sy kinders minstens vier maande nodig in die boerdery, en dit was nie nodig dat 'n kind so lank hoef te leer nie. Daarby was die gemiddelde ouer nie besorg daaroor of sy kind "standerds" slaag nie; vir die ouers was daar net een vername "standard", nl. aanneming - , en daarvoor was 'n hele jaar se onderwys nie nodig nie.[6a] Dit was dan ook opvallend dat verskeie persone wat aansoek gedoen het om ondersteuning vir private plaasskole die plan laat vaar het, nadat hulle kennis gemaak het met die voorwaardes.[7]

Ander rede vir hierdieteestand die nie-totstandkoming van private plaasskole, was die moeilikheid om onderwysers te kry. Ds. Hauman en ook ds. Conradie het met die grootste moeite onderwysers gekry, en tog nie behou nie, vir skole op gevestigde plekke soos Garies, Bowesdorp en Springbok. Hoeveel moeiliker

---

6a. In 1894 het inspekteur Le Roux daaroor gekla dat private plaasskole net gestig word om kinders vir aanneming voor te berei. Sien S.G.O.-verslag 1894, bl. 61.

7. S.G.E. 1/79, Lett. Rec., C.A.v. Niekerk-S.G.O., 3.11.1884.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


sou dit dan nie gewees het om onderwysers vir die afgeleë plase te vind nie?[7a] Die salaris wat die staat vir die onderwyser aan die ondersteunde private plaasskool betaal het, was nie aanloklik genoeg om die private ,,meester" te beweeg om sy ,,meester"-skool in 'n staatsondersteunde skool om te skep nie. En solank die boer liewer £1.10 per maand vir ses maande aan die private "meester" wou betaal, was hy, as onderwyser, nie te gretig om op 'n stelsel van "payment-by-results" onderwys te gee nie.[8]

Die "circuit schools" was spesiaal ingestel om die dunbevolkte distrikte soos b.v. Namakwaland te dien. Om die nomadiese aard van die lewe te gemoet te kom, sou die skool ook rondgaande wees. Ds. Conradie het ook in hierdie soort van skool die oplossing van die onderwys-probleem in Nam. gesien.[9] Hy het hom dus beywer vir die stigting van hierdie soort skole, maar van die drie het Zanneberg s'n doodgeloop, Mevr. Reesberg s'n het 'n A.3.-skool te Bowesdorp geword, en Valentine se skool het 'n "Poor school" te Dassiesfontein geword. Teen 1893 was aldrie skole op gevestigede plekke, en het dus nie meer aan die naam "circuit school" beantwoord nie.[9a] Die redes hiervoor behandel ons ook kortliks hier.

---

7a. 'n Beeld van die " intolerable discomfort" wat onderwysers in Noordweste soms moes deurstaan vind ons in: S.G.O.-verslag, 1892, bl. 22.

8. Volgens die private plaasskoolstelsel is 'n deel van die salaris betaal volgens die getal leerlinge wat in sekere standerds geslaag het.

9. S.G.E. 1/100, Lett. Rec., Conradie - S.G.O., 25.6.1888.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


'n Daaglikse bywoning van tien leerlinge was nodig vir die bestaan van so'n skool.[10] Hierdie mimimum van 10 het die losieskwessie weer op die lappe gebring. By wyle was dit nie te moeilik om die minimum van 10 leerlinge bymekaar te kry nie. In die Boesmanland en in die Sandveld veral was daar tye wanneer die mense taamlik gekonsentreerd bymekaar gewoon het. In die somer b.v. moet die Sandvelders by diem ,,graafwaters" in die rivierlope gaan woon, maar in die winter na die reëns versprei hul na die "buiteveld". Omstandighede in die Boesmanland het die mense ook genoop om somtyds op waterryke plekke soos Namiés, Pella, Pofadder ens., te konsentreer, maar ook net tydelik. Wanneer so 'n konsentrasie van mense plaasvind, dan is die toestande vir 'n skool ideaal. Maar wanneer omstandighede die mense dwing om uitmekaar te gaan dan is dit klaar met die skool. Daar is gemeen dat die onderwyser maar moes saamtrek, maar wat nie in aanmerking geneem is nie, is dat die mense nie net wegtrek nie, maar ook uitmekaar uit trek. So het Jim Burke, onderwyser te Klein Pella, in 1892 met die mense ( meesal Basters) saamgetrek. Maar die mense was verplig om so te versprei dat Burke van 40 leerlinge later net 4 gehad het.[11] Gevolglik is die probleme van die Namakwalandse

---

9a. In 1892 se die inspekteur in Namakwaland: " In my circuit these schools cannot be regarded as a success". S.G.O.-verslag 1892.
10. Special Reports on Education 1905, deelV, bl. 108.
11. S.G.E. 1/135, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 30. 5. 1892.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


onderwys ook nie deur die "circuit schools" opgelos nie.[11a]

Behalwe die omstandigheid dat die staatsondersteunde skole, hoe goed ookal bedoel, nie aan hul doel beantwoord het nie, was daar nog ander faktore wat die publieke skole by die Namakwalander in onguns gebring het. Daar was vereers die saamskoolgaan van die blanke en gekleurde kinders. By die Namakwalander was daar reeds in 1822 ontevredenheid met die ,,schoolhouder", Martins, oor die feit dat hy ook kleurlingkinders in sy skool had. Die gemengde skole op die myndorpe moes al die Namakwalander teen die bors gestuit het, maar die feit dat sy eie predikante soos ds. Conradie en ds. Hauman soiets sou gedoog, moes vir hulle 'n skok gewees het. Aan hierdie sterk vooroordeel teen gemengde skole moet ons dit toeskryf dat die boere dikwels hul kinders liewer sonder skool laat opgroei het. So was daar b.v. ,,sendingskole" te Anenous, Abbevlak, Komaggas en Spektakel maar dit het baie selde gebeur dat die boere van die omgewing hulle kinders soontoe gestuur het.

Ook die feit dat die regeringskole Engels georienteerd was, het waarskynlik te doen gehad met die geval teen die publieke skole, maar seker nie in 'n baie groot mate nie. Ons het gevind dat Hollands byna orals as vak in die plattelandse skole erken is, en baie dikwels as medium gebruik is. Net in mej.

---

11a. S.G. Inspekteur Le Roux se verslag van 1893 behandel ook genoemde probleme en kom tot die slotsom: "The nature of the country and the circumstances of the people are unfavourable to the spread of education among the farming population". Sien S.G.O.-verslag 1893.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


P. Burke se skool te Garies, 1890 tot 1892, vind ons geen vermelding van Hollands as vak nie. Opvallend is dit ook dat Mnr. Gerard Genis, voor 1900 die leier van die Bondsparty in Namakwaland, ook 'n groot voorstander van die publieke skole was. Hoewel die Namakwalander so vroeg reeds as 1836 sterk anti-Engelse gevoelens openbaar het,[12] dink ons tog nie dat 'n anti-Engelse gevoel in 'n groot mate die stigting van skole op die platteland verhinder het nie. Natuurlik sou die Namakwalander nie daaraan gedroom het om sy kinders na die Engelse skole in Ookiep en Port Nolloth te stuur nie.

Dan kan ons verder die Namakwalander se afkeer van die publieke skool toeskryf aan die feit dat die skool so baie verskil het van die skool wat hy en sy voorouers geken het. In die ou skole was Godsdiens feitlik die hoofvak; in die nuwe skole lyk dit asof Godsdiens heeltemal op die agtergrond geskuif is.

Om al hierdie redes; t.w. die spesiale lewensomstandighede van die Namakwalander, sy onderwysbeskouing, sy afkeer van saam skoolgaan met die kleurling,[13] sy konserwatisme en sy vrees vir die onbekende, het alles meegewerk om die private "meester" in Namakwaland te behou.

---

12. Alexander: Excursions in Western Afr.1, bl. 72.
13. Semple: Influence of Geographical Environment, bl 570. Hy sê: "Isolation tends to breed among nomads pride of race and repugnance to intermixture."
14. S.G.E. 3/540, Insp. Rep., Samuels, 1881.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Teenoor die besware wat daar aan die ondersteunde skole verbonde was, het die private boerskole baie beter in die Namakwalander se kraam gepas, en baie beter gestrook met sy beskouings oor wat met onderwys bedoel word. Dat geldskaarste glad nie so 'n sterk faktor was in die boer se weiering om sy kinders na die ondersteunde skool te stuur was nie, word bewys deur die feit dat die meeste boere en selfs armes vir hulle ,,meesters" gehuur het.

Die "meester" wat deur die boer gehuur is het geen onafhanklike status gehad nie. Samuels sê van hulle in 1881: "These are merely a sort of upper servants, entirely at the beck and call of their employers."[14] Die huurder kon dus alles reël soos dit die beste sou pas by die boerdery. As dit ploeg-, lam-, of oestyd is, dan kon hy die skool sluit, solank as die plaaswerk dringend is. Die onderwyser kon dan intussen elders gaan onderwys gee, of ook hand bysit met die plaaswerk.

As dit uitlêtyd is, dan kon die onderwyser ook saamtrek. Dan kon die ouer vir sy "huurling" ook sê wat hy in die skool geleer wou hê en wat nie. Daar sou dus geen tyd vermors word met onnodige dinge nie. Die onderwyser se sukses hang af van hoe goed of hoe sleg sy leerlinge by die katkisasie vaar, en nie van hoeveel in hierdie of in daardie "standard" is nie.

---

15. Die jaar 1904 word gekies omdat dit in daardie jaar is dat ds. H.du P. Steyn Namakwaland besoek het, en begin het met die stigting van staatsondersteunde skole op groot skaal. In 1904 dus het die "meester" skole feitlik feitlik tot 'n einde gekom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DIE PRIVATE „MEESTERS" IN NAMAKWALAND TUSSEN 1852 en 1904.[15] -

Teneinde verwarring met die staatsondersteunde private plaasskole te vermy, sal ons in dié vervolg van die skole, wat deur boere gestig is, en waar hul eie gehuurde onderwysers onderwys gegee het, as "boereskole" praat. Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu was daar in Namakwaland 'n skreiende gebrek aan onderwysers.[16] Deur die aanstelling van Blauw, Martins en Mulder het die staat dus in 'n groot behoefte voorsien.

Vanaf 1852 het die getal persone wat hul as onderwysers aangebied het, aansienlik toegeneem. Die koperbedryf het as gevolg gehad, dat kontantgeld nie meer so 'n skaars artikel was nie; gevolglik kon die boere nou onderwysers huur. Dan het die kopermyne ook baie meer mense na Namakwaland gelok. Hulle het oorspronklik gekom as prospekteerders of amptenare van die kopermaatskappye. In 'n hele paar gevalle het dit gebeur dat sulke persone hul werk laat vaar het, of ontslaan is, en dan onderwysers geword het op die boerplase. Baie van hierdie "meesters" was dus van die mindergewenste soort. Gedurende die tydperk 1850 - 1860 het ons die name van net 4 meesters raakgeloop.[17] Drie van hierdie 4 was mense wat maar skrikke-

---

16. Sien hoofstuk 9, ~~61~~.
17. Daar was seker meer, maar aangesien hul geen verband had met die S.G.O. nie is maar min gegewens omtrent hulle in die S.G.O.-argiefstukke raakgeloop.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


rig was vir die gerge. Een, 'n sekere Williamson, was onderwyser by Cornelius v.d. Westhuizen. Op 12 Maart 1858 het die magistraat Rivers, aan die veldkornet J. Aggenbagh per brief opdrag gegee om Williamson in hegtenis te neem en na Springbokfontein te bring.[18] 'n Ander, 'n Hollander met die naam van Harry Ackerman alias Harry Overton, was weer onderwyser by die Cloete-Basters op die plaas Nuwefontein. Hy het weer van sy baas 'n paar pond kontant gesteel, en met enige gesteelde perde oor die Oranjerivier gevlug.[19] Die derde een, ook 'n Hollander, nl. Joseph Corabain het glo van die Boland moes vlug weens een of ander misdaad.[20]

Gedurende die tydperk 1860 - 1870 het dit darem beter gegaan. Daar was, sover ons kon nagaan 8 "meesters" op die boerplase. Die gehalte van die onderwysers was seker nog baie swak, want in 1872 getuig ds. Hauman van hul werk as volg: " We are to satisfy ourselves with a few ~~dim~~ emigrant Dutch men for schoolmasters some of the worst characters known."[21] Ds. Hauman was tot sy leed daartoe gedwing om enige van die Hollanders as onderwysers te gebruik, maar na sy proefneming sê hy: " Rather without one ('n onderwyser) than a Hollander again." Tog was een van die interessantste en bekwaamste onderwysers uit die tyd 'n Hollander, sekere Krul. Hy was vantevore in diens van die

---

18. Namaqualand Letters, Resident Magisstrate - J. Aggenbagh, 2 Maart 1858.
19. Namaqualand Letters, Resident Magistrate - Colonial Secretary, 27 Sept. 1858.
20. Meegedeel deur Mevr. Beukes van Outuin.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


C.C.C., maar weens sy verslaafdheid aan drank, is hy uit die diens ontslaan. In 'n verflenterde toestand is hy deur die vooraanstaande ouderling, Gys Goosen, as onderwyser gehuur. Vanaf die dag dat hy by Goosen diens aanvaar het, was hy 'n ander mens. Jarelank het hy as "meester" die hele Sandveld gedien. Ongelukkig het die geisoleerde streek nie baie lank die dienste van die Hollander gehad nie, want teen 1875 is hy saam met 'n trek Namakwalanders na die Transvaal.[23] Hoewel die getal onderwysers nog altyd toegeneem het, was daar volgens ds. Hauman se onderwysrapporte in 1874 en 1875 nog te min onderwysers.[24] Met 'n paar van die private onderwysers in die tydperk, 1870-1880, het ons alreeds kennis gemaak, b.v.: Mej. S. v. Niekerk, later Mevr. Brown, was die bekwame onderwyseres te Springbok.

Jan de Vries en G. Bischors was twee Hollanders met wie ds. Hauman nie kon stryk nie. 'n Broer van Jan de Vries, Willem de Vries, het ook privaat onderwys gegee, veral in die Sandveld na Krul se vertrek. Ook het hy 'n tydlank op Leliefontein in die Sendingskool onderwys gegee.

---

21. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Hauman - S.G.O., 18.1.1872.
22. S.G.E. 1/33, Lett. REc., Hauman - S.G.O., 9.4.1875.
23. Besonderhede omtrent Krul is deur Oom Giel Goosen, een van Krul se ouderlinge meegedeel. Oom Giel is 90 jaar oud en hou nog in dankbare herinnering die naam van "meester Krul", sy ,, ware ou meester".
24. Kerkargief: R. 4/6, bl. 158. en De Kerkbode, 1875, bl. 297.
25. S.G.E. 1/49, Lett. Rec., Hauman - S.G.O., 25.4.1879.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hoewel die getal onderwysers aan die toeneem was, kla ds. Hauman in 1879 dat 'n hele paar private onderwysers: "are ... turning speculators and traders. Some schools are actually shops and teaching is called secondary."[25]

Tydens Samuels se besoek in 1881 het hy die volgende private onderwysers in Namakwaland aangetref:

Jan en Willem de Vries, "two rather educated Hollanders."

Gysbertus Murk, ook 'n Hollander. Hy was 'n gewese kelner op 'n skip.

Anthonie Nelson, 'n gewese ,,Damara-smous".[26]

Robert Rich, 'n gewese handelaar te Hondeklipbaai.

Joseph Mason, 'n vorige prospekteerder.

Opvallend van die tydperk, 1880 - 1890, was die klompie onderwyseresse wat nieteenstaande die onderings van die Namakwalandse lewe onderwys gegee het. Mevr. Annie Brooks, 'n dogter van die godsdiensonderwyser E. Genis, het veral in die Binneveld onderwys gegee. Op Nababeeb was 'n mej. Carstens. Sy het ook later in die omgewing van Spektakel en Witteduin onderwys gegee. Nog ander onderwyseresse in hierdie dae was mevr. Mietjie Mostert, Mevr. Fytjie Louw, mej. M.J. de Beer, Mej. A. Marais en mevr. Reesberg. Mevr. Mietjie Mostert was 'n gebore Namakwalander, wat veral in die omgewing van Wallekraal en Soebatsfontein onderwys gegee het. Mej. de Beer het reeds

---

26. Dit was die naam wat gegee is aan persone wat in Damaraland vee gaan ruil het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


vanaf 1872 in Namakwaland leerlinge vir die aanneming voorberei. Aangesien haar onderlyf lam was, moes sy altyd in 'n bed sit, terwyl sy onderwys gee. Nieteenstaande haar liggaamsgebrek het sy haar werk uitstekend verrig. Ds. Conradie het getuig dat haar kanditdate vir die katkisasie altyd geslaag het.[27] Van mevr. Reesberg se gesëende werk as onderwyseres en matrone van die koshuis te Bowesdorp het ons reeds melding gemaak. Mej. A. Marais het na mevr. Reesberg se vertrek onderwys gegee op die plase Horees, Wallekraal en Kanoep.[28] Mev. Fytjie Louw het in my segsman se woorde:[29] ,,oor die hele Namakwaland" onderwys gegee. Dit verbaas ons dus geensins dat ds. Conradie in 1890 aan die S.G.O. rapporteer dat nieteenstaande die gebrek aan régeringskole, die meeste mense kon lees en skryf.[30]

Tussen 1890 en 1900 was daar nog baie boereskole nieteenstaande ds. Conradie se ywerige veldtog ten behoewe van staatsondersteunde skole. Ds. Conradie het 'n hele paar van die private onderwysers vir sy skole gebruik. Een van die bekwaamste onderwysers uit hierdie tyd was J.C.Valentine (,,ou Vaaltyn" soos die boere gese het). Hy het veral in die omgewing van Springbok onderwys gegee.

---

27. S.G.E. 1/135, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 3.11.1892.
28. S.G.E. 1/108, Lett. Rec., Marais-S.G.O., 7 Sept. en 2 Nov. 1889.
29. Oom Jan Nelson van Kamnap.
30. S.G.E. 1/116, Lett. Rec., Conradie-S.G.O., 18.3.1890.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


In 1892 het 'n waardige Hollander, Gert Bastiaanse, in Namakwaland begin onderwys gee. Hy was 'n gebore Rotterdammer, wat op jeugdige leeftyd na Suid-Afrika verhuis het. In 1870 het hy die godsdiens onderwysers-eksamen afgelê, en vervolgens onderwys gegee te Herbertsdale, Porterville, Van Rhynsdorp en sedert 1892 in Namakwaland.[31] Hy het nie alleen uitstekende dienste bewys aan Namakwaland as onderwyser nie, maar het dikwels by afwesigheid van die predikant bidure en begrafnisdienste gelei. Bastiaanse het veral in die Hardeveld en langs die Groenrivier op die plase Klipkuil, Nariep, Rondavel, sy gesegende werk gedoen.[32]

Soortgelyk aan die werk van Bastiaanse in die suidelike Namakwaland, was die werk van die bekende Pieter Malan in die noordelike deel van Namakwaland. Hy is in 1893 deur die Vroue-Sendingbond van die Kruisvalleise gemeente te Tulbagh as godsdienstonderwyser na Namakwland gestuur. Die susters van die V.S.B. het ook 'n deel van sy salaris betaal. Mnr. P. Malan, 'n seun van Wellington, het met 'n wonderlike toewyding sy moeilike werk volvoer. Honderde lidmate is deur hom vir hul aanneming voorberei. Sy dagboek meld ongelukkig nie baie besonderhede omtrent sy onderwys self nie, maar 'n mens word met bewondering vervul vir die man wat feitlik gedurig te perd en per kar die mense opgesoek en geestelik bearbei het. Die noorde-

---

31. S.G.E. 1/476, Lett. Rec., Bastiaanse-S.G.O., 14.12.1904.
32. 'n Seun van Gert Bastiaanse is die huidige onderwyser van die N.G.Kerk sendingskool te Hondeklipbaai.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


like gedeeltes van die gemeente was veral baie dank aan hom verskuldig, want die deel was taamlik afgelee van die kerkdorp, Garies, in ds. Conradie en in 'n gedeelte van ds. Rörich se dienstyd. Malan het veral baie beteken vir die Afrikaners op die myndorpe te Ookiep, Nababeeb en Spektakel. In 1895 het ds. Conradie reeds getuig dat P. Malan van ,,onschatbare waarde" is.[33] Vanaf 1909 is mnr. Malan deur die Namakwalandse Kerkraad aangestel tot spesiale evangelis vir die Sandveld as sy spesiale werkkring. Van toe af het hy nie meer onderwys gegee nie, maar het hy met dieselfde ywer die afgesonderde en verafgende Afrikaners opgesoek.

Die droogte van 1895 het ook die private onderwysers besonder hard getref, omdat dit die meeste mense baie verarm het sodat hulle nie kon bekostig om onderwysers te huur nie. Mej. M. de Beer het in die loop van 1895 verskeie briewe aan die S.G.O. gerig met die dringende versoek om tog die private onderwysers in hul nood te help. Hartroerend is haar beroep op dr. Muir in 'n brief van 12 Augustus 1895: ,,Help my, help my, tot God ons help."[34] Ook J. Zanneberg het onder benarde omstandighede te Namies geleef. Hy het nie meer 'n toelaag van die staat ontvang nie, en die boere was te arm om hom te betaal. Daarby was die lewenskoste ontsettend hoog. Een sak meel het te Namies £3 - 10 - 0 gekos.[35] Op 3 Desember het A.J. Dippenaar aan die S.G.O. omtrent Zanneberg as volg geskryf: ,, Hy leik als in geraamte door honger....."[36] Dis na aanleiding van die treurige lot van mej. de Beer, Zanneberg en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

andere wat ds. Conradie aan die S.G.O. skryf in verband met mej. De Beer se brief wat na hom verwys is: "There are teachers here who for 30 or 40 years have taught the poor wanderers in these places and who are this year without food or work." Gelukkig het ook aan hierdie vreeslike droogte 'n einde gekom.

Maar 'n tweede ramp het die private boereskoole ook kort daarna getref, nl. die Anglo- Boere oorlog. Baie mans het by die Boere-kommando's aangesluit. Gevolglik moes die seuns na die boerdery kyk i.p.v. skoolgaan. Ook het die kleurlinge na die dorpe gevlug uit vrees vir die kommando's, sodat daar 'n groot gebrek aan werksvolk was. In die Van Rhynsdorpse gemeente moes alle skole as gevolg van die oorlog sluit,[37] en ons kan aanneem dat dieselfde in Namakwaland gebeur het. Maar die oorlog het ook die staatsondersteunde skole op die platteland laat sluit. Toe Ds. H. du P. Steyn Namakwaland in 1904 besoek, het hy geen staatsondersteunde skole aangetref nie, maar 6 ,,aannemingscholen."[38]

Vanaf 1904 was die dae van die boereskool getel, want di. Steyn en Luckhoff het so baie staatsondersteunde skole gestig dat die mense feitlik verplig was om daarvan gebruik te maak. Tog het die Namakwalander se voorliefde vir die boereskool kortkort te voorskyn getree.

---

33. Kerkargief: R./71, bl. 184.
34. S.G.E.,1/176, Lett. Rec., De Beer-S.G.O., 12.8.1895.
35. S.G.E.,1/190, Lett. Rec., Zanneberg-S.G.O., 29.9.1896.
36. S.G.E.,1/190, Lett. Rec., Dippenaar-S.G.O., 3.12.1896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat die nasionaliteit van ons 52 onderwysers en onderwyseresse betref, het ons die volgende lys kon opstel. Hulle het bestaan uit:

25 Afrikaners, waarvan 7 Namakwalanders.
16 Hollanders.
11 Engelse.

Van hierdie tweeën-vyftig was daar net twee, sover ons kon nagaan, wat enigsins as onderwyser opgelei is, nl. mevr. Hannie Mans,(gebore mej. Frylinck) en mnr. G. Bastiaanse. Mej. Frylinck het haar opleiding aan die Wellingtonse Seminarie gehad, en sy is spesiaal deur ds. A. Murray vir Namakwaland aanbeveel. Sommige van die ander onderwysers, soos J.C. Valentine, b.v., het 'n baie goeie indruk op die inspekteur gemaak. Die meeste egter sou maar baie swak gevaar het by die inspekteurs, maar gelukkig vir hulle het die enigste inspeksie van hul werk plaasgevind wanneer hul kandidate aangeneem moes word.

Wat die karakter van die private onderwysers en onderwyseresse betref, is dit moeilik om 'n algemene mening uit te spreek. Dat die "vagabond" tipe in Namakwaland in albei betekenisse van die woord goed verteenwoordig was, is nie te bestry nie. Nog in 1904 was ds. Steyn ontsteld oor 'n private onderwyser wat vreeslik onsedelik geleef het. Dit het baie dikwels voorgekom dat private onderwysers hulle sedelik vergryp het, sodat die boermense onsedelikheid en geleerdheid met mekaar gekoppel het.[39] Ons kan egter aanneem dat die besonder moreel swakke onderwysers

---

37. Kerkargief: R./76. Verslag van Van Rhynsdorpse gemeente.
38. S.G.E. 1/476, Lett. Rec., Steyn-S.G.O., 14 Okt. 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eerder die uitsondering was. Teenoor hulle kan gestel word onderwysers en onderwyseresse soos G. Bastiaanse, Pieter Malan, Mej. De Beer, Mevr. Hannie Mans, ,,de vrome tante Hessie Kotze,"[40] Mevr. Reesberg, en baie andere wie se name en werk in Namakwaland nog in dankbare herinnering gehou word.

Dit sou natuurlik 'n onbegonne taak wees om die verskillende werkplekke van hierdie klomp onderwysers na te gaan. Baie belangrik is dit egter dat ons in ag neem dat die private boereskole meesal in die afgesonderde dele van Namakwaland gelee was - juis die dele waar dit so moeilik was om publieke skole te stig. Die meeste boereskole was dus gelee in die Hardeveld, die Sandveld in die Boesmanland. Die betekenis van die boereskole was danook veral daarin gelee, dat deur die skole die mense in die dele nie heeltemal uitgesak het nie. Die skool aan die Oranjeriviermond illustreer die betekenis van die klas van skool baie goed. In 1896 het die konsulent van Namakwalandse gemeente aan die Kerkraad gerapporteer dat die ~~1812~~ 21 mond 21 ongedoopte blanke kinders was, en dat daar gn skool vir katkisante was nie. Dog die Kerkraad kon niks aan die saak doen nie.[41] Maar in 1904 kon ds. Rörich rapporteer dat aan die riviermond 'n aannemingskool was en kon hy daarna die eerste lidmate in daardie afgesonderde deel van Namakwaland aanneem.[42]

39. Sien brief van ds. Rorich in die Ons Land van 10 Mei 1904 waarin hy dit ook noem.
40. Conradie: Ondervindingen van een jonge predikant in Namakwaland, bl.22.
41.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DIE DOEL, AARD, METODES, ENS. IN DIE BOERESKOLE. -

Ds. Rörich het hom as volg oor die doel van die boereskool uitgespreek: ,,Het einddoel is niets meer dan de aanneming." Hiermee kan ons in hoofsaak akkoord gaan, hoewel ons weet van onderwysers wat gehuur is met die doel om meer as net die minimum aan die kinders te leer. Vooruitstrewende ouers het soms Engelse onderwysers, soos Rich, Darke en Valentine, gehuur sodat hulle kinders goed Engels kon leer. Maar hierdie soort van ouers was slegs die uitsondering. Die skoolure, vakansies, ens. in die boereskool is deur die huurder gereël, en hy het gevolglik toegesien dat die skoolhou nie bots met die plaaswerk nie. Algemeen word egter vertel dat wanneer die skool op 'n plaas was, dan was die skoolhou somar 'n ernstige besigheid, want binne 'n sekere tyd moes die kind of kinders wat aanneming-toe moet gaan volleerd wees. Dikwels het dit gebeur dat die mense moes trek terwyl die skool in volle swang was. Dan was daar geen genade nie; die skool moes maar saamtrek. Maar dan is elke dag teen middag uitgespan, en 'n uur of twee is skoolgehou. Hierdie uitspan het die tipiese naam van die ,,skooluitspan" verwerf.[44]

---

41. Kerkraadsnotule, 12 Desember 1904.
42. Kerkargief: G./4., 1903 & 1904. Godsdiens- en onderwysverslag. Eers in 1925 is 'n hierdie dele ~~van die~~ staatskool gestig.
43. Kerkargief: R./75. Onderwysverslag van die Namakwalandse gemeente 1900.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die leerboeke van die boereskool was maar nog dieselfde nl. die Trap der Jeugd, die Bybel en die Kortbegrip-boekie. Die kinderbybel is egter nou weer as leesboek gebruik. Die bloublad - A.B.C.-boek en die s.g. ,,Katterat" het as spelboeke dikwels die moeilike Trap der Jeugd voorafgegaan.

Die skoolgebou en die skoolmeubelment was gewoonlik baie primitief. Elke leerling was verantwoordelik vir sy of haar veldstoeltjie of bankie. In gevalle waar die skool in 'n matjieshut gehou is, het die onderwyser in die middel gesit, terwyl die leerlinge rondom hom gesit het. Dikwels is die skool in die pakkamer gehou, dan was die koringsakke somar die stoele van die leerlinge.

In die boereskole het die ouderdomme van die leerlinge gewoonlik gestrek van 14 na 18 jaar, hoewel dit ook dikwels voorgekom het dat ook reeds getroude mense die skool bygewoon het. Saam met die groter broers en sustérs vir wie die skool eintlik gestig is, het die jongere broertjies en sustertjies ook skoolgegaan, aangesien die skool tog op die plaas was. Maar as na 'n paar maande die ouer broer of suster genoeg ken vir aanneming dan is die onderwyser verder na 'n ander plaas ( 'n Goeie onderwyser se program was gewoonlik tot taamlik ver in die toekoms vol). Die jongere kinders gaan dan gewoonlik huistoe en wag totdat die onderwyser weer eendag nodig is op die plaas. In die tussentyd het dit soms gebeur dat die ouer

---

44. Kotze: Namakwaland, 'n Sosiologiese Studie van 'n geisoleerde Gemeenskap, bl.51, ongepubliseerde D.-Phil.-tesis, Unive. Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


so goed of sleg hy of sy kon, die onderwys voortsit. Hierdie gebruik illustreer ons aan die hand van die volgende voorbeeld. Mnr. J.C. Kotze is in 1892 gebore. Op 11 jarige leeftyd het hy vir die eerste keer vir 'n maand lank skoolgegaan by Willem de Vries se skool op die plaas Sandduin. Daarna het hy vier jaar nie skoolgegaan nie. In die tussentyd het sy ouers soms vir hom laat spel en die Kortbegrip-vrae laat beantwoord. Eers in 1908 het hy weer skooltoe gegaan, die keer met die oog op die aanneming. Na twee maande was hy al genoeg gevorder om die ,,Boerematriek" aan te durf.

Die salaris wat vir die meesters betaal is, het gewoonlik tussen £1 en £2 per maand gevarieer. As ander kinders ook bykom dan is gewoonlik 10/- tot15/- ekstra betaal. Volgens sommige segsmanne het die onderwyser die ekstra geld ontvang; volgens ander weer het die huurder van die onderwyser dit ontvang. Verder het die onderwyser en sy familie, as hy getroud was, vry losies geniet.

Voor ons tot 'nvolgende afdeling oorgaan wil ons graag wys na die rol wat die ouer in die onderwys gespeel het. Sy rol was in baie gevalle nie net beperk tot die huur van 'n onderwyser nie; want as die onderwyser se program te vol was, moes hy maar self as onderwyser byspring. Hy het dan solank die kinders ,,touwys" gemaak, sodat wanneer die onderwyser eindelik opdaag die kinders al gevorder was. Interessant was ook die gebruik om die aspirant-lidmaat weke voor die koms van die onderwyser van die ander plaaswerk waar te neem en"agter die vee

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


te sit". As veewagter kon hy baie tyd tot sy beskikking hê om veral die moeilike Kortbegrip onder die knie te kry.[45] Dit het ook dikwels voorgekom dat die ouer self sy kinders vir die aanneming voorberei het, soos blyk uit die volgende sin in ds. Rörich se verslag van 1903. ,,Ons hoogste standaard is aanneming dogr de ouders zelven gedoceerd."[46] Hierdie deelname van die ouers aan die onderwys van hul kinders het vir die ouer self baie beteken. Die bietjie kennis wat die ouer in sy s kooldae opgedoen het, is hierdeur in beoefening gebring en aldus lewend gehou. Wat ons dikwels vergeet wanneer ons dink aan die lae standaard van onderwys in die boere-skole, is dat die seuns en dogters nadat die skooldae verby was nog voortgaan het om te leer. Hulle het nl. geleer deur die bietjie kennis te beoefen deur die lees van die Bybel en van ander boeke. Ds. Conradie vertel b.v. van die Coetzees van die Sandveld wat hulle hele lewe deur swerwelinge was en nooit in 'n huis of matjieshuis gewoon het nie. Die seun het op een of ander manier geleer, en hy was baie aangenaam verras deur die boeke wat een van die seuns nie alleen gelees maar ook geken het. Ds. Conradie vertel ook dat hy maar versigtig moes lopp vir ,,ou slim Theunis Coetzee," want hy het werke van Flavius Josephus byna van buite geken. Sy ouderling Jannie Cornelissen was weer baie bedrewe in die werke van Klinkenberg.[47]

---

45. Meegedeel deur Mevr. G. Beukes van Outuin.
46. De Kerkbode; 1903 bl. 189.
47. Conradie: Op. Cit., bl. 17.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - PRIVATE ONDERWYS ONDER DIE BASTERS IN DIE VOORVELD.[48] -

Op die plase Alwynsfontein, Nuwefontein, Kamibees ens. het 'n klompie Bastergesinne gewoon, wat sorteer het onder die gemeentes Namakwaland en Van Rhynsdorp. Hulle is nog altyd as lede van die N.G. Kerk beskou en gereken. Maar nie alleen kerklik nie, maar ook wat hulle gewoontes en leefwyse betref, was daar nie baie verskil tussen hulle en die blanke boere van hul omgewing nie. Sommige van hulle, soos b.v. Robbie Straus, was nogal welgesteld. As selfstandige boere was hul strots op hul Basterskap en wou nie graag met die kleurlinge op die reserwe geassosieer word nie. As lede van die blanke Kerk was hulle gesteld daarop dat hulle deur 'n predikant kerklik bedien word en nie deur 'n sendeling nie.[49] Om hierdie lidmaatskap aan die blanke gemeentes te behou, was hulle ook baie gesteld op onderwys, al was dit niks meer as die gewone voorbereiding vir die aanneming nie.

Reeds is gesien hoe die Cloetes in die nek gekyk is deur hul onderwyser, Harry Ackerman alias Overton. In 1861 was 'n Baster, P.J. Rossouw, onderwyser onder die Basters op die plaas Kamibees.[50] Ook later moes hul onderwysers gehad het, want in 1877 het Ds. Hauman 20 Basters op die plaas Nuwefontein as lidmate van die

---

48. Die „Voorveld" was die gebruiklike benaming vir die deel van die Boesmanland ten Noorde van Loeriesfontein.
49. Inligting i.v.m. die Basters verskaf deur ds. Loots van Kamieskroon en Ds. J. Oberholster, argivaris van die Kerkargief, en vroeër predikant te Nuwerus.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Namakwalandse gemeente aangeneem.

Teen die jaar 1899 het die ou onderwyser, J. Zanneberg, onder die Basters gaan onderwys gee. Op 9 Feb. 1899 het D.J. Cloete en ander Basters hom 'n toelaag van die S.G.O. aansoek gedoen vir hulle skool onder Zanneberg. Hulle meld dat hulle 130 myl ver verwyder was van hul Kerkdorp, Van Rhynsdorp, maar ,, wy wenschen ook onze kinderen op te voeden in de Christelyke leer zoals ons verschuldig is te doen."[51] Ongelukkig is aan hul versoek nie voldoen nie, aangesien J. Zanneberg deur inspekteur J. Hofmeyr as onbevoeg geag is, nieteenstaande die feit dat ds. Rörich die Basters se versoek gesteun het deur te sê dat slegs 'n baie lae standaard nodig was vir hul aanneming.[52] Op een of ander manier het die Basters darem gesorg dat hul onderwysers gekry het. ,,Ryk Robbie Straus" het op sy plaas 'n skool laat bou en 'n onderwyser, 'n Baster, gehuur.[53]

Vandag nog is die Basters van die plase Kamibees, Bosluis, en uit die omgewing van Alwyns- en Nuwefontein lede van die N.G. gemeentes, Namakwaland, Garies en Nuwerus. In 1914 het ds. J.A.R. du Toit, predikant te Springbok, die verwaarloosde toestand van die Basters te Kamibees onder die aandag van die Kerkraad gebring, en toe is besluit, dat hulle een keer per jaar

---

50. Namakwalandse Trouregister, 26 Aug. 1861.
51. S.G.E. 1/232, Lett. Rec., D.J. Cloete-S.G.O., 9.2.1899.
52. S.G.E. 1/232, Lett. Rec., Rorich-S.G.O., 22.5.1899.
53. Meegedeel deur Mnr. G.P. Smith, vroeër 'n spekulant in Namakwaland.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


te Kamibees kerklik bedien sou word.[54] Hul trots op hul Basterskap en hul status as lidmate van 'n blanke gemeente het hul behou. Juis om hul identiteit as Basters te behou, het baie ondertrouery plaasgevind, waardeur hul liggaamlik en geestelik agteruitgegaan het. Vandag vind hul veral hul lewensbestaan as soutrapers hoewel 'n klompie heelwat vee het. Maar die tradisionele waarde wat hul aan ,,onderwys" heg, het nog nie uitgesterf nie. In 1940 nog is 'n werklose blanke onderwyser deur hulle gehuur om hul voor te berei vir die aanneming.

## DIE BETEKENIS VAN DIE BOERESKOLE VIR NAMAKWALAND.

Reeds uit die bespreking van die boereskole het dit geblyk dat die hoofbetekenis van die boereskole daarin gelê was dat dit die mense in die afgesonderde dele in staat gestel het om die band met hulle kerk te behou. Ook in die geïsoleerdste dele het die mense darem geleer lees en skrywe;[55] die Bybel kon dus in die meeste gevalle nog die rigsnoer van die mense se lewe wees.

Daarteenoor was die voortbestaan van die boereskool in Namakwaland tot die einde van die twintigste eeu 'n groot struikelblok vir die invoer van 'n hoër standaard van onderwys. Teen hierdie tyd was dit al geruime tyd noodsaaklik dat Namakwaland beter onderwys moes he. Die boerdery moes anders ingerig WORD, want die dae van die ,,Vry trek" was aan die verbygaan. Suidwes was in Duitse besit, die Boesmanland en die Sandveld was ~~veral~~ verpag, terwyl daar selfs sprake was dat Boesmanland aan gevestigde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


boere verkoop sou word. In 1895 het die Namakwalanders al aan ds. Conradie gese: ,,Als de plaatse in Boesmanland eiendomsgrond worde, dan laat ons vat oor die Grootrivier, want dan sal die wereld hier te nou worde."[56] In werklikheid was die wereld toe al te nou, soos geblyk het uit die ontsettende veeverliese wat die mense tydens die droogtejare 1894 tot 1896 gely het. Baie families is met een slag tot die bedelstaf gebring. Van toe af het die Namakwalander, eers in klein getalle op die myndorpies 'n lewensbestaan probeer vind. Veral in een STREEK naby die dorpies Nababeeb en Spektakel het 'n klompie uitgeboerde boere gaan woon. In baie gevalle het die verlies van die selfstandigheidsgevoel, gepaard gegaan met 'n verswakking op morele gebied.

Kort na die groot droogte het die rampsoedige Anglo- Boereoorlog ook die Namakwalander se lewe ontwrig. En in hierdie kritieke tyd van sy geskiedenis was die onderwys grootliks nog net soos dit 100 jaar tevore was. Ons het gesien hoedat Kerk en Staat nie eintlik die blaam hieroor toegereken kon word nie; die Namakwalandse lewensomstandighede was hoofsaaklik verantwoorde-

---

54. Kerkraadsnotule, 11 April 1914.
55. Om na te gaan in hoe 'n mate die ou Namakwalanders in staat was om te skrywe, het ons ook die trouregisters vir die tydperk 1859 - 1875, nagegaan. Daar was in die tyd 186 blanke huwelike, net 7 persone van die 372 getroudes was verplig om kruisies te maak., nog nie eers 2% nie.
56. Ds. Conradie: Op. Cit., 43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


lik vir die mislukkings van Dr. Dale, Ds. Hauman, Eerw. Dönges en Ds. Conradie se pogings. Maar die gebeurtenisse aan die einde van die 19e eeu het dit noodsaaklik gemaak dat 'n nuwe onderwys in Namakwaland moes opstaan. Maar hoe? Dit was die probleem. Die oplossing van hierdie probleem in die volgende twintig jaar, vorm een van die mooiste stukkies onderwysgeskiedenis van ons land. Dit was 'n ware Reddingsdaad.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 13. -

## - DIE KLEURLINGONDERWYS OP DIE RESERWES 1840-1902.-

### Die Rynse Sendinggenootskap vervang die Londense Sendinggenootskap.

Die sendingwerk van die Rynse Sendinggenootskap het reeds in 1829 in Suid-Afrika 'n aanvang geneem. Twee van die eerste sendelinge, Leipoldt en Von Wurmb, het die stasies te Wuppertal en Ebenezer (naby die mond van die Olifantsrivier) gestig.[1]

Daar Ebenezer gelee was aan die grootpad tussen Namakwaland en die Kaap, het die sendelinge van die Wesleyaanse en Londense Sendinggenootskappe dikwels op Ebenezer oorgebly. Daardeur en deur die besoeke wat Leipoldt in 1830[2] en laasgenoemde en Terlinden in 1836 na Namakwaland afgelê het,[3] was die Rynse Sending al spoedig geïnteresseerd in die sendingwerk in Namakwaland. Toe Schmelen dus in 1838 van dr. Philip verneem dat die L.S.G. die werk in Namakwaland wou prysgee en aan die Rynse Genootskap wou oordra,[4] was l.g. genootskap dadelik gereed om in die bres te tree. Reeds in 1839 het die eerste Rynse sendelinge wat bestem was om in Klein- en Groot- Namakwaland te werk, Heinrich Kleinschmidt & Johann Friedrich Budler, in Suid-Afrika aangekom.[5]

---

1. Von Rohden: Geschichte der Rheinischen Missionsgesellschaft, bls. 22 & 23.
2. Missionsberichte, Jahresbericht no3, bl. 63.
3. " " no8, Dagboek Leipoldt Okt. & Nov. 1836.
4. Missionsberichte: Jahresbericht No.10, bl. 53.
5. Von Rohden: Op. Cit., bl. 57.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Budler het eers enige tyd in die Boland vertoef met die doel om die kleurlingskole te besoek, maar Kleinschmidt is reeds op 10 Mei 1840 te Komaggas ingesëen. Hy sou enige tyd by Schmelen vertoef teneinde vertroud te raak met die Nama-taal, met die spesiale probleme van die Namakwa-sending en met smidswerk onder die ervare Schmelen.[6] Te Komaggas het hy baie werk te doen gehad daar Schmelen weens sy swak gesondheid nie veel meer kon uitrig nie. Daar het Kleinschmidt twee maal per week sangklasse, en ook twee maal per week Bybelklasse gereël. Hieromtrent het hy vertel: „, Die Leute haben Lust und Anlage zum Singen. Aber mit der biblischen Geschichte ging es nicht so."[7] Kleinschmidt het hom wonderlik gou kon aanpas by die Namakwalandse lewe. Daar dit "uitlê tyd" was, het hy die mense orals te perd op hul uitleplekke besoek en Kerk en skool vir hülle gehou. Toe Wimmer te Steinkopf oorlede is, moes hy daardie reserwe ook behartig. Gelukkig het Budler teen die einde van 1840 ook te Komaggas opgedaag.

Budler is spesiaal uitgestuur met die opdrag om 'n opleidingskool te stig waar kleurlinge tot kategate opgelei kon word. Nadat hy die destydse skoolstelsel aan die Kaap ondersoek het, is hy na die verskillende Rynse Sendingstasies teneinde geskikte kwekelinge en geskikte en 'n geskikte plek vir sy doel uit te soek.[8] Sy keuse het oorspronkilik op Komaggas geval om rede die volgende voordele:

---

6. Von Rohden: Op. Cit., bl.57.
7. Missionsberichte, Jahresbericht No. 12, bl. 30.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


(1) Dit was 'n ou gevestigde stasie, (2) Daar was reeds 'n doelmatige skoolgebou, (3) Daar was reeds enige gevorderde leerlinge, en (4) die kanse vir landbou weens die standhoudende water was goed.[9] Spoedig het hy vyf leerlinge (oud-leerlinge van Schmelen en Wimmer) in sy „Seminar" te Komaggas gehad.[10] Saam met Kleinschmidt het hy gedurende die somermaande te Steinkopf gewerk, maar toe die mense in Maart 1841 trots alle smeekbedes en dreigemente van die sendelinge tog uitmekaar trek, het hulle in wanhoop die werk te Steinkopf prysgegee. Die uitlê-probleem het waarskynlik baie daarmee te doen gehad dat Budler in Maart 1841 met die vyf kwekelinge uit Namakwaland na Wupperthal vertrek het.[11] Kleinschmidt het die gewone skool te Komaggas so goed as die omstandighede hom toegelaat het, voortgesit. Weens die hitte is net in die more onderwys gegee. Hy sowel as Budler, het die monitor-stelsel so veel as moontlik toegepas. Behalwe die gewone vakke van diesending skool het Kleinschmidt tot sy verdriet die kleurlinge ook probeer rekenkunde leer.[12] Weens die hoë getal leerlinge, eenmaal selfs 130, was hy verplig om hulle in vier afdelings te verdeel. Namiddae is aan die volwassenes onderrig in die kategismus gegee, terwyl

---

8. Von Rohden: Op. Cit., bl. 57.
9. " " : " " " 58.
10. Missionsberichte, Jahresbericht No. 12, bl. 26.
11. " " No. 14, bl. 16.
12. " " No. 13., bl. 12 - 14.
13. " " No. 15., bl. 19.
14. " " No. 14., bl. 22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die veewagters nog saans aan die beurt gekom het. Sy monitore, feitlik almal Basters, het hul goed van hul taak gekwyt.[13] Hy het sy hande dus baie vol gehad. Gelukkig het nog twee sendelinge teen die einde van 1841 te Komaggas gekom, nl. Hugo Hahn, én Rus, en Knudsen, 'n Noor.

Hahn het die skool te Steinkpf waargeneem waar hy spoedig meer as honderd leerlinge had.[14] Maar ook hy het die kenmerkende Namakwalandse onderwysprobleem, nl., die uitlegewoonte, terdeë ondervind.

In Julie 1842 het Hahn en Kleinschmidt na Suidwes getrek, terwyl Knudsen voorlopig te Komaggas vir Schmelen bygestaan het.[15] Hahn en Kleinschmidt het saam met hulle vier Cloetes as kategete meegeneem, almal oud-leerlinge van Schmelen.[16]

Teen die einde van 1842 het Budler wat intussen sy opleidingskool te Wupperthal voortgesit het, na Namakwaland teruggekeer Onder die leerlinge wat hom na Namakwaland vergesel het, was die jong Frederik Héin van wie ons later meer sal hoor. Die skool te Steinkopf het onder die ywerige leiding van Budler spoedig weer in 'n bloeiende toestand verkeer. Maar toe die onverbiddelike uitlêtyd aanbreek, was dit ook met Budler se skool klaar. Hoe hy ook al met Viegeland, die hoof te Steinkopf, geredeneer het, daar was niks aan te doen nie. Hy was verplig om

---

14. Von Rhoden: Op. Cit., bl. 59.
16. Missionsberichte, Jahresberichte No. 14, bl. 23.
17. " " No. 15, bl. 20.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Steinkopf te verlaat en het kort daarna na Komaggas teruggekeer. 'n Kategeet, Klaas Cloete, en sy vrou het darem nog die werk voortgesit. Budler het as gevolg van sy sure ondervinding geglo aan 'n stelsel van kategete vir die uitleplekke. In die lopp van 1843 het hy dus aan drie van sy opgeleide kategete buiteposte gegee: Hein te Ugrabib; Kobus Vries te Arries (aan Grootrivier) en Klaas Cloete te Steinkopf.[17] Hierdie stelsel het hom ook genoop om sy opleiding van kwekelinge voort te sit. Hy het weer ses belowende leerlinge in Namakwaland teëgekom, o.a. Michæl Wimmer, 'n seun van die ou sendeling.[18] Maar Budler het skynbaar nooit danige trek vir Namakwaland gehad nie, en teen April 1844 het hy Namakwaland vergoed verlaat. Gelukkig het sy plaasvervanger, Ferdinand Brecher, reeds in Februarie 1844 te Komaggas aangekom. Hy het ook maar harde bene moes kou. Die gemeentes was uitgestrek; Schmelen was oud en sieklik en te besig om self 'n karige lewensbestaan te vind; ook Mevr. Schmelen was te besig met haar huishouding. Gelukkig het Brecher met hart en siel opgegaan in sy werk, veral in skoolhou: ,,Das Schulhalten ist meine grosste Lust und Freude." Weens die feit dat baie van sy leerlinge nie kon lees nie, was die voorse - enherhaal metode maar nog die vernaamste. So het hy met trots getuig: ,, Die meisten meiner Schüler können den Katechismus gut auswendig." Verder het die leerlinge gesange, Bybelbespreuke

---

18. Missionsberichte, Jahresbericht No. 15, bl.34.
19. " " No. 16, bl.57.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en selfs hele Bybelhoofstukke uit die hoof geleer.[19]

Vanaf Komaggas het Brecher Steinkopf, en selfs die afgelee Pella, besoek. In Maart 1846 het hy hom egter permanent te Steinkopf gaan vestig, sodat Schmelen weer alleen te Komaggas was. Brecher, wat nog ongetroud was, is baie goed geherberg deur Viegeland en sy vrou. Soos Wimmer voor hom het ook Brecher probeer die mense tot saaiery oor te haal, want soos alle sendelinge het hy besef dat die mense slegs op die manier enigsins bymekaar gehou kon word.[20] Ongelukkig was hy ook net soos Wimmer verplig om die armste mense van voedsel te voorsien: ,, Sie sind auch meist alle Bettler. Taglich betteln sie Lebensmittel und Kleidungstucke von mir. Lebensmittel teilte ich Tag fur Tag aus." Die mense het hom darem op 'n manier gehelp met die bou van 'n huis en 'n Kerk, hoewel hy baie dae alleen moes bou[21]. Nog ander probleme het die jong sendeling se lewe versier; die blanke boere het kort op die reserwe grond oortree, en veral toe koper gesoek is, het Brecher 'n moeilike tyd deurgemaak. Hy het aanvanklik tevergeefs probeer om die ou reg wat deur landdros Van Der Graaff toegeken is, erken te kry; eers in 1872 is 'n "Ticket of Occupation" vir Steinkopf-reserwe toegestaan.[22] Met so baie uitwendige moeilikhede, het die inwendige werk in Kerk en skool nie danig kon gedy nie. Sy onderwys was feitlik beperk tot die voorberei van die doop-

---

20. Von Rohden: Op. Cit., Bls. 182 & 183.
21. Missionsberichte, Jahresbericht 19, bl. 47.
22. Mellville: Report on Namqualand Reserves 1890, G. 60.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


kandidate. Van hulle het hy bloot memoriseerwerk verlang, want elke doopling moes die Wet Gods, die geloofsbelydenis en die Onse Vader uit sy hoof ken. Wat onderwys betref, was die toestand dus maar swak voor 1852.

Schmelen het intussen maar aangesukkel op Komaggas tot 1848, toe ook hierdie ou baanbreker sy laaste reis voltooi het. Toe die jonge Weich dus kort na Schmelen se dood te Komaggas aankom, het hy alles in „Undordnung" aangetref. Weens die gedurige wisselings in sendelinge tussen 1840 en 1848 was alles uit die haak. Daarby was 1848 nog 'n bitter droë jaar.[23]

Weich het egter met ywer en toewyding die besondere moeilike werk te Komaggas aangepak. Hy het waardevolle werk gekry van Gert Cloete wat reeds in Schmelen se dae die skool waargeneem het. Weich het nie kans gekry om hom oor die afgesonderdheid van sy werkkring te verknies nie, soos ons kan aflei uit sy daaglikse en weeklikse program. Soggens met sonopgang is die dag met 'n diens in die Kerkgebou begin, onmiddellik daarna hetdie skool begin en tot middagete voortgeduur. Soggens het Mevr. Weich ook aan enige kleurlingvroue onderrig gegee in lees, skrif en naaldwerk. Vier maal per week het Weich in die namiddag aan die doopkandidate onderwys gegee. Ook het hy vier aande in die week aandskole gehad vir die veewagters en ander wat nie bedags die skool kon bywoon nie. Ook die ander weeksaande was vol, want nog een aand het hy 'n sangaand gehad, terwyl die

---

23. Von Rohden: Op. Cit., bl.190 en Missionsberichte, jaargang 1849, bl. 248.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


laaste weeksaand aan die bespreking van Burgerlike sake met sy Raad gewy is. Met voldoening kon Weich dus getuig: ,, Das ganze habe ich so eingerichtet dass jeder wer etwas lernen will, auch lernen kann." Weich was dan ook net die regte man vir Namakwaland soos blyk uit die volgende aanhaling uit sy dagboek: ,, Klein Namaqualand ist meine Heimat geworden. Ich habe kein verlangen nach den Dörfern."[24]

Tog was dit 'n opdraende stryd wat hy te strye had. Sy het vreugde verskaf dertig doopkandidate maar ook heelwat ,, Herzeleid wenn es mit dem Lernen und Begreifen so schlecht gehen wollte."[25] Reeds op die vergadering in Nov. 1848 het hy 'n nuwe gemeente-orde aan die burgers verduidelik, maar vooraf het hy hulle eers toegespreek na aanleiding van Filipense 2 verse 1 - 10. Kleinschmidt het eers in 1842 Leliefontein besoek teneinde kennis te maak met Shaw se stelsel van beheer oor die reserwe. In die praktyk het die hele kwessie daarop neergekom dat 'n strenge invloedryke en taktvolle sendeling die orde op die reserwe kon handhaaf, maar dat 'n swak sendeling met die beste ,,gemeenteorde" geen beheer sou hê nie. Weich het egter sorg gedra dat hy die leisels styf in die hande had, hoewel dit somtyds ook maar moeilik gegaan het met die wederspannige Cloetes te Komaggas. Veral aan die begin was die mense nog te gewoont aan die lui-lekker lewe wat hulle onder Schmelen kon geniet. Toe die

---

24. Missionsberichte, Jaargang 1849, bl. 249.
25. " " " bl. 243.
26. " " 1852, bl. 184.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


superintendent van die Rynse Sending, Zahn, die reserwe in 1852 besoek, was hy baie telerugesteld oor die treurige toestand waarin die s.g. tuine verkeer het. Die Basters wou eenvoudig nie werk nie en het hoogmoedig aangevoer: ,,Ik is mos geen Hottentot." Zahn het Weich bejammer in die woorde: ,,Bruder Weich mag jedoch mit den meisten seine liebe Not haben." Die skooltoestand daarinteë, was florerend. 'n Groot aantal leerlinge kon al lees, terwyl daar ook baie leerlinge in die aand- en naaiskole was.[26]

Hoewel binne die Komaggasreserwe geen koper ontgin is nie, het die nabyheid van die kopermyne te Spektakel die lewe van die Komaggasmense terdeë beinvloed. Komaggas was ook geleë tussen die pad tussen die Kaap en Suidwes via Sendelingsdrif. Talle Damarasmouse het met hul groot veetroppe, maar ook met die verloklike brandewyn, heen en weer gereis. Maar Weich het soos 'n goeie maar strenge vader oor die tydelike en geestelike belange van sy gemeente wag gehou.

Sedert die verlating van Pella in 1824 deur Bartlett van die L.G.S., is hierdie afgeleë stasie slegs af en toe besoek deur die Rynse sendelinge vanaf Steinkopf. In 1849 het die evangelis, Johann Schröder, egter die werk hervat. Die Basters daar was oorstelp van vreugde toe hy die eerste diens gehou het. Soos te Komaggas het die diens elke more met sonopgang 'n aanvang geneem, en is onmiddellik gevolg deur die skool. In die skool het dit nogal fluks gevorder met die Bybelgeskiedenis en lees, maar met die rekenkunde wou dit nie vlot gaan nie. Kort daarna het die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


skool tot 'n einde gekom, omdat die mense alweer moes trek. Moedig het Schröder die ontberings van die treklewe met sy gemeente deurgemaak. Toe later teruggekeer is, is die skool voortgesit. Schröder se dogter, Fredericke, het veral op bekwame wyse die skool gelei. Hy het hom intussen meer toegelê op die bouwerk en tuinmaak te Pella. Vyebome en die beroemde dadelbome te Pella is in hierdie tyd aangeplant.[27]

Teen 1852 was aldrie die ou stasies van die L.S.G., te wete Komaggas, Steinkopf en Pella, deur die Rynse sendinggenootskap oorgeneem. Hierdie oorname het op 'n baie vername tydperk plaasgevind, nl. net voor die ontwrigtende invloede van die koperbedryf ingetree het. Indien die ou toestand van ordeloosheid onder die L.S.G. nog geheers het dan sou die kleulingbevolking nie bestand gewees het teen die nuwe invloede nie.[28] Brecher en Weich het nie tevergeefs 'n harde stryd teen die demoralisasie van die koperbedryf aangepak nie.

Wat onderwys betref is veral belangrik die rol van Budler. Hy het deur die opleiding van 'n klompie kwekelinge die werk van die sendelinge as onderwysers baie aangehelp. Twee van sy kwekelinge, Daniel Cloete in Suidwes en Hein in die Richtersveld, het baie belangrike rolle gespeel. In 1930 het die sendeling inspekteur Driessler van Budler getuig: ,, Auch die Missionschu-

---

27. Von Rohden: Op. Cit., bls. 197 - 201.
28. Soos bewys is deur die tragiese ondergang van die Griekwas in Griekwaland Wes en in die Suid-Vrystaat.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

len, die ihre grösste Förderung von dem ehemaligen Lehrer Budler erhielten; haben für unsere Arbeit eine grosse Bedeutung erhalten."[29]

## - ONDERWYS OP DIE RESERWES VAN DIE RYNSE SENDINGGENOOTSKAP, 1852-1883. -

Die koperontginning het die Namkwalandse kleurlingbevolking nog baie meer beïnvloed as die blanke bevolking. Die meeste myne is of op die reserwes of naby die reserwes gelee. Aanvanklik is die kleurlinge hierdeur op ekonomiese gebied gebaat maar op die lange duur was die koperbedryf in 'n groot mate verantwoordelik vir die ekonomiese agteruitgang van die kleurling in Namakwaland. Vroeër was die kleurling vir sy lewensbestaan van sy klompie en sy gesaaides afhanklik gewees , maar sy lewensbehoeftes was ook baie gering. Koperontginning het hieraan 'n verandering gebring. Tussen 1852 en 1870 veral, het die kleurlinge wat waens en trekvee gehad, baie geld verdien met transportryery. Ongelukkig het die meeste geld baie vinnig verdwyn want die kleurlinge kon eenvoudig nie die versoeking weerstaan om wyn, skoene, klerasie, suiker, koffie enntee in groot hoeveelhede aan te koop nie.[30] Intussen het die droogtes nie weggebly nie; gevolglik moes Brecher weer in 1856 en 1857 die hongerlydendes te Steinkopf voed.[31] Ontsettend veral was die geeverliese wat transportryers gedurende sulke droogtejare moes

---

29. Missionsberichte, Okt. 1930, Driessler.
30. " , Jahresbericht No. 27, bl. 70.
31. " , " No. 28, bl. 52.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ly. Die nabyheid van die myne het ook veroorsaak dat die kleurlinge se vee, hul hoofbestaanmiddel, aansienlik verminder is deur verkoop aan die mynbevolking. Reeds in die jaarberig van 1859 lees ons: ,, Denn die Verhältnisse sind nicht mehr wie früher wo sie (die Steinkopf Basters) Vieh hatten und von ihren Heerden lebten."[32] Ook van Komaggas berig Weich in 1866 dat die mense toe nie meer so baie trek nie aangesien hulle veebesit so uitgedun was.[33] Vir die onderwys was hierdie verandering bevorderlik, maar seer sekerlik nie vir die ekonomiese lewe op die reserwes nie.

Weich het die gevaar vir sy reserwes baie goed besef en die mense op alle maniere probeer oorhaal om tuin te maak en te saai, want vir tuinprodukte, koring en veevoer was daar feitlik 'n onbeperkte mark op die myndorpe. Hy het baie ongaarne gesien dat sy kleurlinge op die myne gaan werk, maar hy het alles in sy vermoë gedoen om die landbou te Komaggas te bevorder deur die myne as afsetgebied te gebruik. Hierin het hy taamlik geslaag. Die mense het meer kontantgeld gehad soos hy ondervind het toe hy in 1856 400 riksdalers vir sy voorgenome skoolgebou kon kollekteer.[34] Komaggas het so vinnig vooruitgegaan dat Weich in 1863 die volgende kon berig: ,, Seit mehreren Jahren hat die Gemeinde den ganzen Unterhalt des Missionars aufgebracht."[35]

---

32. Missionsberichte, Jahresbericht 1859, bl. 29.
33. " , jaargang 1866, bl. 34.
34. " , " 1857, bl. 73.
35. " , Jahresbericht, No. 34, bl.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Em dit nogal van 'n gemeente waar die sendeling slegs dertig jaar tevore die mense moes voed. Die kopermyne en Weich se strenge toepassing van die regulasies soos vasgelê deur die gemeente-orde 1858 was verantwoordelik vir hierdie gelukkige toestand van sake. Elke burger was nl. verplig om 10/- vir tuingrond en 10/- vir saaigrond te betaal.

In 1863 kon Weich ook getuig: ,,Die Schule ist in bester Ordnung." In 1855 is die skoolgebou opgerig. Die bedrag vir die gebou is plaaslik versamel hoewel £50 uit Duitsland bygedra is. Volgens die gemeente-orde van 1858 is bepaal dat elke leerlinge 3d. per maand moes betaal. Weich was verplig om van sy eie leerlinge as onderwysers op te lei; daar daar geen sprake van was om onderwysers van elders te kry nie. In 1861 was daar tussen 140 en 180 leerlinge in die skool. Weich het drie van die bekwaamste leerlinge as sy toekomstige onderwysers op die monitor-stelsel opgelei.

Weens die verminderde en uitgedunde veetroppe was die rondtrekkery heelwat minder as tevore. Die skoolbywoning was gevolglik hoër en gereelder. Vanaf 1860 het die Departement van Onderwys ook aan die skool te Komaggas 'n "grant" uitbetaal.[37] Die skool was toe ingedeel in drie afdelings: 'n "Infant", 'n "Juvenile" en 'n "Industrial Department". Weich self was die hoofonderwyser. Hy is bygestaan deur drie plaaslike opgeleide

---

36. Meyer: Die Geskiedenis van Komaggas. (ongepubliseerd)
37. Die eerste toelaag aan Namakwal. sendingskole is aan Leliefontein toegestaan in 1856. Tevore het die S.G.O. geen toelaes vir sendingskole op reserwes toegestaan nie ( sien

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

monitore, Ellen Cloete, Griet Andro en Christina Bam. Mevr. Weich het aan die hoof gestaan van die naaiskool ( hierdie is die "Industrial Department" genoem.) Die departementele toelae het baie goed te pas gekom. Maar het darem ook probleme geskep. Die een was die kwessie van Engels. Die kleurlinge, en Weich ook, was ten gunste van Engels as vak, daar die kennis van Engels op die myne nogal voordelig was. Maar die moeilikheid was dat die onderwyseresse aanvanklik maar baie min Engels geken het. Die ander probleem was die nomadiese leefwyse van die mense. Vroeër kon Weich eenvoudig die skool sluit wanneer die getal leerlinge te min word. Nou kon hy terwille van die toelae dit nie meer doen nie.[38]

Weich se persoonlike toesig oor die skool was veral verantwoordelik vir die uitstekende werk daarvan maar dit het besonder baie van hom geëis. Soggens om 6uur het sy werk 'n aanvang geneem met onderrig aan sy monitore in die werk wat die dag in die skool onderrig sou word. Daarna het die skool 'n aanvang geneem en tot 1 uur aangehou. Weens die hitte en die feit dat sommige leerlinge so ver moes stap, is net in die môre onderwys gegee.[39] In die somer-maande was daar in 1862 nie minder as 216 leerlinge in die skool nie; die onderwysers het dus in daardie tyd hul hande meer as vol gehad. Gedurende die winter was daar egter maar baie min leerlinge want die gemiddelde bywoning vir die jaar was slegs 91. Hierdie groot verskil tussen die winter- en somerbywoning het 'n

---

37.(Vervolg.).... S.G.O.-rapport 1855 - 1856.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

besondere moeilikheid veroorsaak. Terwyl in die somer baie onderwysers benodig was, was een of twee onderwysers in die wintermaande genoeg vir 'n klein klompie leerlinge. Gevolglik was die bestuurders van die sendingskole verplig om voort te gaan met die monitorstelsel, hoewel dit nie altyd te goed was vir die onderwys nie, veral wanneer daar nie deeglik supervisie gehou is nie.

Of te Komaggas intussen voortgegaan is met die stelsel dat die leerlinge maandeliks 3d. moes betaal, weet ons nie, maar in 1868 het Weich bepaal dat elke leerling 6d. per maand moes betaal.[40] Sou dit iets te doen gehad het met die skielike daling in die getalle, nl. in 1867 nog 188, maar net 119 in 1868, en in 1869 107? Dit kon ook 'n gevolg gewees het van die driejarige droogte te Komaggas vanag 1867 na 1869.[41] As gevolg van die daling in getalle is die toelaag verminder; iets wat Weich baie ter harte geneem het. Hy het besef dat die handwerk wat die meisies leer feitlik die vernaamste deel van hul opleiding was. In sy versoek aan die S.G.O. om die toelaag tog nie te verminder nie, skryf hy: „ If in any place of the Colony, then I think in Namaqualand such institutions to educate native females are necessary."

Nadat Rowan, die eerste inspekteur in Namak., die Komaggas-skool inspektur het, het hy die volgende rapport omtrent

---

38. S.G.E. 1/9, Lett. Rec., Weich-S.G.O., 1 Okt. 1861.
39. S.G.E. 1/10, Lett. Rec., Weich-S.G.O., 30.12.1861.
40. S.G.O.-rapport vir 1868.
41. S.G.E. 1/21, Lett. Rec., Weich-S.G.O., 8.7.1869.
42. S.G.E. 1/23, Lett. Rec., Weich-S.G.O., 6.1.1870.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die werk gelewer: " The schools are in fair order and well conducted."[43]

Gedurende die droogtejaar in 1875 het die getal leerlinge tot 71 gedaal - die laagste sedert 1860. Gelukkig het Weich in hierdie tyd beskik oor die dienste van twee baie bekwame onderwyseresse, Ellen Cloete en Catherina Daniels. Laasgenoemde het weens haar goeie werk die Goeiedienstoelaag ontvang.[44]

Tydens Samuels se besoek in 1880 was daar net 47 leerlinge in die skool, daar dit weer winter was. Reeds in 1873 het Weich daarop aangedring dat die inspekteur tog in die somer moes kom daar die bywoning dan die beste was.[45] In Augustus 1882 het Weich nadat hy 34 jaar lank die lief en die leed met sy gemeentes deurgemaak het van Komaggas afskeid geneem. Totdat sy opvolger een J. Schröder, gekom het, het Weich se skoondogter, vroeër Mej. Marie Lutz, die skoolhou waargeneem.[46] Dit is duidelik dat teen die tyd dat Weich afgetree het, die bloeitydperk van die Komaggas- reserwe - skool reeds verby was. Schröder het gekom toe die droogte in 1880 - 1883 op die ergste was. Hy het die skool in Februarie 1883 van jong Mevr. Weich oorgeneem, maar sy sou later nog dikwels in die bresse tree te Komaggas.[47]

---

43. By S.G.O.-rapport vir 1874.
44. S.G.E. 1/37, Lett. Rec., Daniels-S.G.O.,8 Augustus 1876.
45. S.G.E. 1/29, Lett. Rec., Weich-S.G.O., 10.4.1873.
46. S.G.E. 1/67, Lett. Rec., Weich-S.G.O., 23.8.1882.
47. S.G.E. 1/74, Lett. Rec., Schröder-S.G.O., 6.4.1883.
Mej. M.Weich (gebore Lutz) is vandag nog woonagtig te Tulbagh.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

S Steinkopf het egter eers vanaf 1870, toe die spoorweg vanaf Port Nolloth vir 'n groot gedeelte oor die Steinkopf-reserwe na Ookiep gebou is, vooruitgegaan. Vantevore moes Brecher die hoë rlydendes op sy reserwes dikwels van voedsel voorsien. Gelukkig het Brecher ruime ondersteuning uit Duitsland en uit die Kaap, o.a. van die S.A.S.G. ontvang.[48] Maar sedert die spoorwegbou moes die C.C.C. jaarliks 'n huur betaal. Ook moes hul jaarliks 'n huur betaal vir die weiding van hul vee op die spoorwegstasies Hoeboop en Anenous. Gevolglik was ook Steinkopf binnekort 'n selfstandige gemeente.

Die onderwys op die Steinkopf-reserwe het voor 1864 ook maar min sukses gehad, daar Brecher nie voldoende tyd daaraan gewy het nie.[49] In die loop van 1859 ~~moes~~ was hy nog etlike maande afwesig uit die gemeente. Gelukkig het sy plaasvervanger, Eerw. Knauer, dinge taamlik reggeruk. Hy het geglo aan dissipline soos blyk uit die volgende greep uit sy verslag: ,,Und dabei muss man ein wenig straff halten sonst gibst nichts."[50] In 1860 is ook vir die Steinkopf-reserwe 'n departementele toelae van £15 per jaar beskikbaar gestel. Dit is in 1861 na £30 verhoog. Die skool het 'n wonderlike oplewing ondervind, toe mej. Sophie Brecher, die dogter van eerw. Brecher vanaf 1864 die onderwyseres was. Dit was veral tedanke aan die feit dat sy deeglik gekwalifiseerd was, en aan die baie goeie monitore wat onder haar gedien het. Christina Hein, 'n dogter van die

---

48. Missionsberichte, Jahresbericht no. 28, bl. 52, en Kaapse Kerkargief: S.A.S.G., Briewe Ontvang, 1/1, Brecher-S.A.S.G., 6 Aug. 1862.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


evangelis Frederik Hein, was een van die onderwyseresse wat mej. Brecher tot 1894 so getrou bygestaan het. Wat die sendingskool te Steinkopf presteer het, was in die eerste plek aan mej. S. Brecher en haar assistente te danke.

In 1874 het Rowan omtrent Steinkopf rapporteer: "Order and discipline good." Vanaf 1875 is 'n naaiklas ook by die skool gevoeg, sodat 'n toelaag van £75 aan die skool sedertdien toegestaan is. Ook Samuels het 'n baie goeie rapport omtrent die skool gedoen en het dit selfs as beter as Komaggas bestempel.[51]

Brecher het hom ook beywer vir die stigting van 'n skool te Henkries, maar die nomadiese aard van die mense daar het die permanente stigting van 'n skool baie belemmer. In 1878 het eerw. J. Bam die skool tydelik waargeneem.[52] Nadat Samuels weer in die saak geroer het, is die skool met die sendelingseun, Carl Juffernbruch, as onderwyser in 1881 herstig. Die onderwyser was ondernemend en het vore onderkant die sterk fontein gegrawe teneinde tuine aan te lê. Maar ook hierdie mooi planne het skipbreuk gely weens die luiheid van die mense. Juffernbruch het weens die treklustigheid van die mense die werk moes prysgee en het jare lank nog onderwys gegee in die sendingskool te Stellenbosch.

Die skool te Pella onder mej. F. Schröder het ook met besondere moeilikhede te kampe gehad. Daar het omtrent 200

---

49. Missionsberichte, Jaargang 1857, bl 362.
50. " , Jahresbericht No. 30., bl. 29.
51. Samuels se rapport van 1881 by S.G.O.-rapport 1882.
52. S.G.E. 1/45, Lett. Rec., Brecher-S.G.O., 26.4.1878, 20.12.1878

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Basters te Pella gewoon. Hulle lewensbestaan was inderdaad nomadies; in die winter het hulle in die s.g. Brandkloof naby Concordia gaan saai, terwyl hulle in die somer die hele Boesmanland deurgetrek het. Hulle verblyf op Pella was dus baie kortstondig. Schröder het in 1862 Pella vergoed verlaat. Die mense is nog te Brandkloof bearbei deur eerw. Kupferburger, wat eers onder toesig van Brecher verantwoordelik was vir die Concordia - deel van die Steinkopf-reserwe.

Uiteindelik toe Schröder se opvolger, eerw. Ungrodt, te Pella kom, was die mense meer as 'n jaar sonder 'n leraar en gevolglik was die geestelike en ook die ekonomiese toestand van die mense nie te gesond nie. Veesmouse het van die afwesigheid van die sendelinge gebruik gemaak, en het die veetroppe van die Basters aansienlik laat afneem. Meer en meer het die Boesmanlandse Baster gaan staat maak op die jag, en minder op sy veestapel. Ungrodt het nietemin sy bes gedoen en die sendingskool tot 1867 gelei, toe Haegner, vroeër te Spektakel, sy werk oorgeneem het.[53]

Kort na Haegner se koms het die Boesmans op ongekende skaal in die omgewing van Pella begin roof en plunder. Onder hulle onverskrokke leiers Roman Brandrug en Hans Flink het hulle selfs tot moord oorgegaan. Die kleurling-veldkornet te Pella, Dirk van Neel, en die sendelingseun, Carl Schröder, is in Desember 1868 te Rosynebos tussen Springbok en Pella deur hulle vermoor.[54]

---

53. Von Rohden: Op. Cit., bl. 203.
54. Namaqualand Letters: Resident Magistrate - Colonial Secretary, 2 Jan. 1869, 14 Jan. 1869.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Pogings om die Boesmans in hul vestings te agtervolg en te straf het weens die dorre geaardheid van die land, nie baie sukses gehad nie.[54] Die Pella-basters het so'n treurige rol gespeel dat die magistraat te Springbokfontein hulle as "a cowardly lot of rascals" beskryf het, en aan Haegner het hy laat weet: "This is the first and last commando of Pella that shall receive any aid from me."[55] Haegner het intussen na Concordia vertrek, waar hy Kupferburger opgevolg het. Nieteenstaande Brecher se pogings om Pella te herstig, het die Basters nie wou teruggaan nie. Die posisie te Pella was betreklik veilig nadat 'n permanente polisiestasie te Kenhardt gestig is. Selfs toe die magistraat Brecher in kennis gestel het, dat die Boesmanland in plase opgesny sou word vir blankes as die Basters nie teruggaan nie, kon Brecher die Basters nie beweeg nie. Toe het die meeste definitief gesê dat hulle nie wou teruggaan nie, aangesien hulle tog geen vee meer besit het nie, want in die laaste jare is baie vee vir drank verruil. Daarom het Brecher heeltemal gelyk gehad toe hy die vlg. beweer het: „Die Dürre und die Seuche (nl. die Boesmanplaag) haben auch ihr Teil zur Verarmung beigetragen; die Leute selbst aber das meiste."[56] Hierna het die meeste Boesmanlandse Basters vanaf Pella en De Tuin na Suidwes getrek, en die stamvaders van die huidige Rehoboth-Basters geword. 'n Klompie het te Brandkloof gebly,

---

55. Namaqualand Letters: Res. Mag. - Haegner & aan Res. Mag. te Calvinia, 24.7.1869.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en Brecher het dit bewerkstellig dat die waardevolle Boesmanlandse plaas Naap in ruil vir hul reg op Pella aan hul toegestaan is). So het dit gekom dat Pella feitlik as 'n geskenk in die hande van die Katolieke geval het. Brecher het tevergeefs gewaarsku teen die Katolieke. Toe die Katolieke eers te Pella posgevat het, het dit die basis geword van hul bedrywighede ~~werk~~ in Namakwaland. Brecher se voorspelling het waarheid geword nl: "Und die (nl. die Katolieke) lassen sich nicht so leicht wegbringen oder vertreiben,"[57] soos uit 'n latere afdeling sal blyk.

Die koperbedryf was ook verantwoordelik vir die stigting van die Concordia-reserwe, wat oorspronklik 'n deel van die Steinkopf-reserwe was. Te Concordia het 'n maatskappy onder H. Von Schlicht, 'n standhoudende myn ontgin. Von Schlicht was besorg oor die toestand van die kleurlinge wat spoedig in die omgewing van die myn kom woon het, en het beide die Wesleyaanse en die Rynse Genootskap gevra om 'n kerk en skool te kom stig. Brecher het gesorg dat hy eerste van die aanbod gebruik maak. Eerw. Kupferburger het hom daar gaan vestig en in 1863 is die skool onder 'n mevr. Hill, 'n dogter van die oud-sendeling Wimmer, begin. Teen die einde van die jaar is Concordia as 'n aparte reserwe van Steinkopf afgesny.[58] In 1868 het eerw. Kupferburger maar taamlik pessimisties gevoel omtrent sy werk.

---

56. Baie dikwels is ten onregte gesê dat die blankes die Basters met geweld uit die Boesmanland verdryf het.
57. Missionsberichte, Jaargang 1875, bls. 362 - 367.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


In die skool was daar net 15 leerlinge, terwyl daar volgens die bevolking minstens 'n 100 moes gewees het. Daar was feitlik hongersnood: tog wou die kleurlinge nie werk nie, "denn sie sind wie sie meinen ja kein Vieh und keine Sklaven." Hulle vee en graan het hulle vir drank verruil.[59]

Na Kupferburger se skielike dood in 1869 het Haegner, vroeër te Spektakel en Pella, tot 1871 die werk voorgesit. Op 29 Okt. 1871 het eerw. Michael Dönges die moeilike werk aanvaar. Ook Dönges se belangrike werk te Concordia verg 'n afsonderlike afdeling.

Die betekenis van die Rynse sendelinge in kerk en skool gedurende hierdie tyd, kan nie maklik oorskat word nie. Hoewel die sedelike bederf wat op die dorpe hoogty gevier het, ook die reserwe-bevolking beïnvloed het, het die strenge optrede van die Rynse sendelinge en veral Weich, Brecher en Dönges, die kleurlinge van morele ondergang gered. Ons gaan heeltemal akkoord met wat een van die sendelinge omtrent hulle werk gesê het: "Wären wir bei der Eröffnung der Kupferminen nicht im Lande gewesen, so hätten die Farbigen wohl kein selbständiges Dasein mehr und wären teilweise durch das Aufdringen des Branntweins umgekommen. So hat also die Mission in Namakwaland ihr edles werk getan." 60

---

58. Missionsberichte, Jahresbericht 1863, bl. 27. en S.G.E. 1/11, Lett. Rec., Brecher-S.G.O., 10.11.1863. en 31.12.1863.
59. Missionsberichte, jaargang 1869, bls. 75 - 81.
60. " , " 1866, bl. 35.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## - ONDERWYS OP DIE LELIEFONTEIN-RESERWE, 1840 - 1883. -

Op die hegte fondament wat deur Shaw en Edwards te Leliefontein gelê is, kon eerw. Jackson en sy opvolgers met sukses voortbou. In 1844 was daar nog 100 leerlinge te Leliefontein volgens die "Cape Statistical Register" vir daardie jaar. Die dagskool was onder 'n kleurlingonderwyser, maar die 44 volwassenes in die aandskool was onder sendeling, Jackson, self. Weens die uitlê gedurende die wintermaande was die skoolhou net vir 7 of 8 maande van die jaar moontlik. Om hierdie onderbreking in die onderwys teen te gaan, het Jackson op een van die uitlêplekke 'n kerk, 'n pastorie, 'n skool en 'n dam laat bou. Hierdie plek het die naam van Bethel gekry.[61] Jackson se plan was klaarblyklik dat Bethel in die winter die sentrum moes wees soos Leliefontein dit in die somer was. Die onderwyser sou dan saamtrek en die skool sou dus elke keer net enige dae onderbreek wees. So maklik het die probleem hom nie laat oplos nie. Baie jare het dit gebeur dat in die "onderveld", soos Bethel en omgewing bekend is, te min reën geval het om die dam te vul. Maar die eintlike skorting was dat die veeboere terwille van die weiding nie te veel op een plek wou konsentreer nie. En waar die vee was, daar was die kinders want in die wintermaande het die kinders feitlik van die bokmelk geleef. Om hierdie rede is later nog 'n skooltjie te Spoegrivier gestig.

---

61. Whiteside: A History of Wesleyan Missions in S.A., bl. 49.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Nog 'n rede waarom Jackson se skema nie altyd goed gewerk het nie, was omdat sommige sendelinge hul nie die moeite en ongerief wou getroos om na die ,,onderveld" te gaan nie. Teen 1887 was Bethel al verlate, daar die sendeling Robson toe 'n skool -en kerkgebou te Karkams in die nabyheid van die vernaamste koringlande laat oprig het.[62] Vandag is nog net die ruïnes van Jackson se geboue te sien maar die eer kom hom toe dat hy 'n ernstige poging aangewend het om die onderwysprobleem op te los. Die uitlêgewoonte was by die ander reserwes 'n probleem, maar te Leliefontein het dit die probleem gebly.

Die bekende J.A. Bailie het teen 1850 vir Jackson opgevolg. Netsoos Shaw het Bailie die klem op handwerk laat val. Onder sy persoonlike toesig is 'n pad tussen Leliefontein en Norap gebou, destyds bekend as Bailiespas.[63] Maar die vernaamste werk was die bou van die pragtige kerk te Leliefontein, 'n gebou wat teen £1000 opgerig is, en vandag nog die besoeker na die stasie aangenaam verras. Dit was 'n historiese dag in die geskiedenis van Leliefontein toe die sendinginspekteur, W. Moister, die kerk ingewy het. Die grootste gedeelte van die bedrag is deur die gemeente self byeengebring. Moister het die skool ook in 'n florerende toestand aangetref. Aan elkeen van die 200 leerlinge is 'n geskenkie gegee.[64] Behalwe die skool te Leliefontein waarvan Barnabas Shaw Links die hoof was, was daar nog buiteskole

---

62. Whiteside: Op. Cit., bl. 49.
63. W. Moister: Africa and the West Indies, bl. 544.
64. W. Moister: Op. Cit., bl. 553.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



te Norap en Kaauwgoedvlakte. Te Norap was daar 65 leerlinge onder die kategeet, F. Kardinaal, terwyl te Kaauwgoedvlakte 54 leerlinge onder M. Smidt was.[65]

Bailie het terdeë besef dat die sendeling van die 19e eeuse werk nie beperk tot preek en onderrig kon wees nie. Die mense het ook nog leiding op ander gebiede nodig gehad. Hy het die onplesierige rusies met die blanke bure oor bakens en grenslyne uit die weg probeer ruim deur die instituut deur die landmeter, Von Ludwig, te laat opmeet. Die regering het die reg van die kleurlinge op die gebied in 1854 weereens bevestig deur 'n "Ticket of Occupation" uit te reik. Daarna het Bailie 'n reeks van regulasies opgestel waarvolgens die instituut bewoon mag word.[66] In hierdie verband wil ons graag die hoofklem op die regulasies in verband met die onderwys laat val. Maar dis seker nie onvanpas nie dat ons meld dat die stelsel van beheer wat deur die sendelinge ingestel is, in hoofsaak nog geld vir die huidige beheerrade. Onder die gemeente-orde van Bailie is bepaal dat alle kinders bo vyfe jaar die dag- en Sondagskool moet bywoon.[67] Wagters sou gehuur word vir die gesamentlike oppas van die vee, sodat die kinders vry kon wees. Die raad het die reg om te bepaal wanneer na die gesaaides en na die Onderveld getrek mog word. Hierdie reëlings het die onderwys direk geraak en as die sendeling die reëls ook in die

---

65. Cape Statistical Register, 1855.
66. Die algemene naam wat gegee is aan die regulasies van die ,,gemeente-orde". Shaw het die stelsel waarskynlik in Nam. ingevoer. Kleinsmidt het een te Komaggas ingevoer.(1842). Ook Weich(1858) en Schröder(1886) het ,,gemeente-ordes" laat opstel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

praktyk kon toegepas het, sou dit baie goed met die onderwys gegaan het. Maar dit was net die sendeling met 'n baie sterk persoonlikheid soos b.v. Bailie was dit enigsins kon doen. Interessant was ook die reël dat alle persone verplig was tot sekere publieke dienste sonder vergoeding, soos b.v. padmaak, dammebou, skoonmaak van fonteine, ens.[68]

Bailie se sukses was gedeeltelik te danke aan die feit dat die jare 1850 na 1860 weens die koperontginning goeie jare was. 'n Hele klompie kleurlinge te Leliefontein het waens en trekvee gehad, en het dus heelwat verdien deur koper te vervoer.[69] Dit was egter ook in 'n groot mate te danke aan Bailie se optrede dat dit so voor die wind gegaan het. By twee geleenthede het hy namens sy instituut aansoek gedoen om 'n lening van saadkoring en tot eer van Leliefontein kan ons konstateer dat by albei geleenthede Leliefontein hul lenings terug betaal het.[70]

Bailie se sendingskool was die eerste wat in Nam. staatstoelae ontvang het.[71] In 1859 het die S.G.O. drie toelaes van £15 elk aan drie skole op die Leliefontein-reserwe uitbetaal. Tog het Bailie ook sy mate van teëspoed en teleurstellings moes ondervind. In 1861 was die bywoning besonder swak, en in 1862 moes die skool te Norap weens die droogte sluit.[72] Nietemin,

---

67. 'n Interessante voorbeeld van verpligte onderwys baie vroeg in die 19e eeu.
68. Sien Rules and Regulations of the Wesleyan Institute, called Leliefontein, in pamflet berustende in die Kaapstadse openbare biblioteek.
69. Tindall: Two Lectures on Great Namaqualand, bl.11.
70. Namaqualand Letters, Civil Commissioner - Colonial Secretary, 10.1.1866. en 12.1.1867.
71. S.G.O.-rapport, 1855 - 1856.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


dit was 'n groot slag vir die reserwe toe Bailie einde 1862 Léliefontein verlaat het.

Godman, Bailie se opvolger, se probleme in verband met die onderwys het hom moeilike dae besorg. Die seisoenmigrasies het nog steeds voortgegaan; die droogtes het eerder toegeneem as verminder, terwyl Godman 'n ewige gesukkel met onbevoegde onderwysers had. In 1864 het Godman die skool te Spoegrivier geopen, sodat die skoolwerk van die somer darem in die winter voortgesit kon word. Hy het die onderwyser te Norap opdrag gegee om saam met die mense te trek, maar ook hierdie reëlings was maar nie 'n sukses nie.[73] Weens die veelvuldige droogtejare het die dam te Bethel dikwels nie water gekry nie. Selfs Leliefontein het gely onder die droogte, sodat baie mense verplig was om te gaan koper ry. Dit het as gevolg gehad dat baie seuns uit die skool gehaal is om as touleiers by die waens te help.[74] Die droogte van 1874 is deur Godman as die swaarste van sy tyd beskryf;[75] Gelukkig het die S.G.O. vir Godman baie tegemoet gekom, want nieteenstaande die sluiting van die skole het die toelaag deurgeloop.[76]

---

72. S.G.E. 1/9, Lett. Rec., Bailie-S.G.O., 4 Julie 1864. en S.G.E. 1/10, Lett. Rec., Bailie-S.G.O., 8 Aug. 1862.
73. S.G.E. 1/27, Lett. Rec., Godman-S.G.O., 12.7.1872.
74. S.G.E. 1/17, Lett. Rec., Godman-S.G.O., 12.10.1867.
75. Interessant is dit dat Brecher die droogte van 1882 as sulks beskou het, terwyl Dönges wat vanaf 1871 in Nam. was die droogte van 1895 as die swaarste beskou het.
76. Vergelyk hierdie toegewendheid van die S.G.O. teenoor die streng offisiële houding jeens die blanke skole wat Ds. Hauman in dieselfde tyd gestig het.
77. Rowan se rapport by S.G.O.-rapport van 1874.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Godman het dit ook baie ongelukkig getref met ~~die~~ sy onderwysers. Terwyl die Rynse sendelinge gedurig in hul skole geboer het, het die Wesleyaanse sendelinge baie meer verantwoordelikheid op die kleurlingonderwysers laat rus. Baie van laasgenoemdes het die kans waargeneem om te bak en te brou na hartelus. Hierdie wantoestande het baie duidelik aan die dag getree toe die eerste inspekteurs die Namakwalandse sendingskole besoek het. Die Leliefonteinse skole, en ook die sendingskole op die myndorpe het baie swak vergelyk met die Rynse sendingskole. Toe Rowan b.v. Leliefontein wou besoek, het Godman hom eenvoudig meegedeel dat weens die wintermigrasie die skool nie meer bestaan nie.[77] Teen 1875 het die bekende ~~Harry~~ Henry ~~Tindaal~~ Tindale vir Godman te Leliefontein opgevolg. Hy het probeer om die uitlê-probleem op te los deur die opleiding van 'n hele klompie kategete, wat dan saam met die mense na die uitlê-velde kon trek. 'n Engelse onderwyser, T. ~~Roper~~ Roper, is spesiaal uitgestuur om enige kwekelinge te Leliefontein vir die doel op te lei. Sover ons kon nagaan het egter net drie die kursus voltooi, en net een, Barend Beukes, het op die reserwe onderwys gegee.[78] Die proefneming is in elk geval nie herhaal nie. Die private onderwyser, Willem de Vries, is na Roper se vertrek deur Tindale as onderwyser gehuur vir Leliefontein. Maar dit skyn asof die Hollander

---

78. S.G.E. 1/33, Lett. Rec., Roper-S.G.O., 26.6.1876. en S.G.E. 1/37, Lett. Rec., Tindale-S.G.O., 25.3. 1876.
79. Samuels se rapport by S.G.O.-rapport, 1881.
80. By S.G.O.-rapporte vir 1876 en 1878.
81. S.G.E. 1/62, Lett. Rec., Tindale-S.G.O., 2.4.1881.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en die Leliefonteiners ook nie eintlik kon stryk nie. Toe die inspekteur Samuels in 1880 die skool wou besoek, het Tindale hom meegedeel dat die skool feitlik tot 'n stilstand gekom het, omdat die ouers en De Vries rusie gekry het, en omdat die mense na die wintervelde getrek het.[79] Dieselfde teleurstellende omstandighede het Rowan tydens sy besoeke in 1876 en 1878 ondervind.[80] Billikheidshalwe teenoor die bestuurders en onderwysers moet ons meld dat die inspekteurs gewoonlik in die slegte kwartaal, nl. Julie - September, Namakwaland besoek het, en nie gedurende die beste tyd van die jaar nie. So het Tindale nog op twee April 1881 kon rapporteer dat die skool te Leliefontein 'n baie vrugbare kwartaal agter die rug had. Maar toe Samuels enige maande later die skool besoek, het hy net 14 leerlinge in die skool aangetref. Uit die skraal gegewens wat ons in verband met Tindale se dienstyd te Leliefontein kon insamel, sou 'n mens geneig voel om Tindale se werk te onderskat, maar Ds. Conradie getuig van hom: ,,Jaaren lang (heeft) hy te Leliefontein met zegen gewerkt, en hy verstond de kunst om de Hottentotten in orde te houden en te doen werken."[82] Hierdie aanhaling toon ons ook verder hoe moeilik die onderwysprobleem te Leliefontein was; want selfs

---

82. Conradie: Ondervindingen van een jongen Predikant in Nam. bl.31.
83. Mellville Report on Nam. Reserves, G. 60. 1890.
en Report of the Select Committee on Namaqualand Missions Lands etc., A.7. 1896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bekwame en streng sendelinge soos Tindale en Bailie kon nie die moeilikhede oorwin nie.

Interessant i.v.m. die skole te Leliefontein was die feit dat Hollands as taal nog altyd die hoofplek ingeneem het. Terwyl te Komaggas, Steinkopf en Concordia reeds heelwat vordering in Engels gedoen is, getuig Tindale nog: "But ~~het~~ the attendance is so irregular that we can do very little in English."

Goch, die opvolger van Tindale, was nie opgewasse vir die taak nie. Toe eerw. Robson in 1887 die leiding van die reserwe aanvaar, het hy die hele reserwe in 'n taamlike warboel aangetref. Die mense was vinnig op pad om te verheiden. Die latere sendelinge te Leliesfontein het nie die orde kon handhaaf nie, soos ~~dikwels~~ duidelik geblyk het uit Mellville se rapport van 1890 en Tindale se getuienis voor die kommissie van ondersoek na die toestande op die reserwes in 1896.[83]

(83) G. ~~4~~ 60, 1890
A. 7, 1896.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 14.-

## - Die Onderwys op die Reserwes, 1840 - 1902. (Vervolg). -

Hein, die evangelis van die Richtersveld:- So dikwels het ons in ons ondersoek gevalle teëgekom waar die sendelinge in hul kleurlingonderwysers diep teleurgestel is, dat dit baie aangenaam is om kennis te maak met 'n kleurling op wie die sendelinge kon bou. So'n kleurling was Johann Friederick Hein. Sy vader was 'n ryk Roggeveldse boer,[1] maar sy moeder was 'n kleurling. Budler het hom as veertienjarige seun naby Wupperthal aangetref en in sy ,,Seminar" opgeneem. Die jong Hein het as leerling so vinnig gevorder dat hy na net nege maande onderrig 'n goeie Nederlandse brief na Duitsland kon skrywe.[2] Toe Budler in 1842 die tweede keer na Namakwaland gaan, het hy die jong Hein meegeneem. Op 16 Oktober 1843 is Hein te Steinkopf deur Budler gedoop. By die geleentheid het hy die name van sy weldoener, Johann Friederich, aangeneem.[3] Skaars 17 jaar oud is hy die volgende jaar deur Budler aangestel as die kategeet van die buitestasie te Oegrabeeb, waar 'n familie Cloetes gewoon het.

Hein het, soos dit algemeen was onder die Rynse sendelinge, die werk van onderwyser en prediker verenig. Elke oggend en

---

1. Volgens inligting verskaf deur 'n kleinkind van Hein aan Mnr. S. W. v.d. Merwe, onderwyser aan die Hoërskool Springbok, was die boer se van Engelbrecht, maar Hein het sy stiefvader se van aangeneem.
2. Wallmann: Freuden und Leiden Rheinischer Missionare, bl. 319.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


aand het hy gereeld aan die mense godsdiens gehou. In die loop van die dag het hy aan die kinders en aan die dopp-kandidate onderrig gegee. Sy onderwys aan die kinders was van baie elementêre aard. In sy dagboek[4] vind ons onder sy aantekening vir 6 Maart 1844 die volgende skoolroetine vir die môre: (1) Sang en gebed, (2) die voorsê (en seker die herhaal) van die Wet Gods en Onse Vader, (3) vertelling van Bybelverhale, (4) sang, (5) lees, spel en A.B.C. geleer, (6) leer van die getalle, (7) die boeke van die Bybel ,,voorgespreek", (8) sang en gebed met sluiting. In die namiddag is min of meer dieselfde prosedure gevolg. Saans het Hein nog onderwys gegee aan diegene wat bedags by die vee was, terwyl Saterdagaande spesiaal gewy was aan die onderrig van die volwassenes. Elke Vrydag het hy herhaling gehad van alle leerstof van die week. Sy onderwys kan dus as volg gekenskets word. Dit was feitlik net godsdienstig van aard, die ou metodes van voorsê-en-herhaal en vra-en-antwoord was veral gebruik, sang en die gesproke woord het'n vername rol gespeel.

Nadat die skool 'n maand lank te Oegrabeeb gestaan het, het die Cloetes eers dieper in die Richtersveld na Kama getrek. Dadelik na die aankoms ,, begon ek ook onmiddellik school te houden," soos hy dit self in sy dagboek uitdruk.[5] Die rond-

---

3. Wallmann: Op. Cit., bl. 321.
4. Die eerste gedeelte van Hein se dagboek is in besit van eerw. G. Meyer, vroeër sendeling te Komaggas en Steinkopf, maar tans emeritus en woonagtig te Stellenbosch. Die tweede deel van die dagboek is in die sendingpastorie te Steinkopf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


trekkery het die onderwys dus nie so danig gedwarsboom nie; die skool was nl. die watent. Op 20 April het die Cloetes te Pada gestaan; Op 14 Mei was hul terug op Kama maar op 12 Junie was hul alweer te Kamtap (Springklip) Hier het hy en sy leerlinge 'n ,,bosjeskerk" gebou.[6] Weens die nabyheid aan die Grootrivier het die klompie ,,Riviervolk"[7] ook die diens bygewoon, sodat Hein van Andries Domroch, die tolk, se dienste moes gebruik maak. Kort daarna het die trek tot aan die Grootrivier gegaan waar Hein andermaal 'n bossieskerk gebou het. Nou het hy sowat 60 leerlinge gehad, mar die vordering in die skool was baie geringer, nie alleen weens die vermeerderde getal leerlinge nie, maar weens die domheid van sy ,,riviervolk", soos blyk uit die volgende aanhaling: ,,Veel kon ik niet beginnen dan letters spellen en eene versje uit een lied leeren, drie regels daar ik acht dagen aan arbeidde eer zy het kenden". Die skoolbywoning was vreeslik wisselvallig. Hieronder volg die getal leerlinge vir die volgende datums: 16 Mei, 25 Mei, 19 Augustus, 3 Januarie 1845 en 25 Februarie 1845: 17, 31, 61, 48, 7. Maar Hein se grootste probleem was die Nama-taal, die taal wat hy eers teen die einde van sy loopbaan enigsins begin baasraak het. Gert Cloete, maar veral die troue AndriesDomroch, het as tolke vir

---

5. Onder datum 8 April 1844.
6. " " 14 Junie 1844.
7. Die "Riviervolk" ook genoem Paul Links se stam, was 'n klompie Namakwas wat weens hul afsondering net die Nama-taal geken het. Selfs vandag nog is baie Richtersveldse Hottentotte te vind wat geen Hollands kan praat nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hein bygestaan. Dat die tolkery in die skool, en die feit dat die Namakwas Hein nie kon verstaan nie, bygedra het tot die stadige vordering in die skool spreek vanself.

Aanvanklik het hy afwisselend onder die Basters en die Namakwas gewerk, maar vanaf 14 Julie 1846 was hy uitsluitend verantwoordelik vir die bearbeiding van die Riviervolk. Dit was besonder moeilik, want nou had hy met die wispelturige Paul Links te doen, die kaptein wat vir homself die gerugte naam ,,Die Bierkaptein" verwerf het. Hein het nog altyd sonder enige vergoeding gewerk. By die Cloetes het hy dit egter wat huisvesting en voedsel betref goed gehad.[8] Maar by Paul Links het dit party dae net moeilik gegaan, ,, want ik had tot teering schlechts per dag een commetjè melk, en als de koeijen uitblyven dan moet ik tevreden weezen geen te krygen."[9] Die mense onder wie hy gewerk het, was ellendig arm; die hoofman het net 14 bokke gehad. Hulle het veral gelewe van doringboomgom en veldkos. Die bietjie vee wat hul nog besit het, het hul somtyds vir drank en tabak by die Engelse handelaar, Mc Dougall, aan die mond van die rivier verruil. Hein moes dus meer as eens met die sjambok tussen die mense inspring.[10] Ook in die skool het die sjambok werk gekry: Op 18 November 1847 het hy as volg aangeteken: ,, Was ik genoopt enige skoolkinderen met zambok te tuchtigen," maar na die tugtiging het hy die skuldiges darem weer uit Gods woord vermaan.[11]

---

8. Die Kerkbode 1926, bl. 446. Artikel oor Hein deur eerw. G. Meyer.
9. Dagboek onder datum, 30 Julie 1846.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Intussen het die eerste koperprospekteerdery in die Richtersveld 'n aanvang geneem. Dit het op nuut probleme meegebring. Drank is aan sy gemeentelede verskaf, maar erger nog, sommige van die jongere meide is deur die kopersoekers verlei.[12]

Trots alle teleurstellings het hy voortgegaan met die byna bomenslike werk om hierdie Namakwas te probeer beskaaf. Kuboes het hy tot hoofplek van die gemeente gemaak, en dit Richtersveld, ter ere van die sendingdirekteur Richter, genoem.[13] Te Kuboes het hy die eerste lande in die Richtersveld aangelê; die mense het egter nie danig sy voorbeeld gevolg nie, want soos Wallmann dit uitgedruk het: ,, Die allermeisten hatten freilich lieber Korn gebettelt, als Korn bestellt."[14] Toe die plaaslike direkteur van die Rynse sending, Zahn, in 1856 die stasie Kuboes besoek, het hy net enige families daar aangetref, ,, welche leider zum Teil mit ihm (Hein) und durch ihn leben."[15]

Hoewel hy in die winter van 1848 'n hele opwekking te Kuboes belewe het, en daar binne een jaar meer as 70 doopkandidate deur Knudsen en Hugo Hahn gedoop is, was die opbloei van slegs korte duur. Toe Hein in Maart 1849 vanaf Steinkopf terugkeer waar hy met Elizabeth Wimmer[16] getroud is, het hy 'n heeltemal

---

10. Dagboek onder datum, 21 Junie 1847.
11. " " " , 18 Nov. 1847.
12. " " " , 17 Jan. 1848.
13. Die naam van die kerkplaas het egter Kuboes gebly, maar die hele gebied word vandag die Richtersveld genoem.
14. Wallmann: Op. Cit., bl.332.
15. Missionsberichte, jaargang 1856, bl. 360.
16. 'n Dogter van die oud-sendeling, M. Wimmer.

Stellenbosch University, https://scholar.sun.ac.za


nuwe en ongesonde gees in die gemeente aangetref, Demoralisasie het in so'n mate posgevat, dat Hein die mense nie meer kon beheer nie. Per Slot van sake het die Rynse Genootskap besluit om Hein na Ebenezer te verplaas.

Eers op 1 Nov. 1863, na 'n afwesigheid van 4 jaar, het Hein in sy geliefde Richtersveld teruggekom. Die ergste koperkoors het sig toe al uitgewoed, en Hein het die leisels baie vaster gevat. Hy het die mag van die Bierkaptein doeltreffend beheer deur die Raad waarvan hyself die voorsitter was. Toe Scully die Richtersveld in die jaar 1892 besoek het, was hy ene bewondering vir Hein, "the dictator of the Richtersveld" soos hy hom genoem het.[17]

Vanaf 1864 het Hein vir enige jare die regeringstoelae vir 'n sendingskool ontvang maar die bywoning was verskriklik ongereeld. Vanaf April tot Oktober was dit feitlik net Hein se kinders en die tolk se kinders wat die skool besoek het. Teen Kersfees weer was die skool gewoonlik tot oorlopens toe vol. Teen 1884 het Johanna Hein, 'n dogter,[18] van Hein, die dagskool van haar vader oorgeneem, terwyl die vader verantwoordelik gebly het. vir die godsdienstige onderrig aan die doopkandidate. Sestien

---

17. Scully: Lodges in the Wilderness, bl. 194.
18. Christina & Rosina was die bekwame onderwyseresse te Steinkopf.
19. S.G.E. 1/257, Lett. Rec., Hein-S.G.O., 31 Des. 1899.
20. S.G.E. 1/1065, Lett. Rec., Hofmeyer-S.G.O., 9.7.19LO.
21. Volgens dagboek onder datum 15.2.1893 het hy met die 1892 oes, 57 sakke gewen.
22. Dagboek onder datum 1 Jan. 1891.
23. Scully: Op. Cit., bl.194.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


jaar lank het Johanna Hein haar vader bygestaan totdat sy in die huwelik getree het.[19] Hein se seun wat te Keetmanshoop in die Rynse skool opgelei is, het in 1900 die skool kon oorneem. Hein, jnr. het tot in 1916 nog goeie werk te Kuboes gedoen. In Julie 1910 het inspekteur J.H. Hofmeyr van J.H. Hein jnr. as volg gerapporteer: ,, Under peculiar circumstances and with great difficulty, the teacher is conscientiously doing his duty."[20]

Hoewel ons met Hein in die eerste plek as onderwyser te doen het, is dit tog ~~spoedig~~ nodig om nog enige dinge aan te stip van sy ander werksaamhede. Hy het die eerste die bewys gelewer dat selfs in Richtersveld koring gewen kon word.[21] Toe hy die eerste maand onder die mense kom woon het, het hy menige dag honger gely; in 1890 kon die Richtersveld al £46 bydra tot sy salaris.[22] In 1858 moes hy die Richtersveld verlaat omdat hy nie die orde kon handhaaf nie. In 1892 het Scully van die Richtersveldse beheerraad onder Hein gese: ,,I regarded that body with deep and sincere admiration."[23] In 1844 moes hy in 'n ,,bosjesschool", skool en kerk hou, maarop 1 Oktober 1893 kon hy sy pragtige kerkie te Kuboes inwy. As 17 jarige kategeet is hy deur Budler Oegrabeeb aan die werk gesit; op 1 Oktober 1893 is hy, die enigste kleurling in die Rynse Genootskap in S.A. wat die onderskeiding verwerf het, tot volmondige sendeling georden. In 1901 het Hein die ewige rus ingegaan, maar sy werk lewe vandag nog in die Richtersveld.[24] Budler het, behalwe die eer wat hom toegekom vir sy werk te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Saron, die eer dat hy een van die knapste en getrouste kleurlinge vir die diens van die Meester ontdek en aan die Richtersveld gegee het.[25] Hein se lewe het getoon wat ook 'n kleurling kan vermag wanneer hy sy werk aanvaar met sy Heer as sy Leidsman. Op 6 Maart 1894 kon hy in stilte sy vyftigjarige jubileum herdenk. Mooi is sy dagboek-aantekening: ,,Zoo kon ik niet nalaten mynen God voor de groote genade hartelyk te bedanken die Hy my door de jaren heen bewezen heeft. Zingende in de morgenaandacht. Loof nu den Heere, den magtigen Koning der eere."

Dönges, die regeerder van Concordia.

Toe eerw. Michael Dönges op 29 Oktober 1871 sy werksaamhede te Concordia begin het, was toestande daar gladnie te rooskleurig nie. Concordia se mense het tot 1863 nog onder Steinkopf sorteer, maar omdat hulle sover weg was van die stasie was hulle taamlik aan hulle self oorgelaat. Ook die klompie van die Pella-mense wat hulle te Concordia gevestig het, was gewoond om hulle eie baas te wees. Verder het die Concordia reserwe dieselfde probleme gehad as die ander reserwes, nl.: gebrek aan reënval, die uitlêgewoonte, die luiheid van die kleurlinge en hul liefde vir drank. Maar daarby was Concordia ook 'n myndorp, en het gewoonlik ook die tipiese probleme van die myndorplewe ondervind.

---

24. 'n Tydjie gelede het eerw. Le Grange, sendeling te Steinkopf dit bewerkstellig dat 'n kleinkind van Hein na Worcester gestuur is om as onderwyser opgelei te word. Enige oud-leerlinge van die grootvader het saamgespan om die onkoste van hul opleiding te dek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Tog het Dönges daarin geslaag om die Concordia-reserwe tot 'n model-reserwe te verhef. En die skool te Concordia was nie alleen die beste in Namakwaland nie, maar ook een van die bestes in die Kaap-Kolonie. Samuels het in 1881 van die Concordia-sendingskool gesê: "The instruction for thoroughness and accuracy, as well as for its range, is equal to what is given in most second class public schools I have seen."

Toe Dönges vir Haegner opgevolg het, was daar 127 leerlinge. Die jaar daarna was daar 196 leerlinge, terwyl daar in 1873 reeds 240 leerlinge in die sendingskool was. Solank Dönges bestuurder en hoof van die skool was, het die getal leerlinge selde onder 150 gedaal. Netsoos Weich, was ook Dönges self onderwyser aan die skool. In 1873 het die onderwyseresse wat nog in Haegner se dae onderwys gegee het, vertrek. Dönges se twee seuns, Johannes en Theophilus, toe slegs 12 en 10 jaar oud, het van toe af as monitore en onderwysers hul vader bygestaan.[26] Toe die seuns later na Stellenbosch gegaan het vir verdere studie het Dönges twee sendelingdogters as onderwyseresse vir sy skool verkry. Albei is deeglik opgelei aan die Rynse Instituut te Stellenbosch. Die twee dames was mej. M. Lutz, wat later met 'n seun van eerw. Weich getroud is,

---

25. Aandoenlik is Hein se aantekening in sy dagboek onder die datum, 12 Sept. 1895: ,,Op Saron mogt ik de eer hebben het graf van mynen ouden zaligen leraar Budler te zien."
26. S.G.E. 1/31, Lett. Rec., Dönges-S.G.O., 30.12.1873,6.2.1874.
27. Sien hoofstuk 11, bl. 249-251.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en mej. Kreft. Hierdie onderwyseresse het aan die hoof van die "Juvenile School" gestaan, maar Dönges het vir geruime tyd verantwoordelik gebly vir die hoogste klas in die skool. Hy was verder besonder gelukkig dat hy baie toegewyde onderwyseresse vir sy "Infant School" had. Die name van Anna Kouter en Mietjie Cloete verdien veral vermelding. Laasgenoemde het onlangs op hoë leeftyd gesterf.

Later het van Dönges se kinders die skool kon oorneem van hul vader. Johannes Dönges B.A. was eers hoof van die Distrikskosskool,[27] maar na die sluiting daarvan was hy hoof van die sendingskool. Mej. Caroline Dönges, 'n dogter van eerw. Dönges, het ook later die "Juvenile School" met sukses waargeneem.

Die vernaamste faktor wat dus verantwoordelik was vir die uitstaande skool te Concordia was die feit dat daar altyd bekwame en goed opgeleide onderwysers en onderwyseresse aan die hoof van die skool gestaan het. Dönges, as hoof van die skool, het gesorg dat die hoë standaard gehandhaaf is.

Maar die sukses van die onderwys was in 'n groot mate ook 'n gevolg van die uitstekende manier waarop Dönges die reserwe as geheel beheer het. In 1893 het inspekteur Le Roux omtrent die bywoning die volgende gesê: "The attendance is regular, the result of the constant watchfulness of the Mission Superintendent."[28] Netso dikwels soos die inspekteurs te kla had oor die swak gereeld bywoning en werk te Leliefontein, netso gereeld het die inspekteurs die goeie bywoning en werk te Concordia geloof. Hoe het Dönges daarin geslaag om so baie leerlinge so gereeld

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


te laat skoolgaan? Ons kan dit net verklaar uit die feit dat Dönges feitlik soos 'n diktator te Concordia regeer het. Hy het bepaal, wanneer die mense moes begin saai, wanneer hulle moes uitlê, waar die mense tuine moes maak en hulle huis moes bou.[29] Hierdeur het hy gesorg dat die skoolvakansies so veel soos moontlik saamval met die ploeg- en oestyd, en het hy gesorg dat die meeste mense nie te ver van die skool af woon nie.

Dieselfde orde wat daar op onderwysgebied en in die burgerlike lewe op die reserwe was, was daar ook op kerklike gebied. Reeds enkele jare na Dönges se aankoms was die gemeente in staat om sy volle salaris te betaal. In 1875 het sy gemeente die pragtige kerk kon inwy; wat £3000 gekos het. Een-derde van die bedrag is deur die gemeentelede self bygedra.[30] Dönges het volle beheer gehad oor alle publieke inkomste en uitgawes te Concordia; daardeur is hy in staat gestel om die hele ekonomiese lewe op 'n gesonde voet te stel. In 1895 is van sy gemeente gesê: ,,Seine Gemeinde hat den Ruhm im Spenden von Gaben für die Mission, unter unsern kapisches Gemeinden im Jahre 1894 obenan zy stehen." Concordia het dus in 1894 (toe die droogte reeds sy invloed laat geld het) selfs sulke sendinggemeentes soos Worcester en Stellenbosch uitgeklop!

In sy kerk het hy 'n strenge dissipline toegepas. Dronkenskap en ontug is deur die Kerkraad gedug gestraf.[32] Persone

---

28. S.G.E. 3/3. Inspec. Rep. 1893, Le Roux.
29. Inligting omtrent eerw. Dönges se tydperk is te Concordia veral deur persoonlike onderhoude verkry. Persone wat inligting kon verskaf was mnr. Mollat, die sekretaris van die huidige Beheerraad te Concordia, Petrus Engelbrecht,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


wat onder sensuur geplaas is, was verplig om op Sondae in die s.g. ,,skandebank" in die kerk plaas te neem. Teenoor sy katkisante het hy met dieselfde strengheid opgetree. Sommige van hulle het vertel van die vrees en bewing waarmee hulle die katkisasie-klasse van die ,,kwaai Meneer Dönges" bygewoon het. Treffend was egter ook die liefde en agting wat hulle teenoor ,,meneer" openbaar wanneer hulle van die ,,goeie ou tyd" praat.

Dieselfde strenge optrede het eerw. Dönges in die burgerlike lewe van sy gemeente toegepas. Hyself het die kleurlinge se persele aangewys. Die wat nie hul grond voordelig bewerk het nie, moes trap. Alle tuine moes doeltreffend ommuur of omhein word. Die talryke tuine in die nabyheid van Concordia dateer meesal uit hierdie tydperk.

Nie alleen Dönges se handewerk nie, maar ook sy geestelike werk lewe vandag nog te Concordia. Hoewel die mense sedertdien baie verarm het, word die kleurlinge van Concordia as werksvolk op die plase en as bediendes in die huise, as die bekwaamste van al die reserwes beskou. Eerw. Dönges se dertigjarige arbeid te Concordia het getoon hoedat selfs die ,,lui Namakwalandse Hottentotte" tot arbeidsaamheid en sorgsaamheid gebuig kon word. In 1904 kon eerw. Dönges met sy aftrede op 'n baie suksesvolle arbeid van vyftig jaar in Suid-Afrika terugsien.

---

29. Vervolg.) Mietjie Cloete, Magreta Zaal, gebore Wimmer.
30. Marais: The Cape Coloured, bl. 76.
31. Missionsberichte, Jahresbericht 1894.
32. Soos blyk uit die Kerkraadsnotule, wat nog in die Concordia-pastorie bewaar word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DIE KATOLIEKE IN NAMAKWALAND, 1873 - 1902. -

Onder die werksmense wat deur die C.C.C. en die N.C.C. uit Europa na Namakwaland gebring is, was daar ook 'n klompie Katolieke. As gevolg daarvan het die Katolieke ook begin reëlings tref vir die geestelike bearbeiding van hul geloofsgenote op die myndorpe. Die biskop Grimsley het eers Namakwaland besoek en teen 1873 het 'n paar priesters na Springbokfontein gekom. Hulle het aanvanklik maar min sukses met hulle werk gehad.[33]

Nadat die magstraat te Springbokfontein tevergeefs by die Rynse sending daarop aangedring het om die werk te Pella te hervat,[34] het hy uiteindelik die Roomse priesters gevra of hulle die werk daar wou voorsit. Hierdie aanbod het hulle met albei hande gepak. Weereens het sendelinge die dorre Boesmanland ingegaan om te Pella te werk, maar hierdie keer was dit Franse priestiers (tevore was dit Duitse en Engelse sendelinge). Die priesters, maar veral die nonne, wat later spesiaal as onderwyseresse gekon het, moes ontsettende ontberings in die woeste Boesmanaland verduur.[35] Die volharding en deursettingsvermoë van die eerste Katolieke pioniers soos Vader Wolf en Vader Simon verdien eervolle vermelding, maar dit sou onbillik

---

33. Missionsberichte, Jaargang 1875, bls. 245 en 366.
34. Sien bls. 318 - 319.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


teenoor hulle voorgangers wees as ons nie daarop wys dat die Roomse onder baie gunstiger omstandighede hul werk te Pella aanvaar het nie as die L.S.G. en die Rynse Sendinggenootskap. Die Boesmangevaar was weens die aanleg van polisiestasies te Kenhardt en later te Pella self feitlik iets van die verlede. Deur die toenemende verspreiding van blanke boere in Boesmanland was die klompie Basters en kleurlinge baie meer afhanklik van die sterk fonteine te Pella waar die Roomse priesters toe baas was. Selfs baie blanke boere was afhanklik van die water te Pella. Hierdie ,,magsposisie" het die Rynse sending nie gehad nie, omdat die Boesmanland toe nog oop en vry vir almal was. Ten slotte het die Roomse die voordeel gehad dat hulle op 'n stasie begin het, waar kosbare voorarbeid reeds gedoen is. Daar was reeds geboue deur Schröder b.v. opgerig, en daar was reeds enige damme en tuine.[36]

Maar dat die Roomse priesters harde en onvermoeide en self-opofferende werkers was, kan nie ontken word nie. Met Pella as basis het hulle baie gou hul invloed in Namakwaland laat geld. Reeds in 1875 is gevrees dat die Roomse die ou Wesleyaanse, en later die Rynse stasie, Blyde Verwacht, sou verower.[37] Maar dit was veral na 1882 toe Vader Simon na Pella gekom het, dat die Roomse hulle invloed terdeë laat geld het. Simon het

---

35. Birkly in sy boek, "Thirstland Treks", wy 'n baie interessante hoofstuk, nl. "Saints of the Desert" aan die beginwerk van die Roomse te Pella. Ongelukkig verwys hy slegs vlugtig na die pionierswerk van die Rynse Sending wat pas vier jaar tevore die werk daar prysgegee het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


geglo aan die spreuk: ,,Hou wat ek het". Waar die Roomse eenkeer posgevat het, daar was dit moeilik om hul weg te kry. Toe ds. Hauman deur omstandighede verplig was om sy plaas te verkoop, het hulle gesorg dat hulle die plaas, nl. Matjieskloof, digby Springbokfontein in die hande kry.

Soos ook elders waar hul sendingwerk gedoen het, het die Roomse baie van hul invloed te danke gehad aan hul ywer vir die opvoeding van die kind. Dit word hulle dikwels verwyt dat hul belangstelling in die kind gemotiveer is deur hul ywer om proseliete te maak.[38] Hoe dit ook al sy, die Roomse het inderdaad 'n vername rol gespeel, en speel vandag nog 'n vername rol, in die opvoeding van die Namakwalandse kleurling.

In Oktober 1877 het A. Gaudens namens die Katolieke aansoek gedoen om 'n toelaag vir hulle skool te Pella. Eerw. Pasqueraux sou die eerste onderwyser van 21 leerlinge wees.[39] Toe Samuels in 1881 die stasie en skool besoek, was hy baie aangenaam verras. Onder die geboue wat deur die priesters self opgerig is, was daar ook 'n losiesinrigting opgerig, waarin enige kinders uit Ookiep en die omgewing loseer het. Die kosgangers het na skoolure ywerig gehelp in die tuin en met ander werk op die stasie. "The School is thus an industrial institution which deserves the encouragement and support of the Department."[40]

---

36. Birkly stel die posisie nl. so voor asof die Roomse priesters in 'n woeste wildernis aangeland het.

37. Die eintlike naam van die stasie is Blyde Uitkomst; dit was nl. die Albrechtse se ou stasie. Vandag is die stasie in besit van die Katolieke onder die naam Jerusalem. Sien hoofstuk 6 bl. 97.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Aan hierdie aanbevelings is uitvoering gegee toe die departement van onderwys in 1884 die skool te Pella as 'n distrikskosskool erken het.[41] Die departement het baie ruim bygedra tot die skool. In die jare 1886 - 1888 is elke jaar 'n bedrag van £140 vir die distrikskosskool toegestaan.[42] Simon het terselfdertyd ruim ondersteuning van sy Genootskap ontvang, nl. £330 vir een jaar en £317 vir 'n ander jaar. Deur hierdie goeie ondersteuning is die Roomse in staat gestel om selfs kinders met Afrikaanse vanne soos Rou x, Coetzee en Hollenbach in hul skool op te neem. Die Hollandse predikante het dus rede gehad om die toenemende mag van die Katolieke te vrees en het ook gekla dat die Katolike deur alles vry te verskaf aan die leerlinge, blanke kinders aanlok.[43] Reeds is gesien hoe eerw. Dönges, die magistraat Eustace en ds. Conradie hulle beywer het om aan die Katolieke gevaar die hoof te bied.[44] Die gevaar is egter baie dikwels oordryf.[45] Scully het seker baie gelyk gehad toe hy beweer het dat baie Boesmanlaaders se bekering tot die Katolieke geloof baie afgehang het van goeie of slegte seisoene. Wanneer dit baie droog geword het, en die mense van die water te Pella afhanklik was, dan het hulle gerieflikheidshalwe Katoliek geword, maar sodra die Boesmanland reëns gekry het dan het hulle weer afvallig geword.[46] Wat die blankes betref was die invloed van die Katolieke feitlik net

---

38. Driessler, die Rynse sendinginspekteur, se in Oktober 1931. (Missionsberichte, Okt. 1931) ,,Um die Alten mücht er (die priester) sich nicht, er sucht und findet die Kinder." Sien ook 'n artikel deur eerw. Wandres in die ,,Brudergruss, Feb. 1897" oor, Die Schliche der Katoliken."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


beter en in 1898 het inspekteur Hofmeyer gesê: "The teachers are painstaking."[50]

Teen 1900 het die Roomse wat Namakwaland betref net te Pella en Matjieskloof sendingskole gehad. Die groot uitbreiding in hul werk, veral op die dorpe, het eers aan die begin van die twintigste eeu plaasgevind. Tog is die werk wat onder Vader Simon so gegroei het, so belangrik geag, dat die Namakwalandse sendinggebied in 1898 tot 'n afsonderlike ,,Vikariaat" afgestig is onder die naam die Oranje-Rivier Vikariaat. Vader Simon het seder 1898 biskop Simon geword.[51]

-DIE ONDERWYS OP DIE RESERWES, 1883 - 1900.-

In hierdie afdeling sal ons veral te doen he met die onderwys op die Komaggas,-Steinkopf-en Leliefontein-reserwes. (Die onderwysontwikkeling in die Richtersveld, op Concordia en Pella is reeds vir die tydperk in ander afdelings behandel.)

Te Komaggas het eerw. Schröder in 'n baie moeielik tyd, die droogtejaar 1883, gekom. Nieteenstaande die opstelling van 'n nuwe ,,gemeente-orde" was dit treurig gesteld met die reserwe. Mellville het in sy rapport melding gemaak van die verwaarloosde en kweekoorgroeide tuine te Komaggas. Die gemeente was gladnie meer in staat om hul sendeling te onderhou nie, en daar hy geen hulp meer uit Duitsland gekry het nie, was sy po-

---

45. (Vervolg). vandag Protestante en lede van die N.G. Kerk is. Een van hierdie afstammelinge studeer vandag aan die Wellingtonse instituut om as sendeling van die N.G.Kerk opgelei te word.

46. Scully: Lodges in the Wilderness, bl. 145

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sisie nie benydenswaardig nie. Scully het in 1892 aan die Koloniale Sekretaris aan die Kaap as volg geskyf: "The missionaries in charge of Leliefontein and Komaggas are probably the most to be pitied of all men holding public possessions in South Africa."[52]

In die skool egter het dit baie beter gegaan. Die skool het gestaan onder die bekwame dogter van die sendeling, mej. Emma Schröder. Sy was feitlik die enigste onderwyseres, maar met 'n klompie monitore wat onder haar toesig moes werk, het sy baie goeie resultate behaal.[53]

In 1894 het eerw. G. Meyer vir eerw. Schröder opgevolg, te Komaggas. Ook mej. Schröder het toe Komaggas verlaat. Daar eerw. G. Meyer nog kersvars uit Duitsland, nie goed tuis was in Engels en Hollands nie, het hy mevr. Weich jnr.(vroeër die onderwyseres, mej. M. Lutz van Concordia) gevra om die leiding van die skool op haar te neem.[54] Maar weens haar menigvuldige huislike pligte het haar dogter, mej. Caroline Weich, wat ook aan die Rynse Instituut te Stellenbosch studeer het, haar opgevolg. In 1895 is mej. C. Weich na Garies as onderwyseres, maar 'n ander dogter, mej. Lydia Weich, het toe die skool te Komaggas oorgeneem. Al hierdie veranderings het die skool nie goed te staan gekom nie, soos geblyk het met die inspeksie in 1900 toe net 12 leer-

---

47. Getuienis van Mellville voor die kommissie van 1896. Sien A.7.-1896.
48. S.G.E. 3/10, Inspec. Rep., Le Roux 1894 oor Pella.
49. S.G.E. 3/3, Inspec. Rep., Le Roux 1893 oor Matjieskloof.
50. S.G.E. 3/52, Inspec. Rep., Hofmeyer 1898 " "
51. Catholic Directory 1942, bl. 98.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


linge uit 42 geslaag het.[55] Die volgende jaar het mevr. Weich haar pos as bestuurder neergelê, en eerw. Meyer het toe, as bestuurder, Mej. Rose Raubenheimer as onderwyseres aangestel.[56]

Te Steinkopf het mej. Sophie Brecher se skool nog steeds baie goeie werk gelewer. Die inspekteurs-rapport van 1892 getuig van die knap organisasie van die skool. Die substanderds is in drie afdelings verdeel, en die werk in elke afdeling is duidelik omlyn. In die standerds is nie alleen Hollands nie, maar ook Engels met sukses onderrig. In die hoogste klasse is vakke soos geskiedenis, aardrykskunde ens. ook onderrig. Daar was 237 leerlinge op die rol, van wie 221 tydens die inspeksie teenwoordig was.[57] Maar in 1894 het Mej. S. Brecher na 'n dienstyd van 30 jaar afgetree. Kort tevore het ook eerw. Brecher na byna 50 jarige diens sy betrekking neergelê.

Brecher se opvolgers, H. Kling (1894 - 1898) en Biesenbach (1898 - 1902) het 'n ewige gesukkel gehad om geskikte onderwysers te vind. Nieteenstaande die feit dat Kling uit plaaslike fondse ook bygedra het tot die onderwysers se salarisse, het hy nog in 1895 gekla: "No teacher will ever come into this poor country."[58] Daarby het die vreeslike droogte van 1894 - 1896 die Steinkopf-reserwe besonder hard getref. Kinders het dikwels in die klas

---

52. Appendix 1 to Report A.7.-1896.
53. Sien S.G.E. 3/3, Ins. Rep., Le Roux 1893 oor Komaggas.
54. S.G.E. 1/176, Lett. Rec., Weich-S.G.O., 10.1.1895.
55. S.G.E. 3/77, Ins. Rep., Hofmeyr 1900 oor Komaggas.
56. S.G.E. 1/301, Lett. Rec., Meyr-S.G.O., 12 Mei 1901.
57. S.G.E. 3/556., Dep.Ins. Rep., Nixon oor Steinkopf.
58. S.G.E. 1/176, Let. Rec., Kling-S.G.O., 3.8.1895.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

weens hoger flou geval. Kling was verplig om die leerlinge drie keer per week van voedsel te voorsien. Gelukkig het die sendeling ruime ondersteuning uit die Kolonie en ook uit Duitsland ontvang.

Die lesse wat uit die droogte geleer kon word, het die sendelinge laat besluit om skure op te rig waar koring, veral saadkoring, gestoor kon word. Gedurende die goeie jare 1898 - 1901 is aansienlike voorrade koring geberg, maar tydens die Anglo-Boere-oorlog is die voorrade vernietig.

Te Leliefontein het die sendelinge ook maar 'n moeilike taak gehad. Vanaf 1889 tot 1894 was eerw. Robson die sendeling aldaar. Hy het die skool te Karkams[59] begin. Ook is 'n kerkgebou daar opgerig sodat Bethel heeltemal in verval geraak het. In 1893 was inspekteur Le Roux soos alle inspekteurs voor hom, baie teleurgesteld met die onderwys op die reserwe. Hy het ook 'n sterk vermoede gehad, dat kinders wat reeds die skool verlaat het, aangekeer is om 'n goeie vertoning tydens die inspeksie te maak.[60] Tydens die inspeksie van 1894 het Le Roux die indruk gekry dat die kleurling-onderwyser, Boyes, sy bes doen, maar dat die rondtrek van die mense sy beste pogings verydel.[61] Vir die eerste maal is die skool te Norap in 1895 inspekteer. Daar was net 6 leerlinge wat in 'n wakap skoolgegaan het.[62]

---

59. Die grootste skool op die reserwe vandag.
60. S.G.E. 3/3, Insp. Rep., Le Roux 1893, Leliefontein.
61. S.G.E. 3/10, " " " 1894, "
62. S.G.E. 3/20, " " " 1895, "
63. Getuienis H. Tindale voor Gekose Kom.
64. Appendix 1 to A.7. 1896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Eerw. Wilkinson, Robson se opvolger, het in 1895 gekla dat hy reeds moeilik gehad het met onderwysaake, "but Namaqualand beats everything that I have encountered." Na Wilkinson het eerw. Cheeseman in 1897 oorgeneem, terwyl eerw. Locke in Maart 1902 die sendeling was. Al hierdie gedurige wisselings het die onderwys ook nadelig beïnvloed.

Die algemene indruk wat ons van die reserwes gedurende hierdie tydperk kry, is dat toestande aan die versleg was. Dit is duidelik dat die sendelinge (behalwe Dönges te Concordia) hul ou patriargale gesag begin kwyt raak het. Hierdie toestande het die regering genoop om in 1889 die landmeter Mellville opdrag te gee om die toestande op die reserwes te ondersoek. In 1896 het 'n Gekose Komitee onder voorsitterskap van John Moteno weereens die toestande op die reserwes ondersoek. Albei rapporte, G.60 1890 en A.7. 1896, het baie ongunstig gerapporteer omtrent die kleurlinge op die reserwes. In l.g. word gesê: "The large tracts of land under resevation are occupied by a singularly thriftless class of native."

Die posisie van die sendelinge is bemoeilik deur die feit dat die kleurlinge agtergekom het dat die sendelinge sedert 1881 nie meer "legal power" oor die reserwes had nie.[63] Veral te Leliefontein was dit die geval. In 1892 het Scully van Leliefontein gese:[64] "The Leliefontein tract abounds in lazy idle scamps who lead a life of disreputable lotos-eating. The population consists of the thriftless, the improvident, the untrustworthy." Dit is 'n harde oordeel. Was al die opofferende werk ~~wat~~ vandat die Albrechtse in die land gekom het, dan tevergeefs? Ons wat weet

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


in welke toestand die oorspronklike Namakwas gelewe het, kan veilig antwoord, nee. Tog is dit nie weg te redeneer nie, dat daar baie meer sukses sou gewees het, indien die sendelinge die wetlike posisie wat hulle voor 1881 gehad het, kon bly handhaaf. het. Scully het aanbeveel dat die sendelinge die magte van 'n plaaslike magistraat moes hê.[65] Maar soos ons later sal sien, is selfs die laaste bietjie mag wat die sendeling oor die burgerlike sake gehad het, deur die wet van 1909 verwyder. In hierdie verband is die bevindings van die Kleurling-Kommissie wat in 1936 rapport gedoen het, baie interessant. Die toestande op die sendingstasies te Wupperthal en Elim waar die sendelinge nog die volle beheer had, het baie goed vergelyk met die toestande op die reserwes waar die plaaslike Beheerrade sake bestuur het.[66] Derhalwe het die Kommissie die volgende betekenisvolle aanbeveling gedoen: ,,Dat die huidige stelsel van regering van die Reservate deur middel van rade vervang word, deur 'n stelsel wat die aard van 'n weldadige maar strenge toesig behels."[67]

## DIE ANGLO-BOERE-OORLOG EN SY INVLOED OP DIE RESERWES.

Toe dit aan die begin van 1902 duidelik geword het dat die Boere van plan was om die myndorpies te beset, het die Britse leërleiding in Namakwaland groot getalle kleurlinge as soldate gewerf en in 'n spesiale korps, ,,die s.g. "Namaqualand Border Scouts" (kortweg die N.B.S.) georganiseer. Hierdie "Scouts" is besonder goed betaal. Ook het die kleurlinge heelwat geld verdien deur as transportryers vir die Britse leër diens te doen.

65. Appendix I to A.7. 1896. Brief 17 Junie 1896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie maklike manier van geldverdien, sowel as die bewapening van kleurlinge teen blankes, het 'n baie nadelige uitwerking op hulle gehad. Aan die einde van die oorlog was die kontantgeld ook al weer gedaan, terwyl hul vee deur verkoop ens. aansienlik verminder is.[68]

Die deelname van kleurlinge aan die oorlog teen die Boere het tot gevolg gehad dat l.g. vir die kleurlinge ook geen genade had nie. Leliefontein is deur die Boere onder Manie Maritz oorval, 35 kleurlinge is doodgeskiet, 1000 sak koring is weggery, en 500 beeste en 3000 kleinvee is gebuit.[69] Ook Komaggas is deur die Boere-Kommando's geplunder.[70] Toe Van Deventer se kommando's dreig om ook die dorpie Steinkopf te verower is die groot koringvoorraad op las van die militêre beamptes vernietig.[71] Ook Pella is in die lpop van 1901 deur die Boere besoek, en die kleurlinge het na Matjieskloof gevlug.[72] Ook te Concordia is sake lelik in die war gestuur deur die militêre bedrywighede. Omdat die twee seuns van eerw. Dönges nie by die "Town Guard" wou aansluit nie, is hulle gearresteer en 'n tyd lang na die gevangeniskamp te Groenpunt gestuur.[73] Dat 'n blanke hoofonderwyser gevange geneem word en as gewone gevangene weggestuur word, het seker 'n nadelige invloed op die kleurlinge gehad. Trouens die algemene invloed wat die oorlog op die kleurlinge had, was dat hulle in groot mate hulle agting vir die blanke verloor het.

---

66. Sien § 405, G. 54, 1937.
67. Sien §,414 (a) G. 54, 1937.
68. Sien § 408, G. 54, 1937.
69. De Wet: Im Kampf um Südafrika, 211 - 214.
70. Namaqualnad Letters; Miscelaneous Letters 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Orals het die sendelinge na die oorlog moeilikhede ondervind.[74] Die beloftes wat deur die militêre owerhede gemaak is aan die kleurlinge, sowel as die verwagtings wat by hulle weens die oorlog geskep is, het die sendingwerk baie benadeel.[75]

Van onderwys was daar onder sulke omstandighede g'n sprake nie. Baie leerlinge sowel as die onderwysers het na die myndorpe, veral Ookiep, gevlug.

Na die vredesluiting het sake stadigaan na hulle normale gang terug gekeer. Die kleurlinge is vir hulle verliese weens die oorlog gekompenseer, maar daar dit veral in die vorm van kontantgeld geskied het, was die geld ook gou-gou verspil. Die oorlog, sowel as die groot droogte van 1895, word dus met reg beskou as twee vername faktore beskou in die verarming van die kleurlinge op die reserwes.

## - SAMEVATTING VAN DIE ONDERWYS OP DIE RESERWES TUSSEN 1840 en 1902. -

Die Rynse Sendinggenootskap het op 'n baie kritieke tydstip die werk van die L.S.G. oorgeneem, d.w.s. kort voor die begin van die koperbedryf. Deur die ywer en strenge beheer van sendelinge soos Weich, Dönges, Bailie en Brecher is die kleurlinge van 'n dreigende ondergang gered.

Al vier reserwes het sterk opgebloei onder hierdie vier „leraars", maar na hul vertrek of afsterwe het 'n tydperk van

---

71. Medelinge van Mnr. H. Schlechter, destyds woonagtig te Steinkopf.
72. S.G.E. 1/346, Lett. Rec., Simon-S.G.O., 15.7.1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


agteruitgang ingetree. Die sendeling se patriargale mag het f feitlik verdwyn. Die droogte van 1894 - 1896 en die Anglo-Boere-oorlog het die agteruitgang nog verder in die hand gewerk.

Die onderwys het gevorder of agteruitgegaan na gelang van die gunstigheid of ongunstigheid van b.g. omstandighede. Deur die hulp wat van staatswee beskikbaar gestel is, was daar baie goeie voorsiening vir kleurlingonderwys op die reserwes. Dat die onderwys nie meer vrug gedra het nie, was veral te wyte aan die tipiese Namaklandse onderwysprobleme.

Die groot leemte in die onderwys was dat dit meer en meer los van die lewe gestaan het. Die godsdienstige aspek van die onderwys het geleidelik verminder, omdat die sendeling nie meer so 'n deel van die skool was as voorheen nie. Die skole het ontwikkel in die rigting van ,,boekskole" waar net die intellektuele sy beklemtoon is.

---

73. S.G.E. 1/301, Lett. Rec., J. Dönges - S.G.O., 18.5.1901.
74. Te Saron is b.v. 'n siviele saak teen die sendeling gevoer. Die opstandige kleurlinge is gelei deur 'n Amerikaanse Neger. Ook is dit die tyd toe die s.g. Ethiopiese Kerk met die leuse; ,,Afrika vir die Afrikane," so opgang gemaak het.
75. Sien Kollektenblatter, No 1, 1901., 'n artikel deur eerw. Kling. Ook Missions-zeitschrift Okt. 1904: 'n artikel deur Sauberzweig-Schmidt, oor Der Einfluss des Südafr. Krieges.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 15.-

## - KLEURLINGONDERWYS IN NAMAKWALAND VANAF 1902 - 1940. -

In die jaar 1899 was daar in die Namakwalandse sendingskole 919 leerlinge. In 1938 was daar 2758 kleurlinge en Namakwaland op skool, 'n persentasie-vermeerdering van 300. Kleurlingonderwys het dus in Namakwaland met dieselfde geweldige tempo vooruitgegaan as in die res van Kaapland.

Hierdie toename in die getal leerlinge het egter nie geleidelik geskied nie, soos 'n blik op grafiek 2 ons sal bewys. In 1919 b.v. het kleurlingonderwys in Namakwaland sy laagwatermerk bereik. Welke faktore was verantwoordelik vir hierdie skielike en skerp daling? In hierdie afdeling sal ons aan die hand van ons grafiek die faktore wat die vooruit- of agteruitgang van die kleurlingonderwys beïnvloed het bespreek.

Die ontwrigtende toestande geskep duer die Anglo- Boereoorlog word weerspieël in die dalende getalle vir die jare 1901, 1902, en 1903. In 1903 was daar 213 minder leerlinge in die skole as in 1900.

In 1904 is daar 'n aansienlike styging. Dit het die S.G.O. genoop om in sy 1904-rapport op te merk: "The position of Namaqualand is very satisfactory."[1] Hierdie groei toon aan dat die toestande min of meer tot die normale toestand teruggekeer het. Maar 'n ander faktor wat baie bygedra het tot die groei, was die

---

1. S.G.O.-rapport 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

GRAFIEK 2.

— LEERLINGE IN KLEURLINGSKOLE, 1900 - 1935.

— LEERLINGE IN BLANKE SKOLE, 1905 - 1935.



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


toenemende aktiwiteit van die Rooms Katolieke op onderwysgebied. Tevore was die Roomse wat Namakwaland betref, net werksaam te Pella en Matjieskloof, maar in 1902 het daar meer priesters na Namakwaland gekom. Waugh en Marechaux is na Port Nolloth, O. Fayes na Nababeeb en Metendier is na Ookiep.[2] Die eerste skool wat deur die nuwelinge gestig is, was te Nababeeb.[3] Die toenemende invloed van die Roomse het ook die ander genootskappe laat wakker skrik.

Die Wesleyaanse Genootskap het in 1903 hul werk op die myndorpe hervat. In daardie jaar het die Kerk 'n skool te Ookiep begin. In 1906 was daar dus drie sendingskole in Ookiep; een van die Engelse Kerk, een van die Wesleyaanse Kerk en een wat in 1906 deur die Roomse gestig is. Te Nababeb het die Roomse en die Anglikaanse Kerke elk 'n sendingskool gehad. Dit was ook die posisie te Port Nolloth.

Die ywerige eerw. Schierhout was in daardie tyd die predikant van die Anglikaanse Kerk. In 1903 het hy 'n staatsondersteunde Aandskool (N.-skool) te Ookiep gestig. Ook het hy 'n baie interessante eksperiment uitgevoer in die Ookiep-sendingskool. Tenseinde die onderwys in die skool meer prakties te maak, is gereël dat elke dag 4 Meurlingedogters om die beurt na Mevr. Schierhout se huis sou gaan waar hulle tussen 9 - 12 uur onder Mevr. Schier-

---

2. Soos die vanne ook aandui was hierdie priesters feitlik almal Franse.
3. S.G.S. 1/476, Lett. Rec., Fayes-S.G.O., 4 Nov. 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


hout se leiding huiswerk moes doen.[4] Ongelukkig het ons g'n verdere gegewens omtrent die sukses of andersins van die onderneming nie. In 1906 het eerw. Schierhout ook die ou sendingskool te Springbokfontein laat herleef.

Teenoor hierdie vinnige vooruitgang op die myndorpe: Ookiep Hababeeb en Springbokfontein, het die kleurlingonderwys te Concordia 'n geweldige terugslag ondervind toe eerw. Dönges in 1904 vertrek het. Met die inspeksie in 1905 het net 8 leerlinge uit 42 in die standerds geslaag. Kettertyd het eerw. Hanefeld dinge begin regruk, maar die hoë standaard van werk in eerw. Dönges se dae is nie weer bereik nie.

Gedurende die jare 1906 - 1909 was daar weer 'n daling in die getal leerlinge in kleurlingskole. Hierdie daling was veral 'n gevolg van die droogte, en was veral waarneembaar op die reserwes.[5] In hierdie tydperk het die Wesleyaanse met 'n sendingskool te Concordia begin. Dit was veral bedoel vir die Engelssprekende kleurlinge, die St. Helenas., te Concordia.[6] Die inspekteur het die nuwe skool goedgekeur, omdat gevoel is dat die Engelssprekende kleurlingkinders nie so goed gevorder het in die Rynse sendingskool nie.

Gedurende die jare 1910 - 1916 is daar weer vooruitgang maar die vooruitgang was meer bepaald in die dorpe. Op die reserwes het die agteruitgang nog verder toegeneem. Dit was

---

4. S.G.B. 1/557, Let. Rec., Hofmeyr-S.G.O., 14 Okt. 1905.
5. In 1906 het Steinkopf se rol van 271 na 143 gedaal.
6. S.G.B. 1/883, Lett. Rec., White-S.G.O., 31.3.1908.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



veral te wyte aan twee faktore; nl. die toepassing van die 1909 - Reserwe-wet, en die uitbreek van die ~~Genootskap~~ Groot-oorlog in 1914.

Die Reserwe-wet van 1909 het die beheer oor die reserwes uit die hande van die Kerke en Genootskappe geneem, en onder beheer van plaaslike beheerrade met die magistraat as voorsitter geplaas.[7]

Hierdie wet is sedert 1913 in Namakwaland toegepas. Die sendeling is nou wel ~~nou~~ bevry van die las en moeilikheid wat hul posisie as voorsitter van die ou Raad meegebring het, maar veral op finansiële gebied het dit hulle posisie baiehmoeilik. As voorsitter van die Raad was die sendeling se salaris taamlik verseker. Na 1913 het ander uitgawes voorrang geniet, sodat die bedrag wat deur die Beheerrade aan die sendelingsalaris betaal is geleidelik afgeneem het. Maar ook die onderwys het gely onder die nuwe reëling. Die sendeling het in sy dubbele kapasiteit as bestuurder van skole en as voorsitter van die Raad, die belange van onderwys goed kon versorg. Wanneer die departementele toelae b.v. te laag was om die dienste van 'n goeie onderwyser te verseker, kon hy uit die Raadsfondse die tekort aanvul. Die sendeling se beheer oor die Raad se geld het hom ook in staat gestel om geld te vind vir nuwe geboue en vir skoolboeke. So het die Steinkopf Raad nog in 1913 die som van £80 vir die onderwys bygedra.[8] Maar na 1913 het die sendeling niks meer

---

7. Wet 29 van 1909.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



te sê gehad oor die besteding van die geld nie. Die beheerrade het weliswaar nog altyd bygedra tot die onderwys deur geboue op te rig, en gedeeltelik vir die boekgelde te betaal, maar deur die nuwe reëling is die sendeling se invloed i.s. onderwys aan bande gelê. Hy het wel die onderwysers kon aanstel, maar vir die betaling van die onderwyser het hy net oor die toelaag beskik; wat die res betref moes hy die Beheerraad na die oë sien. Hierin het verbetering ingetree sedert die Departement die hele salaris van die onderwysers betaal het.

Die toepassing van die Wet het verder, verwarrend gewerk op die kleurlinge wat die doel daarvan nie verstaan het nie. Te Leliefontein het 'n seksie onder leiding van die onderwyser aldaar hulle verset teen die bepaling dat sekere geboue, die Kerk, o.a. die eiedom van die Kerk moes word. Die gevolg van die onderwyser se agitasie was dat die skool baie daaronder moes ly.[9] Ook te Komaggas en Steinkopf was die reaksie van die mense ongunstig vir die onderwys.[9a]

Die Roomse het egter voordeel getrek uit die toepassing van die wet. In die Hardeveld was daar enige plase soos Rietpoort, Lepelfontein en Molsvlei wat al sedert 1850 aan die kleurlinge behoort het. Hulle het hulself nog altyd beskou as lede van die N.G.Kerk te Van Rynsdorp. Die kommissaris van reserwes in 1913,

---

8. Besonderhede i.v.m. die finansiële sy is verkry uit die Steinkopffse Uitgawe - enInkomste-Boek. Dit is in dieSteinkopfpastorie.
9. S.G.B. 1/1457, Lett. Rec., Tourtel-S.G.O., 11 Sept. 1914.
9a. Missionsberichte, - Junie 1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Probart, wou hierdie plase ook onder die Reserwe-wet bring, en het o.a. probeer reëlings tref vir die voorsiening van onderwys aan die kleurlinge daar. Hy het eers die Wesleyaanse Kerk en die Rynse Genootskap genader, maar toe hulle nie kans sien nie, het hy die Roomse gevra om die mense in hul onderwysbehoeftes te voorsien. Die Roomse het die kans dadelik aangegryp en die priester, Van't Westeinde, het met enige kleurlingnonne die werk daar aanvaar. Toe ds. J.P. du Toit van die Hollandse Kerk te Garies wakkerskrik was die Koeël al deur die kerk. Die Roomse het met die geld wat hul tot hul beskikking had 'n koshuis van £1500 opgerig en het selfs die armste kinders van voedsel voorsien, soos blyk uit die vlg. aanhaling uit 'n brief: "At one school all the children are being fed by the Society owing toe their destitute state."[10]

Nadat die Katolieke eers posgevat het te Rietpoort het hul vandaar hul invloed uitgebrei na Garies, Van Rhynsdorp en Lambertsbaai. Hierdie uitbreiding van die Roomse invloed in 'n gebied waar vroeër net die Hollandse Kerk 'n seggingskap gehad het, het die Hollandse Kerk ook wakker gemaak vir sendingwerk. Toe ds. J.P. du Toit in 1918 verneem dat die Katolieke te Garies 'n skool wou stig, het hy om hul voor te spring in Mei 1918 self 'n skool vir kleurlingkinders gestig.[11]

---

10. S.G.E. Lett., Rec., 1/1353, Probart-S.G.O., 23 Okt. 1913.
S.G.E. 1/1487, Lett. Rec., Memo-S.G.O., 11 Feb. 1914.
Sien ook S.G.E., 1/1353, Lett. Rec., Memo-S.G.O., 10.12.1913.

11. S.G.E. 1/1911, Lett. Rec., Du Toit-S.G.O., 30.5.1918.
Dit was die eerste N.G. Kerksendingskool in Namakwaland in die twintigste eeu. Ds. Hauman het egter reeds in 1874 'n sendingskool te Bowesdorp opgerig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die ander gebeurtenis wat die onderwys op die reserwes benadeel het, was die internering van die Duitse sendelinge deur die regering. Eerw. Meyer is van Komaggas weggestuur, eerw. Klinge van Steinkopf en eerw. Manefeld van Concordia. Hoewel reglings getref is vir die voorbestaan van die skole, was die bywoning en gehalte van die werk swakker weens die afwesigheid van die sendelinge. Die onderwys te Steinkopf is veral gedisorganiseer omdat dit as basis vir die inval in Suidwes gedien het. Alle beskikbare geboue, o.a. ook die skool is dus vir militere doeleindes gebruik en gekommandeer.[12] Na die oorlog is die werk van die sendelinge verder bemoeilik deur die anti-Duitse gees wat deur die oorlog geskep is.

Vanaf 1916 tot 1919 vind 'n verskriklike daling plaas, van 1652 leerlinge na slegs 549. Hierdie daling is te wyte aan die sluiting van die kopermyne vanaf 1917. In sy rapport van 1919 meld inspekteur Retief dat die droogte, maar veral die sluiting van die myne, hiervoor verantwoordelik is. Die repatriasie van St. Helenas en Bolandse kleurlinge vanuit Ookiep het op groot skaal plaasgevind. Tog was die nood baie groot, en van onderwys onder die noodtoestand kon maar min teregkom. Hieronder volg die getal leerlinge in die sendingskole te Port Nolloth, Nababeeb en Ookiep gesamentlik:[13]

| | |
|---|---|
| 1916 | 558 |
| 1917 | 476 |
| 1918 | 417 |
| 1919 | 221 |
| 1920 | 188 |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Eers in 1930 is die hoë syfer van 1916 oortref. Hoewel die standaard van werk baie verbeter het, het inspekteur Slabbert nog in 1923 en 1924 gerapporteer dat die onderwys in die sendingskole nie doeltreffend was nie weens die ondervoeding van die kleurlinge en die groot klasse per onderwyser.

Teen 1933 is die Rynse stasies deur die N.G.Kerk oorgeneem.[14] Dit het 'n verdere ontwikkelling vir die onderwys op die reserwes beteken, daar die Afrikaanse sendelinge nie net op een sentrale skool op die reserwes gekonsentreer het nie. Hulle het baie buiteskole gestig en selfs plaasskole op die blankes se plase opgerig. Hierdie desentralisasiebeleid van die N.G.Kerk-sendelinge blyk uit die volgende gegewens:

| Jaar. | Getal skole. | Getal leerlinge. |
|---|---|---|
| 1930 (Rynse) | 6. | 767. |
| 1935 (N.G. Kerk) | 10. | 816. |
| 1938 ( " ) | 14. | 1056. |

Vanaf 1937 het die kopermyn te Nababeeb weer begin werk. In 1937 was daar net 23 leerlinge in die Roomse skool, maar in 1938 was daar al 100, terwyl die Anglikaanse Kerk hul ou sendingskool met 63 leerlinge herstig het.

In 1933 het die getal leerlinge in kleurlingskole op die rekordsyfer van 2758 gestaan. Tog is dit duidelik dat 'n baie hoë persentasie kleurlingkinders van skoolgaande ouderdom of glad nie skoolgaan nie, of slegs 'n minimum van onderwys geniet.

---

12. S.G.E. 1/1575, Lett. Rec. Kling-S.G.O., 22.1.1915. en S.G.E. 3/383, Ins. Rep. H.Z.v.d. Merwe.
13. Concordia is nie hierby ingesluit nie, aangesien die Concordi myn eers in 1933 gesluit het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# -KAART. 6.- KLEURLINGSKOLE, 1940

SWART INK = N.G.KERKSKOLE.
ROOI INK = KATOLIEKE SKOLE
PÊRS POTLOOD = WESLEYAANSE "
SWART POTLOOD = ANGLIKAANSE "




RESERWES:

1 = KOMAGGAS
2 = LELIEFONTEIN
3 = CONCORDIA
4 = STEINKOPF
} GROENRIVIER

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DIE ROL VAN DIE ROOMSE KATOLIEKE IN DIE ONDERWYS VAN NAMAKWALAND, 1902 - 1940.

Dikwels word in verband met Namakwaland die woorde ,,Roomse gevaar" gebesig. Daarom wil ons graag in hierdie afdeling aandag gee aan die aandeel wat die Roomse in die onderwys van Namakwaland gehad het. Eers vanaf 1902 het die Roomse skole op die dorpe Hababeeb, Ookiep en Port Nolloth vinnig vordering gemaak. Die volgende tabel toon duidelik aan hoe vinnig die Katolieke hul posisie op genoemde drie plekke verbeter het:

| Jaar. | Leerlinge in Katolieke sendingskole. | Leerlinge in ander sending-skole. | % in Roomse skole. |
|---|---|---|---|
| 1907. | 180. | 307. | 36.9 |
| 1910. | 214. | 267. | 44.5 |
| 1916. | 251. | 307. | 44.9 |
| 1919. | 158. | 63. | 70.1 |
| 1920. | 147. | 41. | 78.1 |

Opvallend uit b.s. syfers is veral dat toe die ander genootskappe met die mynsluiting feitlik die veld geruim het, het die Katolieke vasgeklou.

Die Katolieke skool te Matjieskloof naby Springbok het deurgaans sy hoë getal leerlinge gehandhaaf. In 1938 het dit ontwikkel tot een van die grootste skole in Namakwland met 270 leerlinge. As ons die Matjie skloof-skool en die Anglikaanse skool te Springbok byreken vind ons dat daar in 1938 altesaam 963 leerlinge in die sendingskole te Springbok, Hababeeb, Ookiep en Port nNollothh was. Daarvan was 603 leerlinge in Roomse skole, d.w.s. 64.6%.

---

14. Komaggas is egter reeds sedert 1926 deur 'n Afrikaanse sendeling bearbei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Dit is dus duidelik dat die krag van die Roomse Katolieke in die dorpe geleë is. Hulle het ook klein skooltjies te Garies en Kamieskroon, maar die N.G. Kerkskole daar is in staat om hul te handhaaf.

Wat die res van Namakwaland betref, het die Katolieke nie eintlik vordering gemaak nie. Pella was 'n baie belangrike basis vanwaar die werk na Suidwes, na Pofadder, Keimoes, ens., uitgebrei het, maar die skool daar het eers in 1937, 100 leerlinge bereik. Reeds is melding gemaak daarvan hoe die Katolieke te Pietpoort 'n houvas bekry het, en vandaar uitgebrei het.

Die sendelinge te Leliefontein, Steinkopf en Komaggas beweer dat die Roomse sterk pogings aanwend om skole op die reserwes gestig te kry. Dit sal egter nie so maklik gebeur nie, mits die sendelinge self hul bes doen om onderwysgeleenthede vir die kleurlinge daar te stel. Dit gebeur nogal dat reserwekleurlinge wat op die myne gaan werk onder Roomse invloed kom of met Roomse trou. Ons was op 'n vergadering van die Leliefonteinse Beheerraad waar 'n eenparige besluit geneem is, dat sulke kleurlinge nie op die reserwe mag bly nie. Daarenteen kla die sendeling te Komaggas dat een van die ,,korporaals" se kinders te Matjieskloof in 'n Roomse skool is.

Onder die blankes het die Room Katolieke ook ywerige pogings aangewend om proseliete te maak. Die gewone manier was om die blanke kinders in hul skole te kry deur gratis onderwys, selfs gratis losies aan te bied. In 'n brief aan die S.G.O. het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Vader A. Fayes spesiaal gemeld dat hulle werk onder die "poor whites" te Mababeeb.[15] In 1905 het inspekteur Hofmeyr in die sendingskool aldaar 24 blanke leerlinge aangetref. Hy het aanbeveel dat hulle na 'n publieke skool moes gaan, of dat die Roomse vader 'n blanke onderwyser vir die blanke leerlinge sou huur.[16] Dieselfde toestande het in die Roomse sendingskole te Port Molloth, Ookiep en Pella geheers. Sommige blanke kinders in die dorpe het somtyds 'n probleem opgelewer, want volgens die inspekteur is baie van hulle: "white in colour, but associated with the local coloured community." Tos ds.Luckhoff 'n blanke skool te Vlakmyn, naby Mababeeb, gestig het, het die inspekteur aanbeveel dat die blanke kinders wat die sendingskool besoek het, soontoe moes gaan maar nie almal nie "as many of them although white are practically socially on a level with the coloured people.[17] Gevolglik het die inspekteurs Hofmeyr, Luckhoff en N.Z.v.d. Merwe nog blanke moes kla dat daar nog steeds blanke kinders in die sendingskole was. Nog in 1925 het die blanke onderwyser te Mababeeb gekla dat daar nog steeds blanke leerlinge die Roomse sendingskool besoek het.[18]

Die Roomse Katolieke het eindelik besef dat dit die beste sou wees as hulle 'n aparte blanke skool stig. Gevolglik het hulle die kleurlinge en blankes te Pella definitief van mekaar geskei. Aan die blanke skool daar is 'n goedingerigte koshuis

---

15. S.G.S. 1/476, Lett. Rec., Fayes-S.G.O., 21 Nov. 1904.
16. S.G.S. 3/161, Ins. Rep., Hofmeyr 1905.
17. S.G.S. 3/182, Ins. Rep. Hofmeyr 1906.
18. Springbokse Skoolraadsnotule, 3.2.1925.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



verbonde. Roomse ouers stuur dus vandag hul kinders na Pella vir die Primere onderwys en na Springbok vir sekondere onderwys. Onder die blankes het die Katolieke nie daarin geslaag om baie mense oor te hal nie, maar in die kleurlingonderwys het die Katolieke in Namakwaland 'n groot aandeel gehad soos die volgende syfers bewys:

| Jaar. | Getal Kleurling-leerlinge. | Getal in Roomse skole. | % in Roomse skole. |
|---|---|---|---|
| 1916. | 1652. | 393. | 23.8 |
| 1921. | 745. | 292. | 39.2 |
| 1926. | 1287. | 371. | 28.8 |
| 1930. | 1769. | 384. | 21.8 |
| 1938. | 2710. | 796. | 29.4 |

Hierdie tabel toon dat hoewel die Roomse invloed in die onderwys minder is as in 1921, dit tog in die tydperk 1930-1938 weer vinnig vooruitgegaan het.

Waaraan moet ons die sukses van die Roomse Katolieke toeskrywe? In die eerste plek val dit nie te ontken nie dat die Katolieke priesters en nonne hul met besondere ywer en toewyding aan hul taak wy. In 1909 het ds. Luckhoff van die nonne te Pella gesê: "The sisters are very much devoted to their work - the teachers are painstaking."[18] In die tweede plek moet hul sukses toegeskryf word aan die sterk geldbronne wat tot hul beskikking gestel is. Te Matjieskloof, Pella, Garies, Pofadder, ens., was die Katolieke in staat om geboue op te rig nie alleen vir die priesters en nonne nie, maar ook vir die losies van baie leerlinge. Daardeur is hulle in staat gestel om veral die arm-

18. S.G.E. 3/253, Ins. Rep. 1909, Luckhoff.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


ste kinders wat onder normale omstandighede nie sou skoolgaan nie, in hul skole op te neem. Dit het ook dikwels voorgekom dat hul aan die leerlinge kaas, lemoene en geelwortels uitdeel.[19]

- DIE VOERTAAL VAN SENDINGSKOLE -

Vandag is Afrikaans die voertaal in alle sendingskole in Namakwaland.[20] Dit het egter lank geduur voordat die inspekteurs die sendelinge kon oortuig dat dit absoluut verkeerd was om Afrikaanssprekende kinders in Engels te onderrig. Veral in die Anglikaanse en Katolieke skole was dit nog die gebruik. In die Katolieke skole was dit veral te wyte aan die feit dat die Franse priesters en nonne gewoonlik by hul aankoms net Engels geken het. Ds. Luckhoff, as organiserende inspekteur, het die stryd teen Engels as medium aangeknoop. In 1909 het hy omtrent die skool te Pella getuig: "There is no Dutch taught in the school although it is the mother tongue of every child of the school."[21] Maar dit was eers in 1917 dat biskop Simon belooof het om Afrkaans as medium in te voer, maar hy voeg daarby: "but we shall at the same time displease the parents who think a lot more of the English language than of the Dutch."[22]

Dat skole soos Ookiep en Port Nolloth nog Engels as medium sou hê, is miskien te begryp aangesien so baie van die kleurlinge daar Engelssprekendes van die Kaap en St. Helena was.

---

19. Kotze: Op. cit., bl. 385.
20. Inligting van Mnr. A.J. v.d. Merwe, die huidige inspekteur.
21. S.G.K. 3/253, Ins. Rep., Luckhoff oor Pella.
22. S.G.K. 1/1772, Lett. Rec., Simon-S.G.O., 8 Des. 1917.
23. S.G.K. 3/279, Ins. Rep., Luckhoff oor Komaggas.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Maar dat die reserwes soos Komaggas en Leliefontein waar feitlik alle kinders net Afrikaanse gepraat het, Engels as voertaal gebruik is, is onverstaanbaar. In sy rapport oor die Komaggas-skool se ds. A.D. Luckhoff in sy rapport van 1910: "Prominence is given to English in this school. A knowledge of English is utterly useless to the Komaggas child."[23] Omtrent die skool te Leliefontein het hy in 1910 gemeld dat dit toe baie beter gaan omdat eerw. Crampton, die bestuurder, Hollands as medium ingevoer het.[24]

Nadat die kopermyne gesluit het, het die meeste St. Helenas die myne verlaat. Gevolglik het die wenslikheid om Engels as medium te gebruik, feitlik verdwyn. Reeds in 1929 het inspekteur Slabbert gerapporteer dat in alle kleurlingskole Afrikaans as medium ingevoer is.[25]

---

24. S.G.K. 3/279, Ins. Rep., Luckhoff oor Leliefontein.
25. Inspekteursrapport, 1929.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 16. -

## Ds. A. D. LUCKHOFF, DIE APOSTEL VAN NAMAKWALAND.

Uit die puin van die Anglo-Boere-oorlog het die Afrikaner na 1902 weer opgestaan. In 1910 het Afrikaanse staatsmanne die staatkundige eenheid van Suid-Afrika bewerkstellig. Trots verskeurdheid weens politieke onenigheid en rebellie het die Afrikaanse Gedagte gegroei. Die Afrikaanse taal het sy regmatige plek verower. Suid-Afrika het op staatkundige gebied sowereine onafhanklikheid verwerf.

Naas die prestasies op politieke gebied kan ons stel die prestasies van die Hollandse Kerk, veral die N.G. Kerk van Kaapland. Die Kerk het die voortou gevat in die rehabilitasie van die gesonke Afrikaner in woord en daad. Die kerklike Konferensie oor die armblanke vraagstuk te Cradock in 1916 het bewys dat die Kerk wakker geloop het. Reeds tevore het die N.G. Kerk met die daad getoon dat dit by die Kerk erns is om die armblanke te red - die daad, Kakamas.

Maar ook Namakwaland het na 1902 'n wonderlike twintig jaar deurgemaak. In Namakwaland is 'n harde stryd moedig gestry, maar kragtig is saamgewerk, en 'n harde taak is met sukses volbring. Om Namakwaland te red het Kerk, Staat en volk saamgestaan. Die redding van Namakwaland was 'n Reddingsdaad, so goed as wat mens kan verlang. Maar laat ons hierdie verhaal vertel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die begin van die werk, 1899 - 1904:-

In 1893 is die evangelis-onderwys, Pieter Malan, deur die Vroue-Sendingbond van die Kruisvallei-gemeente op hul eie onkoste na Namakwaland gestuur. Dit was die begin van die werk in Namakwaland van buite af.

Ds. J. Murray van Worcester het weer in 1899 enige maande op Dokiep en Nababeeb onder die versonke Afrikandems gaan werk. Die ontstellende beskrywing van die verbastering en dronkenskap ook onder die Afrikaanssprekendes wat in ,,De Kerkbode" verskyn het, het baie mense laat wakker skrik. Toe alreeds was die Katolieke vanaf Matjieskloof besig om hul invloed te laat geld ook onder die blankes.[1] Na Ds. Murray se vertrek het twee evangeliste, C.N. Kempff en Japie Ekateen die werk ook onder die Afrkaanssprekendes op die myndorpies voortgesit.[2] Hoewel die werk meestal godsdienstig van aard was, het die werkers deur aandskole probeer om die mense 'n bietjie meer in skrif te leer. Die beskrywings wat die verskillende werkers van hul ervarings meegedeel het, het orals belangstelling uitgelok.

Te Stellenbosch het die Zendingbidstond onder Mevr. M. Neethling die volgende stap gedoen. Hulle het 'n bedrag van £200 bymekaar gemaak om twee onderwysers na Namakwaland te kan stuur. Die gebroeders Marais het 'n verdere £140 beskikbaar gestel vir die aankoop van 'n wa, tuie, 'n span donkies en ander

---

1. De Kerkbode, 1899., bls. 355, 387 en 422en 685.
2. De Kerkbode, 1900, bls. 175, 365.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


benodigdhede.[3] Uiteindelik na 'n lang gesloer is die twee onderwysers, A.J. Greyling en Ebersohn, op pad na Namakwaland. Maar die onderneming het uit die staanspoor nie suksesvol geloop nie. Ebersohn het te Olifantsrivier agtergebly omdat hy en Greyling nie langs een vuur kon sit nie. In Januarie 1904 het Greyling te Garies gearriveer, maar het ten enemaal gewyer om onder bevele van die Namakwalandse Kerkraad te werk.[4] Hoewel die eintlike bedoeling was dat die persone op die plase onderwys moes gaan gee, skyn dit asof Greyling maar net geprook het,[5] en dit nogal meesal op plekke waar die predikant ook al moesal gekom het.[6] Na die afgeleë plekke soos Groenriviermond, Namies en Soebatsfontein, ens. wou Greyling nie gaan nie. Die sending was klaarblyklik 'n mislukking; een ding het duidelik geword dat die man wat nodig was om iets tot stand te bring van ander kaliber moes wees. Die persone wat na 1904 die voortou geneem het, het besef dat 'n goed opgeleide persoon wat tergelykertyd 'n goeie organiseerder is, onontbeerlik vir die sukses sou wees.[7]

Die volgende pogings om sake in Namakwaland te verhelp, het sy ontstaan gehad in 'n ..... eleksieveldtog. Adv. H.A. v. Zyl (vandag Regter v. Zyl) het aan die begin van 1904 saam met 'n mnr. Vollmer as die Bondskandidaat aan 'n verkiesing in Namakwaland deelgeneem. Tydens sy reis in die distrik het Adv. v. Zyl diep onder die indruk van die gebrek aan onderwysers van die platteland gekom. Hoewel hy nie verkies is nie, het hy sy belangstelling in Namakwaland nie geëindig met die afloop van die verkiesing nie.

---

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Op 27 Februarie 1904 het die belangrike brief van adv. V. Zyl in die Ons Land verskyn. Min briewe van individue het so baie teweeggebring soos hierdie brief. Op pertinente wyse het hy die nood in Namakwaland op onderwysgebied geskilder. Terwyl daar in Namakwaland g'n skole vir die Afrikaanssprekendes was nie, was daar terselfdertyd meer as 100 kwekelinge aan die „Boeren Zending Institumt" te Worcester, wat besig was om hul voor te berei vir sendingwerk, onder die kleurlinge. 'n Stroom van briewe het in die Ons Land vir sending gevolg. Die redakteur (wyle sen. D.F. Malan) het nie alleen prominensie aan die briewe verleen nie, maar het ook verkeie hoofartikels aan die saak gewy.

Dit het egter nie by woorde en briewe gebly nie. Ds. H. du Plessis Steyn van die gemeente Glen Lynden (Paarl) het in verbinding getree met adv. V. Zyl, wat 'n studentvriend van hom was.[8] Ds. Steyn het daarop die toestemming van die Tulbaghse ring erlang om Namakwaland terwille van die opvoeding te besoek.[9] Sy gemeente het hom enige maande verlof toegestaan.[10] Terwyl die onderhandelinge aan die gang was, het Dr. Andrew Murray die N.G.O. gaan spreek in verband met die voorgenome stigting van skole deur Ds. Steyn.[11] Die N.G.K. het die gewone ondersteuning vir skole beloof.

---

3. De Kerkbode, 1903, bl. 487.
4. Ons Land, 7 April 1904, brief van ds. Borich.
5. Ons Land, 23 Junie 1904, verslag van Mevr. H. Koethling.
6. Ons Land, 14 Mei 1904. Brief voorsitter Afrikaner Bond.
   Ons Land, 9 Augustus 1904, brief van ds. Borich.
7. Ons Land, 12 April 1904, brief Adv. V. Zyl.
8. In 'n persoonlike onderhoud deur Ds. A. D. Lukhoff meegedeel.
9. Ons Land, 11 Februarie 1905, brief van Adv. V. Zyl.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Ds. Steyn het op 14 Augustus te Garies gekom, vanwaar hy die omgewing besoek het met die doel om skole te stig. Teen 14 Oktober het hy reeds 131 huisgesinne besoek. Hy het 335 kinders van skoolgaande ouderdomme teëgekom, daarvan was 49 in een of ander soort van skool.[12] Teen die einde van die jaar het hy reëlings getref vir die stigting van skole te Klipkuil (later bekend as Groenriviermond) en Modderfontein, naby Garies.[13] In samewerking met Ds. Hörich is ook die skool te Grootvlei en 'n private plaasskool te Nigramoep aan die begin van 1905 geopen. Ook die myndorpe Ookiep en Nababeep is besoek, maar belangrik was veral sy besoek aan die s.g. Stryrivier. Hier het hy in 'n baie geïsoleerde streep 'n opeenhoping van verarmdes en veragterdes aangetref. Die mense was nie alleen arm aan besittings nie maar ook geestelik arm. Daar die streek so verwyderd was van die hoofpaaie, was sommige van die mense 13 jaar tevore laas deur 'n predikant besoek. Ds. Steyn het dus heelwat volwassenes selfs ou grysaards aangetref wat nie lidmate was nie. ~~Ds. Steyn~~ Hy het egter hierdie plek nie as verteenwoordigend van die algemene toestand beskou nie.[14] In elk geval Ds. Steyn se onverbloemde beskrywing van die nood die Ons Land -lesers diep getref.

Adv. Van Zyl het daaraan geglo om die yster te smee solank

---

10. Die Kerkbode, 25 Junie 1941, artikel deur ds. A.D. Luckhoff oor Ds. Steyn.
11. S.G.S. 1/476, Lett. Rec., Memorandum S.G.O., 1 Julie 1904.
12. en 13. S.G.S. 1/476, Lett. Rec., Steyn-S.G.O., 15.10.1904 en 2. 12. 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



dit heet is. In Des. 1904 het hy en die jong Ds. A.D. Luckhoff met 'n waentjie wat deur mnr. Vollmer tot hul beskikking gestel is, 'n onderwys besoek aan Namakwaland afgelê het.[16] Alle verdere onkoste in verband met die reis is deur Adv. V. Zyl persoonlik gedra.[17] In Namakwaland het Ds. Steyn by hulle aangesluit. Op twaalf plekke het die drie musketiers vir die Namakwalanders dienste gehou. Sêrs na die dienste het hulle die mense toegespreek oor die opvoeding van hul kinders. Hierdie metode het ingeslaan by die mense, wat nieteenstaande hul wantroue in die staatsondersteunde skole het die mense gevoel dat as kerkhou die bespreking van onderwysake saamgaan, dan kan onderwys darem nie so uit die bose wees nie. Op alle vergaderings het die sprekers die feit beklemtoon dat die Namakwalandse kleurling sy onderwys kanse gebruik; die blankes moes ook skole hê anders sou dit te sleg gaan.[18] Orals het die mense belowe om skole te stig, en het versoeke aan die regering gerig om met die stigting van skole tegemoetkomend te wees.

Hiermee was die voorarbeid feitlik klaar. Die Namakwalander of 'n groot deel altans, was hart en siel vir die opvoeding van hul kinders. Die Ons Land en De Kerkbode het verder gesorg dat die Afrikaanssprekendes gereed was om mildelik by te dra tot

---

14. Ons Land, 22 Februarie 1905, verslag van Ds. Steyn.
15. Destyds hulpprediker te Caledon.
16. Ons Land, 5 Nov. 1904, onder allerlei.
17. In 'n persoonlike onderhoud deur Ds. A.D.Luckhoff meegedeel.
18. Deur Ds. A.D. Luckhoff in 'n onderhoud meegedeel.
19. S.G.K. 1/476, Lett. Rec., Memo., S.G.O., 2. 12. 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## - DS. A. D. LUCKHOFF AS ONDERWYSORGANISEERDER[23] ONDER DIE SINODALE OPVOEDINGSKOMMISSIE, 1905-1908. -

Nog voordat ds. Luckhoff in sy nuwe bevoegdheid na Namakwaland gegaan het, het die eerste drie nuwe onderwysers reeds hul werk in Namakwaland aanvaar. G.H.Visser het na Modderfontein gegaan; S.Lombaard het aan Groenriviersmond in 'n matjieshuis sy eerste skool begin terwyl H. v.d. Spuy die skool te Grootvlei begin het.[24]

Voor sy vertrek na Namakwaland het ds. Luckhoff 'n onderhoud met die S.G.O. gehad. Laasgenoemde het belowe om alle redelike aansoeke om skole te oorweeg. Sy houding was streng offisieel.[25]

In Namakwaland het ds. Luckhoff met die aloue onderwysprobleme te doen gekry, t.w. die arbeidskwessie, armoede, selftevredenheid van die mense, agterdog teen staatskole, die lange tradisie van net 'n paar maande skool, onderlinge rusies, maar bowenal „de aartsvyand der opvoeding, het uitleggen."[26] Daarby het die droogte van 1895 en die Anglo-Boere-oorlog nog verder bygedra tot die ekonomiese agteruitgang van die mense.

Daarteenoor was daar faktore in ds. Luckhoff se guns wat vorige hervormers soos b.v. Ds. Conradie nie gehad het nie. Hy was vry om sy aandag uitsluitend aan onderwyssake te wy. Hy het

---

21. Kaapse Kerkargief: Acta Synodi 1906, Bylae 23, bl. 59.
22. " " " " " " " " ".
23. In Ons Land, 11 Feb. 1905 is van hom as opvoedingsendeling gepraat.
24. Mnr. Lombaard het enige jare gelede nog aan Groenriviermond gewoon. Mnr. H.v.d. Spuy is vandag woonagtig in die Paarl.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geld tot sy beskikking gehad om boeke en ander skoolmateriaal, selfs voedsel en klere, die reisgeld van die onderwysers, ens., te betaal. Maar die allervernaamste was dat Ds. Luckhoff onderwysers kon kry om in die moeilike Namakwaland kon werk. Dit was 'n wonderlike sameloop van omstandighede wat hom hierdie seën besorg het. In die krygsgevangenekamp in Ceylon, Indië en op St. Helena het talle jong manne hulle voorneme te kenne gegee om na die oorlog sendingarbeiders te word. Die gevolg van hierdie geesdrif vir die sendingsaak, het die stigting van die „Boeren Zending Institunt" te Worcester as volg gehad.[27] Uit hierdie instituut, gewoonlik die Drostdy genoem, het Ds. Luckhoff 14 van sy onderwysers in Namakwaland betrek, sommige van wie onskatbare dienste bewys het.[28] Dan moet ons ook nie vergeet nie dat Ds. Conradie se moeitevolle arbeid ook sy vrugte gedra het. Oral in die Namakwaland was daar mense wat die seën van onderwys hoe min ook al - geniet het, en nou besef het dat hulle eie en hulle bure se kinders nie in onkunde mog opgroei nie. Hulle was Ds. Luckhoff se staatmakers in Namakwaland. Daar was mnr. Rossouw van Modderfontein wat 'n driedaagse reis na Hondeklipbaai onderneem het om sy meubels vir die skool te gaan haal. Dan was daar b.v. Mnr. Arnoldus Maass van Namies wat in 'n tent gaan woon het en sy huis tot die beskikking van die onderwyser gestel het.[29]

---

25. Deur ds. Luckhoff in 'n persoonlike onderhoud meegedeel.
26. De Kerkbode 1905, bl. 497. Verslag van ds. A.D.Luckhoff.
27. Die Huisgenoot, 23 Jan. 1942, bl. 49. De Kerkbode, 1902, bl. 537.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Verder noem ons mnr. P. Cornelissen van Spektakel, mnr. G. Rentzke van Vallekraal, mnr. C. v.d. Westhuisen en mnr. W. Kotze van Grootvlei. Maar onder al hierdie staatmakers was daar veral Oom Jan Nelson. Hy was die seun van die vorige katkiseermeester, Anthonie Nelson.[30] Oom Jan Nelson se hulp was veral waardevol omdat hy in die omgewing van die „swart kol" van Namakwaland, n.l. Stryrivier, gewoon het. Hy het in sy jonger dae as kerkraadslid self hand bygesit met die katkisasie-onderwys in sy buurt. Van Hom het ds. Luckhoff getuig: „My het my[32] duisende goeie dienste bewys." Sn"Mnr. Jan Nelson is the greatest educationalist in these parts. He is all soul for education."[33] Ook inspekteur H.Z. v.d. Merwe vertel dat hy nog nooit iemand teëgekom het nie, wat so kon pleit by die mense om tog hul kinders in die skool te sit en te hou nie, soos Oom Jan nie.[34]

Verder het ds. Luckhoff ook die heelhartige steun geniet van die ..... bestuurder van die C.C.C. Mnr. Dean, die destydse bestuurder, het gereel dat alle skoolbehoeftes, selfs hout en sink vir die koshuis te Namies, gratis op die Port Nolloth- Ookiepspoorweg vervoer is. Hierdie toegewing het ds. A.D.Luckhoff honderde ponde bespaar.

Les bes, moet ons die sukses van die onderneming toeskryf aan ds. Luckhoff self. Die beste onderwysstelsel, volgp gela,

---

30. Ons Land, 3 Nov. 1905, verslag ds. A.D.Luckhoff. Iemand het na aanleiding van die Droëdy-onderwysers gesê: „Zoo is er dan toch uit den oorlog een zegen geboren. De krygsgevangenen komen nu onze kinderen onderwyzen." In De Kerkbode 1907, bl218
29. De Kerkbode, 1905, bl. 497.
30. Sien hoofstuk 12, bl. 283.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


knap en pligsgetroue onderwysers, ens., sou tog nie die onderwysprobleem opgelos het nie, as die vertroue van die Namakwalander nie gewen is nie. By die Namakwalander was daar altyd, en is daar nog, 'n diepgestelde wantroue teenoor die ,,uitlander".[36] Maar ds. Luckhoff het weens sy liefde, meegevoel, sy geduld met en insig in die probleme van die Namakwalander, daardie skeidsmuur verbreek. 'n Mens verbaas jou oor sy wonderlike geduld met b.v. die mense te Nariep en Grootmist. Kort-kort het die mense daar die moeitevolle werk van die onderwyser en die organiseerder deur hulle uitlê gewoonte omvergegooi. My het begryp - ,,alles versteken heisst alles verzeihen" - dat die Namakwalander weens sy jarelange isolasie, wat as gevolg gehad het die vasworteling van 'n sekere houding teenoor onderwys, niedaarvoor geblameer moes word nie. Aan die S.G.O. het hy in sake die mense op Grootmist geskrywe: ,, Surely it is their misfortune, rather than their fault that these people are so indifferent to the claims of education."[37] Dan het ds. Luckhoff geglo: ,,In Namakwaland moet 'n mense nooit haastig word nie."[38] Daarby was geen opoffering vir Ds. Luckhoff te veel nie. Dink net aan die vermoeienis van die vyfdaagse reis per donkiewa van Springbok na Namies.[39] In 'n waarderende brief aan die Ons Land, stel Oom Pietjie Cornelissen die vraag, en antwoord: En ds. Luckhoff, waar woont hy? Op een

---

31. 'n Baie interessante, hoewel nie oraals heeltemal juiste, lewensgeskrywing van Ook Jan het in Die Brandwag 9 Mei 1941, geskryf deur Sangiro, verskyn.
32. Die Kerkbode, 25 Junie 1941.
33. Uit jaarrapport aan die S.G.O., 1910.
34. In 'n persoonlike onderhoud meegedeel.
35. Kotze:Namakwaland, 'n sosiologiese studie ... , bl. 57.
Alheit: Die Familie .... bl. 92.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


kar."[40] Voeg hierby ds. Luckhoff se organisasietalent en sy opvoedkundige versiendheid en u verstaan waarom die Sinodale opvoedingskommissie hom volle vryheid verleen het om sy planne uit te voer. Hy was die regte man op die regte plek.

Die werk van 1905 was meesal aanvoorwerk, maar reeds die eerste jaar het die volgende skole tot stand gekom:

(1) Namies met die sendingstudent Danie Krynauw as onderwyser.

(2) Springbokfontein met 'n mej. Strachan as onderwyseres.[41]

(3) Brakfontein met S. Strydom as onderwyser.

(4) Garies met De Kock as onderwyser.

Die skole te Groenriviersmond, Modderfontein en Grootvlei is besoek en baie bevredigend gevind. Die onderwysers was geitlik almal besig met hulle werk. Hulle het nie alleen aan die kinders onderwys gegee nie, maar het ook aspirant-lidmate vir die katkisasie voorberei. Sondae het baie van hulle dienste en Sondagskool gehou. Dit het verder daartoe bygedra om die mense se wantroue te vernietig.

In die loop van 1906 het ds. Luckhoff 'n baie groter getal

---

36. 'n Term vandag nog in gebruik teenoor alle mense wat nie in Namakwaland gebore is nie, d.w.s. nie „boorlinge" is nie
37. S.G.S. 1/ , Lett. Rec., Luckhoff-S.G.O., 2 Des. 1908.
38. Die Huisgenoot, 21 Nov. 1941, bl. 23., artikel deur ds. Gerit
39. Die redakteur van Ons Land het daaromtrent gese: „Het is een heerlyke enthusiasme dat onder zulke omstandigheden nog een glimlach kon wekken." (By sy aankoms daar is hy vir 'n Joodse smous aangesien) Ons Land, 29 Jul. 1905.
40. Ons Land, 22 Nov. 1907.
41. S.G.S. 1/387, Lett. Rec., Luckhoff-S.G.O., 10.8.1905. Die magistraat, Nagennis was baie behulpsaam.
42. In hierdie bespreking het ons ook die Soebatsfontein-en Stryrivier-gebiede by die Sandveld ingesluit weens die feit dat die onderwysprobleme min verskil van die Sandveld. Hierdie gebiede is egter plaaslik bekend as die Karro.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# -KAART. 5.- SKOLE DEUR DS. A. D. LUCKHOFF GESTIG, 1905-1908.



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


skole gestig. Ders is die Hardeveld en die Binneveld van skole en onderwysers voorsien. Die volg. skole is gestig:

(1) Nuwefontein met A.J. Boshoff as onderwyser.

(2) Hartebeestrivier met F.Wentzel as onderwyser.

(3) Welkom met M.W. Nienaber as onderwyser.

(4) Meeklip met Van Lill as onderwyser.

(5) Migramoep met G. J. v. Zyl as die onderwyser.

Behalwe die stigting van nuwe skole het ds. Duckhoff ook hulp verleen aan die bestaande private boereskole van Dieter Malan, mevr. Hannie Mans en Gert Bestiaanse deur skoolboeke te verskaf.

Belangriker egter was die stigting van skole in die geisoleerdste deel van Namakwaland, die Sandveld.[42] Te Soebatsfontein is 'n skool aan die begin van 1904 met G.J. Visser as die onderwyser gestig. Hoewel daar voor die tyd private boereskole was, was hierdie die eerste regeringskool daar. Die mense van Soebatsfontein het baie vee verloor gedurende die droogte van 1904.[43] Hoewel die plaas van oudsher 'n kerkplaas was, was die mense weens hul isolasie baie konserwatief. Ondertrouery het ook hier op groot skaal plaasgevind. Die oorspronklike eienaar J.A.H. Aggenbagh het nog 'n sterk boedel nagelaat, maar weens onderverdeling van die grond en ondertrouery het ekonomiese en geestelike agteruitgang ingetree.[44] Die skool was destemeer noodsaaklik.

---

42. 75% volgens ds. A. D. Duckhoff in 'n toespraak in die Wichtzaal, gerapporteer in die Ons Land, 7 Okt. 1905.
44. Om s het die mate van familie-trouery net by die Aggenbaghs van Soebatsfontein probeer nagaan. Vier van J.A.H. Aggenbagh se kinders is met neefs of niggies getroud. Baie van die klei

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Maar toe die uitleetydperk aanbreek, was Visser maar verplig om die skool te sluit. Die volgende jaar het ds. Luckhoff die skool herstig, en toe het dit darem beter gegaan.

Die stigting van 'n skool te Grootmist het met nog groter moeilikhede gepaard gegaan. In 1895 reeds het ds. Conradie omtrent Grootmist geskryf: „Daar ze ver van elkander wonen, trouwen ze van geschlacht tot geschlacht met hun familiebetrekkingen. Het is op sommige plaatsen aller treurigst gesteld met de kinderen. Hun gezicht is schlecht, ze zyn arm van verstand of hebben andere gebreken. Ik heb soms geweigerd zulke huweliken in te zegenen. We willen onze menschen opheffen, doch als we voortgaan zulke huweliken toe te laten, zullen wy het getal ongelukkige menschen vermeerderen."[45] Die mate van ondertrouery daar was dan ook nog altyd die opvallendste verskynsel in verband met die lewe te Grootmist, wat deur besoekers opgemerk is.[46] Die drie families wat feitlik die bevolking van Grootmist uitmaak, was en is die families Wiese, Coosen en Mostert. Ons het probeer vasstel die mate van die ondertrouery deur die trou-en doopregisters van die Namakwalandse gemeente na te gaan. Wat die Mosterts betref moes ons tou opgooi, omdat weens die baie persone met dieselfde name dit moeilik was om te bepaal wie is wie se kind, ens. Wat die ander twee betref het ons die volgende min of meer kon bepaal . Johannes Benjamin Wiese, die stamvader van die

---

44. (Vervolg) kinders het insgelyks met neefs of niggies getrou. Uit 14 huwelike aangegaan deur manlike lede van die gesin voor 1908 was 9 huwelike met niggies, 1 met 'n kleinniggie terwyl net 4 nie-familiehuwelike was.
45. Conradie: Ondervindingen van een jongen Predikant in Namakwaland, bl. 21.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wieses te Grootmist, is met 'n mej. Goosen getroud. By die Goosens (die Grootmist-deel van die familie)[47] het ons bevind dat van 14 huwelike wat deur die kinders en kleinkinders van Jan Goosen gesluit is, daar 12 huwelike met of Mosterts, Wieses of ander Goosens plaasgevind het.

Omtrent die gevolge van ondertrouery op die intelligensie van die kinders, volstaan ons met die volgende aanhaling uit mnr. P. Mc Lachlan se tesis oor die gevolge van ondertrouery in die Langkloof.

„ Die intelligensie van kinders uit familiehuwelike kan baie swak sowel as baie goed wees. Swak resultate skyn egter definitief meer die reël te wees by familie-huwelike, veral wanneer daar herhaalde ondertrouery is."[48]

Dit spreek dus vanself dat ds. A.D. Luckhoff sy uiterste bes sou doen om hier 'n skool te stig. Maar soos die ongeluk dit wou hê, die gebied het onder die Port Nollothse Skoolraad sorteer. Hierdie skoolraad het uit Engelssprekendes bestaan en net een lid, nl. Mnr. Andrew Rich, het die Grootmist-omgewing geken. Niettemin toe ds. Luckhoff 'n skool stig met oerw. Smith as onderwyser, het hulle toegestem om die skool onder hul beheer voort te sit. Met die skool het dit goed gegaan, totdat die uitlêtyd aangebreek

---

46. Mnr. H.Z.v.d. Merwe in 'n persoonlike onderhoud meegedeel.
48. Prof. Taute, sien Rossouw: Die Armkoshuisstelsel:....bl.83, 'n ongepubliseerde B.Ed.-tesis, Stellenbosch.
Alheit: Die Familie ens., bl. 131.
47. Dit is opmerklik dat die ander tak van die Goosens, nl. die geslag van Gys Goosen, baie beter presteer het as Jan Goosen van Grootmist se tak. By Gys Goosen se kinders en kleinkinders het daar baie minder familiehuwelike voorgekom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het. As gevolg van hierdie teleurstelling wou die Port Nollothse Skoolraad nie verder verantwoordelik gehou word vir die skool nie. Ds. Luckhoff het egter sy saak voor die S.G.O. bepleit, en die Skoolraad het die uitlêprobleem probeer oplos deur in die uitlêmaande 'n huis in 'n huismoeder te huur, sodat die leerlinge nie hoef saam te trek nie. Maar ook hierdie reëling was nie 'n oplossing nie; want baie ouers kon soos hulle beweer nie die kinders se losies verskaf ~~nie~~ deur die nodige voedsel te gee nie. Toe die skool in 1903 inspekteer was, was daar net 18 leerlinge.[49]

In November 1903 was die skoolraad sat van al die gesukkel en ook die onkoste(£10 per leerling per jaar) verbonde aan die skool en het die S.G.O. in kennis gestel dat hul niks verder met die skool te doen wou hê nie.[50] Die posisie het vanaf 1910 verbeter toe ds.A.D.Luckhoff daarin geslaag het om die skool onder die Springbokfonteinse skoolraad te laat sorteer. Maar die moeilikhede het nog lank voortgeduur, totdat mnr. P.H.de Villiers, die onderwyser daar sedert 1912, die dinge kon regvat.

Vervolgens het ds. Luckhoff die onderwysprobleme van 'n ander"swart kol", die berugte Stryrivier, aangepak. Langs die rivier en in die omgewing van Speltakefl het daar 'n groot getal

---

47. (Vervolg) Dr. P. Kotze het ook bepaal dat tussen 1895 en 1938 in Namal. nog 8% van die huwelike, familiehuwelike was. Sien Kotze: Op. cit., bl. 129.
48. McLachlan: Die Invloed van Familiehuwelike op die Intelligensie, bl. 117, 'n ongepubliseerde B.Educ.-tesis, Stellenb. Mnr. P.H. de Villiers, sedert 1912 onderwyser te Grootmist, het ons ook die volgende onder die aandag gebring. Hy het die loopbane van drie families te Grootmist, se (a), (b),(c) nagegaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



veragterde en verarmde Afrikaners gewoon. Hierdie verarming was veral 'n gevolg van die transportryery.[51] Met die sluiting van die Spektakelmyn omstreeks 1900 was die mense meteens in armoede gedompel, want hulle het geen vee meer besit om op terug te val nie. Met die Duits-Hottentot- oorlog in 1904 het hulle weer goed geld verdien met transportry tussen Steinkopf en Hammansdrif. Na die oorlog verby was, was hulle egter netso arm as tevore.

Maar dis in hierdie omgewing dat Oom Jan Nelson gewoon het. Hy het ds. Luckhoff geleide gedoen na die dele, en saam het hulle bepaal waar die skole gestig sou word. Drie skole is gestig, nl. te Vaalheuwel, Stryrivier en Spektakel. Die Minister van Binnelandse Sake, Crewe, het twee "militari" tente[52] vir twee van die skole beskikbaar gestel. Die tente was tegelyk die skool en met behulp van 'n afskorting ook die woning van die onderwyser. Die eerste drie onderwysers, nl. C.Du Toit, C.P. Badenhorst en Haarhoff het met die Nautilus[53] die Oecreis tussen Kaapstad en Port Nolloth afgelê. 'n Mens wonder wat hierdie oud-stryders

---

48. (Vervolg) Die vader van familie (a) was met sy eie niggie getroud. Hy het sy plaas 44,000 morg aan sy nege kinders vermaak. Hulle is vandag almal armblankes. Die vader van familie (b) het slegs 12,000 morg aan agt kinders kan nalaat, en die vader van (c) het het 5,000 morge nagelaat vir 10 kinders. Al die kinders van die families (b) en (c) lewe vandag nog goed. Die vaders van families (b) en (c) het egter nie in familie getrou nie.
49. S.G.T. 3/223. Inspec. Rep., 1903.
50. S.G.T. 1/883, Lett. Rec., Cooper-S.G.O., Nov. 1908.
51. Mac Millan vertel in sy, "The South African Agrarian Problem" bl. 59, hoedat transportryery 'n gees van traak-my-nie-agtigheid skep.
52. Oom Jan Nelson se benaming vir die tente wat uit die Anglo-Boere-oorlog dateer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



se gewaarwordinge moes gewees het, toe hulle met die C.C.C. se treintjie vanaf Port Nolloth na Anenous gereis het. En toe hulle met oom Jan se waentjie deur die ,,melkbos-wêreld" na hulle ,skole gery het.[54] Niemand sal dit die onderwysers ten kwade dui dat sommige van hulle so spoedig moontlik weer na elders gegaan het nie. Een van hulle, C.P. Badenhorst, is egter in Namakwaland getroud, en het tot sy dood, enige jare gelede, in Namakwaland gebly.

Behalwe die ontberings wat die onderwysers weens die troosteloosheid van hul omgewing moes verduur, het hulle ook bitter swaar gekry omdat hul salarisse, weens 'n verskil tussen die departement en die skoolraad oor die status van die skole, nie uitbetaal is nie. Die departement wou die skole as A.3.-skole klassifiseer terwyl die skoolraad die skole as "poor schools" beskou het. Gelukkig kon ds. Luckhoff solank die dearstrekkery aan die gang was, aan die onderwysers voorskotte gee uit die ,,Namaqualand Opvoedings Fonds". Hierdie geval het duidelik getoon hoe moeilik dit was vir 'n organiseerder om deur die skoolraad met die S.G.O. te onderhandel. In sy verslag van 1907 het ds. Luckhoff gesê dat dit die werk vertraag en bemoeilik; indien hy direk met die S.G.O. kon onderhandel sou dinge baie spoe-

---

53. Die ,,Nautilus" se interessante geskiedenis word vertel in "Ships and South Africa", bl. 256, deur M. Murray.

54. Toe ons 'n tydjie gelede die Stryrivier-gebied besoek het, kon ons nie help om die onderwysers te bewonder nie; tegelykertyd kon ons nie verlos raak van 'n gevoel van weemoed oor die swearkry wat hul nul getroos het nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



diger tot stand kom.[55]

Nieteenstaande al die moeilikhede het die onderwysers baie goeie werk gedoen, soos geblyk het uit die besoek van ds.Steyn en ds. Luckhoff.[56] Die onderwysers het, soos ook elders gebeur het, ook Sondagskool gehou, katkisante touwys gemaak en dienste gelei. In 1909 was daar tydens die inspeksie twee seuns van 19 en 21 jaar in die skool.[57] Die leerlinge het so toegeneem dat in 1907 'n vierde skool te Schelmfontein geopen moes word om die 105 leerlinge te kan huisves. Die vreeslike armoede het ds. Luckhoff verplig om die kinders by die skole te laat kosgee. Die A.C.V.V. het sig verantwoordelik gehou vir die voedselvoorsiening te Stryrivier en Vaalheuwel.[58] Ds. Luckhoff het ook ruim ondersteuning gekry uit die gemeentes: Caledon, Durbanville en Moorreesburg wat koring gestuur het.[59] 'n Mens kry die indruk asof die Afrikaner van die onderwyseksperiment in Namakwaland 'n sukses wou maak. Die verdere ontwikkeling in die Stryrivier gebied word in die volgende afdeling behandel.

Enige myle ten Noorde van die myndorpie Hababeeb, was daar ook 'n versameling van armblankes. Hulle het meesal op die plaas Aronegas en by die s.g. Vlakmyn gewoon. Hierdie mense het veral gelewe van houtmaak[60] en transportryery vir die kopersmeltery te Hababeeb.

---

55. De Kerkbode 1907, bl. 216.
56. " " 1906, bl. 597.
57. S.G.S. 3/253, Ins. Rep., Luckhoff., Stryrivier.
58. De Kerkbode 1907, bl. 216.
59. Ons Land, 20 Sept. 1906.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Ds. Luckhoff het aan die begin van 1906 'n skool te Vlakkyn onder die onderwyser Taljaard geopen. Hierdie skool was egter nie 'n sukses nie. Die kinders was dikwels afwesig omdat hulle moes help om hout te maak. Daarby was die tipe leerling nie te skrander nie.[61] In een opsig het die skool sy bestaan regverdig; die Afrikaanssprekende kinders wat vroeër die Roomse Sendingskool bygewoon het, is toe daarvandaan weg.

Met die skole in die Binneveld het dit intussen goed gegaan. Veral die skool te Mesklip onder A.J. Boshoff het vinnig vooruitgegaan. By die inspeksie in 1907 het 17 uit die 18 leerlinge in die standerds geslaag.[62] Ds. Luckhoff het 'n gebou gehuur as koshuis. Spoedig was daar 26 kosgangers, van wie 16 die "indigent Grants" van £18 ontvang het.[63] Terwyl die skool te Mesklip gegroei het, het die skool te Grootvlei minder en minder ondersteuning geniet, sodat die onderwyser in die loop van 1908 die skool moes sluit. Van die onderwyser het inspekteur Hofmeyr getuig: „ Van der Spuy was certainly one of the best teachers in Namaqualand and his departure is a calamity to the district."[64]

---

60. Die ontbossing van Namak. is in groot mate te wyte aan die koopersmeltery.
61. S.G.K. 3/279, Ins. Rep., Luckhoff 1910.
62. S.G.K. 3/204, Ins. Rep., Hofmeyr 1907.
63. Voordat die "grants" toegestaan is, was ds. Luckhoff weens die besending koring uit Durbanville in staat gestel om die arm leerlinge gratis in te neem. Ons Land, 27 April 1907.
64. S.G.K. 3/228, Insp. Rep., Hofmeyr 1908. oor Grootvlei.
65. Ons Land, 8 Aug. 1907. en Die Huisgenoot, 21 Nov. 1941. bl. 23.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Een van die teleurstellings wat ds. Luckhoff moes ondervind was die sluiting van die skool te Namies in 1906 weens die swaar droogte. Maar in 1907 het ds. Luckhoff weer met 'n donkiewa die Boesmanland met 'n paar onderwysers deurkruis. Toe het eerw. J.F. Smith die skool te Namies met 20 leerlinge heropen, terwyl mnr. H.F. Gerryts (later Ds. Gerryts) 'n nuwe skool te Pofadder geopen het.[65]

Tot September 1908 het Ds. Luckhoff onder die Sinodale opvoedingskommissie gewerk. Alle uitgawes i.v.m. sy salaris, sy vervoer, die stigting van skole, skoolboeke, skoolmeubels, die reisgelde van die onderwysers, ens. is uit die „Namakwalandse Opvoedings Fonds" gedek. Die S.G.O. het nieteenstaande die feit, dat hy op hoogte van sake behoort te gewees het omtrent die gebrek aan onderwys in Namakwaland,[66] betreklik min bygedra tot die werk. Sy vernaamste bydrae was deur 'n taamlike getal "indigent grant" vir Namakwland beskikbaar te stel. Ons kry steeds die indruk dat die S.G.O. ongenee was om die dienste van ds. Luckhoff te waardeer. So het die S.G.O. in 1906 die vermeerdering van die getal leerlinge aan die Namakwalandse skoolrade toegereken, terwyl hulle in 1906 nie een enkele skool gestig het nie.[67]

---

66. ~~One~~ In sy verslag van 1903 sê hy: "broadly speaking the Namaqualand Circuit is in the most backward state." Maar in 1904 is hy weer optimisties, want hy sê: "In this list the position of Namaqualand is especially satisfactory." Daar was 'n vermeerdering van 323 leerlinge gedurende 1904, maar wat dr. Muir nie in aanmerking geneem het nie, was dat die vermeerdering feitlik net 'n vermeerdering van kleurlinge-leerlinge was.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Dit was dus alleenlik te danke aan heelhartige steun wat die Afrikaanssprekende bevolking aan die saak gegee het, dat dit met soveel sukses deurgedryf is.

Maar instussen het die Bondslede in die Wetgewende Raad veral adv. v. Zyl en mnr. Freemantle op die Minister van Binnelandse sake druk uitgeoefen om ds. Luckhoff tot departementele organiserende inspekteur aangestel te kry. Baie teen sy sin was dr. Muir verplig om gehoor te gee.[68] Die Wetgewende Raad het ook 'n bedrag van £4,500 gestem wat gewy moes word aan onderwysvoorsiening in die distrikte Van Rhynsdorp en Namakwal.

## DS. A.D. LUCKHOFF AS DEPARTEMENTELE ORGANISERENDE INSPEKTEUR IN DIE NOORDWESTE, 1903 - 1911.

Die ondervinding van die jare 1905 - 1907 het ds. Luckhoff oortuig dat dit nie genoeg was om die skool en die onderwyser na die kind te bring nie; die kind moes ook na die skool gebring word. Die sukses van die onderneming te Mesklip het hom gesterk in die mening dat koshuise uiteindelik die skoolgaan-probleme gaan oplos. Die koshuise sou ook aan die onderwyser beter huisvesting verskaf; wat hom meer sou beweeg om langer in Naml. te bly. Ook die uitlemoeilikheid sou minder wees want die kinders sou nou 'n tuiste he wanneer die ouers weens droogte of weiding moes trek.

---

67. Uit skoolraadsnotule.
68. Sien sy antwoord op vr. 898 in die onderwyskommissie van 1912 se rapport.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Tog het ds. Luckhoff nie oorhaastig te werkgegaan met die stigting van koshuise nie, aangesien die Namakwalanders van oudsher nie lief vir koshuise was nie. Vir die Namakwalandse ouer was dit 'n opoffering om sy kinders vir 'n lang tydperk in koshuise te plaas. Die kind was nog altyd 'n baie groot bate as arbeidskrag op die plaas; daarby het die besondere familie-gehegtheid wat so kenmerkend van die Namakwalandse lewe is, die ouer baie ongaarne sy kinders koshuis-toe laat stuur. Vir die sterk-indiwidualistiese Namakwlander was sy kinders sy eie; niemand in der wêreld het iets oor hulle te sê nie, ook geen regering nie. Daarom was daar altyd die heimlik vrees dat as hy sy kind skool-toe stuur, en veral ver weg koshuis-toe stuur, hy daardeur sy ouerlike regte sou verbeur.[69] Geen wonder dus dat baie ouers die standpunt ingeneem het dat hulle die Kerk of Staat 'n guns bewys deur hul kinders skool-toe te stuur.[70] In hierdie lig beskou klink die verontwaardiging van 'n sekere ouer nie so baie vreemd nie: „ Ek het al my kinders vir die skool gegee en nou wil julle hê dat ek vir julle klere ook moet gee."[71]

Die moeilikhede het ds. Luckhoff egter nie afgeskrik nie, en die spesiale £4,500 het baie handig te pas gekom. Onder die toesig van ds. Luckhoff het die drie koshuise te Meesklip, Namies en Soebatsfontein tot stand gekom. Die koste vir die drie koshuise was respektiewelik slegs £800, £630 en £750.[72]

---

69. So rapporteer ds. A.D.L. in sy jaarrapport aan die S.G.O. in 1910 "They fear they would have to forfeit their parental rights."
70. Sien P.R. Gek. Kom. 8 - 1912., vraag 61.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die mense te Springbokfontein was baie ontevrede omdat hy die koshuis te Mesklip, 11 myl van Springbokfontein opgerig het, maar ds. Luckhoff het gevoel dat die Namakwalanders se afkeer van die slegte morele lewe op die dorpe nadelig sou wees vir 'n koshuis te Springbok.[73] Kort na die bou van die koshuis het mnr. J.P. Zietsman hoofonderwyser geword. Onder sy bewind het die Mesklip-skool een van die beste van Namakwaland geword.

So was die koshuis te Namies ook 'n ware seën. Dit is goedkoop opgerig, danksy die steun van die C.C.C. wat alle material kosteloos van Port Molloth na Ookiep vervoer het, en die hulp van die plaaslike mense wat die materiaal teen half-prys oor die Boesmanland vervoer het. Die skool is in die jare 1909 - 1911 gelei deur die ywerige E.H. v. Biljon en sy suster mej. B. v. Biljon.(tans Mevr. Pieter Vos van Worcester) wat die moeilikhede en lewe te Namies aangedurf het. Maar teen 1911 was die toestande te Namies al baie beter danksy die koshuise en die ywer van die onderwysers.[74] Toe ds. Luckhoff die skool in 1911 besoek, was daar al groente in die tuin.

Ook die koshuis te Soebatsfontein het die bestaan van die skool bestendig.

Daarom het ds. A.D. Luckhoff hom beywer om ook te Brootmist 'n doeltreffende koshuis op te rig. Hy en mnr. A. Rich het 'n

---

71. Die Huisgenoot, 21 Nov. 1941, bl. 23.
72. P.R. Gek. Kom., 8 - 1912., vraag 41.
73. " " " " " " " 152 en 153.
74. " " " " " " " 72.
75. S.G.E. 1/1163, Lett. Rec., Luckhoff-S.G.O., 15/12/1912.
76. Notule skoolraadsvergadering 15/8/1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



baie geskikte plek vir die doel gevind; die mense was ook gewillig om vrywillig afstand te doen van die stukkie grond.[75] Die skoolraad was ook tengunste van 'n koshuis maar hulle wou 'n gebou vir die doel huur. Die skoolraad het reeds baie sonde en ergenis gehad, omdat die onderwyser te Grootmist geweier het om in die winter na Roodevlei, die uitlêplek, te trek. Die verskil in mening het die oprig van 'n koshuis heelwat vertraag en tot aansienlike nadeel van 'n gebied wat juis goeie onderwys nodig had.

Aan die begin van 1918 het ds. Luckhoff in samewerking met die skoolraadslid, W. Kotze, die skool te Bowesdorp herstig. Die bekwame onderwyser van Mesklip, A.J. Boshoff, het die skool wat in die konsistorie van die kerk gehou is, geopen.

Tot hiertoe het ons ons aandag hoofsaaklik bepaal by die skole in die Springbok-area. Die Gariesskoolraad wat uitsluitend uit Afrikaanssprekendes saamgestel was, het onder die ywerige ere-sekretaris, mnr. B. Muller, goed gesorg vir die onderwys belange van die gebied. Die skole wat deur ds. Luckhoff gestig is, is aan die gang gehou, terwyl ook heelwat meer private plaasskole gestig is. Ds. Luckhoff was veral behulpsaam in die voorsiening van onderwysers. Net in die Sandveld- deel het dit nie na wens gegaan nie. Aan die Groenriviersmond wou die mense met alle geweld, nadat die skool vir vier jaar gestaan het, die skool 'n jaar vakansie gee. Dit het baie mooipraat gekos om die mense van hul voornemens te laat afsien. Eers later het die stigting van 'n koshuis, te Wallekraal ook meer bestendigheid in die onderwys in hierdie dele gebring.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Na die vertrek van Mnr. Muller, die assistent-magistraat en sekretaris van die skoolraad, het sake onder sy opvolger nie te goed gegaan nie. Onderwysers het dikwels gekla omdat hul so moes sukkel om hul salarisse te kry. Dit het die onderwys in die Gariep-area taamlik gestrem. Maar toe 'n ander sekretaris kom, het dit weer beter gegaan.

Aan die einde van 1911 het ds. Luckhoff sy werk as organiseerder onder die departement neergelê. In sy getuienis voor die onderwyskommissie van 1912 het ds. Luckhoff as redes vir sy uitdienstreding veral twee redes aangevoer. (1) Hy het gevoel dat hy sy deel gedoen het aan 'n harde werk wat baie van hom geëis het. (2) Die tweede rede wens ons in sy eie woorde te gee: „ Doch ik sou niet volkomen oprecht zyn als ik niet zeide dat een andere rede waarom ik het werk niet kon voorzetten, was eenvoudig dat ik my niet thuis gevoelde in het Onderwys Kantoor. Myn positie aldaar was niet geheel en al sodanig, dat ik my op myn gemak gevoelde. Van het begin tot het eind gevoelde ik, dat ik schlechts geduld werd."[77] Vergelyk hiermee die getuienis van mnr. H.E.S. Freemantle: „Men (heeft) de heer Luckhoff doen voelen dat zyn werk offisieël niet al te welkom is."[78] In hierdie lig beskou is ds. Luckhoff se uit die dienstreding verstaanbaar.

---

77. P.R. Gek. Kom., 8 - 1918., vraag 8.
78. " " " " " 1912, " 501.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## - WAT DS. LUCKHOFF VIR DIE ONDERWYS VAN NAMAKWALAND EN KAAPLAND BETEKEN HET. -

In die eerste plek spreek sy betekenis vir die onderwys in Namakwaland baie duidelik uit die groei# van die getal skole en die getal leerlinge. In 1904 was daar net skole in die Engelse sentrum te Ookiep, Concordia en Port Nolloth, en 'n klein skooltjie te Caries. In 1908m was daar 26 skole met 501 blanke leerlinge.

Maar ds. Luckhoff het nie alleen skole gestig nie. Hy het ook probeer om bestaande leemtes uit die weg te ruim. As inspekteur het hy met sukses die saamskoolgaan van blank en gekleurd in die sendingskole bevveg.[79]

Ook het hy baie sterk daaraan geglo dat die moedertaal die voertaal van die onderwys moes wees. Veral in die sendingskole het hy die oordrewe waarde wat aan die onderrig van Engels bestee is, bestry.

Ds. Luckhoff het daaraan geglo dat nie alleen die kind nie, maar ook die ouer opgevoed moes word. In sy getuienis voor die Onderwyskommissie van 1912 het hy hom as volg uitgespreek: ,,Myn werk bepaalde zich niet enkel tot de kinderen alleen; het omvatte ook het onderwys van de ouder, en ik mag zeggen dat er tans een veel betere geest onder de menschen is.[80] In 1912 het Mnr.

---

79. Sien hoofstuk 15, bl. 365.
80. P.R. Gek. Kom. 8 - 1912, vraag 16.
81. S.G.B. 1/1256, Lett. Rec., Good-S.C.O., 30.3.1812.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



R. Good in 'n brief aan die S.G.O. gese: "A great change had come about this last 6 or 7 years." Hy meld verder dat die boere nou liewers werkvolk huur as om die kinders uit die skool te haal.[81]

Baie gesond was ds. Luckhoff se planne vir die rehabilitasie van die armblanke. Die voedsel-voorsiening aan die Stryrivier was slegs 'n tydelike noodmaatreël. Hy het besef dat onderwys en kosgee nie die probleme van Stryrivier kon oplos nie. Daarom het hy hom beywer om die mense na die arbeidskolonie te Kakamas te laat trek. Dit het harde werk vereis want soos hy aan die S.G.O. geskryf het: "They are a class of people that a steam crane would not move"[82] Maar die skynbaar onmoontlike het gebeur. In 1910 het 105 mense onder die leiding van die onderwyser, A.J. v. Wyk, die trek ,,oor die bult" na Kakamas onderneem. Langs die pad het die onderwyser by elke uitspan nog skool gehou ook.

Reeds toe het ds. Luckhoff baie duidelik gevoel hoedat die onderwys heeltemal uit voeling was met die lewe. Hoewel hy die voordele van die destydse leerplan vir die stedelike en dorpskind besef het, het hy gepleit vir 'n leerplan wat meer vir die kind van die platteland sou beteken. Treffend het hy sy menings voor die Onderwyskommissie van 1912 uiteengesit: ,, Wy geven niet het beste voor onze kinderen."[82] En verder: ,, Wy leiden het kind

---

82. P.R. Gek. Kom., 8 - 1912, vraag 45.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


op om onderwys te beschouwen als het doorstaan van een aantal proeven. Dat is voor hem onderwys. - Standaard, Standaard, Standaard, Standaard!"[84] Hierdie aanhalings toon ons hoe ,,modern" ds. Luckhoff oor onderwysake gedink het. Maar hy was sy tyd ver vooruit; eers in 1938 is met proefnemings met 'n spesiale leerplan vir plattelandse skole in die distrikte George en Knysna begin.[85]

Maar ds. Luckhoff se naam sal in ons onderwysgeskiedenis steeds bly voortlewe as die grondlêer van die huidige koshuisstelsel. Die gebreke wat daar aan die stelsel verbonde is, besef hy netso sterk soos die skerpste criticus van hierdie stelsel. Die armblankekoshuis het nie aan die hoë ideaal wat ds. Luckhoff daaraan gestel het, voldoen nie. Dit is nog teveel soos hy self gesê het, ,,'n huis sonder 'n dak!"[86] Maar daaraan het ds. Luckhoff nie skuld nie. Wat die koshuise tog in die diens van die onderwys nie alleen in Namakwaland nie, maar in die hele Noordweste presteer het, is moeilik om te bepaal, maar dit is onomstotelik waar dat deur die koshuis duisende Afrikaanse seuns en dogters in staat gestel is om hul plek in die Afrikaanse lewe in te neem. Ds. Luckhoff het begin deur 'n oplossing van die onderwysprobleem in Namakwaland te soek; hy het met die middel wat hy gevind het die oplossing van die onderwysprobleem in die hele Noordweste moontlik gemaak.

---

83. P.R. Gek. Kom. 8 - 1912, vraag 45.
84. " " " " " " " 54.
85. S.G.O.-rapport 1938.
86. Verslag van Armkoshuiskommissie in 1927.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 17. -

## - BLANKE ONDERWYS IN NAMAKWALAND, 1910 - 1940. -

Toe die skoolrade-wet in die loop van 1906 in Namakwaland van toepassing gemaak is, was daar drie magistraatsdistrikte, t.w. Springbokfontein, Garies en Port Nolloth. By die instelling van skoolraadsgebiede is die fiskale gebiedsverdeling gevolg, sodat Namakwaland ook drie skoolrade gekry het.

Die Springbokfonteinse Skoolraad het vir die eerste maal op 26 April 1906 vergader. Die eerste paar jaar het hierdie raad nie baie kon uitrig nie; hulle het feitlik net die beheer oor die bestaande skole te Concordia, Ookiep en Springbokfontein en oor die nuutgestigte skole van ds. Luckhoff oorgeneem. Die vernaamste rede vir die non-aktiwiteit van die Raad was gelee in die feit dat die Raad feitlik net bestaan het uit verteenwoordigers van die paar myndorpe. Hierdie persone se kennis van en belangstelling in die platteland was nie eintlik groot nie. Ds. Luckhoff het in sy getuienis voor die Gekose Komitee oor onderwys in 1912 getuig: „Ik zou graag willen verklaren dat ik niet geloof dat een Schoolraad die niet de gehele bevolking vertegenwoordigt, in staat is de onderwyszaken te beheren. Dat is myn ondervinding en opinie. ... In Springbokfontein byv. is een algeheel abnormale meerderheid in de schoolraad van leden die in de dorpen wonen en wier belangen in de dorpen gevestigd zyn." En dan kry ons die rede vir hierdie ongesonde toestand: „ De Kaapse Koopermaatskappy (C.C.C.) is in staat om te bepalen wie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



als leden van de Schoolraad verkozen zullen worden."[1]

Ds. Luckhoff se getuienis het nie op dowe ore geval nie, want toe die regeringsnominees vir die jaar 1912 deur die Provinsiale Raad aangestel is, was hulle albei van die platteland. Mnr. R. Good, een van die Engelssprekendes, het sy misnoeë daaroor te kenne gegee en dit betreur dat politiek nou in die Raad ingevoer sou wees.[2] Dit het die Raad egter goed te stade gekom, en die Raad het veral na die aanstelling van Mnr. J.D. Loubser as sekretaris in 1914 uitstekende werk in belang van die opvoeding verrig. Mnr. R. Good was gedurende sy lange dienstermyn as skoolraadslid en voorsitter van die Raad, een van die ywerigste lede. Mnr. H.Z.v.d. Merwe, inspekteur in Namakwaland 1912 - 1918, vertel hoedat mnr. R. Good altyd gereed was om met sy veerwaentjie die skole te besoek. Weens sy ywer het die woord in Namakwaland rondgegaan: ,, Mister Good is Skoolbord."[3]

Ds. J.A.R. du Toit, predikant to Springbok van 1910 tot 1918, was netso 'n vurige werker vir die onderwys. Na ds. Hauman was ds. Du Toit die eerste predikant wat Springbokfontein as hoofkerkdorp gekies het. Sy ideaal was om Springbokfontein ook die opvoedingsentrum van sy gemeente te maak. Toe hy te Springbokfontein kom, was die skooltjie wat ds. Luckhoff nog gestig het alweer dood. Ds. Du Toit het die skooltjie aan die begin van 1911

1) _____

1. P.R. Gek. Kom. 8 - 1912., by vrae 125, 128, 129. Die skoolraad van 1911 het bestaan uit 6 Engelssprekendes en 2 Afrikaanssprekendes. 7 van die lede het op die dorpe gewoon. Net een (Dom Thodlaanshoutfontein) het 22 Nov. 1912 verteenwoordig.
2. (Dom Thodlaanshoutfontein) het 22 Nov. 1912 verteenwoordig.
3. In ' persoonlike onderhoud meegedeel. Mnr. Good is tans woonagtig te Pinelands.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


heropen, maar dit het maar sukkelend gegaan totdat Mnr. H. v. Zyl in 1914 tot prinsipaal en Mej. A. Teich as assistente aangestel is. Die skool het toe vinnig gevorder, sodat groot verwagtinge gekoester is. In Oktober 1917 het Ds. Du Toit die S.C.O. persoonlik gespreek oor die goeie vooruitsigte van die skool. Daar was toe 3 onderwysers aan die skool, en hulle had 70 leerlinge onder hulle. On der die leerlinge was daar twee kandidate vir die Skoolhoër en 5 kwekelingonderwysers. Die onderwyser was besonder hardwerkend en het 58 uur per week onderwys gegee.[4]

Maar die volgende jaar het al hierdie mooi vooruitsigte soos mis voor die son verdwyn. Van Zyl het om een of ander rede Springbok verlaat; ook ds. J.A.R. du Toit het 'n beroep na elders aangeneem. Hierdie voorarbeid het egter baie gou vrugte gedra, soos ons in 'n ander afdeling sal sien.

Voor 1914 egter was Mesklip die puik plattelandse skool in Namakwaland. Onder Mnr. J.P. Zietsman het die rol in 1912 64 leerlinge getel. Op aanbeveling van ds. Luckhoff is dit die eerste blanke skool in Namakwaland waar houtwerk onderrig is. Reeds in 1910 en vir etlike jare daarna het die skool te Mesklip die " Namaqualand School Choir Shield" gewen.[5] Mnr. Zietsman

---

4. S.C.E. 1/1772, Let. Rec., Memo. 26 Okt. 1917.
5. Skoolraadsnotule, 18 Mei 1910.
6. Dr. v. Niekerk is vanjaar in die jeugdige ouderdom van 39 jaar te Springbok oorlede. Maar wat hy vir Namakwaland gedoen het in belang van gesondheidswerk sal bly voortleef.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het etlike leerlinge in sy skool opgelei wat bewys het dat ook ui Namakwaland iets goeds kon kom. Onder hulle noem ons ds. J.C. v. Niekerk, leraar te Piketberg, dr. I.J.M. v. Niekerk[6] en Mnr. I. Archer, die hoofonderwyser te Carnavon. Na Mnr. Zietsman se vertrek, egter, het die bloeiende skool geweldig agteruitgegaan.

Te Grootmist het mnr. De Villiers, die onderwyser daar sedert 1912, daarin geslaag om die vooroordeel teen staatskole te oorwin. Die mense het mettertyd in hom hul raadgewer gesien. In 'n groot mate is die vermindering in die familiehuwelike te danke aan sy invloed. Voor sy koms het die mense te Grootmist „ranktuine" in die Buffelsrivier gehad.[7] Maar mnr. De Villiers het aan die mense die bewys gelewer dat hul baie meer soorte van produkte langs die vrugbare riviergrond kon kweek.[8] Die skooltuin te Grootmist het by baie van Mnr. De Villiers se leerlinge 'n liefde vir tuinmaak gekweek en baie van hulle is vandag suksesvolle erfbewoners te Keimoes en elders.[9] Die oorstromings van 1925 het die tuine feitlik vernietig, maar Mnr. De Villiers het die tuin weer opgebou.

Te Cokiep het die bekwame onderwyser, M. Thompson, na 'n dienstyd van 13 jaar afgetree. Die skool was gelukkig om die dienste van Mnr. G.F. Robinson M.A. te verkry. Sy skool was die eerste skool in Namakwaland waar die Kindertuin-metodes ingevoer is. Hy was modern in sy onderwysmetodes. In aardrykskunde het

---

7. „Ranktuin" is die Namakwalandse naam vir tuine waarin veral waterlemoene, pampoen, ens. groei.
8. Rapport van ins. H.Z.v.d. Merwe 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


hy b.v. lanternplate gebruik om die lesse aanskoulik te maak. Op aandrang van die inspekteur is Hollands as vak mettertyd te Ookiep en Concordia ingevoer.[10]

Te Nababeeb het die Skoolraad uiteindelik daarin geslaag om 'n blanke skool te stig. Hulle het die dienste van die bekwame Mnr. Mac Robie M.A., L.L.B. vir die skool verkry. Inspekteur Lamont het in 1916 met besondere lof gepraat van die gevorderde wetenskaponderrig wat in hierdie skool aan die leerlinge onderrig is.[11] Die uitstekende dissipline van die skool het ook die bewondering van inspekteur Van der Merwe uitgelok.[12]

Die sluiting van die kopermyne in 1919 het agter die agteruitgang en uiteindelike sluiting van die skole te Nababeeb en Ookiep noodwendig as gevolg gehad.

'n Ander uitstekende skool wat deur die Skoolraad gestig is, was die skool te Kourkam, na aan Komaggas. Die goeie werk van die skool was veral te danke aan die deursettingsvermoë van Mnr. S.J. Botha, die prinsipaal. Die skoolraad het 'n doelmatige gebou as koshuis en skool van Mnr. Harry Rich gehuur. Vanaf 1913 tot 1918 het Mnr. Botha met besondere sukses daar gewerk. Enige van sy leerlinge het later na Springbok gegaan om hul vir die onderwys te bekwaam. Ds. Luckhoff het kennis gemaak met Mnr. Botha se werk en hom beweeg om hoof te word van die skool, wat vandag bekend is as die Seodin Hoërskool.

---

9. Persoonlike mededeling deur Mnr. De Villiers.
10. Inspekteursrapport 1914.
11. S.G.E. 3/435, Ins. Rep., Lamont oor Nababeeb 1916.
12. Inspekteursrapport 1916, H.Z. v.d. Merwe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hoewel dit die uitgesproke beleid van die Skoolraad was om skole te sentraliseer, kon hulle dit nie konsekwent deurvoer nie, weens die onvermoë en onwilligheid van die ouers om vir die losies van hul kinders te betaal. Gevolglik was daar nog altyd 'n groot aantal private plaasskole; in 1920 was daar nog 25 skole. In die Springbokse gebied is daar vandag nog 22 skole, nieteenstaande die feit dat koshuise groter sentralisasie moontlik gemaak het.

Die Garies-Skoolraad het 'n kompakter gebied as die Springbokse Skoolraad onder sy beheer gehad. Ook was die Gariesdeel van die oudsher beter toebedeeld met onderwysgeriewe as die Springbokgebied. Die eerste, en latere skoolrade ook, het feitlik uitsluitend uit Afrikaanssprekendes bestaan. Gevolglik het dit beter gegaan op onderwysgebied, nieteenstaande ongelukkige rusies wat somtyds tussen lede geheers het. Behalwe die A.3.-skool te Garies wat jarelank onder Mnr. H.J. Barnard floreer het, was die meeste skole private plaasskole. Te Kallekraal het die oud-onderwyser van Meesklip, A.J. Boshoff, onder moeilike omstandighede die skool opgebou.

Die skoolraad te Port Nolloth het weer uitsluitend uit Engelssprekendes bestaan. Met een lid, Mnr. Andrew Richy het die platteland verteenwoordig. Die ander lede was almal woonagtig te Port Nolloth en het niks geweet van en nooit besoek afgelê by die mense te Grootmist, Harras, Holgat en Oranje-riviermond nie. Gevolglik het die Skoolraad na die mislukkings van hul pogings om die skool te Grootmist aan die gang te hou,[13] die platteland

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


eenvoudig links laat lê. Hulle was maar te gretig om hul verantwoordelikheid oor die skole te Grootmist en later Horras aan die Springbokse Raad oor te laat. In die jaar 1917 het ds. J.A.R. du Toit poginga aangewend om 'n skool vir blanke kinders te Farquarson (toe bekend as „28 myl") gestig te kry.[14] maar dit het op niks uitgeloop nie. Per slot van sake het die Ort Nolloth se Skoolraad net een skool, die Port Nolloth skool, onder sy beheer gehad. Die skool het buitendien nog onder 'n skool komitee gestaan. Die twee liggame wat oor die belange van die skool moes waak, het mekaar soms terdeë in die hare gesit. Met die opkoms van die Arbeiderparty in Suid-Afrika het die rusie tussen die twee liggame toegeneem, dewyl die Skoolraadslede meestal aan die Unioniste-Party en die Skoolkomiteelede meestal Arbeiders was.[15] Tussen al die rusies het die bekwame hoof-onderwyseres, mej. Martin, maar 'n baie moeilike tydjie deurgemaak.

Met die sluiting van die myne in 1919 was ook Port Nolloth se dae getel. Die meeste inwoners het weggetrek, sodat die Skoolraad vanself opgehou het om te bestaan. Gevolglik is die gebied vanaf 1919 by die Springbokse Skoolraadsgebied ingesluit.[16]

- PROBLEME WAARMEE DIE SKOOLRADE TE KAMPE HAD. -

Die Namakwalandse Skoolrade het weens die algemene armoede van die distrik, moeilik gekry om hul finansiële verantwoordelikhede na te kom. Ons het talle briewe van kwaai en verontwaardige onderwysers in die Springbokse Skoolraadskantoor raakgeloop.[17] Dit was vir die Skoolrade 'n groot verligting toe die Departement die volle verantwoordelikheid vir die onderwysserse

13. Sien hoofstuk 16, bls. 383-384.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


salarisse oorgeneem het.

Dan het die skoolrade natuurlik ook die aloue probleme, die armoede, die rondtrekkery, die overskilligheid van die ouers, ens. terdee ondervind.

Die arbeiderstekort op die plase het die Springbokse Raad probeer verhelp deur die skoolvakansies te laat saamval met die ploegtyd en oestyd. Die Raad het 'n uitgewerkte skema van kwartaalindeling aan die S.G.O. voorgelê, maar laasgenoemde kon nie sy goedkeuring daaraan heg nie.[15] Hy het egter geen beswaar daarteen gehad dat skole met ploeg- en oestyd sluit nie, mits die getal dae ingehaal word, en mits die Raad behoorlik m kennis dra van die sluiting. Die Departement het verwag dat die onderwyser vooraf kennis moes gee van die sluiting, maar dit was 'n praktiese onmoontlikheid omdat die reëns baie wisselvallig was; ook was dit vir die onderwyser weens die ver afstande en ongereëlde posdiens onmoontlik om die Raad betyds kennis te gee. Dit het gevolglik dikwels gebeur dat die Raad 'n aansoek om 'n vakansie ontvang het, teen die tyd dat die vakansie alweer verby was. Die onderwyser op Bowesdorp het op sarkastiese wyse die probleem vir homself opgelos. Aan die begin van elke jaar het hy om die vakansie aansoek gedoen "which is due between 1st Jaunary and 31st December."

---

14. S.G.S. 1/1772, Lett. Rec., 11 Junie 1917, Du Toit-S.G.O.
15. In 'n persoonlike onderhoud deur Mnr. H.Z.v.d. Merwe meegedeel.
16. S.G.O.- rapport 1919.
17. Baie interessante briewe uit 'n onderwys-, sowel as 'n taalkundige standpunt beskou, het ons gekry in 'n bundel waarop geskryf gestaan het: "Rubbish 1912 - 1925." Hierdie "rubbish" het egter aan ons baie interessante inligting i.s.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Vakansies was verder afhanklik gewees van die datums van aankoms en van vertrek van die "Nautilus", die skip wat tussen die Kaap en Port Nolloth gevaar het. Ons lees dikwels van onderwysers wat op Saterdae skoolhou, sodat hulle voor die offisiële vakansie met die boot mag vertrek.

Die ongeregeldheid van die vakansies is deur inspekteurs Retief en Boersma skerp veroordeel. Hulle het die tekort aan gekwalifiseerde onderwysers, veral in die Garies-area aan die stelsel gewyt.[19] Daarenteen het pogings om met die skool voort te gaan wanneer reënsgeval het, baie onaangenaamheid vir die onderwyser besorg. Baie ouers het eenvoudig hul kinders gaan vat. Talryk is die briefies waarin die ouers kla dat hul „handeloos" (sonder werkamense) op die plaas sit, en tog die kinders uit die skool wou hê net vir die drukste tye.

Die probleem wat die skoolraadsekretarisse, agter die meeste gryshare besorg het, was die gebrek aan onderwysers. Dit het heelwat gekos om daar 'n betrekking te gaan opneem; maar veral was die ontberings verbonde aan die Namakwalandse lewe genoeg om die onderwysers af te skrik. Weens finansiële moeilikhede kon die Namakwalandse Skoolrade nie bekostig om baie hoë salarisse te betaal nie. Ds. Luckhoff het nog sy betrek, onderwysers uit die Drosdy kon betrek, maar slegs 'n paar van hulle het lank in Namakwaland gebly.

---

17. (Vervolg) die reaksie van die ouers op skooldwang verskaf.
18. Sit skoolraadsnotule.
19. Inspekteursrapporte oor Nam. 1919 en 1920.
20. S.G.O.-verslag 1905.
21. S.G.S. 3/409, Ins. Rep., v.d.Merwe, Garies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Een van die middels waaraan gedink is om in die behoefte te voorsien, was deur die opleiding van onderwysers in Namakwaland self. Reeds in 1905 het dr. Muir verklaar: "What is needed is teachers from these parts for these parts" (die Noorweste).[20] Ook inspekteur H.Z.d.v. Merwe het sy uiterste bes gedoen om hoofonderwysers te beweeg om kwekelingeonderwysers op te lei. Eers het hy gemeen dat Garies die aangewese plek daarvoor sou wees.[21] Maar met die groei van die skool te Springbok het hy, sowel as ds. Du Toit, hul hoop gevestig op Mnr. v. Zyl se skool. Met die opleiding van onderwysers was reeds 'n belowende begin gemaak, toe v. Zyl vertrek. Die kwekelinge het daarna na Paarl en Wellington gegaan waar sommige as onderwysers gekwalifiseer het, en later in Namakwaland kom onderwys gee het. Ook in ander skole soos te Nesklip, Bowesdorp en Nababeep is enkele leerlinge opgelei geword.

Maar oor die algemeen het daar van die plan om onderwysers in Namakwland self op te lei, baie min terrgg gekom.

Daar was dus geen ander genade nie. Die Skoolrade moes trots hul karige fondse spesiale diensvoorwaardes reël om onderwysers van elders te betrek. 'n Aansienlike gedeelte van die nuwe onderwysers se reiskoste is deur die Raad vergoed. Mnr. J.D. Loubser het die nuwe onderwysers se hele reisplan volledig vir hulle uitgewerk, om hul op die manier so veel ongerief as moontlik te bespaar. Ons kry ook die indruk dat die Springbokse Skoolraad altans, die onderwysers teen onverstandige ouers baie sterk gesteun het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Verder het die Skoolrade ook begin om hoër salarisse aante bied. Dikwels het dit gebeur dat die salarisse van verdienstelike onderwysers aanmerklik verhoog is, teneinde hulle dienste te behou.[22] In 1914 het die S.G.O. aan Mnr. Van Rhyn L.P.R. die inligting verskaf dat die salarisskaal in Namakwaland hoër was as in die res van die Kolonie.[23]

Die onderwyseratekort is aansienlik bemoeilik deur die uitbreek van die Grootoorlog in 1914. Die onderwysers van Grootmist, Fourkam, Wallekraal en Boebatsfontein het op militêre diens gegaan, terwyl die onderwyser te Koppieskraal gefnterneer is. Dit was besonder moeilik om die skole voort te sit, en veral te Wallekraal het die vertrek van Mnr. Boshoff baie nadelig ingewerk op die onderwys.

Interessant is ook die wyse ~~ww~~ waarop die Rade die boere in hul spesiale omstandighede tegemoet gekom het. Die skool te Olyvenfontein het b.v. elke winter saam met die plaasbewoners na Arkoop getrek. Ook Mnr. R. Archer van Koornhuis het verlof gehad om met sy skool in die winter te trek. Die trek het natuurlik min moeilikheid opgelewer want die skoolgebou van die winterveld was 'n matjiesgoedHuis.

Van die rol wat die Skoolrade gespeel het, met die stigting van koshuise en met die invoering van verpligte onderwys vertel ons elders.

---

22. Skoolraadsnotule, 9 Maart 1914.
23. S.G.O. 1/1547, Lett. Rec., Memo. 17 April 1914.
24. Daar is min plekke wat sy naam so goed verdien het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


- DIE PROEFNEMING TE HARRAS. -

Een van die interessante, maar ook een van die futielste, opvoedkundige ondernemings in Namakwaland was die skool te Harras. Dit is 'n plaas geleë aan die reeds so bekende Stryrivier.[24] Reeds het ons daarop gewys hoe ds. Luckhoff toestande probeer verbeter het deur die mense na Kakamas te laat gaan. Maar enige families, Mosterts, het soos die tradisionele kat, na die Stryriviergebied teruggekeer want (in Mnr. Good se woorde) :"being discontented with the state of affairs there(te Kakamas) and not being very welcome to the Kakamas managers."[25] Mnr. Good en eerw. Schierhout het die Mosterts en andere langs die Stryrivier besoek en die volgende reëlings vir hul kinders se onderwys getref. Die Skoolraad sou die plaas Harras van die S.C.C. teen £12 per jaar huur. Arm ouers wat kinders van skoolgaande ouderdom het, mog gratis op die plaas woon, maar die kinders was verplig om skool te gaan.[26] Mnr. W.A. Mostert, die welgesteldste van die Mosterts,(betreklik gesproke) het die amp van "skoolkomitee" verkry. Sy plig was om toe te sien dat die regulasies uitgevoer word.

Die klompie mense het, egter, in die grootste armoede geleef. Van die klein klompie bokke (een man het net 4 besit) kon hul nie bestaan nie. Transportryery was iets van die verlede, buitedien baie min van hulle het nog waens besit. Een se besitting is deur die onderwyser opgegee as "one dilapidated cart and two donkeys." Die enigste bron van bestaan was die melkbos-

---

25.
26. S.C.E. 1/1163, Lett. Rec., Luckhoff-S.C.C., 5/12/1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



tap. Tussen 1910 en 1913 het 'n rubber-sindikaat die melkbos van die dele getap vir rubberproduksie.

Aangesien die plaas Harras binne die Port Nollothse distrik geval het, het die magistraat Shand die arm mense gaan besoek. Hy het aanbeveel dat aan die kinders voedselrantsoene uitgedeel moes word. Die Springbokfonteinse Skoolraad het vanaf 1914 die uitdeling van die rantsoene waargeneem. Elke maand het die sekretaris van die Skoolraad die volgende voorrade na Anenous gestuur: 2 sak boermeel, 60 lbs. suiker, 15 lbs. koffie, 20 lbs. sout, en 40 lbs. stroop. Hierdie rantsoene het 'n hele korrespondensie tussen die onderwyser en die ,,skoolkomitee" van Harras en die sekretaris van Springbok uitgelok. Vir die onderwyser se vrou, mevr. Gerrit Venis, was die situasie taamlik moeilik want sy moes dag vir dag die voedsel vir die kinders voorberei.

Tog het die gratisvoedsel nie verhoed dat die gemiddelde skoolbywoning selde beter as 60% was. Die ouers het die kinders gedurig uitgehaal om by die huis werkies te doen, te help met die melkbostap, of om saam met die klompie bokke te gaan uitlê.

Vir die onderwyser was dit ook seker 'n verlossing toe die Mosterts andermaal besluit om na Kakamas te trek. Mooi is darem die brief van bedanking wat Mnr. W.A. Mostert by sy afskeid aan die sekretaris van die Skoolraad gerig het.[27]

---

27. Dit sal baie interessant wees om die verdere loopbaan van hierdie families Mostert na te spoor. Kon hulle op die nedersetting selfstandige mense word? Ons het hul geskiedenis terug probeer navors, en kon vasstel dat reeds in 1869 Eduard Mostert, die vader van hierdie Mosterts, by die Kerkraad om alimentasie aansoek gedoen het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Hierdie onderneming het duidelik bewys hoe vrugteloos dit is om die armblanke-probleem te wil oplos bloot deur noodleniging. Indien die families die eerste keer kon verplig gewees het om in Kakamas te bly of in 'n ander arbeidskolonie kon gevestig gewees het, hoeveel moeite en ergenis en onkoste sou dit die Raad, en die Staat nie bespaar het nie? Nadat die mense vir ses jaar lank aan die lewe gehou is, was hul niks beter daaraan toe as tevore nie.

## DIE INVOERING VAN VERPLIGTE ONDERWYS IN NAMAKWALAND.

In min distrikte was die invoering van skooldwang so nodig as in Namakwaland; maar in min distrikte was daar so baie moeilikhede verbonde aan die invoering daarvan. Uit die voorafgaande sou dit al duidelik geword het, dat die man wat verpligte onderwys in Namakwaland wou invoer hare op sy tande moes hê. Tog het inspekteurs soos Samuels en Le Roux[27] lank voor 1905 dit as die enigste oplossing vandie onderwysprobleem in Namakwaland beskou.

Van die Namakwalandse Skoolrade was die Springbokse Raad die eerste wat die skooldwang volgens die Crewe-wet binne 'n radius van 3 myl van 'n skool ingevoer het.[28] Die Garies-Skoolraad het enige jare later gevolg, maar die Port Nollothse Skoolraad het nog in 1914 geweier om die stelsel toe te pas.[29]

---

27. So rapporteer Le Roux in 1894 met verontwaardiging: „Geen 200 yards van een private plaasschool vond ik een huisgesin van 6 kinderen wier ouders hardnekkige weigerden hen naar school te zenden. Zy waren allen te huis nodig, zeide men my." Le Roux 1894.
28. S.G.O.-rapport 1907.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die ouers het op allerlei maniere daarin geslaag om die wet te ontduik. Wanneer hulle miskien binne 3 myl van 'n skool woon, of 'n skool word nader as 3 myl van die woning gestig, dan het hulle die moeilikheid opgelos deur die matjieshuis of tent net buite die 3 myl radius op te slaan. Ander het hul kinders aan die begin van die jaar in die skool gesit, maar baie gou weer uitgehaal. Die kind kom daarna net so af en toe skool-toe, sodat hy 'n leerling bly, en tog nie skool gaan nie. In ander gevalle is die kinders se ouderdomme verberg; daar het selfs gevalle voorgekom waar ouers hul kinders weggesteek het, wanneer 'n onderwyser of skoolraadslid die rondte doen.[31] (Selfs vandag nog word 'n sekere tipe ouer se kind baie moeilik 7 jaar oud; daarenteen bereik hy weer baie maklik die ouderdom van 16 jaar.) Die nomadiese leefwyse van die Namakwalander het dit ook baie moeilik gemaak om skooldwang toe te pas. Die dun verspreiding van die bevolking oor die groot oppervlakte het dit besonder moeilik gemaak om orals skole te stig en dus die skool na die kind te bring. Verpligte onderwys aan almal sou in Namakwaland net moontlik wees wanneer vervoer- en losiesgeriewe beskikbaar gestel word. Daarom het die Gekose Komitee oor onderwys in 1913 aanbeveel dat die verskaffing van losies- en vervoergeriewe in verband met die skooldwang gebring moes wórd.

Intussen het die Skoolraad te Springbok deur 'n sirkulêre die ouers probeer beweeg om hul kinders skool-toe te stuur.[32]

---

29. S.O.S.-rapport 1914.
30. Rapport van H.H. c.d. Herwe 1913.
31. Alheit: op. cit., bl. 134.
32. Notule, 18.9.1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Weens die ruime hulp wat die administrasie in die vorm van "indigent grants" verskaf het, kon die skoolraad aan 'n hele klompie kinders losiesvoorsiening verskaf. 'n Deel van die publiek het die veldtog om meer kinders skool-toe te bring, heelhartig gesteun, deur nie alleen hulle eie kinders te stuur nie, maar die skoolraadssekretaris ook op hoogte te hou van ander kinders wat nie in die skool is nie. Gevolglik het Mnr. Loubser dikwels briewe van ouers ontvang wat wou weet wie hul kinders ,, aangeklaagt heeft die ik moet geef wat zy nodig heeft." ook die polisie het saam gehelp in die veldtog, veral sersant Smith en Kaptein Brinton. Die polisie moes by hul rondgange op die plase 'n opname maak van die getal kinders van skoolgaande ouderdomme wat nie die skool besoek nie. So het Mnr. Loubser, ds. Du Toit en Mnr. Good alle middels aangewend om die kinders skool-toe te bring.

Tog het ds. J.A.R. du Toit nog in 1917 baie miesmoedig aan die Ring gerapporteer dat daar nog 500 kinders was wat nie in die skool was nie.[33] In Garies was daar volgens die predikant net 160 leerlinge op skool d.w.s. maar 'n kwart van die moontlike getal.[34]

Die resultate van al hul harde werk was so ontmoedigend dat die Springbokse Skoolraad om wetgewing vir verpligte onderwys afgesien van afstand van skool versoek het.[35] Maar die toepassing van so 'n wet sou net moontlik wees indien voorsiening vir vervoer en losies gemaak is.

---

32. Notule, 18 Sept. 1914.
33. Kaapse Verkargief: G/4. Verslag van Gemeente Namak. 1917.
34. Kaapse Verkargief: G/3. Verslag van Gemeente Namak. 1916.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



- DIE KOSHUISSTELSEL IN NAMAKWALAND. -

Soos reeds gesien het ds. Luckhoff die eerste koshuise in Namakwaland laat bou. Aan die Springbokse Skoolraad het hy die goedingerigte koshuise te Namies, Grootmist en Soebatsfontein oorgemaak. Die skoolraad was so tevrede met die sukses hiervan dat hulle die stelsel uitgebrei het. In 1914 het die Springbok se Skoolraad gekla dat hulle area deur die departement afgeskeep is. Inspekteur N.Z.v.d. Merwe het hierop as volg gerapporteer: "In this respect (d.w.s. koshuise) it would appear that the department far from being indifferent to the needs of the area has actually ~~sigled~~ singled out the Springbok area for specially favoured treatment."[36] Hy het daarop gewys dat daar onder die beheer van die Skoolraad sewe koshuise was waarvan 4 deur die departement rentvry tot die beskikking van die Skoolraad gestel is. Daarby het die Springbokse Raad 91 leerlinge aan wie elke jaar £13 per leerling as "indigent grants" betaal is. Wat koshuise betref het Springbok dus geen rede gehad om te kla nie, volgens die inspekteur.

Aan die anderkant moet ons nie vergeet nie dat die omstandighede in Namakwaland juis so was dat 'n "specially favoured treatment" nodig was.

Sir Frederick de Waal het in 1917 sy beroemde Ordonnansie no 11 van 1917 deur die Provinsiale Raad geloods. In die volgend jare het di. Albertyn en Van Huysteen deur die plattelandse distrikte gereis om die nuwe koshuisstelsel aan die platteland bekend te maak. Op 9 April 1919 het ds. Albertyn 'n publieke ver-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gadering te Springbok i.v.m. die saak toegespreek. Die gevolg daarvan was dat die Skoolraad op 'n vergadering enige dae later besluit het om die koshuise wat onder hul beheer was, aan 'n kerklike liggaam af te staan.[37] Aanvanklik het die Armsorgkommissie[38] van die N. G. Kerk die beheer van die koshuise onderneem.

Die Onderwysdepartement het Namakwaland weereens afgesonder vir 'n besondere goedgunstige behandeling. Die Departement het onderneem om die gebou op te rig, en het boonop 'n baie ruime getal toelae vir Namakwaland toegestaan. Die Armsorgkommissie moes net sorg vir die stigting van en die beheer oor die koshuise. Om die gebou wat die Departement in Namakwaland laat oprig het, vergelyk uitstekend met die wat elders deur Kerkrade opgerig is. Namakwaland, die stiefkind van vroeër, het feitlik die troetelkind van die Departement geword.

In 1924 was daar al 9 koshuise met 450 kosgangers in Namakwaland. Kort daarna is die koshuisgebou ter waarde van £24,000 aan die kontrole van die Kerkrade van die Ruwerus,- Garies,- Namakwaland- en Kamies gemeentes oorgedra.[39] Maar selfs nadat die beheer aan die plaaslike Kerkrade oorgedra is, het die Departement nog verantwoordelikheid gebly vir die oprig van nuwe koshuisgebou.[40]

Die goeie gevolge van die uitbreiding van die koshuisstelsel in Namakwaland het baie spoedig geblyk. In 1919 was daar 657 leerlinge in die hele Namakwaland, in 1929 was daar al 840, terwyl

---

35. Skoolraadsnotule, 22 Junie 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die getal in 1921 tot 1028 styg. In die loop van twee jaar is dus byna 400 meer leerlinge skool-toe gebring.

Te Springbok het dr. W.P. Steenkamp, predikant vanaf Januarie 1919, geen steen onaangeroerd gelaat om van die koshuise 'n sukses te maak nie. Hy het honderde myle te perd afgelê om die afgesonderdste wyke van sy gemeente op te soek, en die ouers aangemoedig om hul kinders te laat leer.[41] Dr. Steenkamp se ywer om die verlatenes en armes op te soek en terug te bring na die Kerk, blyk uit die feit dat tydens die Oogstnagmaal in 1921 nie minder as 128 lidmate aangeneem is. (13 van hierdie persone was ouer as 30 jaar.)[42]

Die Skoolraadsekretaris het/ nou weer 'n veldtog gelei om die kinders skool-toe te bring. Sy posisie was nou baie sterker as enige jare tevore. Op 'n telegram aan hom gerig i.s. ouers wat nog steeds geweier het om hul kinders skool-toe te stuur, het ds. Luckhoff geantwoord: „ Met volgt dat ouders die kinderen niet na r school sturen nadat hun logies is aangeboden, gedagvaard moeten worden door schoolraad."[43]

Met hierdie riem onder die hart, het die Skoolraad weer 'n sirkulêre opgestel, (~~na alle strenger~~) hierdie keer heelwat strenger opgestel, na alle onwillige ouers gestuur. Sommige het

---

36. S.G.K. 1/1457, Lett. Rec., v.d. Merwe-S.G.O. 5/4/1914.
37. Sien notuleboek, 9 April 1919, en 15 April 1919.
38. Destyds nog onder die naam; Binnelandse Zending Kommissie.
39. Greyling: Die N.G. Kerk en Armsorg, bl. 112.
40. In die begroting vir die jaar eindigende Maart 1943 is 'n bedrag van byna £6,000 gestort vir koshuisontwikkeling te Kamieskroon.
41. Inligting verskaf deur Mnr. R. Archer van Koornhuis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



nogal mooi gereageer. Inspekteur Boersma vertel van 'n ouer wat by gebrek aan 'n vervoermiddel sy kinders op donkies gelaai het, en die donkies te voet aangeja het koshuis-toe.[44]

Teëkanting was daar natuurlik volop. Daar het nogal gevalle voorgekom waar welgestelde ouers bitter teë was op die koshuise, omdat die koshuise hul beroof het van hul "goedkoop arbeid". (Ook in Namakwaland het ons gevalle teëgekom waar ouers hul kinders aan 'n welgestelde grondeienaar ,,verhuur" het op voorwaarde dat die ouers dan 'n ,,sitplekkie" op die plaas mog hê.) Ander ouers het die wegruimuur van hul kinders probeer vryspring deur private boereskole te stig, maar die Skoolraad het pal gestaan, en alle private skole in die kiem gesmoor. Ander ouers het weer beweer dat hulle hul kinders netso goed kon onderrig soos die regeringsonderwyser. Die ou idee van ,,huizelyke onderreg" ('n term wat in die briewe voorkom) het baie moeilik gesterf. So het 'n ,,rondtrekker" nog in 1923 aan Mnr. Loubser geskryf dat hy sy kinders self onderrig in die Kinderbybel en die Katkisasieboek. - soos in die ou dae toe Mulder onderwyser was.

Maar die koshuisstelsel het tog na langelaas die doodsklok gelui oor die private boereskool en die ,,huizelyke onderreg."

Tereg kon dr. Steenkamp in 1921 getuig: ,,Het onderwys heeft met reuzen schreden vooruitgegaan. De Kosthuis-ordonnantie is een Zegen voor 't Namakwaland."[45] Op 9 Oktober 1922 het die

---

42. Lidmaatregister, 23 Sept. 1921.
43. Brief gedateer 23 Sept. 1920.
44. Inspekteursrapport, Boersma 1921.
45. Verkargief: O/S, Onderwysverslag van 1921.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Namakwalandse Kerkraad 'n besluit geneem waarin hulle hul dank aan sir F.de Waal uitspreek vir alles wat hy in belang van die opvoeding in Namakwaland gedoen het.[46]

- DIE UITBREIDING VAN SEKONDÊRE ONDERWYS IN NAMAKWALAND.-

Die uitbreiding van die koshuisstelsel in Namakwaland sedert 1920 en die ontwikkeling van sekondêre onderwys het hand aan hand gegaan. Op dieselfde dag toe op die publieke vergadering gevra is dat 'n kerklike liggaam die koshuise moes oorneem, is 'n verzoek aan die Departement gerig om sekondêre onderwys in Namakwaland in te stel. Reeds da. Du Toit het hom in die rigting beywer, maar dit was in dr. Steenkamp se tyd dat die doel bereik is. Mnr. J.H. Rossouw, toe hoofonderwyser te Graaff, was die eerste prinsipaal van die sekondere skool te Springbok. Die groei van die skool was besonder vinnig soos blyk uit die volgende syfers:

| Jaar. | Getal leerlinge. |
|---|---|
| 1920. | 74. |
| 1921. | 149. |
| 1922. | 158. |
| 1923. | 175. |
| 1925. | 235. |

In 1926 het die skool met die eerste Std.IX klas onder die nuwe prisipaal mnr. P.v. Heerde begin. Die ontwikkeling van die skool het nuwe lewe in die dorpie gebring. In 1928 het Springbok sy eie dorpsbestuur gekry. Hier het ons dus 'n geval waar

---

46. Kerkraadsnotule, 9 Okt. 1922.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



onderwys 'n dorp laat groei het.

Garies het ook nie lank op hom laat wag nie. Die wakkere ds.B.Klopper het dit bewerkstellig dat die skool reeds in 1923 toe daar slegs 98 leerlinge was tot sekondêre skool verklaar is. Maar nadat die skool eers die sekondêre status bereik het, het dit 'n soortgelyke groei soos Springbok deurgemaak. In 1938 het ook Garies 'n hoërskool geword onder die ywerige prinsipaal mnr. Grobbelaar.

Dat die behoefte aan sekondêre onderwys steeds aan die toeneem is, word weerspieël in die feit dat vanaf 1943 'n derde skool vir sekondêre onderwys in Namakwaland 'n aanvang sal neem, nl. die sekondêre skool te Kamieskroon.

In ons samevatting van die huidige toestand op onderwysgebied sal ons egter daarop wys dat sekondêre onderwys nog lank nie sy maksimumbe groei bereik het nie.

- VERDERE ONTWIKKELINGS TOT 1940. -

Een van die persone wat hom heelhartig vereenselwig het met die onderwysbelange van Namakwaland was die inspekteur G.M. Slabbert. Hy het hom veral beywer vir die onderwys van landbou en natuurstudie. In 1924 is 'n groot onderwyskonferensie onder sy leiding te Garies gehou, waar landbouonderwys in Namakwaland die hoofonderwerp van bespreking was. Die konferensie het spoedig vrugte afgewerp want landbou is as vak in die sekondêre skole

---

47. E.G. Malherbe: Onderwys en die Armblanke, bls. 273 - 275.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


te Garies en Springbok ingevoer. Ook op die buiteskole soo Mesklip, Wallekraal, Grootderm en Grootmist is landbou-onderrig prakties moontlik gemaak deur die verskaffing van uitrusting aan die skole. Wat vandag nog in die Namakwaland aan landbou gedoen word, is aan Mnr. Slabbert te danke.

Ook het hy hom, netsoos sy opvolger, Mnr. A.J. v.d. Merwe, besonder beywer vir die buiteskoolse aktiwiteite aan die skole. Interskoolsport het in 1930 'n aanvang geneem en nieteenstaande die groot distansies wat rugby-en netbalspanne moes aflê, het die wedstryde tussen die hoërskole 'n jaarlikse instelling geword. Gedurende Mnr. Slabbert se dienstyd het die hoërskool te Springbok sy eerste blomme tentoonstelling gehou. - iets wat geweldig daartoe bygedra het om by die Namakwalander 'n trots op sy eie land op te wek.

Deur die onderwyskonferensies wat Mnr. Slabbert van tyd tot tyd gereël het, het hy baie daartoe bygedra om die Namakwalandse onderwyser sy isolasie te laat vergeet en te laat besef dat sy werk in Namakwaland vir hom 'n roeping kan wees. In 1931 het dr. W.deV. Malan 'n groot konferensie te Garies toegespreek en in 1933 het prof. H.C. Botha, (sover ons kon vasstel die eerste S.G.O. wat Springbok besoek het) 'n groot konferensie te Springbok toegespreek.

Te midde van al hierdie tekens van vooruitgang het Namakwaland tussen die jare 1926 - 1931 'n werklike „Sturm-und-Drang" tydperk beleef. Die ontdekking van die ryk diamante-nyne te Alexanderbaai, Kleinsee, Skulpfontein en elders, het die lewe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van die Namakwalander so ontwrig soos seker nooit te vore. Hoedat die diamante werklik 'n vloek vir Namakwaland was, blyk uit die ondervindinge van dr. E.J. Malherbe toe hy en die Carnegie-kommissie-lede Namakwaland kort na die diamantkrisis besoek het.[47] Birkby het die invloed van die diamante as volg beskryf: "Diamonds have done nobody any good. They have been a curse to this part of the country. (The People) can't go back to the old honest poverty."[48] Gelukkig dat die diamantkoors spoedig uitgewoed het, hoewel Namakwaland van die na-effekte van armoede en morele ontwrigting nog nie heeltemal genees het nie. Dr. P. de W. Kotze beweer dat die diamantbedryf verantwoordelik was vir die grootste verarming wat Namakwaland ooit geken het.[49]

Van baie groter betekenis vir Namakwaland is die herlewing van die koperbedryf sedert 1937 onder die s.g. „Ookiep Copper Company". Hierdie maatskappy, 'n Amerikaanse maatskappy, het as sentrum vir sy werksaamhede die dorpie Nababeep uitgekies. Gevolglik het die dorpie weer vinnig gegroei sodat daar vandag 'n skool met byna 70 leerlinge is. Maar in teenstelling met die ou dae is dit 'n Afrikaansmedium skool. Die Engelssprekende kinders word elke dag per bus na die Springbokse Hoërskool vervoer waar spesiale voorsiening vir Engelsmediumklasse gemaak is.

---

48. Birkby: Thirstland Treks, bl. 89. Sien verder mevr. W.P. Steen kamp: Kykies Uit ons Volkslewe, bls. 33 e.v.
49. Kotze: op. cit., bl. 206.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Nog 'n treffende teenstelling met die ou C.C.C. -dae is, dat die Namakwalander vandag met gretigheid op die myne gaan werk, en dat hy geredelik werk kry.[50] Die opbloei van die kopernywerheid het 'n gees van optimisme in Namakwaland laat ontstaan.

Sal die herleefde koperbedryf Namakwaland beter gaan baat, as die ou bedryf? Dit lyk in elk geval so.

---

50. Een mooi voorbeeld hiervan is dat een van die oud-leerlinge van die Springbokse Hoërskool een van die besbetaalde poste in diens van die "Ookiep Copper Company" beklee.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


# - HOOFSTUK 18.-

## - WENKE TER VERBETERING VAN KLEURLINGONDERWYS IN NAMAKWALAND. -

Wanneer ons dink aan 'n toekomstige onderwysbeleid vir die Namakwalandse kleurlinge, moet ons tegelykertyd ook dink aan moontlike bestaansmiddele in die toekoms. Want hoe sterk ons ook al glo aan die spreuk: „Die mens sal by brood alleen nie lewe nie," weet ons ook dat die mens sonder brood ook nie kan lewe nie. En as ons met die Namakwalandse kleurling te doen het, dan het ons met 'n wese te doen wie se ~~normale~~ normale lewe 'n lewe van gebrek en ondervoeding is. Ons noem in hierdie verband net een ontstellende feit. Van elke 100 kleurlinge wat sterf, sterf 22 aan longtering,[1] en dit in Namakwaland, 'n land wat weens sy gesonde klimaat geroem word. Die probleem van die kleurlinglewe in Namakwaland is in die eerste instansie 'n kwessie van 'n bestaansmiddel vir elkeen. Daarom sal dit ons vergewe word as ons in hierdie bespreking uitgaan van die standpunt dat onderwys die kleurling van die toekoms moet help om sy kos te verdien.

Ten tweede wil ons dit duidelik stel dat onderwys alleen nie in staat is om die Namakwalandse kleurling te red nie. Dit is hoog tyd dat 'n sterker hand ingryp om die kleurling (en blanke ook) tot sy eie beswil tot 'n arbeidsamer lewe te dwing. Voorligting en kennis alleen is nie genoeg nie; as die kennis nie in dade omgesit word nie. Meer as honderd jaar lank het die Namakwalandse kleurling onder die gesegende invloed van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



sendelinge gestaan, maar hy het nog nie geleer om vir homself te kan sorg nie. Daar was leemtes in die stelsels van die sendelinge, maar teen luiheid en onsorgsaamheid vermag selfs die beste stelsel niks. In vorige hoofstukke het ons gesien hoe sterk persoonlikhede soo Eerw. Bailie en Eerw. Dönges heelwat kon uitrig omdat hulle feitlik diktoriale magte besit het. Daarom gaan ons hartelik saam met wat die Kleurlingkommissie van 1937 in paragraaf 403(a) aanbeveel: „Dat die huidige stelsel van beheer (oor die reserwes) vervang word deur 'n stelsel wat die aard van 'n weldadige maar strenge toesig behels. Hierdie voorstel kan verwesenlik word deur die benoeming van (resident) superintendente met spesiale kwalifikasies vir die werk."[2]

Die plaaslike superintendent moet die mag hê om b.v. diegene wat onbevoeg of onwillig is om die beste gebruik van die grond te maak van die reserwe te verwyder na arbeidskolonies of ander werkplekke. Slegs 'n baie strenge optrede sal 'n einde maak aan die toestande op die reserwes wat reeds in 1904 as volg deur inspekteur Hofmeyr beskryf: "The coloured people on the extensive mission stations to a great extent lead lazy lives, living on what the lands yield for the time being knowing that whenever bad times come the white ~~again~~ man will have to feed them again as he has done before."[3]

---

1. Kotze: Namakwaland, 'n Sosiologiese Studie ens., bl. 395.
2. U. G. No. 54, 1937.
3. By S.G.O.- rapport 1904, bl. 30.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Maar hoewel ons strenger staatskontrole bepleit, glo ons tog dat onderwys 'n vername rol te vervul het in die Namakwalandse kleurlinglewe. Die vaste hand van die staat is nodig vir die wat-nie-wil-nie; doeltreffende onderwys gaan die-wat-wil help om hul aan te pas by 'n lewe wat meer van hulle gaan eis.

Na hierdie algemene inleiding gaan ons oor tot die bespreking van die heersende toestande van die kleurlinglewe, deur welke middels 'n verbetering moontlik is en welke rol onderwys in hierdie hervorming moet speel.

Die Namakwalandse kleurlinge kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word: (a) Die bewoners van die reserwes ∓ 8,000, (b) die arbeiders op die myne en dorpe ∓ 5,000, (c) die werksvolk op die blankes se plase ∓ 4,000. Van hierdie drie groepe is die eerste die vernaamste; daarom sal ons heel eerste aan hulle aandag wy.

Onderwyshervorming op die reserwes:

Daar woon vandag omtrent 7,600 kleurlinge op die vier reserwes, Leliefontein, Concordia, Steinkopf en Komaggas.[4] Hoewel die gesamentlike grootte van die reserwes 763,045 morge is, kan hulle onder heersende omstandighede nie hulle bevolking dra nie. Dit is moeilik om te bepaal in hoeverre die onvermoë van die reserwes om hul bevolking te dra, 'n gevolg is van verkeerde en swak boerderystelsels en in hoever die land werklik nie

---

4. Die Richtersveld is na regte nog kroongrond. Daar is geen "ticket" of Occupation" aan die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



so 'n groot bevolking kan dra nie. In laasgenoemde geval sal 'n stelsel van gedeeltelike ontvolking noodwendig wees. In elk geval dit is sterk te betwyfel of die reserwes met selfs baie verbeterde boerderymetodes in staat sal wees om 'n groter bevolking te dra. Dis vir ons onnodig om te spekuleer oor hoeveel mense op die reserwes 'n bestaan kan vind. Dit sal een van die resident-superintendente se pligte wees om mettertyd te bepaal hoeveel morg nodig sou wees vir elke kleurling-gesinshoof om behoorlik te kan lewe. Hoewel ons ook die kleurlingkommissie se aanbeveling i.v.m. die individuele besitreg onderskryf,[5] sal ons wil byvoeg dat geen onder-verdeling van 'n bestaande besitting mag plaas vind nie, en dat vervreemding van die besitreg onderhewig aan goedkeuring van die superintendent moet wees.[6] Die verdeling van die saaigronde op die reserwes is reeds 'n voldonge feit, en al heers die idee dat alle grond nog aan almal gemeenskaplik behoort. Wat by die hervorming nodig is, is dat by 'n herverdeling van die saaigronde die een nie bo die ander bevoorreg word nie, en dat elkeen 'n groot genoeg deel kry. Wat die weivled betref is dit 'n baie moeiliker saak, veral weens gebrek aan water. (Ons wil egter daarop wys dat altyd beweer is dat die Boesmanland nie in plase opgedeel moet word nie, want die

---

4.(Vervolg) kleurlinge wat daar woon, uitgereik nie. Daarom sluit ons nie die bevolking van omtrent 400 in by ons bespreking van die reserwes nie.

5. U.G. No. 54, 1937. § 414(b).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



water was te skaars. Vandag is die Boesmanlanders die sterkste boere in Namakwaland.) In elk geval indien dit blyk dat verdeling van die weigrond onmoontlik is, dan moet 'n persoon se jaarlikse belasting afhang van sy getal vee.[7]

Bostaande is in hooftrekke die herorganisie-plan wat ons vir die reserwes het. Hoe sal dit die onderwys beïnvloed?

In die eerste plek sal ons vind dat die bevolking onder die herverdeling van gronde baie meer verspreid sal woon as wat tans die geval is. Elke saamplaas sal b.v. groter moet wees, sodat daar moontlikheid vir braak en wisselbou is - iets wat vandag amper nie moontlik is nie. Die ou sendelinge (reeds Shaw) wou die mense almal so veel as moontlik op sekere plekke konsentreer, sodat hulle binne bereik van kerk en skool sou woon. Vir die godsdienstige en opvoedkundige lewe van die kleurlinge was dit baie goed, maar vir die boerdery beslis nie. Die veld in die omgewing van die stasies is feitlik vernietig, terwyl die lande om die stasies deur herhaaldelike bewerking hopeloos uitgeput is. Daarom moet nou net andersom gewerk word. Die boerdery vereis dat die mense nie opmekaar moet woon nie; daarom is 'n desentralisasie-beleid in verband met skole op die reserwes die uitweg. Hierdie desentralisasie is reeds aan die

---

6. Die bedoeling hiervan is om te verhoed wat tans op die Lieliefontein-reserwe gebeur. 'n Paar ambisieuse kleurlingboere het op so baie land aanspraak dat hulle oeste van 300 - 400 sak maak, terwyl arme sukkelaars skaars land vir 'n oes van 20 sak het.
7. Onder die huidige stelsel betaal die burger wat 1000 vee aanhou, netso veel soos die burger wat net 50 vee het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gang. Die ou sendelinge te Komaggas het net een sentrale skool op die stasie gehad; vandag is daar reeds drie. Te Leliefontein was daar fetilik net een groot skool; vandag is daar 4 of 5 op die reserwe. Met 'n groter verspreiding sal die getal klein eenman-skooltjies toeneem.

Maar dit sal onmoontlik blyk om die skool na alle kinders te bring. Daarom sal ons voor dat op elke reserwe 'n koshuis opgerig word. Ons bedoeling met die koshuis is egter nie alleen om die afgesonderde kinders skool-toe te bring nie, maar om ook die eenmanskoolkinders na Std.II in 'n sentrale skool bymekaar te bring. In so'n koshuisskool[8] is dit moontlik om aan die leerling kennis en ervarings mee te deel wat hom in staat kan stel om 'n beter lewensbestaan te vind. Een van die doeleindes van kleurlingonderwys word in die verslag van die Kleurlingkommissie as volg geformuleer: ,,Om kleurlingkinders te leer om die dinge wat hulle na skool op 'n agtelose manier sou doen, beter te doen."[9] Ons wens hierdie stelling as basis van ons verdere bespreking te neem. Die eerste vraag is dus: Wat gaan die seun of dogter wat op die reserwe opgroei eendag doen? Wat die dogters betref is die antwoord maklik. Die meeste gaan na skool besig wees met huiswerk, of in hul eie huise by hul ouers, of in diens van blankes,[10] uiteindelik sal die

---

8. Ons gebruik die term ,,koshuisskool" min of meer in die betekenis van skoolplaas, soos toegepas op skole soos Dikeping. Ons verkies egter die term ,, koshuisskool", daar ons daarmee te kenne wil gee 'n opvoedingsentrum waar die skool en die koshuis albei as opvoedkundige inrigtings beskou moet word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


meeste van hulle trou, en sal dan nog besig wees met huiswerk. Dus as ons die dogter wil voorberei om haar later werk beter te doen, dan moet ons haar leer om huiswerk goed en doeglik te kan doen. Wat die seuns betref, is die antwoord nie so eenvoudig nie. 'n Deel van hulle gaan die toekomstige burgers op die reserwe wees. Ook 'n ander deel sal in hul latere lewe met boerdry besig wees want hulle gaan by blankes in diens wees. 'n Klein persentasie van die seuns (ook van die dogters) sal 'n beroepslewe volg, terwyl die res as arbeiders in die dorpe of in die myne hul nering sal vind.

As ons dus die Kleurlingkommissie se doelstelling (dit is een van 6) as basis aanvaar, dan moet ons skole op die reserwes die dogters veral gaan leer hoe om huis te hou, en die seuns hoe om te boer. Hierdie doel kan onses insiens die beste bereik word deur die koshuisskool-stelsel wat ons in die volgende bladsye in hoofsaak wil uiteensit.

'n Doelmatige koshuis word op elke reserwe deur die resident-superintendent opgerig uit die fondse van die reserwes.[11] Op hierdie geboue word huur betaal op dieselfde basis soos dit vandag aan blanke koshuise geskied. By die herverdeling van die gronde op die reserwes, geniet die aanspraak van die koshuis voorkeur. 'n Plaas van tenminste 100 morge binne die saaigebied

---

9. U.G. No. 54, 1937. § 858 (iii).
10. Volgens gegewens deur eerw. Le Roux (Komaggas) versterk gaan omtrent 20% vandag reeds in diens van blankes.
11. Op swakker reserwes soos Komaggas kan die geboue deur die Administrasie opgerig word, maar op sterker reserwes soos Steinkopf sal dit uit plaaslike fondse kan geskied. Die Be-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



moet vir die koshuisskool afgesonder word. Op hierdie plaas moet deur die seuns onder leiding van die koshuisvader en die onderwysers geboer word. In die koshuis weer moet alle huiswerk deur die dogters gedoen word onder leiding van die huismoeder en die onderwyseresse. Die voorsiening van die nodige meubels en benodighede vir die koshuis sal heelwat geld aan ~~die~~ die begin veral verg. Ook die plaasgereedskap vir die plaas soos ploeë, ee, trekvee, ens. sal heelwat geld vra. Wat laasgenoemde uitgawe betref, wens ons egter daarop te wys dat reeds vandag groot uitgawes vir landbouverbetering op die reserwes gedoen word. Op elke reserwe is daar 'n kleurling demonstrateur wat besig is met eksperimentele en voorligtingswerk. Aan hulle word salarisse betaal, materiaal soos ploeë, ens., verskaf. Wanneer koshuisskole tot stand kom, dan val hierdie werk onder die skool. - En dan moet ons tog die feit onder die oë sien dat om die kleurling praktiese onderwys te verskaf (soos herhaaldelik deur kleurlingkommissies en inspekteurs aanbeveel word) geld moet kos. Per slot van sake gaan hierdie ekstra uitgawe sig regverdig wanneer uit hierdie koshuisskole beter huisbediendes kom, as wat vandag uit die mat-

---

11(Vervolg) heerraad van Steinkopf het 'n vaste bedrag van £300 in die bank op hul krediet. (Inligting deur mnr. H. Smit, klerk vir die Naturelle-Kommissaris in Namakwaland). Koshuise is reeds te Tupperthal op eie inisiatief opgerig en met 'n mate van sukses is daarmee voortgegaan. (Inligting deur eerw. Strassberger). Die sukses van die Rooms Katolieke in Nam. is ook grootliks toe te skryf aan hul kloosters waar hul huisvestiging aan leerlinge kan verskaf. ~~Koshuise is ook dus~~ 877. ~~Uitlatersbk aanbeveel deurbeveel.~~ (U.G. 54, 1937, S.o.S.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



jieshuise kom. Desgeliks meen ons ook dat die boer uit die koshuisskole 'n beter werksman sal kry, as wat hy vandag kry uit die bestaande skole waar landbou feitlik g'n plek het nie.[12] Dan wil ons net herinner aan dié groot somme geld wat kort-kort vir onderstand en noodleniging aan die kleurlinge reeds bestee is, en bestee word.[13a] As ons dit alles in ag neem dan glo ons dat die groot uitgawe wat ons in verband met die stigting van koshuisskole op die reserwes verwag, geregverdig sal wees.

In die koshuis moet alle werk soos koskook, was en stryk asmkantmaak van die kamers ens., deur die dogters self gedoen word. Op die plaaswer doen die seuns self al die plaaswerk. Hulle leer en ondervind deur te doen hoe die bodem die beste bewerk moet word. Hulle leer b.v. die waarde van grond te braak, van die grond te eg, en van die toediening van kunsmis.[13] Hulle leer hoedat deur beter bewerking van die bodem groente soos b.v. ertjies met selfs die geringe winterreënval gewen kan word. Waar slegs brakwater beskikbaar is, leer hulle dat selfs onder brakwater groente soos beet, wortels en uie met sukses gekweek kan word. So stel ons ons voor dat deur die koshuisskole ons die naaste kan kom aan ons doel om die kleurlingdogters huiswerk te leer en die seuns hoe om die bodem te

---

11. (Vervolg) Koshuise is ook deur die Kleurlingkommissie aanbeveel. (U.G. 54, 1937, § 877. Dit is ook aanbeveel duer die Kleurlingkommissie oor onderwys in 1927.
12. Te Steinkopf het die departement van Naturelle-sake 'n groot stuk grond omhein en onder besproeiing gebring. Vir die skool is 'n stuk grond gereserveer, maar die skooltuin is maar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bewerk. Ons stip hierby net die ander voordele verbonde aan die koshuisskool-stelsel aan:

(i) Dit verseker 'n baie beter skoolbywoning as wat tans die geval is.

(ii) Dit verskaf goeie huisvesting vir die onderwysers.[14]

(iii) Dit skakel die oorvermoeiing van leerlinge wat tot 12 myl per dag stap om die skool te besoek, uit.

(IV) Dit verskaf 'n gereelde en voedsame dieet aan kleurlingkinders in 'n kritieke tyd van hul groeijare, nl. 11 - 14 jaar.

(V) Dit gee die begaafde kind wat andersins weens die feit dat hy miskien op 'n afgeleë skooltjie sy onderwys moet geniet, die geleentheid om onder die aandag te kom.

Die leerlinge in die koshuisskool sal wees die leerlinge wat te ver van 'n eenmansskooltjie woon en ook diegene wat Std. 11 voltooi het of 11 jaar bereik het. Op die eenmansskooltjies word dus net tot Std.11 of aan kinders tot hul 11de jaar onderwys gegee. Deur proefondervinding kan mettertyd bepaal word hoeveel jaar elke kleurlingkind op die koshuisskool moet deurbring.

Waar gaan die onderwysers en die koshuisouers vir hierdie skole vandaan kom? Volgens die huidige inspekteur, Mnr. A. J. v.d. Merwe, en eerw. Le Grange, die bestuurder van die Stein-

---

12. (Vervolg) swak, veral te wyte aan die feit dat die onderwysers geen kennis van, en geen liefde vir landbou het nie. Te Lelie Fontein is ook 'n skooltuin, en hoewel taamlik goed, vergelyk dit swak met die tuin onder die demonstateur.
13. Drie dinge wat vandag in Namakwaland selfs by blankes baie selde toegepas word.
13a. Sien Missionsberichte 1933, Maart, by verslag oor Steinkopf en Concordia.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


kopfse skole, is die onderwysers, juis die probleem in Nam. Dit sou nutteloos wees om die beste maatreëls te tref vir die onderrig van die leerlinge in praktiese werk, indien die onderwysers geen kennis daarvan en geen liefde daarvoor het nie. Dit is eiemaardig dat die KleurlingKommissie in hul aanbeveling i.s. gespesialiseerde opleidingskursusse geen melding maak van 'n gespesialiseerde kursus in landbou nie.[16] Wel word voorsiening gemaak vir 'n opleidingskursus in Kookkunse en Naaldwerk. In paragraaf 932 van die rapport word gewys op die noodsaaklikheid van 'n sekondêre kleurlingskool vir die distrikte Malmesbury, Piketberg, Clanwilliam, Van Rhynsdorp en Namakwaland. Ons meen dat hierdie voorgestelde inrigting vir sekondere onderwys tegelyk die inrigting moet wees waar onderwysers opgelei word vir die gespesialiseerde kursusse in landbou en in Kookkuns en Naaldwerk. Hierdie vakke sal dan ook 'n vername plek inneem op die sekondere leerplan van Stds. VII - X. Dit is wenslik dat so 'n skool en kollege op 'n plaas of sendingstasie opgerig word.[17] In hierdie inrigtinge kan dan die toekomstige onderwysers en huisouers vir die Namakwalandse koshuisskole opgelei word. Hierdie inrigting kan natuurlik ook voorsien in die dringende behoefte wat orals gevoel word vir onderwysers met land-

---

14. Bestuurders van skole in Namakwaland beskou die huisvesting-probleem van ongetroude onderwysers veral, as een van die grootste probleme.
15. Ons is tengunste van die behoud van die eenmanskooltjie, veral omdat dit moeilik sal wees om al die kleinerkinders onder 11 ook in die koshuis te laat woon.
16. U.G. 54, 1937. § 939.
17. In elkeen van die genoemde distrikte is daar reedsbestaande sendingstasies. Ons persoonlik mening is dat so 'n inrigting nie in Nam. of Van Rhynsdorp moet wees nie, maar liewer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bou-kennis.

Tot hiertoe het ons nog net aandag gegee aan die onderwys in die koshuis. Dit is opsetlik gedoen want ons glo dat in die koshuisskool-stelsel die nadruk op die praktiese werk binne en buite die koshuis moet val. Die gewone skoolleerplan moet aangepas word by die koshuis en nie andersom nie.

Daar sal natuurlik by elke koshuis ook 'n skool wees. Die leerplan in hierdie skool sal baie ingekort moet word, sodat die praktiese werk voorrang kan geniet. Die elementêre vereistes van lees en skryf in die moedertaal sal ongeskonde bly, maar onderrig in die tweede taal, aardrykskunde, geskiedenis, rekenkunde en selfs sang[17a] kan baie ingekort word. Hierdie wysiging van die leerplan vir primêre kleurlingskole op die platteland is reeds oor en oor deur S.G.O.'s, inspekteurs en kleurlingkommissies aanbeveel.[17b]

Die inkorting van die leerplan sowel as die eise wat praktiese werk stel, sal as gevolg hê dat die getal skoolure aanmerklik minder sal wees, sê 3 uur per dag.

Ons wil egter daarop wys dat dié 'n uitsondering gemaak moet word vir leerlinge wat besonder begaafd is, en dus groter voordeel uit 'n meer akademiese opleiding sal hê. Hoewel dit wenslik is dat die meer intelligente deel van die kleurlinge die toekomstige burgers van die reserwes moet wees, sal dit verkeerd

---

17. (Vervolg) in Piketberg of Malmesbury, waar die leerlinge kans het vir 'n ruimer ontwikkeling.

17a. Sang kan deesteneer 'n belangrike funksie i.v.m. die koshuislewe vervul in verband met gesamentlike sang by godsdiensoefeninge of gesellige byeenkomste in die koshuis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wees om almal in een rigting te dryf. Daarom sal dit wenslik wees dat een lid van die staf verantwoordelik sal bly vir die onderrig van intelligenste leerlinge in Stds.IV - VI. Dit sal egter nie beteken dat sulke leerlinge vrygestel moet word van die werk op die plaas en in die koshuis nie.

Ons soms dus net ons voorstelle i.v.m. onderwys op die reserwe op. (a) 'n Stelsel van eenmanskooltjies word oor die reserwe versprei, teneinde die kleiner kinders onderwys te gee tot Std. II. (b) 'n Stelsel van koshuisskole, een op elke reserwe. Die doel is in die eerste plek om praktiese onderrig moontlik te maak, en om in die tweede plek die onderrig van die begaafdste leerlinge in Stds. V - VI.

Kleurlingonderwys op die dorpe

Hier bevind ons ons op baie moeiliker terrein omdat die kleurlinglewe op die dorpe so afhanklik is van die vooruitgang of agteruitgang van die dorpe self. Die geskiedenis van Ookiep het getoon hoe wisselvallig die dorpslewe is.

In elk geval ons kan met veiligheid aanneem dat die meeste kleurlingseuns in die dorpe eendag arbeiders gaan wees. Vir die dogters is 'n kennis van naaldwerk en huishou van die grootste betekenis. As ons weer in ag neem dat ons die skool se doel as volg beskou: „ Om kleurlingkinders te leer om dinge wat hul na skool op agtelose manier sou doen, beter te doen," dan moet ons sorg dat meer praktiese werk op skool gedoen word.

---

17b. Kleurlingkommissie 1927 sê: "Rural areas need a different type of school from urban areas."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Baie meer tyd kan in dorpskole aan naaldwerk bestee word, en heelwat meer aan handwerk. Getalle in kleurlingskole regverdig die invoer van houtwerk as vak in die meeste dorpskole. In hierdie verband is dit wenslik dat 'n oplossing gevind word vir die ongesonde toestand dat op dorpe soos Nababeeb, Ookiep en Port Nolloth daar in dieselfde plek aparte skole bestaan vir Anglikaanse en Roomse kinders. Die ongesonde kompetisie sowel as die onkoste verbonde aan twee skole in dieselfde dorp, sal 'n beslisste optrede om te bepaal welke skool afgeskaf moet word, noodsaaklik maak.

Die Onderwys op die plase:-

Dit bring ons tot die neteligste kwessie van almal. Daar woon omtrent 4,000 kleurlinge in Namakwaland op die plase van blankes. Die voorsiening van onderwys vir hierdie kleurlinge se kinders is in teenstelling met die voorsiening op die dorpe baie swak. 'n Klein klompie is in staat om skole op die reserwes of dorpe by te woon. Maar ook in hierdie rigting is daar al bemoedigende tekens. Die Afrikaanse sendelinge te Komaggas en Steinkopf, sowel as die Wesleyaanse sendeling te Leliefontein het reeds 'n begin gemaak met kleurling-plaasskole. So is plaasskole te Koornhuis, Klipvlei, Abassas, Rooiwal en Grootmist reeds gestig. Die skool te Koornhuis is in 'n tiepiese boereomgewing opgerig. Die eienaar van die plaas het 'n skool en woning vir die onderwyser beskikbaar gestel.. Ehrw. P.Le Roux van Komaggas het daarin geslaag om 'n geskikte onderwyser aan te stel. Die onderwyser beset en eerw. Le Roux het hom dit goed duidelik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gemaak, dat die [illegible] in n groot mate daarvan n gaan afhang hoe hy sy skoolhou gaan laat aanpas by die boer se plaaswerk. Sover het die onderneming baie goed verloop. In Januarie 1942 was die boere van Koornhuis en omgewing in groot verleentheid weens die feit dat hulle die hele oes moes laat uittrap daar geen dorsmasjien verkry kon word nie. Toe die skool dus moes begin, was alle hande op die plase nog nodig. Die onderwyser het toe in oorleg met sy bestuurder die begin van die skool vir veertien dae uitgestel.

Die goeie gevolg van die wederzydse aanpassing was dat die boere tevrede is en die bestuurder van skole ook. Ons glo dat as kleurlingonderwys op die plase altyd met hierdie gees van wederzydse tegemoetkoming geskied, daar nog 'n goeie toekoms vir kleurlingonderwys in Namakwaland is.

Tot hiertoe het ons i.v.m. die kleurlingonderwys die hoofklem laat val op die ekonomiese lewe van die kleurling, omdat die ekonomiese rehabilitasie op die oomblik die dringendste is. Tog glo ons dat die onderwys hopeloos te kort sal skiet as dit niks meer as net dit gaan bring nie. Ons begaan dikwels die fout dat ons te veel aan die kleurling dink bloot as arbeider en nie as mens nie. Die koshuisskool bied juis beter kanse vir die kulturele en morele opleiding, as die gewone kleurlingskool, van vandag. In die koshuise kan daar goeie voorsiening gemaak word vir biblioteekboeke en radio-stelle. Die saamwoon onder behoorlike toesig en in 'n gesonde atmosfeer is middels om by te dra tot die morele ofheffing van die kleurling. Kleurlinge

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


soos Hein het getoon waartoe die kleurlinge in staat is, as die simpatieke voodyskap van die blanke hulle in staat stel om te ontwikkel. Ons glo dat onderwys vir die kleurling in Namakwaland sal bydra tot sy geluk. Maar nie alleen tot sy geluk nie...

Want die blanke van Namakwaland kan net gelukkig wees, wanneer dieselfde geluk ook aan die kleurling beskore is.

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# - HOOFSTUK 19. -

## - ONDERWYS AS FAKTOR IN DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N GELUKKIGE NAMAKWALAND. -

Aanbeveling no.33 van die Carnegie-Kommissie lees as volg: ,,'n Belangrike doel van die onderwys behoort te wees om mense te leer om hulle eie omgewing te beheers." Hierdie stelling wens ons as basis te aanvaar vir ons bespreking in hierdie slothoofstuk. Ons sal die hoofklem laat val op twee vrae: (1) Wat is die aard van die omgewing wat die leerling van vandag en die burger van môre moet beheer? (2) Hoe moet die onderyws ingerig word om die toekomstige Namakwalander in staat te stel om 'n bestaanbare lewensbestaan in Namakwaland te vind?[1] Om hierdie vrae die beste te kan beantwoord, sal dit nodig wees om die huidige toestande op ekonomiese sowel as opvoedkundige gebied eers te ontleed. Wanneer ons die tekortkomings van die hede weet, dan is ons beter in staat om planne vir die verbetering daarvan te ontwerp.

## DIE HUIDIGE POSISIE VAN NAMAKWALAND OP DIE EKONOMIESE GEBIED.

Die hooffeit wat ons in verband met Namakwaland onder die oë moet sien, is dat die land oorbevolk is. Reeds in 1895 het die Namakwalanders aan Ds. W.J. Conradie gesê dat as die Boesmanland eers in plase uitgegee is dan sal hulle moet trek, "want dan sal die wêreld hier te nou worde".[2] In sy jaarlikse rapport vir die jaar 1910 het Ds.A.D. Luckhoff ook beweer dat die land

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



oorbevolk is. Reeds in 1907 ~~het~~ is die onbesette dele van die Sandveld uitgemeet en teen 4/- per morg van die hand gesit.[3] Tevore kon die mense „ grasliksense" kry, en met die droogte tye na die grasveld uitvlug. Dieselfde het gebeur met die Boesmanland, wat met goeie reënjare van die beste weiveld in die Unie verskaf het. Onderverdeling van plase het toegeneem toe daar geen uitvlugkans elders vir die seuns was nie. In 1916 was daar 208 grondeienaars in Namakwaland; in 1938 het die eiendom wat vroeër aan 208 mense behoort,het, nou aan 670 grondeienaars behoort.[4] Hierdie posisie is nog vererger deur die feit dat met die diamantontginning, plase ter grootte van 509847 morge van boere opgekoop is, en nou feitlik onbewoond lê.[5] Nog 'n onrusbarende feit is dat baie grond uit die hande van die werklike boer gelaat is en in hande gekom het van dorpsbewoners, veral winkeliers. In 1916 was daar al 83650 morg in die hande van nie-boere, maar in 1938 het reeds 295046 morg aan nie-boere behoort.[6] Dit spreek vanself dat deur die onderverdeling van die grond en die beperking van die weigebiede daar oorbeweiding en vertrapping van die veld plaasgevind het. Veral dele soos die Sandveld en die Karroo (die Harde veld tussen die berge en die Sandveld) het hulle waarde as weivelde baie verloor. Netsodra 'n groot droogte kom, (en

---

1. Vir die metodes van behandeling van hierdie hoofstuk is ons dank verskuldig aan die boek van: Willem C. Radford: Educational needs of a Rural Community.
2. Conradie: Ondervindingen van een Jonge Predikant inNamakwaland bl. 43.
3. Ons Land , 13 April 1907, Brief van P.J. Cornelissen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ons weet al uit vorige hoofstukke hoe veelvuldig hul gekom het) dan het die mense ontsettende Veeverliese gely. Wanneer dit dan weer op 'n selere plek teën, het mense van heinde en ver soontoe getrek, sodat die veld daar ook spoedig uitgetrap is. Die kleiner plase[7] sowel as die verlaging van die draagkrag van die veld, het as gevolg gehad datdie kuddes kleinvee baie kleiner geword het. Volgens Dr. Kotze het in 1938 39.7% boere minder as 100 skape besit en 47% boere het minder as 100 bokke gehad.[8] Die verswakking van die veld se drakrag word ook bewys uit die feit dat daar vroeër in Namakwaland baie meer grootvee was, as wat vandag die geval is. Treffend i.v.m. die Namakwalandse veeboerdery is die toename in die getal bokke en donkies. In 1865 was daar net 100 donkies terwyl daar in 1930 13,248 donkies was. In 1926 was daar 143,359 bokke, maar in 1936 het dit al tot 221,687 gestyg. Hierdie diere is die beste bestand teen droogtes, maar hulle ekonomiese waarde is weer minder as die van ander diere. Ook is dit bekend dat donkies die veld baie verniel, en van bokke sê Prof. Leppan: ,, Goats are the most destructive of farmanimals.[9]. Dit is dus treffend dat die twee diere wat die beste aard in Nam., terselfdertyd die grootste verwoesters vandie weiveld is.

---

4. Kotze: Namakwaland, 'n sosiologiese studie van 'n geisoleerde gemeenskap, bl.212.
5. Net 'n paar goedgekeurde bewoners word duer die " Cape Coast" (soos die diamantmaatskappy heet) op die diamantgronde toegelaat. Hierdie ontvolking van 'n half miljoen morge het dan tem een voordeel nl. die veld is besig om te herstel van die oorbeweiding en vertrapping van die verlede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Wat saaiboerdery betref is die toestand ook nie te rooskleurig nie. Die talryke mislukkings van die koringoeste veral sedert 1919 het al by baie mense die gedagte laat ontstaan dat dit beter sou gewees het indien in die meeste dele van Namakwaland nooit gesaai is nie. Dit is moeilik om hieroor 'n definitiewe oordeel uit te spreek, maar dit is duidelik dat deur die omploeg van lande wat tog weens swak gehalte of onvoldoende reënval in die betrokke gebied nie betalende oeste sou lewer nie, sulke gronde ook as weiding waardeloos gemaak is.

Maar selfs in die dele waar reëlmatige reënval en beter bodemsgesteldheid saaiery regverdig, is die lande deur roofbou baie verswak. Reeds baie lank bestaan die gewoonte in Namakwaland dat veeboere uit die Sandveld en Boesmanland hulle "lande" huur in die Binneveld. Gevolglik het die grond nie genoeg kans gekry om te rus nie. Mi n boere bring kunsmis in die grond.[10] Wisselbou, braak van lande, selfs eg van lande nadat dit geploeg is, word ook baie selde aangetref.[11] Ook saaiboerdery is as bestaansmiddel vir die boer onder heersende omstandighede nie te bestendig nie. Weens die uitputting van die grond, ens., is die graan nie opgewasse teen 'n droogte nie.

---

6. Kotze: op. cit., bl. 339. Dat toestande elders nog erger is, blyk uit die volgende aanhaling: „It appears that consirably less tahn half of the value of farm real estate was really owned by farm operators in 1930" (van Amerika gesê) Parkins and Whitaker: Our Natural Resources and their Conservation. bl.235.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Dit verbaas ons dus geensins om te verneem dat die ekonomiese posisie van die Namakwalandse boer besonder sleg is nie. Volgens Dr. Kotze het 73.1% van die boere minder as £100 per-jaar uit hulle boerdery gemaak.[12] „Dit moet ( in die woorde van Dr. Kotze) as aanduiding geneem word vir die hopeloosheid van die boerdery in Namakwaland".[13]

Hierdie toestande is egter al geruime tyd aan die gang; daarom is dit destemeer verbasend dat die bevolking van Namakwaland nog steeds gegroei het. In ander dele van ons land, soos in die Karo, waar die veld ook weens oorbeweiding agteruitgegaan het, daar 'n geleidelike ontvolking reeds sedert 1904 plaasgevind.[14] In Namakwland egter het met die verswakking van die veld steeds 'n toename in die bevolking gepaard gegaan[15]. Daarom dat die armblanke-probleem in Namakwaland so akuut geword het. In dele soos die Karo b.v. het die natuur self sy oorbevolking afgestoot; in Namakwaland het die mense knaend aan hul „ sitplekkies" geklou, want weens hulle isolasie het hul ook nie geweet waarheen nie. Prof. Mac. Millan het ook bevind ( ook dr. E.G. Malherbe) dat die grootste sameskoling van armblankes plaasgevind het in dele waar saaiery en tuinbou moontlik was.[16] Die Namakwalander het maar nog altyd met 'n taai volharding geglo dat „ volgende

---

7. Volgens Kotze: op. cit., bl. 287 was 21% van die plase in 1988 kleiner as 1000 morg, d.w.s. so'n plaas kan nie eens 100 kleinvee dra nie.
8. Kotze: op.cit., bl.287.
9. Leppan: The Agricultural Development of Arid and Semi-Arid Regions, bl.234.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



jaar 'n blomjaar sal wees," en het dan maar in die hoop gaan lande huur. En later het die goedbedoelde onderstandswerk en noodleniging daartoe bygedra om die armblanke in Namakwaland te hou. As gevolg hiervan het by baie Namakwalanders die idee ontstaan: die staat moet help wanneer die nood kom. Baie verkeer in 'n toestand van gelatenheid want „die Heer en die magistraat sal darem mos altyd help."[17]

Ons sluit hierdie bespreking met die volgende gegewens uit „ Onderwys en die Armblanke" deur Dr. E.G. Malherbe.[18] Namakwaland het in vergelyking met die res van Suid-Afrika: (1) Die laagste gemiddelde inkomste per hoof ( £4. 7. 0. ) (2) die hoogste % behoeftige gesinne ( 72.3% ) (3) die laagste inkomste per vk. myl ( £3.4.0.) (4) die hoogste persentasie aansoeke om ouderdomspensioene.[18]

DIE HUIDIGE POSISIE VAN ONDERWYS IN NAMAKWALAND.

In aansluiting by die voorafgegaande gegewens wat ons van Dr. Malherbe i.v.m. die ekonomiese posisie aangehaal het, wens ons sy bevindings oor die onderwys in Namakwaland ook te gee. Ten tyde van sy ondersoek het Namakwaland die laagste in die Unie gestaan wat betref: (1) % leerlinge in die sekondêre klasse, 5.8%, (2) goedgekwalifiseerde onderwysers 3.9 %, en het die hoogste gestaan wat betref: (1) vertraging 21% (2) getal subnormale leerlinge, 18.4 %

Dus het Namakwaland in 1930 op ekonomiese sowel as onderwys-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gebied baie swak vertoon. Sedert dien het die posisie enigsins verbeter. In 1938 was die persentasie vertraagde leerlinge 19.4 % teen 21.1% in 1930.[20] In 1938 was die persentasie sekondere leerlinge in die Springbokarea 8.4. % en in die Gariesarea 11.5 % . In 1941 het die posisie nog verbeter: Spirngbok het 9.9% en Caries tot 14%.[21]

Vervolgens wil ons nagaan in welke mate die onderwys daartoe bygedra het om die posisie op ekonomiese gebied te verbeter.

Laat ons eers nagaan welke funksie die sekondêre skool verrig het. Uit die voorafgaande gegewens het ons reeds gesien dat 'n baie klein persentasie leerlinge sekondêre onderwyse geniet het. On sh et probeer bepaal standard-sessers np die sekondêre skool gegaan het. Ons kon dit nie doen vir die hele distrik, daar ons nêrens gegewens omtrent die getal std.- sesers op die buiteskole kon kry nie. Wat Springbok betref, is ons in staat gestel om dit te bepaal deur die medewerking van Mnr. J.W. v.d. Merwe die Std.VI onderwyser sedert 1926. Vanaf 1931 tot 1941 was daar 366 leerlinge in std.6. Daarvan het 202 verder gaan leer, dit wil sê 55%. Mnr. J. Botha sekondêre assistent te Caries het ons kon meedeel dat 71 van Caries se std.- sessers na die sekondère skool gegaan het.[22]

---

10. Dr. Kotze beweer dat van 617 boere wat hy geraadpleeg het, net twee kunsmisstowwe gebruik.
11. In hierdie verband is dit interessant om te bewys op die sukses van die saaiboerdery van een van die onderwysers aan die Springbokse Hoërskool. Sedert 1930 het hy elke jaar 'n goeie oes gemaak trots droogtes. Hy het egter altyd sy lande ge-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die getal Standerdsessers wat uit die Springbokskool en Caries skool na Std.VII gaan is betreklik gesproke nie so ~~traag~~ SWAK nie. dDie besondere lae persentasie sekondêre leerlinge in Namakwland moet dus gewyt word aan die min Standerdsessers wat van die buiteskole na die Hoërskole gestuur word. Wat nogal treffend is, is dat skole soos Soebatsfontein en Grootmist wat in armer dele gelee is 'n groter persentasie sekondêre leerlinge lewer as b.v. 'n ander skool wat in 'n ryker omgewing gelee is. In 'n groot mate hang die getal leerlinge wat lus het om verder as Std.VI te gaan, baie af van die betrokke buiteskoolse prinsipaal. Dat die buiteskole veral verantwoordelik is vir die klein persentasie sekondêre leerlinge, kan ons wat die Springbokarea betref, bewys uit die volgende gegewens. Tussen 1932 en 1942 was daar 418 leerlinge in die Std.VII klasse te Springbok. Daarvan het 202 van die plaaslike primêre skool gekom, sodat 216 op rekening van die buiteskole geplaas moet word.[23] Dit wil sê, Springbok alleen het omtrent net soveel Std.VII's gelewer as al die buiteskole saam, maar die verhouding van die getal primêre leerlinge in die buiteskole was gewoonlik omtrent driemaal soveel as dit getal van die sekondêre leerlinge in die Springbok se skool.

---

11. (Vervolg) braak, geeg en kunsmisatowwe toegedien. 'n Paar vooruitstrewende boere het al by die onderwyser „goeie raad" kom vra. en somtyds ook toegepas.
12. Kotze: op. cit., bl.265.
13. Kotze: op. cit., bl.267.
14. Bevinding van Droogte-Ondersoek-Kommissie in 1923. U.G. 49, en Malherbe: Onderwys en die Armblanke, bl.93.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Daarom behoort die buiteskole in dieselfde tydperk omtrent 600 i.p.v. 218 te gelewer het.[23a]

Nie alleen is dit te betreur dat so'n klein persentasie standerdsessers na Std.VII gaan nie, maar 'n baie klein persentasie van die Standerdsessers kom uiteindelik sover as Std.X . Gedurende die periode 1931 - 1941 was daar in Std.X klasse in Springbok altesame 164 leerlinge. In die Garies Hoërskool was daar vanaf 1939 tot 1941 57 matrikulante. In 11 jaar tyd het die Namase skole dus net 219 leerlinge sover gehelp dat hulle matriek kon skryf, d.w.s. 19 per jaar. Elke jaar dus net 19 leerlinge die wereld ingestuur wat meer of min voldoende toegerus was vir die hoë eise wat die moderne lewe aan die mense stel.

Die uitskakeling van leerlinge in die sekondêre klasse word weerspieël in die volgende syfers:

Leerlinge vir die tydperk 1931 - 1941 te

| | Springbok. | en 1939 - 1942 te Garies. |
|---|---|---|
| VII | 409 (100%) | 121 (100%) |
| VIII | 328 (80% ) | 101 (83.5%) |
| IX | 191 (47%) | 72 (59.5%) |
| X | 164 (40%) | 57 (47%) |

In hierdie verband wil ons daarop wys dat dit besonder moeilik gaan om selfs hierdie klein getal leerlinge op die hoërskole

---

15. Blanke bevolking 1904 - 1936 was as volg:
1904: 5004, 1911 : 5489.,
1918 : 6327, 1928 : 6470.,
1931 : 8018, 1936 : 8335.,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


te hou, weens die feit dat baie leerlinge nie boek- of klasgelde kan betaal nie. Die Springbokse Hoërskool samel elke jaar omtrent £200 in met funksies ten einde veral in die behoeftes van die sekondêre leerlinge te voorsien, en dan gaan dit nog noustrop om kop bo water te hou. Die Garieskool moet ook jaarliks 'n groot bedrag insamel, maar daar bestaan 'n baie doeltreffende huurstelsel i.v.m. klasboeke ens.,

Wat het van die leerlinge geword wat te Springbok en Caries gematrikuleer het? Wat Springbok betref het ons die verdere loopbaan van die 78 matrikulante van die jaar 1937 - 1941 nagegaan. Slegs 8 van hulle is vandag in Namakwland, waar hulle goeie betrekkings beklee, terwyl die ander 70 nog studeer of reeds betrekkings elders gekry het. Mnr. J. Botha van Caries het bereken dat 82% van Caries se matrikulante vandag elders werk of studeer. Die gevolgtrekking wat ons hiervan kan maak, is dat die oorweldigende meerderheid van die matrikulante 'n heenkome gevind het elders. Ons het nie gegewens omtrent hoeveel leerlinge wat 'n deel van die sekondêre kursus deurloop ook het ook Namakwaland verlaat het nie, maar ons het die algemene indruk dat ook die meerderheid van hierdie leerlinge daarin geslaag het "om uit te spring". Ons kan met veiligheid dus konstateer dat 'n sekondêre opleiding die Namakwalandse kind daartoe instaat gestel

---

16. Mac Millan: The South African Agrarian Problem, bl. 57. Malherbe: op. cit., bl.93.
17. Fotze: op.cit., bl. 353. Sien ook dr. Wilcocks; Die Armblanke, bls. 90, 92 en 93.
18. Malherbe: op. cit., bls. 212 en 213.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



het om die oorbevolkte Namakwaland te verlaat en 'n sukses van sy lewe elders te maak.

Maar hoe tevrede ons ook al voel oor die feit dat hierdie leerlinge hul weg gevind het, moet ons nie uit die oog verloor dat ons al die tyd besig was om die beste leerlinge uit Namakwaland weg te stuur nie. Die Namakwlandse skole het hierdie leerlinge vir ander dele opgelei. Die vraag ontstaan : Watter leerlinge het die Namakwalandse skool vir Namakwaland opgelei? Hulle is in die eerste plek 50%. van die Stdanderdsessers wat besluit het (of wie se ouers besluit het)dat hulle nie verder as Std.Vl. sou gaan nie. In die tweede plek kry Namakwaland die leerlinge wat die skool nog voor Std. Vl verlaat het. Hieronder volg die getal leerlinge in die Garies en Springbok Hoërskole in die Stdlll - Vl,[24] vir die tydperk 1931 - 1942.

| | lll. | lV. | V. | Vl. |
|---|---|---|---|---|
| Garies | 353. | 338. | 294. | 276.[25] |
| Springbok | 478. | 474. | 406. | 394.[25] |

---

19. Kotze: Malherbe: ibid, bls. 212 en 213.
20. Kotze: ibid; 374.
21. Inligting verskaf deur Mnr. A.J. v.d. Merwe inspekteur van Namakwaland. Van Rhynsdorp ook in Mnr. v.d. Merwe se gebied, het 17.9% leerlinge in die sekondêre afdeling. Namkwaland het dus nog baie ruimte vir verbeterings.
22. Die beter posisie van Garies is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat sekere primêre skole soos b.v. Nuwefontein, hul standerdvyfers na Garies stuur. Die Garies-area is ook meer kompakt, met die gevolg dat die prinsipaal beter kontak het met die ditrik.
23. Gegewens deur Mnr. M. Kitshoff, onderwyser te Springbok, verskaf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Uit hierdie syfers kry ons die resultaat dat daar in die tydperk van 12 jaar 161 leerlinge minder in Std.VI as in Std.III is. Dit beteken dat in die twee skole alleen omtrent 14 leerlinge per jaar die skool verlaat voordat hulle in Std.VI gekom het. Hoewel ons geen gegewens het nie, vermoed ons dat die uitskakeling in die buiteskole nog groter is. Dr. Kotze het in sy opmeting van die leerlinge in 1938 bevind dat daar in die Namakwalandse skole nog 180 leerlinge van 15 jaar oud was maar net 38 leerlinge van 16 jaar oud was.[26] Hierdie skielike daling toon die neiging wat by die plattelandse ouers bestaan om die kinders uit die skool te haal net sodra hulle 16 jaar bereik het. Weens die feit dat kinders oor die algemeen laat skooltoe kom in Namakwaland[27] en weens die groot mate van vertraging in Namakwalandse skole, kom hierdie skoolverlatingsouderdom nog dikwels voordat die kind Std.VI bereik het.

Wat het van al hierdie kinders geword? wat die skool verlaat het sonder 'n sekondere opleiding? Hulle het in Namakwaland gebly en sal die ouers wees van die volgende geslag.

Met ander woorde, ons skole in Namakwaland het 'n klompie van die beste leerlinge ( die wat die sekondere skool bygewoon het) instaat gestel om Namakwaland te verlaat, en die meeste van die swakkeres laat agterbly. Dit gebeur egter nie alleen in

---

23a. In 1938 was daar volgens drKotze se opname 130 Standard-sessers in die Springbok area. Daarvan was daar slegs 41 aan die begin van 1939 te Springbok in Std.VII, d.w.s. 90,-69%, het nie verder skoolgegaan nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Namakwaland nie, maar feitlik orals in die Noordweste. Dit gebeur in Kuruman en dit gebeur te Kakamas nieteenstaande die veelgeroemde landbouonderrig aan daardie skole.[23]

Dit is onses insiens die kernprobleem van die plattelandse onderwys. Vir 'n klein persentasie het ons skole uitstekend gesorg, maar die grootste persentasie het ons feitlik aan hulle lot oorgelaat, en wat die toestand ontstellender maak is die feit dat laasgenoemdes die ouers van die toekomstige geslag op die platteland is. Wat gaan ons skole doen om juis hierdie kinders instaat te stel om hul toekomstige "omgewing beter te beheers"? [28a] Of moet ons skole op die platteland maar voortgaan om die rol van 'n roomafskeier te vervul? Die room word afgeskei en weggestuur; die afgeroomde melk bly agter.

Voordat ons egter oorgaan tot die bespreking van ons rekonstruksieplan vir Namakwaland op ekonomiese en opvoedkundige gebied, wil ons nog twee aspekte van die huidige posisie bespreek, nl. (1) die intelligensie peil van die gewone Namakwalandse kind, en (2) die koshuisstelsel in Namakwaland.

Volgens die gegewens van dr. Malherbe is die persentasie subnormale leerlinge in Namakwaland 18.4% van die aantal leerlinge, d.w.s. byna een uit elke 5 leerlinge sou reeds weens die beperking van die lae intelligensie nie instaat wees om sekondêre

---

24. Ons het Std.III gekies omdat in albei skole die hoogste getal leerlinge in die Std.III klas was. Dit is toe te skryf aan die feit dat baie ouershulle kinders wanneer hulle heel jonk is in 'n buiteskool laat onderrig maar teen hulle Std.III

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



opleiding te kan geniet nie. Hierdie persentasie is besonder hoog in vergelyking met die persentasie in die Unie as geheel, nl. 7.16%. 'n Mens sou verwag het dat die openbaring van hierdie buitengewone posisie van Namawaland dadelik sou gelei het tot die stigting van KLASSE VIR agterlike kinders. Maar dit was geensins die geval nie. Reeds in 1924 het inspekteur Slabbert aangedring op klasse vir agterlike kinders.[29] In 1935 het inspekteur, A.J. v.d. Merwe, weereens te vergeefs op die dringende noodsaaklikheid van sulke klasse gewys.[30] Ter s in die loop van 1942 het die psigioloog van die departement Namakwaland kom besoek.[31]

Hierdie hoë persentasie agterlike leerlinge moet in 'n reorganisasie-plan deeglik in aanmerking geneem word. Hier volstaan ons net met die stelling dat die meeste van die leerlinge met 'n beperkte breinkrag die s.g. „boere" van NamakwaLAND word.[32]

Ons het reeds tevore gewys op die rol wat die koshuis gespeel het om die kinders skooltoe te bring.[33] Hiermee het die koshuisstelsel 'n groot diens aan die onderwys verrig maar toe met die stelsel begin is, is daar baie meer van verwag, soos blyk uit die woorde van die Armsorg-Kommissie- Rapport: „ Dit lyk of die fondament wel gelê is, maar of die dak onvoltooid bly."[34]

---

24.(Vervolg) Std.III bereik na 'n dorpskool stuur.
25. Hierdie syfers is ietwat hoër as wat dit sou gewees het indien net plaaslike leerlinge van Std.V na Std.VI oorgekom het, maar die goeie gewoonte bestaan by sommige ouers om

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die koshuis was nog alteveel net 'n soort van 'n aanhangsel van, in plaas dat dit 'n integrale deel van die onderwysstelsel geword het. Hoe ons hierin 'n hervorming wil sien, sal ons in 'n later afdeling uiteensit.

Daar is nog ander groot leemtes in die koshuisstelsel. Die uitstaande probleem is die kwessie van huisouers. Hoe belangrik hierdie kwessie is blyk uit die volgende aanhaling:,,Ons het die oorsake van hierdie verbasende verskille tussen die inrigtings self ontleed en het tot die gevolgtrekking gekom dat die soort van huislike toesig en sorg wat aan hierdie leerlinge bestee word die magtigste afsonderlike faktor is."[35] Namakwaland het ook terdeë die waarheid van hierdie stelling ondervind. Van die dogterskoshuis te Springbok het die koshuisinspekteur in 1933 gese: ,,Die meisieskoshuis op Springbok bly nog altyd een van die uitstaande koshuise. Die kinders word nie alleen gevoed nie maar ook deeglik opgevoed."[36] Maar hierdie verslag vorm 'n treffende teenstelling met verslae van ander koshuise in Namakwaland, waar gebrek aan dissipline en onvermoë om die kosgangers

---

25.(Vervolg) hul kinders vir Std. VI na 'n dorpskool te stuur.
26. Kotze: ibid., bl. 375.
27. Volgens Malherbe het Namakwaland tweede gestaan wat betref skoolaanvangsouderdom. Sien Malherbe: op. cit., bl 213.
28. Seodin se roem is daarin gelee dat die hoërskool baie leerlinge in staat gestel het om elders 'n suksesvolle bestaan te vind, en nie in die getal leerlinge wat te Seodin geleer het om suksesvolle boere in Bechuanaland te wees nie. Te Kakamas gaan 47% van die leerlinge nie verder as Std.VI nie. Hulle word dus die ouers van die toekomstige geslag van Kakamas. Van 229 sekondêre leerlinge het net 59, omtrent ¼, te Kakamas agtergebly.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


tot heelhartige samewerking te beweeg, die reël is. Die meester/koshuisouers is liewe goeie mense, maar is eenvoudig nie opgewasse vir hul taak nie. Die vernaamste rede hoekom die koshuise met plekke is waar kinders gevoed is maar nie opgevoed is nie, is gelee in hierdie gebrek aan goeie huisouers.

'n Ander klagte wat ook dikwels deur koshuisinspekteurs teen die Namakwalandse koshuise ingebring is, is dat die kinders te min werk en onwillig is om te werk. Maar ook hierdie houding teenoor werk hang baie nou tesame met die persoonlikheid van die huisouers. Waar uitgegaan word van die standpunt: „ Die koshuiskind kry alles verniet, dus moet hy werk," daar is die resultaat baie negatief. Maar in ander koshuise waar 'n beroep gedoen word op die samewerk-idee, en waar die huisouers self voorgaan in die werk, daar word met lus gewerk.[37] Kinders is van nature nie lui nie; hulle moet net in hul werk 'n doel sien.[38]

Nog 'n vername klag teen die koshuisstelsel is datdit die selfstandigheidsin van die platteland ondermyn.[39] Ons wil nie ontken nie dat daar wel ouers is wat misbruik maak van die koshuisstelsel. Maar as ons in ag neem dat 73% van die boere in

---

28.(vervolg) Dus ook te Kakamas het die beste leerlinge (nieteenstaande die feit dat baie van hulle 'n dergliks landboukursus deurloop het) elders 'n heenkome gevind. Gegewens is ontleen aan dr. Greyling: Die N.G. Kerk en Armesorg, bl. 268 maar ons gevolgtrekking is nie dieselfde as Dr. Greyling nie.

28a. Sien 'n artikel in Die Unie, Oktober 1942: Wat is Verkeerd met ons primêre onderwys?

29. Inspekteursrapport 1924.

30. 'n Persoonlike mededeling.

31. Ter verskoning kan aangevoer word dat dit 'n onbegonne taak vir slegs twee persone is om die hele Kolonie te behartig, maar tog meen ons dat die toestand in Namakwaland 'n vroeër

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Namakwaland nie eers £100 inkomste per jaar het nie, dan sien ons in hoe dit 'n kwessie van kan-nie-anders-nie. is. Laat ons daarby in gedagte hou dat ook maar baie min dorpsbewoners dit vandag sal kan bekostig om vir b.v. 6 kinders teen £18 per jaar losies te betaal. Die ekonomiese welvaart van Suid-Afrika eis dat daar altyd mense sal moet wees wat hul die ongemakke van die boerelewe sal laat geval. Die feit dat hul op 'n plaas woon ver van 'n opvoedingsentrum, bring mee dat hulle hul kinders moet laat loseer - 'n uitgawe wat die dorps- en stadsbewoner nie ken nie, en daarom maklik praat van ,,die koshuiskind wat alles verniet kry". As ons daarby ook in ag neem dat die gesin van die plattelandse ouer gewoonlik groter is, as die van die dorpsbewoner, dan voel ons geregverdig om te pleit vir meer tegemoetkoming teenoor die platteland.[40]

PLANNE VIR DIE EKONOMIESE REKONSTRUKSIE VAN NAMAKWALAND.

Dit help nie om die onderwys van Namakwaland te hervorm nie, indien die reeds beskrywe ekonomiese toestande voortduur. Dan skep ons net by die Namakwalander 'n ,, Goddelike ontevredenheid,"[41] en gooi hom dan terug in 'n omgewing wat hy met die beste wil ter wêreld nie kan"beheers" nie.[42] Dit is onses insiens baie gevaarlik om Ds. J.H.v. Wyk se raad te volg: ,,To create within every child a feeling of dissatisfaction with himself and his present environment."[43] -

---

31. (Vervolg) besoek vereis het, want ,,wat die swaarste weeg, moet die meeste tel".
32. Volgens Dr. Malherbe gaan 62% van alle lerlinge wat die skool sonder 'n Std.VI sertifikaat verlaat in die boerdery.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Daarom glo ons dat saam met onderwyse hervorming ook 'n ekonomiese rekonstruksie moet plaasvind. Reeds heelwat middele is aan die hand gegee en ook gevolg i.v.m die redding van die armblankes in Namakwaland. Onmiddellik na die diamantkrisis is die Namakwalanders gepaai deur aan die mense werk op die paaie teen 7/6 per dag te gee. Vanaf 1924 tot 1939 is in Namakwaland byna £200,000 net aan onderstandswerk en armrantsoene uitbetaal.[44] Die gevaar en ondoeltreffendheid van hierdie stelsel is baie sterk benadruk deur die Carnegie-Kommissie.

As alternatief vir die padwerk is in 1931 deur die here Mann en Müller (lede van die Uitvoerende Komitee) aanbeveel dat besproeiingswerke langs die Oranjerivier angelê word.[44a] Die landneersettings te Rooiwal en Vioolsdrif is die gevolg hiervan maar uit 'n finansiële oogpunt beskou was die skema 'n hopelose mislukking.[45] Die mislukking van hierdie skema sluit die herhaling van die dergelyke eksperimente uit.

Onses insiens lê die rekonstruksie van die Namakwalandse ekonomiese lewe hoofsaaklik in twee rigtings: (a) die staatsontginning van die minerale rykdom van Namakwaland, (b) die gedeel-

---

32. Vervolg) Malherbe: op. cit., bl. 113.
33. Sien hoofstuk 17 bls. 415, 416.
34. Kerk argief: Acta Synodi 1924, bylae 16, bl. 84.
35. Malherbe: op. cit., bl. 329. Reeds in 1920 het J.H. v.Wyk die eerste koshuisinspektuer dit betreur dat op so baie plekke onbekwame ouers aangestel is.
36. Kerkargief: Koshuisinspekteurverslag, 18 Sept. 1933.
37. Ons dink in hierdie verband aan die sukses van Seodin.
38. Ons het omtrent 30 Voortrekker Seuns (meesalkosgangers) van die Springbokse Hoërskool 'n netbalveld by die skool aangele. Hulle het geesdriftig gewerk tussen skoolure en Saterdagoggende.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



telike ontvolking van die platteland, sodat die plase groter kan wees.

Hierdie twee moet hand aan hand gaan. Die persone wat weens die gedeeltelike ontvolking van die platteland hul grond moet verlaat, moet opgeneem kan word in die myne. Die gretigheid waarmee die jong Namakwalander veral, die te Nababeeb, Kleinsee en Alexandersbaai gaan werk, bewys dat dat die Namakwalander sy ou afkeur van werk onder 'n vreemde baas in 'n groot mate afgeleer het. Die diensvoorwaardes van te Nababeeb en Alexandersbaai is van so'n aard dat die manse baie goed daarvan kon leef.[46] Die sukses van Staatsondernemings soos die Staatsdelwery te Alexandersbaai, en Iskor skep die verwagting dat die staat met dieselfde mate van sukses die onedele metale van Namakwaland en die Richtersveld kan ontgin.[47] Ons verwag dat met so 'n uitbreiding van die mynbedryf daar 'n lewensbestaan geskep kan word vir baie persone wat die platteland weens die gedeeltelik ontvolkingsskema moet verlaat. Indien hierdie skema weens een of ander rede

---

39. Dr. Viljoen het as volg gewaarsku: "There is real danger that the Indigent Boarding House System, noble in its conception and patriotic in its purpose, in many instances is becoming a pillow for indolence." S.G.O.- rapport, 1922.
40. Daar is baie voorregte wat die stads-en dorpsbewoner kan geniet maar waarin die boer weer sy afsondering nie so ten volle kan deel nie. Ons dink b.v. aan staatstoelaes vir dorps- en stadsbiblioteke, vir museums, vir publieke tuine, ens
41. Term gebruik deur Malherbe: op. cit., bl. 334.
42. Kan ons dit so'n persoon kwalik neem as hy sy posisie op onwettige manier, soos b.v. diamantsmokkel, wil verbeter?
43. Koshuisinspekteursverslag 1920.
44. Kotze: ibid, 341. Daarbenewens is £207,392 aan landbouverbande en £111,665 aan spesiale noodhulp bestee.
44a. „Die Burger", 16 April 1931.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


nie uitvoerbaar blyk te wees nie, dan moet deur 'n doeltreffende stelsel van arbeidsbeheer, wat deur die staat gekontroleer word, voorsorg gemaak word vir die plattelandse arbeider in nywerheidsentras.[48] Die Carnegie- Kommissie se bevinding i.v.m. werkverskaffing van die plattelander lei as volg: „ Die beste metode om die volwasse plattelandse arme tot industriële bruikbaarheid te bring is oor die algemeen deur werk in die bedryf self."[48] Daarom indien daar in Namakqaland geen werkgeleentheid bestaan vir die persoon wat weens „sy beperkte breinkrag" net arbeiders kan wees nie, dan is dit die staat se plig om so'n persoon in staat te stel om werk te vind.[48a] Die koshuisondersoek-kommissie van 1927 het aanbeveel dat tehuise vir sulke jong seuns en dogters in nywerheidsentras gebou word.[49]

'n Ander stelsel wat moontlikhede bied vir werksverskaffing indie platteland vir die plattelander is die s.g. desentralisasie van die nywerhede. In stede daarvan dat die land se hele nywerheid in een of twee groot sentrums gekonsentreer is,

---

45. Dr. Kotze: het bereken dat dit £2,327 gekos het om een nedersetter te vestig. Die rente op hierdie som is meer as wat per jaar deur een nedersetter aan produkte gelewer word. Kotze: op. cit., bl. 228.
46. Te Nababeeb word 8/6 per dag aan blankes betaal vir vry mediese dienste. Kotze: op. cit., bl. 257.
47. In Namakwaland is behalwe koper en diamante ook die vlg: asbes, korumdum, grafiet, yster, karolien, mika, talk, tungsten, wolfram, marmer, ens.
48. Carnegie-Kommissie: Paragraaf 80.
48a. Die staat het reeds hiermee begin, nl. die Diens- en Pionierebataljon en die teenswoordige Jeugbrigade.
49. Sulke geboue is reeds te Pamew vir spoorwegwerkers en te Paarl vir fabriekswerksters opgerig.
50. Parkins en Whitaker: op. cit., bl. 236. J.B.Priestly in sy

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


word dit soveel as moontlik versprei oor die land. Hierdie beweging is in die Verenigde State veral gefondeer op die beginsel dat die stadslewe nie gesond is vir die familielewe van die volk nie. O.E. Baker sê in: ,,Our Natural Resources and its Conservation": ,,It is becoming clear that the land is a foundation of the family, and that the family is the foundation of the state."[50] Welke van hierdie drie uitwee nl. mynontginning, werkverskaffing in stede, desentraliassie van nywerhede, ook gevolg word, dit is 'n noodsaaklikheid dat mense gebruik word vir die werk waarvoor hul die meeste aanleg het.

Dit val buite ons bestek om breedvoerig daarop in te gaan van hoe ons ons voorstel dat die gedeeltelike ontvolking deurgevoer moet word. Ons stip net enkele stappe in die skema aan: (1) 'n Deurtastende ondersoek moet ingestel word na die minimum grootte van 'nveeplaas om sê 500 kleinvee selfs in droogtejare te kan dra. Ook moet bepaal word die minimum grootte van 'n saaiplaas waarop met voordeel gesaai kan word en wat nog genoeg grond oorlaat om te laat rus. In aanmerking moet geneem word dat baie min verwag kan word van intensiewer boerdery;[51] inteendeel hoe meer rus die grond en veld kan geniet soveel te beter.

---

50 (vervolg) jongste boek, " Out of the People", kom ook in opstand teen die opperheerskappy wat Londen oor die res van Engeland voer.

51. Sien U.G. 42/1919, bl. 17. "Agricultural Development can go very little further, if at all, in the direction of intensification."

52. En daar is baie meer as wat die oningeligte vermoed.

53. Sien hoofstuk 18 bl. 428 vir verduideliking van hierdie term.

54. Aanbeveel deur die koshuise-Kommissie van 1927.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


(2) Daarna moet die sistematiese onteiening van sekere plase deurgevoer word. Dit sal natuurlik pynlike situasies skep, maar die redding van so'n siek pasiënt kan nie sonder pyn geskied nie. (3) Die persone wat in die verlede getoon het, dat hulle die beste in staat was om met boerdery in Namakwaland suksesvol te wees,[52] het dan die eerste voorkeur om as boere gevestig te bly. (4) 'n Strenge staatsbeheer moet vir die oorgangstydperk ingestel word om te verhoed dat die ou wangebruike soos onderverdeling, onderverhuur, oorbeweiding, roofbou, ens., weer al die hervormings in die war stuur. (5) Staatsbeheer oor die toekomstige boere sal vir 'n tyd lank nodig wees. Van die standpunt moet uitgegaan word dat boerdery, en Namakwalandse boerdery nie minder nie, hoë eise stel aan die aspirantboer. Die idee dat die seun wat te dom is om te leer maar moet kom boer, moet aan die verlede behoort.

Hierdie maatreëls is seker baie drasties, maar ons moet ook nie vergeet nie dat die toestande ook baie ernstig is. Maar die maatreëls sal ook nie alte drasties hoef te wees nie, as die onderwys meehelp om die oorgang makliker te maak.

## 'N ONDERWYSPLAN VIR NAMAKWALAND.

In die eerste plek wil ons duidelik sê dat die meeste voorstelle wat ons aan die hand gee nie iets nuuts is nie. Baie van hierdie voorstelle is alreeds voorgestel, en in baie gevalle alreeds toegepas.

Die koshuisskool[53] neem die sentrale plek in ons onderwys-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



plan in. Met 'n gedeeltelike ontvolking van die Namakwalandse platteland, sal ~~ons~~ die koshuisskool in belangrikheid toeneem. Weens die nog dunner verspreiding van die bevolking sal die bestaan van klein skooltjies al hoe moeiliker word. Saam met die geleidelike verdwyning van die klein plaasskooltjies is dit ook wenslik dat groter sentralisasie verkry word deur die afskaffing van die £12-beurssstelsel.[54] Nog groter sentralisasie dien verkry te word deur 'n reëling dat alle agterlike kinders na die dorpskole gebring moet word. Ook is ons ten gunste daarvan dat leerlinge in primêre koshuisskole vir die voltooiing van die laaste jaar van die primêre skool[54a] na 'n sekondêre koshuisskool gestuur word.

Die voordele verbonde aan hierdie groter sentralisasie is as volg: (a) Alle plattelandse kinders kry die geleentheid, al is dit by sommige net vir 'n jaar, om met sekondere leerlinge in een skool saam te wees. Dit sal ook baie daartoe bydra om die nadelige invloede van die isolasie waaronder sekere plattelandse kinders leve, enigsins te" te gaan. (b) ~~meer~~ Baie meer leerlinge sal gevind word om 'n sekondêre kursus te deurloop. Die betreklike hoe" persentasie standerdsessers wat te Springbok na Std-VII gaan in teenstelling met die klein persentasie van die buiteskole, bewys hoedat die saamskoolgaan met sekondêre leerlinge die primêre leerlinge ten goede beïnvloed om ook verder te leer.

---

54a. Daar is alle moontlikhede dat Std-V die laaste primêre skooljaar gaan word. So'n reëling sal nog beter inpas, daar hoe gouer die plaaskind in die dorpskool kom, hoe beter.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



(c) Die agterlike kinders kom reeds vroeg in hul lewe in kontak met die dorpsatmosfeer. Die dorpe en stede is hul toekomstige werksplekke. Vanaf die dorpskole is die stap na ~~dié~~ die stad baie makliker as van 'n plek soos b.v. Nigramoep. 55

(d) 'n Groter staf is moontlik in die koshuisskool sodat 'n ruimer verskeidenheid van werk moontlik is.

In die dorpkoshuisskool sal ons dus die volgende klasse van leerlinge hê. Al die agterlike kinders van die distrik, die gewone leerlinge van die primêre en sekondêre skole, en daarby nog die standerdvyfers, die wat Std.V op die platteland geslaag het. Die buitekoshuisskole sal net gewone primêre leerlinge (minus die agterlikes) hê van Sub.A., tot Std. V. Gewone plaasskooltjies sal waarskynlik ophou om te bestaan.

Vervolgens kan ons oorgaan tot die bespreking van die koshuisskole self. Hierdie opvoedingsinrigting bestaan uit twee dele, nl. die gewone skool en die gewone koshuis, maar vorm een geheel. Die werk van die een word deur die ander aangevul. In albei word geleer, en in albei word gewerk, (soos trouens die geval vandag in alle ~~goeie~~ goeie koshuise en skole is), maar die werk van en in die koshuis is netso belangrik soos die van die skool. Die koshuis moet so hervorm word dat dit ook die plek is waar opgevoed word.

---

55. Ons dink aan 'n seun wat hopeloos onbekwaam vir Std VII te Springbok// was. Maar 'n suster wat in die Kaap gewerk het, het vir hom werk in 'n garage by die Kaap gevind, en wat ons later van hom gehoor het, gaan dit baie goed met hom in sy werk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Daarom moet in die eerste plek gesorg word dat goeie en bekwame huisouers aangestel word. Die huismoeders moet tenminste 'n graad-kursus in huishoudkunde deurloop het, terwyl die huisvaders of 'n kursus in landbou of handwerk moet geslaag het.[56] Hulle word aangestel deur die plaaslike koshuiskommissies, maar hul aanstelling is onderhewig aan die goedkeuring van die departement. Hierdie koshuisouers word egter, netsoos die onderwysers, direk deur die staat gesalarieer. Die salaris sal dieselfde wees as die van 'n onderwyser met dieselfde bevoegdhede. Op hierdie manier gaan ons ontslae raak van 'n hele paar wantoestande wat onder die bestaande stelsel heers.[57] Die feit dat die huisouer 'n staatsbetaalde amptenaar sal wees, sal hom ook vrywaar van die aanmatigende houding wat sommige ouers teenoor die huidige huisouers inneem, en daardeur hul opvoedende werk belemmer.

Die pligte van die huisouers sal feitlik dieselfde wees as die /van die gewone koshuisouer maar die gesindheid teenoor die werk sal anders wees. Die huisouers sal nou baie meer doen as net om te sorg dat die kinders kos kry, en gesond bly, ens., Die nuwe huisouers sal in die koshuis net so aktueel besig wees met opvoeding soos die onderwysers in die skool is. Onder leiding van die huismoeder word alle werk in die dogterskoshuis deur die dogters gedoen. Alle etes, ook die middagetes, word deur die

---

56 ~~(verwelg)~~-Behalwe die gespesialiseerde kursus in landbou, handwerk of huishoudkunde, sou dit wenslik wees as die aspirant koshuisouer ook 'n jaar opleiding kry in vakke soos sosiologie~~?~~ kindersielkunde.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



dogters berei. 'n Span dogters sal ook verantwoordelik wees vir die middagete in die seunskoshuis.[57a] In 'n gemengde koshuis is ~~ook~~ die dogters ook verantwoordelik vir al die etes.

Die huisvader se pligte sal kortliks die volgende wees. Hy is as sekretaris van die koshuis verantwoordelik vir die bestelling en aankoop en bewaring van alle voorrade. Hy is in geval van 'n landelike omgewing verantwoordelik vir die landbou i.v.m. die koshuis,[58] en vir die baie handwerk wat gedurig nodig is soos die regmaak van 'n deurknop, die insit van 'n venster, herstel van 'n windpomp, ens., ens. In dorpsgebiede waar die landboumoontlikhede minder is, kan meer gedoen word aan handwerk, soos die bou van ekstra kamers, die maak van kaste en tafels vir koshuis gebruik, ens., Kortom, die ideaal is, dat alle werk in, en in verband met die koshuis, deur die seuns en dogters onder die leiding van die koshuisouers gedoen word. Dit bring ons by die kwessie van die personeel-voorsiening vir die koshuis. As ons in aanmerking neem dat onder ons stelsel die pligte van diehuisouer nou baie meer en van verantwoordeliker aard is, ook dat in hierdie koshuise geen gewone „koshuis assistentes" en bediendes aangestel word nie, dan is dit duidelik dat die personeelvoorsiening ruim moet wees.

Die vraag sal geopper word: Maar waar gaan die tyd gevind word om al die werk by die koshuis te doen? Die leerling moet

---

57. Sien hierdie hoofstuk, bls. ~~20~~ 453-454 - ~~23~~.
57a. In sommige koshuise is dit reeds die gebruik dat hoewel die seun en dogter in aparte koshuise woon, hulle by een sentrale plek eet.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



~~moet~~ tog immers 5 uur per dag skool gaan, hy moet aan sport kan deelneem, hy moet tyd hê vir sy studies, ens..

Ons wil ons oë nie sluit vir die grondigheid van b.s. beswaar nie. Maar dis juis daarom dat ons die idee probeer beklemtoon het dat die werk wat in die koshuis gedoen word net so opvoedend is soos die werk in die skool. As ons die agterlike kind b.v. net 2 uur per dag laat skool-toe gaan, maar drie uur in die koshuis laat werk, dan het hy net soveel opvoeding ontvang soos die seun wat 5 ure per dag op die skoolbanke gesit het. Daar moet gedurig 'n noue kontak wees tussen die twee inrigtings in verband met die koshuiskool. In plaas daarvan dat die kinders onder skoolure in 'n ou skooltuintjie rondvroetel, en dit „praktiese natuurstudie" noem, gaan werk hulle in die tuin by die koshuis of op die plaas. In stede van gedurig besig te wees met die saag of skaaf van blokkies hout, kan hul liewer besig wees met die regmaak van 'n koshuis-stoel. Na skoolure kan hul weer besig wees met die regmaak van skoolbanke. Instede daarvan dat die dogter in die skool besig is om s.g. „huishoudkunde" te leer deur soveël dit en soveel dat te meng is sy in die koshuis besig met werklike kos te kook. So is sy in die praktyk besig om haar geleerde kennis van voedselwaardes te beoefen. Die seun wat „landbou" as vak in die skool leer, het die kans om landbou ~~in~~ op die koshuisplaas te beoefen. Hy hoor nie net van die waarde van wisselbou nie, hy ervaar die waarheid daarvan.

---

58. Dit sou 'n ideale toestand wees as i.v.m. elke koshuisskool 'n plaas van omtrent 50 morg aan die koshuis behoort.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Ons hoor so dikwels praat van landbouskole, ambagskole, en huishoudskole wat opgerig moet word teneinde kinders te leer werk. Intussen verwaarloos ons die kanse wat die koshuisstelsel ons bied? Waarom? Omdat ons as opvoeders te verknog is aan die tradisionele leerplan. So nou en dan kom daar 'n beroering. ~~Ons~~ Ons is darem op pad na 'n meer praktiese leerplan, soos te voorskyn kom uit die volgende ~~voor~~INstellings:

(1) Die invoering van die tweede vorm van hande-arbeid en die groter nadruk op praktiese aardrykskunde, (2) die invoering van 'n spesiale praktiese leerplan in sekere skole in die George en Knysna streke, [59] (3) die instelling van spesiale klasse vir agterlike kinders.

Ons is dus ~~vanaf~~ al op pad om om ons leerplan so in te rig dat dit werklik meer sal beteken, vir die leerling wat meer praktiese aangelê is.

In ons voorgestelde koshuisskool word die leerling se prestasies nie alleen ~~geniet~~ gemeet na wat hy of sy indie skool doen nie, maar sy en haar werk i.v.m. die koshuislewe word as net so belangrik geag.

Ons besef dat die tweeledige aard van die koshuisskool baie moeilikheid i.v.m. roosteropstelling, verdeling van die werk in die skool en in die koshuis, ens gaan meebring. Tog dink ons nie dat die moeilikhede onoorkombaar is nie. Daar is reeds skole en koshuise in ons land waar daar die nouste ko-operasie bestaan tussen die skool en die koshuis. Seodin en Reivilo, twee skole in Bechuanaland, het ons veral oortuig van die moontlikheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Tot hiertoe het ons veral in die oog gehad die behoeftes van die leerling wat weens sy aanleg nie verder as die gewone Std.VI kan gaan nie, of hoogstens Std.VIII sal bereik. Ons het die nadruk op hul behoeftes laat val omdat dit juis hulle is wat in die verlede die meeste verwaarloos is. Ons meen dat die voorgestelde koshuisskool juis aan hulle die geleentheid bied om te kan presteer, want in die koshuisskool is intellektuele bekwaamheid nie die enigste maatstaf nie. Maar ons wil weereens beklemtoon dat die sukses van die stelsel afhang van die mate waarin aan die seuns en dogters wat die primere kursus deurgeloop het, werkgeleenthede verskaf word.[60]

Ons wil kortlik verwys na 'n leemte in die bestaande koshuis stelsel wat tegelyk 'n aanduiding is van die hoe die koshuisnet as 'n kos-huis en slaapplek beskou word. Ons het tot dusver nog net een koshuis, (ons hoop daar is darem meer) tot gekom waar enigsins voorsiening gemaak is vir die kinders se leeslus. Wanneer die plan vir die bou van 'n koshuis opgestel word, dan word aan slaapvertrekke, eetsaal, badkamer, selfs 'n hospitaal gedink, maar baie selde aan 'n leeskamer. Wat kan 'n goedingerigte en goedbestuurde leeskamer met baie koerante en tydskrifte nie vir die koshuislewe beteken nie? Dit is nog 'n kans wat ons laat verbygaan omdat fondse glo ontbreek. Ons stel voor die uitbreiding van die 2 vir 2 stelsel i.v.m. biblioteekboeke tot koerante en tydskrifte ook.

Baie min word ook in ons koshuise gedoen i.v.m. die radio.

---

59. S.O.O.-rapport, 1938.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Ons weet van baie koshuise wat radiostelle het, maar vir die koshuiskinders beteken dit ~~niks~~ min. omdat selde die geleentheid vir hulle gegee word om in te sluister. Met 'n beter organisasie van die koshuislewe kan baie meer uitgerig word.

Ten laaste wens ons graag nog 'n aanbeveling in verband met skoolreise te doen.. In die vorige hoofstuk is herhaaldelike verwys na die isolasie van Namwakwaland en die nadelige gevolge daarvan. Hierdie isolasie is baie vinnig besig om te verdwyn. Die gemiddelde Namakwalander het bai e meer kontak met die Unie as wat baie mense besef. Die algemene idee dat die Namakwalander 'n eienaardige soort van ~~tikhaar~~ takhaar is, bestaan nog net by die mense wat nog nooit kennis gemaak het met die Namakwalander nie. Ons glo ook dat die isolasie nieteenstaande sy nadele, ook sy voordele gehad het. By die Namakwalander het baie van die ou Voortrekker tradisies bly voortleef.[61] In Namakwaland kry jy nog die tradisionale gasvryheid, die familiehegtheid en veral die spontane natuurlikehid.

Tog die moderne lewe stel sy eise. Om sy plek as burger van die land te kan inneem moet die Namakwalander die ~~werk~~ Land leer ken. Een van die beste maniere waaraan ons kan dink is deur skoolreise. Die sukses hiervan het ons ondervind toe ons toere vir die Springbokse Voortrekkers na die Boland in 1939 en 1942, na die Bokkeveldberg in 1940, na die Augrabiese-valle in 1941, georganiseer het.

---

60. Sien bls. ~~458~~ 458 en ~~459~~ 459. van hierdie hoofstuk.
61. Dit het ons getref by die eeufeesviering in 1938 te Pofadder, hoedat die Namakwalander en die Boesmanlander nog baie na staan aan dei ou Voortrekkers. Hulle ken en gebruik nog die kapwa, kappies, die tent van die ou Voortrekkers, ens.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het. Die vreugde van die ervaring en die verruiming van blik wat die reise aan die seuns en dogters verskaf het, laat ons glo aan die waarde daarvan. Geld is natuurlik 'n groot konsideresie, maar ook hier glo ons dat 'n £- vir £- bydrae van die staat nie geldvermorsing sal wees nie. As die plattelandse seun en dogter 'n kans kry om met die stad en stadslewe vroegtydig kennis te maak, dan sal hy en sy nie so onbeholpe staan wanneer die eise van die lewe hulle dwing om na die stad te gaan nie.

Hiermee het ons aan die einde van ons verhandeling gekom. As ons terugkyk na wat was, dan kom 'ngevoel van bewondering by ons op vir die ou baanbrekers; die baanbrekers van die blanke beskawing, die baanbrekers van die sending en die baanbrekers van die kerk en van die onderwys. Ons dink aan die pragtige opbouwerk wat maar nou die dag begin het, en waarvan die bewerkers in baie gevalle nog lewe. Hulle werk lê op die huidige onderwysers van Namakwaland 'n groot verantwoordelikheid. Wat totstand gebring is, is gedoen met groot opoffering. Mag hierdie besef die huidige onderwysers aanspoor tot volharding.

Die taak is nog nie klaar nie. Daar was 'n tyd toe van Namakwaland gepraat is van die "Stiefkind" van Suid-Afrika. 'n Tydlank was Namakwaland feitlik 'n"troetelkind" van Suid-Afrika. Laat ons werk vir daardie dag wanneer die Namakwalander met opregte trots kan sê: „Ek, as Namakwalander, is 'n selfstandige kind van Suid-Afrika."

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# Bronnelys.

## A. Gepubliseerde Werke.

### I. Land- en Reisbeskrywings.

Alexander, J.M. : Excursions in Western Africa, 1840. ( 2 dele).

Arbousset, J. en Dumas, F.: Narrative of an Exploratory Tour.

Backhouse, James: A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa.

Backhouse, James: Journal ( van b.s. ).

Barrow, J.: Travels into the Interior of Southern Africa. (2 dele)

Borcherds: Bladen uit myn Memoirs.

Botha, Graham: Social Life at the Cape in the 18th Century.

Bryce, James.: Impressions of South Africa.

Burchell, W.J.: Travels in the Interior of Southern Africa.(2 dele)

Campbell, John.: Travels in Southern Africa, 1815 edisie.

Ebner, Johan Leonard.: Reise nach Südafrika und Darstellung meiner während acht Jahren als Missionar unter den Hottentotten gemachten Erfahrungen.

Le Vaillant, F.: Reize naar de Binnenlanden van Afrika.(3 dele).

Lichtenstein, H.: Travels in Southern Africa.(2 dele)

Masson, F.: An Account of three Journeys from Cape Town into the Southern parts of Africa.

Mentzel, O.F.: A Complete and authentic Geografical and Topographic Description of the Cape of Good Hope.

Moffat, R.: Missionary Labours and Scenes in Southern Africa.

Moffat, R. jnr.: Journey from Colesberg to Steinkopf, 1854.

Moister, W.: Africa and the West Indies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Molsbergen, E.C. Codee.: Reizen in Zuid-Afrika. ( dele I & 2)

Moodie, J.W.D.: Ten Years in Southern Africa. (2 dele.).

Mossop.: The Journals of Bergh and Schryver. (V.R.S. I2).

Mossop.: The Journals of Wikar, Van Reenen & Coetzee. (V.R.S. I5.)

Noble, J.: The Cape Colony.

Paterson, William.: A Narrative of four Journeys into the Country of the Hottentots and Caffraria.

Ridsdale.: Scenes and Adventures in Great Namaqualand.

Schultze.: Aus Namaland und Kalihari.

Shaw, Barnabas.: Memorials of South Africa.

Sparman, A.: Reize naar deb Kaap de Goede Hoop. (2 dele).

Thompson, George.: Travels and Adventures in Southern Africa. (2 dele)

Von Meyer.: Reisen in Südafrika während der Jahre I840 & I84I.

Van der Merwe, P.J.: Pioniers van die Dorsland.

II. Geskiedkundige Werke.

Clinton.: The South African Melting Pot.

Cook.: The Modern Missionary.

De Wet & Van Doornik.: Im Kampf um Südafrika.

Dreyer, A.: Boustowwe vir die Kerkgeskiedenis, deel 3.

Dreyer, A.: Kerksoewenier van die Gemeente Namakwaland.

Du Plessis, J.: A History of Christians Missions in S.A.

Du Plessis.: Geschiedenis der Zuid-Afrikaanse Republiek en van de Afrikaner.

Gerdener.: Baanbrekers onder die Suiderkruis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Holden.: A Brief History of Methodism in South Africa.

Kling,H.: Onder die Kindere Van Cham.

Leibbrandts: Precis. Letters Despatched. I707 - I720.

" : Van Riebeecks Journal.

Lovett: The History of the London Missionary Society.deel I.

Meyer,G.: Die Gemeente te Steinkopf.

Meister,W.M.: A History of Wesleyan Missions.

Moodie,Donald.: The Record.

Moorrees.: Die N.G.Kerk in Suid-Afrika. I652-I873.

Moritz.: Die Deutschen am Kap.

Mossop.: Old Cape Highways.

Philip.: Researches in South Africa.

Roux,P.E.: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap.

Schapera.: The Khoisan Peoples of South Africa.

Spoelstra.: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der N.G.Kerk(I&2).

" : Ons Volkslewe.

Stow.: The Native Races of South Africa.

Sutherland.: Memoirs.dele I&2.

Theal,G.M.: A History of South Africa.( alle dele).

" : Records of the Cape Colony.I793-I83I.

Transactions of the Missionary Society.( dele I-4).

Van der Merwe,J.P.: Die Kaap onder die Bataafse Republiek.

Van der Merwe,P.J.: Die Noordwaartse Beweging van die Boere.

" : Die Trekboer in die Geskiedenis.

Van der Walt.: Die Ausdehnung der Kap der Guten Hoffnung.I7I0-I77I.

Vedder.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Von Rohden.: Die Geschichte der Rheinischen Missionsgesellschaft.

Vos,M.C.: Merkwaardig Verhaal.

Wallmann.: Leiden und Freuden Rheinischer Missionare.

Whiteside.: The History of the Wesleyan Methodist Church of S.A.

## III. Opvoedkundige Werke.

Du Toit,P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie.

Franken,J.L.: Huisonderwys aan die Kaap.

Hoge.: Privaat Skoolmeesters aan die Kaap.

Lugtenburg.: Die Geskiedenis in die Suid-Afrikaanse Republiek.

Malherbe,E.G.: Education in South Africa,1652-1920.

" : Onderwys en die Armblanke.

Marthinius.: The Development of Rural Education in S.A.

Pells.: The Story of Education in S.A.

Radford,W.C.: The Educational needs of a Rural Community.

Steenkamp.: Die Geskiedenis van bkanke Onderwys in Natal.

## IV. Algemene Werke.

Birkby.: Thristland Treks.

Botha,G.: South African Placenames.

Catalogue of the Grey Library.

Colenbrander.: De Afkomst der Boeren.

Conradie.: Ondervindingen van een jongen Predikant in Nam.

Cornell.: The Glamour of Prospecting.

Fischer,E.: Die Rehoboth Bastarden.

Fritsch.: Die Eingebornenen Südafrikas.

Greyling.: Die N.G.Kerk en Armesorg.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Grosskopf.: Plattelandsverarming en plaasverlating.

Leppan.: The Agricultural Development of arid and semi-Districts.

Letcher,Owen.: Namaqualand,Cradle of Mineral Development.

Mac Crone.: Race Attitudes in South Africa.

Mac Millan.: The South African Agrarian Problem.

Marais.: The Cape Coloured People.

Nepgen.: Die Sosiale Gewese van die Afrikaner.

Parkins&Whitaker.: Our Natural Recources and their Conservation.

Rademeyer.: Kleurling-Afrikaans.

Reitz.: On Commando.

Schumann.: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner.

Scully,W.C.: Lodges in the Wilderness.

Scully,W.C.: Further Reminiscenses of a South African Pioneer.

Semple.: The Influence of Geographic Environment.

Van Rooyen.: Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk.(dele I&2).

Wilcocks.: Die Armblanke.

## V. Regeringspublikasies en Bloubeke.

### (a). Oor Onderwys.

S.G.O.-rapporte, I854-I940.

Verslag van Onderwyskommissie,I854.

" " " ,I863.

" " " ,I879.

" " " ,I89I.

Special Report on Education,I905.

Rapport van Gekose Komitee oor Onderwys,I9I2. PR.3-I9I2.

Rapport van Kommissie oor Kleur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Rapport van Kommissie oor Kleurlingonderwys,1927.

Rapport van die Kommissie oor die Armkoshuisstelsel,1927.

Rapport van die Kommissie oor Naturelle-onderwys,1936.

(b).Algemeen.

G.8.1855. Bell.:Report on Copper Fields in Namaqualand.

1855. Nolloth:Report on Namaq ualand Coast.

G.36.-1857.Wylie.:Report on Namaqualand Copper Fields.

A.17.-1880.S.C.Report on the Namaqualand Railway.

G.2.-1888. S.C.Report on Namaqualand Reserves.

G.60.-1890.Mellville.:Report on Nam. Reserves.

A.7.-1896. S.C. Report on Namaqualand Missions.

G.29.-1909. Wet i.v.m. die reserwes.

U.G.42.-1919.Report on Whet Production.

U.G.49.-1923. Rapport van die droogteondersoek-kommissie.

U.G.41.-1926.Rapport oor die Rehoboth Basters.

U.G.54.-1937.Rapport van die Kleurlingondersoek-kommissie.

(c).Statistiese bronne.

Unie-jaarboeke,1910-1940.

Cape Statistical Register,1838-1863.

Sensusopgawes vir die jare:1865,1875,1891,1904,1913,1926.

Blore: Statistics of the Cape Colony.

Catholic Directory,1942.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## B. Tydskrifte, Koerante en Pamflette.

De Kerkbode, I847-I879, , I884-I9I8, I9I7-I920, I937-I94I.

De Honigby. I838-I846.

De Christen. I880-I883.

Zuid-Afrikaanse Tydschrift. I824-I836.

Die Huisgenoot. I94I.

Die Brandwag. I94I.

Cape Monthly Magazine. I880.

Ons Land. I903-I907.

Die Burger. I927-I93I.

Rheinische Missionsberichte. I829-I933.

Brudergruss. I89I-I9II.

Allgemeine Missionszeitschrift. I890-I900.

Spiecker: Aus den Rheinischen Missionsgemeinden.

Luckhoff, A.D.: Die lesse van die droogte.

Rules and Regulations of the Wesleyan Institute called Leliefountein

## C. Ongepubliseerde Stukke.

### I. Staatsargief, Kaapstad.

Leibbrandts Extracts, Resolutiën, I728-I742.

" " 7, Requesten, I7I5-I806.

Oude Wildschutte Boeken, L.M.G., I2-30.

Contracten, C.J. II39-II62.

Stellenbosch Distrik:

Inkomende Briewe, I760-I803.

Opgaaflyste en Kommandolyste, I776-I804.

Leningplaasversoeke, I760-I796.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Worcester Distrik.

Inkomende Briewe, I804-I836.

Dagregister van die assistent-landdros te Clanwilliam.

Opgaafrollen, Clanwillim.

Register van inwoners.

Namakwaland Distrik.

Namaqualand Letters, I856-I880.

Colonial Office.

Letters Received, Tulbagh: Ø.Ø., I806-I822.

" " , Worcester, I823-I848.

" " , Agents & Missionaries in the Interior.

" " , Bible & School Commission.

Letters Despatched, I820-I82I, I833-I834.

Kantoor van die S.G.O.

Letters Received, I854-I9I9. (dele wat oor Namakwaland handel)

Inspectors Reports, I872-I9I7. ( " " " " " ).

II. Kaapse Kerkargief.

Inkomende briewe van sendelinge, ens. aan die S.A.S.G.

Zwartlandse Doop-, Trouw- en Lidmaatsregister.

Ringsverslae: Kaapstad, I826-I843. Tulbagh, I844-I879.

Clanwilliam, I879- I966.

Inkomende briewe aan Binnelandse Sendingkommissie.

Verslae van koshuisinspekteurs, I920-I938.

Acta Synodi, I904-I940.

III. Namakwalandse Stukke.

Doop-, Trou- en Lidmaatregisters van die gemeente Namakwaland.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Kerkraadsnottule, I854-I930.

Skoolraadsnotule, I906-I920.

Doop-, Trou- en Lidmaatsregisters van die sendinggemeentes te Kommaggas, Steinkopf en Concordia.

Diverse stukke in die skoolraads- en kerkkantoor te Springbok.

Diverse stukke in die sendingpastorieë te Steinkopf, Concordia en Komaggas.

IV. Ongepubliseerde Tesisse.

Alheit: Die Familie met spesiale verwysing na die Namakwalandse ( Stellenbosch M.A.)

Badenhorst.: Die Rol van die Kerk i.v.m. Onderwys. (Stell. B.Educ.)

De Wet: Dr. Robertson en wat hy vir die onderwys beteken het. (Stellenbosch B.Educ.)

Kotze, P. Namakwaland, 'n sosiologiese studie van 'n geïsoleerde gemeenskap. (Stellenbosch D.Phil.).

Mc. Lachlan: Die Invloed van Familiehuwelike op Intelligense. (Stellenbosch, B.Educ.).

Rossouw, D. C.: Die Armblankekind en die Armkoshuis. (Stell. B. Educ.)